

LOURENS, AMANDA

**POLEMIEK EN KANON: KANONISERING VAN DIE VROULIKE
OUTEUR IN DIE AFRIKAANSE PROSA VAN DIE DERTIGER-
TOT DIE NEGENTIGERJARE**

DLitt

UP

1997

**Polemiek en kanon: kanonisering van die vroulike outeur in die
Afrikaanse prosa van die dertiger- tot die negentigerjare**

deur

Amanda Lourens

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad
DLitt(Afrikaans) in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Universiteit van
Pretoria, PRETORIA.

JANUARIE 1997

Hiermee my opregte dank aan die volgende persone:

- Prof. C.H.F. Ohlhoff, my promotor, vir sy advies, hulp en deeglike kontrole;
- Ilse Feinauer vir haar hulp met die taalkundige versorging van die manuskrip;
- my moeder en man vir hulle belangstelling en ondersteuning.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1.1 Verantwoording.....	1
1.2 Probleem en sy konteks	4
1.2.1 Probleemstelling.....	4
1.2.2 Stellings	5
1.2.3 Omskrywing van terme	6
1.2.4 Afbakening van die terrein	11
1.2.5 Aannames	13
1.3 Oorsig oor die verwante literatuur.....	13
1.4 Verwerking en interpretasie van data	15
HOOFSTUK 2: KANONISERING IN DIE LITERATUUR: 'N TEORETIESE OORSIG	17
2.1 Inleiding.....	17
2.2 Die term kanon	18
2.2.1 Herkoms van die woord <i>kanon</i>	18
2.2.2 Moontlike definisies	19
2.2.3 Soorte kanons	21
2.2.4 Die elitistiese aard van die kanon	22
2.3 Kanonvorming: Redes en modelle	24
2.3.1 Die institusionalisering van die literatuur.....	24
2.3.1.1 Institusies: 'n Omskrywing.....	25
2.3.1.2 Die historiese ontwikkeling van literêre institusionalisering	27
2.3.1.3 Institusionalisering en die onderwys	29
2.3.1.4 Institusionalisering en die literatuurkritiek	31
2.3.2 Stabiliteit en verandering ten opsigte van kanons	33
2.3.2.1 Kanons binne 'n bepaalde historiese en kultureel-politiese milieu	33
2.3.2.2 Verandering as funksie van ideologiese en historiese meganismes	34

2.3.3	Kanoniseringsmeganismes	36
2.3.3.1	Die toegange tot die kanon	36
2.3.3.2	Empiriese ondersoeke	37
2.3.3.2.1	Kwantitatiewe kanonaanduiders	38
2.3.3.2.2	Kwalitatiewe uitsprake	38
2.3.4	Uitvloeisels van literêre institusionalisering en kanoniserings	42
2.3.4.1	Argumente vir en teen kanonvorming	42
2.3.4.2	Ander gevolge van institusionalisering en kanoniserings	44
2.4	Die polisisteepteorie: 'n moontlike raamwerk vir kanonbestudering	45
2.4.1	'n Bondige omskrywing van die polisisteepteorie	45
2.4.2	Die struktuur van die polisisteepteorie	46
2.4.3	Toepaslikheid en implikasies van die polisisteepteorie	51
2.4.3.1	Die Afrikaanse literatuursisteepteorie as 'n polisisteepteorie	52
2.4.3.2	Verskillende "soorte" literatuur; indelingsbeginsels	52
2.4.3.3	Die verhouding: literatuursisteepteorie en geslag	57
2.4.3.4	Toekomstige ontwikkelings en die moontlikheid van 'n multifunksionele benadering	57
2.4.4	Spesifieke studies oor die polisisteepteorie	59
2.4.4.1	Die sentrum van die literêre sisteepteorie	59
2.4.4.2	Die kwessie van ondersteuning (<i>patronage</i>)	60
2.5	Literêre tradisies in samehang met die kanon van "groot" literatuur	62
2.6	Die hersiening van die "groot" tradisie	64
2.6.1	Die "afwesige" vroulike outeur	64
2.6.2	Die hersieningshandeling	67
2.6.3	Die daarstelling van 'n vroulike tradisie/ vroulike geslagsdiskoers	68
2.6.3.1	Die daarstelling van 'n vroulike tradisie as manifestasie van 'n soeke na literêre voorgangers	70
2.6.3.2	Die oorsprong van 'n vroulike literêre tradisie	71
2.6.3.3	Die doel en aard van 'n vroulike literêre tradisie	72
2.7	'n Feministiese perspektief op die kanon	76
2.7.1	Feministiese weerstand teen die manlik-gedomineerde kanon	76
2.7.2	Die ontwerp van 'n feministiese strategie	78
2.7.3	Die normatiewe en estetiese vraagstukke	80
2.7.4	'n Aparte feministiese teenkanon?	83
2.8	Slotson	89

HOOFSTUK 3: HETTIE SMIT SE STATUS IN DIE KANON	91
3.1 Oriëntasie en werkwyse	91
3.2 Onderzoek van kwantitatiewe kanonaanduiders	91
3.2.1 Literatuurgeskiedenis	91
3.2.1.1 Geselekteerde literatuurgeskiedenis	92
3.2.1.2 Die gesag van die geselekteerde volumes	92
3.2.2 Resensies	97
3.2.3 Sintese	100
3.2.3.1 Literatuurgeskiedenis	100
3.2.3.2 Resensies	102
3.3 Onderzoek van kwalitatiewe kanonaanduiders	103
3.3.1 Literatuurgeskiedenis	104
3.3.1.1 <i>Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur</i>	104
3.3.1.2 <i>Die Afrikaanse literatuur 1652-1987</i>	107
3.3.1.3 <i>Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde</i>	108
3.3.1.4 <i>Afrikaanse literatuurgeskiedenis</i>	109
3.3.1.5 <i>Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede</i>	112
3.3.1.6 <i>Perspektief en profiel</i>	115
3.3.2 Resensies	116
3.3.2.1 "Prosa van gebrokenheid" – F.E.J. Malherbe	116
3.3.2.2 "Van die mooiste prosa in ons letterkunde" – F.E.J. Malherbe	121
3.3.2.3 Boekbespreking: <i>Sy kom met die sekelmaan</i> – G. Dekker	123
3.3.2.4 "'n Waardering: <i>Sy kom met die sekelmaan</i> " – A. C. Cilliers	125
3.3.2.5 Bespreking van <i>Sy kom met die sekelmaan</i> – J. Haantjies	127
3.3.2.6 "Literatuur in die huis: <i>Sy kom met die sekelmaan</i> " – P. de V. Pienaar	128
3.3.2.7 Bespreking van <i>Sy kom met die sekelmaan</i> – J.J. Kruger	129
3.3.2.8 Bespreking van <i>Sy kom met die sekelmaan</i> – E. Tredoux	130
3.3.2.9 "By die dood van Hettie Smit" – A.P. Brink, <i>Die Burger</i>	131
3.3.2.10 "Ter nagedagtenis aan Hettie Smit" – E. Botha	133
3.3.2.11 "Die sekel kom met volmaan. 'n Huldeblyk aan Hettie Smit" – J. Smuts	134
3.3.2.12 Die polemieë rondom die <i>Sekelmaan</i> -manuskrip	134
3.3.3 Sintese	139
3.3.3.1 Literatuurgeskiedenis	139
3.3.3.1.1 'n Diachroniese perspektief	139
3.3.3.1.2 Die argumentasiestruktuur	140
3.3.3.2 Resensies	141

3.4 Literêre bekronings en ander sake	142
3.5 Sintese en verdere implikasies van die kanoniseringsproses van <i>Sy kom met die sekelmaan</i>	146

HOOFSTUK 4: AFWESIG UIT DIE KANON: DIE GESKRIFTE VAN DIE KLEREWERKERS..... **155**

4.1 Agtergrond	155
4.2 Historiese agtergrond	157
4.2.1 Die verstedeliking van die Afrikaner en die Armblankevraagstuk.....	157
4.2.2 Arbeidsomstandighede, die vakbondbewegings, en die optrede van die Nasionale Party.....	160
4.3 Die Klerewerkersunie en hulle spreekbuis	163
4.4 Die volksmoederkonsep	167
4.5 Die ideologiese substraat van <i>Klerewerker</i>	171
4.6 Die belang van 'n ideologiese perspektief	172
4.7 Die literêre bydraes (prosa) in <i>Klerewerker</i>	173
4.7.1 Outeurs.....	173
4.7.2 Aard van die bydraes.....	174
4.7.2.1 Inhoud.....	174
4.7.2.2 Vorm.....	176
4.7.2.3 Die styl en tematiek van die Klerewerkerstekste.....	176
4.7.3 Vertalings.....	192
4.8 Die kanonisering/niekanonisering van die Klerewerkerliteratuur	195
4.8.1 Oorsig van bestaande studies.....	195
4.8.2 Die <i>Klerewerker</i> -geskrifte as niegekanoniseerde Afrikaanse literatuur.....	197
4.8.2.1 Kwantitatiewe ondersoek.....	197
4.8.2.1.1 Versamelbundels.....	197
4.8.2.1.2 Literatuurgeskiedenis.....	197
4.8.2.1.3 Akademiese studies.....	198
4.8.2.1.4 Ander bronne.....	198
4.8.2.2 Kwalitatiewe ondersoek.....	199
4.8.2.2.1 Artikels, versamelbundels, en akademiese studies.....	199
4.8.2.2.2 Literatuurgeskiedenis.....	201

4.8.2.3 Gevolgtrekkings.....	202
4.8.3 Ooreenkomste met en verskille van hoofstroomtekste	204
4.8.3.1 <i>Trekkerswee</i> teenoor die Klerewerkersliteratuur	204
4.8.3.2 <i>Raka</i> en die Klerewerkersliteratuur.....	206
4.9 Moontlike redes vir die niekanonisering van die Klerewerkersliteratuur	206
4.9.1 Die Afrikaanse denkwêreld van die dertiger- en veertigerjare	207
4.9.1.1 Die ideologiese milieu van die dertiger- en veertigerjare	207
4.9.1.2 Die openbare mening.....	207
4.9.2 Literêre kenmerke in die dertiger- en veertigerjare	208
4.9.2.1 Die verruiming van die literatuur en die rol van die intellektueel as sleuteltemas binne die Dertigerbeweging.....	210
4.9.2.2 Nasionalisme en literatuur.....	213
4.9.2.3 Individualiteit	213
4.9.3 Die Klerewerkerprosastukke: "gehalte", aard, en inslag as bepalende faktore by kanonisering	215
4.9.3.1 Die sogenaamde "gehalte"-kwessie	215
4.9.3.2 Die aard en inslag van die Klerewerkersliteratuur en redes vir niekanonisering	219
4.9.3.3 Sintese: die kanoniseringstatus van die Klerewerkersliteratuur.....	222
4.10 Herevaluering en opname in die kanon	223
HOOFSTUK 5: ELEANOR BAKER SE STATUS IN DIE KANON.....	227
5.1 Motivering en werkwyse	227
5.2 Kwantitatiewe ondersoek	228
5.2.1 Literatuuergeskiedenis.....	228
5.2.2 Resensies.....	230
5.2.2.1 <i>Wêreld sonder einde</i> (1972)	230
5.2.2.2 <i>Splinterspel</i> (1973)	230
5.2.2.3 <i>Mørketiden</i> (1975).....	230
5.2.2.4 <i>Monica</i> (1978)	231
5.2.2.5 <i>As 'n pou kon vlieg</i> (1980)	231
5.2.2.6 <i>'n Geslote boek</i> (1981).....	231
5.2.2.7 <i>Weerkaatsings</i> (1984).....	231

5.2.2.8 <i>Dossier van 'n gyseling</i> (1985).....	232
5.2.2.9 <i>Die kwart-voor-sewe-lilie</i> (1988)	232
5.2.2.10 <i>Daar is spore op die maan</i> (Jeugroman, 1991)	233
5.2.2.11 <i>In die middel van die Karoo</i> (1991).....	233
5.2.2.12 <i>Die nes</i> (1993).....	233
5.2.2.13 <i>Verbeelde werklikheid</i> (1996)	234
5.2.2.14 <i>Onderhoude met Eleanor Baker</i>	234
5.2.2.15 Ander artikels waarin die kanonisering van Eleanor Baker ter sprake kom	234
5.2.3 Sintese.....	240
5.3 Kwalitatiewe ondersoek.....	241
5.3.1 Literatuurgeskiedenis.....	242
5.3.1.1 <i>Die Afrikaanse literatuur 1652-1987</i>	242
5.3.1.2 <i>Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde</i>	244
5.3.1.3 <i>Perspektief en profiel</i>	245
5.3.1.4 <i>Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig</i>	246
5.3.2 Resensies.....	247
5.3.2.1 <i>Wêreld sonder einde</i>	247
5.3.2.2 <i>Splinterspel</i>	249
5.3.2.3 <i>Mørketiden</i>	251
5.3.2.4 <i>Monica</i>	254
5.3.2.5 <i>As 'n pou kon vlieg</i>	258
5.3.2.6 <i>'n Geslote boek</i>	258
5.3.2.7 <i>Weerkaatsings</i>	258
5.3.2.8 <i>Dossier van 'n gyseling</i>	267
5.3.2.9 <i>Die kwart-voor-sewe-lilie</i>	272
5.3.2.10 <i>Daar is spore op die maan</i>	278
5.3.2.11 <i>In die middel van die Karoo</i>	281
5.3.2.12 <i>Die nes</i>	286
5.3.2.13 <i>Verbeelde werklikheid</i>	292
5.3.3 Sintese.....	296
5.4 Baker en die internasionale mark.....	301
5.5 Bekronings	301
5.6 Die voorskryfmark.....	301
5.7 Gevolgtrekkings: Eleanor Baker se kanonstatus	301
5.8 Die sogenaamde "middelmoet"-literatuur: aanpassings, verruiming en 'n moontlike model vir kanonisering.....	303

HOOFSTUK 6: SAMEVATTING	308
BRONNELYS	314
OPSOMMING	332
SUMMARY	334

Feminist revisions of ... the received literary canon, suggest that there is far more to learn and to teach than we ourselves were ever taught.

- Sandra Gilbert (In: *What Do Feminist Critics Want? A Postcard from the Volcano*, p.40)

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Verantwoording

Ondersoeke oor die kwessie van kanonisering is tans 'n wêreldwye verskynsel. 'n Outeur soos Segers (1996:4) maak dié uitspraak: "The concepts of 'canon' and 'canonization' have been heavily discussed over the last decade". Internasionaal bemoei wetenskaplikes vanuit verskillende dissiplines hulle met die verskynsel van kanonisiteit; spesifiek soos dit diachronies in verband staan met die "groot kultuurtradisie" van die Westering. Wanneer Bloom (1987:344) in *The closing of the American mind* poneer dat die oplossing vir die probleme van die Amerikaanse universiteitsisteem in 'n terugkeer na die "good old Great Books approach" gesetel is, word hy deur Knobloch (1994:68) tereggewys: "Nie dat ek iets teen die 'good old Great Books' het nie, maar in die eerste plek is sy voorskrif te oorvereenvoudig en in die tweede plek – soos duidelik blyk uit die heftige kanondebat wat juis in die VSA gevoer word – moet die kanon toegeefliker word as dit reg wil laat geskied aan die aspirasies van die jonger geslag". Hierdeur kommunikeer hy dus: Kanondebatte is dié brandpunt van die oomblik, en dan nie net in die geleedere van die "jonger geslag" en diegene wat tot tradisionele "minderheidsgroepe" behoort nie; dit is reeds in *establishment*-kringe 'n aktuele kwessie. Kanonisering kom telkens ter sprake wanneer daar oor literatuur, kultuur, opvoedkunde of politiek gepraat word. Kanonisering het in die afgelope tyd al selfs gedien as tematiek vir 'n roman, naamlik Karel Schoeman se *Die uur van die engel* (1995), waarin die kritiese beskouing en hantering van tekste deur "mindere" outeurs 'n deel van die verhaaldebeure is.

Die Afrikaanse literator Elize Botha laat haar soos volg oor dié kwessie uit: "Een van die eienskappe van die tye van verandering waarin ons leef, is trouens 'herwaardering', die óór-weeg van ons oordeel, ook ons *literêre* (voor-)oordele" (1995:78). Dijkstra (1989:159) merk op: "De laatste tijd is door verschillende publikaties de canondiscussie, ... , weer aangewakkerd. Opvallend is dat dit in verschillende landen vanuit verschillende gezichtspunten gebeurt". Een van hierdie gesigspunte is 'n feministiese literatuurbenadering, wat ook die uitgangspunt van hierdie studie is.

Binne die paradigma van 'n moderne feministiese literatuurbenadering geniet die opname van die vroulike outeur in literêre kanons groot aandag. Veral oorsese feministiese literatuurwetenskaplikes is dit eens dat kanons van "groot literatuur" die perspektief van die wit, manlike middelklas reflekteer, terwyl die perspektiewe van verskeie minderheidsgroepe, waaronder vroue, etniese minderhede en die werkersklas tradisioneel agterweë gelaat word¹ (Moi 1985:78). Daar word gevolglik vanuit 'n feministiese invalshoek gepostuleer dat literêre tekste deur vroulike outeurs onderverteengewordig is, of dat dit geringe status geniet in die oorkoepelende Westerse kanon, asook binne die afsonderlike kanons² van elke literatuursisteem (soos byvoorbeeld die Afrikaanse of Nederlandse literatuur as sisteem). Dié postulaat dien dan ook as uitgangspunt vir die probleemformulering van hierdie studie.

Talle kontemporêre feministiese literatuurondersoeke (veral binne die Anglo-Amerikaanse terrein) fokus derhalwe op die kritiese ondersoek en analise van bestaande kanons, gevolg deur die hersiening van die betrokke kanons. Dit word hoofsaaklik gedoen deur die redes vir die genoemde onderverteengewordiging na te vors, die historiese en bestaande meganismes vir kanonisering te krities te beskou, die norme vir die opname van 'n teks in die kanon te herevalueer en te herformuleer, en dan volgens hierdie herskrewe norme 'n alternatiewe, verteenwoordigender kanon daar te stel. Oor presies hóé so 'n kanon gedefinieer moet word, bestaan daar nog nie eenstemmigheid nie, byvoorbeeld of so 'n kanon manlike en vroulike tekste moet insluit, en of dit 'n eksklusief vroulike kanon volgens feministiese norme moet wees. Hierdie kwessie word in die teoretiese uiteensetting³ in groter detail bespreek. Wat betref die ontleding en hersiening van bestaande kanons, is daar reeds binne die Anglo-Amerikaanse terrein waardevolle werk in dié verband gedoen (vergelyk byvoorbeeld Elaine Showalter se *A Literature of Their Own* [1977] waarin sy die Britse vroulike literêre tradisie ontleed en sistematiseer). Wat die Afrikaanse literêre toneel betref, lê die terrein nog braak.

Ohlhoff (1995a:39) sê met verwysing na kanonondersoeke in Suid-Afrika:

Oor hierdie onderwerp bestaan daar in Suid-Afrika, en spesifiek ten opsigte van Afrikaans, min (gepubliseerde) navorsing, en dit terwyl die kwessie heel waarskynlik al aktueler gaan word binne die konteks van allerlei veranderinge op politieke, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige terrein.

Deels kan hierdie leemte toegeskryf word aan die feit dat kanonondersoeke wêreldwyd relatief nuut is (Tompkins 1989:442). Só byvoorbeeld word daar in die 1995-uitgawe van *Wie en wat in*

1 Tompkins (1989:442) noem in dié verband dat een van die belangrikste redes vir die opkoms van kanonstudies die toetreding van persone buite dominante kultuurgroeperinge tot die literêre professie is

2 Sien paragraaf 2.2.3 insake die verskillende soorte kanons.

3 Sien hoofstuk 2, paragraaf 2.7.

de Neerlandistiek in Nederland en België slegs een inskrywing insake kanonnavorsing gevind. Andersinds kan hierdie toedrag van sake moontlik dui op die Afrikaanse literatuur se huiwering om deeglik oor homself binne 'n nuwe Suid-Afrika te besin. Dit is onder meer noodsaaklik om te vra na die relevansie van die kanon in sy huidige gedaante, na die geskiktheid van dié kanon om aan die eise van 'n ingrypend veranderende, en reeds veranderde, samelewing – waar talle voorheen miskende groepe nou om erkenning roep – te voldoen.

'n Onlangse waardevolle stap vorentoe is die verskyning van Annemarié van Niekerk se versamelbundel *Vrouevertellers 1843-1993* (1994). Van Niekerk (1994:1) motiveer hierdie versamelbundel soos volg:

... die uitsluitlike doel daarvan (is) nie ... om gewoon die werk van vroue te skei van die werk van mans nie, maar om 'n *geslagsdiskoers* te ontwikkel, en dit te doen deur die soeklig te plaas op die *historiese ontwikkeling, die tematiek, styl en waarde van die stem van die vrou* in die Afrikaanse kortverhaal, gesien in die breër sosiaal-kulturele milieu (my kursivering).

In haar inleiding tot die bundel ondersoek Van Niekerk enkele van die faktore wat waarskynlik tot die onderverteening van die vrou binne die Afrikaanse literêre toneel aanleiding gegee het. Alhoewel Van Niekerk se bundel slegs die genre van die kortverhaal betrek, is die doel duidelik: om 'n *tradisie*⁴ van Afrikaanse vroulike outeurs te vestig. Voorts merk sy op: "Ek ... hoop hierdie bundel sal 'n stimulus wees vir verdere navorsing op hierdie gebied" (Van Niekerk 1994:5).

In 'n tyd wat die Afrikaanse vroulike outeur (as digter, prosateur en dramaturg) al sterker op die voorgrond tree, het die vrou 'n onweerlegbare aanspraak op groter kanonisering. Laasgenoemde blyk uit die toenemende aantal vroulike outeurs, of die toekenning van belangrike literêre pryse aan vroulike outeurs, soos in die onlangse verlede gebeur het. In hierdie verband kan verwys word na Marlene van Niekerk wat in 1995 vir *Triomf* die CNA-prys sowel as die NOMA-toekenning vir publikasies in Afrika ontvang; Elisabeth Eybers wat in 1991 vir haar versamelde gedigte die gesogte P.C. Hooft-prys vir Nederlandse letterkunde ontvang; Antjie Krog wat in 1990, en Wilma Stockenström wat in 1992 die Hertzogprys ontvang vir onderskeidelik *Lady Anne* en *Abjater wat so lag*. Dit is wel 'n feit dat die teenswoordige (oënskynlik sterker?) posisie van die Afrikaanse vroulike outeur nie vyftig jaar gelede bestaan het nie. Soos wat 'n literatuur bloei, is daar gewoonlik 'n al sterkerwordende behoefte aan nuwe en andersoortige navorsing oor, en sistematisering, kritiese evaluering en hersiening van die bestaande literêre opset. Daar is ook dikwels by eietydse skrywers die behoefte aan 'n bepaalde literêre tradisie waarop hulle kan steun. Dit is te verwagte dat hierdie behoeftes ook binne die Afrikaanse literêre sisteem sal ontwikkel. In dié verband kan die konstruksie van 'n spesifiek vroulike Afrikaanse literêre tradisie vir

4 Sien hoofstuk 2, paragraaf 2.5 vir 'n omskrywing van die term.

hedendaagse vroulike outeurs van groot waarde wees, asook vir toekomstige ondersoekers van die Afrikaanse vroulike literatuur.

Voorts dui oorsese studies daarop dat die hersiening van bestaande kanons 'n belangrike internasionale tendens is, ten einde voorheen uitgesluite minderheidsgroepe se literêre produksies te herevalueer en te akkommodeer. Dit is in dié lig vir die wetenskaplike verantwoordbaarheid, eietydse relevansie en voortgesette lewensvatbaarheid van die studie van die Afrikaanse literatuur van die uiterste belang om met hierdie internasionale literatuurwetenskaplike tendens tred te hou.

Hierdie studie wil dan poog om dié leemte binne die Afrikaanse literatuurwetenskap voorlopig en gedeeltelik te vul, en terselfdertyd problematiese aspekte en ondersoekterreine vir toekomstige ondersoekers oop te dek. Deur die loop van die studie sal daar gevra word na die moontlikheid om 'n model voor te stel, aan die hand waarvan die kanoniserings van verskillende "soorte" literatuur beskryf kan word. Daar sal voorts daarna gestreef word om 'n teoreties-gefundeerde werkwysie aan toekomstige kanonondersoekers voor te hou. Laastens moet die waarde van 'n feministiese perspektief op die Afrikaanse letterkunde, met die daarmee gepaardgaande implikasies van hersiening en verruiming, nie geringgeskat word nie.

1.2 *Probleem en sy konteks*

1.2.1 Probleemstelling

Is dit moontlik om te beweer dat die Afrikaanse vroulike prosa-outeur steeds mindere kanon- en kanoniseringsstatus⁵ geniet, hoofsaaklik as gevolg van patriargale vooroordele? Op watter maniere kan só 'n toedrag van sake gewysig word?

Subprobleme

- i. Hoe sien die kanon- en/of kanoniseringsstatus van enkele geselekteerde outeurs daar uit?
- ii. Kan die bestaan en werk van Afrikaanse vroulike outeurs wat om sekere redes nooit in die kanon opgeneem is nie (met ander woorde, sonder enige kanonstatus), aangetoon word?

⁵ Vir die doeleindes van hierdie studie verwys "kanonstatus" na die status binne 'n kanon van 'n teks/outeur wat reeds 'n plek in daardie kanon beklee. "Kanoniseringsstatus" dui op dié status wat 'n outeur/teks as kandidaat vir opname in 'n kanon het. 'n Teks met hoë kanoniseringsstatus, staan derhalwe 'n goeie kans om in 'n kanon opgeneem te word. 'n Teks wat glad nie in 'n kanon opgeneem is nie, het hivolgens 'n lae kanoniseringsstatus, omdat lae kanonstatus wél opname in 'n kanon impliseer. Sien ook die omskrywing onder 1.2.3 hieronder.

- iii. Is die *status quo* met betrekking tot die vrou se posisie ten opsigte van Afrikaanse kanons aanvaarbaar vanuit 'n feministiese perspektief, of behoort daar bepaalde wysigings voorgestel te word?
- iv. Is dit moontlik om 'n teoretiese raamwerk daar te stel wat voorsiening maak vir die kanonisering van verskillende "soorte" literatuur binne 'n (poli)sisteem van Afrikaanse literatuur?

1.2.2 Stellings

Eksemplariese kanonondersoeke van sekere Afrikaanse vroulike outeurs dui aan dat die kanon- en kanoniseringstatus van die vrou binne die Afrikaanse literatuursisteem – histories sowel as kontemporêr – steeds deur hoofsaaklik patriargale meganismes ondermyn word. Gevalle van mindere kanonisering weens patriargale vooroordele kan wél aangetoon word. Patriargale vooroordele kan verskillende gedaantes aanneem, waaronder pogings tot trivialisering en marginalisering van literatuur deur vroue. Hierdie toedrag van sake kan gewysig word deur feministiese hersieningshandelinge wat die daarstelling van 'n tradisie van vroulike prosa-outeurs nastreef. As hulpmiddel vir die hersiening van bestaande kanons, sowel as toekomstige kanoniseringshandelinge, word die multifunksionele benadering gepostuleer.

Substellings

- i. Vroulike prosa-outeurs geniet steeds mindere kanon- en kanoniseringstatus in die Afrikaanse literatuursisteem. Argumente wat die teendeel wil bewys, is dikwels oppervlakkig en streef nie daarna om enige dieperliggende problematiek te ontbloot nie. Hierdie aard van sulke argumente word alleen duidelik wanneer bepaalde kontradiksies en polemieke rondom die herskrywing⁶ van 'n bepaalde outeur aan die lig gebring word.
- ii. Die bestaan van vroulike outeurs wat nie in die kanon opgeneem is nie, en dus geen kanonstatus het nie, kan wel aangedui word.
- iii. Die status quo met verwysing na die vroulike outeur se posisie ten opsigte van Afrikaanse kanons is vanuit 'n feministiese perspektief nie aanvaarbaar nie. Wat veral onaanvaarbaar

6 Die term "herskrywing" word na aanleiding van Lefevre (1992) se betekenisgewing daaraan gebruik – naamlik dat *herskrywing* die verskynsel is dat die nie-professionele leser toenemend literatuur nie lees soos dit oorspronklik deur die outeur geskryf is nie, maar soos dit deur byvoorbeeld kritici herskryf is.

is, is die historiese posisie van die vrou binne die Afrikaanse literatuur – sy is feitlik afwesig uit die vroeë geskiedskrywing van ons literatuur. Die eietydse situasie met betrekking tot kanoniserings is binne die feministiese raamwerk van pogings tot verandering, ook nog lank nie aanvaarbaar nie. Aandag behoort geskenk te word aan die daarstelling van 'n volledige *vroulike tradisie* binne die kader van die Afrikaanse literatuur, waarbinne outentieke "vroulike" (*female*) norme vir literatuur, eerder as die tradisioneel "manlike" norme sal geld. Só 'n vroulike tradisie behoort volgens die riglyne van oorsese feministiese ondersoekers geïmplementeer te word, wat beteken dat dit 'n heeltemal ander karakter sal hê as die paternalistiese nie-outentieke "vroulike" (*feminine*) kategorie. Só 'n afsonderlike tradisie sal eerder bevrydend as onderdrukkend wees, soos later in hoofstuk 2 uiteengesit sal word.

- vi. Met die polisisteamteorie van Even-Zohar as vertrekpunt word die sogenaamde multifunksionele benadering gepostuleer. Hierdie benadering het ten doel om op teoretiese vlak die kanoniserings van verskillende literatuur"soorte" te beskryf en te verklaar, en kan op praktiese vlak dien as riglyn vir kanoniseringsprosesse.

1.2.3 Omskrywing van terme

i. Kanon

Die Griekse vorm van "kanon" is *kanoon*, wat "maatstaf" beteken. Hieruit volg dat "kanon" die betekenis van "voorbeeld", "norm" of "wet" besit. Met verwysing na die Christelike Bybel dui die term "kanoniek" op dié boeke wat erken word as outentiek deur God geïnspireer. In die literatuur dui "kanon" aanvanklik op die lys werke wat deur kenners as die eie werk van 'n bepaalde outeur beskou word. In die moderne tyd dui 'n literêre kanon dikwels op dié outeurs wie se werke op grond van 'n kumulatiewe konsensus van gesaghebbende kritici en navorsers, sowel as hul invloed op latere outeurs, as waarlik betekenisvol geag word (Harris 1991:110). Vanuit die gelede van sogenaamde minderheidsgroepe word 'n kanon egter dikwels as 'n elitistiese en onderdrukkende meganisme beskou, en 'n meer tradisionele siening van 'n kanon soos hierbo word op grond van elitisties-gelade (en vir hierdie groepe, dikwels twyfelagtige) konsepte soos "gesaghebbend" en "waarlik betekenisvol" verwerp.

Alhoewel daar verskeie definisies van die term *kanon* bestaan, elk met 'n spesifieke fokuspunt (sien hoofstuk 2, paragraaf 2.2.2), word vir die doeleindes van hierdie verantwoording volstaan met die volgende definisie soos deur Moerbeek (1992:342) geformuleer:

Een canon is een verzameling van werken en auteurs die door een sociale groep of literair circuit als waardevol erkend worde, en die als referentiepunt voor die sociale groep of dat literair circuit fungeren.

Moerbeek slaag daarin om 'n minder absolutistiese kanonbegrip daar te stel, en erken die moontlikheid van verskillende kanons wat vir verskillende groepe funksioneel kan wees.

Gekanoniseerde outeurs en werke word dikwels en volledig deur literêre kritici en historici behandel (vergelyk byvoorbeeld J.C. Kannemeyer se *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur I* en *II*) en word ook in bloemlesings (vergelyk Opperman se gesaghebbende *Groot Verseboek*) opgeneem. Tans word veel kritiek teen die standaard literêre kanon gehoor; onder meer dat dit simpatiek staan teenoor blanke manlike outeurs, veral dié wie se werke van 'n blanke middelklasideologie spreek. Gevolglik word pogings aangewend om die werk van minderheidsgroepe – veral swart skrywers en vroue – tot die bestaande kanon toe te voeg (Abrams 1988:19-20 en Van Gorp 1986:61). Stemme wat die daarstelling van 'n aparte vroulike kanon ('n feministiese *counter-canon*) bepleit, word ook algemeen gehoor.

ii. Feministiese literatuurbenadering

Hierdie term dui volgens Van Gorp (1986:144) op 'n literatuurbenadering wat sedert die sestigerjare die aandag vestig op die problematiek van die vrou as outeur, as leser, as tekspersonasie, en as persoon in die kritiek en literatuurwetenskap. Dit word gekenmerk deur onder meer die afwysing van die sogenaamde "virisentrisme" en die eensydige universalisering van tipies manlike kategorieë en norme soos dit ook in die literatuur vergestalt word. In die produksie van literatuur deur vroue word ook die neerslag van 'n vroulike identiteit nagestreef, terwyl die kritiek vroulike uitbeeldings en talige strukture analiseer en politiseer. Moi (in Belsey & Moore 1989:117) beskryf die feministiese kritiek as: "...a specific kind of *political discourse*: a critical and theoretical practice committed to the struggle against patriarchy and sexism...".

Die feminisme as ideologiese stroming spruit uit die historiese gegewe van weerstand en die strewe tot self-definisie deur vroue in omstandighede van manlike onderdrukking. Virginia Woolf is 'n belangrike voorganger van die feministiese literatuurbenadering (vergelyk haar werk *A Room of One's Own*). Woolf plaas nie soveel klem op spesifiek vroulikheid nie. Volgens haar is androgeniteit veel eerder 'n voorwaarde vir ware kuns. Die Franse skryfster Simone de Beauvoir (*The Second Sex*) lug meer radikale menings. Sy sien die terme manlik en vroulik as asimmetries: manlik is positief en neutraal gemarkeer, terwyl vroulik altyd negatief is. Manlik is altyd die subjek; die vrou is sy teenpool, die "Ander".

Die feministiese ideologie konsentreer aanvanklik sterk op die kwessie van 'n "seksuele politiek" (*sexual politics*). "Politics" in dié konteks word deur Millet (1970:21) omskryf as magsgestruktureerde verhoudings of toestande waardeur een groep mense deur 'n ander groep beheer word. Millet (1970:24) beskou geslag (*sex*) as "a status category with political implications", en hieruit volg dat vroue as 'n groep deur mans beheer word. Die wese van die patriargie is dat elke maghebbende instansie in die samelewing – die weermag, industrieë, tegnologie, universteite, die wetenskap, politiek en finansies – in manlike hande is⁷ (Millet 1970:25).

Die feministiese kritiek poog om hierdie ongelyke magsverhoudinge met betrekking tot diskoers⁸ en sosiale verhoudinge te verander. Sosiale ongelykheid word onder meer teruggevoer na ongelyke magsverhoudinge in bepaalde gemeenskappe, asook na sisteme van voorstelling: hoe vroue voorgestel word in rituele, literêre werke, foto's, ensovoorts. Die feminisme streef hierbenewens daarna om die kultureel-gekonstrueerde opposisies van geslag (*gender*)⁹ te analiseer en te verander. Voorts wil die feminisme die fallogosentrisme van die Westerse denkwêreld, oftewel die kombinasie van manlike logosentrisme met die fallus as simbool van oorheersing en uiteindelijke betekenis, ter syde stel. Dít lei ten opsigte van die literatuur na die strewe om 'n fallokratie¹⁰ literatuur se skanse af te breek (Palmer 1989:170 en Segal 1990:210).

Die feministiese kritiek het dan ook ten doel om die wyse waarop vroue die gevestigde literatuur lees, te verander. Vroulike lesers behoort volgens J. Fetterley (*The Resisting Reader*) weerstand te bied teen die manlike outeur deurdat hulle téén sy intensies in lees, ten einde die seksuele onewewigtigheid in die werk aan die lig te bring en te verander. Daar word egter veral probeer om die literêre kanon te heropen, te herrangskik en te vergroot, ten einde vroulike outeurs daarin op te neem. In die Engelse literatuur is daar reeds daarin geslaag om die status van vroulike outeurs wat tot dusver geringeskat is, te verhoog. Twee sulke outeurs is George Sand en Elizabeth Barrett Browning.

Die feministiese literatuurbenadering word eerder verenig deur 'n weerstand teen die patriargie as deur 'n stel doelstellings en metodes. Die algemene oriëntasie is wel dat geslag (*gender*) 'n sleuteldeterminant by die skryf en lees van tekste is.

Binne die feministiese literatuurbenadering is daar groot verskeidenheid; dit sluit in aanpassings

7 Meermale verdedig die patriargie homself deur só 'n opset "natuurlik" te noem, maar John Stuart Mill het al in 1869 daarop gewys dat die heersersklas nog altyd sy voorregte as "natuurlik" beskou het. Aristoteles het byvoorbeeld geen onreg in slawery gesien nie (Millet 1970:58,94).

8 Die talige situasie van "wie praat en met wie", soos verbonde aan buitelinguistiese faktore soos ideologie, die maatskaplike situasie, en historiese dimensie (Van Gorp 1986:102).

9 Waar *sex* biologies begrond word, is *gender* 'n kultureel-gekoppelde onderskeid.

10 'n Fallokratie literatuur/kultuur dui op 'n literatuur/kultuur wat simbolies rondom die fallus gekonstrueer is.

van psigo-analitiese, Marxistiese en poststrukuralistiese teorieë. Al hierdie rigtings het egter die volgende gemeenskaplike uitgangspunte :

- a. Die samelewing is in wese patriargaal – dit wil sê manlik-gesentreerd en -gekontroleerd; vroue word op haas alle terreine onderdruk. In Marxistiese terme is vroue die ondergeskikte sosiale klas. (Die patriargale sisteem ["patriarchy"] word deur Palmer 1989:68-9 omskryf as "male domination and the power relationships by which men dominate women").
- b. Geslag (*gender*) is kultureel bepaal, en sluit die sogenaamde "manlike" en "vroulike" eienskappe in. Simone de Beauvoir beweer dat iemand 'n vrou *word*; dat die samelewing as 't ware persone met "vroulike" karaktertrekke produseer. So word vroue gewoonlik as passief, emosioneel, oningelig en oneffektief beskou, terwyl mans aktief, rasioneel, kragdadig, avontuurlik, intelligent en effektief sou wees (Millet 1970:26).
- c. Hierdie patriargale ideologie vind neerslag in die literatuur – laasgenoemde is tradisioneel déúr mans vir mans geskryf. Derhalwe is die groot protagoniste – soos Oidipus of Hamlet – gewoonlik mans. Vroue is oorwegend randkarakters en ondergeskik aan die manlike karakters. Op dié wyse word vroulike lesers vervreem of gedwing om hulle met manlike waardes te identifiseer.

'n Onderskeid binne die feministiese literatuurteorie en -kritiek wat dikwels gemaak word, is dié tussen die Anglo-Amerikaanse en die Franse feministiese benaderings. Eersgenoemde werk oorwegend met sake soos die vrou as leser (die *feminist critique*) asook die vrou as skrywer (die *gynocritics*), terwyl die Franse teorie veral met linguïstiese en psigo-analitiese kwessies gemoeid is (Du Plessis en Steenberg 1991:76-78).

iii. Vroulike prosateur

Dié term word gebruik ten einde vroulike produsente van prosatekste duidelik van hulle manlike eweknieë te onderskei.

iv. Kanon- en kanoniseringsstatus

Onder kanonstatus word verstaan dié status wat 'n bepaalde outeur of teks binne 'n kanon in 'n literatuursisteem geniet. Hiermee saam gaan die moontlikheid van 'n outeur se uitsluiting uit, of nielidmaatskap van 'n kanon, wat die afwesigheid van kanonstatus impliseer.

Kanoniseringstatus dui eerder op 'n teks of outeur se status binne die proses van kanonisering, en beteken nié noodwendig dat die outeur/teks alreeds in 'n kanon opgeneem is nie. In wese kom 'n bepaling van kanoniseringstatus neer op 'n skatting van 'n outeur/teks se potensiële kanonstatus, oftewel, die status wat die bepaalde outeur/teks het as kandidaat vir opname in 'n kanon. (Sien ook voetnoot 5 hierbo).


Kanon- en kanoniseringstatus kan by wyse van kwalitatiewe kanonaanduiders bepaal word, byvoorbeeld aan die hand van uitsprake deur literatore of resensente aangaande 'n outeur/teks, of by wyse van 'n analise van kwantitatiewe kanonaanduiders, wat kan insluit die bepaling van die aandag wat aan 'n bepaalde outeur/teks gewy word in byvoorbeeld 'n toonaangewende literatuurgeskiedenis. (Dit sal by uitstek *kanonstatus* wees wat deur byvoorbeeld opname in literatuurgeskiedenis en sillabusse gereflekteer word, omdat lidmaatskap van byvoorbeeld die amptelike, selektiewe of pedagogiese kanon daardeur veronderstel word). Dijkstra (1989) se riglyne in dié verband word in die hieropvolgende hoofstuk¹¹ in groter besonderhede uiteengesit.

v. Literêre sisteem

Dié term word veral in hedendaagse literatuurondersoeke gebruik, en wel onder andere binne die raamwerk van die polisisteamteorie soos deur Even-Zohar gepostuleer. Dié teorie gaan van die standpunt uit dat menslike kommunikasiepatrone (byvoorbeeld taal of literatuur) beter verstaan kan word wanneer dit as sisteme beskou word. Die literêre sisteem word dan deur Even-Zohar (1990b:27) omskryf as "the assumed set of observables supposed to be governed by a network of relations (i.e. for which systematic relations can be hypothesized)¹², and which in view of the hypothesized nature of these relations we propose to call 'literary'". 'n Literêre sisteem word deur ses komponente gekonstitueer, naamlik die produsent, produk, verbruiker, repertorium, institusies en mark (Even-Zohar 1990b:31). Wanneer Jakobson se alombekende kommunikasiemodel vir die literatuur aangepas word, sien die model só daar uit:

¹¹ Sien hoofstuk 2, paragraaf 2.3.3.2.

¹² Met ander woorde, 'n "bron" van navorsingsvrae.



Alhoewel hierdie raamwerk geensins wil suggereer dat Jakobson se konsepte bloot deur die sisteemkomponente vervang kan word nie, verdiskonteer dit egter die *interafhanklikheid* wat tussen die ses komponente bestaan. 'n *Verbruiker* kan derhalwe 'n *produk* "verbruik" soos dit deur die *produsent* geproduseer is. Nietemin is 'n gemeenskaplike *repertorium* die voorwaarde vir die totstandkoming van die teks, waarvan die bruikbaarheid weer deur 'n toepaslike *institusie* bepaal word. In die laaste plek moet daar 'n *mark* bestaan wat die oordrag van sodanige "goedere" kan fasiliteer (Even-Zohar 1990b:34).

1.2.4 Afbakening van die terrein

Eerder as om 'n breë historiese oorsig van die Afrikaanse vroulike literêre toneel te verskaf, met ander woorde, 'n historiografiese opset soos wat Van Niekerk (1995) se lopende navorsing¹³ onderneem, wil hierdie studie eerder *eksemplaries* te werk gaan. Die doel is om die gepostuleerde mindere kanon- en kanoniseringstatus van die Afrikaanse vroulike prosa-outeur te belig.

Hierdie doelstelling noodsaak dan 'n enigsins streng afbakening van die ondersoekterrein, ten einde tot 'n sinvolle slotsom binne die bestek van die studie te kan kom. Daar is besluit om eerder 'n diepgaande ondersoek te onderneem, met inbegrip van die maatskaplik-historiese posisie van enkele geselekteerde outeurs, as om 'n groot aantal outeurs oorsigtelik te behandel. Hierdeur sal 'n wetenskaplike metode vir verdere kanonondersoeke moontlik ook duideliker geïllustreer kan

13 Sien paragraaf 1.3 hieronder.

word. In die eerste plek word die studieterrin diachronies tot die tyd tussen 1930 en 1996 beperk. Die onderste afsnypunt is geselekteer op grond van die aanname dat 1930 as die waterskeiding tussen die ouer en nuwer Afrikaanse literatuur beskou kan word, en sodat die fokus dus veral op ontwikkelinge in die "nuwer" literatuur sal val. 1996 is as boonste afsnypunt gekies ten einde die studie so relevant moontlik ten opsigte van die eietydse situasie te maak.

Die eerste outeur wat ondersoek word, is Hettie Smit, wat as Dertiger gekanoniseer is op grond van haar roman *Sy kom met die sekelmaan*. Smit se teks verteenwoordig dus een van die eerste (gekanoniseerde) tekste deur 'n vrou binne die "nuwer" Afrikaanse literatuur. Hettie Smit is geselekteer op grond van haar status as enigste vroulike prosa-eksponent van die prominente Dertiger-beweging – alombekend as 'n vername vernuwende beweging binne die Afrikaanse literêre toneel. Dit is spesifiek tydens die dertigerjare dat die Afrikaanse literatuur daarna begin aspireer het om "groot" literatuur in die gees van die groot Westerse tradisie te wees. Die kanon van "groot literatuur" word dus vanaf die Dertigerjare 'n ál meer gerespekteerde en gedugte konstruk.

Ná Smit val die soeklig op die feitlik onbekende werk van die lede van die destydse Klerewerkersunie. Die geskifte van dié groep vroue verteenwoordig dan die "alternatiewe" Afrikaanse literatuur van die dertiger- en veertigerjare. Die Klerewerkerliteratuur is geselekteer juis op grond van die feitlik algehele onbekendheid daarvan, tesame met heelparty resente pogings om hierdie korpus tekste opnuut te ontdek. Die oopdekking van dié tekste kan dan ook verreikende ideologiese implikasies hê, juis deurdat dit 'n literatuur is wat onder die werkersklas ontstaan en gelees is – in teenstelling met die uitsluitlik middelklastradisie van hulle tydgenote die Dertigers.

Ná die Klerewerkerliteratuur word 'n tydsprong gemaak en 'n veel meer resente outeur onder die soeklig geplaas. Die kanon- en/of kanoniseringsstatus van Eleanor Baker is die ondersoekterrein vir die laaste hoofstuk. Die resultate van 'n ondersoek van die kanon- en kanoniseringsstatus van 'n eksemplariese resente outeur kan moontlik gesien word as ook van toepassing op die totale kontemporêre kanoniserings van die vroulike outeur. Daardeur kan antwoorde op subprobleme (ii) en (iii) moontlik ook verskaf word. Eleanor Baker is geselekteer as voorbeeld van 'n resente outeur (sy debuteer in 1972) wat tot met die voltooiing van hierdie studie literêr produktief is (*Verbeelde werklikheid* verskyn in 1996). In teenstelling met wyd bekende outeurs soos byvoorbeeld Marita van den Vyver wat tot op hede slegs twee tekste vir volwassenes geproduseer het, het van Baker alreeds 11 romans vir volwassenes sowel as 'n verblyfjoernaal verskyn. Ten spyte hiervan is Baker steeds redelik onbekend. In 'n opname onder 121 eerstejaarstudente met

Afrikaans as universiteitsvak¹⁴, het 100% aangedui dat hulle al van Van den Vyver gehoor het, terwyl 73% al 'n teks deur haar gelees het. Hierteenoor het slegs 9% al ooit van Baker gehoor, terwyl 2% al 'n teks deur haar gelees het. Die relevansie van 'n ondersoek na Baker se posisie ten opsigte van kanons van Afrikaanse literatuur spreek dus vanself.

'n Bepalende motief vir die seleksie van bogenoemde outeurs is dat hulle, alhoewel almal vroulik, as produsente van verskillende soorte of tipes literatuur beskou kan word, te wete ernstige literatuur, werkersliteratuur, en die sogenaamde goeie gewilde literatuur.

Voorts word die ondersoekterrein beperk tot resensies, literatuurgeskiedenis, bloemlesings en literêre bekronings as faktore wat bepalend is vir die kanon-en kanoniseringstatus van 'n betrokke outeur.

1.2.5 Aannames

Vir die doeleindes van hierdie studie word aanvaar dat:

- i. kanoniseringsmeganismes binne die Afrikaanse literatuursisteem werksaam is;
- ii. 'n outeur se kanon- en kanoniseringstatus kwantitatief sowel as kwalitatief bepaal kan word.

1.3 **Oorsig oor die verwante literatuur**

Kanoniseringsstudies is 'n resente tendens in die Afrikaanse literatuurwetenskap. Akademiese studies, bloemlesings, en versamelbundels wat ten doel het om die status van die Afrikaanse vroulike outeur te heroorweeg en te herevalueer, is yl gesaai.

In Engels is werk in dié rigting al verder gevorder, soos blyk uit die publikasie van Annemarié van Niekerk se versamelbundel *Raising the blinds: a century of South African women's stories*, wat in 1990 by Ad Donker verskyn. Hierdie bundel bevat Engelse verhale deur vroue van alle rasse, sodat 'n deur in die rigting van 'n omvattender Suid-Afrikaanse (vroulike) diskoers oopgaan. Voorts wil dié bundel onbekende tekste – deur dikwels ewe onbekende outeurs – aan die leserspubliek bekend stel.

14 Opname gedoen deur A. Lourens in Oktober 1995 aan die Universiteit van Stellenbosch. Die eerstejaarsgroep Afrikaans en Nederlands I is as respondente gebruik.

'n Eerste poging tot die daarstelling van 'n Afrikaanse vroulike geslagsdiskoers is Annemarié van Niekerk se versamelbundel *Vrouevertellings 1843-1993*, waarin 'n wye verskeidenheid van kortverhale deur vroue opgeneem word. In die inleiding tot die bundel plaas die samesteller onder meer die kanoniserings van die Afrikaanse vroulike outeur onder die soeklig en verskaf sy 'n oorsig van vroulike literêre produksie sedert die negentiende eeu. Deur middel van statistiese gegewens¹⁵ oor die opname van tekste deur vroue in Afrikaanse bloemlesings, leerplanne en dies meer kom sy tot die gevolgtrekking dat die vroulike outeur nie tot haar reg kom nie. Van Niekerk (1994:6) skryf:

Dit is ... duidelik dat vroue nie proporsioneel in bloemlesings verteenwoordig word nie; dat uitgewers hierdie wanverteening nie daadwerklik teenwerk nie; dat bloemlesings oorwegend deur mans saamgestel word; en dat 'n wanvoorstelling van die produktiwiteit van vroulike kortverhaalskrywers deur opvoedkundige instansies versprei word .

In haar bespreking van *Vrouevertellings* bevestig Jansen (1994:105-106) die aanname van vroue se grootskaalse onderverteening in prosabundels. Só byvoorbeeld is slegs 4 van die 24 verhale in *Kort Keur* (saamgestel deur Abraham H. de Vries) deur vroue, slegs 7 van die 87 verhale in A.P. Grové se alombekende *Hoogtepunte in die Afrikaanse Verhaalkuns* en slegs 14 uit 80 (nié 5 uit 43 soos Van Niekerk beweer nie) van die verhale in *Die Afrikaanse kortverhaalboek* (De Vries). In die nuutste uitgawe van laasgenoemde bundel, met die titel *Eeu* (1996), is 20 uit die totaal van 68 verhale deur vroue – dus stéeds 'n onderverteening.

Jansen (1994:105) lewer dan 'n pleidooi dat Van Niekerk se bundel "'n keer ... voorgeskryf word aan die departemente van Afrikaanse letterkunde aan Suid-Afrikaanse universiteite en kolleges". Hierdeur gee sy te kenne dat die genoemde bundels van Grové en De Vries – wat maar te goed aan enige Afrikaanse letterkundestudent bekend is – anders as wat alom geglo word, nié die volledige spektrum van die Afrikaanse kortkuns dek nie. Voorts noem sy dat slegs sowat 16% van die verhale in twintig prominente bestaande versamelbundels deur vroue is (Jansen 1994:105-6). Omdat hierdie bundels oorwegend op die voorskryfmark gerig is, is die gevolge van sodanige onderverteening verreikend: Soos die ouer geslagte kanonvormers, sal ook die nuwe geslag opgroei met 'n patriargaal-bepaalde idee van hoe die Afrikaanse letterkunde daar uitsien. Skoliere en studente sal steeds aan die Afrikaanse kortverhaaltradisie dink as 'n grootse lyn vanaf Cachet na Marais na Van Melle na Rabie na Aucamp, en andere, terwyl M.E.R., Henriette Grové, Anna M. Louw, Riana Scheepers en vele meer slegs as toevalligheid, as aanvulling tot die groot manlike tradisie gesien word. Op dieselfe wyse is dit moontlik om te sê dat die gegradueerde in Afrikaanse letterkunde se opvatting van die romantradisie in alle waarskynlikheid 'n lyn vanaf Malherbe en Van den Heever, na F.A. Venter, A.P. Brink, Etienne Leroux, Alexander Strachan en Etienne van Heerden trek – na aanleiding van voorskrifmateriaal op skool en universiteit. Net so

15 Sien die hieropvolgende paragraaf – onder meer met betrekking tot Jansen se koreksie.

word die poësietradisie gesien as sinoniem met die "groot" name soos Totius, Leipoldt, die Louws, Opperman, Breytenbach en Cloete – oor wie menige skoolprojek en universiteitskripsie voltooi is.

Volgens Jansen (1994:105) benut sy die betrokke resensie as 'n geleentheid om die voorskryfmoontlikhede van *Vrouevertellers* te bespreek, juis omdat hierdie bundel "'n gulde geleentheid (aan dosente) sal gee om kwessies soos *kanonisering*, siening van Self en die Ander, ras, klas en gesag op 'n vanselfsprekende manier aan die orde te stel – selfs in hulle eerstejaarsklasse" (my kursivering). Deur die bundel voor te skryf en studente van kwessies soos kanonisering bewus te maak, kan selfs die jong literatuurstudent 'n begrip ontwikkel van dringende eietydse probleme binne die literêre sfeer: "Op dié manier kan die oorheersende patriargale inslag in die letterkunde bespreekbaar gemaak word en die betekenis en waarde van skryfwerk deur vroue geëvalueer word" (Jansen 1994:105).

Wat dus van kardinale belang is, is dat daar openlike gesprek en vrye debattering moet kom; die agenda moet te alle tye oop wees ten einde in die rigting van 'n verteenwoordigender Afrikaanse kanon te beweeg. Die ideale groeibodem vir so 'n gesindheid is uiteraard die klaskamer en lesinglokaal, waar die toekomstige Afrikaanse skrywers en kanonmakers geskool word.

Wat akademiese studies betref, is daar tot op datum min navorsing oor die kanonisering van vroulike outeurs gedoen. Enkele navorsingsinsette op die terrein van die literêre geskiedskrywing is dié van Smith (1994) en Van Niekerk (1995, lopend). In 'n DLitt-studie (Universiteit van die Oranje-Vrystaat) met die titel *'n Feministiese en Historiografiese Ondersoek na die Siening van die Vrou in die Afrikaanse Literêre Kritiek* ondersoek Smith vanuit 'n feministiese en historiografiese perspektief die siening van die vrou in die Afrikaanse literêre kritiek. Van Niekerk is tans besig met navorsing vir 'n proefskrif met die titel *'n Herskrywing van die geskiedenis van die Afrikaanse vrouevertelling: 'n feministiese perspektief*. Hiermee stel sy haarself ten doel om 'n bydrae te lewer tot die skryf van die Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis, deur spesifiek te fokus op die geskiedenis van die Afrikaanse vrouevertelling as gemarginaliseerde literatuur (Van Niekerk 1995:1).

1.4 Verwerking en interpretasie van data

Primêre data sluit in resensies, literatuurgeskiedenis, bloemlesings en verslae in die pers aangaande literêre bekronings. Hierdie data is ingesamel met behulp van Sabinet-, Ineg- en ander biblioteeksoektogte, terwyl SALN-bibliografieë asook bibliografieë in primêre bronne geraadpleeg is. Eerstens word die teoretiese besinning rakende die kwessie van kanonisering van outeurs en literêre tekste in breë trekke uiteengesit. Hierna word die geselekteerde outeurs se

kanon- en kanoniseringsstatus elk indringend ondersoek. Hierdie ondersoek geskied by wyse van 'n inhoudsontleding¹⁶ van die genoemde bronne. Ten opsigte van elk van dié outeurs word 'n kwantitatiewe sowel as 'n kwalitatiewe ondersoek (sien hoofstuk 2, paragraaf 2.3.3.2) van elk se status ten opsigte van Afrikaanse literêre kanons gemaak. By 'n dergelike statusbepaling word die diachroniese aspek as van besondere belang geag, omdat 'n afname of toename in kanon- en kanoniseringsstatus met verloop van tyd op sekere tendense in kanoniseringsprosesse kan dui.

Die soort navorsingsontwerp wat gebruik gaan word, is 'n nie-eksperimentele longitudinale ontwerp. Volgens Huysamen (1993:103) word hierdie soort ontwerpe aangedui wanneer die navorser verandering as gevolg van tydsverloop en enige historiese gebeure wat daarmee saamhang, wil ondersoek. Uit die bevindinge van hierdie navorsing sal dit moontlik wees om tot enkele gevolgtrekkings te kom aangaande die kanon- en kanoniseringsstatus van die Afrikaanse vroulike prosa-outeur.

¹⁶ Huysamen (1993:146) omskryf 'n inhoudsontleding as die stelselmatige ondersoek van die inhoud van geselekteerde bronne ten einde die relatiewe voorkoms en/of die aanbiedingswyse van byvoorbeeld temas na te vors.

HOOFSTUK 2

KANONISERING IN DIE LITERATUUR: 'n TEORETIESE OORSIG

- I believe in the established canon of English and American literature and in the validity of the concept of privileged texts. I think it is more important to read Spenser, Shakespeare, or Milton than ..., to say the truth, to read Virginia Woolf... (Miller in Gilbert 1986:38).

2.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om die belangrikste aspekte van die gesprek rondom kanoniseringsaam te vat, asook om 'n teoretiese raamwerk waarbinne kanoniseringsaam beskou kan word, in breë trekke uiteen te sit. Hierdie gegewens sal rigtinggewend wees by die hieropvolgende ondersoeke en behoort aan te dui dat die soort empiriese ondersoekmetode wat gebruik word, wel binne 'n teoretiese raamwerk gesitueer is. Ten slotte sal van die kwessies wat in hierdie hoofstuk aangeraak word, krities beskou word, met voorstelle vir 'n wysiging van die teorie, waar toepaslik.

In bostaande aanhaling verklaar die outeur dat hy die tradisionele kanonkonsep onderskryf; meer nog, dat hy die onvoorwaardelike bevoorregting van sekere tekste bó ander as 'n voorveronderstelling van alle literêre aktiwiteite beskou. 'n Uitspraak soos hierdie is egter aanvegbaar vanuit verskillende perspektiewe. 'n Feministiese kritiek op bogenoemde sal byvoorbeeld aandui dat 'n manlike tradisie onomwonde bo 'n vroulike tradisie gestel word, terwyl die postkoloniale kritiek daarop mag wys dat 'n logosentriese Westerse tradisie hier aan die orde gestel word. Met uitsprake soos dié bevind die individu hom/haar midde-in die kontemporêre diskoers rondom kanoniseringsaam.

Wanneer die literatuurstudent of -wetenskaplike hom/haar egter op die terrein van gesprek en navorsing omtrent 'n sogenaamde literêre kanon begeef, is daar 'n paar sake wat uitgeklaar behoort te word alvorens 'n dergelike gesprek of studie onderneem kan word. Die belangrikste vrae is:

- Wat is die entiteit/e waarna die term *literêre kanon* verwys?
- Hoe en waarom het (literêre) kanons tot stand gekom?
- Wat was die historiese funksie/s van kanons en wat is die teenswoordige funksie/s?

- iv. Hoe legitiem is hierdie kanons en funksie/s binne die eietydse konteks?
- v. Watter kritiek word teen kanons uitgespreek, uit watter oord/e is dit afkomstig en wat is die gronde daarvoor?
- vi. Binne watter teoretiese raamwerk kan die prosesse van kanonvorming bestudeer word?

In hierdie teoreties georiënteerde hoofstuk sal gepoog word om hierdie belangrike en ander vrae wat daaruit voortvloei, te beantwoord. In die volgende afdeling word die term **kanon** onder die soeklig geplaas. Daarna word redes en modelle vir kanonvorming bespreek, gevolg deur 'n bondige uiteensetting van die polisisteamteorie as 'n moontlike raamwerk vir kanonbestudering. Die konsep van 'n literêre tradisie sal beskou word, met moontlike praktiese implikasies vir 'n Afrikaanse kanonhersiening. Laastens word spesifiek 'n feministiese perspektief op bestaande kanons aan die orde gestel.

2.2 *Die term kanon*¹⁷

2.2.1 Herkoms van die woord *kanon*

Die etimologiese wortels van die woord *kanon* is die Griekse *kanon*, wat beteken "reël", "rigsnoer" of "maatstaf". Deur ekstrapolasie kan die betekenis deurgetrek word na "korrek" of "outoritêr", oftewel "gesaghebbend". Met verloop van tyd het die term *kanon* naas konnotasies van "seleksie" (en die daarmee gepaardgaande konsepte van outoriteit en gesag) ook sterk konnotasies van "norm" verkry. Die implikasie hiervan is dat 'n sekere stel norme wat deur sekere gesaghebbende persone of instansies gehandhaaf is, die kriterium vir opname in 'n kanon geword het.

Hierdie betekenisveld van *kanon* word veral dikwels in die teologie gebruik, waar dit die teenstelling tussen die sogenaamde ware, outentieke Bybelboeke (die kanonieke boeke) en die veronderstelde "minder waar", apokriewe boeke aandui. Harris (1991:110) waarsku egter teen die onoordeelkundige oordrag van hierdie "teologiese" betekenis van *kanon* na die literatuurstudie: In die seleksie van literêre tekste gaan dit eerder oor seleksiekriteria op grond van bepaalde *funksies* as oor outoriteit ("...the criteria for selecting literary texts are derived not from authority but from chosen functions" – Harris 1991:110).

'n Ander belangrike verskil is dat die Bybelse proses van kanonisering deur afsluiting gekenmerk word,

17 Sien ook die omskrywing onder paragraaf 1.2.3(i).

terwyl literêre kanons steeds die moontlikheid bied om nuwe of opnuut geëvalueerde¹⁸ tekste daaraan toe te voeg. (Hierdie siening van 'n kanon as nie-afgeslote word egter nie deur alle partye gehandhaaf nie – sommige teoretici meen juis dat 'n kanon 'n afgeslote, afgeronde geheel is wat ongeskonde bewaar moet word). Kermode (in Harris 1991:111) sien die opname van 'n teks in 'n kanon as die toetrede van 'n teks tot 'n voortgaande kritiese diskoers. Sulke tekste word dan as 't ware goedgekeur vir verdere kritiese ondersoek en "opklaring", en word dus deel van die kulturele diskoers. Hoe lank belangstelling in die betrokke teks behoue sal bly, hang af van onder meer:

- i. die historiese resonansie daarvan (die mate waarin dit eksplisiet verbande met ander tekste lê),
- ii. die moontlike vermenigvuldiging van sy betekenis,
- iii. die vaardigheid waarmee dit in die kritiese diskoers ingelei word (die mate waarin dit gunstige kritiek ontvang; met ander woorde aanvaarding deur die kritiese gemeenskap), en
- iv. die kongruensie tussen die moontlike betekenis van die teks en die kritici se belangstellings op daardie tydstip. (Kermode in Harris 1991:111).

2.2.2 Moontlike definisies

Die kanon word in die eerste plek deur bepaalde uitsluitings- en insluitingsmeganismes gedefinieer, soos Mooij (in Moerbeek 1992:336) se voorlopige omskrywing van 'n kanon suggereer: "...een verzameling literaire geschriften aanmerkelijk groter dan de verzameling der klassieken¹⁹ maar tevens aanmerkelijk kleiner dan de voltallige literatuur". Abrams (1988:20) fokus eerder op die outeurs van gekanoniseerde tekste as op die tekste self in sy omskrywing van die kanon: "(T)hose authors whose works, by a cumulative consensus of authoritative critics and scholars, as well as by their conspicuous and continued influence on later authors, have become widely recognized as 'major'". Van Gorp (1986:61), weer, praat van 'n "canon van erkende meesterwerke" en beweer dat die term *kanon* na "de groep klassiekers²⁰, naar de 'onsterflijken' van een nationale literatuur" verwys.

18 Herevaluasie kan geskied in die lig van nuwe perspektiewe binne die literêre toneel. Só byvoorbeeld stel die feministiese perspektief die imperatief dat voorheen negatief beoordeelde tekste deur vroue opnuut beoordeel moet word aan die hand van 'n nuwe stel waardes.

19 Onder "klassieke" tekste word waarskynlik méér tekste ingesluit as net die literatuur van die Antieke beskawings, tesame met die literatuur vanaf die Renaissance tot die Romantiek wat op die lees van die antieke werke geskoei is en inspirasie uit die antieke mens- en wêreldbeeld put (Van Gorp 1986:214). Mooij se omskrywing verwys waarskynlik ook na latere tekste wat sogenaamde "klassieke status" verwerf het.

20 Alhoewel Van Gorp (1986:213) toegee dat die term "klassiek" uiters problematies kan wees, verskaf hy as vernaamste betekenis van die term (waarskynlik dan ook sy bedoeling in die betrokke aanhaling) die volgende: "Met betrekking tot die literatuur verwys klassiek ... naar de traditionele meesterwerke van een letterkunde. Het zijn meestal deze gecanoniseerde werken (canon) waaraan grote pedagogische waarde wordt toegekend en in schoolverband worden gelezen". Vir Van Gorp is die term *gekanoniseerd* derhalwe kongruent aan die term *klassiek*. Die belangrikste verskil tussen Abrams en Van Gorp se siening van "klassiek" – en by implikasie ook van "kanon" – lê daarin dat Abrams die saak in sy wyer verband sien (die wêreldletterkunde as geheel), terwyl dit vir Van Gorp beperk is tot die afsonderlike letterkundes van die wêreld.

Mooij (1985/6:23) se siening behels dat die klassieke werke "alleen de toppen in het totale landschap van de canon-literatuur" uitmaak, terwyl Van Gorp klassieke werke as sinoniem met gekanoniseerde werke beskou. Van Gorp (1986:213-4) se uiteensetting dui op 'n uitgangspunt wat in beginsel elitisties is, en wat deur tradisionele kanonvormers gehandhaaf word – let op die etimologiese herkoms van die woord "klassiek" (vanaf *classicus* [Lat.]), met die betekenis van "van hoge rang", "voorbeeldig" en "voortreffelijk in zijn soort".

Só 'n elitistiese uitgangspunt postuleer 'n kanonbegrip wat deur elitistiese begrippe soos "die beste" en "opgevoede mense" onderlê word. Vergelyk die volgende definisie deur Tompkins (1989:441) in haar kritiek teen 'n elitistiese kanonsiening: 'n Kanon is naamlik "... (t)hose literary works that at any given moment in a culture's history are regarded by educated people as the best their culture has to offer". Fokkema (1985/6b:5) weer aktiveer die betekenisveld van "maatstaf" of "reël" met sy siening van die kanon as "...een richtsnoer van teksten die in ieder geval gelezen moeten worden".

Die sosio-literêre aspek van kanons word deur Mooij (1985/6:23) sowel as Moerbeek (1992:342) benadruk, deurdat albei outeurs 'n kanon sien as 'n versameling tekste wat vir 'n spesifieke sosiale groep betekenisvol is. Volgens Mooij (1985/6:23), wat 'n kanon ietwat enger definieer, is 'n kanon "een verzameling van literaire werken, die in een *samenleving* als *waardevol* erkend worden, en die dienen als *referentiepunten* in de literatuurbeskouwing (met name de literaire kritiek) en in het onderwijs (en daar dan ook onderwezen worden)". Mooij maak dus nie voorsiening vir die totstandkoming en bestaan van meer as een kanon nie. Moerbeek (1992:342) hierteenoor, erken (verskillende) sosiale groepe as "ankerpunte" van kanons: "Een canon is een verzameling van werken en auteurs die door een sociale groep of literair circuit als *waardevol* erkend worde, en die als referentiepunt voor die sociale groep of dat literair circuit fungeren". Hierdeur word geïmpliseer dat meer as een kanon kan bestaan, en dat pluraliteit ten opsigte van kanons deur pluraliteit op ander terreine gemotiveer en bepaal word.

Daar sal deur die loop van hierdie hoofstuk aangevoer word dat laasgenoemde twee outeurs se omskrywings die belangrikste struktuur-aspekte en debatspunte rondom kanonisering aanraak, naamlik die sosiale, die waarde-, die verwysings- en die onderwysaspek. (Wat die "waarde"-aspek betref, moet daar onderskei word tussen die sogenaamde "intrinsic" waarde wat 'n teks sou kon besit, volgens veral voorstanders van tradisionele literatuuropvatting, en waarde in terme van byvoorbeeld ideologie).

2.2.3 Soorte kanons

Soos die uitspraak van Moerbeek hierbo aangedui het, kan daar verskillende kanons bestaan – juis omdat verskillende sosiale groeperings (byvoorbeeld resesente, akademici, onderwysers en “gewone” lesers) elk 'n eie kanon sal hê. Harris (1991:112) ondersteun Moerbeek se siening wanneer hy daarop wys dat daar nie net een geslote, unitêre kanon bestaan nie. Hy verfyn Moerbeek se siening: daar kan ten minste sewe soorte kanons, elk met 'n eie funksie, onderskei word.

Die **potensiële** kanon sluit in die totale geskrewe korpus tekste, saam met alle bewaarde mondelinge tekste. Die **toeganklike** kanon is daardie deel van die potensiële kanon wat op enige tydstip beskikbaar is. Lyste van outeurs en tekste – soos in bloemlesings en sillabusse – is **selektiewe** kanons, terwyl 'n vermenging van sulke lysse die **amptelike** kanon uitmaak. **Persoonlike** kanons word gevorm deur die kennis en waardeoordele van individuele lesers. Die **literêr-kritiese** kanon bestaan uit dié werke of gedeeltes van werke wat herhaaldelik in kritiese artikels of boeke bespreek word. Laastens is die **pedagogiese** kanon dié lys tekste wat normaalweg in skole en voorgraadse klasse onderrig word.

Harris (1991:114-117) fokus by uitstek op selektiewe kanons en sit die kriteria vir en funksies van hierdie soort kanons uiteen. Sy siening kom breedweg daarop neer dat enige seleksie van tekste op bepaalde funksies berus. Die vernaamste funksies van seleksie is:

i. Die daarstelling van modelle, idees en inspirasie

Die daarstelling van modelle of voorbeelde van literêre tekste is waarskynlik een van die oudste funksies van seleksie, alhoewel die tydskonteks bepaal van watter tekste, en vir watter doel, daar modelle benodig word (byvoorbeeld modelle van korrekte grammatikale gebruik of van morele suiwerheid). Alhoewel die konsepte van moralisering en inspirasie eerder tot 'n vroeëre tydperk behoort, gee eietydse tekste steeds riglyne van hoe die wêreld kan wees (vergelyk die eietydse versetliteratuur). In aansluiting by Harris skryf Fokkema (1985/6b:6): "Door de eeuwen heen heeft de canon de functie gehad van een *model*, een schatkamer van richtlijnen op religieus, etisch, esteties en praktisch gebied".

ii. Die oordrag van kultuurgoedere

Hierdie kanonfunksie behels dat lesers toegerus word met die basiese kulturele kennis wat vereis word om tekste uit die verlede te kan interpreteer, om eietydse aangeleenthede in 'n historiese perspektief te plaas, en om die self te oriënteer ten opsigte van estetiese

2092023
34723C

hoogtepunte, sosiale en politiese veranderinge en filosofiese debatte wat reeds eeue lank gevoer word.

iii. Die skep van gedeelde verwysingsraamwerke

Sonder kanons kan daar nie sprake wees van 'n interpretatiewe gemeenskap nie, aldus sekere literatuurwetenskaplikes.

iv. Logrolling

Logrolling behels dat skrywers hulle eie werk bevoordeel deurdat hulle bevoorregte plekke verleen aan ander tekste waarvan die doelstellings met dié van hulle eie tekste ooreenstem.

v. Die legitimisering van 'n bepaalde teorie

Voorstanders van 'n bepaalde kritiese rigting sal geneig wees om voorbeeldtekste te selekteer wat hulle teoretiese postulasies sal staaf.

vi. Historisering

Historisering kom daarop neer dat seleksieprosesse *mag* aan sekere tekste toesê. Hierdie mag kan op 'n sekere tydstip in die geskiedenis groter wees as in ander tye, soos bepaal deur verskeie literêre en buite-literêre faktore.

vii. Pluralisering

Hierdie funksie dui op verruiming van die kanon deur aan tot nou toe miskende belangegroepes erkenning te gee, byvoorbeeld swart skrywers of vroue.

(Harris 1991:114-117)

2.2.4 Die elitistiese aard van die kanon

Wanneer daar analities na die oorkoepelende kanondefinisie gekyk word, naamlik daardie tekste wat binne 'n samelewing as waardevol erken word, en as referensiepunte in die literatuurbeskouing en in die onderwys dien, blyk dit dat slegs sekere tekste geselekteer word om tot hierdie skynbaar uitgelese versameling te behoort.

Ten opsigte van tradisionele kanons verseker 'n streng seleksieproses (soos toegepas deur kanonvormers) dat tekste wat hulle wél binne die kanon bevind, die "hoë" kultuurtradisie verteenwoordig. Die seleksieproses word beïnvloed deur faktore soos die literatuuropvatting van kanonvormers (byvoorbeeld kritici en akademici), asook deur heersende ideologiese strominge en magsverhoudinge wat inwerk op die betrokke sosiaal-literêre opset waarbinne die tekste geproduseer en gekanoniseer (of nié) word. Hierbenewens blyk dit ook dat daar doelbewuste pogings (dikwels vanuit akademiese kringe) aangewend word om die kanon "suiwer" te hou deur sogenaamde sublitterêre²¹ tekste daaruit te weer. Met verwysing na die poësie skryf Easthope (1982:138):

The conventional academic study of poetry accords the status of poetry only to examples of the high cultural tradition, a canon of authors from Chaucer to Larkin. *When other kinds of poetry are touched on, the ballad for instance, they are invariably relegated to 'background material' or treated as popular culture rather than as poetry.* Written texts with a named author are promoted over collective texts orally transmitted (my kursivering).

Hierdie onderskeid tussen sogenaamde *literêre* en *sublitterêre* vorme, sowel as die eensydige bevoorregting van eersgenoemde, het vroue se literêre produkte op die agtergrond geskuif. Vroue was dikwels medewerkers van tydskrifte (*periodicals*), en hulle veral aangetrokke gevoel tot die skryf van briewe, dagboeke en joernale – vorme wat tradisioneel as mindere of populêre literatuur (sublitterêre vorme) gesien word (Shevelow 1989:195).

Vroue, homoseksuele, swart mense, lede van die werkersklas, of ander etniese minderheidsgroepe ervaar dikwels dat hulle belangstellings, ervarings en belange nie deur die kanon gereflekteer of bevorder word nie. Dan vra 'n lid van so 'n minderheidsgroep hoe dit moontlik is dat hy/sy nooit in staat was om "groot" of "belangrike" literatuur te produseer nie. Hierdie vraag kan tot gevolg hê dat 'n studie ondemeem word om vas te stel waarom sulke outeurs nie die proses van seleksie vir kanondoelindes kon deurstaan nie. Uiteindelik kan 'n ondersoeker tot die gevolgtrekking kom dat die kanon 'n uitsluitende, elitistiese entiteit is waarvan die seleksiekriteria veel eerder berus op oorwegings soos ras, geslag, sosiale klas, geloof, status of affiliasie as op "estetiese meriete" – waar laasgenoemde self 'n uiters problematiese begrip is. "Estetiese meriete" berus op die beoordelaar van 'n kunswerk se kunsopvatting, soos medebepaal deur individuele ideologiese oriëntasie. Van "suiwer estetiese oorwegings" kan daar derhalwe nooit sprake wees nie.²² Die tradisionele siening is egter dat "suiwer estetiese oorwegings" die enigste, of dan hoogste, maatstaf moet wees by die beoordeling van 'n kunswerk. Hierdie maatstaf word gewoonlik geoperasionaliseer deur middel van terme soos

21 Die kriteria waarvolgens "sublitterêre" van "literêre" tekste onderskei word, sal waarskynlik – in die geval van tradisionele kanons – berus op die mate van vormlike en inhoudelike ooreenstemming met reeds gekanoniseerde tekste.

22 Vergelyk Coward (1986:226) se beskrywing van (literêre) gehalte as 'n "nebulous notion" – met ander woorde, vaag gedefinieerd en moeilik omskryfbaar.

"skoonheid", "eenheid", "suiwerheid", en dies meer, wat as norme in die literatuurkritiek gebruik word. 'n Resente voorbeeld in dié verband word gevind in die voorwoord by die vyfde uitgawe (1996) van Abraham H. de Vries se kortverhaalbundel *Eeu* (voorheen *Die Afrikaanse Kortverhaalboek*). Die samesteller sê dat "gehalte steeds die wagwoord was"²³ by die keuse van kortverhale, maar laat na om "gehalte" te omskryf. Die leser se afleiding is dat "intrinsieke estetiese gehalte" hiermee bedoel word.

Die oproep tot kanonhersiening kom oorwegend uit die geledere van ondersoekers wat tot minderheidsgroepe behoort, en wat wil sien dat die kanon verteenwoordigend van die samelewing in sy geheel word (Tompkins 1989:442). Hierdie aspek van die gesprek rondom kanonisering word later in groter detail uiteengesit (sien 2.6 en 2.7 hieronder).

Op hierdie stadium is die vraag na hoe en waarom kanons tot stand gekom het, nog nie uitgeklaar nie. Die volgende afdeling plaas die verskynsel van kanonvorming binne sy historiese konteks, en gee 'n uiteensetting van die meganismes wat die proses van kanonisering fasiliteer. Ten slotte word die uitvloeisels van dié proses en sy meganismes beskou.

2.3 Kanonvorming: Redes en modelle

2.3.1 Die institusionalisering van die literatuur

Met "die institusionalisering van die literatuur" word bedoel dat literatuur lank reeds nie meer 'n informele, toevallige, of mondelinge aktiwiteit of tradisie is nie, maar dat die kunswerk deur 'n reeks formele samelewingstrukture (die literêre institusie) "geprosesseer" word nadat die outeur aanvanklik konkrete gestalte gegee het aan 'n literêre teks. Die outeur self word volgens sekere literatuurbenaderings (vergeelyk die Franse strukturalisme en post-strukturalisme se konsep van *l'écriture*) as die sosiale institusie van teksskrywing beskou.

Sake wat die uiteindelijke kanonisering van die teks sal bepaal, kan as 'n lang ketting van gebeure voorgestel word. Dit is die "prosessering" wat die teks sal ondergaan totdat dit uiteindelik óf gekanoniseer word óf in vergetelheid raak. 'n Aantal sulke "prosesseringsmeganismes", oftewel institusionaliseringsmeganismes word deur Tompkins (1989:443) genoem. Die meganismes van die literêre institusie sluit in: publikasiemoontlikhede, uitgewerye, resensies, kritici, tydskrifredakteurs, uitgewers, die akademie, literêre wedstryde, beoordelaars van literêre wedstryde, prysweners, verspreiding, reklame, aankope, lesers, herdrukke, onderrig, ensovoorts. (Fokkema dui aan op welke

23 In die verantwoording van die eerste drie uitgawes sê De Vries (1986): "Gehalte was deurentyd dié maatstaf".

wyses hierdie meganismes opereer ten einde die kanonisering van 'n teks te bepaal – sien 2.3.1.1 hieronder).

Die institutionalisering van die literatuur is waarskynlik 'n primêre bepalende faktor by die totstandkoming en instandhouding van literêre kanons. Dat daar 'n ingewikkelde netwerk van verhoudings bestaan wat verantwoordelik is vir die uiteindelijke kanonisering al dan nie, van 'n bepaalde teks, blyk uit Tompkins (1989:443) se kommentaar:

An author's social and cultural milieu, moreover, will determine his or her access to publishing outlets; publishing with a certain press will affect the nature and number of reviews an author receives. The personal, social and institutional relationships that obtain between authors and critics, between authors and journal editors and influential publishers, between the professoriate and the reviewing media, between the judges of literary contests ... and the prizewinners – all work to determine whose books will be printed, distributed, advertised, purchased, read, reviewed, cited, reprinted, taught, written about, and declared or not declared 'classic'²⁴.

Vervolgens word die term "institusie" nader omskryf en die historiese ontwikkeling van literêre institutionalisering word beskou.

2.3.1.1 Institusies: 'n Omskrywing

Van Coller (1995:47) wys op die noue verband tussen kanoniseringsprosesse en magsverhoudinge wat op verskillende terreine sigbaar word: "Kanonisering is, nes standaardisering, 'n proses van insluiting en uitsluiting wat gegrond is in die magspel. Hierdie magstryd betrek alle verhoudings: intellektueel, institusioneel, sosiaal en polities". Vervolgens word institusionele verhoudings soos dit verband hou met kanoniseringsprosesse, onder die soeklig geplaas.

Binne die raamwerk van sy sisteemteorie (sien hoofstuk 1, paragraaf 1.2.3.v) omskryf Even-Zohar (1990b:37) 'n **institusie** ("institution") as "...the *aggregate of factors* involved with the maintenance of literature as a socio-cultural activity. It is the institution which governs the norms prevailing in this activity, sanctioning some and rejecting others ... As part of official culture, it also determines who, and which products, will be remembered by a community for a longer period of time". Dit blyk dus dat Even-Zohar 'n institusie as 'n oorkoepelende en heterogene konsep beskou.

Die vraag ontstaan nou: Wie en wat behels dié institusies? Even-Zohar noem dat die literêre institusie ten minste 'n segment van die teksproduseerders, uitgewerye, kritici, tydskrifte, klubs, skrywersverenigings, regeringsliggame, opvoedkundige instansies, die massamedia en nog vele meer insluit. Elkeen hiervan kan derhalwe as 'n (sub)institusie beskou word. Om ooglopende redes is die

somtotaal van hierdie groot verskeidenheid (die institusie) nie 'n eenvormige entiteit wat voortdurend 'n homeostase tussen die dele handhaaf nie; daar is eerder interne woelinge wat op 'n magstryd tussen die onderlinge komponente berus. Op 'n gegewe tydstip mag een komponent (oftewel subinstitusie) die dominante een wees, en dit funksioneer dan as die *establishment*²⁵ van die oomblik. Gegewe die groot verskeidenheid, is dit nietemin moontlik dat verskeie (sub)institusies gelyktydig binne die literêre sisteem²⁶ werksaam kan wees (Even-Zohar 1990b:37-38).

Die term (**literêre**) **institusionalisering** kan vervolgens omskryf word as dié proses van handeling wat uitgevoer word deur die literêre institusie, met die literêre teks as objek. Deur institusionalisering word sommige tekste gekanoniseer, en ander nie. Institusionalisering is dus nié 'n sinoniem vir kanonisering nie, en dui eerder daarop dat die teks die proses onderweg na kanonisering of dan niekanonisering betree het.

Die nou verwantskap tussen institusies en die gemeenskap word deur Shavit (1991:231,232) uitgewys: "... institutions are created by a particular culture ... and manifest the way a culture is understood by its members". In institusies is die mag wat deur 'n sekere groep uitgeoefen word, 'n sleutelement by die bepaling van kanonisiteit: "...literary canonicity is determined by a distinct group of people-in-the-culture, whose power is gained by their control over literary institutions".

Die funksionering van verskillende komponente ten einde kanonisering te bewerkstellig, word vereenvoudig soos volg deur Fokkema (1985/6a:4) uiteengesit:

- i. die redaksie van literêre tydskrifte selekteer die nuwe tekste,
- ii. die dag- en weekbladpers verskaf die eerste resensies,
- iii. bespreking in die wetenskaplike pers bied verdere regverdiging vir uiteindelijke opname in die kanon en
- iv. vermelding in skoolboeke en opname in bloemlesings is 'n verdere stap in die rigting van kanonisering.

Lefevere (1992:19) noem voorts dat die dominante poëtika²⁷ van 'n periode 'n bepalende faktor is by kanonvorming. (Daar kan beweer word dat so 'n dominante poëtika medebepaal word deur literêre

24 "Klassiek" tree hier op as sinoniem vir "gekanoniseerd".

25 Hiermee word verwys na dié element of (sub)institusie wat op 'n gegewe tydstip gesien word as verteenwoordigend van die houdings, waardes en oortuigings van die beherende groep.

26 Sien paragraaf 2.4.1 vir 'n vollediger omskrywing van die sisteemkonsep as wat in hoofstuk 1 gegee is. "Literêre sisteem" kan ook as "literêre polisisteem" gelees word.

27 Lefevere (1992:26) definieer 'n poëtika soos volg: "A poetics can be said to consist of two components: one is an inventory of literary devices, genres, motifs, prototypical characters and situations, and symbols; the other a concept of what the role of literature is, or should be, in the social system as a whole". Dit is waarskynlik laasgenoemde definisie wat in hierdie geval geaktiveer word.

kritici, akademici, outeurs, ideologiese meningsvormers, en politieke en ekonomiese magshebbers). Hiervolgens word sommige tekste byna onmiddellik tot die status van "klassieke" werke verhef, terwyl ander verwerp word. Sommige sal dalk eers klassieke status verkry wanneer die dominante poëtika verander het. Werke wat langer as vyf eeue gelede gekanoniseer is, ondergaan selde 'n statuswysiging – ongeag wat die dominante poëtika van die dag mag wees. Dit sou moontlik wees om te hipotetiseer dat gekanoniseerde tekste ná 'n sekere tydsverloop "vas" gekanoniseerd raak (sien ook 2.4.4.1). Een moontlike rede kan wees dat tekste ná 'n sekere tydsverloop 'n onaantasbaarheid begin vertoon, vanweë **oorgelewerde bevestiging**. Laasgenoemde konsep sou beteken dat latere geslagte die meriete van 'n ouer teks nie meer bevraagteken nie, omdat dit deur 'n paar geslagte, via hulle institusies, bevestig is.

2.3.1.2 Die historiese ontwikkeling van literêre institusionalisering

In 'n referaat oor literatuur as institusie, maak Fiedler (1979:73) die stelling dat die eietydse literatuur meer geïnstitusionaliseer as ooit tevore is. Die institusionalisering van die literatuur is egter nie uniek aan die laat twintigste eeu nie. Pleij (1988:337) beweer dat ten opsigte van die Nederlandse literatuur, die stempel "klassiek" reeds in die eerste helfte van die negentiende eeu op sekere gekose tekste geplaas is, en dat hierdie lys sedertdien min of meer staties gebly het, sonder "opfrissings" met ánder literatuur uit die verlede. Die beginsel van oorgelewerde bevestiging sou hier as rede aangevoer kon word. Institusies raak met ander woorde gefikseer ten opsigte van die hantering van tekste uit 'n sekere tydperk, en wysigings word weldra haas nie meer gemaak nie.

Die konsep van 'n literêre institusie²⁸ is 'n historiese gegewe waarvan die wortels na die "begin" van die moderne Westerse literatuur teruggelei kan word. Fiedler (1979:73) skryf in dié verband: "The notion of literature as an institution responsible only to itself ... has haunted the mind of the West ever since the Renaissance attempted to set song and story free from established religion".

Die institusionalisering van die literatuur kan pertinent teruggevoer word na die begin van die boekdrukkuns²⁹ en daarmee saam die opkoms van die uitgewersbedryf. Dit is selfs moontlik om die eerste spore van institusionalisering reeds in die Middeleeuse *scriptorium*s en die moeisame produksie van handskrifte te lees. Later van tyd is tekste wat as waardevol beskou is, gedruk en versprei sodat dit wyer bekendheid verwerf het en binne die literêre kanon opgeneem is. Fokkema (1985/6b:7) meld dat die groter beskikbaarheid van tekste met die opkoms van die boekdrukkuns een van die faktore

28 "Institusie" word gebruik om, soos Even-Zohar dit omskryf, te dui op die somtotaal van faktore wat literatuur binne samelewings- en kultuurverband reguleer.

29 Met ander woorde, die opkoms in Wes-Europa van 'n formele, geskrewe literatuurtradisie, en die gelyktydige agteruitgang en uiteindelijke verdwyning van die informele, mondelinge tradisie.

was wat die kanon van Latynse outeurs onder druk begin plaas het. Ander faktore was onder meer die verskyning van tekste in die volkstaal, die bestudering van die Griekse literatuur, die enorme uitbreiding van kennis van die wêreld, en van verskillende tale wat die Renaissance gekenmerk het.

Volgens Fokkema (1985/6b:6) is dit 'n algemene verskynsel dat tekste wat wyd bekend is, voorrang geniet wanneer uitgewerye op herdrukke moet besluit. Juis hierdie beskikbaarheid tel weer in die betrokke tekste se guns wanneer daar keuses gemaak word wat betref tekste wat in die onderwys gebruik en in die pers bespreek word. Dus is daar versterkende meganismes teenwoordig wat verseker dat bekende tekste nóg bekender word; dat reeds gekanoniseerde tekste bloot hulle posisies binne die kanon versterk. Ook Lefevere (1992:21) raak dié kwessie aan wanneer hy sê dat (potensiële) kanonisering die beskikbaarheid van 'n literêre teks aansienlik beïnvloed – byna die omgekeerde van die proses wat Fokkema beskryf. Kandidate vir kanonisering sal hiervolgens voorrang vir publikasie deur invloedryke uitgewerye geniet. In teenstelling hiermee sal werke wat skerp van die dominante poëtika/ideologie verskil, hulle moontlik tot publikasie binne 'n ander literêre sisteem moet wend. In laasgenoemde verband noem Lefevere (1992:21) die voorbeeld van swart Suid-Afrikaanse skrywers wie se Engelse werke in die Oosblok (veral in die DDR) gepubliseer is. Andersins kan sulke "afwykende" tekste van sogenaamde "alternatiewe" uitgewerye gebruik maak, byvoorbeeld Taurus binne die Afrikaanse kader. Kannemeyer (1988:243) skryf dat Taurus in 1975 opgerig is, spesifiek met die doel "om werk van verdienste wat om sensuurredes deur gevestigde uitgewers afgekeur of moeilik aanvaar word, te publiseer".

Dit is dus moontlik om te konkludeer: Kanoniseerbare tekste word juis gekanoniseer, terwyl die kanse op kanonisering van (skynbaar) minder kanoniseerbare tekste hulle ontnem word.

Tans is hierdie basiese beginsel van die *beskikbaarstelling* van tekste 'n fokuspunt van die sogenaamde institusionele feministiese kritiek wat poog om die manlike oorwig op hierdie terrein te korrigeer. Institusies³⁰ wat hierdeur geraak word, sluit in uitgewerye, boekwinkels, biblioteke, die literêre joernalistiek sowel as die infrastruktuur van beurse en pryse. Konkrete uitvloeisels van korrigerende feministiese optrede behels byvoorbeeld die oprigting van vroulik beheerde uitgewersmaatskappye (soos *Virago*, *The Women's Press*, *Straumullion*, *Sheba* en *Onlywomen*, maatskappye in die VSA). 'n Maatskappy soos *Virago* het reeds waardevolle werk gedoen met die ontginning van haas "vergete" of "verlore" tekste, sowel as die bekendstelling daarvan aan 'n wyer leserspubliek. Kritiek word egter teen hierdie maatskappy uitgespreek omdat ouer werke soveel aandag ten koste van die aanmoediging en promosie van kontemporêre tekste ontvang (Durant & Fabb 1990:43-46, Ezell 1990:579, en O'Rourke 1985:129).

30 "Institusie" in hierdie verband stem eerder ooreen met Even-Zohar se "subinstitusie", met ander woorde, komponente van die oorkoepelende institusie. Die term word verder ook op hierdie manier gebruik.

2.3.1.3 Institutionaliserings en die onderwys

Benewens die beskikbaarstelling van literêre tekste is daar ook ander faktore wat as institusionaliseringsmeganismes beskryf kan word. Coward (1986:226) skryf:

Firstly, we need to know about the institutions which make a piece of writing available; about the financial and ideological policies of the publishing groups; about the audience which is being created through various marketing strategies; about the patterns of consumption of writing created through, for example, cheap mass paperbacks or hardbacks for libraries. Secondly, we need to examine *other institutional practices* which determine how we come to read a piece of writing in a particular way. Thus we need to consider how *the institution of 'literary criticism'* and its diffusion through the *educative system* determine how certain pieces of writing are designated as 'literate' or 'potboiler', making distinctions on the basis of *nebulous notions like 'quality'* (my kursivering).

Ten opsigte van die eietydse toneel word die institusionalisering van sekere werke tot kanonieke literatuur bepaal deur onder meer die beskikbaarheid daarvan in boekwinkels en biblioteke, sowel as deur die gereelde onderrig en studie daarvan in onderwysinrigtings (Robinson 1986:106). Mooij (in Moerbeek 1992:337) wys daarop dat die kanon per definisie 'n sosiale aangeleentheid is, waarby die institusie van die onderwys geen geringe rol speel nie. Dit lyk dus asof die institusionalisering van bepaalde tekste in die eerste plek deur meganismes van *beskikbaarheid*, en in die tweede plek deur meganismes van *kritiek en onderwys* bepaal word.

Die invloed van die onderwys op literêre gebied word deur Pleij (1988:337-8) onderstreep wanneer hy na die streng institusionalisering via die onderwys ná 1945 verwys: "Klassieken zijn na de Tweede Wereldoorlog in sneltreinvaart gereduceerd tot verplichte schoollectuur". Die woord *gereduseer* behoort hier wel as kritiek teen dié praktyk geles te word: Die teks in sy veelvuldige moontlikhede word vervlak en verskraal deur die afdwing daarvan binne 'n nougesette onderwysstelsel ("Daardoor deelt de school nog steeds de kus des doods uit aan elke tekst, die zij op haar lijstjes zet" – Pleij 1988:338). Pleij se sterk uitspraak dui daarop dat literatuur deur 'n institusie soos die onderwys nie net tot niekanonisering gedoem kan word nie, maar selfs vernietig kan word. Hieruit blyk dus die belangrike rol wat die onderwys binne die prosesse van institusionalisering en uiteindelik kanonisering speel.

Dit is spesifiek hierdie probleem wat deur Moerbeek (1992:333-4) ondersoek word in sy artikel met die veelseggende titel: "Hoe elastisch is de canon?". Moerbeek fokus veral op die kanon met betrekking tot die onderwys, en stel voor dat die kanon as "een starre, prescriptieve lijst van werken..." opsy geskuif word ten gunste van 'n kanon wat die spesifieke behoeftes van die sekondêre onderwys kan bevredig. Só 'n moontlikheid van 'n "skoolkanon" kan realiseer wanneer 'n mens van die standpunt

uitgaan dat 'n kanon in die eerste plek situasioneel bepaal word, en dus op die verrigting van 'n spesifieke funksie binne 'n spesifieke situasie afgestem moet wees. Ook die groot diversiteit in die onderwys en samelewing vra om 'n pluralisasie van die kanonbegrip: "Eén voor iedereen geldende canon voor alle niveaus van het onderwijs en voor alle gezindten is in onze pluriforme, democratische samenleving ondenkbaar..." (Moerbeek 1992:335). Moerbeek verskil dus van Pleij in dié opsig dat laasgenoemde *een* kanon impliseer, terwyl dít in Moerbeek se pluralistiese paradigma ondenkbaar is.

Die funksie van 'n skoolkanon is volgens Moerbeek (1992:346) by uitstek om "...leerlingen binnen te leiden in het bredere gebied van literatuur". Die belangrikste seleksiekriterium van só 'n kanon behoort te wees die potensiaal van die teks om die jeug aan te spreek. Wanneer hierdie soort kanon aangepas word om meer verteenwoordigend te wees as die tradisionele skoolkanon wat tred verloor het met die tydsges, sowel as om die grondbeginsels van literatuurbeoefening en -genieting te illustreer, kan dit opnuut 'n volwaardige bestaan aan die literatuuronderwys op skool verleen (Moerbeek 1992:346-347).

Moerbeek (1992:352-353) gee 'n aantal riglyne by die analise van skoolboekkanons. Die doel van dergelike analise/s (van voorgeskrewe literêre tekste, sowel as skoolhandboeke oor literatuur) is om die status van outeurs en tekste binne 'n skoolboek- ('n pedagogiese) kanon te ondersoek. Volgens hom behoort 'n ondersoeker deur die volgende vrae gelei te word:

- Watter outeurs of tekste is oor 'n lang tydperk in skoolboeke opgeneem?
- Watter (vinnige) afwisseling van skrywers vind plaas?
- Is daar skrywers wat, na 'n tydperk van afwesigheid, opnuut aandag ontvang?
- Is daar skrywers wat in een spesifieke publikasie opgeneem is, maar wat in geen ander handboek voorkom nie?
- Word dieselfde titels of aanhalings (sitate) van bepaalde outeurs herhaaldelik opgeneem?

Hierdie proses kan op twee wyses bestudeer word, hetsy sinchronies aan die hand van skoolboeke wat op 'n bepaalde moment beskikbaar is, of diachronies aan die hand van herdrukke en literatuurmetodes wat deur die jare heen gebruik is. Die eerste benadering fasiliteer 'n vergelyking van verskillende samestellers (onder meer metodes, maatstawwe, status van sekere outeurs/tekste), terwyl die tweede benadering insig verskaf in die manier waarop kanons met verloop van die tyd wysiginge ondergaan.

Benewens die vraag na *wat* behandel word, is daar die vraag na *hoe* hierdie materiaal hanteer word. Ten einde hierdie vrae te beantwoord, moet die volgende indikatore in gedagte gehou word:

- Watter werke en/of outeurs word genoem?
- Hoeveel aandag word aan bogenoemde gegee? (Soos aangedui deur die hoeveelheid teks wat aan die outeur/teks gewy word, uitgedruk as 'n aantal woorde of bladsye; die aantal aanhalings/sitate; die lengte en volledigheid van die aanhalings asook illustrasies).

Ander vrae wat in ag geneem kan word, sluit in:

- Wat is die verhouding tussen lewende en nielewende outeurs?
- Wat is die verhouding tussen die ouer en die nuwer letterkunde?
- Hoe sien die verdeling van die aantal bladsye tussen die drie genres daar uit?
- Watter eienskappe word aan die verskillende outeurs toegeskryf (byvoorbeeld "die beste verteenwoordiger van 'n beweging")?
- Wat is die verhouding tussen manlike en vroulike outeurs?
- Wat is die verhouding tussen wit en swart outeurs?
- Word daar verwys na ander werke (die sogenaamde vermeldings of *mentions*)? Indien wel, watter tekste en/of skrywers word met mekaar in verband gebring?
- Wat is die verhouding tussen die verskyningsdatum van 'n teks en die datum van opname in die skoolboek?
- Het die volgende faktore moontlik 'n rol gespeel in die vermelding van die teks in die skoolboek:
 - die politieke of godsdienstige oortuiging van die outeur (binne die Suid-Afrikaanse konteks kan spesifiek die kleur en politieke affiliasie van die skrywer genoem word);
 - die uitgewery waarby die werk verskyn het;
 - die hoeveelheid aandag wat die werk in die literatuurkritiek of in ander literatuurgeskiedenis en bloemlesings gekry het;
 - die omvang van 'n bepaalde outeur se oeuvre?

Dit is waarskynlik onnodig om te meld dat bogenoemde belangrike vrae is wanneer daar ook al oor 'n kanon navorsing gedoen word, en dat dit nié tot die terrein van skoolkanons beperk is nie. Uiteraard kan van hierdie vrae ook met vrug in die loop van hierdie navorsing gestel word oor die posisie van die Afrikaanse vroulike outeur ten opsigte van Afrikaanse kanons.

2.3.1.4 Institusionalisering en die literatuurkritiek

In sy bespreking van literêre institusies noem Ohlhoff (1995a:41) dat literêre kritici die rol van **herskrywers** vertolk. Hierdie term is ontleen aan Lefevere (1992:2), wat postuleer dat herskrywing – naas konkrete faktore soos mag, ideologie en manipulasie – 'n magtige kanoniseringsinstrument is. **Herskrywing** word omskryf as die verskynsel dat die nieprofessionele leser toenemend literatuur nié

lees soos dit oorspronklik deur die outeur geskryf is nie, maar soos dit deur byvoorbeeld kritici herskryf is. Herskrywers – onder wie kritici, vertalers, literatuurhistorici, en die samestellers van bloemlesings – het nog altyd 'n bepaalde beeld van 'n outeur, 'n teks, 'n periode, 'n genre, of selfs 'n ganse literatuur geskep. Alhoewel hierdie beelde naas die realiteit bestaan, gebeur dit dat dié kunsmatige beelde 'n veel groter trefwydte het ('n gevolg van die massamedia). Dit beteken in die praktyk dat wanneer nieprofessionele lesers daarop aanspraak maak dat hulle 'n bepaalde teks gelees het, dit dikwels in der waarheid beteken dat hulle 'n sekere beeld of 'n konstruksie daarvan geïnternaliseer het. Lefevere (1992:5) beweer dat die invloed van sulke beelde enorm is. Dikwels is kunsmatige beelde 'n kenmerk van rigiede samelewings, en hang dit saam met ideologiese propaganda en onderdrukking. (Lefevere 1992:5 noem die voorbeeld van Nazi-Duitsland waar sekere skrywers opgehemel en ander afgetakel is). Nietemin kom sulke beelde ook in vryer samelewings voor, slegs met dié verskil dat daar veel meer konstruksie is om van te kies.

Herskrywings word gewoonlik onder die invloed van sekere ideologiese en/of poëtologiese strominge geproduseer. (Sien voetnoot 27 vir Lefevere se definisie van 'n poëtika). Dikwels verabsoluteer so 'n ideologie of poëtika homself, en gee voor dat die beeld wat aangebied word, die enigste geldige is. In sommige gevalle word werke onderdruk wat teenstrydig is met die heersende opvatting van wat literatuur moet wees. Tydens die produksie van herskrywings (byvoorbeeld vertalings, literatuurgeskiedenis, naslaanwerke, bloemlesings, kritieke, of teksuitgawes) word die betrokke literêre teks meermale aangepas en gemanipuleer om in te pas by die oorheersende ideologiese of poëtologiese stroming op daardie tydstip (Lefevere 1992:2-9, 14).

Herskrywing kan dus 'n stempel van goedkeuring op sekere tekste afdruk, terwyl ander tekste op die agtergrond geskuif word. Literatuurgeskiedenis en bloemlesings, wat ook as kanoniseringsmeganismes funksioneer, bied normaalweg duidelike indikatore van 'n teks se relatiewe kanonstatus by wyse van opname al dan nie. 'n Outeur se relatiewe kanonstatus kan verder afgelei word uit die aantal tekste deur hom/haar wat in bloemlesings opgeneem word, asook die aantal bladsye in literatuurgeskiedenis wat aan 'n besondere outeur gewy word, in vergelyking met ander (vergelykbare) outeurs³¹. Pleij (1988:340) noem as Nederlandse voorbeelde van herskrywings, titels soos *Nederlandse Klassieken* en *Letterkundig Pantheon*. In Afrikaans is daar alombekende titels soos *Groot verseboek* of *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Hierdie reeks titels val in die bewoording daarvan op as herskrywend (en ook kanoniserend) deurdat dit onmiddelik 'n beeld skep van die betrokke tekste as "groots", of dan die gelyke van die klassieke tekste uit die ou beskawings.

Van Alphen en Meijer (1991:8) wys op die mag van aanvanklike herskrywings: "...een positieve of negatiewe waardering van een boek wordt gewoonlijk door de meest zelfverzekerde recensent in gang

31 Vergelykbaar wat betref soort teks/te gepubliseer, omvang van oeuvres, en tyd van debuting, ensovoorts.

gezet om daarop door de collega's volgsaam bevestigend te word". Die "klakkelose owername" van lesings (herskrywings) uit die verlede deur verdere geslagte kritici is dus 'n belangrike kanonvormende meganisme. 'n Nuwe of herevaluerende lesing van 'n teks impliseer dat 'n *nuwe* herskrywing daarvan tot stand kan kom. Die voorwaarde van laasgenoemde is dat die nuwe herskrywer *teen* gevestigde herskrywings in sal lees: "Wie dus een tekst opnieuw wil lezen moet vaak eerst tegen die gevestigde interpretasies in lezen" (Van Alphen en Meijer 1991:7,16). Dit blyk dus dat 'n selfstandige vraende en kritiese ingesteldheid onder die belangrikste eienskappe van 'n kanonhersiener of -hervormer tel. Hierbenewens is dit belangrik dat die ondersoeker van vroeëre lesers se andersoortige uitgangspunte (literatuuropvatting, ideologiese oriëntasie en dies meer) bewus is. Hierdie bewustheid lei tot die imperatief om ook die verband tussen kanonisering en die groter sosiaal-politieke konteks, asook prosesse van stabiliteit en verandering wat daarmee verband hou, te verreken. In die volgende paragraaf word genoemde sake beskryf.

2.3.2 Stabiliteit en verandering ten opsigte van kanons

2.3.2.1 Kanons binne 'n bepaalde historiese en kultureel-politiese milieu

Shavit (1991:232) beweer onomwonde: "... literary canonicity ... is a result of an accountable process which consists of literary-political operations". In dieselfde gees stel Mooij (1985/6:24) dat die kanon "per definitie een *sosiale aangelegenheid* (is), die berust op die uitkomsten van een sosiaal proses" (my kursivering). Met verwysing na hierdie gesitueerdheid van die kanon binne 'n bepaalde sosiaal-politiese opset, vra Moerbeek (1992:334): "...kan een kanon ook gezien word als tijdelijke fixatie binnen een beweeglijk proces dat *gebonden is aan die aktiviteite van afsonderlike sosiale groeperinge*?" (my kursivering). Die moontlikheid van laasgenoemde blyk uit Tompkins (1989:441) se opmerking: "...literary traditions are usually associated with the character and ideals of ethnic and national groups".

Dit lyk dus of daar 'n noue verwantskap bestaan tussen die aard en strewe van 'n kulturele en/of politieke groepering en 'n literêre tradisie of kanon. (Daar bestaan egter ook standpunte wat hierdie verwantskap nie erken nie – vergelyk die elitistiese uitgangspunt onder 2.2.2). Dikwels lei hierdie noue verwantskap egter tot die teendeel van Moerbeek se ideaal van 'n kanon as dinamies, buigsaam, en elasties: "The close relationship between these groups and their literary traditions both requires and guarantees a certain *stability* in the makeup of literary canons" (Tompkins 1989:441) (my kursivering). In hierdie verband kan gewys word op die belang van magsverhoudinge: Die tradisionele kanon word onderhou deur die mag van die (politieke) status quo, en op sy beurt versterk die mag van die kanon die status quo. Fokkema (1985/6b:9) wys daarop dat die kanon ook as 'n instrument vir politieke doeleindes aangewend kan word, byvoorbeeld die pogings om die eeufeesviering (in 1859) van

Schiller se geboorte vir nasionalistiese doeleindes te gebruik.

Met ander woorde: Terwyl 'n samelewing, of sosiale/kulturele groepe, min of geen veranderinge ondergaan nie, sal die kanon hierdie toedrag van sake reflekteer. 'n Stagnante samelewing of groep wat sosiale verandering (om watter rede ook al) wil uitsluit, vra 'n onveranderende (Moerbeek se "starre, prescriptiewe") kanon waarvan die hoof funksie die oordrag van sy eie waardes moet wees. Daar is 'n direkte verband tussen die strewe na (politieke en/of ideologiese) indoktrinering deur 'n sekere outoriteit en die rigiditeit van die kanon³², aldus Fokkema (1985/6b:11). In die lig hiervan is dit moontlik om te beweer dat 'n stagnante kanon 'n simptoom kan wees van 'n geïndoktrineerde samelewing, sonder ruimte vir 'n kritiese houding of verset. Wanneer daar egter 'n oproep om verandering in die samelewing bestaan, en die kanon bly hom daarteen verset, stel hierdie kanon sy eie voortbestaan in gevaar (Lefevere 1992:24). Hierdie stelling is duidelik relevant vir die Suid-Afrikaanse, en spesifiek die Afrikaanse situasie. Sonder daadwerklike beweging in die rigting van kanonhersiening en uiteindelik kanonwysiging, stel die Afrikaanse literatuur sy eie voortbestaan in gevaar.

2.3.2.2 Verandering as funksie van ideologiese en historiese meganismes

Die vraag is egter nou: Wat gebeur wanneer 'n samelewing of groep se waardes verander, of meer nog, wanneer die samelewing of groep self verander?

Tompkins (1989:442) skryf in hierdie verband: "At the same time that canons represent cultural continuity and duration, they also reflect cultural change". Kanonverandering kan dus as 'n funksie van ideologiese en sosiale meganismes gesien word, en wel in dié sin dat veranderinge – hetsy spontaan of "gedwonge" – in historiese omstandighede gepaardgaande veranderinge in die literêre kanon kan meebring. Die rede hiervoor lê daarin dat historiese veranderinge gewoonlik mettertyd ook die wêreldbeeld van die landsburgers, en derhalwe ook sieninge insake literatuur, die waarde en funksie daarvan beïnvloed. Só word aanpassings in die kanon genoodsaak deur sosiale en politieke aanpassings, soos in die oorgang van Suid-Afrika na 'n nuwe bedeling in die negentigerjare die geval is.

In die "nuwe" Suid-Afrika geniet sake soos demokratisering en gelykberegting vir almal hoë prioriteit. Die literatuurbeskouing sal in ooreenstemming hiermee aangepas (moet) word om literatuur aan te

³² Die term "die kanon", soos byvoorbeeld hier deur Fokkema gebruik, dui waarskynlik op die sogenaamde amptelike (of tradisionele) kanon soos dit binne 'n spesifieke literatuursisteem geld, of ook moontlik op 'n samestelling van die amptelike, die literêr-kritiese en pedagogiese kanons. In ooreenstemming met Moerbeek se siening van verskillende moontlike kanons, is "die kanon" waarskynlik die *establishment* en sy epigone se kanon. Hierdie betekenisomskrywing geld ook vir die verdere gebruik van die term "die kanon" in hierdie studie.

bied as verteenwoordigend van *alle* inwoners van die land en hulle waardes, en nie slegs van 'n minderheidsgroep nie. Onderliggend tot hierdie imperatief is die aanname dat 'n kanon verteenwoordigend moet wees van die groep wie se kanon dit is, sodat daar beweer kan word dat kanons ook die belangrike funksie van identiteitsverlening of -reflektering het. Hierby kan die funksie van die oordrag van kultuurgoedere (Harris) genoem word – ('n) gewysigde Suid-Afrikaanse kanon/sal die demokratiese gedagte aan die nageslag (moet) kan voorhou. Terselfdertyd sal dit kan dien as bron van inspirasie en idees. Veranderinge in 'n kanon beteken dan ook dat tradisioneel onbevaagtekende "universele" waardes opnuut geëvalueer moet word; hiernaas moet die besef inslag vind dat "universele waarde" as sodanig 'n diffuse en problematiese begrip is, onder meer omdat "universeel" homogeniteit ten opsigte van menslike gemeenskappe veronderstel en "waarde" 'n idiosinkratiese en konteksafhanklike konsep is.

Soos daar in die Suid-Afrika van die middel-negentigerjare 'n sogenaamde krisissituasie ten opsigte van die kanonbegrip bestaan, het soortgelyke situasies hulle al vroeër in die loop van die geskiedenis voorgedoen. Fokkema (1985/6b:6) noem die oorgang van die Europese Middeleeue na die Renaissance, die oorgang van die klassisisme na die romantiek, of selfs die oorgang van die Confuciaanse na die moderne China. Só het die Renaissance met sy uitbreiding in kennis van die wêreld en die herontdekking van die klassieke tot 'n geheel nuwe kanon gelei, wat in der waarheid vele nuwe kanons in verskillende volkstale behels het.

Ten opsigte van die geskiedenis van moderne China wys Fokkema (1985/6:10) op die ingrypende gevolge wat die verabsoluttering van die politieke geskrifte van Mao Zedong gehad het. Daar het dit gebeur dat die literêre kanon totaal vernietig is ten gunste van dié geskrifte. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die vernietiging van die literêre verlede 'n *sine qua non* is vir die sukses van 'n totalitêre regime. Die vraag is of politieke indoktrinering ooit kan slaag wanneer 'n breë literêre tradisie – met al die alternatiewe vir die hede – toeganklik is. Ook die kwessie van sensuur ten einde die regerende party se ideologie ten koste van ander denkrigtings te bevorder, kan hier ter sprake gebring word. Sensuur kan as 'n invloedryke institusionaliseringsmeganisme beskou word, wat die mag het om sekere tekste vanuit die staanspoor toegang tot die kanon te ontsê, en sodoende die kanon kan vorm op 'n manier wat die hegemonie se belange bevorder.

Hierdie gedagtes is besonder relevant vir Suid-Afrika as 'n land en literatuur in 'n oorgangsfase, en met 'n geskiedenis van politieke hegemonie en ideologiese sensuurtoepassing. Om heeltemal weg te doen met enige literêre tradisie, van watter aard ook al, maak die gevaar van politieke totalisering en indoktrinering 'n werklikheid. Die bestaande Afrikaanse/Suid-Afrikaanse tradisie behoort eerder *uitgebrey* te word ten einde meer inklusief te wees, en die diversiteit van 'n pluralistiese samelewing te kan verdiskonteer.

Kanonwysiging vind volgens Fokkema (1985/6b:11) spesifiek plaas wanneer daar 'n groot afstand of diskrepansie ontstaan tussen dit wat binne die kanon aangebied word, en dié kennis wat uit niegekanoniseerde tekste verkry kan word. So 'n diskrepansie tussen 'n kanon wat nie aan maatskaplike behoeftes voldoen nie, en 'n korpus niegekanoniseerde tekste wat wél aan daardie behoeftes voldoen, lei onvermydelik tot die wysiging of selfs vervanging van die kanon. 'n Voorbeeld is die Afrikaanse tradisie waarbinne werkersliteratuur feitlik geen kanoniseringsstatus geniet nie.³³ Daar bestaan dus 'n duidelike teenstrydigheid tussen dit wat die *establishment*-kanon aanbied, en dit wat 'n groot deel van die bevolking se behoeftes is. Laasgenoemde behels byvoorbeeld literatuur wat sin aan 'n werkersbestaan kan gee, wat die verbetering van sosiale omstandighede bepleit, ensovoorts. 'n Wysiging in die historiese bewussyn van 'n volk of kultuurgroep lei tot nuwe probleemstellings en vra na 'n nuwe, meer bevredigende kanon. Die hedendaagse verskuiwings in die maatskaplike bewussyn, soos die oproep om groter demokrasie in die Suid-Afrikaanse samelewing of die gelykberegting van die geslagte, moet ongetwyfeld tot 'n herbesinning oor Suid-Afrikaanse kanons lei.

2.3.3 Kanoniseringsmeganismes

2.3.3.1 Die toegange tot die kanon

In paragraaf 2.3.1.1 is reeds verwys na die verskillende toegange tot die kanon soos deur Fokkema (1985/6) geïdentifiseer. Hierdie toegange behels dat tekste hulle weg na die kanon vind via tydskrifte, die dag- en weekbladpers, skoolboeke en bloemlesings, om maar 'n paar te noem. Die vrae wat nou ontstaan, is: Hóé gebeur dit dat hierdie tekste uiteindelik in die kanon gehuisves word? Watter prosesse en meganismes is hierby betrokke?

Dijkstra (1989:160) poog om antwoorde op hierdie vrae te vind in haar uiteensetting van die literêre praktyk van kanonvorming, as sou dit bestaan uit 'n sogenaamde *aktiewe* en 'n *passiewe* komponent.

Dijkstra self konsentreer op die literêr-kritiese kanon, soos uit haar fokus op resensies afgelei kan word.

Die aktiewe komponent kan omskryf word as die samestelling en oordrag van 'n kanon deur institusies soos die literêre kritiek, die literatuuronderwys, en akademiese studie. Die passiewe komponent hierteenoor verwys na die leespubliek wat op skool en deur boekebylaes van koerante met hierdie

³³ Sien hoofstuk 4.

gekanoniseerde tekste in aanraking kom.

Wat betref die funksionering van die toegange tot die kanon, skryf Dijkstra (1989:161) dat die literêre kritikus in die eerste plek die rol van "hekwagter" vervul: Nadat 'n seleksie van manuskripte deur die uitgewers gemaak is, oefen die kritikus 'n eerste keuse uit ten aansien van die totale aanbod van nuwe publikasies. Voorts vervul hy die rol van "meningsvormer" deurdat hy sy keuse oordra aan die leserspubliek. Die publiek gebruik resensies as leidraad by die keuse van boeke, sowel as bevestiging van keuses wat reeds deur die kritikus gemaak is. Die dagbladkritiek is verantwoordelik vir 'n voorseleksie van die aanvanklike aanbod; dié keuse word verder uitgedun deur die akademiese kritiek, totdat 'n (voorlopige) kanon oorbly wat as vertrekpunt vir die samestellers van bloemlesings, skoolboeke, en literatuurgeskiedenis kan dien. Opname in die dagbladkritiek is derhalwe 'n noodsaaklike voorwaarde vir verdere kanonisering.

'n Resensie kan deur kritici gebruik word om 'n outeur met reeds gekanoniseerde outeurs te vergelyk. Die hiërargie van gekanoniseerde outeurs en tekste funksioneer in dié verband as verwysingskader vir die kritikus. Deur vergelykings te tref, kan die kritikus die nuwe skrywer ook binne die literêre hiërargie situeer, of hy kan die posisies van reeds gekanoniseerde outeurs verstewig of verswak. Hier tree die kritikus dus ook op as meningsvormer. Deur sy uitsprake oor die literêre hiërargie lewer hy kommentaar op die kanon.

2.3.3.2 Empiriese ondersoeke

Ten opsigte van die implementering van empiriese metodes in die geesteswetenskappe skryf Fokkema & Ibsch (1992:93):

De hedendaagse literatuurwetenskap word ... gekenmerk deur een teveel aan introspektie en een tekort aan empirisch onderzoek ... De kultuuroverdracht en kultuurkritiek, die ongetwyfeld tot de taken van een letterenfaculteit behoren, dienen gebruik te kunnen maken van een wetenschappelijk verkregen kennis omtrent de hoedanigheden en werking van culturele systemen.

Dit is moontlik om die funksionering van literêre sisteme – waaronder die prosesse van kanonvorming – empiries aan die hand van sowel historiese as eietydse dokumentêre materiaal te ondersoek, aldus Fokkema en Ibsch (1992:120,133).

Dijkstra (1989) is 'n voorstander van empiriese literatuurondersoeke ten einde kanon- en kanoniseringstatus te bepaal. Ten opsigte van hierdie soort ondersoeke kan daar onderskei word tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe kanonaanduiders. Dijkstra self werk net met resensies as korpus, maar haar riglyne kan wel gebruik word in byvoorbeeld die ondersoek van

literatuurgeskiedenis.

2.3.3.2.1 Kwantitatiewe kanonaanduiders

Kwantitatiewe kanonaanduiders is dié indikatore wat aandui dat 'n teks via opname in byvoorbeeld sekere gesaghebbende publikasies ook in 'n kanon opgeneem is, of in die proses van opname verkeer. Volgens Dijkstra (1989:162-163) behels kwantitatiewe kanonaanduiders onder meer:

- i. die **aantal bladsye** wat aan 'n outeur gewy word in byvoorbeeld 'n skoolboek of naslaanwerk,
- ii. die **aandag** wat aan 'n outeur gewy word in die kritiek (byvoorbeeld die **aantal resensies** wat hy ontvang, die **lengte** van die resensies),
- iii. die **seleksie** wat die dagbladkritici maak uit die totale aanbod van nuwe werke (waar dit as 'n pre-kanoniserende faktor beskou moet word omrede kanoniseerbare³⁴ tekste hierdeur uitgewys word),
- iv. die **literêre verwysingskader** (waar 'n kritikus na 'n ander outeur verwys in sy bespreking van 'n teks, en sodoende 'n uitspraak maak oor sowel die betrokke outeur as oor die kanon- en/of kanoniseringsstatus van die outeur na wie verwys is).

2.3.3.2.2 Kwalitatiewe uitsprake

Die kwantitatiewe ondersoek kan verder uitgebrei word om ook 'n kwalitatiewe ondersoek te word, en wel deur die uitsprake van kritici oor die betrokke tekste onder die soeklig te plaas. Oor sulke uitsprake deur herskrywers sê Du Toit (1993:113) die volgende: "In gedagtewisseling oor literêre werke is dit dikwels die meer intense uitsprake wat aandag afdwing. Sterk bewoorde positiewe of negatiewe kommentaar..., grens dikwels aan ... kanoniserings³⁵".

Wat resensies betref, sien De Moor (1993:45) **interpretasie** en **waardeoordele** as kriteria wat resensies van ander joernalistieke genres onderskei. Dit is spesifiek 'n waardeoordeel wat aan 'n resensie sy unieke aard verleen – daarsonder is die kritikus se bespreking bloot 'n toeligting of 'n verskaffing van inligting. Volgens De Moor (1993:45) vertoon 'n resensie 'n drieledige struktuur, naamlik die komponente oordeel, adstruksie en artikulاسie. Oordeel is dié uitspraak waarin die kritikus sy eie opvatting oor 'n kunswerk onder woorde bring, terwyl adstruksie die argumente is waarop dié

³⁴ Kanoniseerbaar volgens sekere oorwegings, soos onder andere bepaal deur die betrokke kritici se literatuuroopvatting.

³⁵ "Kanonisering" impliseer hier ook die teendeel, naamlik niekanonisering of dekanonisering. Niekanonisering dui op dié proses waartoe 'n teks in geen stadium deel van 'n kanon gemaak word nie, terwyl "dekanonisering" daarop dui dat 'n teks gekanaliseer word vanuit die kanon na 'n niegekanoniseerde posisie, óf van 'n posisie met hoë[r] kanonstatus na 'n posisie met lae[r] kanonstatus.

oordeel gegrond is. Daar is sprake van geslaagde artikulasie wanneer die oordeel duidelik geformuleer is en die argumente logies bymekaar aansluit en mekaar ondersteun.

In die opbou van die adstruksie gebruik kritici verskillende soorte argumente, soos deur Mooij (in De Moor 1993:46) onderskei:

i. Realistiese (mimetiese) argumente

Hierdie soort argument neem die verband tussen die kunsobjek (teks) en die werklikheid as maatstaf vir kanoniserings. Die literatuuropvatting wat hierdie soort argument onderlê, sal behels dat literatuur 'n waarheidsgetroue refleksie van 'n soort werklikheid moet wees, soos byvoorbeeld deur sommige Marxistiese denkskole (vergelyk die siening van Lukács) aangevoer word.

ii. Emotiewe argumente

Hier baseer die kritikus sy oordeel op die vraag of die leser die geleentheid het om hom/haar met die teks te vereensewig al dan nie. Hierdie soort argumente word dikwels geformuleer met behulp van woorde soos "aangrypend", "beklemmend", "fassinerend", ensovoorts. Hierdie soort argumente verberg dikwels ander soorte argumente.

iii. Morele argumente

Morele waardes (gewoonlik dié van die kritikus of die gemeenskap of institusie wat hy/sy verteenwoordig) speel hierby die belangrikste rol. Morele argumente verwys gewoonlik na die inhoud, eerder as die vorm, van 'n teks.

iv. Strukturele argumente

By strukturele argumente word 'n begrip soos die "eenheid" van 'n werk, of die wyses waarop dit verkry word, tot kriteria verhef.

v. Intensionele argumente

Die sogenaamde intensie van die outeur word hier tot norm geneem: 'n Geslaagde werk is een waarin die outeur slaag in sy bedoeling of strewe met die werk. Sleutelwoorde in dié soort argumente is volgens Wimsatt en Beardsley (in De Moor 1993:48): "Opregtheid",

"betroubaarheid", "spontaneïteit", "outentiekheid", "relevansie", en "integriteit". Hierdie soort argumente word soms "ekspressiwiteitsargumente" genoem.

vi. Vernuwings- en tradisieargumente

Vernuwings- en tradisieargumente lê klem op sake soos die mate waarin die outeur daarin kon slaag om vernuwende werk te lewer of die mate waarin daar by 'n bestaande tradisie aangesluit word.

(De Moor 1993:456–48).

Al hierdie soorte argumente of uitsprake kan, soos reeds aangedui, 'n negatiewe of 'n positiewe stellingname ten opsigte van 'n bepaalde skrywer en teks onderlê (Dijkstra 1989:163). Die ontleding en klassifisering van argumente kan 'n waardevolle hulpmiddel wees by die beoordeling van die totale literêre en ideologiese omgewing waarbinne 'n teks geproduseer en geresenseer is. Só byvoorbeeld kan sekere morele argumente insae bied in die ideologiese formasies binne die samelewing waarvan die kritikus deel is.

Nog 'n manier waarop waardering ten opsigte van 'n bepaalde skrywer uitgedruk kan word, is deur vergelyking met ander skrywers. Só 'n vergelyking word 'n **vermelding** (*mention*) genoem, wat gedefinieer kan word as "de naam van een schrijver, of een toespeeling hierop, genoemd in een recensie die een andere schrijver betreft dan degene naar wie word verwezen" (Rosengren in Dijkstra 1989:164). 'n Analise van die argumentasiestruktuur van so 'n vermelding kan waardevolle inligting verskaf omtrent die status van albei vermelde outeurs. Alle vermeldings kan in werklikheid herlei word na dié basiese vorm: **skrywer x – (relasionele element) – skrywer y** (waar eersgenoemde die skrywer onder bespreking is, en laasgenoemde die skrywer na wie verwys word). Die "relasionele element" bestaan uit 'n paradigma waarvan die moontlikhede kan wees: "herinner aan", "vergelyk met", "a la" en "-iaans".

Basies kan daar drie soorte vermeldings onderskei word, naamlik **informerend/inligtend**, **interpreterend**, en **evaluerend**. Inligtende vermeldings het grootliks betrekking op die inhoud van die teks en vergemaklik interpretasie vir die leser. Interpreterende vermeldings tref vergelykings op die basis van stilistiese, tematiese en formele kenmerke, terwyl evaluerende vermeldings die kritikus toelaat om die skrywer binne die literêre hiërargie te posisioneer. Hierdie posisionering kan implisiet, by wyse van positiewe of negatiewe stellingnames, of eksplisiet geskied. **Implisiete**³⁶ vermeldings kan

³⁶ Let op dat "implisiet" nie hier in die gewone sin van die woord optree nie, en eerder as benaming vir 'n soort vermelding gebruik word. 'n Implisiete vermelding is in werklikheid eerder 'n *implisiet kanoniserende* vermelding, deurdat 'n aanbeveling tot kanonisering gesuggereer word, eerder as wat dit onomwonde gestel word.

byvoorbeeld soos volg daar uitsien:

skrywer x is (byna) so goed soos skrywer y

(waardetoekennend – kanoniseer albei skrywers)

skrywer x is beter as skrywer y

(waardevergroterend – dui in die rigting van kanonisering ten opsigte van skrywer onder bespreking; dui in die rigting teen kanonisering ten opsigte van skrywer y)

skrywer x is nie so goed nie soos/swakker as skrywer y

(waardeverminderend – kanoniseer slegs ten opsigte van die vermelding; sal merendeels in 'n negatiewe resensie figureer)

Hierteenoor sien die **eksplisiet kanoniserende** vermelding só daar uit:

skrywer x pas in die tradisie van skrywer y en z

(waar elemente y en z die versameling “kanon” verteenwoordig)

(Dijkstra 1989:163-165).

Deur resensies volgens hierdie model te ondersoek, kan waardevolle empiriese gegewens oor kanonisering ingesamel word. 'n Ander gebruik van Dijkstra se metode is om verskuiwings in 'n kanon te registreer. Die getal vermeldings van 'n bepaalde skrywer kan diachronies nagegaan word, ten einde te bepaal of die bepaalde outeur nog steeds, of dan in meerdere/mindere mate, deel is van die kritiese kanon.

Uiteraard kan die kwalitatiewe ondersoekmetode met vrug in 'n ondersoek na die kanonisering van die vrou in die Afrikaanse prosa aangewend word.

Hierbo is reeds gesê dat dit nie net resensies is wat waardevolle ondersoekmateriaal bied nie. Ook literatuurgeskiedenis bevat uitsprake met implikasies vir kanonisering, wat volgens die kwalitatiewe metode van Dijkstra ontleed kan word. Antonissen (1979:140) noem Dekker se *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* as voorbeeld en wys daarop dat kritiese maatstawwe altyd implisiet aanwesig is in die uitsprake wat in literatuurgeskiedenis gemaak word. Hierdie maatstawwe kan volgens hom dikwels “héél maklik uit die oordeelformulerings afgelees word”.

2.3.4 Uitvloeisels van literêre institutionalisering en kanoniserings

2.3.4.1 Argumente vir en teen kanonvorming

Dat daar 'n begrip soos 'n kanon bestaan, impliseer hoegenaamd nie eenstemmigheid omtrent die noodsaaklikheid van 'n kanon nie. Mooij (1985/6:25) sê onomwonde: "Er is veel argwaan jegens canonvorming". Die argumente teen kanonvorming kom in hoofsaak op die volgende neer, aldus Mooij (1985/6:25-26):

- i. In die praktyk is literêre voorkeure sterk uiteenlopend, en 'n kanon, al sou dit aanspraak maak op algemene geldigheid, kan nie aan die behoeftes van 'n demokratiese samelewing beantwoord nie.
- ii. In samehang hiermee moet die pluralistiese aard van die meeste moderne samelewings in gedagte gehou word. (Dink veral in dié verband aan die diverse, gestratifiseerde aard van die Suid-Afrikaanse samelewing). Dat een kanon die belange van só 'n uiteenlopende gemeenskap kan dien, is ondenkbaar.
- iii. By kanonvorming sien 'n mens die resultaat van 'n bewuste of onbewuste "sameswering" om 'n bepaalde patroon van literêre voorkeure op die gemeenskap af te dwing. Dit is veral die akademiese wêreld en die kulturele elite wie se belange deur kanonvorming bevorder word; die belange van byvoorbeeld die arbeiders en vroue word hiervan uitgesluit.

Dit is wel moontlik om te redeneer dat argumente (i) en (ii) berus op Mooij se eie kanondefinisie, wat die bestaan van slegs een kanon vir 'n literatuursistiem akkommodeer. Indien Moerbeek se kanondefinisie gebruik word, verval beide hierdie argumente.

Vir elk van hierdie het Mooij (1985/6:26-30) teenargumente, asook ander argumente ten gunste van kanoniserings:

- i. Gelykheid bestaan nooit in elke denkbare opsig nie, en 'n kultuur sonder verskillende waardeoordele bestaan nie. Derhalwe moet 'n kollektiewe keuse gemaak word, of die alternatief sal onverskilligheid teenoor literêre sake wees.
- ii. 'n Verskeidenheid uitgangspunte hoef nie noodwendig tot 'n verskeidenheid seleksies te lei nie. Meningsverskille kan eerder uiteindelik tot 'n beter samestelling van die (teiken)kanon lei.

- iii. 'n Kanon lei tot die beskikbaarstelling van 'n kulturele kode (*cultural grammar*) aan die gebruikers daarvan, wat hulle in staat stel om ervaringe te interpreteer. So 'n kulturele of ideologiese raamwerk verskaf ook instrumente aan sy gebruikers om weerstand teen dogmatisme en eensydige magsuitoefening te kan bied. (Die veronderstelling hier is stellig dat hier nie sprake is van 'n "eensydige" kanon wat self 'n instrument van dogmatisme, ensovoorts, is nie). Benewens die feit dat kanons as "ideological banners for social groups" (Altieri in Mooij 1985/6:27), dus identiteitsvormend, kan optree, is dit ook 'n "magsinstrument" vir die lede van 'n bepaalde kultuurgroep ten einde hulle eie kultuur en lewensbeskouing te handhaaf.
- iv. 'n Kanon bied aan 'n samelewing die moontlikheid om die mees waardevolle elemente in sy geskiedenis te bewaar, en dit dien voorts as 'n middel om hoofmomente in die kulturele geskiedenis uit te lig. Dit gaan dus ook om die waarde van die betrokke samelewing of taalgroep se tradisie en historiese besef. Voorts lei kanonisering tot die besef dat sulke positiewe elemente (tradisie en 'n historiese sin) tussen ekstreme aktualisme en ekstreme tradisionalisme te vinde is. Uiteindelik kan so 'n kanon ook 'n beeld van literêre ontwikkeling gee.
- v. 'n Kanon het hierbenewens waarde vir die voortgang van die literatuur, juis omdat die verlede deurwerk na die hede, onderweg na die toekoms.³⁷ Die aanwesigheid van die verlede is in die lig hiervan 'n wenslikheid, en die afwesigheid daarvan sou 'n verarming impliseer. Mooij illustreer hierdie stelling met verwysing na verskeie vernuwingsbewegings: Sulke bewegings berus dikwels op die afwysing van bepaalde strominge of style. Hierdie bewegings vind hulle identiteit dus via verset teen dít wat gekanoniseer is. Andersyds kan dit gebeur dat vernuwingsbewegings teruggryp na voorgangers op die periferie van die kanon.
- vi. Institutionalisering versterk die posisie van die literatuur: Dit erken naamlik die belang van hierdie kultuurfaktor, en van kundigheid op hierdie terrein.

Wat betref argument (iv), kan daarop gewys word dat die begrip "geskiedenis" self binne 'n post-strukturalistiese raamwerk problematies raak. Vanuit feministiese of Marxistiese geleedere kan ook gevra word wíé se geskiedenis dit is, wat daarop dui dat ook die geskiedenis in die eietydse epog as 'n institusionele konstruk gesien word. Die gevaar van eensydigheid in kanons is weer eens wesenlik.

³⁷ Hier kom die konsep van 'n literêre tradisie – wat nie noodwendig sinoniem met 'n kanon is nie – ter sprake. Hierdie twee terme word in paragraaf 2.5 duidelik van mekaar onderskei.

Mooij (1985/6:30) merk op dat die resulterende kanon aan 'n belangrike eis moet voldoen: Dit moet gevarieerd genoeg wees ten einde sy funksie(s) te kan vervul. Terselfdertyd moet die grense daarvan vloeibaar wees.

Dit is dus duidelik dat daar sekere redes bestaan waarom kanons wel noodsaaklik is, maar dit is eweneens duidelik dat daar besliste probleme met die definisie, bestaan en eienskappe van kanons in hulle huidige vorm is. Van hierdie probleme word hier verder uitgelig.

Vanuit die geledere van die postmodernisme word stemme gehoor ten gunste van die afbreek van grense tussen "hoë" kuns en massakultuur, wat in wese op 'n dekonstruksie (eerder as veruiming) van die hele kanonbegrip neerkom. Só noem Hassan (in Selden 1989:72) dekanonisering as een van die dekonstruktiewe eienskappe van die postmodernisme. Liebenberg (in Cloete 1992:398) noem as twee prominente uitgangspunte van die postmodernisme:

- i. 'n wantroue teenoor meestersvertellings (dus die tradisioneel gekanoniseerde tekste) en
- ii. die omarming van die massakultuur.

2.3.4.2 Ander gevolge van institusionalisering en kanonisering

'n Algemene, maar nie noodwendige, gevolg van die institusionalisering en kanonisering van tekste is dat die sogenaamde "literatuur" al hoe meer elitisties raak, en sodoende die "gewone" leser in toenemende mate vervreem. Tekste wat tot hierdie "gewone", oftewel niewetenskaplik kritiese, leser spreek, word dikwels deur die instandhouders van die kanon as substandaard bestempel. Fiedler (1979:79) maak die haas skokkende opmerking: "... the institutionalized elite taste of the late twentieth century regards as substandard almost everything that naive and uninstructed readers are likely to recognize as a story or poem".

Om redes vir hierdie toedrag van sake te vind, sal 'n studie op sigself verg, maar daar kan gespekuleer word dat 'n wesenlik ondemokratiese ingesteldheid by kanonvormers ten dele hiervoor verantwoordelik is. Só 'n ingesteldheid omvat onder meer 'n gebrekkige kennis van dinge of sake wat vir die "gewone" mens van belang is, wat hom of haar ten diepste raak, en wat deur die breë publiek as waardevol geag word. Terselfdertyd is daar die persepsie dat die "intellektuele enkeling" se behoeftes en voorkeure op die een of ander manier meer waardevol is, en dus as norm by kanonisering behoort te geld.

Daar is wel bepaalde doelstellings waarop die totale meganisme van tradisionele literêre

institusionalisering en kanonisering gerig is. Franklin (1979:95-6) identifiseer hierdie doelstellings as volg:

- i. Kanonisering funksioneer as 'n instrument om die wêreldbeeld van die sogenaamde "groot werke" te propageer en te populariseer. In feitlik alle gevalle is hierdie wêreldbeeld dié van blanke mans, wat afkomstig is uit die meer bevoorregte sosiale klasse.
- ii. Voorts dien hierdie prosesse die doel om die outoriteit, asook die etiese, sosiale, en ekonomiese posisies van die literatore wat voorstanders van institusionalisering en kanonisering is, te versterk.
- iii. Laastens streef die betrokke meganismes na die marginalisering en trivialisering van 'n groot deel van die wêreldliteratuur, veral populêre tekste soos wetenskapsfiksie, speurverhale, *westems*, avontuur-, en liefdesverhale; volksverhale (*folk literature*); mondelinge literatuurvorme; tekste gebaseer op die ervarings van onder meer industriële en huishoudelike werkers, asook byna alle tekste deur swart skrywers.

By punt (iii) kan uiteraard ook gevoeg word tekste deur vroue, en spesifiek dié wat vroulike ervarings tot boustof neem. Franklin se versuim om hierdie punt te noem, kan as kritiek teen hom ingebring word.

2.4 Die polisisteepteorie: 'n moontlike raamwerk vir kanonbestudering

2.4.1 'n Bondige omskrywing van die polisisteepteorie

Even-Zohar (1990) bestudeer die verskynsel literatuur binne die raamwerk van die polisisteepteorie – ook genoem die sisteemteorie. Hierdie literêre teorie/benadering is 'n eietydse wetenskaplike stroming wat verskynsels op 'n volkome nuwe manier benader, soos blyk uit Even-Zohar (1990a:9) se stelling:

The idea that semiotic phenomena, i.e., sign-governed human patterns of communication (such as culture, language, literature, society), could more adequately be understood and studied if regarded as systems rather than conglomerates of disparate elements has become one of the leading ideas of our time in most sciences of man.

Die polisisteepteorie konsentreer veral op **verhoudings** wat verskynsels bepaal, eerder as om essensies te wil uitlig. Even-Zohar (1990b:27) omskryf die konsep van **dinamiese funksionalisme** – waarop die polisisteepteorie berus – as "the network of relations that can be hypothesized for a certain set of assumed observables". Laasgenoemde (*observables*) verwys na sekere gebeurtenisse of

verskynsels, wat nie as entiteite in die realiteit bestaan nie, maar van die gepostuleerde verhoudings afhanklik is.

Die sisteembenadering streef veel eerder na die opsporing van die wette wat die diversiteit en kompleksiteit van verskynsels beheer, as na die registrasie en klassifikasie van verskynsels. Literatuur is volgens Even-Zohar (1990a:9) 'n semiotiese sisteem, wat in wese 'n heterogene, oop struktuur is. Só 'n sisteem is baie selde 'n mono- of eenheidsisteem, maar veel eerder 'n sogenaamde **polisisteem** – oftewel 'n veelvuldige sisteem, 'n sisteem van verskeie sisteme, wat op mekaar insny en oorvleuel, wat konkurrerende opsies navolg, maar terselfdertyd as een gestruktureerde geheel met interafhanklike lede funksioneer (Even-Zohar 1990a:9). 'n Polisisteem word derhalwe gekenmerk deur dinamika en heterogeniteit.

Waar die Strukturalisme – in navolging van De Saussure – sinchronies te werk gaan sodat die taalsisteem (of ook die individuele teks) op 'n bepaalde moment as statiese struktuur bestudeer word, fokus die polisisteemteorie op die diachroniese en dinamiese aspekte rondom 'n teks. Even-Zohar (in Snyman 1992:30) interpreteer die dinamiese aspek van die polisisteembenadering as 'n reaksie op die statiese benadering van literatuur (die Strukturalisme). Laasgenoemde benadering behels dat die sisteem as 'n statiese verhoudingsnetwerk beskou word waarin elke komponent 'n funksiewaarde besit in die verhouding waarin dit optree. Die nadeel van die statiese benadering is dat dit die literatuuravorser nie 'n instrument in die hand gee aan die hand waarvan verandering en variasie verklaar kan word nie. In wese is die statiese benadering dus sinchronies gerig, teenoor die diachroniese oriëntasie van die dinamies gerigte polisisteembenadering.

Vanweë kanons se verankertheid in onder meer historiese, sosiale, politieke, en ekonomiese prosesse, asook die kenmerkend hiërargiese aard van kanons, is die polisisteembenadering by uitstek geskik as teoretiese raamwerk vir die bestudering van kanons en kanoniseringsproesse. Enkele belangrike postulate van die polisisteemteorie word vervolgens weergegee.

2.4.2 Die struktuur van die polisisteem

Binne enige polisisteem bestaan daar verskillende sisteme wat hiërargies georden is. Tussen die verskeie strata binne dié hiërargie is daar 'n voortgaande stryd, wat veroorsaak dat sisteme vanaf die periferie na die sentrum beweeg, en andersom. Binne die raamwerk van die polisisteem is dit egter foutief om in terme van slegs een sentrum en een periferie te dink, aangesien velerlei sulke posisies gehipotetiseer kan word. 'n Item (funksie, element) kan byvoorbeeld vanaf die periferie van een sisteem na die periferie van 'n aangrensende sisteem beweeg.

Tradisioneel word die sentrale stratum van die sisteem, dit wil sê, die gekanoniseerde literatuur, as "die sisteem" beskou. Literatuur op die periferie, daarenteen, word tradisioneel as buite-sistemies beskou (Even-Zohar 1990a:13-15). Hierdie siening is egter foutief, omdat perifere elemente (niegekanoniseerde literatuur) in werklikheid deel van die sisteem is. Binne die polisisteem is daar dus gekanoniseerde sowel as niegekanoniseerde werke teenwoordig. Even-Zohar (1990a:15) se teorie vertolk bogenoemde twee tipes werke as die sogenaamde **gekanoniseerde** en **niegekanoniseerde strata**. Die konsep van "strata" kan op verskeie niveaus realiseer: Binne die totale **polisisteem** kan daar binne die verskillende strata (met wisselende graderings van kanonisiteit) ook verskillende sisteme geleë wees; binne 'n **sisteem** kan sodanige strata weer subsisteme met wisselende kanoniseringstatus bevat, en binne 'n **subsisteem** sal die strata individuele tekste of oeuvres bevat.

Binne hierdie konteks dui "gekanoniseerd" op "... those literary norms and works ... which are accepted as legitimate by the dominant circles within a culture and whose conspicuous products are preserved by the community to become part of its historical heritage". Hierteenoor dui "niegekanoniseerd" op "... those norms and texts which are rejected as illegitimate and whose products are often forgotten in the long run by the community (unless they change their status)" (Even-Zohar 1990a:15). Kanonisiteit is geen inherente eienskap van tekste nie; ewemin is "gekanoniseer" en "niegekanoniseer" sinonieme vir onderskeidelik "goeie" en "swak" literatuur.

Omdat daar egter naas byvoorbeeld amptelike kanons ook onder andere pedagogiese, persoonlike en kritiese kanons bestaan, is dit nie moontlik om met 'n enkele definisie van "gekanoniseerd" soos hierbo te volstaan nie. Even-Zohar se definisie het betrekking op amptelike kanons (deur die verwysing na "dominante kringe"). Wanneer ander soorte kanons omskryf moet word, is dit moontlik om te sê dat die gesigspunt van die kanonvormende institusie (byvoorbeeld 'n individu in die geval van persoonlike kanons) daarvoor verantwoordelik is dat elemente uit die sigbare/bekende gedeelte van die polisisteem geselekteer word. Dit is teoreties dus moontlik dat 'n persoonlike kanon 'n element kan bevat wat hoegenaamd nie in die gekanoniseerde strata opgeneem is nie. 'n Feministiese kanon kan moontlik geen elemente vanuit die sentrum opneem nie, en slegs elemente uit die niegekanoniseerde strata kies.

Die spanninge tussen gekanoniseerde en niegekanoniseerde kultuur is universeel; dit is teenwoordig in elke menslike samelewing, omdat 'n niegestratifiseerde samelewing doodeenvoudig nie bestaan nie. Die ideologie van 'n amptelike kultuur as die enigste aanvaarbare binne 'n gegewe samelewing, het al tot gevolg gehad dat massiewe kulturele dwang uitgeoefen word by wyse van 'n sentrale onderwysstelsel. Selfs studente van kultuur word daardeur verhinder om die rol van dinamiese spanninge binne die kultuur waar te neem en te ondersoek. Soos homeostase in die natuur deur

verskeie spanninge gehandhaaf word, benodig kulturele sisteme ook 'n regulerende balans ten einde nie in duie te stort of van die toneel te verdwyn nie.

Binne die kulturele (lees ook literêre) sisteem vind hierdie balans vergestaltung in sogenaamde gestratifiseerde opposisies. Die gekanoniseerde repertoriums³⁸ sal waarskynlik stagneer ná 'n sekere tyd, indien daar nie kompetisie vanaf die kant van niegekanoniseerde "uitdagings" is nie. Onder hierdie druk is dit onmoontlik vir die gekanoniseerde repertoriums om onveranderd te bly. Hierdeur word die evolusie van die sisteem gewaarborg, wat ook die enigste voorwaarde vir die voortbestaan daarvan is. Sou die sisteem hom egter teen druk verset, kan dit ineenstort onder druk van die omgewing sodra dié betekenisvol verander het (Lefevere 1992:24). Wanneer daar egter geen druk deur die omgewing uitgeoefen word nie, kan die sisteem agteruitgaan, verwerp word, en/of oorgaan in 'n nuwe. Die alternatief is dat die sisteem in duie stort as gevolg van 'n revolusie en dat die tot hiertoe bewaarde modelle verdwyn.

Dit skyn asof daar min kans op 'n lewendige gekanoniseerde kultuur (lees ook literatuur) is wanneer daar geen subkultuur (subliteratuur) bestaan nie, of wanneer werklike druk op die gekanoniseerde kultuur verhinder word. Sonder die stimulasie deur 'n sterk subkultuur verval enige gekanoniseerde aktiwiteit mettertyd in stagnasie. Die eerste tekens van sodanige stagnasie is 'n toenemende mate van gebondenheid en stereotipering, wat die sisteem op die lang duur verhoed om aan te pas by die veranderde behoeftes van die samelewing waarbinne dit funksioneer. Nietemin vind onmiddellike disintegrasie nie plaas nie – eerder kan die mate van ontoereikendheid beoordeel word volgens die literêre sisteem se posisie binne die kultuursisteem. Wanneer 'n literatuursisteem byvoorbeeld na die periferie van 'n kultuur geskuif word, is dit 'n duidelike teken van ontoereikendheid. In Afrikaans kan hierdie verskynsel van ontoereikendheid gesien word in die definitiewe verwydering tussen die (algemene) kultuur en die "hoë" Sestig- en na-Sestig-literatuur wat vir die gewone mens dikwels onverstaanbaar en "vreemd" voorgekom het. Die sogenaamde "hoë" (oftewel sentrum-) literatuur is dus mettertyd na die periferie van die Afrikanerkultuur geskuif. Oor die meer onlangse verlede egter, sou een siening kon wees dat die verskyning van "ligter", meer leservriendelike tekste (dink byvoorbeeld aan outeurs soos Marita van den Vyver en Francois Bloemhof) 'n naderbeweeg van die literatuur en kultuur bewerkstellig het.

Die term "defektiewe polissisteem" verwys na 'n toestand waar 'n element van die polissisteem ontbreek, aldus Snyman (1992:33). Die vernaamste kenmerk van só 'n defektiewe sisteem is die afwesigheid van 'n niegekanoniseerde sisteem. Omdat geen prikkels vanuit 'n subkultuur of die populêre kuns op die gekanoniseerde sisteem inwerk nie, en geen mededinging tussen sisteme plaasvind nie, ontstaan

³⁸ Onder "repertorium" word verstaan die voorwaarde of stel voorwaardes vir die totstandkoming van 'n bepaalde teks of versameling tekste (Even-Zohar 1990b:34).

'n toestand wat deur Even-Zohar as “literêre steriliteit” bestempel word. 'n Voorbeeld daarvan is die Hebreeuse literatuur waar 'n niegekanoniseerde sisteem ontbreek – met die moontlikheid dat 'n niegekanoniseerde sisteem wat behoort tot 'n ander taal of literatuur, as plaasvervanger van die ontbrekende sisteem kan begin funksioneer. Tot op hede is geen spesifieke navorsing nog oor 'n defektiewe polissisteem gedoen nie, maar 'n studie daarvoor kan insiggewend wees ten opsigte van onder meer die verhouding tussen gekanoniseerde en niegekanoniseerde literêre sisteme (Snyman 1992:33-34).

'n Goeie voorbeeld van die lot van 'n sisteem wat hom teen verandering verset, en toenemende ontoereikendheid openbaar het, is die klassieke Chinese sisteem. Daarvoor skryf Lefevere (1992:24-25):

The literary system kept producing works of literature in a language no longer spoken by the majority of the population and with little or no bearing on what was actually happening in the environment. When that environment came under increasing pressure from outside and when new groups, capable of offering alternative sources of patronage, such as the emerging bourgeoisie, began to appear inside it, the literary system crumbled very rapidly, being also undermined from within by a large number of rewritings, namely translations of Western works of literature, in most cases through the intermediary of Japanese, which supplied the models for a new poetics.

Die sentrum van die hele polissisteem is gewoonlik identies aan die gekanoniseerde repertorium met die meeste prestige. Die groep wat die polissisteem beheer, bepaal dus uiteindelik ook die kanonisiteit van 'n sekere repertorium. Wanneer kanonisiteit bevestig is, kan so 'n groep óf vaskleef aan die gekanoniseerde eienskappe, óf hulle kan die repertorium van gekanoniseerde eienskappe wysig ten einde in beheer te bly. Wanneer albei moontlikhede egter misluk, word sowel dié groep as die gekanoniseerde repertorium deur 'n ánder groep opsy geskuif, wat op hulle beurt na die sentrum beweeg deurdat hulle 'n ander repertorium kanoniseer. Diegene wat nog steeds die vorige repertorium aankleef, kan selde beheer oor die sentrum verkry; eerder verkeer hulle op die periferie van die gekanoniseerde repertorium (die sogenaamde epigone). Hierdie epigone kan 'n gevestigde repertorium as 'n stagnante onderdeel van die polissisteem laat voortbestaan (Even-Zohar 1990a:15-17).

Voorts word 'n onderskeid tussen statiese en dinamiese kanonisiteit gemaak. In die geval van statiese kanonisiteit word 'n teks as 'n voltooid produk aanvaar, en by 'n stel gekanoniseerde tekste gevoeg. Met dinamiese kanonisiteit word bedoel dat 'n sekere literêre model hom as 'n produktiewe beginsel binne die sisteem (via die repertorium hiervan) vestig. Laasgenoemde soort kanonisiteit is van deurslaggewende belang vir die dinamika van 'n sisteem. Hierbenewens is dit ook deur dinamiese kanonisiteit dat 'n kanon gegenerereer word. Hiermee word bedoel dat nuwe modelle vir teksproduksie voortdurend ingevoer word; ook dat 'n teks se waarde essensieel in sy bruikbaarheid as

teksgenererende model lê. Even-Zohar (1990a:19) wys op die belang van 'n model bo die teks self:

But even for ... writers themselves what really matters is that their texts be taken as a manifestation, a successful actualization, of a certain model to be followed. It would be a terrible disappointment for writers to have their particular texts accepted but their literary models rejected.

Dit kan wel ook gebeur dat 'n reeds gekanoniseerde **teks** herwin kan word ten einde opnuut as 'n **model** te dien. Sodra hierdie proses van herwinning plaasgevind het, bevind die teks hom nie meer as voltooide produk binne die kanon nie, maar as 'n potensiële stel instruksies; dus 'n model (Even-Zohar 1990a:19-20). 'n Lot wat die produsent van 'n nuwe model soms te beurt val, is dat so 'n model geleidelik in die statiese sentrum opgeneem word.

Die opname in die statiese sentrum is onder meer te wyte daaraan dat die nuwe model deur ander produsente nagevolg word, en dus van sy vernuwende karakter moet inboet. (Dink maar aan die vernuwende Sestigserromans wat vanuit die perspektief van die sestigerjare nuut en gewaagd voorgekom het, maar in 1996 veel meer "gewoon" daar uitsien, hetsy vanweë die leserspubliek se verruimde verwagtingshorison, of dan heelwat navolging van die Sestigserwerke).

Binne die raamwerk van die polisisteamteorie word dit ook moontlik om die verskeie kragte wat meewerk aan kanonvorming as 'n sisteem te beskryf. Volgens Fokkema (1991:366) is die sisteem van kanonvorming nie bloot 'n subsisteem of 'n interne differensiasie van die literêre sisteem nie, maar 'n sisteem in eie reg, wat met die opvoedkundige sisteem oorvleuel, terwyl dit ook inspraak in die ekonomiese sisteem van die verspreiding van tekste het. Kortweg kan die sisteem van kanonvorming as 'n hibried met literêre, opvoedkundige en ekonomiese oorspronge beskryf word. Die sisteem van kanonvorming word bepaal deur

- i. of sekere tekste opsy gesit word deur agente wat deelneem aan die literêre sisteem,
- ii. of dié agente dit as literêr waardevol evalueer, en
- iii. of dit alles geskied ten einde hierdie tekste as bronne of riglyne vir kulturele gedrag aan te wend.

Die funksie van die sisteem van kanonvorming is om aan 'n eis van die literêre kritiek te voldoen, omdat laasgenoemde nie slegs op die basis van abstrakte norme kan werk nie. Dus word konkrete norme in die gedaante van geselekteerde tekste voorsien. Hierbenewens word 'n opvoedkundige behoefte bevredig, deur die beskikbaarstelling van 'n aantal onderrigbare tekste wat 'n matriks van vrae en antwoorde aan onderwyser en leerling/student bied. 'n Ander funksie is die verskaffing van literêre "bakens" aan die opgevoede leek. Die interne organisasie van hierdie sisteem is op outoriteit gebaseer, wat wel nodig is ten einde die seleksies te legitimeer. In die proses om enige tradisionele

kanon te legitimeer, speel die verskillende literêre institusies 'n vername rol (Fokkema 1991:366).

2.4.3 Toepaslikheid en implikasies van die polisteembenadering

Die toepaslikheid van die polisteemteorie blyk wanneer die heterogeniteit in kulture in gedagte gehou word. Heterogeniteit bestaan dikwels in twee- of meertalige samelewings (soos binne die meertalige Suid-Afrikaanse opset). Dit kan byvoorbeeld gebeur dat 'n gemeenskap twee, of selfs meer, literêre (poli)sisteme besit – as 't ware twee "literature". (Dink maar aan die tradisionele "Afrikaanse" en "Engelse" Suid-Afrikaanse literatuur). Die polisteemteorie bied in dergelike gevalle 'n instrument aan die literatuuravorsers waarmee verskynsels soos in- en uitvoer tussen sisteme, vertalings en die dominansie van een taal teenoor die agteruitgang en/of statusvermindering van ander tale bestudeer en verklaar kan word.

Die polisteembenadering maak spesifiek voorsiening vir die integrasie van sake wat voorheen oor die hoof gesien is – byvoorbeeld in- en uitvoer tussen literêre en ander sisteme (byvoorbeeld die sosiale sisteem of die sisteem van die massamedia), óf tussen komponente van 'n enkele (poli)sisteem. Die wedersydse afhanklikheid tussen tradisioneel "nieliterêre" literatuurvorme en "regte/literêre" literatuur – wat dít ook al mag impliseer – moet hiervolgens erkenning kry. Kinderlektuur, vertaalde literatuur, en massapublikasies soos rillers of sentimentele romans, mag nie langer as onbeduidende randelemente van 'n literêre sisteem, of as buite-sistemiese elemente beskou word nie. Soos later aangevoer sal word, behoort al hierdie tipes literatuur gesien te word as sisteme en subsisteme, wat hulle op verskillende kanoniseringsniveaus bevind.

'n Implikasie van die polisteembenadering wat hiermee verband hou, is dat literêr-historiese studies (dan ook literatuurgeskiedenis) nie tot die tradisioneel gekanoniseerde "meesterstukke" beperk mag bly nie. Tekste wat nie tot hierdie groep behoort nie (soos hierbo genoem), staan volgens die polisteemteorie altyd in die een of ander verhouding tot die "meesterstukke". Die relasionele verhoudings tussen die meesterstukke en onbekende tekste kan binne die raamwerk van die polisteemteorie op sinvolle wyse ondersoek word. Die doel daarvan is onder meer om die werking van die totale sisteme in hulle onderlinge verbande bloot te lê (Even-Zohar 1990a:12-13).

Die polisteembenadering impliseer dat enige teks binne die *totale ontwikkelende literêre omgewing* bestudeer word. Laasgenoemde sluit in die ontwikkelende ideologiese omgewing, wat weer deel is van die ontwikkelende sosio-ekonomiese omgewing. Gevolglik het die literatuuravorsers hier te make met 'n komplekse stelsel van onderlinge verbande en wedersydse invloede, met die implikasie dat elke element definieerbaar is binne verskeie onderling verbonde elemente (Snyman 1992:28).

In die volgende paragraaf word die polisisteamteorie van toepassing gemaak op die Afrikaanse literatuur, wat daarvolgens as 'n polisisteam gesien word.

2.4.3.1 Die Afrikaanse literatuursisteam as 'n polisisteam

Senekal (1985:20) gebruik die sisteemteorie as uitgangspunt wanneer hy 'n uiteensetting gee van wat hy die **Afrikaanse literatuursisteam** noem. Volgens hom is die Afrikaanse literatuursisteam 'n omvattende term wat insluit "alle literatuur wat in Afrikaans geproduseer, versprei, ontvang en verwerk" word. Soos Even-Zohar voorstel, beskryf hy die Afrikaanse literatuursisteam in terme van 'n polisisteam: Daar word 'n aantal sisteme onderskei waarbinne weer 'n aantal subsisteme kan bestaan. Voorts noem hy dat daar verskillende tipes literatuur binne 'n polisisteam kan bestaan, wat elk in terme van die polisisteamteorie beskryf en geakkommodeer kan word, byvoorbeeld as verskillende sisteme indien die Afrikaanse literatuur as polisisteam gesien word. As voorbeelde van verskillende tipes literatuur noem hy hoë (E-) literatuur of letterkunde, ontspanningsliteratuur, en kinderliteratuur. Die *funksie* van elke tipe literatuur is die onderskeidende kenmerk op 'n gegewe moment, aldus Senekal (1985:20). Met die konsep van funksie as vertrekpunt, is dit moontlik om te beweer dat daar verskillende "soorte" literatuur, elk met 'n eie omskryfbare funksie, bestaan. Hierdie en daarmee verbandhoudende aspekte kom in die volgende gedeelte aan die orde.

2.4.3.2 Verskillende "soorte" literatuur; indelingsbeginsels

"Funksie" word deur Senekal gesien as onlosmaaklik verbonde aan die geïntendeerde leser/s van 'n bepaalde soort literatuur. 'n Benadering waarin 'n teks in konteks geplaas word, spruit uit die insigte van onder meer die resepsieteorie en vervang die ouer a-historiese universele estetika. Op grond van verskillende groepe *geïntendeerde of teikenlesers* word drie hoofkategorieë (ook sisteme) geïdentifiseer: die sogenaamde **E- (ernstige)**, **O- (ontspannings-)**, en **A- (inliggende)** literatuur. Die E-literatuur se teikenlesers is dié wat ter wille van intellektuele inspanning of prikkeling lees. O-literatuur word gelees deur dié wat ontspanning ten doel het, en A-literatuur deur diegene wat inligting of informasie verlang (Senekal 1985:21). Op hierdie stadium kan dus beweer word dat **funksie** een manier van onderskeiding tussen literatuursoorte is.

E-literatuur is elitisties en rig hom tot 'n "klein groepie belangstellende lesers"; hierdie literatuur beroep hom eksplisiet op "waarde" ('n aspek wat dikwels by die twee ander literatuursoorte ontbreek, of slegs implisiet teenwoordig is). Senekal (1985:21) wys op die belang van resensies by die kanonisering van literatuur as E-literatuur – volgens hom is 'n resensie "soos 'n stempel: Dit plaas 'n boek op die letterkundepad ...". Dit moet egter geskryf wees deur een van die "gekeurde" resensente, met ander

woorde, iemand wat oor institusionele mag beskik om tekste te kanoniseer al dan nie. Volgens Senekal is dit haas ondenkbaar dat 'n teks wat nié geresenseer word nie, in die toekoms as E-literatuur getipeer sal word. Sake rondom resensering wat die kanonisering van 'n teks bepaal, is persoonlike voorkeur en afkeur by die resensent, die beleid van sekere uitgewers, en die datum van bekendstelling/plasing.

Voorts verkeer die E-literatuur in 'n voortdurende stryd om selfbehoud. Vanweë die vrees vir degradering, binnedringing, of inmenging deur ander literatuursoorte sluit die sisteem homself af; ander literatuurvorme word as "minderwaardig", "populêr" (hier in 'n pejoratiewe sin gebruik), of "laag" bestempel. Om hierdie rede is 'n term soos "ontspanningsliteratuur" dikwels gestigmatiseer. Voorts streef die E-literatuur daarna om vernuwend te wees, en dit bevraagteken die status quo in 'n bepaalde samelewing. Hierteenoor bevestig die O-literatuur die status quo; dit verskaf gemoedsrus aan die leser wat sy/haar wêreld daarin bevestig sien. Dit is moontlik om tussen E- en O-literatuur te onderskei deur eersgenoemde as **ideologiese**, en laasgenoemde as **utopiese** literatuur te sien (Senekal 1985:21). Dit kan as 'n tweede manier van onderskeiding beskou word.

Die O-literatuur is dié wat geen letterkundige pretensies het nie, wat afleiding aan die leser wil besorg. As 'n reël het die O-literatuur 'n veel groter omvang as die E-literatuur wat betref produksie, verspreiding, en verbruik. Hieroor is daar in Afrikaans min navorsing gedoen. Bestaande studies oor populêre literatuur is onder meer dié van Bisschoff (1984), Holtzhausen (1990), Human (1953) en Van der Watt (1953)³⁹. Ook Maritha Snyman (UP) se lopende navorsing oor die resepsie van E- en O-literatuur deur Afrikaanse lesers, met inbegrip van die behoeftes van hierdie leserspubliek, kan hier genoem word.

Senekal (1984:7) posisioneer die O- (ontspannings-) literatuur tussen die E- en die T- (triviale of verstrooiings-) literatuur. Dit skyn egter asof die triviale literatuur volgens Senekal nié binne die genoemde driedelige onderskeid (E-, O- en A-literatuur) geakkommodeer word nie. Hierdie probleem blyk duideliker wanneer Senekal (1984:7) later na "hoë", ontspannings-, en triviale literatuur as die "drie vlakke" van literatuur verwys. Van Coller (1989:8) verskaf dan 'n aantal terme wat algemeen as hiponieme by die superordinaat "populêre literatuur" gebruik word: lektuur, ontspanningsliteratuur, verstrooiingsliteratuur, toeganklike literatuur, goeie gewilde prosa, en die (volgens Van Coller "gelukkig saliger") middelmoottliteratuur. Daar is duidelik 'n volslae gebrek aan 'n teoretiese begroning vir al

39 Bisschoff, A.M. 1984. *Distinktiwe kenmerke van die literêre blitsverkoper met besondere verwysing na enkele Nederlandse romans wat sedert 1970 verskyn het*. DLitt-proefskrif, PU vir CHO.

Holtzhausen, D.R. 1990. *Stereotipering in die Afrikaanse ontspanningslektuur in die tagtigerjare*. MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

Human, J.J. 1953. *Die gewilde literêre werk: 'n ondersoek na die rol van leesstof in die hedendaagse samelewing*. MA-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand.

Van der Watt, P.J. 1953. *Ontspanningslektuur in Afrikaans*. MA-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand.

hierdie begrippe ten einde eenduidigheid hieromtrent te bewerkstellig. Hierdie kwessie word in hoofstuk 5 in breë trekke ondersoek.

'n Aantal subklasse van die O-literatuur kan onderskei word, waaronder: kriminele romans, rillers, speurverhale, spioenasieromans, "Westerns", wetenskapsfiksie, oorlogsverhale, avontuurverhale, liefdesverhale en ruimteverhale (Senekal 1984:8). In hierdie verband is dit moontlik om te vra waar die grens tussen O-literatuur en triviaallektuur⁴⁰ lê – is byvoorbeeld rillers en liefdesverhale nie dikwels sprekende voorbeelde van triviaallektuur nie?

Die A-literatuur is 'n "dokumentêre literatuur" wat poog om lesers in te lig oor 'n politieke, sosiale, of ekonomiese probleem. Dit moet egter onderskei word van "inliggende" tekste in die gewone sin van die woord, soos byvoorbeeld dokumentêre tekste. A-literatuur is gewoonlik fiksietekste, maar met 'n bepaalde aktuele boodskap. Eietydse feministiese, arbeiders-/werkersliteratuur en protesliteratuur is voorbeelde van hierdie soort literatuur; só ook tekste wat een of ander aktuele saak wil belig, byvoorbeeld Vigs of 'n bepaalde vorm van gestremdheid. A-literatuur neem veral die "verwaarloosde en benadeelde geslag" (vroue), en diegene wat tot dusver "uitgesluit" was van die amptelike kanon (byvoorbeeld werkers, etniese minderhede) as tema. Literatuur wat sekere ouderdomsgroepe aanspreek, ressorteer ook onder A-literatuur (Senekal 1984:7-8).

Van Coller (1989:8) noem enkele polemiese aspekte rondom die hele gedagte van verskillende "kategorieë" literatuur. Só vra die skrywer Jan van Tonder (in Van Coller 1989:8) of daar nie net sprake is van goeie of swak werke nie. Maretha Maartens (in Van Coller 1989:8) kritiseer die norme wat sou geld vir die E-literatuur – " ... werke moet by implikasie skok, moet vir lang tye in die bordeel of toilet verkeer of moet andersins só esoteries wees dat niemand dit sal waag om die koning sonder klere aan die kaak te stel sonder die gepaardgaande gevaar om daarmee sy eie onkunde bloot te lê nie".

Van Coller (1989:9) se siening behels dat daar "twee soorte sisteme ... is wat periferaal oorvleuel maar in die sentrum wesenlik verskil ..."; die "populêre literatuur" en "die letterkunde" (Van Coller se terme) is "twee verskillende paradigmas". Eersgenoemde volg internasionale patrone/modelle na, terwyl

40 Die vraag is of tekste behorende tot die T-sisteem *triviaallektuur* of *triviaalliteratuur* genoem moet word. "Literatuur" het assosiasies van *belles lettres*-tekste, terwyl "lektuur" weer pejoratiewe assosiasies het. Ter wille van eenvormigheid, en omdat die onderskeid tussen die verskillende sisteme en hulle onderskeie funksies volledig geag word, word daar verder van "-literatuur" gebruik gemaak. Op dieselfde wyse word daar na *ontspanningsliteratuur* verwys. Let in hierdie verband ook op Van Gorp (1986:222) se omskrywing: "Lektuur als een geheel van geschriften wordt ook wel denigrerende wijze gebruikt om minderwaardige teksten te onderscheiden van literatuur: lektuur als leesvoer. In deze zin is de term equivalent aan consumptieliteratuur, triviaalliteratuur. Volgens Van Gorp is dit dus eerder korrek om "lektuur" as sinoniem vir "triviaalliteratuur" te beskou. "Triviaallektuur" sal hiervolgens 'n tautologie wees.

laasgenoemde 'n "eiesoortige ontwikkelingsgang" vertoon. Sy onderskeiding berus dus op die aard van die **ontwikkeling** wat 'n sisteem ondergaan – of dit navolging of spontane ontwikkeling is. Hy postuleer hiermee 'n derde manier van onderskeid tussen literatuursoorte. Vanweë die ingrypende verskille tussen die twee "sisteme" (weer Van Coller se term) kan dit gebeur dat 'n teks wat in een sisteem hoë status geniet, in die ander dalk heelwat minder status kan hê. Hy kom tot die volgende slotsom:

Wat ek dus beweer, is dat daar swak letterkundige werk mag wees, wat egter nooit sal kwalifiseer vir ontspanningsliteratuur nie en andersom. Die probleem kom wanneer daar sisteemindringing plaasvind: As werk X met tipiese eienskappe van ontspanningsliteratuur bemark word as letterkunde en dan dikwels binne die nuwe sisteem nie die mas opkom nie (Van Coller 1989:10).

Baker (1989:11) besin oor die verhouding tussen ontspannings- (O-) literatuur en triviaal- (T-) literatuur. Haar slotsom is dat die kategorie "ontspanningslektuur" gelyk is aan "triviaallektuur". Hierdie soort literatuur omskryf sy soos volg:

... (die) materiaal moet maklik verstaanbaar wees, nie afstootlik nie, die karakters moet so optree dat dit vir die leser aanvaarbaar is en die verhaal moet liefers 'n gelukkige einde hê ... die karakters (word) oppervlakkig bekyk en bly ... plat karakters sodat ek as leser nooit weet wie hul eintlik is of wat hul motiveer nie (Baker 1989:11-12).

Naas hierdie kategorie (wat ons as O-literatuur sal beskou), onderskei sy die kategorie van "goeie gewilde" literatuur (die GG-literatuur). Hieroor sê sy: "Hier streef die skrywer na groter geloofwaardigheid, ronder karakters en beter motivering sonder om die pakket so swaar te laai dat die leser vervreemd raak. Dis egter soms moeilik om tussen GG-prosa en letterkunde te onderskei" (Baker 1989:11). Die GG-literatuur word volgens Baker (dus anders as Van Coller se siening) as afsonderlike sisteem tussen die E- en O-literatuur geplaas. Vir Baker is O-literatuur dieselfde as triviaalliteratuur, en sy tref geen onderskeid tussen hierdie twee tipes tekste nie.

Baker se onderskeiding tussen literatuursoorte berus dus op **inhoudelike** en **strukturele** tekseienskappe – 'n vierde vorm van onderskeid.

Olivier (1989:14) is van mening dat die totstandkoming van die GG-literatuur 'n poging is om die "kloof" tussen die "hogere literatuur en ... verstrooiingsliteratuur" te oorbrug. Hy maak die stelling dat die algemeen aanvaarde "eienskappe" van ontspannings- (hier bedoel hy waarskynlik O- sowel as GG-literatuur) en E-literatuur op drogredenasies gegrond is. Oor "die gewaande beliggaming van universeel menslike ervarings en strewes in letterkunde" sê hy dat "die ontspanningslektuur se karakters ... net soveel universele menslike ervaring en strewes" openbaar. Insgelyks word "ontvlugting" nie uitsluitlik deur O-literatuur verteenwoordig nie – talle Sestigjarige werke (onteenseglik E-literatuur) neig tot "ontvlugting in die tegniek" (Olivier 1989:14).

Die populêre leesstof (sowel die O- as GG-literatuur) vervul 'n belangrike rol – dit verskaf onder meer 'n beeld van hoe die maatskappy werklik daar uitsien, en wat die gedagte-wêreld van die "gewone" mens in sy samelewing is (Olivier 1989:14). As sodanig kan dit dien as 'n korrektief op die E-literatuur se neiging tot elitisme en esoterie.

Volgens De Kock (1989:16) behoort daar nie 'n *opposisie* ('n versus) tussen die O- en E-literatuur te bestaan nie. In 'n volwasse literatuursisteem behoort daar vir albei hierdie "genres" (De Kock se term) plek te wees, met "vakmanskap en kwaliteit" as vernaamste maatstaf. Daar is sekere norme wat vir albei tipes literatuur geld: Die vaardige hantering van die vertelperspektief, 'n "stewige" konstruksie wat op 'n goeie "storielyn" berus, en die vermoë om 'n fyn balans tussen beelding en beskrywing te handhaaf. Die werklike verskil tussen die twee literatuurtypes lê in die doel en funksie daarvan, aldus De Kock (1989:17).

Funksie word vir die doel van hierdie studie dan as die vernaamste onderskeidende eienskap beskou, omrede só 'n beskouing die rol van die leser, sowel as die invloed van verskuivende literatuuropvattings verreken. 'n Funksionele beskouing is stellig die mees geskikte aan die hand waarvan die dinamiek van oop, heterogene sisteme beskryf kan word. Die ander geïdentifiseerde onderskeidings (ideologie/utopie, ontwikkelingsgeskiedenis en struktureel-inhoudelike eienskappe) word as sekondêr gereken, vanweë die onder meer inherent statiese en leser-negerende aspekte van sulke benaderings⁴¹.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die Afrikaanse literatuur beskou as 'n **polisisteem** waarbinne 'n aantal **sisteme** (onderskeidelik die **E-**, **O-**, **GG-**, **T-** en **A-**sisteem) onderskei word. Elk van hierdie sisteme bevat op sy beurt 'n aantal **subsisteme**. (Só byvoorbeeld word 'n [Afrikaanse] werkersliteratuur as 'n subsisteem van die Afrikaanse A-sisteem gereken; Afrikaanse boekklub-liefdesverhale vorm 'n subsisteem binne die O-sisteem). In ooreenstemming met Even-Zohar se model kan verwag word dat die verskillende sisteme binne die Afrikaanse polisisteem hiërgargies georden is – sekere sisteme is dus in meerdere mate gekanoniseer as ander sisteme. Insgelyks kan verwag word dat ook die subsisteme – binne hulle onderskeie sisteme – 'n hiërgargiese struktuur sal vertoon. In sowel die sisteme as subsisteme is dit dus moontlik om te onderskei tussen gekanoniseerde en niegekanoniseerde strata. Dit is egter ook moontlik om na die kanon- en/of kanoniseringsstatus van 'n enkele element of meerdere elemente binne byvoorbeeld 'n subsisteem te verwys, of om dit te evalueer. Met ander woorde, binne die subsisteme sêlf bestaan daar hiërgargies geordende elemente (byvoorbeeld individuele tekste, outeurs, en oeuvres).

41 Ideologie/utopie en struktureel-inhoudelikheid is staties gerig, terwyl al drie onderskeidings die rol van die leser

2.4.3.3 Die verhouding: literatuursisteme en geslag

Nadat daar gesê is dat daar op grond van verskillende onderskeidingsbeginsels, waarvan funksie die belangrikste is, verskillende literatuursoorte of -sisteme onderskei kan word, is dit ook moontlik om die verhouding tussen hierdie sisteme en die konstruk "geslag" te ondersoek. Op hierdie manier kan bepaal word in watter mate sekere soort tekste deur geslagsvooroordele benadeel is, en watter soorte deur geslagsgekoppelde houdings en meganismes bevoordeel is. Terselfdertyd kan daar gevra word of die etikettering van tekste as behorende tot 'n sekere sisteem, moontlik 'n intensie tot die benadeling of uitsluiting daarvan uit die gekanoniseerde korpus tekste as rasionaal het.

Histories is die E-sisteem 'n oorwegend manlike sisteem waarbinne 'n fallogosentriese denkmodus oorheersend is. Die redes hiervoor is legio – mans het histories groter toegang gehad tot die "groot tradisie" deur faktore soos onderwys en ekonomiese en politieke bevoorregting. Die O-sisteem is dikwels vereenselwig met vroue, vanweë vroue se groter produksie van tradisioneel nieliterêre tekste soos joernale, dagboeke, briewe, en liefdesverhale ("romances") – sien ook paragraaf 2.7.4.

Dit is moontlik om te sê dat die E-literatuur tradisioneel binne die sentra van verskillende tale se literatuursisteme gesetel is (dus in die gekanoniseerde strata lê). O-literatuur daarenteen, is deur verskeie meganismes uitgeskuif tot op die periferie (die niegekanoniseerde strata). Sodanige meganismes word veral gemotiveer deur die selfbeskermingsdrang van die E-sisteem waarna reeds verwys is. Patriargale kragte word derhalwe in werking gestel wat die tradisioneel manlike E-literatuur sentraal moet hou, terwyl die O-sisteem voortdurend getrivialiseer word. Resensente kan as sulke patriargale kragte figureer, byvoorbeeld wanneer 'n teks deur 'n vrou as O-literatuur getipeer word. In werklikheid beteken so 'n tipering dat die betrokke teks binne 'n niegekanoniseerde sisteem geplaas word. Alhoewel die teks dalk as "goeie" of selfs "uitstekende" O-literatuur bestempel word, en dus hoog geplaas is in die hiërargie van die O-sisteem, is dit nietemin stééds 'n lid van die niegekanoniseerde strata. So 'n aanvanklike plasing kan daartoe lei dat die teks nie oorweeg sal word vir opname in byvoorbeeld literatuurgeskiedenis en kurrikulums nie.

2.4.3.4 Toekomstige ontwikkelinge en die moontlikheid van 'n multifunksionele benadering

Oor toekomstige ontwikkelinge spesifiek in Suid-Afrika skryf Senekal (vanuit die perspektief van 1985) dat die E-literatuur 'n wesentliche gedeelte van sy elitisme sal moet inboet. Hy stel dié vraag: "Moet (die E-literatuur) hom nie liever onmisbaar maak vir ons tyd en ons mense nie – in plaas van 'n liefhebberij

negeer.

te wees van 'n paar honderd (duisend?) ingewydes?" (1985:22).

Botha (1989:7) wys daarop dat kategoriserings van literatuur met verskuivende literatuuropvattinge verband hou. Sy haal W.E.G. Louw in dié verband aan: "Wat vir een generasie voetvelletjie is, kan by 'n volgende as altaarkleed gereken word". Institusionele faktore kan kategoriserings tot op groot hoogte rig. Dikwels berus die etiket van óf E- óf O-literatuur by 'n uitgewer of redakteur, wat bewustelik *besluit* om 'n teks as 'n bepaalde soort te bemark (Botha 1989:7).

Van Coller (1989:10) wys daarop dat albei die sisteme soos deur hom onderskei ("populêre literatuur" en "letterkunde"), oop en ontwikkelende sisteme is. Daarom is dit moontlik dat 'n element uit een sisteem later van tyd in die ander opgeneem kan word.

Brink (1988:102) wys op die internasionale tendens waar dit gebeur dat tekste wat oorspronklik as E-literatuur geproduseer word, ook groot populariteit geniet. Hy noem as (een) voorbeeld die produkte van Umberto Eco, wie se *The name of the rose* en *Foucault's pendulum* albei "moeilike" tekste is, maar nietemin internasionale treffers geword het – eersgenoemde teks is selfs verfilm. Brink (1988:102) maak dan dié besonder belangrike opmerking: "Maar (die roman) kan gewild wees *sonder om sy eise aan die leser te verlaag*". Van Vuren en Oosthuizen (1990:59) skryf in aansluiting hierby: "Populêre fiksie is nie noodwendig formulisties nie; literêre romans kan ook populêr wees. Die twee terme kan dus nie as sinonieme beskou word nie". Vir Brink is die postmodernisme – met sy klem op die afbreek van tradisionele grense – die instansie wat 'n samekoms van digtheid en gewildheid in die "literêre" (E-) roman bewerkstellig.

Daar kan dan gepostuleer word dat die postmodernisme 'n sterk bydraende faktor is in die verskynsel dat **oorvleueling** tussen literatuurvorme en -sisteme in ál groter wordende mate voorkom.

Hiervolgens sal ook die verskillende sisteme (die A-, E-, GG-, O- en moontlik selfs T-sisteem) binne die polissisteem van Afrikaanse literatuur al nader aan mekaar begin beweeg. Dit is te verwagte dat die onderskeidende kenmerke eweneens nader aan mekaar sal beweeg, sodat daar uiteindelik sprake mag wees van **multifunksionele** sisteme en tekste. Met ander woorde: 'n Teks kan byvoorbeeld terselfdertyd die funksies van vermaak/leesgenot en intellektuele stimulasie/inspanning vervul. Op dieselfde wyse kan 'n teks daarna streef om A-literatuur te wees (dus die funksie van informatief te wees, vervul), en terselfdertyd afleiding te verskaf. Dit is wel moontlik dat 'n bepaalde funksie 'n dominante posisie kan beklee, met een of meer funksies in 'n sekondêre posisie. Die primêre en sekondêre funksies kan verander van een tydperk na 'n volgende, en behoort nooit as statiese of inherente tekseienskappe beskou te word nie – dit is voortdurend afhanklik van lesers se resepsies, sowel as van die veranderende historiese konteks.

Die implikasies van die aanvaarding van 'n multifunksionele model is dat 'n teks byvoorbeeld nie noodwendig n t as E-literatuur binne die E-sisteem geklassifiseer (hoef te) word nie. Brink (1988:102) noem die voorbeeld van Etienne van Heerden se *Toorberg* wat benewens liter re pryse ook 'n bekroning vir gewilde literatuur ontvang het. Die betrokke teks behoort derhalwe tot sowel die E- as die GG-sisteem, en beklee 'n sterk posisie binne albei sisteme. In hierdie verband moet beklemtoon word dat 'n sterk posisie in 'n niegekanoniseerde sisteem (die GG-sisteem) n  beteken dat die betrokke teks binne die totale polissisteem van Afrikaanse literatuur gekanoniseer is nie, omdat die GG-sisteem se posisie van 'n lae rangorde ten opsigte van gekanoniseerdheid is.

Verskuiwings ten opsigte van kategoriserings kan ook aan die hand van hierdie benadering verklaar word: Op 'n gegewe tydstop kan een funksie dominant wees – die gevolg van byvoorbeeld maatskaplike en kulturele faktore – en 'n bepaalde kategorisering in die hand werk. Sodra die maatskaplik-kultureel-ekonomiese omgewing verander, kan die dominante teksfunksie verander, en 'n  nder kategorisering meer wenslik maak. So kan 'n teks dan byvoorbeeld aanvanklik binne die E-sisteem opgeneem word, maar later word die A-funksie as meer prominent beskou, en die teks word dienooreenkomstig binne die A-sisteem opgeneem. Die mees resente opname impliseer nie noodwendig volledige dekanonisering of statusverlaging in die eerste sisteem nie – di  kan konstant bly of afneem. Die status van die betrokke teks kan dus verskil van sisteem tot sisteem, of dit kan ooreenstem.

'n Multifunksionele benadering behoort die verskillende soorte funksies as prinsipi el gelykwaardig te beskou. Die miskenning van tekste op grond van die veronderstelling dat minderwaardige funksies daardeur gedien word, word dus deur 'n multifunksionele benadering gekorrigeer. Die belangrikste kriterium by die beoordeling van die geslaagdheid van 'n teks behoort te wees: Hoe suksesvol word die ge ntendeerde funksie/s vervul?

2.4.4 Spesifieke studies oor die polissisteem

2.4.4.1 Die sentrum van die liter re sisteem

Shavit (1991) se navorsing oor die polissisteem hou veral verband met die sentrum, wat die ligging van die belangrikste en invloedrykste institusionele aktiwiteite is. (Hierdie ligging word gestel teenoor die periferie wat volgens Shavit 1991:232 die ligging van die betekenisvolste teksaktiwiteite is). Die struktuur van die sentrum word gekenmerk deur heterogeniteit, oftewel, deur die stel uiteenlopende modelle waardeur dit beheer word. Voorts bestaan die sentrum nie alleen uit 'n stel aktiewe modelle nie, maar ook uit 'n korpus tekste wat 'n opposisie tussen die vaste en die veranderlike strata

bewerkstellig. Hierdie opposisie is in wese 'n opposisie tussen modelle en tekste, tussen huidige gebeure en die historiese geheue. Die vaste stratum bestaan uit 'n korpus tekste uit die verlede, soos oorgedra deur vorige generasies. Derhalwe word dit deur stabiliteit en eenvormigheid gekenmerk. Die veranderlike stratum, hierteenoor, word deur 'n kort leeftyd en diversiteit gekenmerk. Laasgenoemde lê veral in sy repertorium van modelle, wat naas die hooggeagte modelle ook minder gewaardeerde, maar hoogs produktiewe modelle bevat. Laasgenoemde modelle is verantwoordelik vir die produksie van 'n groot aantal tekste op 'n gegewe tydstip. Die sentrum word dus gekenmerk deur 'n opposisie tussen meer gewaardeerde en meer produktiewe modelle. Die hooggeagte en meer produktiewe modelle is hoegenaamd nie identies nie, maar kan wel van tyd tot tyd oorvleuel, byvoorbeeld in tye waar rigiede kulturele norme hoogty vier (Shavit 1991:232-233). Die rede hiervoor is moontlik dat vernuwende dinge in sulke periodes alom afgekeur word, terwyl nuwe produkte dikwels navolgings van tradisioneel gerekende produkte is.

Die prosesse wat die sentrum beheer, kan aan die hand van die volgende stellings soos dit deur Shavit (1991:233) geformuleer is, beskryf word:

- i. Sowel die vaste as veranderlike strata verander met verloop van tyd as gevolg van die werkinge van die dominante instansies, wat 'n tydelike mandaat het om die karakter van die literêre sentrum te bepaal.
- ii. 'n Teks verkry toegang tot die sentrum, nie omdat dit waardevol is nie, maar omdat iemand gló dat dit waardevol en belangrik is, en omdat iemand die polities-kulturele mag het om aan die teks die status te verleen wat hy glo dit verdien. Dus het bogenoemde mandaat geen verband met die "waarde" van die teks of met "poëtiese regverdigheid" nie.

Wanneer 'n teks dus geskryf word, is daar verskeie faktore werksaam wat die toekoms daarvan bepaal. Só kan die status van die model waarop die teks gestruktureer word as krities belangrik gesien word. 'n Teks wat volgens 'n nuwe model gestruktureer is, sal waarskynlik nie deur 'n prestige-uitgewery gepubliseer word nie. Veel eerder sal 'n uitgewery wat nog na erkenning streef, hierdie teks uitgee.

2.4.4.2 Die kwessie van ondersteuning (*patronage*)

"High culture has always been dependent upon patronizing activities and the willingness of patronage to support culture", skryf Shavit (1991:234). Lefevere (1992:15) omskryf *patronage* (**ondersteuning**) as "the powers (persons, institutions) that can further or hinder the reading, writing, and rewriting of literature". Ondersteuning kan sowel deur individuele persone as groepe ('n godsdienstige liggaam, 'n

politieke party, 'n koninklike hof, uitgewers, die media) uitgeoefen word. Basies bestaan ondersteuning uit drie elemente, soos deur Lefevere (1992:16) geïdentifiseer.

i. Die ideologiese komponent

Hierdie komponent dien as 'n beperking op die keuse en ontwikkeling van sowel die vorm as die onderwerp van die teks.

ii. Die ekonomiese komponent

Die essensie van dié komponent is dat skrywers en herskrywers by wyse van ondersteuning ekonomies in stand gehou word. Dit is 'n feit dat die potensiaal om binne die sentrum te opereer, tot 'n hoë mate van finansiële faktore afhang. Dít sluit in literêre pryse en finansiële toekennings, posisies aan universiteite en kolleges, 'n posisie binne die staatsdiens as 'n kulturele attaché, ensovoorts. Kwasi-finansiële hulp sluit in tantièmes op grond van insluiting in handboeke, aankope deur openbare biblioteke, uitnodigings om internasionaal aan konferensies en ander kulturele geleenthede deel te neem, en die voorreg om vertalings te behartig en eie werk later te laat vertaal (Shavit 1991:234-235).

Hierdie soort finansiële subsidie was nog feitlik altyd 'n voorwaarde vir die bestaan van die gekanoniseerde sisteem. 'n Ander implikasie van so 'n subsidiebasis is dat dit meer mag aan instansies verleen ten einde beheer te kan uitoefen wat betref die aard van die sisteem.

iii. Die statuselement

Die aanvaarding van ondersteuning behels die aanvaarding van 'n sekere soort lewenstyl en opname binne 'n bepaalde groep.

Lefevere (1992:17) tref 'n onderskeid tussen gedifferensieerde en ongedifferensieerde ondersteuning. Wanneer al drie komponente deur dieselfde ondersteuner (*patron*) beheer word, is dit ongedifferensieerd. In só 'n geval is die hoofdoel die bewaring van die stabiliteit van die sosiale sisteem in sy geheel, terwyl dié literêre produkte wat aanvaar en bevoordeel word, hierdie doel moet dien. Enige ander literatuur wat geproduseer word, sal as "afwykend" bestempel word; dit sal alleen met groot moeite gepubliseer kan word, en sal daarna na die domeine van "lae" of "populêre" literatuur verban word. Wanneer die ondersteuning egter gedifferensieerd is, is ekonomiese sukses relatief onafhanklik van ideologiese faktore, en is hoë status nie 'n noodwendige resultaat nie.

Die polisisteamteorie bied dus 'n besonder toepaslike raamwerk vir die bestudering van kanons, kanonvorming en die kanoniserings van tekste en outeurs. 'n Begrip wat dikwels in die diskoers rondom kanoniserings en verwante sake aangetref word, is dié van 'n **literêre tradisie**. In die volgende afdeling word hierdie begrip analities beskou en van die begrip "kanon" onderskei, terwyl die verhouding tussen die twee begrippe ook ondersoek word. Die praktiese implikasies en realisasies van 'n literêre tradisie word vervolgens belig.

2.5 *Literêre tradisies in samehang met die kanon van "groot" literatuur*

Die invloedryke kritikus F.R. Leavis stel die konsep van 'n "groot tradisie" van literêre tekste in *The Great Tradition* bekend. Hy streef met dié werk daarna om hiërargieë van die prosakuns sowel as prosateurs daar te stel. Hy onderskei byvoorbeeld die volgende kategorieë: "the great English novelists", "novelists in English worth reading", "major novelists", "minor novelists", en "fiction belonging to Literature" ('n kategorie geskei van bloot "fiction") (Leavis in Belsey 1982:128). Die "groot tradisie" word deur Leavis (1955:7) gedefinieer as "... the tradition to which what is great in English fiction belongs". Leavis (1955:2) onderstreep dan die noodsaaklikheid van sodanige onderskeidings, en verwoord sy geloof in 'n definitiewe kategorie van betekenisvolle kreatiewe werk soos volg: "It is necessary to insist, then, that there are important distinctions to be made, and that far from all of the names in the literary histories really belong to the realm of significant creative achievement". Dit is by uitstek bogenoemde "major novelists" wat die tradisie betekenisvol maak ("It is in terms of the major novelists, ... , that tradition, ... , has its significance" – Leavis 1955:3).

Na aanleiding van Leavis se postulaat van 'n "tradisie" van grootse literatuur, vra die eietydse ondersoeker hom of haar af: Wat is die verskil/le tussen 'n (literêre) tradisie en 'n kanon, of verwys die twee terme na presies dieselfde referent?

Omdat die begrippe **kanon** en **literêre tradisie** binne die kritiese diskoers nie in alle gevalle kongruent is nie, is dit nodig dat 'n sogenaamde **literêre tradisie** duidelik omskryf, en van 'n kanon onderskei moet word. Die belang hiervan blyk ook later duidelik wanneer die toepaslikheid van die kanonkonsep vir die eietydse situasie (spesifiek vanuit 'n feministiese perspektief) ondersoek word.

Die "groot" tradisie van literêre tekste vertoon wel heelwat ooreenkomste met die tradisionele kanonomskrywing – onder meer daarin dat dié werke wat volgens heersende kritiese norme onmiskenbaar "literatuur" is, en sonder bevraagtekening in skool- en universiteitsillabusse opgeneem word, tot die sogenaamde **groot tradisie** behoort. Waar byvoorbeeld Moerbeek se kanonomskrywing die belang van die sosiale verteenwoordigendheid van kanons beklemtoon (dus *synchronie*), kan daar gestel word dat die oordrag van sekere inhoudes en invloede in literêre tradisies 'n primêre posisie beklee. In literêre tradisies word *diachronie* beklemtoon, oftewel die "... conspicuous

and continued *influence on later authors ...*" (Abrams).

'n Tradisie behoort dus gesien te word as 'n dinamiese korpus tekste wat uit die verlede meespreek tot teksproduksie en -konsumpsie in die hede, wat voortdurend 'n invloed uitoefen op hoe daar geskryf en gelees gaan word. Die verskil tussen 'n kanon en 'n literêre tradisie is dus daarin gesetel dat 'n kanon normaalweg nie histories gedefinieer word nie, terwyl 'n tradisie sy wortels juis in die literêre geskiedenis vind, en die toekoms daarvan ook voortdurend bepaal. 'n Tradisie is 'n inwerkingstelling van 'n kanon, of 'n seleksie uit 'n kanon, gewoonlik ten einde een of ander doel te dien. Die rekonstruksie van 'n literêre tradisie behels in baie gevalle 'n soeke na literêre voorgangers, wat as modelle en inspirasie vir die voortsetting van die tradisie kan dien. Die ander verskil is dat 'n kanon eerder as die meer teoretiese konstruk gesien moet word, terwyl 'n tradisie 'n geoperasionaliseerde weergawe van 'n kanon, of gedeelte daarvan, verteenwoordig; gewoonlik met 'n spesifieke doel voor oë. Prakties gesproke beteken dit dat 'n groep studente, byvoorbeeld, selde 'n kanon as geheel sal bestudeer. Veel eerder sal byvoorbeeld 'n tradisie van vroulike of werkersliteratuur uit die kanon geselekteer word as studieobjek. Die tradisie bied dan die moontlikheid om byvoorbeeld gemeenskaplike strewes rondom, asook kenmerke van tekste te ondersoek.

Volgens Fiedler (1979:73) is hierdie bestaande tradisie 'n magtige en invloedryke instrument, wat so sterk deur literatore en literatuurstudente geïnternaliseer is dat dit selde bevraagteken word. In sy woorde: "... we all know in our hearts that ... what we teach in departments of English is literature" (Fiedler 1979:73). Dit blyk dus dat die tradisie magtig genoeg is om as 't ware sy eie bestaan deurlopend te regverdig: dit is gesaghebbend omdat dit bestaan. Hierdie tradisie het sy eie interne reëls en norme waarvolgens tekste beoordeel word, en beheer ook diegene wat die beheerders van hierdie tradisie moet wees: "... we perform the rituals by which we cast out unworthy pretenders from our ranks and induct true initiates, *guardians of the standards* by which all song and story ought presumably to be judged" (Fiedler 1979:73-4) (my kursivering).

Uiteindelik bestaan daar dus nie slegs 'n tradisie van "groot" literêre tekste en 'n kanon waarin hierdie werke geakkommodeer word nie, maar ook 'n kritiese diskoers wat op die instandhouding van hierdie tradisie gerig is (Belsey 1982:121). Die voorwaardes en reëls vir hierdie diskoers word deur (gewoonlik spesifieke en invloedryke) literêre kritici van 'n bepaalde era vir daardie era neergelê, en daarvolgens word "werklike (E) literatuur", soos onderskei van sogenaamde sub- of paraliteratuur (O), geïdentifiseer (Fiedler 1979:73).

Waar 'n kanon dan 'n meer omvattende inventaris van werke is ("all of the names in the literary histories"), kan 'n tradisie as 'n verdere seleksie uit dié groep gesien word. Binne 'n kanon kan afsonderlike tradisies, byvoorbeeld 'n vroulike of 'n werkerstradisie, onderskei word. "Tradisie" word

hier dus nié in die Leaviaanse sin van 'n "groot" of klassieke tradisie gebruik nie, maar as 'n operasionalisasie van 'n gedeelte van 'n veel meer teoretiese kanon, vir 'n spesifieke doel.

Die belang van bepaalde bestaande kriteria vir "groot" literatuur word voorts geïllustreer deur Robinson (1986:105) se stelling dat die statusverhoging van 'n besondere teks of outeur by wyse van suksesvolle kritiese promosie geskied, oftewel die demonstrasie dat 'n sekere outeur of teks aan die algemeen aanvaarde kriteria vir uitmuntendheid (*excellence*) voldoen.

Dit is egter juis die "groot tradisie" van tot dusver hooggeagte tekste en outeurs wat sedert die onlangse verlede in toenemende mate aan kritiek onderworpe is. In die volgende afdeling word aspekte rondom die hersiening van hierdie tradisie aangeraak.

2.6 Die hersiening van die "groot" tradisie

In the first place: the body of works regarded as literature, and therefore worthy of being read, discussed and included in an academic curriculum, should include a range of texts much wider than those commonly accepted as part of the established canon. With reference especially to Afrikaans literature, the entrance of previously unreported voices to the published world has been mentioned again and again ... Naturally this implies a changing of hierarchial categories and norms (Roos 1996:17)

It is understandable that, in a pluralistic society, what has been, is or should be canonical for those who represent power, has not been, is not, and cannot be representative of marginal communities (Mignolo 1991:11)

Roos se uitspraak hierbo maak 'n duidelike saak uit vir die hersiening van die bestaande kanon en die daarop gebaseerde literêre tradisie. Alhoewel Roos vanuit 'n *establishment*-posisie praat, erken sy die belangrikheid daarvan om voorheen miskende stemme tot 'n gepubliseerde tradisie toe te voeg. Hiernaas wys Mignolo se stelling op die onvermoë van die bestaande kanon en literêre tradisie om verteenwoordigend te wees van gemarginaliseerde groepe. In hierdie afdeling word die onderverteenvoordiging van vroulike outeurs en hulle tekste in die bestaande literêre tradisie as vraagstuk ondersoek. Daarna word hersieningsopsies kortliks beskou, en spesifiek die moontlikheid van 'n vroulike literêre tradisie of geslagsdiskoers word aan die orde gestel.

2.6.1 Die "afwesige" vroulike outeur

There you see what has happened to the woman writer. She has entered literary history as the enemy (Baym 1986:60).

In *Die Vaderland* van 31 Augustus 1936 vra Elisabeth Eybers: "Is die onvrugbaarheid van die vrou op kunsgebied te wyte aan 'n inherente kenmerk van haar aard, of is dit een van die gevolge van die historiese evolusie van ons patrargale (sic) samelewing...?".

Met verwysing na Eybers se artikel vra De Jong-Goossens (1990:62) byna drie dekades later:

Waren zij dan niet actief? Of kregen ze geen kans in de openbaarheid te treden? De wereld van de cultuur en vooral de literaire taal was voorbehouden aan mannen, vrouwen werden vastgepind en opgesloten in wat zogenaamd hun aard, hun natuur was. Natuur en cultuur, twee werelden, elkaars oppositie.

Ook Virginia Woolf (in Ezell 1990:582) sien die afwesigheid van vroue in die literêre bedryf as 'n wesentliche vraagstuk: "...it is a perennial puzzle why no woman wrote a word of that extraordinary literature when every other man, it seemed, was capable of a song or sonnet".

Hieruit blyk die belang van die vraag: *Wáár is die vroulike literêre voorgangers?*

Die hersiening van bestaande tradisies van "groot" literatuur is in die eerste plek 'n soeke na literêre voorgangers ten einde die onewewigtigheid binne dié tradisie te korrigeer. Met 'n diachroniese perspektief op vele van die groot wêreldletterkundes, blyk dit dat Eybers se waarneming ook dáárdeur gereflekteer word. *Vroue is afwesig uit die "groot" literêre tradisie*, is die boodskap wat van oraloor opklink. Die kardinale vraag is dus: Waarom is vroue so opvallend onderverteengewordig in literêre tradisies wat op amptelike kanons berus?

Daar is drie verskynsels wat met die afwesigheid van vroue uit kanons (ook tradisies) geassosieer word. Ruthven (1984:122-3) identifiseer hulle soos volg:

- i. Vroue wat nooit geskryf het nie, is uiteraard uit die kanon afwesig,
- ii. sommige vroue het wel geskryf, maar hulle werk is nooit gepubliseer nie, en
- iii. talle outeurs het wel gepubliseer, maar hulle werk het vroeër of later vergete geraak.

Sogenaamde "verlore" tekste sluit in dié wat per ongeluk vergete/verlore geraak het, sowel as dié wat deur opsetlike optrede van die toneel verdwyn het. Die meeste feministe staan laasgenoemde moontlikheid voor, en is van mening dat vroue se werke deur 'n manlike sameswering tot obskureit verdoem is. O'Rourke (1985:108) verwys in dié verband na "... (the) silencing,... the discriminations suffered by women writers". Voorts glo Baym (1986:64) dat "simple bias" (met ander woorde, eksplisiete diskriminasie teen vroue as outeurs) 'n waarskynlike oorsaak van die onsigbaarheid van die vrou binne kanons is. Hierby noem Montefiore (1994:1) dat vroue dikwels as minderwaardige digters afgemaak word omdat vroue (volgens ongeskrewe samelewingsvooroordele) kwansuis nog nooit "groot digters" was nie. Montefiore (1994:26) beweer dat die uitsluiting van die vroulike outeur enersyds 'n kwessie is van doodgewoon weglating, maar andersyds ook van wanvoorstelling.

Wanneer dit gebeur het dat vroue se literêre arbeid wél erken is, is hulle tekste dikwels aan wanvoorstellings (*misreading*) onderwerp. Met verwysing na die Engels-Amerikaanse tradisie noem Montefiore (1994:1) dat digteres se soos Emily Dickinson en Sylvia Plath se werk dikwels in psigologiserende studies as "bewysstukke" vir die kunstenaars se veronderstelde neuroses of eksentrisiteit ingespan word.

'n Ander moontlikheid is dat sommige vroulike tekste vergete geraak het omdat dit gewoon nie goed genoeg was om onthou te word nie, soos inderdaad ook met vele manlike tekste gebeur het. Wat egter hier onthou moet word, is dat "goed genoeg" moontlik ook 'n geslagsgekoppelde norm mag wees. So byvoorbeeld mag die kritiese norm van die tyd vereis dat verwysings na die klassieke in 'n "goeie" werk aanwesig moet wees. Histories is vroue egter 'n formele klassieke opvoeding ontsê, sodat dit dus nie vir hulle moontlik was om "goeie" literatuur te produseer nie. Derhalwe is hier sprake van wat Baym (1986:65) 'n *geslagsbepaalde* oorsaak vir vroue se onderverteenwoordiging noem. Naas die redes soos deur Ruthven genoem, identifiseer Baym (1986:65) 'n verdere rede, naamlik dat latere kritiese teorieë 'n essensieel manlik georiënteerde literatuur gekonstrueer het. Hierdie teorieë poog dan om eietydse belange op 'n vroeër tydperk af te dwing, ten einde die literêre geskiedenis na die betrokke kritici se hand te vorm.

Met spesifieke verwysing na die Afrikaanse literêre toneel, maak Van Niekerk (1994:4) die stelling dat die Afrikaanse literatuur deur 'n swak ontwikkelde *feministiese* diskoers gekenmerk word (my kursivering). Volgens haar lê die redes hiervoor grootliks op 'n maatskaplike, politieke, en ekonomiese vlak (wat dan ook 'n motivering bied om spesifiek dié kontekste te ondersoek). Voorts is geslagskwessies – veral in vroeër jare – merendeels beperk tot vrouetydskrifte, -blaaie en -rubrieke. In die meerderheid van hierdie bydraes is die vroulike rol konvensioneel gesien, en indringende ondersoek na die vrou se literêre en maatskaplike posisie het in die akademiese *establishment* gevolglik agterweë gebly.

'n Ander rede vir die afwesigheid van 'n oorkoepelende feministiese bewussyn en literatuur is volgens Van Niekerk (1994:4) die aanname dat "(d)ie Afrikaanse letterkunde weens sy oorwegend ras-eksklusiewe aard in meer as een opsig geïsoleer (was) van ander literêre bewegings in die land". Hierdeur dus, is die (gekanoniseerde) Afrikaanse literatuursisteem ontnem van die vrugbare inwerking van byvoorbeeld 'n swart (lees ook bruin) of 'n werkersliteratuur (met ander woorde, 'n niegekanoniseerde sisteem). Hierdie beskrywing herinner aan Even-Zohar se omskrywing van die sogenaamde defektiewe polisisteem, wat deur steriliteit en eensydigheid gekenmerk word (sien paragraaf 2.4.2). Van Niekerk (1994:5), wat terugkyk uit die negentigerjare, kom tot die volgende slotsom: "Indien Suid-Afrikaanse vroue van alle rasse en klasse wel kon saamstaan om vir hul sosiale, politieke, ekonomiese en kulturele regte te veg, sou daar waarskynlik 'n sterker geslagsdiskoers

ontwikkel het". Die implikasie hiervan is duidelik: Die apartheidstelsel – met die gevolglike vervreemding tussen mense van verskillende rasse en klasse – was 'n beduidende faktor wat meegewerk het om die totstandkoming van 'n Afrikaanse vroulike/feministiese diskoers te belemmer.

2.6.2 Die hersieningshandeling

Volgens Sherry (1988:27) is dit 'n algemene verskynsel dat groepe wat na die verkryging van groter politieke mag streef, hulle kulturele produkte en prestasies van vroeër sal hersien; hierbenewens sal hulle lede van hulle groep aanmoedig om kulturele produkte te lewer. Vir feministe beteken die hersiening van die kanon 'n soeke na vergete voorgangers, aldus Michie (1989:16). Feministe beweer dan dat talle geïgnoreerde of vergete vroulike tekste nét so "waardevol" is as tekste deur mans, wat binne bekende kanonformasies as die "standaard" beskou word. (Die vraag in hierdie verband is naamlik: Wat word as maatstaf geneem by die beoordeling van 'n teks as "waardevol", of "net so waardevol"? Word dieselfde kriteria gebruik vir sowel tradisioneel hooggeagte tekste as herontginde vroulike tekste, of geld daar 'n ander stel maatstawwe vir laasgenoemde tekste?)⁴²

Belsey (1982:130) vra 'n aantal belangrike vrae, onder meer:

- i. Wat is die implikasies van 'n verwerping van 'n kritiese diskoers wat 'n "groot tradisie" (soos dié van Leavis) daarstel?
- ii. Impliseer so 'n verwerping ook die verwerping van die geïnstusionaliseerde literatuur asook die ganse literêre tradisie soos ons dit ken?

Belsey (1982:130) argumenteer dat laasgenoemde nie noodwendig die geval hoef te wees nie. Veel eerder moet die literatuur as 'n bron van pluraliteit en kreatiewe stryd gesien word: "A more constructive strategy is to treat English as a site of struggle, to generate a new critical discourse, *to re-read* the great tradition not for the sake of valorising it, but in order to release its plurality" (my kursivering).

Wanneer die groot tradisie opnuut beskou word, open dit nie alleen die moontlikheid om nuwe tekste daarby te voeg nie, maar ook om die bestaande tekste te herlees, en nuwe interpretatiewe dimensies daaraan toe te voeg. Waar die tradisie voorheen as slegs verteenwoordigend van een stel waardes gesien is, kan 'n her-lees ook ánder latente moontlikhede aan die lig bring, sodat die tradisie verteenwoordigend van meer mense en standpunte kan word.

42 Sien ook paragraaf 2.7.3 hieronder.

Alhoewel talle feministe die hersiening van die kanon ondersteun, is daar ook talle stemme ten gunste van die nietigverklaring van die konsep kanon (Moi 1985:78). Hierdie teoretici meen dat daar beweeg moet word in die rigting van 'n dekonstruksie van die opposisie tussen kanon en niekanon (Moi in Eagleton 1986:198).

Verskillende feministiese perspektiewe beklemtoon elk sekere aspekte wat in berekening gebring moet word by die hersieningshandeling. Die sosialisties-feministiese perspektief, byvoorbeeld, word soos volg deur Mulford (1982:181) omskryf: "... all forms of writing and literary production (should be addressed) from the dual perspective of gender and class". So 'n standpunt impliseer dat die literatuurwetenskaplike hom/haar bowenal met die materiële voorwaardes vir (en beperkinge op) literêre produksie bemoei (Montefiore 1994:31). Mulford wys daarop dat vroue uit die middelklas histories wél geleentheid tot literêre produksie gehad het, maar dat dit hoegenaamd nie die geval was by vroue uit die werkersklas nie ("...it is nevertheless equally true that many middle-class women have been most eloquent, while most working-class women, until quite recently, have not ..." – Mulford 1982:181). Voorts meld sy dat dit belangrik is om ook sosiale en politieke faktore in berekening te bring by enige hersiening van 'n kanon. Sy voorsien dat sodanige hersieningswerk volledig en sistematies moet beweeg "towards a mapping of the writers of a period in terms of the social and political force which they constituted" (Mulford 1982:183).

2.6.3 Die daarstelling van 'n vroulike tradisie/ vroulike geslagsdiskoers

Vir die doel van hierdie studie word **tradisie** en **diskoers** van mekaar onderskei. 'n Tradisie word gesien as 'n historiese projeksie⁴³ van skrywers en hulle produkte, terwyl 'n diskoers eerder op die wyses en voorwaardes van en vir skryf dui, binne 'n sekere histories-maatskaplike opset.

Soos vroeër gemeld (sien paragrawe 1.1 en 1.3), sien Van Niekerk (1994:1) die ontwikkeling en uiteindelijke daarstelling van 'n (vroulike) **geslagsdiskoers** as die uitsluitlike doel van haar versamelbundel kortverhale deur Afrikaanse vroulike outeurs. In haar inleiding skets sy in breë trekke die geskiedenis van vrouekortverhale in Afrikaans, terwyl sy ook poog om die spore van 'n feministiese literêre bewussyn in Afrikaans tot so vroeg as die twintigerjare na te gaan. Dít kan vertolk word as 'n eerste stap tot die vestiging van 'n vroulike diskoers: die optekening en sistematiesing van vroulike literêre produksie in Afrikaans.

Die term **diskoers** dui volgens Van Gorp (1986:102) op die diskursiewe meganismes (die wyses en

43 Met "projeksie" in hierdie sin word bedoel 'n besinning oor, daarstelling en sigbaarmaking van 'n "inventaris" (van byvoorbeeld outeurs en tekste). 'n "Historiese projeksie" beteken in dié sin dat al hierdie aktiwiteite plaasvind teen die agtergrond van onder meer die literêr-kulturele, politieke, ekonomiese en sosiale geskiedenis, en daarmee rekening hou.

voorwaardes) van die gespreksituasie, byvoorbeeld: Wie praat, met wie word gepraat, en in watter situasie word daar gepraat? Daar word ook gekyk op watter maniere bogenoemde gegewens die waarde en funksie van die betrokke uitsprake medebepaal. Hiernaas word die talige diskoers ook binne die konteks van buitelinguistiese faktore beskou, byvoorbeeld die ideologie, die maatskaplike en sosiale opset, en die historiese dimensie wat die uitinge bepaal en struktureer.

'n **Vroulike diskoers** sal dus sentreer rondom die gegewe van die vrou aan die woord as outeur van tekste. Sake soos haar teikengehoor/teikenlesers, haar posisie binne die maatskappy, en onder meer haar opvoedkundig-intellektuele en materiële vermoë tot literêre produksie moet betrek word, sodat die betrokke tekste binne 'n vroulike diskoers as uitkoms van al hierdie sake hanteer word. 'n Vroulike diskoers (op hierdie stadium nog eerder teorie as praktyk) kan dan omskryf word as die kontinue literêre stem van die vrou – soos gehoor en meermale stilgemaak – deur die geskiedenis heen, in 'n groot aantal wyd uiteenlopende tekste. Die vroulike diskoers sal die stempel dra van die vrou se ervaringe, lyding, weerstand, en kreatiwiteit deur dekades en selfs eeue van vroue-onderdrukking en miskenning heen. Die vroulike diskoers word kortweg opgesom as dat dit beteken, om te "skryf as 'n vrou" (*writing as a woman*).⁴⁴

Volgens Montefiore (1994:57) sal die daarstelling van 'n *vroulike literêre tradisie*, naas ander voordele, die moontlikheid van 'n *vroulike diskoers* konsipieerbaar maak:

The idea of a woman's tradition would enable feminists not only to rewrite our independent history of woman poets, but to construct a context of poetic meaning⁴⁵ in which women's poems were not constantly overdetermined or undermined by patriarchal suggestion and symbol; finally, it would work more generally *to help make a woman's discourse thinkable* (my kursivering).

Wat betref die oorspronklike doel van hierdie paragraaf (naamlik om te onderskei tussen 'n vroulike diskoers en tradisie), die volgende: 'n **Vroulike literêre tradisie** kan, op dieselfde wyse as 'n "algemene" literêre tradisie, as in wese 'n diachroniese kontinuum beskou word. Dit is 'n projeksie van (hoofsaaklik vir vroue) betekenisvolle tekste wat 'n bepalende invloed uitoefen op latere lees- en skryfhandelinge.

44 Montefiore (1994:34) wys egter ook op teenstand uit die geleedere van sekere vroulike outeurs teen 'n spesifiek vroulike diskoers. Die digteres Anne Stevenson (in haar opstel *Writing as a Woman*) maak byvoorbeeld 'n argument uit ten gunste van 'n gemeenskaplike bewustheid wat manlikheid sowel as vroulikheid omvat ("...this consciousness must have room for both male and female").

45 "Women poets", "poetic meaning" en "poems" kan in hierdie konteks veruim word om te dui op "vroulike outeurs" in die algemeen, "literêre betekenis" en "literêre tekste".

2.6.3.1 Die daarstelling van 'n vroulike tradisie as manifestasie van 'n soeke na literêre voorgangers

Women have a paradoxical relationship to tradition. As readers and writers, we belong to it, but as women we are excluded. The body of work which constitutes the canon⁴⁶ of English literature as taught in schools and universities, is nearly all written for and by men, displays masculine preoccupations, and usually ignores women or present us as stereotypes which usually invokes variants of the angel/whore dichotomy (Montefiore 1994:26).

Die manlike tradisie waarna Montefiore hierbo verwys, huisves duidelik die manlike vorm van literêre diskoers waarmee die vrou met literêre aspirasies gekonfronteer word. Een manier om die probleem van die (manlike) tradisie te benader, is om dit te konsipieer as 'n persoonlike dilemma waarvoor alle vroulike skrywers te staan kom, aldus Montefiore (1994:27). In haar opstel "When We Dead Awaken: Writing as Re-vision" verwoord Adrienne Rich (in Montefiore 1994:27) die aspirant-vroulike outeur se dilemma soos volg:

(The) girl or woman ... tries to write because she is peculiarly susceptible to language. She goes to poetry or fiction looking for *her* way of being in the world, since she too has been putting words and images together; she is looking eagerly for guides, maps, possibilities; and over and over again in the words's "masculine persuasive force" of literature she comes up against something that negates everything she is about: she meets the image of Woman in books written by men.

Die jong – en selfs meer ervare – vroulike outeur se dilemma is dus 'n gebrek aan modelle, aan voorgangers, of aan literêre "moeders". Nêrens in die bestaande tradisie (en by implikasie ook kanon), vind sy 'n weerklank van haar eie gevoelens, gewaarwordinge en ervarings nie. Wat sy wél vind, is 'n wanvoorstelling van haarself waarmee sy nie kan identifiseer nie. Die kanon waarop die tradisie berus waaraan sy blootgestel word, gaan mank aan teksgenererende modelle vir 'n eg vroulike wyse van literêre produksie.

In *The Madwoman in the Attic* (1979) wys Gilbert en Gubar op die destruktiewe gevolge van die afwesigheid van 'n vroulike literêre tradisie – dit noem hulle die "anxiety of authorship", oftewel die vrou se vrees en huiwering om tot skryf oor te gaan. Hierdie situasie kan alleen deur 'n vroulike "revisionist struggle" oorkom word, wat Rich (in Gilbert en Gubar 1979:49) omskryf as "the act of looking back, of seeing with fresh eyes, of entering an old text from a new critical direction ... as act of survival". In die terme van die multifunksionele model beteken Rich se woorde dat sowel manlike as vroulike outeurs se tekste nou vanuit 'n ánder perspektief bekyk word ten einde alternatiewe, en moontlik meer betekenisvolle funksies, daarin te vind as wat die kritiese institusie tot op datum daarin gevind het. Al hierdie handeling kom in beginsel neer op 'n **herlesing** van bestaande tekste. Só 'n hersieningstryd via 'n herlesing neem 'n aanvang met die jong outeur se soeke na 'n vroulike voorganger ("precursor");

⁴⁶ Montefiore gebruik die terme "tradisie" en "kanon" asof dit uitruilbare begrippe is.

dit wil sê, iemand wat deur haar voorbeeld bewys dat teenstand teen die patriargale literêre outoriteit wel moontlik is (Gilbert en Gubar 1979:49).

Die soeke na voorgangers blyk dan die essensie te wees van die versugting om 'n vroulike literêre tradisie. Die waarde van die daarstelling van so 'n tradisie is groot, soos Spender (1989:33) aandui: "If women were indeed without a great literary tradition, much could be said for the advisability of inventing one, for the positive influence it could provide for women and women's literary endeavours. Such is the power of a tradition".

Een van die winste van 'n aparte vroulike literatuurgeskiedenis is die kweek van 'n sin van kontinuïteit in vroulike skryfwerk, sodat die ang om in isolasie te skryf, verminder word (Ruthven 1984:124).

Woolf (in Eagleton 1986:8) wys op die enorme invloed van die tradisie: "... masterpieces are not single and solitary births; they are the outcome of many years of thinking in common ... the experience of the mass is behind the single voice". Moi (1985:82) konstateer: "... the study of a female tradition in literature,... is surely more than a methodological choice, it is an urgent *political necessity*".

2.6.3.2 Die oorsprong van 'n vroulike literêre tradisie

Naas *The Madwoman in the Attic* (1979) verskyn in die laat sewentigerjare nog twee ander tekste wat spesifiek op 'n vroulike literêre tradisie fokus: Ellen Moers se *Literary Women* (1976) en Elaine Showalter se *A Literature of Their Own* (1977). 'n Gemeenskaplike uitgangspunt van hierdie drie werke is dat die vroulike literêre tradisie sy gronde en voortbestaan in die steeds ontwikkelende verhoudinge tussen vroulike skrywers en hulle gemeenskap vind. Dit is dus die samelewing, en nie biologie/natuur nie, wat vroue se verskillende literêre persepsies van die wêreld vorm (Moi 1985:52-3 en Showalter 1977:12). Showalter (1977:12) wys juis op die probleme insake die term "female imagination", deurdad dit 'n diepgaande, onvermydelike verskil veronderstel tussen mans en vroue se visie van die wêreld, wat op 'n onaanvaarbare biologiese essensialisme neerkom. Daar kan egter geargumenteer word dat hierdie verskillende persepsies wél bestaan, maar nie as biologies gepredisponeer nie, omdat vroue deur die eeue gedwing is om "verskillend" te lewe. Samelewingsinvloede is in die lig hiervan hoogs waarskynlik verantwoordelik vir mans en vroue se verskillende persepsies.

Volgens Montefiore (1994:57) is daar tans drie kritiese modelle wat poog om die essensie van 'n vroulike tradisie te peil. Die eerste model, soos verteenwoordig deur Gilbert en Gubar se werk, berus op die aanname dat die artikulasie van die rebelse en gevaarlike vroulike self (die *madwoman*-personasie) die essensie van vroulike skrywe is. 'n Tweede model word verteenwoordig deur veral Adrienne Rich se standpunt dat die vroulike skrywer haar kan definieer

by wyse van identifikasie en solidariteit met ander vroue. Deur haar na haar vroulike literêre voorgangers te wend, kan die jong skryfster haar eie identiteit bevry van patriargale beperkings. Die probleem met hierdie siening is egter volgens Montefiore (1994:59) dat die vroulike skrywer daardeur tot 'n unitêre konsep verklaar word, waardeur haar individualiteit en die spesifieke omstandighede waaronder sy skryf, misken word:

What does exist is an immense variety of women poets, often divided by major differences of class, race and circumstances, and writing in a multiplicity of discourses; and *any account of a woman's tradition has to take account of these differences and separations* (my kursivering).⁴⁷

'n Derde model word voorgestel deur die kritikus Margaret Homans, volgens wie dit moontlik is om 'n tradisie te konstrueer deur die ontleding van die "maskers" – oftewel posisies binne die post-Romantiese diskoers – van waaruit dit vir vroulike digters moontlik is om literêre tekste te produseer. Montefiore (1994:62) noem egter dat Homans se model veel eerder 'n ondersoek is na die wyses waarop vroue hulle reaksies op die manlike diskoers kan dokumenteer, as 'n model van 'n vroulike tradisie.

2.6.3.3 Die doel en aard van 'n vroulike literêre tradisie

Die uitsluitlike doel van die bundel *Vrouevertellers 1843-1993* is die daarstelling van 'n geslagsdiskoers (en implisiet ook 'n vroulike tradisie) in Afrikaans, aldus die redakteur (Van Niekerk 1994:1). Sy brei egter nie uit op dié stelling nie, en meld nie waarom juis die ontwikkeling van so 'n diskoers en/of tradisie soveel prominensie behoort te geniet nie.

Die daarstelling van 'n vroulike tradisie het egter heelparty funksies, afhangende van die perspektief waaruit dit beoordeel word. Vir die radikale feminisme met die klem op vroulike ervaring en solidariteit (soos dit onder meer in die konsep van die lesbiese kontinuum⁴⁸ vergestaltung vind) het 'n vroulike tradisie onder meer ten doel om rolmodelle of literêre voorgangers aan vroulike skrywers te bied. Die tradisie wil 'n modus van skryf aan die aspirant-skrywer bied – dus 'n oorwegend skrywer-georiënteerde doelstelling. Hiermee saam bied die vroulike tradisie 'n konteks vir self-definisie aan die skrywer, terwyl ook die leser se begrip van vroulike belewenis vergroot word: "... it is crucial that we identify a tradition of specifically female

47 Die implementering van 'n sosialistiese perspektief kan 'n korrektyf wees vir die miskening van klas, ras, en omstandighede.

48 Die "lesbiese kontinuum" soos deur radikale feministe gedefinieer, verwys nie na enige spesifieke seksuele oriëntasie van die individu nie, maar wel na alle positiewe verhoudings tussen vroue (byvoorbeeld die deel van gevoelens en gewaarwordinge, "binding" tussen vroue, weerstand teen manlike onderdrukking en die verskaffing van praktiese ondersteuning aan byvoorbeeld mishandelde vroue). Die "lesbiese kontinuum" verwys dus na alle vorms van "women-identified experience" en die ryk geskakeerde geskiedenis en psigologie van vroulikheid (Montefiore 1994:72).

poetry, not in order to 'place' particular poems, but so as to understand female experiences (including sexual oppression), and women's awareness and criticism of those experiences, as the intellectual and emotional context of the poetry we value" (Montefiore 1994:3).

Vir die liberale feminisme met die klem op die vrou se gelykberegting op alle vlakke van die lewe, impliseer die ontwikkeling van 'n vroulike tradisie dat die vrou oplaas haar regmatige plek in die literêre sfeer kan inneem. Vir die liberale feminis is dit in wese 'n handeling van "regstellende aksie" wat aan die vrou 'n groter inspraak, en in 'n mate 'n magsposisie sal verleen. Volgens die sosialistiese feminisme is die doel van die ontwikkeling van so 'n tradisie om vorige miskening as gevolg van ras- en klasvooroordele te probeer teenwerk.

Montefiore (1994:20) identifiseer die vernaamste funksie van 'n tradisie – spesifiek vir vroue – as om 'n gebied van voortdurende stryd te wees, sowel polities as intellektueel. Haar standpunt kan geïnterpreteer word as dat 'n poging tot die daarstelling van 'n vroulike tradisie in der waarheid 'n bevestiging van die vrou se stryd om erkenning, bemagtiging, en die vind van 'n nuwe wêreldbeskouing is. Laasgenoemde sal dan insluit: 'n wêreldbeskouing waarin pluraliteit as 'n bron van kreatiwiteit gesien word, waarin ook die minderhede van die samelewing inspraak het, en hulle stemme as waardevol geag word, omdat dit eg menslik is. Binne die Suid-Afrikaanse konteks – waarvan die samelewing by uitstek deur pluraliteit gekenmerk word – is dit te verwagte dat só 'n doelstelling die mikpunt met *Vrouevertellers* is.

Moers (1986:42) beskou vroue se literêre geskiedenis as "... a literary movement apart from but hardly subordinate to the mainstream: an undercurrent, rapid and powerful". Moers handhaaf hier 'n separatistiese uitgangspunt, wat impliseer dat 'n vroulike tradisie *apart* van die manlike moet bestaan (Moi 1985:53). 'n Ander standpunt is dié van Showalter, wat van Moers verskil deur te stel dat 'n vroulike literatuuergeskiedenis eerder uit 'n kontinuum van "vergete" skrywers bestaan, as dat dit nog altyd as 'n kragtige onderstroom teenwoordig was (Moi 1985:55). Showalter (1977:11-12) wys op die imperatief tot herontdekking wanneer sy skryf: "... each generation of women writers has found itself, in a sense, without a history, forced to discover the past anew ...". Haar eie doel met *A Literature of Their Own* omskryf sy soos volg: "This book is an effort to describe the female literary tradition in the English novel from the generation of the Brontës to the present day, and to show how the development of this tradition is similar to the development of any literary subculture" (Showalter 1977:11). Vir Showalter dus, besit 'n vroulike literêre tradisie die eienskappe van 'n literêre subkultuur (in die terme van die polisisteamteorie, 'n niegekanoniseerde sisteem – sien paragraaf 2.4.2). Showalter gebruik die Engelse tradisie as eksemplaar van 'n vroulike tradisie, sodat die parallel wat sy met "any literary subculture" vind, nie summier na alle vroulike tradisies veralgemeen kan word nie. Dit sal nodig wees om 'n aantal vroulike tradisies te

ondersoek alvorens uitsprake oor die sistemiese eienskappe daarvan gemaak kan word.

In die bestudering van die ontwikkeling van 'n geslagsdiskoers is dit dan – soos Van Niekerk (1994:1) doen – nodig om die historiese wortels en ontwikkeling van literatuur deur vroue binne 'n bepaalde literatuur (byvoorbeeld die Afrikaanse in Van Niekerk se geval, of die Engelse in Showalter se geval) na te vors. Vervolgens kan die gegewens binne 'n teoretiese raamwerk – soos deur Showalter daargestel – gesistematiseer word.

Showalter postuleer drie fases van historiese ontwikkeling soos dit in die meeste literêre subkulture voorkom. Eerstens is daar 'n verlengde fase van **imitasie** van die heersende vorme/modi van die dominante tradisie, sowel as 'n **internalisering** van dié tradisie se norme insake kuns en sosiale rolle. Hierop volg 'n fase van protes teen hierdie norme, en 'n **verdediging** van minderheidsregte en -waardes, wat 'n eis om outonomie insluit. Laastens is daar 'n fase van **self-ontdekking** wanneer die bevryde skrywer haar/hom na binne wend en 'n eie identiteit soek. Binne 'n feministiese tradisie kan hierdie fases onderskeidelik die *feminine* (vroulike), *feminist* (feministiese) en *female* (vroue-) fase genoem word. Hierdie fases oorvleuel dikwels; dit gebeur soms dat al drie fases binne 'n enkele outeur se oeuvre gevind word (Showalter 1977:13).

Die **vroulike fase** in die Anglo-Amerikaanse literatuur strek van die verskyning van die manlike skuilnaam in die jare vanaf 1840 tot met die dood van George Eliot in 1880. In hierdie tyd is die beeld van die vrou as Perfekte Dame, die Engel in die Huis, as ideaal voorgehou. Gevolglik was die vroulike skrywer se verhouding tot haar professionele rol betreklik ongemaklik, en kon sy haar skryfwerk nie as 'n aspek of uitdrukking van haar vroulike ervaring beskou nie. Die manlike skuilnaam is 'n aanduiding van vroue se belewenis dat literêre produksie in 'n konflikverhouding tot hulle status as vroue staan. Die Victoriaanse vroulike outeurs het 'n diepgaande vrees gehad om "onvroulik" voor te kom, maar het terselfdertyd na ware kuns gestreef. Dikwels manifesteer die outeur se konflik tussen gehoorsaamheid aan en teenstand teen die patriargie, as die heldin van die roman se morele krisis; selfvervulling teenoor gehoorsaamheid aan die vader/eggenoot. Die feministiese inhoud van "vroulike" kuns is dan ook verskuil in die teks: "(it is) oblique, displaced, ironic and subversive; one has to read it between the lines, in the missed possibilities of the text".

Die **feministiese fase** (1880-1920) bevraagteken die vroulike "gospel of self-sacrifice" (Showalter 1977:29), en konstrueer 'n teoretiese model van vroue-onderdrukking. Hierdie skrywers se werk word die uitdrukkingsmedium van verontregte vrouwees, asook van eise om veranderinge in die sosiale en politieke sisteme sodat vroue "manlike" voorregte kan bekom, en dat kuisheid en getrouheid ook van mans vereis word. In sy mees ekstreme vorm bepleit die feministiese literatuur "Amazon utopias" en 'n universele susterskap, terwyl protes teen die manlike regering,

wetgewing, en mediese praktyk aangeteken word. Verhoudinge tussen vroue word hoog geag; só ook "vroulike" waardes van kuisheid en moederlike liefde.

Die **vrouefase** (1920-) verwerp sowel imitasie as protes as vorme van afhanklikheid. In die plek daarvan word vroulike ervaring as die bron van 'n outonome kuns gesien. Die feministiese analise van kultuur sluit ook literêre vorme en tegnieke in. Die sogenaamde "female aesthetic" sien die lig: hiervolgens word die wêreld gesien as volledig deur *gender* gepolariseer; vroulike gevoeligheid verkry 'n byna gewyde karakter. Die "female aesthetic" gee veral aandag aan woorde, sinne, en die taalstruktuur van die teks.

Paradoksaal genoeg, lei die "vervrouliking" van die literatuur ten opsigte van die formele en teoretiese aspekte daartoe dat die fisieke ervaringe van vroue al hoe minder aandag geniet. Androgeniteit – as 'n belangrike konsep in dié fase – sou ontvlugting van 'n konfrontasie met die vroulike liggaam bied. Woolf se "eie kamer" word vir die "female aesthetics" die simbool van artistieke outonomie, maar ook van sosiale en seksuele onttrekking. Die teorie van die "female aestheticism" is kenmerkend met seksuele simbole gelaai, maar die inhoud van die tekste is merkwaardig geslagloos.

Die jare vanaf 1960 bring weer eens vernuwing ten opsigte van die roman: Showalter (1977:35) noem dié tyd "a renaissance in women's writing that responds to the demands ... for an authentically female literature, providing woman's view of life, woman's experience". In hierdie periode word 'n konflik tussen kuns en liefde, tussen selfvervulling en plig ervaar. Hierdie skrywers eis die reg om 'n voorheen manlike woordeskat te gebruik, sowel as om voorheen "taboe" aspekte van vroulike ervaring weer te gee. Vir die eerste keer word woede en seksualiteit as eienskappe van realistiese vroulike karakters aanvaar, maar ook as bronne van vroulike kreatiwiteit. Hierdie skrywers is bewus van hulle plek in 'n politieke sisteem, hulle verbondenheid aan ander vroue, en die soeke na die definisie van outonomie vir vroulike skrywers (Showalter 1977:3-36 en 1986b:137-9).

Wanneer daar egter oor 'n **vroulike tradisie** in die literatuur gepraat word, is dit belangrik om te onthou dat dit hoegenaamd nie 'n unitêre konsep is nie. Moers (in Ruthven 1984:128) merk op: "There is no single female tradition in literature". Die groot verskille tussen feministe onderling – wat betref seksuele voorkeur, klas, en kleur – is vir hierdie situasie verantwoordelik, aldus Ruthven (1984:127). Dit bring op sy beurt probleme mee, soos Eagleton (1986:5) aandui wanneer sy vra: "How are the academic First World feminist and the illiterate Indian woman to speak together with understanding, without patronage, without exploitation?". Wat Eagleton hier aanraak, is 'n wesenlike probleem, naamlik dat een groep feministe, soos die patriargie, ander vroue mag uitbuit

en oorheers, ten einde hulle eie doelstellings te realiseer. 'n Rigting soos die postkoloniale kritiek neem dergelike vraagstukke as sy ondersoekterrein.

Van besondere belang reeds in dié stadium is Franklin (1979:105) se boodskap aan almal wat met die studie en onderrig van die literatuur gemoeid is:

If we who study and teach literature wish that our profession survive, we must adjust our vision to a world in which most people are nonwhite, *over half are female*, the overwhelming majority are workers, and all live in a time of transformation so intense that it may constitute a metamorphosis (my kursivering).

Die slotafdeling neem bostaande boodskap, en spesifiek die gekursiveerde frase, as vertrekpunt. Die bestaande kanon word vanuit 'n feministiese perspektief beskou, en van die belangrikste sake vir feministiese kanonondersoekers en -hersieners word onder die soeklig geplaas. Dit sluit onder meer in die ontwerp van 'n feministiese strategie vir kanonhersiening, die normatiewe en estetiese vraagstukke waarmee sulke hersieners gekonfronteer word, asook die moontlikheid van en probleme rondom die daarstelling van 'n aparte feministiese teenkanon.

2.7 'n Feministiese perspektief op die kanon

2.7.1 Feministiese weerstand teen die manlik-gedomineerde kanon

Feminism must always be the alignment of women in a political movement with articular aims and objectives (Coward 1986:238).

Harris (1991:114) noem dat die ondermyning van tradisionele waardes ("genteel values") 'n prominente eietydse tendens binne die literatuurwetenskap geword het. Die grootste uitdaging van hierdie waardes van 'n ouer bestel kom vanuit die oorde van feministies-, etnies- en Marxisties-georiënteerde belangegroepes. Die waarde van die feministiese benadering word deur Van Alphen en Meijer (1991:14) bevestig wanneer hulle verwys na die feminisme "dat in die afgelopen twee decennia de blik van menig criticus (m/v) zowel verbreed als verdiept heeft".

In 1986 merk Robinson (1986:106) op dat feministiese literatuurwetenskaplikes toe reeds langer as 'n dekade teen die sistematiese afwysing van vroulike ervaring binne en deur die kanon geprotesteer het. Hierdie afwysing neem veral die gedaante aan van enersyds die volkome weglating van sekere vroulike outeurs uit die kanon, en andersyds die distorsie en misinterpretasie (*misreading*) van erkende vroulike outeurs. Laasgenoemde verskynsel kan uiteraard as herskrywings beskou word, waar die kritiek en ander meganismes (in hierdie geval) *va/s* beelde van vroulike outeurs en hulle werk geskep het (en moontlik steeds skep). Dit is hierdie manipulasie wat aan die kaak gestel moet word deur hersienende studies. Scholes (in Lefevere

1992:9) sien die doel van sodanige studies soos volg: "to see through the manipulations of all sorts of texts in all sorts of media".

Dat 'n feministiese hersiening van die tradisionele kanon 'n betreklik onlangse ontwikkeling is, word deur Baym (1986:63-64) aangedui: "As late as 1977, (the) canon did not include any women novelists". Nietemin gaan die wortels van manlike diskriminasie teen skrywende vroue ver terug in die geskiedenis. Nathaniel Hawthorne verwys byvoorbeeld in 1854 na 'n "damned mob of scribbling women" wat die leserspubliek se aandag van "ernstige" manlike outeurs se werk aflei.

Mulford (1982:180) identifiseer die belangrikste werksterreine van die feministiese literatuurbenadering as "the enormous range of the representations of men and women in literature; women readers and writers; *the treatment of women's books by critics*; women and the conditions of the writing profession; women and language; and *women and the literary tradition*" (my kursivering). In aansluiting by die eerste terrein wat Mulford noem, handhaaf Robinson (1986:106) die standpunt dat gekanoniseerde manlike outeurs die vroulike karakter, asook die verhoudings tussen die geslagte op so 'n wyse uitbeeld dat die seksistiese ideologie daardeur gereflekteer en versterk word. (Die vraag ontstaan of alle gekanoniseerde manlike outeurs hieraan skuldig is – uiteraard 'n onderwerp vir verdere navorsing). Hierby kan gevoeg word: Die studie van die wye voorkoms van valse beelde van vroulike outeurs en hulle tekste soos dit deur 'n groot verskeidenheid herskrywings geskep is, soos reeds hierbo op gewys is.

Bogenoemde sake behels almal 'n studie van **bestaande kanons**, hetsy met die doel om slegs **gebreke** daarin uit te wys, of om uiteindelik in die rigting van hersiening te beweeg. Die **bestudering** van kanons is 'n aktiwiteit op metavlak, terwyl **kanonhersiening** impliseer dat die literatuurwetenskaplike nou self aan die sisteem deelneem. Hierdie studie streef daarna om op al drie dié terreine te beweeg, naamlik om op gebreke in die kanon van Afrikaanse literatuur (meer bepaald die prosa) te wys, om die kanon en sy prosesse vanuit 'n pluralistiese teoretiese raamwerk te bestudeer, en laastens om die terrein van kanonhersiening te betree.

Feministe is dit eens dat die kanon van "groot literatuur" daarvoor verantwoordelik is dat die "verteenwoordigende ervarings" van die blanke, manlike middelklas aan toekomstige generasies oorgedra word, en geen ruimte vir die "afwykende, onverteenwoordigende" ervarings van onder andere die vroulike, etniese, of werkersklasliteratuur gelaat word nie (Moi 1985:78). Oor die historiese marginaliteit van laasgenoemde skryf Hawkes (1985:42):

Interest in working-class writing was largely confined to sections of the labour movement and the intelligentsia. It remained marginal to the literary traditions defined by professional critics in the universities, *and had no place in the dominant literary discourse*, which insisted

on the absolute separation of literature, politics and ideology (my kursivering).

Daar bestaan dus 'n bepaalde marginaliseringsproses ten opsigte van sekere literêre produkte, waarvan die bestaan verduister word ten gunste van prominensiering van bepaalde bevoorregte tekste. Robinson (1986:106) noem die kanon 'n "entirely gentlemanly artifact", wat die bewus-manlike aard daarvan aandui, en terselfdertyd uitsluiting van nie-lede van die blanke manlike middelklas impliseer. Hierbenewens dui "artifact" daarop dat die kanon deur doelbewuste strategieë tot stand gebring is, en steeds tot stand gebring word, soos Pleij (1988:337) dit onomwonde stel: "Klassieken bestaan niet, ze worden gemaakt". Dit is spesifiek in hierdie kunsmatige opbou-aard van die "klassieke" kanon wat die proses van *institutionalising* 'n primêre rol speel.

Die voortbestaan van hierdie kanon word onder meer daardeur verseker dat mans nog steeds groot seggenskap in uitgewerye, die akademie, en die literatuurkritiek het. Gevolglik word tekste wat aan hulle norme voldoen, na die kanon gekanaliseer (Sherry 1988:28). Tekste deur vroulike outeurs wat wél hulle weg na die kanon vind, konformeer gewoonlik met die standaard daarvan (Ruthven 1984:111), sodat min ware vroulike tekste hulle regmatige plek in dié opgawe van "groot" werke kan inneem. Feministiese resepsiestudies dui aan dat vroue sekere gekanoniseerde tekste van manlike outeurs minder positief evalueer as wat die kanon voorskryf (Sherry 1988:29), sodat dit skyn asof kanoniseringsmeganismes vroue se oordele buite rekening laat.

Die uitdaging waarvoor feministiese literatuurwetenskaplikes te staan kom, is dus om 'n reeks alternatiewe vir die manlik-gedomineerde aard en uitgangspunte van die kanon te ontwerp, aldus Robinson (1986:106). Die daarstelling van hierdie alternatiewe behoort as 'n aktiewe politieke strategie beskou te word, met die oogmerk om die magswanbalans binne die literêre sisteem te korrigeer (sien Coward se stelling hierbo).

2.7.2 Die ontwerp van 'n feministiese strategie

When I say we must redo our history, ... , I mean we must review, reimagine, rethink, rewrite, revise, and reinterpret the events and documents that constitute it (Gilbert 1986:32).

'n Feministiese strategie ten einde bogenoemde doel te verwesenlik, gaan in beginsel daaroor dat literêre gebeure en die gedokumenteerde weergawes daarvan (byvoorbeeld literatuurgeskiedenis) hersien – met ander woorde, herlees, herdink, herskryf, herbeplan, en hergestruktureer – moet word. Gilbert (1986:31) praat in dié verband van die sogenaamde hersieningsimperatief (*revisionary imperative*), met ander woorde, die feministiese opgaaf tot

hersiening van onhoudbare strukture en institusies. Hierdie *revisionary imperative* is 'n monumentale taak vir feministiese literatuurwetenskaplikes, aangesien dit in werklikheid die hervorming van 'n duisend jaar van Westerse kultuur impliseer, aldus Gilbert (1986:32).

Nietemin is dié opgaaf tot hersiening 'n onontkombare voorwaarde vir die daarstelling van 'n vroulike literêre tradisie sowel as 'n teenmiddel vir die historiese kulturele vervreemding van die vrou. Essensieel gaan hierdie hersieningshandeling oor die hersiening van die literêre lewe van die vrou: oor 'n nuwe blik op en interpretasie van die vrou wat skryf en lees. Gilbert (1986:36) waarsku dat feministiese literatuurwetenskaplikes in hulle strewe tot die hersiening van die Westerse literatuur gekortwiek kan word deur veral manlike kollegas wat onverskillig teenoor hul werk staan, of dit as triviaal of as 'n modeneiging bestempel.

Robinson (1986:107) identifiseer twee moontlike strategieë vir die feministiese hersiening van "die" (manlike) kanon. Die eerste opsie sou wees 'n poging tot alternatiewe lesings van die tradisie. Sulke lesings moet ten doel hê om die vroulike karakter, motivering, en handeling op so 'n wyse te herinterpreteer dat die seksistiese ideologie daardeur ondermyn word. Die tweede opsie is die oopstelling van die kanon vir literatuur deur vroulike outeurs. Binne 'n evolusionêre model van feministiese literatuurteorie word lesings van die eerste aard as die vroeëre, meer elementêre werksaamhede gesien, terwyl die fokus op vroulike outeurs 'n meer resente ontwikkeling verteenwoordig. Laasgenoemde werkwyse behoort die insluiting van nie alleen die vroulike outeur te omvat nie, maar ook 'n eg vroulike lewens- en wêreldbeskouing in die kanon.

Hierdie werkwyse bevraagteken uiteraard nie die konsep van die kanon self nie, maar gaan van die standpunt uit dat indien die kanon se kriteria vir waardevolle literatuur konsekwent toegepas word, heelwat vroulike outeurs in die kanon opgeneem moet word, wat tot dusver hulle regmatige plekke ontnem is. Wat die kriteria vir "waardevolle" literatuur betref, gaan hierdie standpunt van die veronderstelling uit dat literêre waarde nie suiwer op estetiese gronde berus nie, maar dat ander sake, byvoorbeeld sosiale en ideologiese funksies, meewerk om 'n teks waardevol te maak. So byvoorbeeld wil hierdie werkwyse aan die lig bring dat 'n vroulike outeur, wat binne die kanon as "tweedeklas"-outeur bekend staan, in werklikheid "eersteklas" is, op grond van voorheen geringgeskatte funksies, soos byvoorbeeld die ideologiese. 'n Ander moontlikheid is om sogenaamde "verlore" vroulike outeurs te (her)ontdek, hulle werk opnuut te publiseer, en te herwaardeer. Op dié wyse word reputasies deur kritiese werk "gemaak", en soms selfs binne 'n feministiese teenkanon (*countercanon*) geakkommodeer. Benewens verteenwoordiging in hierdie alternatiewe kanon, maak kritici soms ook daarop aanspraak dat hierdie herontdekte tekste status binne "die" kanon moet geniet (Robinson 1986:109-110).

2.7.3 Die normatiewe en estetiese vraagstukke

Die tweede opsie wat hierbo genoem is, naamlik die oopstelling van die kanon vir herontdekte en opnuut geëvalueerde vroulike outeurs, bring ook 'n aantal probleme mee. Talle feministiese kritici glo dat alleen die oopstelling van die kanon vir 'n groot aantal vroulike outeurs die bestaande ongelykhede kan uitwis. Hierdie strewe bring basiese estetiese vrae na vore.

Die konsep van "gehalte" is uiters problematies binne 'n feministiese werksveld. Daar bestaan twee standpunte oor die gehalte van vroue se werk in verhouding tot die werk van manlike outeurs. Dit is naamlik:

- i. Vroue kon nié dieselfde standaarde as manlike skrywers handhaaf nie, maar dít is aan ongunstige omgewingsinvloede toe te skryf ("Women have not reached the achievements of male writers, but ... this is to be attributed to the constraints historically inherent in the conditions in which their work was produced and consumed" – Barret in Eagleton 1986:34; sien ook Baym se idee van geslagsgekoppelde struikelblokke onder 2.6.1 hierbo);
- ii. vroue het wel gelyke prestasies gelewer, maar dié feit word deur die manlike literêre *establishment* verdoesel ("... women have achieved equally in respect of aesthetic value and we only think otherwise because of the warped and prejudiced response of a predominantly male, and sexist, critical and academic establishment" – Barret in Eagleton 1986:34).

Die tweede standpunt hierbo – naamlik dat vooroordeel vroue se werk uit die kanon geweer het – laat vrae ontstaan oor die kriteria waarvolgens die gehalte van 'n teks beoordeel word. Barret gaan hier van die standpunt uit dat estetiese meriete die maatstaf vir literêre waarde behoort te wees. Terwyl dit skyn asof vele herontdekte vroulike tekste wel aan hierdie estetiese kriteria vir "goeie literatuur" voldoen, bestaan daar twyfel of laasgenoemde altyd vroulike tekste akkommodeer. Robinson (1986:110) verwoord die probleem van akkommodasie al dan nie:

We need to understand whether the claim is being made that many of the newly recovered or validated texts by women meet existing criteria or, on the other hand, that those criteria themselves intrinsically exclude or tend to exclude women and hence should be modified or replaced.

Baym (in Robinson 1986:110) se standpunt sluit by laasgenoemde moontlikheid aan. Sy meen dat algemeen aanvaarde kriteria, wat ook as riglyne vir kanoniserings geld, bevooroordeel en dus ongeldig is:

... I cannot avoid the belief that "purely" literary criteria, as they have been employed to

identify the best American works, have inevitably had a bias in favor of, say, a whaling ship, rather than a sewing circle as a symbol of the human community ... While not claiming any literary greatness for any of the novels ... in this study, I would like at least to begin to correct such a bias by taking their content seriously.

Die feit dat talle tekste deur vroulike outeurs in die vergetelheid geraak het, kan wel deeglik daaraan toe te skryf wees dat dit doodeenvoudig nie goed genoeg was nie. Daar moet dus by 'n feministiese hersiening van die kanon in gedagte gehou word dat nie alle vroulike tekste ewe "goed" is nie, met ander woorde, nie slaag om hulle bedoelde funksies te vervul nie. Montefiore (1994:65) wys byvoorbeeld daarop dat alle onbekende en nou herontdekte (lees ook niegekanoniseerde) vroulike tekste nie altyd onderskatte meesterstukke is nie: "... it has to be admitted that sometimes the 'buried treasure' does turn out to be just old iron". Politieke strewes lei soms daartoe dat tekste wat op geen vlak slaag nie, nou oorskot word, bloot omdat dit deur vroue geskryf is ("... the suspicion sometimes voiced in literary journals, that feminists overvalue bad or mediocre work simply because it is written by women" – Montefiore 1994:65). Sodanige oorskatting kan as 'n oordrewe "regstellende aksie" geïnterpreteer word, met somtyds nadelige gevolge vir die reputasie van 'n feministiese of hersiene kanon. Bepaalde standaarde sal dus gehandhaaf moet word ten einde te verseker dat 'n feministiese (teen)kanon nie in 'n derderangse konglomeraat tekste ontaard nie. Soos Greer (in Ruthven 1984:122-3) tereg opmerk: "... women writers are not well served by the persistence of a critical double standard, which now threatens to survive as a hypocritical capitulation to militant feminist pressure ...".

Die kardinale vraag is egter nou: Hoe moet standaarde vir literêre (her)evaluering gedefinieer word? Waar begin feministiese literatuurwetenskaplikes om geldige en regverdigte standaarde daar te stel?

Robinson (1986:111) voorsien 'n totaal vernuwende beoordelingsprinsiep: "... The rationale for a new syllabus anthology relies on a very different criterion: that of truth to the culture being represented, the *whole* culture and not the creation of an almost entirely male white elite". Alhoewel so 'n oriëntasie nie die probleem van "old iron" uitskakel nie, bied dit tog die moontlikheid om waarde te vind in tekste wat nie volledig aan die eis van estetiese, intellektuele en morele digtheid (Robinson) beantwoord nie (soos dit óók geld vir manlike tekste). Voorts bied hierdie norm die moontlikheid dat tekssoorte wat histories dikwels deur vroue geproduseer is (naamlik dokumente soos joernale, dagboeke, ensovoorts) ook hierdeur gevalueer, en moontlik uiteindelik gekanoniseer, kan word. Vir prosesse van kanonverruiming wat veral op ideologiese motiewe berus, kan hierdie beoordelingsprinsiep 'n rasionaal verskaf. Wanneer die perspektief van vroue bygetrek word in 'n literêre-historiese ondersoek, kan die eietydse leser of navorser nadere kennis bekom van daardie kultuur soos dit werklik was. Die volgende stelling van Robinson (1986:117) suggereer dat werklike verteenwoordigendheid – hetsy van 'n maatskaplike werklikheid of 'n

individuele lewe – dié eienskap is wat tekstuele waarde behoort te bepaal: "... ultimately it is *honest writing for which criticism should be looking*". (Die konsep van "eerlike" skryfwerk kan egter ook problematies wees; dit sal byvoorbeeld moeilik wees vir 'n eksterne beoordelaar om hierdie kwaliteit in 'n teks te kan herken).

Maitland (aangehaal deur O'Rourke 1985:138-9) verskaf die volgende kriteria wat as rigtinggewend vir geldige hersiene norme kan dien. Volgens haar behoort 'n bevredigende eietydse vroulike teks ten minste van die volgende kenmerke te vertoon. Dit moet:

- i. die kompleksiteit van vroue se lewens bevredigend behandel;
- ii. 'n paradigma van ortodokse feminisme verskaf;
- iii. 'n "evangeliserende" funksie hê, in dié sin dat dit vroue die waarde van feminisme moet laat beseef;
- iv. die draer van 'n nuwe taal, simboolstruktuur, en wêreldbeeld wees;
- v. 'n goeie leeservaring bied: skerpsinnig en inspirerend wees terwyl lesers daarmee moet kan identifiseer;
- vi. nuwe mitologiese heldinne aan vroue bied; en
- vii. die onderdrukking van vroue aan die kaak stel.

Bogenoemde eienskappe impliseer veel van Maitland se oproep tot eerlike skrywe, synde 'n eerlike uitdrukking van vroue se ware lewens (persoonlik, literêr en polities), strewes, en wêreldperspektief. Hierdie kriteria kan met vrug gebruik word ten einde tekste te beskou wat nie op grond van bestaande kriteria tot "literatuur" verklaar kan word nie. (Alhoewel funksie [v] deels tot bestaande kriteria behoort). Derhalwe bied hierdie kriteria die moontlikheid om tekste binne die kategorie "vroulike literatuur" te plaas (mits van die genoemde eienskappe daarin voorkom), sowel as om die tekste te evalueer (volgens die mate waarin die teks aan die gestelde eise voldoen).

Dit is in hierdie stadium onmoontlik om finale antwoorde op die vrae hierbo te verskaf. Heelwat navorsing in dié verband sal nog gedoen moet word ten einde die standaard vir toekomstige literêre evaluering te kan omskryf. Daar moet ook in gedagte gehou word dat sake soos evaluering en literatuuropvatting moeilik geskei kan word, en dat literatuuropvatting sal moet verander voordat tekste werklik op ander maniere geëvalueer kan word. Dit skyn egter asof daar ietwat wegbeweeg moet word van die siening dat estetiese, intellektuele, en morele kompleksiteit die enigste bepalende norme is. 'n Beskouing waarvolgens kulturele verteenwoordiging prioriteit geniet (met ander woorde, 'n ideologies ingeklede perspektief), skyn 'n moontlike rigting te wees. By sodanige herskrywing van literêre norme sal daar egter balans moet wees: tussen norme wat die kanon enersyds tot 'n kompendium van artistieke uitnemendheid verklaar, en andersyds tot 'n

opgawe van kulturele geskiedenis. Nog 'n maatstaf waarvolgens tekste beoordeel kan word, is om – soos voorheen gesê (sien 2.4.3.4) – te vra na die geslaagdheid waarmee 'n teks sy teikenfunksie/s vervul.

2.7.4 'n Aparte feministiese teenkanon?

'n Kwessie wat vir vele polemieke onder literatuurwetenskaplikes verantwoordelik is, is: Hóé moet (verlore) vroulike skrywers ge(her)kanoniseer word? Moet hulle in die bestaande manlike kanon/tradisie geïnkorporeer word (die akkommoderende standpunt), of moet 'n aparte vroulike kanon/tradisie (die sogenaamde *counter-canon*) geskep word?

Ruthven (1984:124-6) se opmerkings in dié verband word vervolgens weergegee. 'n Aparte vroulike kanon sal ongetwyfeld 'n historiese profiel ánders as dié in bestaande literatuurgeskiedenis aanbied. Dit is omdat die periodes van basiese veranderinge in die samelewing, en dié gebeure wat as keerpunte beskou word, nie noodwendig dieselfde vir mans en vroue is nie. Só 'n kanon kan vroue se *anxiety of authorship* drasties verminder, en sal die anti-feministiese standpunt dat talle vroulike skrywers se werke bloot sporadiese afwykings van 'n oorwegend manlike tradisie is, bevraagteken. Dat die diskontinuiteit van vroulike skryfwerk nié 'n inherente kenmerk daarvan is nie, maar 'n resultaat van die androsentriese diskursiewe formasie daaromheen, kan deur 'n aparte literatuurgeskiedenis gedemonstreer word.

Die gedagte van 'n aparte kanon word versterk deur die sogenaamde "nuwe" vroulike literatuur wat in respons op die feministiese kritiek verskyn. Vroulike skrywers produseer hiervolgens tekste met spesifiek feministiese temas, ten einde aan die kritiese norm te voldoen.

Barrett (in Eagleton 1986:3-4) en Heinzelman (1988:65) wys hierteenoor op 'n aantal slaggate vir die daarstelling van 'n aparte vroulike kanon. In die skeep van 'n nuwe vroulike teenkanon kan feministe as 't ware deur die lens van die bestaande kanon kyk, en estetiese konsepte aanwend wat intrinsiek aan die manlike "orde" verbonde is. Dit kan gebeur dat 'n manlike "First Eleven" bloot met 'n vroulike weergawe vervang word – dit beteken dat byvoorbeeld Elisabeth Eybers in plaas van N.P. van Wyk Louw as Dertiger bestudeer word, of dat Eybers, Sheila Cussons, en Antjie Krog gesien word as die grootste Afrikaanse digters, in plaas van Van Wyk Louw, D.J. Opperman, en Breyten Breytenbach. Heinzelman (1988:65) praat van die "gravitasiekrag" wat die patriargale kanon op enige alternatiewe kanon uitoefen, en wat laasgenoemde uiteindelik op sy lees skoei. Dit is ook hierdie aantrekkingskrag wat die nuwe kanon sy lewenskragtigheid ontnem, en die alternatiewe literatuur sy *andersheid* laat inboet. Ezell (1990:591) roep feministiese kritici op tot selfondersoek en versigtigheid: "Also, we must ask ourselves whether the canon of women's

literature, whenever it is constructed, should simply be a replica of the male tradition as defined by literary history". In aansluiting hierby wys Moi (1985:78) op die onderdrukkingsmoontlikhede wat in so 'n "replika" geleë is: "... a new canon would not be intrinsically less oppressive than the old ... the female text rules as despotically as the old male text".

Die "akkommoderende" standpunt behels dat tradisionele literatuurgeskiedenis/die kanon **herskryf** moet word, ten einde die tot nou toe uitgesluite vroulike skrywers te akkommodeer. Volgens die voorstanders hiervan sal 'n "hersiene" kanon veel gebalanseerder daar uitsien as 'n aparte vroulike kanon. Robinson (1986:109) merk op: "True equity can be attained, they argue, only by opening up the canon to a much larger number of female voices".

Teenstanders van dié standpunt glo egter dat die prys van toetrede tot die kanon te hoog kan wees: Dat vroulike skrywers dalk hulle identiteit sal inboet in hulle pogings om aan die vereistes van die kanon te voldoen. In só 'n geval word die bestaande onderdrukkende kanon eerder versterk as ondermyn, en vroulike skrywers kelder uiteindelik net hulle eie strewe (Heinzelman 1988:59). Heinzelman (1988:63) verduidelik hierdie proses soos volg: Omdat die kanon per definisie 'n normatiewe institusie is, is daar sekere "meester-" of "vadertekste" wat die norm vir alle daaropvolgende tekste stel, en legitimiteit aan hulle verleen. Die manier waarop hierdie "meestertekste" gelees word, bepaal die interpretatiewe strategieë waarvolgens daaropvolgende tekste gelees word, en toelating tot die kanon verkry, of uit die kanon geweier word. Die kanon stel dus 'n bepaalde stel verwagtinge waaraan aspirerende tekste moet voldoen ten einde in die kanon opgeneem te word. Selfs wanneer 'n teks wat nie volgens die genoemde norme gekonformeer het nie, opgeneem word, is daar die gevaar dat 'n "kanonieke" kritiese lesing daarvan verskaf word, wat die andersheid daarvan onderdruk. Met ander woorde: Die verandering van die kanon deur oopstelling mag moontlik ook die verandering van die nuut opgeneemde teks teweegbring, met noodlottige gevolge vir die uniekheid en andersheid daarvan (Heinzelman 1988:68). Om dus bloot van die oopstelling van die kanon te praat, is 'n oorvereenvoudiging wat sy eie struikelblokke inhou. Enige "oopstelling" van die kanon behels derhalwe ook 'n normatiewe hersiening, wat uiteraard vele praktiese probleme oplewer.

'n Belangrike probleem om mee rekening te hou, is dat feministe kan oorkompenseer in hulle teenstand teen die hiërgiese aard van die kanon – dit wil sê, die praktyk om skrywers as "uitstekend", "goed", of "gemiddeld" te beskryf. In 'n poging om vroulike skrywers te vestig, en afbrekende kritiek te vermy, word almal as "uitstekend" bestempel. Hierdie toedrag van sake dui weer eens op die vraagstuk van politiek teenoor gehalte – en 'n feministiese kanon sal besondere sorg aan die dag moet lê om te verseker dat politieke belange nie ten koste van alle ander oorwegings verabsoluteer word nie. Prakties gestel, beteken dit dat alle oë nie gesluit moet word

vir byvoorbeeld estetiese, intellektuele en morele ylheid in tekste nie, en dat tekste nie summier op grond van n t ideologiese waarde gekanoniseer word nie. Uiteindelik sal daar besluit moet word watter oorwegings, hetsy ideologies of esteties, in 'n spesifieke konteks die swaarste weeg.

'n Nadeel van 'n geisoleerde feministiese kanon mag wees dat vroulike skrywers se werk nie deel het aan 'n gemeenskaplike liter re verwysingsraamwerk nie. Gevolglik word hulle tekste maklik sogenaamde "simboliese eilande" waar vroulike skrywers as 't ware net met mekaar kommunikeer, en net deur mekaar verstaan kan word (Kolodny 1986:54). 'n Gedeelde liter re "kode" tot interpretasie word sodoende ontbeer, en menigvuldige betekenismoontlikhede kan nie in interaksie met ander – ook "manlike" tekste – gerealiseer word nie.

'n Voorlopige oplossing vir die kwessie van 'n aparte teenoor 'n akkommoderende kanon word deur Robinson (1986:112) voorgestel. Volgens haar gebeur dit slegs in beperkte kontekste dat literatuur deur vroue eksplisiet *teenoor* die dominante kanon geposisioneer word. Oor die algemeen word daar eerder gestreef na die bevestiging van die bestaan, mag, en betekenis van 'n spesifiek vroulike liter re tradisie.

Sy onderskei dus tussen die feministiese *counter-canon* en die vroulike tradisie. Eersgenoemde is 'n alternatiewe kanon (sien Barrett en Moi se opmerkings hierbo) wat op 'n bewuste teenkating teen, en konfrontasie met "Die Kanon" dui. Dit is egter op die vroulike tradisie (soos beskryf in paragraaf 2.6.3) wat feministiese literatuurwetenskaplikes behoort te fokus. Robinson impliseer hiervolgens dat die vroulike tradisie ni  in opposisie met die patriargale tradisie verkeer nie. Sy laat egter na om die presiese verhouding tussen "Die Kanon" (en die patriargale tradisie) en die gepostuleerde vroulike tradisie te omskryf.

Binne so 'n vroulike tradisie kan kontinu teit op verskillende wyses gerealiseer word: Onder meer deurdat vroulike skrywers die werk van ander vroue (hetsy hulle voorgangers of tydgenote) lees, daarop kommentaar lewer, asook daardeur be nvloed word. In die lig hiervan sou dit moontlik wees om die vroulike tradisie as preskriptief te sien, eerder as deskriptief, juis omdat 'n bepaalde imperatief geld van h e daar in die toekoms geskryf moet word. Die funksie van so 'n tradisie ten opsigte van self-definisie is reeds aangetoon. Die belangrikheid van 'n liter re tradisie as raamwerk vir die totstandkoming, lees, en onderrig van tekste word deur Bloom (in Kolodny 1986:47) erken wanneer hy in *A Map of Misreading* vra: "What happens if one tries to write, or to teach, or to think or even to read without the sense of a tradition?"

By die daarstelling van 'n vroulike tradisie moet onthou word dat vroue hulleself tradisioneel as uitgesluit uit die "groot tradisie" ervaar het. In ooreenstemming hiermee was die teikengehoor van

hulle geskryfte dan persone (feitlik sonder uitsondering vroue) wat eweneens uit dié tradisie uitgesluit is (Kolodny 1986:49). Die daarstelling van 'n vroulike tradisie impliseer dan ook die hersamestelling en/of opvoeding van 'n leserspubliek. Die taak vir feministiese literatuurwetenskaplikes is in dié verband om 'n gehoor vir die moontlik minder bekende, nuut-daargestelde vroulike tradisie te werf. Hierdie gehoor sal enersyds uit die lesers van die tradisionele kanon gewerf word – dié lesers wat sal moet leer om 'n totale nuwe stel tekste met nuwe standaarde te lees, en wat in die proses self daardeur verander sal word. Soos Kolodny (1986:59) tereg opmerk: "... (this) task will make us different kinds of readers (and perhaps different kinds of people as well)". Andersyds behoort dié lesers wat hulle tot dusver as uitgesluit deur die kanon ervaar het (byvoorbeeld vroue sonder formele literêre opleiding of sonder tersiêre skoling), as lesers van 'n nuwe vroulike tradisie gewerf te word.

Die doel van die daarstelling van 'n vroulike tradisie is hoofsaaklik om aan lesers wat nog nooit met die hoofstroom-tradisie kon identifiseer nie, te demonstreer dat daar wel 'n tradisie van tekste bestaan waarmee hulle kan identifiseer, en wat hulle eie ervarings op literêre vlak kan legitimeer. Die dinamiek en voortbestaan van die literêre sisteem word ook gewaarborg wanneer die sisteem op toereikende wyse in alle – ook potensiële – lesers se behoeftes voorsien. Ewe belangrik is die moontlikheid dat die hele literatuursisteem op dié wyse verruim en gedemokratiseer kan word.

Robinson (1986:112) maak ten slotte die volgende insiggewende opmerking oor die verhouding tussen die skeppers en aanhangers van 'n vroulike tradisie, en "Die Kanon": "And, while not abandoning our newfound female tradition, we have to return to our confrontation with 'the' canon, examining it as a source of ideas, themes, motifs, and myths about the two sexes". Hiermee bedoel sy dat die bestaande kanon nié vernietig of geïgnoreer moet word nie, maar as 'n bron van kennis, konfrontasie en navorsingsvrae in die oog gehou word. Ook Montefiore benadruk die diepe, maar paradoksale, verbondenheid van vroulike skrywers aan Die Kanon, oftewel die groot manlike tradisie. Sy skryf:

The fact that women are deeply engaged with masculine traditions and discourses, sometimes (though not always) to the detriment of their writing, should not be a problem for critics who would theorize a women's tradition, unless this tradition is imagined as unrealistically autonomous. It is actually important *that a women's tradition be seen in relation to patriarchal discourse*, so long as the relation is understood as *opposition* (1994:70) (my kursivering).

Montefiore, anders as Robinson, konsipieer 'n vroulike tradisie dus as in wese in opposisie met die patriargale tradisie. Hierdie siening impliseer dat die dekonstruksie van die patriargale tradisie nie as noodsaaklikheid gesien word nie.

Die oplossing skyn dus te wees: Feministe moet hulle in die eerste plek die konstruksie van 'n

spesifiek vroulike tradisie ten doel stel, en dié tradisie behoort dan in die bestaande kanon geïnkorporeer te word. Om die gevestigde kanon heeltemal te verwerp, sal – soos hierbo genoem – inhou dat vroulike outeurs 'n ryke bron van motiewe en kulturele insigte ontnem word. Kristeva se konsep van **intertekstualiteit**, waarvolgens enige teks tussen ander tekste gesitueer is, en ook daarop teruggaan (Van Gorp 1986:199), kan slegs binne 'n ryke literêre tradisie verwerklik word. Die vroulike tradisie kan dus alleen werklik realiseer as 'n noodsaaklike komponent of onderdeel van die kanon – in die sin van 'n dinamiese opposisie met die manlike tradisie.

Daar is reeds op gewys dat spesifieke instansies – individue, belangegroepe, ensovoorts – hulle eie kanons kan konstrueer deur elemente te selekteer wat die betrokke groep se behoefte aan verwysingspunte bevredig. Dit is eweneens moontlik dat sodanige groepe hulle eie tradisies kan opbou of konstrueer. Die konstruksie van 'n vroulike literêre tradisie sal inhou dat elemente vanuit verskillende sisteme en subsisteme *geselekteer* en saamgegroepeer word. Seleksie sal veral bepaal word deur die samesteller se oorwegend diachroniese perspektief; dit wil sê, tekste wat historiese ontwikkelinge en tendense illustreer, sal voorkeur geniet. Die gemene deler van hierdie groep (dikwels uiteenlopende) elemente moet egter wees: 'n vroulike wyse van omgaan met literatuur. (Daar moet derhalwe sprake wees van definitiewe vroulike diskursiewe merkers). Die doel hiervan is hoofsaaklik identiteits- en legitimeitsverlening aan vroulike skrywers en lesers. 'n Aantal lede van 'n vroulike tradisie sal waarskynlik afkomstig wees vanuit die GG-, O-, A- en selfs T-sisteme, terwyl ander lede tradisioneel as E-literatuur beskou is. Die opname in 'n vroulike tradisie sal nie beteken dat elemente (tekste) hulle lidmaatskap van sisteme verloor nie. 'n Vroulike tradisie behoort eerder beskou te word as 'n instrument wat met 'n sekere doel voor oë gekonstrueer word – die voorsiening van modelle, die verlening van outentiekheid, ensovoorts.

'n Vroulike tradisie kan hierbenewens funksioneer as hulpmiddel om die waarde van individuele vroulike tekste te verhoog, en uiteindelik beter posisies binne hulle onderskeie sisteme en subsisteme te beding. In die geval van nie- of swak gekanoniseerde sisteme of subsisteme, wat uit oorwegend vroulike tekste bestaan, kan die kumulatiewe mag van die tradisie die verskuiwing van sulke aanvanklike perifere sisteme in die rigting van die sentrum bewerkstellig. In die praktyk behels 'n vroulike tradisie dat 'n "lys" van vroulike tekste uit die hede en verlede saamgestel word. Hierdie lys kan as basis dien vir die samestelling van bloemlesings en versamelbundels, of vir uitgewers wat vergete vroulike tekste wil publiseer (soos Virago Press).

Ezell (1990:580) wys daarop dat bloemlesings⁴⁹ belangrike instrumente is wanneer daar ook al van kanon- (of teenkanonvorming sprake is). Bloemlesings is primêr onderrigtekste: Dit het as

49 Hierby kan ook versamelbundels genoem word, byvoorbeeld dié van Van Niekerk (1994).

teikengroep dié lesers aan wie die materiaal betreklik onbekend is. Dus kan "vroulike" bloemlesings 'n waardevolle bekendstellingsfunksie vir die vroulike tradisie vervul. Hierbenewens funksioneer bloemlesings ook om kanons (lees ook tradisies) te vestig en te versterk, deurdat die keuses wat deur die opstellers gemaak is, riglyne verskaf omtrent watter tekste as waardig vir studie beskou kan word. Voorts verskaf die inleidings tot bloemlesings gewoonlik waardevolle aanduidings ten opsigte van die kritiese raamwerk waarbinne die tekste gelees behoort te word. 'n Verdere voordeel van bloemlesings is daarin geleë dat sulke versamelings die kontinuïteit van vroulike ervaring en vroulike skryfwerk releveer. (Vergelyk in dié verband die waardevolle versamelbundel *The Norton Anthology of Literature by Women: The Tradition in English*, waarin Virginia Woolf se woorde in die inleiding aangehaal word, en deurgaans die bindende element is: "... women's books continue each other..."). Dit is juis hierdie vaslegging van gemeenskaplikheid tussen skrywers wat uiteindelik 'n tradisie konstitueer, en 'n kollektiewe identiteit aan vroulike skrywers en lesers bied (Ezell 1990:580-2).

Kurrikuleerders in skole en tersiêre inrigtings, sowel as literatuurgeskiedskrywers kan eweneens met vrug van so 'n "lys" gebruik maak. Hiernaas kan 'n repertorium vir die produksie van vroulike tekste opgebou word. Op hierdie manier kan vroulike tekste bemagtig en 'n beweging in die rigting van die gekanoniseerde strata bewerkstellig word. So 'n beweging kan vertolk word as dat dit 'n gestratifiseerde opposisie ten opsigte van die (manlike) tekste in die gekanoniseerde strata wil beding. Die funksie van hierdie soort opponering is onder meer verset teen 'n patriargale en fallo-sentriese literatuur. Daarbenewens verseker druk op 'n gekanoniseerde korpus tekste (hier die manlike korpus) dat dinamiek en kreatiwiteit daarin bestaan.

Daar ontstaan natuurlik nou die vraag of alle literatuur deur vroue binne die vroulike literêre tradisie geakkommodeer moet word. Dit gebeur dikwels dat populêre genres/tekstsoorte (deel van die O-sisteem) as deel van die vroulike literêre tradisie bestudeer word. Ten spyte van vele debatte bly dispuut hieromtrent voortbestaan, en feministiese literatuurwetenskaplikes kon nog nie konsensus bereik aangaande die insluiting van byvoorbeeld sentimentele of huishoudelike fiksie (sogenaamde ontvlugtingsliteratuur) binne die tradisie nie. Vroulike O-tekste ("light 'feminine' novels") gekenmerk deur 'n "domestic 'chattiness'" en 'n algemeen toeganklike taalgebruik (Tompkins 1986:83) hoort tradisioneel nie binne 'n kanon van "werklike" (E-) literatuur nie. Die vraag of sulke "ligte vroulike" tekste as instrumente van vroulike uitdrukking of as patriargale onderdrukkende meganismes funksioneer, behoort nietemin ernstige kritiese oorweging te geniet. (Coward 1986:230 verwys byvoorbeeld na die bekende "Mills and Boon"-romans as "fantasies based on ... sexual, racial and class submission"). Tompkins (1986:83) maak wel die stelling dat die populêre "domestic novel" van die vorige eeu 'n monumentale poging was ten einde die kultuur vanuit 'n vroulike perspektief te herorganiseer. Vrae wat gestel kan word, wat betref die

sogenaamde verstrooiings- en "middelmoet"-literatuur (die T-(?)/O- en GG-sisteem) in Afrikaans is: Is die tipering van sommige tekste as O- of GG-tekste dalk 'n patriargale strategie ten einde vroulike tekste uit die E-sisteem te weer? Versterk tekste wat as O- en GG-literatuur getipeer word patriargale beskouings? Indien nie, is hierdie soort literatuur neutraal ten opsigte van geslag, of funksioneer dit moontlik feministies deurdat dit die moontlikheid van 'n vroulike kulturele bewussyn open?

Feministiese ondersoekers het wel daarin geslaag om die grense van wat literatuur is, in ander rigtings te verskuif. So byvoorbeeld geniet tekste deur vroue soos briewe, dagboeke, joernale, outobiografieë, mondelinge geskiedenis (histories), en private poësie kritiese aandag omrede dit as brondokumente van vroulike bewustheid en uitdrukking gesien word (Robinson 1986:116-117). Dat die genoemde soort tekste tans as literatuur erken word, beteken egter nog lank nie dat dit as E-literatuur beskou word nie.

Sommige feministe bevraagteken egter die konsep van 'n kanon (Moi 1985:78), en beweeg – soos sommige eksponente van die postmodernisme – in die rigting van die dekonstruksie van die opposisie tussen die kanon en niekanon (Moi in Eagleton 1986:198). O'Rourke (1985:114) stel die vraag of die feministiese literatuurkritiek nie in die rigting van 'n radikale verandering ten opsigte van bestaande literêre praktyke moet beweeg nie. Sy vra: "... should (feminist criticism) aim totally to transform criticism as we know it, to such an extent that we could no longer speak of literature and literary criticism at all? Die vraag is egter: Wat sal die praktiese uitkoms van só 'n standpunt wees? Sal 'n betrokke taal se literatuur bloot uit 'n amorfe massa tekste, sonder enige onderskeidings en indelings, bestaan? Sal "literatuur" as entiteit verdwyn, en gelyk word aan ander diskoerse? Watter tekste sal gebruik word in die onderwys? In die lig van sulke haas onbeantwoorbare vrae lyk dit onwaarskynlik dat O'Rourke se scenario ooit werklikheid sal word.

2.8 Slotsom

Reeds in die verantwoording is Botha (1995:78) se uitspraak aangehaal, waarin sy dit stel dat "'herwaardering', die óór-weeg van ons oordeel, ook ons *literêre* (voor-)oordele", 'n kenmerkende eienskap van ons huidige tydsgewrig is.

Voortdurende kanonhersiëning se belang lê daarin dat dit die sleutel tot 'n voortgesette literêre geskiedenis is, aldus Kolodny (1986:59). Hersiëning beteken ook her-sien: om met nuwe oë na 'n ou gegewe te kyk, en met eietydse gereedskap met 'n eeue-oue tradisie om te gaan. Hersiëning is egter ook herwaardering (soos Botha uitwys): dit gaan daaroor dat ou waardestelsels, norme, en kriteria vir literatuur aangepas sal word om by 'n nuwe tydsges in te pas. Ook moet vorige,

dikwels bevooroordeelde oordele oor outeurs en tekste in heroorweging geneem word. In die lig van die hersiene norme en kriteria kan voorheen geringgeskatte elemente opnuut geweeg, en moontlik selfs gekanoniseer word.

Sonder voortdurende hersiening is literêre, en uiteindelik kulturele stagnasie die enigste vooruitsig. Só 'n toedrag van sake impliseer alleen maar 'n doodse en voorskriftelike kanon, asook 'n literatuursisteem sonder moontlikhede van groei en selfvernuwing. Eers wanneer die handeling van her-sien en her-waardeer tot in sy uiterste konsekwensies deurgevoer is, word die moontlikhede geopen van 'n nuwe lesing van die wêreld, van onself, en van mekaar.

HOOFSTUK 3

HETTIE SMIT SE STATUS IN DIE KANON

3.1 *Oriëntasie en werkwyse*

In hierdie hoofstuk word die kanonstatus⁵⁰ van die Afrikaanse vroulike prosateur Hettie Smit deur 'n analise van sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe kanonaanduiders ondersoek. Hierdie aanduiders sluit in bydraes in literatuurgeskiedenis, asook resensies oor die betrokke outeur en haar werk, terwyl sake soos literêre bekronings en verteenwoordiging in die voorskryfmark ook in ag geneem word. Die soorte (Afrikaanse) kanons wat ter sprake kom, is derhalwe die amptelike, kritiese, en pedagogiese kanon (vergelyk 2.2.3). Die ondersoek van kwantitatiewe en kwalitatiewe kanonaanduiders word onderneem in ooreenstemming met die riglyne van Dijkstra (vergelyk 2.3.3.2). Hierbenewens sal ook Moerbeek (vergelyk 2.3.1.3) se aanbevelings ten opsigte van empiriese kanonondersoek as rigtinggewend geld. Na die empiriese ondersoek word die resultate aan die hand van die insigte van verskeie outeurs (soos in hoofstuk 2 uiteengesit) geïnterpreteer, ten einde tot 'n sinvolle interpretasie van die empiriese gegewens te kom. Op grond van dié data, asook die data wat uit die hieropvolgende ondersoek in hoofstuk 4 en 5 verkry word, kan uitsprake gemaak word wat betref die relevansie van die kanon⁵¹ van Afrikaanse literatuur in sy huidige vorm. Uiteindelik kan eerste riglyne verskaf word vir die moontlike hersiening en herstrukturering van die bestaande Afrikaanse kanon ten einde aan die eise van 'n veranderende wêreld te voldoen.

3.2 *Ondersoek van kwantitatiewe kanonaanduiders*

3.2.1 Literatuurgeskiedenis

50 "Kanonstatus" word gebruik, omdat Hettie Smit klaarblyklik wel in die Afrikaanse kanon opgeneem is, soos uit die hieropvolgende ondersoek sal blyk. "Kanoniseringstatus" sal eerder toepaslik wees wanneer Smit se status tydens 'n kanonhersienningsdebat ter sprake kom, omdat daar dan opnuut sprake sal wees van 'n proses wat kan uitloop op kanonisering al dan nie.

51 Die term "die kanon" word gebruik soos hierbo aangedui in voetnoot 32.

3.2.1.1 Geselekteerde literatuurgeskiedenis

Vir die doel van hierdie ondersoek na die kanonstatus van 'n Afrikaanse vroulike prosateur, is die volgende literatuurgeskiedenis geselekteer:

- i. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (J.C. Kannemeyer)
- ii. *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* (J.C. Kannemeyer)
- iii. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde* (red. E. Lindenberg)
- iv. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* (G. Dekker)
- v. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* (R. Antonissen)
- vi. *Perspektief en profiel* (red. P.J. Nienaber)

3.2.1.2 Die gesag van die geselekteerde volumes

Bovermelde werke is geselekteer op grond van die gesaghebbendheid wat hulle binne die Afrikaanse literêre wêreld geniet; soos dit blyk uit uitsprake deur vooraanstaande literatore.

Oor *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I* oordeel Ernst van Heerden (*Die Burger*, 13 Julie 1978) soos volg: "...dis volledig, skerpsinnig, uiters bruikbaar. As naslaanwerk sal dit om sy omvang én deskundigheid moeilik geëwenaar kan word. Dit behoort baie jare lank die standaardwerk oor Afrikaanse literêre geskiedskrywing te bly". In aansluiting hierby skryf André P. Brink (*Rapport*, 13 Augustus 1978): "Dit is vandag dié standaardwerk oor die gehele panorama van die Afrikaanse literatuur: en in die tragiese vakuum agtergelaat deur Rob Antonissen is hierdie studie 'n waardige en gewigtige monument" (waardeur Antonissen se *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* óók gekanoniseer word). O.D. Wolheim (*The Argus*, 11 Oktober 1978) sê onder meer: "Kannemeyer writes with very great authority...", terwyl Ena Jansen (*Oggendblad*, 30 November 1978) die woorde "formidabel en monumentaal" gebruik. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I* was op die kortlys vir die Louis Luytprys vir 1979, en tydens die beoordelingsfunksie merk prof. C.J.M. Nienaber op: "Niemand sal hierna oor watter aspek van daardie periode in die Afrikaanse letterkunde ooit weer kan praat of skryf sonder om terdeë rekening te hou met Kannemeyer se bevindinge nie". In dieselfde jaar ontvang Kannemeyer die Recht Malanprys vir sy werk (Kannemeyer 1990b:213-215).

In die keurdersverslag oor *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur II* skryf Ernst Lindenberg dat "Kannemeyer se werk nog vir baie jare 'n onmisbare hulpbron ... by die studie van die Afrikaanse

letterkunde (sal bly)". In haar resensie in *Die Burger* (6 Oktober 1983) spreek M. Nienaber-Luitingh dié mening uit: "Toekomstige navorsers ... sal nie anders kan as om 'n voortdurende dankbare gebruik te maak van die gegewens wat in die twee dele saamgebring is. En vir enigeen wat die Afrikaanse letterkunde bestudeer of daarin belangstel, behoort dit jare lank 'n onmisbare naslaanwerk te wees". Henriette Roos (*Beeld*, 17 Oktober 1983) noem dit "'n hoogtepunt onder die bestaande literatuurgeskiedenis" en Roswitha Schutte (*Buurman*, Maart 1984) sien dit as "vertrekpunt vir alle verdere letterkundige bedrywighede in Afrikaans". Soos die eerste deel in 1979, verskyn deel II op die kortlys vir die Louis Luytprys vir 1983. Die spesifieke waarde van *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* as kanoniserende instrument word selfs deur die Vlaamse literator Marcel Janssens aangetoon:

Kannemeyer self geeft, met de gulheid van zijn groot gezag, accolades van erkenning aan honderden schrijvers, ieder op zijn plaats in de canon en de hiërarchie. ... De gezachthebbende bekrachtiging van de bestaande canon wijst erop dat Kannemeyer zich in dit boek niet tevreden stelt met de ophoping van encyclopedische realia, maar dat hij zich ook als criticus uitspreekt.

Sy geestige opmerking bevestig weer eens Kannemeyer se gesag: "Ik kan me voorstellen dat volgend gezegde in de Afrikaanse literaire wereld de ronde doet: *Ik sta in Kannemeyer, dus ik besta*" (Kannemeyer 1990b:280-283). In 'n satiriese gedig in sy bundel *Monnikewerk* verwys die digter Daniel Hugo ook na Kannemeyer se magsposisie as herskrywer en kanonreguleerder. Vergelyk hierdie reëls uit "Villanelle":

O Kannemeyer, reus onder die grotes
u kennis is gedug en omvangryk
ons besing u graag in verhewe odes ...

... oor arme woordwoekeraars bly u beslis
wie hul talente wel- of wangebruik
ons besing u in ons mislukte odes

u is die laaste van die onverdrotes
wat transkribeer met 'n monnikevlyt
O Kannemeyer, reus onder die grotes ...
(Hugo 1995:24)

By geleentheid van die oorhandiging van die Recht Malanprys aan J.C. Kannemeyer verwys D.J. Opperman in sy commendatio na die literatuurgeskiedenis wat dié van Kannemeyer voorafgegaan het. Enersyds kanoniseer sy uitsprake hierdie vroeëre werke as die bloudruk vir literatuurgeskiedskrywing in Afrikaans; andersyds dekanoniseer die uitsprake deur te dui op die beperktheid en uitgediendheid daarvan in 'n nuwe epog. Vergelyk:

Ná die dood van Antonissen en Dekker was hulle literatuurgeskiedenis 'n voltooide bouwerk ... Eén met dié ou bouwerke was die beperkings van die argitek self: Dekker,

Antonissen en P.J. Nienaber; hulle opvatting, visie en beplanning ... Deur John Kannemeyer ... se optrede is al hierdie literatuurgeskiedenis tot Historiese Gedenkwaardighede ... verklaar (Kannemeyer 1990b:216).

Waar beskikbaar, is verskeie uitgawes van 'n literatuurgeskiedenis geraadpleeg ten einde vas te stel of, en hoe, die kanonstatus van 'n sekere outeur met verloop van tyd verander het. Dít geld veral titels (iv), (v) en (vi), soos hierbo onder 3.2.1.1 genoem, wat reeds verskeie uitgawes oor die loop van 'n paar dekades beleef het. (Die geselekteerde uitgawes word in tabel 1 aangedui. Let daarop dat die betrokke seleksies onder andere deur die beskikbaarheid van verskillende uitgawes bepaal is).

Die ondersoek van kwantitatiewe aanduiders van Hettie Smit se kanonstatus omvat 'n bepaling van die **aantal bladsye** wat aan die outeur toegedeel word, waarvan dié getal dan as 'n **persentasie** van die totale aantal bladsye in die volume weergegee word. As kontrole word *Die ryke dwaas* (1934) van W.E.G. Louw gebruik, en wel om die volgende redes: Louw se bundel verskyn in dieselfde tyd as die Smit-teks, en kan as 'n soort manlike spieëlteks beskou word. Die verwantskap tussen die Smit- en Louwteks is al dikwels in die literatuurkritiek en -geskiedskrywing uitgewys – vergelyk in dié verband Antonissen (1963:24) se motivering vir die chronologiese plasing van Smit in sy *Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*: "... het ek ook ... (... Hettie Smit) voor Krige geplaas, omdat sy ... *nouer aansluit* by die vroeë belydenispoësie van die Louws ..." (my kursivering). Die funksie van hierdie soort vergelyking lê onder meer daarin om moontlike chauvinistiese vooroordele teen Smit se teks te identifiseer, asook om aan te dui dat enige kwalitatiewe uitdrukking van kanonstatus altyd as relatiewe statistiek beskou moet word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat 'n vergelyking van tekste uit verskillende genres (hier prosa en poësie) nie die ideale vergelykingsbasis verteenwoordig nie, en dat die geldigheid van die bevindinge daardeur benadeel kan word. Ook die feit dat Smit slegs een prosateks geproduseer het, terwyl Louw 'n uitgebreide oeuvre het, skep probleme wat betref die vergelykbaarheid van die twee tekste. Die ondersoek na die kanonisering van *Die ryke dwaas* word dan ook streng tot net hierdie een teks beperk, en Louw se latere werk word nie in berekening gebring gebring nie. Weens gebrek aan 'n ander prosateks uit dieselfde tydperk en geestesklimaat, word het die keuse egter om genoemde redes op die Louw-teks geval.

TABEL 3.1

Afkortings: RD = *Die ryke dwaas*
S = *Sy kom met die sekelmaan*

Literatuurgeskiedenis	Outeur	Jaar	Uitgawe	Totale pp.	Getal pp. (RD)	% pp. (RD)	Getal pp. (S)	% pp. (S) ⁵²
<i>Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I</i>	J.C. Kannemeyer	1978	1	515 ⁵³	6,4	1,24	2	0,39
		1984	2	525	6,4	1,22	2	0,38
<i>Die Afrikaanse literatuur 1652-1987</i>	J.C. Kannemeyer	1988	1	494	2	0,40	1,25	0,25
<i>Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde</i>	E. Lindenberg (red.)	1965	1	112	0,25	0,22	0,5	0,45
		1967	2de hersiene	139	0,25	0,14	0,5	0,36
		1972	3de hersiene	145	0,25	0,14	0,5	0,34
		1973	4de hersiene	168	0,25	0,12	0,7	0,42
		1980	5de hersiene	216	0,25	0,09	0,7	0,32
		1987	6de hersiene	216	0,25	0,09	0,6	0,28
<i>Afrikaanse literatuurgeskiedenis</i>	G. Dekker	1937	2de bygewerkte	253	1	0,40	1	0,40
		1941	3de bygewerkte	286	1	0,35	1	0,35
		1947	4de bygewerkte	318	1,1	0,35	1,1	0,35
		1960	5de om- en bygewerkte	389	4	1,03	0,75	0,19
		1961	6de om- en bygewerkte	389	4	1,03	0,75	0,19
		1963	7de om- en bygewerkte	416	4	0,96	0,75	0,18
		s.j.	8ste om- en	416	4	0,96	0,75	0,18

52 Die syfers is afgerond tot die tweede desimaal.

53 Slegs boekdeel I van *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* word hier in berekening gebring.

		bygewerkte						
		1963	7de om- en bygewerkte	416	4	0,96	0,75	0,18
		s.j.	8ste om- en bygewerkte	416	4	0,96	0,75	0,18
		1966	9de	416	4	0,96	0,75	0,18
		1970	11de	416	4	0,96	0,75	0,18
		1972	12de	485	4	0,82	0,75	0,15
<i>Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede</i>	R. Antonissen	1955	1	289	2,5	0,87	1	0,35
		1960	2de hersiene	348	1,6	0,46	1	0,29
		1964	3de hersiene	358	1,6	0,45	1	0,28
<i>Perspektief en profiel</i>	P.J. Nienaber (red.)	1951	1	299 ⁵⁴	2,5	0,84	1,5	0,5
		1960	2	183	1	0,55	0,6	0,33
		1969	3	202	1,2	0,59	0,5	0,25
		1973	4	202	1,2	0,59	0,5	0,25
		1982	5	214	0,6	0,28	0,5	0,23

54 Hierdie aantal bladsye is slegs dié van die "Perspektief"-gedeelte. Die "Profiel"-gedeelte is weggelaat aangesien dit 'n afsonderlike gedeelte is. Die feit dat Hettie Smit nie in die "Profiel"-deel opgeneem is nie, sal wel in ag geneem word by die interpretasie van die resultate.

Daar moet wel daarmee rekening gehou word dat Hettie Smit se oeuvre – naas enkele jeugstukke, resensies, 'n kortverhaal en ander kleiner bydraes in tydskrifte – net een roman (*Sy kom met die sekelmaan*, 1937) bevat (Kannemeyer 1984:463); wat die korter besprekings in die literatuurgeskiedenis verklaar. Derhalwe behoort relatief kort bydraes nie summier as bewyse van mindere kanonisering gereken te word nie. In die lig hiervan word die sin van 'n analise van kwalitatiewe kanonaanduiders⁵⁵ (naamlik uitsprake wat in hierdie bydraes gemaak is) duideliker.

3.2.2 Resensies

Ten opsigte van Hettie Smit se roman word die volgende besprekings gebruik vir die doel van 'n analise van kwantitatiewe kanonaanduiders:

- i. F.E.J. Malherbe. 1937. *Ons eie boek* 3(2).
- ii. F.E.J. Malherbe. 1937. Prosa van gebrokenheid. *Die Huisgenoot*, 7 Mei.
- iii. F.E.J. Malherbe. 1937. Van die mooiste prosa in ons letterkunde. *Die Suiderstem*, 8 Mei.
- iv. G. Dekker. 1937. *Die Burger*, 29 Mei.
- v. A.C. Cilliers. 1937. *Die Burger*, 12 Junie.
- vi. P. de V. Pienaar. 1937. *Die Moderne Vrou*, Junie.
- vii. J.J. Kruger. 1937. *Die Volksblad*, 24 April.
- viii. J. Haantjies. 1937. *Werkplaats*.⁵⁶
- ix. E. Tredoux. 1955. *Sarie Marais*, 14 Desember.

Hierdie resensies is volgens Senekal en Engelbrecht (1978) se bronnelys, sowel as vermeldings in literatuurgeskiedenis en ander geraadpleegde bronne. Die moontlikheid dat nie alle resensies in hierdie bibliografieë genoem word nie, kan nie uitgesluit word nie, alhoewel daar aanvaar word dat die meer betekenisvolle resensies wel daarin vermeld is. Die biblioteke wat genader is, kon ongelukkig nie daarin slaag om alle persresensies en -besprekings (veral dié uit die dertigerjare) beskikbaar te stel nie.

Hierbenewens word die huldeblyke van A.P. Brink (*Die Burger*, 19 September 1973, "By die dood van Hettie Smit"), van Elize Botha (*Tydskrif vir letterkunde*, November 1973, "Ter nagedagtenis aan Hettie Smit") en van J. Smuts (*Die Huisgenoot*, 26 Oktober 1973, "Die sekel kom met volmaan") as kanoniserende dokumente gereken, en vir my doel as "resensies" ondersoek.

⁵⁵ Hieronder word verstaan die metode/s wat deur Dijkstra voorgestel word – sien 2.3.3.2.2.

⁵⁶ Datum van verskyning onbekend.

Ten opsigte van die vermelde resensies is die werkwyse tweeledig. Eerstens behels 'n ondersoek van kwantitatiewe aanduiders die bepaling van die **aantal** resensies wat oor 'n werk/outeur verskyn. Hierdie getal is veral belangrik wanneer die teks onder bespreking se "pad" na kanonisering of niekanonisering nagegaan word. 'n Groot aantal resensies kan as 'n eerste stap in die rigting van kanonisering beskou word, omdat die dagbladpers die eerste keuringsmeganisme ten opsigte van die potensiële kanon verteenwoordig (vergelyk Fokkema se uiteensetting oor die toegang tot die kanon, sien 2.3.3.1). Die afwesigheid van resensies kan egter impliseer dat 'n teks alreeds in dié vroeë stadium nie as 'n potensieel kanoniseerbare werk beskou word nie. (Dit is natuurlik ook waar dat die blote feit dat die teks geselekteer is vir resensering, alreeds 'n aanduiding van kanonisering is). Tweedens ondersoek 'n peiling van kwantitatiewe aanduiders die (relatiewe) **lengte** van die afsonderlike resensies. Alhoewel lengte deur onder meer 'n faktor soos beskikbare ruimte medebepaal word, kan dit tog 'n aanduiding gee van hoe belangrik die betrokke publikasie geag is deur die resensent of ook redaksielede.

Oor die Smit-teks is daar 12 resensies opgespoor. Agt hiervan het direk of kort ná die publikasie van *Sy kom met die sekelmaan* verskyn, een in 1955, en drie is huldeblyke by die outeur se dood. Die bevindinge oor die lengte van die resensies (uitgedruk as 'n aantal woorde⁵⁷) word in tabelvorm weergegee (sien tabel 2).

⁵⁷ Let daarop dat dié getal benaderd verstrek word. Die rede hiervoor is die swak kwaliteit van die mikrofilmafdrukke van media uit die dertigerjare, sodat die aantal woorde nie in alle gevalle presies korrek weergegee kan word nie.

TABEL 3.2

	RESENSIE	AANTAL WOORDE
1	F.E.J. Malherbe, <i>Die Huisgenoot</i>	2730
2	F.E.J. Malherbe, <i>Die Suiderstem</i>	1970
3	F.E.J. Malherbe, <i>Ons eie boek</i>	1310
4	G. Dekker, <i>Die Burger</i>	2510
5	A.C. Cilliers, <i>Die Burger</i>	2740
6	P. de V. Pienaar, <i>Die Moderne Vrou</i>	1130
7	J.J. Kruger, <i>Die Volksblad</i>	910
8	J. Haantjies, <i>Werkplaats</i>	720
9	E. Tredoux, <i>Sarie Marais</i>	650
10	A.P. Brink, <i>Die Burger</i>	1300
11	E. Botha, <i>Tydskrif vir letterkunde</i>	1750
12	J. Smuts, <i>Die Huisgenoot</i>	1470

Oor *Die ryke dwaas* word tien resensies vermeld in Senekal en Van Aswegen (1981) se bronnelys, naamlik:

- i. C.M. van den Heever. 1934. *Die Huisgenoot*, 11 Mei.
- ii. G. Dekker. 1934. *Die Burger*, 11 Julie.
- iii. Onbekend. 1934. *Die Kerkbode*, 25 Julie.
- iv. A.J. van den Heever. 1934. *Die Vaderland*, 29 Julie.
- v. C.M. van den Heever. 1934. *Die Vaderland*, 14 Desember.
- vi. D.F. Malherbe. 1934. *Die Volksblad*, 15 Desember.
- vii. J. Haantjies. 1934/5. *Opwaartse wegen* 12(7).
- viii. D.F. Malherbe. 1935. *Tydskrif vir wetenskap en kuns*, Februarie.
- ix. G. Besselaar. 1936/7. *Opwaartse wegen* 14(2).
- x. Onbekend. 1957. *Patrys*, Oktober.

3.2.3 Sintese

3.2.3.1 Literatuurgeskiedenis

Uit die kwantitatiewe ondersoek van die literatuurgeskiedenis blyk dit dat alhoewel Hettie Smit in al die uitgawes opgeneem word, daar betreklik min ruimte aan haar afgestaan word. 'n Afname in kanonstatus met verloop van tyd blyk die tendens te wees, soos aangedui deur die konsekwente daling ten opsigte van die persentasie bladsye aan haar afgestaan in opeenvolgende uitgawes van dieselfde literatuurgeskiedenis. In die geval van Kannemeyer se *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I* is die daling 'n geringe 0,01% vanaf 1978 tot 1984, terwyl dit veel meer dramaties daal vanaf 0,40% (1937) tot 0,15% (1972) in die geval van *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. (Die syfer daal egter in Kannemeyer se 1988-literatuurgeskiedenis na 0,25%; dus 'n redelik ingrypende wysiging). Daar blyk nie 'n korrelasie te wees tussen kanonstatus en die datum van uitgawe van 'n volume nie: die syfer vir die 1937-uitgawe van *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* (0,40%) vergelyk byvoorbeeld goed met dié vir die 1984-uitgawe van *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (0,38%).

Die relatiewe gereflekteerde daling kan moontlik ook daaraan toe te skryf wees dat Smit se oeuvre gedurende hierdie tydsverloop nie uitgebrei het nie, terwyl die literatuurgeskiedenis steeds meer outeurs met uitbreidende oeuvres moes huisves. Dit gebeur byvoorbeeld dat die aantal bladsye

wat aan haar gewy word, konstant bly of selfs vermeerder met nuwer uitgawes (soos gebeur in die geval van *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde* waar die werklike bladsytelling vir die 1965-uitgawe 0,5 is, teenoor 0,6 vir die 1987-uitgawe). Wanneer hierdie werklike telling egter as 'n persentasie van die totale aantal bladsye in die volume uitgedruk word, is daar 'n daling te bespeur (moontlik as gevolg van die uitbreiding van die literatuurgeskiedenis as geheel). So 'n daling is in werklikheid onafwendbaar, tensy daar 'n daadwerklike herwaardering van 'n outeur plaasvind, in welke geval daar 'n styging in die persentasiesyfers sal wees. Wanneer die persentasiesyfers alleen in berekening gebring word (sonder om hierdie moontlike invloede in ag te neem), kan daar beweer word dat Hettie Smit oor die jare heen stelselmatig *gedekanoniseer* is. Die voorlopige slotsom (op grond van kwantitatiewe aanduiders) is dat Hettie Smit nog nooit 'n beduidende posisie in die kanon beklee het nie, en dat hierdie posisie volgens alle aanduidings besig is om verder te verswak. Die rede hiervoor is skynbaar dat daar blykbaar geen "begeerte" was om haar binne die groterwordende en veranderende konteks van die Afrikaanse literatuur "nuut" te lees nie.

In die kwantitatiewe ondersoek na W.E.G. Louw se posisie binne 'n Afrikaanse kanon, kan daar net soos in die geval van Hettie Smit gesê word dat hy wel in al die uitgawes opgeneem is, maar dat redelik min plek aan sy debuutwerk afgestaan word. In *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I*, kom daar 'n haas onbeduidende afname voor van 0,02% tussen die 1978- en 1984-uitgawe. Wat *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* betref, is die daling – soos by Hettie Smit – veel meer ingrypend. Nietemin is die totale persentasiesyfers vir die drie Kannemeyer-volumes heelwat hoër vir Louw as vir Smit. In die geval van Lindenberg se literatuurgeskiedenis word 'n daling in persentasiesyfers ten opsigte van Louw waargeneem, soos ook by Smit. Laasgenoemde is heelwat sterker gekanoniseer in hierdie literatuurgeskiedenis, soos blyk uit 'n vergelyking van die syfers vir die twee outeurs (vergelyk byvoorbeeld 0,28% vir Smit teenoor 0,09% vir Louw in die 1987-uitgawe van *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*). In *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* is 'n deurlopende dalende tendens ten opsigte van Smit, terwyl daar by Louw 'n stygende tendens is (byvoorbeeld 1,1% vir die 1947-uitgawe teenoor 4% vir al die daaropvolgende uitgawes – dus 'n redelike skerp styging). 'n Daling, soos in die geval van Smit, is opgemerk in Antonissen se drie volumes, alhoewel die persentasiesyfers vir Louw deurgaans hoër is (byna dubbeld as) dié vir Smit. By *Perspektief en profiel* is gevind dat die syfers vir Louw weer eens heelwat hoër is as dié vir Smit, maar dat 'n dalende tendens by albei outeurs voorkom, met 'n skerp daling by Louw tussen die 1973- en 1982-volumes (vergelyk 0,59% teenoor 0,28%). So 'n skerp daling kom nie voor by Smit nie. W.E.G. Louw word egter, anders as Smit, sedert die eerste uitgawe (1951) deurgaans in die *Profiel*-gedeelte van *Perspektief en profiel* opgeneem, wat op meerdere kanonisering dui. (Daar moet egter in gedagte gehou word dat Louw ná sy debuut nog heelwat geproduseer het, teenoor Smit se enkele produk).

Uit bogenoemde gegewens is dit moontlik om voorlopig te beweer dat Louw globaal gesproke wel sterker as Smit gekanoniseer is, alhoewel daar ook met verloop van tyd 'n tendens tot dekanonisering van Louw is. (Slegs sy debuutwerk word hier in berekening gebring, en “dekanonisering” kan dus nie veralgemeen word ten opsigte van sy volledige oeuvre nie). Die wetenskaplike grond van hierdie soort vergelyking is egter nie bo verdenking nie, omdat die vraag na die invloed van Louw se latere werke op die kanonisering van sy debuutwerk buite rekening gelaat is. Tog kan hierdie soort vergelyking nuttig wees wanneer Smit se kanonisering binne die konteks van die klimaat van die laat dertigerjare beskou word.

3.2.3.2 Resensies

Vir die doel van hierdie ondersoek is 12 resensies (wat insluit postume huldeblyke aan Hettie Smit) opgespoor. Wanneer in gedagte gehou word dat hierdie 12 besprekings 'n periode dek van omstreeks drie en 'n halwe dekades (vanaf die publikasie van die *Sekelmaan* tot en met die skryfster se dood in 1973), skyn dit 'n redelik beskeie aantal te wees, veral in die lig daarvan dat die roman tot 1984 vier uitgawes beleef het. (Vir Louw se teks is egter slegs tien resensies opgespoor. Relatief gesproke is die Smit-teks dus nié deur die kritiese gemeenskap benadeel nie). 'n Nadere ondersoek dui aan dat die roman by sy eerste verskyning relatief baie aandag ontvang het, soos die wye dekking in die destydse pers getuig. Daar is dan ook gesien dat dié besprekings feitlik deurgaans uitgebreide resensies was. Ook is die dagbladbesprekings van Cilliers en Dekker asook Malherbe se *Huisgenoot*-resensie prominent geplaas en van groot opskrifte voorsien – dit is inderdaad *gesplash*. Die klein getal latere besprekings dui egter daarop dat min herwaardering deur latere kritici plaasgevind het.

By spesifiek die Malherbe-resensie, is dit moontlik om buite-literêre redes aan te voer wat dié vooropstelling gemotiveer het. So byvoorbeeld berig Kannemeyer (1990a:56) dat Van Wyk Louw destyds sou gesê het dat Malherbe bloot sy eie posisie as kritikus wou bevestig en versterk, deur 'n boek wat na verwagting suksesvol sou wees, met groot gebaar bekend te stel. Malherbe sou in Van Wyk Louw se woorde "natuurlik weer vooraan (wou) loop met die groot tamboer". Volgens Louw sou dit 'n bewys wees van Malherbe se "bedenklike strewe en doelstelling as kritikus" – Kannemeyer (1990a:56).

Na hierdie aanvanklike aandag word die teks eers weer in 1955 by die tweede uitgawe daarvan in 'n kort, onopvallende oorsig in *Sarie Marais* bespreek. Verdere resensies oor die *Sekelmaan* is heeltemal afwesig, totdat drie huldeblyke met die skryfster se dood in 1973 gepubliseer word. Hieruit kan afgelei word dat die teks aanvanklik die prosesse tot kanonisering deurloop het (onder meer publikasie, seleksie deur die dag- en weekbladpers, resensies in die pers en vaktydskrifte

soos *Ons eie boek of Werkplaats*), maar daarna as teks – eerder as model – in die vaste strata van onder meer die selektiewe en amptelike kanon beland het en nie verder betekenisvolle aandag geniet het nie (met uitsondering van die enkele bevestiging van kanonisering in 1955). Die huldeblyke wys nietemin daarop dat die teks nie na buite die kanon verplaas is nie, maar wél in die kanon gehuisves is as deel van die Afrikaanse literêre tradisie. Daar sou egter gespekuleer kon word dat die hernieuwe aandag aan die teks na alle waarskynlikheid deur die skryfster se dood uitgelok is, sodat dit nié as werklike hernieuwe belangstelling in die teks of as 'n heraktivering daarvan as teksproduserende model geïnterpreteer kan word nie, maar eerder as geleentheidstukke/huldeblyke.

Wat die vergelyking tussen Louw en Smit betref, lyk dit nie asof Smit aanvanklik, of dan met verloop van tyd, werklik onregmatig benadeel is nie. 'n Stelselmatige kwantitatiewe dekanonisering van 'n enkele teks met verloop van tyd skyn redelik "normaal" te wees, en daar moet in gedagte gehou word dat Smit se oeuvre net uit een teks bestaan, terwyl Louw se oeuvre eers in 1980 afgesluit word met die publikasie van die posthume bundel *Opvugte en opdragte*.

3.3 **Ondersoek van kwalitatiewe kanonaanduiders**

Die ondersoek na kwalitatiewe aanduiders van die kanonstatus van 'n bepaalde outeur hou in 'n (opsionele) drieledige analise van die betrokke herskrywing; hetsy 'n resensie of opname in 'n literatuurgeskiedenis⁵⁸. In die eerste plek kan die uitsprake van die herskrywer (rakende die waarde van die werk of die status van die outeur) noukeurig beskou word ten einde te bepaal wat die implikasies daarvan vir kanonisering is. 'n Uitspraak kan as positief of negatief ten opsigte van kanonisering beskou word, aldus Dijkstra (sien 2.3.3.2.2). Om al sodanige uitsprake in 'n artikel of resensie in samehang te beskou, het ook die waarde dat bepaal kan word of die resensie/artikel as geheel positief of negatief is. Alhoewel De Moor se uiteensetting van argumentasiestrukture spesifiek op resensies (sien ook 2.3.3.2.2) betrekking het, kan sy sesledige indeling ook vir die literatuurgeskiedenis geld. In die tweede plek kan die argumente waaruit die adstruksie bestaan, ontleed en geklassifiseer word, ten einde onder meer die resensent of literatuurhistorikus se intensies of literatuuropvatting te belig. Derdens kan al die vermeldings geïdentifiseer en aan die hand van Dijkstra se teoretiese uiteensetting ontleed word. In die hieropvolgende ondersoek word bogenoemde stappe selektief gevolg, met ander woorde, die aard van die bespreking bepaal watter van bogenoemde stappe voorkeur geniet. 'n Sterk ideologies-gekleurde resensie leen hom byvoorbeeld by uitstek tot die gebruik van De Moor se onderskeidings, terwyl 'n resensie waarin daar telkens na ander tekste in dieselfde, of 'n ander literatuurtradisie verwys word, aan die hand

58 Ook bydraes in literatuurgeskiedenis sal hier aan die hand van Dijkstra se riglyne beskou word, al het laasgenoemde spesifiek betrekking op resensies.

van Dijkstra se voorstelle oor vermeldings beskou kan word.

3.3.1 Literatuurgeskiedenis

Vir die doel van die hieropvolgende ontleding sal die literatuurgeskiedenis soos genoem in 3.2.1 gebruik word. Waar moontlik sal verskillende uitgawes van 'n literatuurgeskiedenis vergelyk word ten einde verskuiwings in kanoniserings binne 'n enkele literatuurgeskiedenis te registreer⁵⁹.

Vervolgens word ouer literatuurgeskiedenis (byvoorbeeld dié van Dekker en Antonissen) met jonger weergawes (byvoorbeeld Kannemeyer) vergelyk. Hierdie soort ondersoek kan as 'n diachroniese ondersoek bestempel word, wat veral waardevol is by die studie van kanonwysiging met verloop van tyd. Die Afrikaanse toneel leen hom nie werklik tot 'n diepgaande sinchroniese studie nie, vanweë die afwesigheid van 'n groot aantal literatuurgeskiedenis wat naastenby ewe oud is. In Afrikaans oorheers Kannemeyer se literatuurgeskiedenis die kontemporêre toneel byna volkome, terwyl betreklik onlangse uitgawes van die "ouer" werke ontbreek. Die nuutste in dié verband is die 1982-uitgawe van *Perspektief en profiel*, wat alreeds 15 jaar oud is, en dus ouer as die jongste Kannemeyer-uitgawe.

3.3.1.1 *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*

1978-uitgawe

Omdat die bydraes in die 1978- en 1984-uitgawe presies dieselfde is, word daar volstaan met 'n bespreking van die jongste uitgawe.

1984-uitgawe

'n Eerste positiewe kommentaar op Hettie Smit is Kannemeyer (1984:463) se verwysing na "Hettie Smit se *roem* as skryfster" (my kursivering), waardeur gesuggereer word dat sy wél erkenning binne die kanon geniet. Hierdie bespreking het 'n oorwegend positiewe toon, en word veral gedra deur heelparty vermeldings, wat deel is van die Afrikaanse literêr-kritiese kanon.

Die geïdentifiseerde vermeldings lui onder meer:

- i. ...sluit die roman ten nouste aan by die belydenispoësie van die Louws, in besonder by *Die*

⁵⁹ Die uitgawes wat hieronder bespreek word, is ingesluit op grond van betekenisvolle verskuiwings (of stabiliteit) ten opsigte van kanoniserings wat daardeur gereflekteer word. Weens die groot aantal uitgawes is dit nie prakties moontlik om elke uitgawe afsonderlik te bespreek nie.

ryke dwaas van W.E.G Louw, en is daar selfs in woordkeuse, beelde en motiewe regstreekse ooreenkomste met die Dertigerpoësie.

As voorbeeld van 'n interpreterende vermelding gee hierdie uitspraak inligting wat stilistiese en tematiese aspekte van die werk raak, en dit dui aan binne watter geestesklimaat die werk sy beslag gevind het. Kannemeyer gebruik hier 'n tradisie-argument sodat die leser 'n intertekstuele verband kan lê. Op hierdie stadium word daar nog nie evaluerende uitsprake gemaak nie.

- ii. As belydenis van 'n jong vrou se onbeantwoorde liefde vir 'n jong man toon dit 'n verwantskap met Celliers se *Martjie* en C.M. van den Heever se *Somer*, alhoewel hierdie tema ... in die werk van Hettie Smit veel verder deurgevoer, en die sensitief-romantiese styl ná Van den Heever veel fyner aangewend word.

Hierdie uitspraak is 'n kombinasie van 'n interpreterende en evaluerende vermelding. Die eerste sinsdeel maak die interpreterende gedeelte uit deurdat daar op 'n tematiese kenmerk gewys word. Hierteenoor kan die tweede sinsdeel as waardevergroterende implisiete vermelding beskou word: Die leser word meegedeel dat Smit se werk op onderskeidelik tematiese en stilistiese vlak beter is as die genoemde tekste van Celliers en Van den Heever. Steeds bedien die historikus hom van 'n tradisie-argument, met dié verskil dat die vernuwingselement hier aangeraak word.

- iii. Daarby is *Sy kom met die sekelmaan* die eerste Afrikaanse prosawerk wat – ná die aarselende voorbeelde by J.R.L. van Bruggen, C.M. van den Heever en Abr. H. Jonker – veelvuldige verwantskappe met buitelandse skrywers (Tagore, Gezelle, Katherine Mansfield, Wilde, Lawrence en veral Van Deysel) toon en duidelik van die tradisionele Afrikaanse roman wegswaai.

Soos die vorige voorbeeld kan ook hierdie uitspraak as 'n kombinasie van 'n interpreterende en waardevergroterende implisiete vermelding geles word. Wat die interpreterende aspek betref, word sekere inligting omtrent 'n gemeenskaplike kenmerk (intertekstualiteit) in die betrokke tekste aan die leser voorgehou. 'n Waardeoordeel word uitgespreek deurdat die vermelde tekste as "aarselende voorbeelde" – voorlopig, wegbereidend, huiwerend – bestempel word, en Smit se teks hierteenoor positief belig word: as eerste prosawerk wat duidelike intertekstuele merkers toon, en die tradisionele prosavorm agterlaat. *Sy kom met die sekelmaan* word derhalwe implisiet as baanbrekersteks voorgehou ('n vernuwingsargument) en op dié wyse (én ten koste van die drie vermeldings) gekanoniseer.

- iv. Met die gebruik van die dagboektegniek ... en die aanbieding deur middel van briewe ... sit

Hettie Smit die tradisie van Langenhoven (*Skaduwees van Nasaret*) en M.E.R. (*Goedgeluk*) voort, alhoewel sy veel meer as haar voorgangers op die emosionele lewe van die ek konsentreer en in hierdie proses ook die beeldende vermoë van die taal ontgin.

By hierdie uitspraak kan beweer word dat hier sprake is van 'n kombinasie van die eksplisiet kanoniserende vermelding en die waardevergroterende implisiete vermelding. Deurdat Smit binne die tradisie van Langenhoven en M.E.R. gesitueer word, word die model van die eksplisiete vermelding gerealiseer (*skrywer x pas in die tradisie van skrywers y en z*). Hierdie vergelyking word verder gevoer wanneer daar gestel word dat Smit haar ten opsigte van die innerlike handeling beter as haar voorgangers van haar taak kwyt. Die taalontginning in die teks word spesifiek genoem, wat as 'n strukturele argument geklassifiseer kan word. Dus dien hierdie uitspraak die doel van verdere kanonisering, met 'n tradisie- en vernuwings-, sowel as 'n strukturele argument as grondslag.

Die bespreking word afgesluit met twee verdere positiewe uitsprake (met 'n waardevergroterende implisiete vermelding in die tweede van hierdie uitsprake). Ten eerste beweer Kannemeyer (1984:465) dat die roman "veel meer as blote belydeniskuns is" ('n waarderende uitspraak) en ten tweede noem hy dat "'n mens (tog) waardering (moet) hê vir die feit dat Hettie Smit die lirisme in die Afrikaanse romantiese tradisie hier op 'n *veel meer verantwoorde wyse as haar voorgangers aanwend*" (my kursivering). By 'n analise van die argumentasiestruktuur val die gebruik van die woord "tog" op: dat daar derhalwe wél sekere besware teen Smit se werk is. Hierdie besware verwoord Kannemeyer (1984:465) as:

- i. ... *Sy kom met die sekelmaan* (word) in hoofsaak gedra deur die wisselende emosies van 'n gevoelige ek-figuur...
- ii. Soms is die veelwoordigheid steurend en plek-plek ontaard sekere passasies in mooiskrywery en 'n estetisering deur middel van woorde.

Beswaar (i) berus implisiet op betreklik vae, ongedefinieerde oortuigings omtrent "gepaste" romanboustof. Hier word 'n emotiewe argument gevind – 'n sekere soort emosionele belewenis word by implikasie gekritiseer, terwyl die verteenwoordigendheid en geldigheid van sodanige boustof bevraagteken word. Dit is 'n tipies "manlike" uitspraak wat teen vroulike boustof diskrimineer, terwyl dié materiaal in werklikheid 'n stuk outentieke werklikheidservaring van die vrou verteenwoordig. Wat (ii) – 'n strukturele argument – betref, is die beswaar geldig, soos blyk uit die talle passasies wat inderdaad neig om 'n raakvlak met die sintuiglike of sielkundige werklikheid te verloor, en oorgaan in 'n omhaal van woorde.

Die kommentaar dat daar nietemin waardering vir Smit se lirisme behoort te wees, kan as positief asook kanoniserend ten gunste van Smit (en ten koste van haar "voorgangers") geïnterpreteer word. Die slotopmerking lui: "Dit is alleen jammer dat die belofte van haar debuut nie deur latere werke bevestig is nie". Dit kan enersyds positief geïnterpreteer word, naamlik as dat "belofte" op 'n gunstige evaluering van die *Sekelmaan* dui. Andersyds is dit moontlik 'n verskuilde verklaring vir Hettie Smit se (mindere) status in die kanon: Haar oeuvre bestaan uit slegs een roman, wat in wese 'n jeugwerk – aldus Kannemeyer – is. Die herskrywer (literêre geskiedskrywer in dié geval) maak dus 'n stelling dat hierdie skrywer se potensiaal tot kanonisering nie verwerklik is nie.

Die konklusie is dat Kannemeyer se bespreking van Hettie Smit se *Sy kom met die sekelmaan* oorwegend in 'n positiewe trant geskryf is, met uitsondering van enkele mindere voorbehoude.

As gevolg daarvan dat die bydraes in die twee uitgawes geensins van mekaar verskil nie, kan daar beweer word dat in hierdie geval – kwalitatief gesproke – geen verskuiwing ten opsigte van die kanonisering van Hettie Smit geregistreer is nie.

3.3.1.2 Die Afrikaanse literatuur 1652-1987

Enigste uitgawe: 1988

Die bespreking van Hettie Smit in hierdie beknopte literatuurgeskiedenis deur J.C. Kannemeyer is 'n verkorting van die bespreking in *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Dit blyk dat dieselfde vermeldings in hierdie bespreking gebruik word, alhoewel die kommentaar veel bondiger is, met uitsondering van die verwysing na invloede van buitelandse skrywers (iii hierbo) wat weggelaat is. By (i) word byvoorbeeld slegs gemeld dat *Sy kom met die sekelmaan* 'n "verwantskap met die bieppoësie van die Louws vertoon", sonder dat spesifiek na *Die ryke dwaas* verwys word. Eweneens is daar geen verwysing na die "regstreekse ooreenkomste met die Dertigerpoësie" nie. Kannemeyer se slotsom is egter dieselfde as in die vollediger werk, met slegs die weglating van die verwysing na "'n estetisering deur middel van woorde" (waarskynlik omdat dit op dieselfde neerkom as "'n mooiskrywery") asook die slotsin oor die onvervulde belofte van die debuut.

Die weglatings blyk van mindere belang te wees, en behoort min invloed op die interpretasie en evaluering daarvan deur die leser, asook op die kanonstatus van die outeur sowel as die teks te hê. Dat die direkte verwysing na ooreenkomste met W.E.G. Louw se bundel weggelaat is, kan hoogstens daartoe bydra dat Smit se werk voortaan (deur die gebruikers van dié uitgawe) in mindere mate in verhouding tot dié spesifieke manlike teks beoordeel sal word. Dít kan miskien

positief op die kanoniserings van *Sy kom met die sekelmaan* inwerk. Die ander implikasie is dat die Smit-teks moontlik buite die tradisie van die Dertigers geplaas kan word, wat uiteindelik tot 'n verlaging in kanonstatus kan lei, tensy die teks binne 'n ander (byvoorbeeld vroulike) tradisie gesitueer word. Hierdie bespreking kan myns insiens – net soos die vollediger weergawe – as oorwegend positief en bevestigend ten opsigte van die teks en outeur se bestaande status beskou word.

3.3.1.3 Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde

1965- en 1967-uitgawes (Bespreking deur P.G. du Plessis)

In hierdie bespreking word *Sy kom met die sekelmaan* as die enigste Dertigerprosawerk "van belang" bestempel. Positiewe kommentaar is onder meer dat die Maria-Marié-digotomie "interessant" is en dat die "stylgevoeligheid" die boek "tot verdienstelikheid – en meer!" verhef. Die positiewe evaluering van die teks word versterk deur die slotsin wat verwys na die "groot belofte" van die werk (wat helaas tot op datum nie vervul is nie). Die enigste negatiewe kritiek teen die teks word gevind in dié implisiet waardeverminderende vermelding (let op die *maar*-konstruksie):

- i. ...*maar*'n oordaad aan die literêre en die feit dat die introspeksie dikwels te dralend word, veroorsaak dat *die peil van Dertig se poësie nie bereik word nie* (my kursivering).

Hierdie argument berus waarskynlik op strukturele en emotiewe gronde, deurdat die beoordelaar vind dat die "eenheid" van die teks deur 'n "oordaad" versteur word, terwyl die introspektiewe elemente as "te dralend" (vervelig, uitgerek) bestempel word.

1987-uitgawe (Bespreking deur A.P. Brink)

Brink spreek 'n oorwegend negatiewe oordeel oor *Sy kom met die sekelmaan* uit. Negatiewe uitsprake soos die volgende dra hiertoe by:

- i. (Die roman) bly nog steeds 'n amper unieke verskynsel in ons prosa: om sy aard, ongelukkig nie om sy kwaliteit nie.
- ii. Op die duur word die volgehoue emosionaliteit net vervelig.

- iii. ...amper énige min of meer gevoelige meisie kan van haar eerste liefde 'n soortgelyke verslag skrywe – ander s'n word net nie gepubliseer nie!

'n Uitspraak soos (i) kan enersyds as *vir* kanoniserings en andersyds as *teen* kanoniserings geïnterpreteer word; eersgenoemde op grond van die plek wat wél binne die gekanoniseerde strata van die E-sisteem aan die roman gegee word (dan as 'n *unieke verskynsel*, 'n eenmaligheid, selfs 'n aardigheid in ons prosatradisie⁶⁰?). Andersyds dekanoniseer die uitspraak deurdat die gehalte van die werk negatief beoordeel word; die suggestie dat die teks nié op grond van gehalte op 'n plek binne die kanon aanspraak kan maak nie. (Indien ander kriteria – byvoorbeeld ideologiese waarde – egter gebruik sou word, sou dit wel moontlik wees om die teks aan te prys op grond van onder meer die eg vroulike boustof). Uitspraak (iii) trivialisier as 't ware die teks en verklaar dit tot "gemeenplaas" eerder as kuns. Een moontlike interpretasie hiervan is dat die herskrywer meen dat hierdie verslag van 'n jong vrou se ervaring van liefde nie daarin kon slaag om literatuur (spesifiek E-literatuur) te word nie. So 'n argument op emotiewe gronde sou 'n chauvinistiese houding by die kritikus onthul. 'n Ander, en waarskynliker interpretasie is dat die herskrywer die "aard" van die teks, dus die outeur se verhaalmatige struktuurering van die emosionele belewenis, as van mindere gehalte beoordeel. So 'n oordeel berus op 'n strukturele argument.

Hier is dus aangetoon dat met die verwisseling van literatore deur wie die teks beprek is, daar 'n afname in kanoniserings (soos vergestalt in die kwalitatiewe kanonaanduiders) waargeneem word. Hierdie afname word egter nie gereflekteer deur kwantitatiewe aanduiders by wyse van steeds korter wordende besprekings nie. Terwyl Du Plessis se bespreking die werk in geheel as "verdienslik" evalueer (wel met enkele voorbehoude), vind Brink dat "die werk as geheel, in weerwil van skitterende momente daarin, misluk". Hierdie sterk klemverskuiwing dui derhalwe 'n diachroniese verskuiwing in die rigting van dekanoniserings aan.

3.3.1.4 Afrikaanse literatuurgeskiedenis

Die volledige 1966-bespreking word hier as uitgangspunt gebruik, waarna 'n vergelyking met 'n ouer uitgawe getref word.

1966-uitgawe

⁶⁰ Hugo (1981:22) se uitspraak in hierdie verband is: "As enigste Dertigerprosawerk is *Sy kom met die sekelmaan* veel meer as net 'n *kuriositeit*. Die hegte struktuur en gesofistikeerde belydenistegnieke...maak dit vandag nog 'n hoogtepunt in die Afrikaanse belydenisprosa" (my kursivering). Hugo sien die betrokke teks dus as veel meer as 'n eenmaligheid of aardigheid.

Wanneer Dekker die bespreking direk na dié oor Hettie Smit inlui, gebruik hy dié woorde: "Sodat die lys van *dilettantistiese, psigologiserende romans* voortgesit moet word..." (my kursivering). Via hierdie uitspraak maak hy implisiet die stelling: *Sy kom met die sekelmaan* is 'n dilettantistiese, psigologiserende roman, soos al dié wat daarop volg, met al die negatiewe konnotasies van veral "dilettantisties" (soos aangedui deur Odendal 1983:156 as "beoefening van 'n kuns as tydverdryf sonder deeglike vakkennis"). Hierdeur word geïmpliseer dat die teks tuishoort binne 'n tradisie van oppervlakkige en psigologiserende romans (moontlik O-literatuur?).

In kontras met bostaande uitspraak, is die bespreking van Smit se roman in hierdie literatuurgeskiedenis oorwegend positief. Dit val op dat die meerderheid van Dekker se uitsprake oor die werk vermeldings bevat. Vergelyk (vermeldings in kursief):

- i. Met hierdie roman ... doen die individu, wat in die, helaas onvolgroeide, konsepie van *Van Bruggen se "Bromberg"* vaag opgedoem het, sy intrede in ons prosakuns.
- ii. Die uiters verwikkelde en bewuste maar tegelykertyd so primêr funksionerende vrou wat hier uitgebeeld word, is nie meer, soos die mens *tot nog toe in ons prosa* tog maar was, 'n uit die daaglikse ervaring tot menslikheid gegroeide *tipe in die skerp geobserveerde werklikheid van sy milieu* nie; sy is 'n *individualistiese karakter*, geskep deur die diep skouende verbeelding van die skryfster...
- iii. Die skoonheid van ontdekte eie sielelewe het sy in verrassende sensitivistiese beelde versinlik, soos niemand *voorheen dit in die Afrikaanse prosa* gedoen het of die behoefte gehad om dit te doen nie – ook hieruit blyk die *verwantskap met die digters*.
- iv. Tog is hierdie roman nog nie die openbaring van essensieelste menslikheid nie. Die skryfster en haar heldin lewe daarvoor nog te veel in die wêreld van die aanbidding van die woord ... , o.a. deur hulle bewondering vir die groot aanbieder van die woord, *Lodewyk van Deyssel*.

Uitspraak i – iii kan as waardevergroterende implisiete vermeldings geïnterpreteer word, met die doel om Smit se roman positief – teenoor die meer negatief voorgestelde ouer tekste wat dus gedekanoniseer word – binne die kanon te markeer. Dekker bedien hom van argumente wat telkens die waarde van die teks se vernuwende aspekte (byvoorbeeld die daarstelling van die individualistiese romankarakter of die sensitivistiese beeldgebruik) onder die leser se aandag wil bring. Hy wys egter daarop dat die Smit-tekste nie daarin kon slaag om modelstatus ten opsigte van verdere teksproduksie te verkry nie. Hy skryf: "En hierdie in wye kring met vreugde ontvangte boek

het *nie die eerste geluid* van 'n vernuwing in ons prosakuns geblyk te wees nie" (my kursivering). Ten spyte van al die vernuwende elemente wat via die *Sekelmaan* die Afrikaanse sisteem binnegekom het, kon die teks nie daarin slaag om vernuwing (iets soos dié van Sestig?) in die Afrikaanse prosa te genereer nie, aldus Dekker.

Hiernaas staan (iv) met die eksplisiete vermelding waarin Smit in die tradisie van Van Deyszel met sy woordaanbidding gesitueer word. Wat hier gebeur, is dat sowel die skrywer onder bespreking (Hettie Smit) as die vermelding (Van Deyszel) negatief beoordeel word ten opsigte van hulle gemeenskaplike opgaan in die woord.

Hierbenewens word 'n interpreterende en evaluerende vermelding soortgelyk aan dié van Kannemeyer (sien hierbo) aangetref:

- v. Direk uit die sfeer van die Louws se eerste poësie is die selfbelydenisroman *Sy kom met die sekelmaan...*

(Interpreterend, deur die inligting wat die soort teks en die kodes eie aan die "genre" betref; evaluerend, deurdat daar na die Louws verwys word).

Ander uitsprake wat Dekker (1966:338) omtrent die waarde van die teks maak, is:

- vi. Heel oorspronklik en suiwer is die komposisie...
- vii. Uiters gevoelig is ook haar styl, wat nooit uiterlike fraaiing word nie.

Albei hierdie uitsprake is onbetwisbaar positief, en impliseer dat die roman besliste waarde het wat betref komposisie en styl. Hierdie stellings berus op 'n strukturele uitgangspunt.

Soos Kannemeyer, wys ook Dekker (1966:338) op die potensiaal tot kanonisering wat nie verwerklik is nie: "Groot verwagtings is gekoester van wat die skryfster by groter verdieping tot die lewensessensies sou kon lewer. Hulle is helaas nie vervul nie."

1947-uitgawe

Die grootste gedeelte van die 1947-bespreking kom feitlik woordeliks ooreen met die 1966-uitgawe, met die uitsondering van enkele weglatings, bywerkings en formuleringswysigings. Dit blyk dat die 1966-bespreking omvattender is as die vroeëre, maar as gevolg van die moderner

setwyse word dit nie deur die bladsylengte gereflekteer nie. Betekenisvolle weglatings uit die 1947-uitgawe is onder meer: Vorige uitsprake waarin *Sy kom met die sekelmaan* as 'n "belangrike werk" en 'n "merkwaardige eersteling" bestempel word; ook dié wat Hettie Smit beskryf as 'n debutant met die potensiaal om 'n "groot kunstenaar" van die Afrikaanse literatuur te word. Ook word die uitspraak weggelaat dat indien die belofte van die debuut vervul word, die individualisme van die *Sekelmaan* 'n "eerste simptome ... van 'n verdieping in ons prosakuns" sal wees (Dekker 1947:218).

Al hierdie positiewe uitsprake word weggelaat uit die latere uitgawe, met die implikasie dat die skryfster en haar teks nie meer in dieselfde gunstige posisie ten opsigte van kanonisering verkeer nie. Waar sy in 1947 die potensiaal gehad het om 'n invloedryke posisie binne die kanon as "groot kunstenaar" te beklee, het haar verdere weerhouding van publikasie, sowel as die perspektief van 'n nuwe dekade, haar na 'n meer beskeie posisie binne die kanon teruggeskuif. Die meer uitgebreide bespreking ten spyte, kan beweer word dat Hettie Smit in *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* stelselmatig kwalitatief gedekanoniseer is, hoewel nie ingrypend nie.

3.3.1.5 Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede

Soos in die geval van *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* word die jonger uitgawe se bespreking as uitgangspunt gebruik, alvorens 'n diachroniese vergelyking getref word.

1964-uitgawe

Soos Kannemeyer en Dekker, open Antonissen (1964:253) sy bespreking van die roman met 'n interpreterende vermelding wat *Sy kom met die sekelmaan* se veelvlakkige ooreenkomste – hier veral die tematiese en stilistiese – met die Dertigerpoësie releveer:

- i. By die vroeë belydenispoësie van die Louws fungeer Hettie Smit ... se roman ... as 'n onmiddellike aanvulling-in-prosa. Dis die enigste Afrikaanse prosawerk wat heeltemal in dié digters se ervaringsfeer tuis hoort en na inhoud en vorm dieselfde strewe openbaar: konsentrasie op die eie persoon, deurgronding van die eie wese om 'n kern van vastheid in hierdie verwarde wêreld te vind, en ekspressie daarvan in 'n so presies moontlike sensitiewe styl.

In teenstelling met die besprekings deur Kannemeyer en Dekker staan Antonissen se bydrae grootliks in die teken van die negatiewe. Vergelyk:

- ii. Die *Sekelmaan*-belydenis het ... nie die uitgangspunt geword van 'n vernuwing in die Afrikaanse prosa nie.
- iii. Dit was trouens nog 'n 'jong' werk, met 'n beperkte horison ...
- iv. Die selfpeiling voer nie tot 'n openbaring van die héle mens nie, nóg tot die besef van 'n groot roeping in hierdie tyd. Die lewenshouding bly in hoofsaak dié van die estetiese individualisme, sodat die gróter spanninge in en om die mens hier slegs kasuele betekenis kry.
- v. Die vorm wat aan dié tekort beantwoord, bevat byna vanselfsprekend 'n 'te veel': 'n oordadig van mooi styl en literatuur, o.m. in die gedaante van talryke sitate en soms nog onverwerkte invloede ...

Bostaande argumente verteenwoordig onder meer besware op die realistiese vlak (iii en iv), die strukturele (v), en ook op die vlak van vernuwing teenoor tradisie (ii).

Antonissen stel dit onomwonde dat die roman nié 'n vernuwing in die prosa voorafgegaan het nie (vergelyk uitspraak ii). Hierdeur word die roman dan gedekanoniseer, en deur die herskrywer van sy waarde as vernuwende model ontnem. ('n Interessante ondersoek in hierdie verband sou wees om die skrywers uit die vernuwingsera se response op die Smit-tekste na te gaan – met ander woorde, het byvoorbeeld die Sestigers die *Sekelmaan* as model beskou?) Daar kan gevra word of die belydeniskarakter van die werk – volgens Antonissen (1964:254) 'n "uitsonderingsverskynsel in die verhalende prosa" – die teks ongeskik sou maak om as model te funksioneer. Indien dit die geval is, is die volgende vraag dan of "uitsonderings" as 'n reël gedoem is om op die periferie van 'n literatuursistiem te bly, en nooit as teksgenererende modelle kan funksioneer nie.

Die verdere besware trag dan om die werk (in teenstelling met ander herskrywers se positiewe oordele) te dekanoniseer en as 't ware as oppervlakkig (Dekker se dilettantisme?), jeugdig en oordadig te brandmerk – eienskappe wat "groot" literatuur nié kenmerk nie.

Die enigste positiewe kommentaar in die bespreking het betrekking op die eiesoortigheid van die teks en die struktuur daarvan:

- vi. Ondanks die veelsoortige beïnvloeding het die *Sekelmaan*-roman 'n heel eie gelaat ...

vii. ... tog lê 'n heel verneme waarde van hierdie roman juis in sy konstruksie.

Binne die geheelkonteks klink hierdie twee struktureel begronde uitsprake egter na toegewings wat ten opsigte van 'n andersins minder verdienstelike werk gemaak word (let byvoorbeeld op die gebruik van die woorde "ondanks" en "tog"). Selfs die slotopmerking (as uitbreiding op die knap konstruksie van die teks) bevat 'n uitspraak wat vanuit die perspektief van die negentigerjare chauvinisties en trivialiserend voorkom:

viii. ...die Maria-Marié-verhouding word ewe fyn in die stylskakerings weerspieël en verhelder menigmaal tot 'n beeld van die *algemeen-vroulike* (my kursivering).

Wanneer Antonissen hier na die "algemeen-vroulike" verwys, is dit te betwyfel of hy dit bedoel as "outentieke vroulikheid" in die gees van die feministiese bewussyn. Dit skyn eerder asof hy daardeur impliseer: vroulikheid as "die psigologiese afwisseling van die verstandelike ... en die emotiewe" (Antonissen 1964:254). Die keuse van woorde soos "fyn" en "verhelder" – met assosiasies van kragteloosheid en deursigtigheid – ondersteun so 'n konstruksie van stereotipiese vroulikheid. Vroulikheid word klaarblyklik gesien as onstabiele, soos uitgebeeld in hierdie (ewe onstabiele) algemeen- (lees *tipies*) vroulike teks wat nie aan die beperkinge van oppervlakkigheid en wisselvalligheid kan ontsnap nie. Hierdie bespreking deur Antonissen funksioneer dus nie kanoniserend ten opsigte van *Sy kom met die sekelmaan* nie, en wil eerder suggereer dat die teks as (tipies) vroulike *aanvulling* – eerder as literatuur uit eie reg – tot die manlike Dertigerpoësie gereken moet word. Die plek wat die teks wel in die kanon inneem, is op grond van hierdie verwantskap met die manlike poësie.

1955-uitgawe

Die 1955- en 1964-besprekings stem feitlik volledig ooreen, met uitsondering van enkele woordweglatings en formuleringsverskille (waarskynlik ter wille van woordekonomie). Die 1955-weergawe is om hierdie rede ook ietwat langer as die latere weergawe, alhoewel dit as gevolg van die verskillende setwyses nie in die bladsylengtes weerspieël word nie. Naas die genoemde wysigings is slegs die volgende (kanoniserende) uitspraak in die jonger uitgawe weggelaat:

i. En (die *Sekelmaan* is) ook nog steeds, sowel deur sy intrinsieke waarde as deur sy literêr-historiese betekenis, 'n volstrek unieke verskynsel in ons prosa-literatuur.

Hiervolgens besit die teks onder bespreking drie eienskappe wat 'n plek in die kanon regverdig: intrinsieke waarde as kunswerk, literêr-historiese betekenis soos dit verband hou met die funksie

van kultuuroordrag, en uniekheid. Hierdie drie verdienstes word egter nie in die jonger weergawe vermeld nie. Deurdat dit verswyg word, kan daar aangeneem word dat daar geïmpliseer word dat hierdie uitspraak nié meer geldig is nie. Dus word die teks subtiel gedekanoniseer; nie deur neerhalende kritiek nie, maar deur die afskaling van positiewe uitsprake met verloop van tyd.

3.3.1.6 *Perspektief en profiel*

Ten opsigte van hierdie literatuurgeskiedenis word 'n chronologiese volgorde (soos ook in 3.3.1.1) gehandhaaf.

1951-uitgawe

In hierdie literatuurgeskiedenis is Hettie Smit nie in die "Profiel"-gedeelte (die besprekings van individuele outeurs) opgeneem nie, en sy word slegs in die "Perspektief"-gedeelte (die literatuurkroniek) behandel. Die bespreking deur Antonissen is naastenby dieselfde as dié in *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* (1955), behalwe dat meer detail oor byvoorbeeld tematiese sake verskaf word. Die uitsprake met kanonimplikasies stem egter ooreen, met uitsondering van enkele verskille in formulering. Alles wat oor bogenoemde bydrae gesê is (sien 3.3.1.5), geld dus ook vir hierdie bydrae.

1960-uitgawe

Die bespreking in hierdie nuwer uitgawe kom grotendeels ooreen met dié in die eerste uitgawe, met enkele weglatings en wysigings in die formulering.

Wat betref wysigings, kan die weglating van die stelling dat die *Sekelmaan* "nie die uitgangspunt ... van 'n vernuwing in die Afrikaanse prosa (geword het) nie" genoem word. Die ondersoeker kan in dié verband vra na die betekenis van dié weglating: Moontlik dui dit op 'n gewysigde opinie by Antonissen oor die waarde van die *Sekelmaan* as model, gesien in die lig van die eerste aanduidings van Sestig. Só 'n vermoede lyk weliswaar minder waarskynlik, gesien teen die agtergrond van die insluiting van die uitspraak in die 1964-uitgawe van *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Ook die struktureel gegronde argument oor die "heel vername waarde" van die roman wat in die tekskonstruksie geleë is, is weggelaat. Hier kan gevra word na die moontlike rol wat verskuiwende teksopvattinge (wég van die stilistiek op linguïstiese grondslag) sou kon speel.

1969- en 1973-uitgawe

As gevolg van die hersetting beslaan die besprekings in hierdie twee nuwer uitgawes minder bladruimte as in die 1960-uitgawe, alhoewel dit woordeliks ooreenkom. Kwalitatief gesproke is daar dus nie sprake van verskuiwings met betrekking tot kanonstatus nie.

1982-uitgawe

Ook die bydrae in hierdie uitgawe kom woordeliks ooreen met dié in die vorige twee uitgawes. Steeds is Hettie Smit slegs in die "Perspektief"-gedeelte verteenwoordig. Daar is dus geen sprake van 'n diachroniese verskuiwing in die kanonisering van Smit en haar roman in hierdie literatuurgeskiedenis nie.

3.3.2 Resensies

Die resensies soos genoem in 3.2.2 word vervolgens op dieselfde wyse as die bydraes in literatuurgeskiedenis ondersoek.

3.3.2.1 "Prosa van gebrokenheid" – F.E.J. Malherbe, *Die Huisgenoot*, 7 Mei 1937

Hierdie resensie van *Sy kom met die sekelmaan* word in verkorte vorm in *Ons eie boek* 3(2) (April – Junie 1937) herhaal, en word ook met enkele wysigings in Malherbe se versameling opstelle onder die titel *Aspekte van Afrikaanse literatuur* (1940) opgeneem. Ten einde moontlike verskuiwings in kanonisering te registreer, word al drie weergawes by hierdie ondersoek van die argumentasiestruktuur betrek.

In die *Huisgenoot*-weergawe word die bespreking geopen deur die volgende vermelding wat Smit se teks binne die tradisie van die Dertigers se bieppoësie situeer:

- i. Merkwaaardige prosa van meedoënlose bekentenis van siels- en lyfsverlange gee Hettie Smit in hierdie boek, wat as welkome *prosa-aanvulling* te sien is by die individualisme van gebrokenheid in ons jongste poësie (my kursivering).

Alhoewel die kwaliteit van die roman as prosawerk hierdeur onderskryf word ("merkwaaardige prosa"), lyk dit asof die kritikus die standpunt uitspreek dat dit die jongste poësietekste is wat dié tendens tot 'n "individualisme van gebrokenheid" verteenwoordig, met Smit se werk bloot as 'n

verdere uitbouing of nuansering daarvan. Malherbe (1937a:25) skyn egter 'n toegewing te maak ten opsigte van sy siening van die *Sekelmaan* as sodanige aanvulling by die hooggeagte werk van W.E.G. Louw (wat hy as 'n "sielkundige en artistieke mylpaal in ons literatuur" bestempel) wanneer hy skryf:

- ii. Individualisme en gebrokenheid dan in prosa, ook deur ander, veral Abr. Jonker gegee, maar meer direk aansluitend by *Die Ryke Dwaas*, is hierdie *belangrike uitgawe* van die Vereniging van die Vrye Boek, waarmee mej. Smit meteens alle Afrikaanse skryfsters agter haar laat en in die voorste ry van ons prosaïste tree (my kursivering).

Met hierdie uitspraak word Hettie Smit se status as prosateur in eie reg erken en die stelling kan as definitief kanoniserend getipeer word. Opvallend is die feit dat sy spesifiek binne die tradisie van "Afrikaanse skryfsters" gesitueer word, en onmiddellik daarna as een van die voorste "prosaïste" – sonder verwysing na geslag – begroet word. 'n Ander implikasie van Malherbe se uitspraak is dat "alle (ander) Afrikaanse skryfsters" nie in die "voorste ry" van prosaskrywers hoort nie; slegs Hettie Smit het aanspraak op dergelike status. So 'n uitspraak (met 'n tradisie- én vernuwingsargument as grondslag) spreek van 'n vaagheid by die kritikus oor Smit se posisie binne 'n hiërargie van Afrikaanse skrywers; van 'n onsekerheid oor presies hóé sy in die kanon opgeneem behoort te word: as goeie *vroulike* skrywer of bloot as goeie skrywer?

Daar kan gevra word of dit betekenisvol kan wees dat (ii) uit sowel die *Ons eie boek*- as die *Aspekte...*-besprekings weggelaat is, terwyl slegs (i) in gewysigde vorm teruggevind kan word:

- iii. Dit lê in die lyn van ons jongste ontwikkeling tot individualisme van gebrokenheid, in nou verband te sien met ons opkomende grootstadsbewussyn (vergelyk in die poësie: W.E.G. Louw, Van Wyk Louw, I.D. du Plessis, Uys Krige, Elisabeth Eybers, en in die prosa Abr.H. Jonker en andere) ... Dit is 'n verdere bydrae tot ons bekentenis-literatuur, en sluit in die besonder aan by die poësie van W.E.G. Louw (*Ons eie boek*).
- iv. Dit lê in die lyn van ons jongste ontwikkeling tot individualisme van gebrokenheid, is 'n verdere bydrae tot ons bekentenis-literatuur en sluit in die besonder aan by die poësie van die Louws (*Aspekte van Afrikaanse literatuur*).

Die implikasie van die weglating van (ii) hierbo sou kon wees dat Malherbe se aanvanklike voorstelling van Smit as in die voorste linie van Afrikaanse prosaïste nie meer kongruent is met sy latere of dan hersiene blik op die Afrikaanse literatuursisteem nie.

Albei bostaande uitsprake kan as eksplisiet kanoniserende vermeldings beskou word, waardeur Smit se roman by wyse van direkte verwysing (iii) binne die tradisie van literatuur van gebrokenheid, die grootstadbewussyn, en die bekentenisliteratuur gesitueer word. In (iv) word slegs die aspekte van gebrokenheid en bekentenis geaktiveer, en slegs die Louw-broers word eksplisiet genoem. Dus kan (iii) as meer kanoniserend bekou word, deurdat dié uitspraak 'n plek aan die *Sekelmaan*-teks binne 'n wyer en gewaardeerde konteks verleen. 'n Ander positiewe uitspraak – wat weer nié in die *Huisgenoot*-weergawe voorkom nie – verskyn wel in beide *Ons eie boek* en *Aspekte ...* :

- v. Hierdie boek bevat van die mooiste stukke prosa in ons hele literatuur; en die bekentenisse van 'n jong meisie word dikwels so eg en innig gegee dat niemand die boek ongelees mag laat nie.

Hierdie uitspraak (wat op emotiewe, intensionele, én ekspressiwiteitsargumente berus) is kanoniserend in dié sin dat die werk as verpligte leesstof bestempel word, en dus ook vir uiteindelijke opname in die amptelike kanon aanbeveel word. 'n Verdere positiewe stelling word aangetref in sowel die *Huisgenoot*- as *Aspekte...*-besprekings, nadat die verskillende afdelings van die teks bespreek is, en heelparty passasies aangehaal is:

- vi. Ek meen dat ek hiermee voldoende laat hoor het⁶¹ om van die waarde van die boek te oortuig.

Bogenoemde is 'n duidelik kanoniserende uitspraak, aangesien dit ten doel het om 'n positiewe persepsie van die teks by die leser te bewerkstellig. Die direk daaropvolgende uitspraak dui dan aan wát presies die kritikus onder "waarde" verstaan, en dit blyk ook *dekanoniserend* te wees. Die leser verneem dat "waarde" vir Malherbe eintlik "skoonheid" is (dus 'n estetiese maatstaf), en dat hierdie skoonheid nie voldoende is om die teks tot die domein van "groot literatuur" te verhef nie. Vergelyk dié uitspraak soos dit feitlik woordeliks ooreenstem met die besprekings in *Ons eie boek* en *Aspekte*:

- vii. Die skoonheid van die werk lê nog in onderdele. Die werk as geheel is nog nie tot groot literatuur te reken nie. Ons moet versigtig wees om nie iets wat *vir Afrikaans* nuut is, sommer dadelik te gaan reken tot die beste in die wêreld nie!

Hierdie uitspraak veronderstel dus: Alhoewel die *Sekelmaan* sekere (skoonheids-) waarde het, is

61 *Altesaam twaalf passasies uit die teks word deur Malherbe aangehaal.*

die werk slegs gedeeltelik waardevol, en dit kan nie as "groot literatuur" gereken word nie. Hier geld 'n estetiese maatstaf, wat gekoppel is aan die strukturele premis waarvolgens slegs volkome skoonheid ware skoonheid kan wees. Malherbe se verwysing in dié konteks na moontlike opname van die *Sekelmaan* in die kanon van die wêreldliteratuur val egter vreemd op: Daar is hier juis sprake van die waarde van Smit se teks as Afrikaanse prosawerk, soos Malherbe (1937a: 25, 1937b:199-200, 1940:157) self aandui wanneer hy herhaaldelik verwys na "ons bekentenis-literatuur", "nuwe beeldende Afrikaans", "nog nie gesê is in Afrikaans nie", "ons prosaïste", ensovoorts. Die rasionaal agter Malherbe se voorbehoud is moontlik dié opvatting: 'n Teks wat binne een polisistiem (byvoorbeeld die Afrikaanse) 'n "nuutjie" is (oftewel 'n onbekende repertorium verteenwoordig), word té maklik gekanoniseer in 'n wêreldkanon.

Hierbenewens word verskillende negatiewe uitsprake oor die werk gemaak, waaronder:

viii.a. So is daar die gevaar van ondiepe 'Schwärmerei' omtower met literatuur (waardeur die *Sekelmaan* tot 'Schwärmerei' [= dwepery, aldus Hugo 1981:28] verklaar word) (*Aspekte... en Ons eie boek*),

In gewysigde vorm in *Die Huisgenoot* lui dit:

viii.b. My waarskuwing geld die gevaar wat daar by dergelike selfekspresie – *selfrepresentation* – is, nl. om behaagsieke selfvertroeteling te word, te ondiepe Schwärmerei, omtower met literatuur;

ix. Die egtheid van Marié haar brandende gevoelens word ... *dikwels* op ontroerende wyse uitgesê, maar die herhaling van die eenderse noot ... verveel op die duur (*Ons eie boek* en *Aspekte ...*);

x. Ja, 'n seker fut ontbreek aan baie uitinge van Hettie Smit, en dit maak ook dat haar konstruktiewe vermoë van so 'n dagboek so swak was (*Ons eie boek* en *Aspekte...*).

In (viii) wil die kritikus se "waarskuwing" suggereer dat hierdie teks wél "Schwärmerei" onder die dekmantel van veelvuldige stilistiese nabootsings en "poëtiese" woorde (mooiskrywery?) is, veral wanneer dit teen die agtergrond van dié uitspraak beskou word:

xi. In twee opsigte doen die 'jeugdige' van die werk in gedeeltes ongunstig aan, t.w. (1) behaagsieke selfvertroeteling en sentimentaliteit van Marié, en (2) sug na 'literatuur'-uiting by Maria.

In werklikheid kommunikeer Malherbe aan sy lesers dat die gevaar van selfvertroeteling en oordrewe verliteratuurdeur nie alleen dreig ("die gevaar... om... te word") nie, maar reeds gerealiseer het ("doen ... ongunstig aan"). Dit is opvallend dat die meerderheid negatiewe uitsprake (byvoorbeeld ix, x) nie in *Die Huisgenoot* voorkom nie, maar wel in die ander twee besprekings. Die rede hiervoor is waarskynlik dat sulke negatiewe uitsprake nie in die gees van 'n *splash*-resensie sou wees nie.

Eweneens word dié waardeverminderende vermeldings nie in *Die Huisgenoot* opgeneem nie:

- xii. Sy moet nog sulke woorde soos dié van Dirk Coster, by sy *Marginalia* betrag...;
- xiii. Maar hierdie genoemde skrywers (Kloos, Verwey, Gorter, Shelley, Keats) toon nog meer in hierdie verband, t.w. dat die estetiese jongmens wel deeglik, *en terwyl hy nog jonk is*, kan oopbloei tot vollediger menslikheid – etiese, filosofiese, sosiale of religieuse mensheidsgevoel – en veel omvattender en universeler kuns kan lewer. Mag ek nog die naam noem van die jong impressionis Toorop of die estetiese jong meisie Henriëtte van der Schalk? En die jeugmens in Europa vandag? Dit is nie *my* skuld dat ek hier in vergelykings met Europese literatuur getree het nie.

Hierdie twee uitsprake dekanoniseer Smit se werk dus in vergelyking met dié van die genoemde Europese outeurs (wie se gekanoniseerde posisies verstewig word). Malherbe regverdig hierdie vergelyking deur sy suggestie dat dit juis Smit se gebruik van talle stilistiese nabootsings is wat hom noop om vergelykings met hierdie outeurs te tref. 'n Mens sou dus kon sê, sy kry waarvoor sy gesoek het. Uiteraard kan daar vroe gestel word oor die regverdigheid van so 'n uitgangspunt: Of die skryfster ooit werklik bedoel het dat haar werk aan die modelle van haar literêre "helde" gemeet moet word, en of sy eerder die nabootsings gebruik het om die estetiese klimaat rondom die produksie van die teks, asook haar vreugdevolle omgang met die groot wêreldliteratuur, te verwoord. Sodanige vroe val egter buite die bestek van hierdie studie. Belangriker is dit om te wys op die kritiek wat Malherbe (1940:164) (*Aspekte ...*) uitspreek teen die "vroulike" openbaring van die self:

- xiv. 'Ware kuns ... vermag die intiemste uit te spreek sonder om skaamteloos te word, sonder dat die leser die pynlike gevoel kry van onkuise ontbloting van jouself.' En dit kry ons nog te dikwels in die biegrromans van jong vroue.

Alhoewel daar nie direk gesê word dat dít 'n kenmerk van die *Sekelmaan* is nie, kan die leser tot

so 'n gevolgtrekking kom deur hierdie uitspraak te koppel aan vorige uitsprake oor die persoonlike bieg, die "analise van lyfsbegeerte en liefdesgebrokenheid", die stelling dat die skryfster nog in "sentimentele *bevangenheid*" (Malherbe 1940:158,164) verkeer. Hierdie negatiewe, dekanoniserende uitspraak berus stellig op emotiewe en selfs morele gronde (waar die moraliteit dan dié van patriargale vooroordele is). Op grond hiervan kan beweer word dat Malherbe hom hier aan seksistiese vooroordeel skuldig maak wanneer hy beweer dat "onkuis" tekstuele selfopenbaring 'n negatiewe kenmerk van "jong vroue" se literêre produkte is. (Die leser kan in dié verband wonder wat Malherbe se reaksie op "ontbloting" by manlike outeurs was/sou wees). Of sodanige "onkuis ontbloting" 'n geldige punt van morele kritiek teen 'n literêre teks is, is 'n vraag wat aandag behoort te geniet, veral in die lig van die insigte van die eietydse feministiese teorieë (byvoorbeeld die *gynocritics*) wat vroulike selfopenbaring eerder as 'n tekstuele wins sal beskou.

Die argumentasiestruktuur wat Malherbe se resensie kenmerk, kan nou opgesom word as: *Die werk het waarde, maar ...*, waarop die lys van gebreke dan volg. Met ander woorde: Malherbe kanoniseer, maar as 't ware voorlopig en met voorbehoude, soos gereflekteer deur die volgende opmerkings:

- xv. Groot kuns, met sterk opstrewende lyn, waar skoonheid uit wysheid opstraal en verkwik, is *Sy kom met die sekelmaan* nog nie. Maar dis 'n welkome bydrae in sy waarlik vormgewende gedeeltes van 'n geslae innerlike (my kursivering) (Malherbe 1937b:200);
- xvi. *Intussen* aanvaar ons met groot dankbaarheid die sterk en skoon gedeeltes in haar moedige werk ... (my kursivering) (Malherbe 1937a:109);
- xvii. *En al* is die *Sekelmaan* ... nog nie (die tot taalgestalte gesublimeerde en veralgemeende lewe) nie, aanvaar ons die suiwer gedeeltes, in fris en edel prosa, met dankbaarheid (my kursivering) (Malherbe 1940:164).

3.3.2.2 "Van die mooiste prosa in ons letterkunde" – F.E.J. Malherbe, *Die Suiderstem*, 8 Mei 1937

Naas Malherbe se *Huisgenoot*-resensie oor *Sy kom met die sekelmaan*, verskyn daar in Mei 1937 ook 'n resensie oor hierdie teks in *Die Suiderstem*. Die eerste 480 woorde stem verbatim ooreen met die bespreking in *Ons eie boek*. Hierna word die *Huisgenoot*-bespreking wat betref die onderafdelings van die roman in ietwat gewysigde, verkorte vorm herhaal (byvoorbeeld met veranderinge in die gekose sitate asook die gebruik van minder sitate). Die slotsom is uiters bondig, en laat nie werklik reg geskied aan die besonder positiewe titel van die bespreking nie. Die

enigste uitspraak ter werklike ondersteuning van die titel lui soos volg:

- i. Hier is veel in hierdie bieg van 'n jong meisie wat hoog aangeslaan moet word ...

In feitlik dieselfde asem as die lof vir die boek, word die kritiek van die ander artikels weer gehoor:

- ii. Maar by al ons waardering van die skone en die nuwe in haar boek moet gewaarsku word teen 'n neiging tot behaagsieke selfvertroeteling en bloedlose estetisisme ...

Deur bogenoemde uitspraak kwalifiseer die resensent sy positiewe uitsprake: Daar is heelwat goeie punte in die boek te vind, maar die negatiewe is nietemin teenwoordig sodat die teks nie as geheel goedgekeur kan word nie. (Let hier spesifiek op die "maar..."-konstruksie van die uitspraak). Hierdeur word die lofuiting afgewater, en die leser word met 'n geheelindruk van dekanonisering gelaat.

Die belangrikste verskil met die reeds ondersoekte resensies is onderstaande uitspraak wat slegs in *Die Suiderstem* gemaak word:

- iii. Ek wil waarsku teen alle navolging van hierdie boek. Ons pas opgewekte bekentenis-literatuur mag nie so gou verloop in 'n mooidoenery met skone sitate om 'n gevoelige innerlike nie.

Hierdie uitspraak, met 'n vernuwings- en tradisieargument as grondslag, staan direk teenoor die waardering vir die "mooi prosa" wat deur die titel geïmpliseer word; wat dáár hoog aangeslaan word, word in die teks self as "mooidoenery" afgemaak.⁶² Die implikasies van die aangehaalde uitspraak (iii) is dat die kritikus poog om die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse literatuur te beheer – dat hy op grond van sy gesag as kritikus wil aantoon watter tekste geskikte modelle vir teksproduksie is, en watter nie. In teenstelling met die *Huisgenoot*-bespreking waar daar slegs in veel vaer terme na die "gevaar" van navolging deur "swakker skrywers" verwys word, behels hierdie uitspraak 'n "verbod" op navolging, oftewel, opname in die sentrum van die Afrikaanse sisteem as model vir teksproduksie. Dit is interessant om in hierdie verband op die verskille in sinstruktuur te wys: In die *Huisgenoot*-geval word 'n voorwaardelike konstruksie gebruik ten einde direkte afwysing te verdoesel ("... veral as swakker skrywers hierdie voorbeeld gaan navolg ..."). Hierteenoor word 'n imperatief in die *Suiderstem*-geval gebruik: "(o)ns ... bekentenis-literatuur *mag nie* ...". Hierdie uitspraak werk dus definitief *teen*kanoniserend ten opsigte van die teks se

62 Daar word aanvaar dat die titel van die bespreking nie noodwendig altyd dié van die betrokke resensent is nie – soms word dit deur die redaksie van die blad gekies.

potensiële status as produktiewe model binne die veranderlike strata van die kanon. Malherbe se kriterium vir die beoordeling van die *Sekelmaan* is waarskynlik gebaseer op sy uitspraak waarin hy “groot kuns” omskryf as “... met sterk opstrewende lyn, waar skoonheid uit wysheid opstraal en verkwik” (sien 3.3.2.1, xv). Hierdeur word ‘n estetiese maatstaf geïmpliseer, waarin ‘n morele dimensie ‘n oënskynlik belangrike rol speel (die “opstrewende lyn” en “wysheid”). Dit lyk asof Malherbe die *Sekelmaan* sien as met ‘n ontoereikende morele inhoud. Die verwysings na ‘n “bloedlose estetisisme” en “mooidoenery met skone sitate” kan vertolk word om op so ‘n morele tekortkoming te dui.

‘n Ander belangrike verskil met die *Huisgenoot*-bespreking (wat ‘n dag vroeër verskyn) is die naskrif wat die lesers op Malherbe se aandeel in die hersiening van die manuskrip wys. Hier probeer die kritikus die lesers oortuig dat dit veral deur sy persoonlike toedoen was dat *Sy kom met die sekelmaan* ‘n aanprysbare werk geword het. Deur sy aanbevelings, beweer hy, verdien die teks tans sy “oorspronklike lof ... te meer ..., en in minder mate (sy) oorspronklike kritiek”. (Sien ook 3.3.2.12 wat betref die polemieë oor die *Sekelmaan*-manuskrip). Die betekenis hiervan vir kanonisering is: ‘n Kritikus soos Malherbe wil die rol van herskrywer nie slegs via sy kritiek vervul nie, maar streef ook daarna om deur aktiewe *herschrywing* (as ‘t ware ‘n oorskryf van die manuskrip) beheer oor die kanon uit te oefen. Malherbe volstaan nie met ‘n kritiese bespreking nie, maar wil krediet ontvang vir sy aandeel in die suksesvolle “oorskryf” van die teks (soos dit na bewering deur sy bemiddeling/toedoen tot stand gekom het). Op dié manier probeer hy homself bevestig en bemagtig as aktiewe bemiddelende instansie in die sisteem van kanonisering.

3.3.2.3 Boekbespreking: *Sy kom met die sekelmaan* – G. Dekker, *Die Burger*, 29 Mei 1937

In hierdie vroeë resensie van Dekker tipeer hy die roman met dieselfde uitsprake as wat hy later in sy *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* opneem. Let op die woordelike ooreenkomstige met (i) en (ii) wat hierbo onder 3.3.1.4 aangehaal is: “Met Maria Theron doen ‘die individu’, wat in die, helaas onvolgroeide konsepsie van Van Bruggen ...”. Soos in die geval van die literatuurgeskiedenis (sien 3.3.1.4 hierbo vir die volledige analise), kan hierdie uitsprake as positief ten opsigte van kanonisering beskou word.

Waar die literatuurgeskiedenis slegs na die “oorspronklik(heid) en suiwer(heid)” van die komposisie verwys, word veral die skryfster se uitsonderlike komposisie vermoë in die resensie besing (dus ‘n strukturele argument). Vergelyk Dekker se lofuiting:

- i. Uit dié sintese groei die *groot komposisie vermoë* en *artistisiteit* van hierdie dagboek, wat so eenvoudig van bou lyk. Op *pragtige wyse* is gebruik gemaak van die hoofkonsepsie om

direkte weergawe van gemoedstoestande af te wissel met subtiele suggesties van gebeurtenisse waarvan die nugtere vertelling of dramatiese uitbeelding die fyn balans van die boek sou verstoer het, maklik sou kon gelei het tot *sentimentaliteit* of selfs dwaashede (my kursivering).

(Let daarop dat die gekursiveerde uitdrukkings weggelaat is uit die literatuurgeskiedenis – met die implikasie dat die kritikus op sy vroeëre lof "besnoei"). In sy toeligting van hierdie aanprysing gebruik Dekker positief gekleurde uitdrukkings soos "skrynende humor", "pragtige uitbeelding van die 'putgedagtes'", "kostelike satiriese tirades teen haar medestudente", "verfrissende selfspot", en "geestige tergering". Verder in die bespreking word 'n vernuwingsargument gebruik, tesame met 'n verwysing na Van Wyk Louw:

- ii. Ook in die natuurlikheid, die beeldende krag, die ritmies-musikale vermoë, die fyn gevoel vir die toonwaarde van die woord bring hierdie prosa iets nuuts. Dit laat in sy lusiditeit sterk dink aan die poësie van Van Wyk Louw.

Hierdie eksplisiete vermelding stel Smit se teks in 'n positiewe lig, veral wanneer dit teen die agtergrond van Dekker (1966:213) se uitspraak oor Van Wyk Louw se woordvirtuositeit gelees word: "In die aanwending van die woord in al sy dinamiek, sy helderheid en direktheid, al sy magiese suggestie, ... is hierdie poësie reeds heel gou 'n hoogtepunt in ons digkuns". ("Helderheid" word waarskynlik hier in dieselfde betekenis gebruik as "lusiditeit" in bostaande aanhaling). Elders in die bespreking verwys Dekker dan ook na die "groot meesterskap van hierdie jong skryfster oor die woord" wat sy waardering vir haar woordvaardigheid bevestig.

Uiteindelik kulmineer al hierdie waarderinge in dié uitspraak:

- iii. *Sy kom met die sekelmaan* is 'n egte, diep-eerlike kunswerk.

Hierdie uitermate positiewe en ook kanoniserende stelling (waardeur *Sy kom met die sekelmaan* onomwonde tot E-literatuur verklaar word) is opvallend afwesig in *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Dit is belangrik om daarop te let dat Dekker se kritiek in die resensie, met die uitsondering van die lofprijsing in (iii), wél byna woordeliks in die literatuurgeskiedenis herhaal word:

- iv. Tog is hierdie roman nog nie die openbaring van hewige, naakte menslikheid nie. Die jeugdige skryfster en haar jong heldin leef daarvoor nog te veel in die wêreld van aanbidding van die woord as hoogste openbaring van die skoonheid, o.a. deur hulle groot bewondering vir die aanbidder van die woord, Lodewijk van Deyssel (sien [iv] onder 3.3.1.4

hierbo).

Waar hierdie vermelding in die geval van die literatuurgeskiedenis die funksie het om albei outeurs te dekanoniseer, is die werking van die verwysing in die resensie insiggewend. Aanvanklik skram Dekker weg van enige vergelyking met 'n Nederlandse digter, hoofsaaklik in reaksie op I.D. du Plessis se kritiek teen "die neiging by party kritici ... om sekere Afrikaanse digters van die jonger geslag aan Hollandse verwante vas te koppel" (Dekker 1937b:15). Nietemin merk hy op dat indien hy só 'n vermelding sou maak, dit "die skryfster alleen tot eer kan strek". In die resensie word 'n aantal kwaliteite van Smit se teks aangeprys, terwyl 'n vergelyking met Van Deyszel getref word:

- v. ... (Smit se) boek in innigheid en suiwerheid en komposisie, in eenheid en suiwerheid van styl die jeugwerk van Van Deyszel, 'Een Liefde', *ver oortref* (my kursivering).

Met ander woorde, hierdie verwysing dien daartoe om *Sy kom met die sekelmaan* ten koste van die Van Deyszel-teks te kanoniseer. In die lig van (v) lyk dit asof (iv) geïnterpreteer kan word as dat Smit se bewondering vir Van Deyszel 'n struikelblok in haar kunsbeoefening is, terwyl sy hom in der waarheid op 'n hele paar terreine oortref. Hierdeur word Van Deyszel se werk ongeskik verklaar om as model te dien. Dekker se slotopmerking het die funksie om die waarde van die Smit-teks finaal te bevestig:

- vi. Ek wil die bestuur van die Vereniging vir die Vrye Boek gelukwens met die ontdekking van hierdie talent, waarvoor hy ons dank verdien.

3.3.2.4 "'n Waardering: *Sy kom met die sekelmaan*" – A. C. Cilliers, *Die Burger*, 12 Junie 1937⁶³

Die titel van Cilliers se bespreking laat die leser vermoed dat die trant waarderend en positief kan wees, alhoewel "'n waardering" bloot kan beteken dat 'n (neutrale) waardebeplanning van die teks gemaak word. Die bespreking open wel met 'n tipering van die teks as 'n "mooi boek", waarop Cilliers dan voortborduur in 'n styl wat soms oordrewe voorkom. Vergelyk die volgende uitsprake:

- i. (Die skryfster) is 'n hoëpriesteres van die kuns ...

63 Hierdie bespreking verskyn op 12 Junie, nádat G. Dekker se resensie (29 Mei) reeds geplaas is, en F.J. le Roux se brief (21 Mei) die polemieë oor *Sy kom met die sekelmaan* en die Vereniging vir die Vrye Boek ingelui het. 'n Verduideliking van hierdie laat verskyning lui: "Hierdie artikel moes geruime tyd oortref weens oormaat kopie".

- ii. Ek skroom nie vir een oomblik om te sê dat ek dit naas die mooiste dinge van sy soort in alle letterkundes wat ek ken, sal stel nie.

Die resensent skroom dan ook nie om die teks tot onsterflike kunswerk te verklaar nie:

- iii. Die indruk wat dit by my agterlaat is dat dit 'n kunswerk van die suiwerste gehalte is.
- iv. Ek aarsel nie om te sê dat die boek nog lank so sal ge lees word, as sy tydgenote reeds lankal vergeet is.
- v. Die woorde⁶⁴ verdien om in ons Afrikaanse Letterkunde net so onsterflik te word as die 'Charmed magic casements, opening on the foam, of fairy lands forlorn'.

Laasgenoemde twee uitsprake, en by uitsteking die verwysing na Keats se "Ode to a Nightingale" in (v) het moontlik die doel om aan *Sy kom met die sekelmaan* 'n besliste en blywende plek in die kanon toe te ken. Deur laasgenoemde vermelding word Smit na die vlak van Keats verhef, sodat dit as 'n eksplisiet kanoniserende uitspraak beskou kan word, waardeur Hettie Smit as een van die "groties" in die Afrikaanse, en selfs die Wes-Europese literêre tradisie, vereer word.

Cilliers se refleksie op sy uitsprake, byvoorbeeld "ek skroom nie ...", "ek aarsel nie ..." het waarskynlik ten doel om sy uitsprake te benadruk.

Op die keper beskou, is sommige van die uitsprake ietwat geswolle. Daar word as 't ware gesê dat die boek in die geledere van die groot Westerse kunstradisie hoort, soos die onderstaande vermelding getuig:

- vi. Soos 'n Sonata van Beethoven is dit stemmingsbeelde,...
- vii. Hier is rasegte kuns van die Europeër op Afrikaanse bodem, die bodem wat ons ken, lief het (sic) en verstaan.

Talle sitate word weergegee ten einde die leser van die skoonheid van die werk te oortuig, en Cilliers spreek dan ook sy wens uit om méér te kon weergee ("[r]uimtegebrek verbied my enige verdere aanhalings"). Hy spoor die leser aan om self die teks te lees, met dié motivering:

64 "Die woorde" verwys na Smit (1984:55) se beskrywing van 'n kalfie: "Op fyn hoëhakskoentjies trap hy mos ... Lieflike diertjie!"

- viii. ... so kan ek nog na honderde dinge verwys, die een mooier, treffender en inniger as die ander, want die boek is 'n ware grot van literêre skatte.

Die enigste sweem van kritiek wat Cilliers uitspreek, is die volgende:

- ix. Die voorliggende werk is, ... , nog individueel en na binne gekeer.

Nietemin word dié negatiewe klank besweer deur die resensent se uitgesproke oortuiging dat hierdie "fout" nie in 'n opvolgwerk herhaal sal word nie:

- x. Die volgende werk sal voller en omvattender wees met 'n bietjie meer wêreldwysheid en 'n bietjie minder wêreldsmart ... Ja, nooi, ons sien daarna uit, nooi. Nog só 'n mooi boek nooi. So ongekunsteld, so innig, so opreg.

Op hierdie noot – met al die positiewe assosiasies rondom die adjektiewe "innig" en "opreg" – word die bespreking afgesluit. Die hoë frekwensie van die woord "noui" laat vermoed dat 'n sekere houding van die resensent daardeur weerspieël word. Die aanspreekvorm "noui" dui bes moontlik op 'n patroniserende stellingname by Cilliers, waardeur Smit tot 'n "meisie" of "noui" met die gekonnoteerde eienskappe van jonk, onervare en ongesofistikeerd verklaar word.

Oorkoepelend beskou, is Cilliers se bespreking egter sterk kanoniserend; tot só 'n mate dat dit selfs onrealistiese vergelykings tref deur die teks op gelyke voet te plaas met enkele sterk gekanoniseerde elemente in die Westerse kultuurtradisie. Volgens hierdie resensie is *Sy kom met die sekelmaan* se aanspraak op 'n plek in die sentrum van die sisteem onaanvegbaar, en dit behoort tot die geledere van "onsterflike" literêre tekste.

3.3.2.5 Bespreking van *Sy kom met die sekelmaan* – J. Haantjies, *Werkplaats*, vol. 2(9), 1937

Haantjies se bespreking van die betrokke teks blyk merendeels 'n toeligting van die inhoud te wees, tesame met enkele interpretatiewe riglyne. Min uitsprake word gemaak oor die waarde van die werk, alhoewel enkeles geïdentifiseer kon word:

- i. ... een biezonder schone vrucht, ... het boek van Hettie Smit ...
- ii. Toch boeit dit boek van het begin tot het einde, en al bezit het dan allerlei gebreken die aan een jong talent vaker eigen zijn, nietemin zal het spoedig gelden als een voornaam werk in de Afrikaanse literatuur. Een bewerking in het Nederlands zou niet onmogelijk zijn, en

deze bewerking zou ongetwijfeld waardering vinden.

- iii. ... een typisch voorbeeld van Afrikaanse letterkunde is dit boek zeker niet. Zowel wat het onderwerp, als wat de wijze van behandeling betreft, is het eerder modern-Europees te noemen.

Waar (i) bloot 'n positiewe stelling omtrent die werk is, is (ii) en (iii) van veel groter belang. Stelling (ii) erken dat die teks tipiese gebreke van 'n jeugwerk toon, maar wys die leser op die verwagte plek in die kanon wat dit binnekort sal inneem, en kanoniseer alreeds deur so 'n uitspraak. Stelling (iii) kan in 'n sin as 'n eksplisiete vermelding beskou word, deurdat dit die funksie het om die roman binne 'n sekere literatuurtradisie, naamlik die "modern-Europese", te situeer. Benewens 'n waardebeplanning van die teks binne die Afrikaanse tradisie, wys Haantjies op die wyer resepsiegebied waarin dié teks verwelkom (en waarskynlik ook gekanoniseer) kan word. 'n Vernuwingsargument lê ten grondslag van (iii): Alhoewel dit nie tans aansluit by die bestaande Afrikaanse tradisie nie, word dit deur 'n nuwe kontinentale stroming gevoed. Hierdie artikel kan derhalwe as positief ten opsigte van kanonisering beskou word – en dan ook kanonisering buite die beperkter Afrikaanse dampkring.

3.3.2.6 "Literatuur in die huis: *Sy kom met die sekelmaan*" – P. de V. Pienaar, *Die Moderne Vrou*, Junie 1937

Soos die bespreking van Haantjies, bevat dié van Pienaar min waardebeplannende uitsprake. Veel eerder konsentreer hy daarop om die skoonheid van die teks met behulp van heelparty sitate te illustreer, asook op interpretatiewe kommentaar gerig op sy teikenlees (‘n groep vroulike lesers). Die skrywer maak sy lesers daarop attent dat hy geen "beroepskritikus" met "hoogdrawende, esteties-filosofiese kwinkslae" is nie (Pienaar 1937:33) – vandaar dan ook die meer opsommend verduidelikende aard van hierdie bespreking.

Die enigste oordeel wat wél uitgespreek word, neem die vorm aan van 'n reeks vergelykings (waardeur geïmpliseer word dat al die genoemde sake in *Sy kom met die sekelmaan* te vinde is):

- i. So het ek die boek gelees en geniet. Ek hou van woorde. Fris en springlewendig soos jong lammers na 'n reën. Ek hou van klanke skel soos die reep-vloeke van 'n nabydonderslag, sag en dromend, soos bleek maanlig op die wintervlakte. Ek hou van kuns wat uit die hart opstoot, op, uit, hoër en hoër tot waar dit weerklank vind, in die stil-ontvanklike gemoed. Ek hou van waaragtigheid oop soos die lelie-blom, of soos die blou oë van 'n onskuldige kind. Ek hou van durf soos van die standbeeld van die vroue-

monument. *Sy kom met die sekelmaan* is 'n boek vol diepe skoonheid!

Bogenoemde kan as 'n positiewe uitspraak geëvalueer word, met die implikasie van kanoniserings. Die lesers word aangemoedig om die werk te lees, met ander woorde, om dit deel van hulle persoonlike kanons te maak. So 'n aanbeveling geskied egter op grond van die resensent se persoonlike resepsie van die teks; sy persoonlike kanon (vergelyk woorde soos "geniet" en "hou van" – tiperend van wat De Moor 'n emosionele argument noem). Voorts behoort in gedagte gehou te word dat hierdie soort "impressionistiese" bespreking (wat nie 'n literêr-krities verantwoorde uitgangspunt handhaaf nie, en eerder van 'n sensitivistiese of affektief gegronde kunsopvatting getuig) waarskynlik nie dieselfde gesag het ten opsigte van amptelike kanonformasie as 'n krities verantwoorde bespreking nie.

3.3.2.7 Bespreking van *Sy kom met die sekelmaan* – J.J. Kruger, *Die Volksblad*, 24 April 1937

Benewens heelwat parafrase en 'n enkele sitaat, maak hierdie resensie slegs enkele uitsprake insake die waarde van die teks. Die positiewe uitsprake sentreer veral rondom die emosionele impak wat die teks op die leser het, die uniekheid van só 'n impak, asook die stilistiese hoogtepunte wat bereik word (dus emosionele en strukturele argumente). Vergelyk die volgende:

- i. Hierdie eerste uitgawe van die Vereniging van die Vrye Boek is 'n diep treffende menslike dokument ...
- ii. 'n Verklanking van troostelose verdriet uit die allerjongste lustrum van die 20ste eeu is hierin opgevang, ... , eerliker en reguiter as enigiets in die Afrikaanse letterkunde ...
- iii. As literatuur sou dit 'n tragiese mislukking kon wees, as dit nie so intens en oortuigend, en daarby so 'n *magtige beleving*, was nie.
- iv. Dis dus ..., ... veral ook ... die deurdringende selfkennis van die skryfster, wat sy so saaklik, maar tog ook met so 'n stylkrachtige plastiek beskryf, wat die werk so *buitengewoon* maak (my kursivering).

Antonissen (1963:47) wys in sy bespreking van Kruger se *Beelde en Stemme* daarop dat hierdie kritikus onder meer die suksesvolle vertolking van die "gemoedsbewegings van 'n bepaalde generasie" as literêre norm stel. Uitspraak (ii) hierbo sou beskou kon word as 'n verwoording van Kruger se waardering vir Smit se vermoë om die gees van haar tyd te tekstualiseer. Die kritiek

teen die teks berus insgelyks op die emosionele reaksie wat die leser op die teks ervaar:

- v. Selfs hier voel 'n mens nou en dan, dog baie selde, effens vermoeid van die volgehoue, ononderbroke, eenselwige smartlikheid.

Hierdie kritiek, met 'n emosionele argument as basis, word egter afgeskaal deur die stelling (op strukturele gronde) dat die skryfster se stilistiese vaardigheid daarvoor verantwoordelik is dat die leser "altyd weer (ge)boei (word)". Dus – die pluspunt op stilistiese vlak lei uiteindelik daartoe dat die teks op emosionele vlak bevredig.

In geheel beskou, kan beweer word dat die positiewe uitsprake dominant is, met die gevolg dat die bespreking as kanoniserend bestempel kan word.

3.3.2.8 Bespreking van *Sy kom met die sekelmaan* – E. Tredoux, *Sarie Marais*, 14 Desember 1955

Hierdie bespreking verskyn byna twintig jaar ná die eerste publikasie van die roman, by geleentheid van Nasionale Pers se heruitgawe daarvan in nuwe formaat. In hierdie kort bespreking val die klem hoofsaaklik op die perspektief van die leser ná twintig jaar: dus bestekopname, herevaluering en herinnering. Laasgenoemde aspek word belig deur kommentaar waarin die leser aan die aanvanklike uitgawe herinner word, en dan wel positief gekleur ("... onthou u die opgewondenheid in die letterkundige hoenderhok toe hierdie nuwe vreemdgeveerde voël vir die eerste keer op ons prosa-stellasië kom sit het?"). Die herevalueringaspek van Tredoux se bespreking blyk wanneer sy vanuit die perspektief van 1955, waarderend, maar ook krities skryf:

- i. Wat die stof self betref, is haar nasporing van die gedrae ontwikkeling van 'n jeugdige, onbeantwoorde liefde tot iets duursaams en waardevols in eie reg prysenswaardig om sy eerlike en opregte blootlegging, en ook sielkundig interessant. Maar as ek as haastige moderne leser mag kla: darem te uitgerok, liewe ons. Trouens, dit is net met 'n kortkoppie dat die skryfster die leser na 'n senuwee-ineenstorting klop ...

Die positiewe aspek van bostaande uitspraak berus op 'n realistiese (en moontlik ook intensionele) argument, terwyl die kritiek eerder op strukturele besware berus.

Herevaluering is daarop toegespits om die teks vanuit 'n nuwe perspektief opnuut te evalueer, en die leeservaring van 'n eietydse leser te belig. **Bestekopname**, daarteenoor, stel die teks se waarde binne 'n kanon vas ('n bepaling van bestaande posisie of status op die tydstip wanneer

die herskrywing plaasvind). Daarmee saam gaan aspekte soos die mate waarin die teks daarin kon slaag om 'n teksgenererende model te word. Bestekopname is dus dié aspek van die bespreking wat as kanonaanduider beskou kan word. Tredoux (1955:35) wys in hierdie verband (alhoewel nie sonder kritiek nie) op die invloed wat van Smit se teks uitgegaan het, asook op die vernuwende waarde daarvan vir die Afrikaanse tradisie:

- ii. Ons sal Hettie Smit *altyd eer* vir die feit dat sy van die heel eerstes was om ons taal vir hierdie gevoelige, persoonlike prosa te gebruik, en só te gebruik. Al moet ons ook aan haar voete die skuld lê vir die vlag vroulik-intiempies geskryf wat op haar werk gevolg het⁶⁵ (my kursivering)

Tredoux sien die navolging van die *Sekelmaan* klaarblyklik in 'n negatiewe lig, teenoor Malherbe wat *Orion* positief beskou (sien voetnoot 65). Hier moet die tydsverloop tussen Malherbe en Tredoux se uitsprake natuurlik in gedagte gehou word – dié van Malherbe word vyftien jaar vroeër gemaak, en derhalwe uit 'n veel beperkter perspektief as Tredoux wat uit 'n later perspektief 'n vollediger blik op al hierdie gebeure het.

Tredoux wys dus 'n plek binne die vaste strata van die sentrum aan Hettie Smit toe. As model ag sy die Smit-teks egter as van mindere waarde. Die slotsom van haar bestekopname is dat Smit op grond van hierdie eerste-wees haar plek in die kanon oopgeskryf het. Volgens Tredoux (1955:35) is hierdie plek onbetwisbaar: "*Sy kom met die sekelmaan* is Africana".

3.3.2.9 "By die dood van Hettie Smit" – A.P. Brink, *Die Burger*, 19 September 1973

In sy huldeblyk aan Hettie Smit lewer Brink veel kritiek teen *Sy kom met die sekelmaan*, en bevra die plasing van die teks binne 'n kanon van Afrikaanse prosawerke. Die huldeblyk het onder meer ten doel om te wys op die betekenis van hierdie roman vir die Afrikaanse literatuur, soos gesien vanuit die perspektief van die sewentigerjare; 'n "nugterder en ontnugterde dekade", volgens Brink (1973:14). Dit is veral die tipiese "Dertiger"-klank van belydenis en die "verslingering op die 'skone woord'" waarteen die kritiek gemik is:

- i. Ook die *Sekelmaan* moes dié tol aan die tyd betaal: ook daarin is passasies en bladsye wat vandag se leser irriteer of embarraseer as onhebbelik schwärmerig ...

65 Malherbe (1940:164) noem as voorbeeld van so 'n navolger die roman *Orion* (1937) deur Karin. Hy beskryf dié teks as 'n "boek van gevoelige en eerlike biegt uit 'n vrouesiel". Ook hierdie roman handel oor 'n vrou se soeke na die liefde, alhoewel die siening van liefde in hierdie geval veel meer geïdealiseer is as in die geval van die *Sekelmaan*. Antonissen in Nienaber (1951b:211) noem Annie van Nierkerk se *Met Liefde van Katinka* as 'n ander navolger.

- ii. Die *Sekelmaan* openbaar al die gebreke van stemmingskuns ...

'n Voorbehoud teen ondeurdragte kanonisering word ook uitgespreek:

- iii. En tog kan die roman nie sonder meer oorgeplaas word na die groot, en al groter wordende rak gereserveer vir 'werke van literatuurhistoriese belang' nie.

Die "(e)n tog"-konstruksie in hierdie uitspraak val vreemd op. Hierdie inleidende woorde skep die verwagting dat die voorafgaande teksgedeelte 'n aantal positiewe uitsprake oor die teks behels het, maar dat hierdie positiewe aspekte op sigself nie genoeg is om kanonisering te regverdig nie. Dít is egter nie die geval nie: Die voorafgaande behels in hoofsaak 'n uiteensetting van die teks se gebreke soos gesien vanuit 'n moderne oogpunt (vergelyk [i] hierbo). Waarskynlik het hierdie "en tog" betrekking op die enkele positiewe uitspraak wat in die eerste drie paragrawe gemaak word, naamlik:

- iv. Die jaar was 1937, ... en midde-in die 'nuwe lente' van Dertig was dié 'nuwe geluid' onmiskenbaar.

Vanuit dié erkenning van die roman se "nuwe geluid" in ons letterkunde, groei Brink se bespreking in die rigting van 'n waardering vir die vernuwende waarde van *Sy kom met die sekelmaan*. Alhoewel die werk nie summier as 'n betekenisvolle teks in eie reg gekanoniseer behoort te word nie, is daar nietemin positiewe aanduiders voortspruitend uit 'n evaluering vanuit 'n 1973-perspektief. Brink impliseer waarskynlik dat hierdie werk (beperkte) status binne die kanon behoort te geniet, synde 'n *wegbereider* vir die vernuwing in die daaropvolgende dekades, en as uitsegging van 'n tot voorheen genegeerde stuk ervaringswerklikheid (dus vernuwings- en intensionele of ekspressiwiteitsargumente). Vergelyk die volgende:

- v. Die *Sekelmaan* was op sy dag sonder voorganger in Afrikaans, en het vandag nog geen direkte afstammeling nie; maar dit was geen steriele verskyning nie. Die doelbewuste wégkeer van 'n tradisionele epiese aanslag in die roman, die verbete toespits op die binnelandskappe van die 'ek', die doelbewuste negeer van alle 'reëls' van die 'well-made novel' en die poging om in en deur die taal self die dieper geleding van die struktuur te bepaal, maak daarvan 'n werk waarsonder bv. die vernuwing van Sestig net 'n ietsie moeiliker denkbaar sou gewees het.
- vi. ... sónder Hettie Smit se publikasie sou 'n bestáánde en in eie reg sinvolle stuk ervaring nog nie in Afrikaans gesê gewees het nie.

- vii. Só 'n ontginning van skrywerskap het die Afrikaanse prosa vóór haar nie geken nie.
- viii. Dit is nie om die roman se 'droef-verre snikwoordjies' dat hy onthou sal word nie, maar om die vonkspatsels, hamerslae en haelkorrels wat in die Afrikaanse prosa iets óópgemaak het.

Die implikasies van Brink se bespreking is dat die *Sekelmaan* wél status as 'n "werk van literatuurhistoriese belang" verkry, en wel omdat dit reeds in die dertigerjare die weg berei het vir die deurbraak in ons prosa drie dekades later.

3.3.2.10 "Ter nagedagtenis aan Hettie Smit" – E. Botha, *Tydskrif vir letterkunde*, November 1973

By analise blyk dit dat hierdie huldeblyk veel eerder 'n opsomming van *Sy kom met die sekelmaan* as 'n kanoniserende kritiese bespreking is. Benewens enkele opmerkings oor die verwantskap met die poësie van Dertig word die gang van die verhaal (met klem op die verhaalaspek) in breë trekke geskets. Daar is wel enkele sake van belang vir die doel van 'n kanonstudie: Só byvoorbeeld dui die feit dat die artikel deur 'n hoogaangeskrewe literator geskryf is en in 'n gesaghebbende literêre tydskrif verskyn, alreeds op gekanoniseerdheid (of kanonstatus). 'n Bevestiging van reeds verworwe kanonstatus blyk uit 'n stelling soos die volgende:

- i. ... sommige van die gedeeltes het dan ook feitlik al *klassieke status* in die Afrikaanse prosa gekry (my kursivering).

(Waar "klassieke status" duidelik op kanonisering dui).

Ook die slotopmerking, met kommentaar oor die aard van die teks, dui aan dat *Sy kom met die sekelmaan* 'n prosateks in eie reg is, en dan spesifiek 'n **vroulike teks** met die klem op die vroulike hoofkarakter se intense ervaring van die liefde:

- ii. So word *Sy kom met die sekelmaan* 'n roman oor die allesoorheersende mag van die liefde in die lewe van die vrou Maria; word die boek bowe-al geen blote karakterstudie en geen bieb nie, maar 'n *roman van die liefde* (my kursivering).

3.3.2.11 “Die sekel kom met volmaan. ‘n Huldeblyk aan Hettie Smit” – J. Smuts, *Die Huisgenoot*, 26 Oktober 1973

Smuts se huldeblyk bestaan hoofsaaklik uit 'n versameling van indrukke uit sy vriendskap met die skryfster. Van belang is egter die weergawe van sy indrukke by die eerste kennismaking met die teks, sowel as die evaluering wat hy vier dekades later maak. Oor sy eerste kennismaking met *Sy kom met die sekelmaan* skryf Smuts:

- i. Vir ons klompie, jong studente ... was hierdie eerste publikasie van die Vereniging vir die Vrye Boek iets heel besonders. Ons het 'n soort persoonlike belang daarby gehad. Maar belangriker was die indruk wat die werk op ons gemaak het. Hierdie belydenisverhaal met sy konsentrasie op die eie persoon was iets nuuts in die Afrikaanse prosa. Maar nog belangriker was die suiwer en oorspronklike taalgebruik, die sensitiewe styl. Ons het die boek gelees en herlees ...

Vanuit 'n latere perspektief oordeel hy soos volg oor die teks:

- ii. Ons jeugdige geesdrif vir die werk was miskien oordrewe, maar 'n mens moet onthou hoe arm die Afrikaanse prosa toe nog was. Hoewel daar sedertdien Afrikaanse prosawerke verskyn het wat na inhoud heelwat hoër aangeskryf staan, is *Sekelmaan*, wat taal en styl betref, na my mening nog selde oortref.

Uit hierdie twee uitsprake kan die leser dus die afleiding maak dat Smuts se huldeblyk in der waarheid kanoniserend is deurdat dit wys op die besondere plek wat die *Sekelmaan* binne die destydse skaars bestaande Afrikaanse prosatradisie kom vervul het. Nogtans word daar gewys op 'n ánder, unieke eienskap van hierdie teks, naamlik die vars, oorspronklike taal en styl, wat volgens Smuts "nog selde oortref" is. Dit is duidelik 'n kanoniserende uitspraak wat 'n besondere plek aan hierdie roman binne die Afrikaanse kanon toewys.

3.3.2.12 Die polemieë rondom die *Sekelmaan*-manuskrip

Met Moerbeek (1992) se riglyne (sien 2.3.1.3) in gedagte, is dit belangrik om faktore soos die geslag van die skrywer, die uitgewery wat vir die publikasie verantwoordelik was, asook ander buitetekstuele faktore (byvoorbeeld literêre politiekery) in 'n kanoniseringsstudie te betrek. Alhoewel dit nie streng gesproke as "resensies" beskou kan word nie, moet daar in hierdie lig verwys word na die polemieë in die destydse dagbladpers rondom die publikasie van *Sy kom met die sekelmaan*.

Uit verskeie bronne word dit duidelik dat hierdie teks nie sonder probleme gepubliseer is nie; intendeel, dit blyk dat Smit se manuskrip 'n veelbewoë geskiedenis gehad het alvorens daar tot publikasie oorgegaan is. Selfs lánk na publikasie was die storms nog nie uitgewoed nie, waarvan die uitgerekte debat tussen hoogaangeskrewe literatore in *Die Burger* getuig. Ten einde hierdie debat met sy implikasies vir kanonisering in perspektief te kan beskou, is dit nodig om enkele aspekte van die voor-publikasie-debakel toe te lig. (Aangesien Kannemeyer [1990a] 'n volledige bespreking van hierdie polemieë in sy dokumentêre werk *Die dokumente van Dertig* bied, word slegs die hooftrekke hier geskets.)

Kannemeyer (1990a:45) onthul dat F.E.J. Malherbe, resensent van *Die Huisgenoot-* en *Die Suidsterm*-besprekings, aanvanklik besonder negatief was teenoor Hettie Smit se manuskrip. Op die oorspronklike manuskrip teken Malherbe telkens neerhalende kommentaar aan, byvoorbeeld "maanmalheid", "sieklieke jeugdige Schwärmerei", "banaal", "niksbeduidende satire", "bakvisverliefdheid", "sieklieke selfbejammering" en "wat 'n gesanik". Hy gaan sover as om aan te dui dat die teks tot 'n "beskeie boekie bekentnisse" gesny behoort te word, waardeur hy in werklikheid sy minagting vir Hettie Smit se werk te kenne gee (Kannemeyer 1990a:45). In skerp kontras met hierdie reaksie staan die verslag wat hy oor die manuskrip skryf, in gees en inhoud veel nader aan die positiewe Huisgenoot-bespreking. Dit is hierdie teenstrydigheid in Malherbe se oordeel, naas sy bewerings in *Die Suidsterm* insake die skrapping van sekere passasies, wat aanleiding gee tot die polemieë in die dagpers. F.J. le Roux se skrywe van 21 Mei 1937 handel veral oor die skrappingkwessie, waarin hy beweer dat Malherbe "welwillende lesers" probeer imponeer deur voor te gee dat sekere dele uit die *Sekelmaan* op Malherbe se aanbeveling geskrap is, sodat die teks daardeur veel aan waarde gewen het (Le Roux 1937:6).

In sy brief aan *Die Burger* (12 Junie) skryf I.W. van der Merwe (1937:14):

Die bespreking van die ms. het byna 'n hele oggend in beslag geneem, en prof. Malherbe het feitlik geen goeie woord daarvoor gehad nie. Hy het hom so kras uitgelaat dat ek die indruk gekry het dat hy beslis nie daarvoor is dat die *Sekelmaan* moet uitgegee word nie. Uit die mondelinge verslag wat hy aan die hand van nuwe aantekeninge op die vergadering gelewer het, onthou ek o.a. nog die volgende frases waarmee hy die ms. gekarakteriseer het: dis 'sieklieke papierlewe', dis 'bloedlose estetisisme', dit 'staan volkome buitekant die lewe', 'vervelend op die duur', 'mislik' en nog 'n paar sterkes wat ek maar nie sal neerskrywe, alhoewel ek hulle nog nie vergeet het nie ... Maar sy finale mening het gebly: 'As julle dan *wil* uitgee, skrap soveel as moontlik en laat dit 'n dun boekie word'.

Voorts haal Van der Merwe (1937:14) Malherbe aan as sou hy gesê het die *Sekelmaan* "hoegenaamd nie in die ontwikkelingsgang van ons jonger literatuur" pas nie. Heeltemal teenstrydig met al dié uitlatings, was dan Malherbe se opmerking tydens 'n vergadering op

Stellenbosch, dat hy die *Sekelmaan* in *Die Huisgenoot* sou *splash* (met ander woorde, 'n ophef daarvan maak, of letterlik in groot letters druk) aldus Van der Merwe (1937:14).

In antwoord op Le Roux en Van der Merwe verweer Malherbe hom in *Die Burger* van 19 Junie, waarin ook Abr. H. Jonker se bevestiging van Malherbe se standpunt verskyn. Jonker (1937:15) beweer in sy brief dat "Prof. M. ... van die begin af aan vir die uitgee daarvan (die *Sekelmaan*) (was)...". Malherbe (1937d:15) beweer dan dat hy ná die skrapping van die "swak dele" die waarde van die teks kan bevestig: "En my verdere opinie is dat die boek ..., verkort en verlos van die meeste minderwaardige dinge, só tot 'n boek geword het wat my oorspronklike lof nou te meer verdien, en in 'n mindere mate my oorspronklike kritiek". As rede vir sy heftige mondelinge kritiek tydens die vergadering waarby Van der Merwe teenwoordig was, voer hy aan dat "sekere lede ook baie van die slegte dinge en gedeeltes klakkeloos wou aanvaar" en dat hy dit as "(s)y plig beskou (het) om in *eerste instansie* (s)y besware sterk ... toe te lig". Na die wysigings het hy die teks "met gretigheid" gelees en hy kon "só die lof van (s)y oorspronklike rapport, in 'n beskouing ... dringend deur die redakteur gevra, vir *Die Huisgenoot* oortik" (Malherbe 1937d:15). Die uitdrukking dat hy die boek sou "splash", verklaar hy as dat hy die stuk sou "laat plaas oor die bladsy en nie laat wegsteek onder Boeke nie...".

Wanneer J. du Plessis Scholtz (3 Julie 1937) hierop antwoord, herinner hy Malherbe aan sy aanvanklike afbreek van die teks: "Wil prof. M. ontken dat hy op die eerste bestuursvergadering met groot gebaar die skryfster verwyt het dat sy nie bo haar smart kon uitstyg nie, dat daar geen sublimering in die werk is nie en dat die boek eindig met dieselfde 'gesanik' as waarmee dit begin het?" (Scholtz 1937:15). Voorts wys hy daarop dat die geskrapte dele in totaal sowat 39 reëls beslaan, en nie drie bladsye soos Malherbe beweer nie.

Die implikasies van die genoemde polemieë behels dus dat Malherbe aanvanklik 'n definitiewe poging aangewend het om die *Sekelmaan*-manuskrip alle toegang tot die kanon te weier. Deur die eerste stap in die proses tot kanonisering (naamlik seleksie deur 'n uitgewer) te verongeluk, kon verdere kanoniseringsmoontlikhede uitgesluit word. Dit is moeilik om oor Malherbe se moontlike motivering tot só 'n besluit te spekuleer, aangesien die nodige agtergrondfeite nie bekend is nie. 'n Moontlike antwoord mag geleë wees in Malherbe se siening dat die *Sekelmaan* nie in die "gang van die jongste letterkunde" inpas nie (waar dit as 'n vernuwingsargument geklassifiseer kan word). Met ander woorde, dat die teks nie binne Malherbe se verwagtinge en konsepie van die Afrikaanse literatuur ingepas het nie, en dat hy daarom hierdie teks uit die kanon wou weier. Die beweegrede hieragter lê moontlik in sy strewe om voortdurend aan die voorpunt van literêre veranderinge te wou wees, soos die verwysing na Malherbe as "tamboerslaner" (gebruik deur Opperman in *Digtters van Dertig* na aanleiding van ene Kees Konyon

se skrywes) suggereer.

Dat die vete tussen Malherbe en die VVB⁶⁶ egter veel wyer implikasies gehad het, blyk uit Kannemeyer (1990a:51) se stelling dat "die stryd nie net teen Malherbe as kritikus gevoer is nie, maar 'n reaksie was op die 'amptelike' akademici in gesagsposisies aan verskillende universiteite". Kannemeyer (1990a:51) haal Van Wyk Louw aan as dat dié sou geskryf het dat die stryd gaan "om 'n ... rigting & 'n groepie wat in dié rigting vorentoe beur – 'n tergende diletantisme wat egter deur ywerige wederkerige lof & propaganda en met politieke steun & oogmerke 'n gevaar vir ons mense word". (In dié verband word dan die name genoem van Haarhoff, C.M. van den Heever, P. de V. Pienaar⁶⁷ en Abel Coetzee). Dit skyn dus asof die geskil rondom *Sy kom met die sekelmaan* in wese om gesagstrukture binne die literêre sisteem gehandel het, naamlik die stryd om 'n gevestigde institusionele meganisme, soos verteenwoordig deur die "amptelike akademici", af te breek, en met 'n meer verantwoorde literêr-kritiese groepering te vervang (moontlik die VVB en sy lede self). Die institusionele karakter van die genoemde strukture blyk veral uit die tipering daarvan as "met politieke steun en oogmerke"; met ander woorde, 'n duidelike geval van ondersteuning (*patronage*) deur 'n magshebbende instansie, die staat. Die "ywerige wederkerige lof" herinner aan die praktyk van "logrolling", waar verskillende kritici mekaar se posisies versterk. Dit is dus teen hierdie "rigting", teen 'n (vir die VVB) onaanvaarbare institusionele praktyk, wat die vete in der waarheid gevoer is.

'n Ander belangrike uitvloeisel van die *Sekelmaan*-twis is die feministiese implikasies daarvan. In reaksie op Malherbe se ongunstige kommentaar op die manuskrip, skryf Hettie Smit 'n "brandnetel" ('n uitskelbrief) aan Malherbe, alhoewel sy dit nie aan hom pos nie, en slegs vir insae aan Van Wyk Louw stuur. Volgens Kannemeyer (1990a:48) is die brief in die "uitskelstyl" van die *Sekelmaan* geskryf en "gee (dit) 'n aanduiding van die minagting en selfs haat wat Hettie Smit in (daardie) stadium vir Malherbe moes gehad het en wat na alle waarskynlikheid deur die Kaapstadse bestuurslede van die VVB gedeel is". In haar skrywe lê Hettie Smit veral klem op die stuk **vroulike ervaring** wat in die *Sekelmaan* verwoord is, en waarvoor Malherbe klaarblyklik geen begrip getoon het nie. In talle "uitskelpassasies" wys sy Malherbe op sy "manlike afgestomptheid", die manlike norme waarvolgens hy oordeel, sy onvermoë om empatie met 'n vrou se werklikhede te hê, en om die dwingende mag van die liefde te begryp. Vergelyk in dié verband die volgende:

Magtig, het jy in jou léwe al ooit 'n mens liefgehad?... Nouja, Onnosel, so voel 'n vroumens as die liefde van haar weggeneem word. En hierdie eensaamheid (uit Marié se kaal droë plaasbriefies) noem jy onbeduidend! Is hel onbeduidend?... Harde vermufte mansverbeelding, gestyfde mansmentaliteit wat verwag dat elke vroumens soos 'n man sal dink en praat en voel en handel en oordeel. Loop vra net vir jou vrou hoe dom jy is! Jy het

66 Vereniging vir die Vrye Boek.

67 Ironies genoeg is dit P. de V. Pienaar wat 'n positiewe bespreking van *Sy kom met die sekelmaan* in *Die Moderne Vrou* skryf, en hom identifiseer as geen beroepskritikus nie.

nie die elementêrste vrouekennis nie. Jou kritiek het ek vooruit gesien. 'Sentimenteel en ordinêr' sou jy sê. Jy met jou gewone mansboeke en jou sedige verlepte plaasromannetjies. Goeie, maar jy het tog al vir Top Naeff of vir Henriette gelees. Het jy nog nooit dáár uitgevind dat die dom outydse, ydele, sentimentele, temerige aanhanklike vervelige, mislike (as jy wil) Marié skepsel, wat alleen maar in persoonlike verhoudinge kan belangstel, nog steeds ten spyte van die 'tyd' in elke normale vrou leef nie?"

Selfs die *persoonlike versus die openbare*-digotomie wat 'n fokuspunt van die moderne feministiese ideologie is⁶⁸, word in Smit se brief ter sprake gebring wanneer sy skryf:

As Marié herhaaldelik die klein persoonlike liefkindjies van Johan verkies bo die (vir haar) verre saaklike dinge (litteratuur [sic], landbou, ens.) dan noem jy dit 'mislik'.

Hierdeur word die breuk tussen die "manlike" en "vroulike" perspektief op die wêreld duidelik uitgewys: As verteenwoordiger van eersgenoemde beskou 'n manlike kritikus soos Malherbe die "saaklike" dinge van die openbare lewe as van groter betekenis as persoonlike bemoeienisse soos die hebbelikhede van 'n geliefde.

Dit is moontlik om hierdie stellings van Hettie Smit as 'n vroeë "credo" van vroulike literatuur te beskou, veral as dit in samehang met die ek-verteller in *Sy kom met die sekelmaan* se verklaring gelees word:

Dis heerlik. Dis om in jou slaap te skrywe. Nou kan ek dweep en vereer en aanbid, soveel as ek wil, sonder *die valse tradisionele vroulike skaamte en terughouding*, sonder die skelm, berekende inhibisie. G'n lamlendige fatsoenlike watterpop hoef ek meer te wees nie; g'n geduldige vriendin-wat-luister nie; g'n uitdrukkinglose passiewe aanvullingsbeginsel nie; g'n maagdelike versmagting, g'n bleke smekeling meer nie; maar 'n mens wat liefhet, met 'n lewende, luid uitsingende of eensaam snikkende liefde (my kursivering) (Smit 1984:65).

Hierdeur breek die skryfster reeds in 1937 – dekades voor die opkoms van die feministiese literatuurbeskouing – 'n lans vir die oop, eerlike uitskryf van vroulike ervaring, sonder die belemmeringe wat die patriargale beeld van die vrou daarop lê. (Let op die raak beskrywing wat sy van die patriargale vrou gee!) Ook die siening van die vrou as "aanvullingsbeginsel" word deur haar gekritiseer. Dit skyn ironies in die lig van die talle tiperings van die *Sekelmaan* as "aanvulling" – soos ook die werk van Elisabeth Eybers – by die manlike Dertigerpoësie. Die "utterance" wat sy voorstaan, is dan in wese 'n *utterance* vanuit die lewe self, waarvan die liefde so 'n essensiële komponent is:

'n Mens lewe tog uiteindelik alleen as jy self gee, as jy self liefhet. As jy jou liefde kan uitlewe, kan formuleer; as jy in jou liefde kan skeep. *It is by utterance that we live* (Smit 1984: 65).

⁶⁸ Die feministiese ideologie streef onder meer na die herevaluering van die "private" huislike sfeer en ervaringe wat daarmee verband hou. Kwessies wat vroue direk raak, byvoorbeeld die huishouding, moederskap of interpersoonlike verhoudings word vanuit die feministiese perspektief nie as van beperkte waarde beskou nie (Palmer 1989:42-3). Vir die literatuur hou dít in dat genoemde sake nou tot "geldige" literêre temas verklaar word (Hulley & Chemin aangehaal deur Palmer 1989:45).

3.3.3 Sintese

3.3.3.1 Literatuurgeskiedenis

3.3.3.1.1 'n Diachroniese perspektief

'n Vergelyking op die vlak van kwalitatiewe kanonaanduiders tussen ouer en nuwer uitgawes van die geselekteerde literatuurgeskiedenis dui op 'n neiging tot die dekanonisering van *Sy kom met die sekelmaan* met verloop van tyd. Hierdie neiging word veral in *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*, *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* en *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* gerealiseer. Hierteenoor vertoon *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* sowel as *Perspektief en profiel* geen beduidende dekanonisering nie; trouens, laasgenoemde literatuurgeskiedenis het sedert 1951 geen aanpassings gemaak nie. Die feit dat ook Kannemeyer geen of weinig aanpassings gemaak het in sy 1988-volume nie, behoort in die lig van die relatief kort bestaan van hierdie literatuurgeskiedenis nie as vreemd beskou te word nie. Of die waargenome tendens tot dekanonisering in die toekoms voortgesit gaan word, sal slegs 'n ondersoek van toekomstige uitgawes van *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* of *Perspektief en profiel* kan aandui. 'n Nuwe uitgawe van *Perspektief en profiel* verskyn na verwagting in 1997.

Wanneer die "ouer generasie" literatuurgeskiedenis (byvoorbeeld dié van Dekker, Antonissen en Nienaber) met die "jonger generasie" (Lindenberg en Kannemeyer) vergelyk word, word daar gesien dat Dekker, Antonissen en Lindenberg se geskiedenis almal die tendens tot 'n diachroniese dekanonisering van Smit vertoon. Hierteenoor vertoon die Kannemeyer- en Nienaber-geskiedenis veel meer stabiliteit. Dit lyk dus nie asof daar enige verband is tussen die "ouderdom" van 'n literatuurgeskiedenis (met ander woorde, die datum van eerste uitgawe) en diachroniese dekanonisering nie. Dit is tog interessant dat die jongste geskiedenis (dié van Kannemeyer) feitlik geen verskuiwing in kwalitatiewe kanonaanduiders vertoon nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat Smit se posisie in die kanon ná vier dekades gestabiliseer het. Hierteenoor bied die ouer werke soos dié van Dekker en Antonissen 'n beeld van die fluktuasies wat 'n teks ondergaan voordat dit uiteindelik 'n (relatief) vaste plek binne 'n literêre tradisie vind. Met ander woorde: Die teks ondergaan 'n reis deur die veranderlike strata van die kern voordat dit uiteindelik in die vaste strata ingebed word. Dit is dan hier, in die historiese geheue van die sentrum, wat *Sy kom met die sekelmaan* tans verkeer.

Ten opsigte van die *Sekelmaan*-teks is daar geen sprake van heroorweging, hersiening of 'n

herevaluering daarvan in die negentigerjare op grond van eietydse kennis en die moderne literatuurteorie nie. In dié verband behoort daar gewaak te word teen stagnasie in die Afrikaanse literêre herskrywing. 'n Literatuurgeskiedenis behoort hom voortdurend te vernuwe (te herskryf) ten einde tred te hou met die tendense en eise van die tyd.

3.3.3.1.2 Die argumentasiestruktuur

Dit val op hoeveel vermeldings gebruik is om uitsprake oor *Sy kom met die sekelmaan* te maak. Die vraag ontstaan nou: Waarom dié patroon by besprekings van hierdie romanteks in literatuurgeskiedenis? Op hierdie stadium word die volgende as moontlike redes aangevoer:

- i. Die roman swaai duidelik weg van die ouer tradisie en staan derhalwe in skerp kontras met die ouer prosateurs. Vermeldings word dus ter wille van kontras aangewend.
- ii. Die roman sluit op verskeie maniere (byvoorbeeld tematies, lewensopvatlik, stilisties) nou aan by die Dertigerpoësie, en dus word hierdie vermeldings telkens gebruik ten einde interpretasie en verbandlegging te fasiliteer.
- iii. Invloede van en verwysings na oorsese outeurs kom voor in die roman, en dit volg vanselfsprekend dat besprekings hierop sal wys (veral waar dit 'n nuwe tendens in die Afrikaanse prosa aandui).

Uit die analise van kwalitatiewe kanonaanduiders in besprekings in literatuurgeskiedenis blyk dit voorts dat Smit se roman oor die algemeen positief geëvalueer word, en dat daar eenstemmigheid daaroor is dat die roman en outeur 'n plek in die Afrikaanse kanon verdien. Feitlik deurgaans word daar gewys op die roman se betekenis as baanbrekerteks in die Afrikaanse literatuur en op die vernuwende krag wat daarvandaan uitgegaan het; dat dit as 't ware een van die wegbereiders vir 'n nuwer prosa was. Dit skyn dus asof herskrywers meen dat *Sy kom met die sekelmaan* op grond van hierdie eienskappe op kanonstatus kan aanspraak maak, eerder as op die "intrinsieke" waarde daarvan. Vandaar dan ook die veelvuldige gebruik van vermeldings: Die teks word voortdurend met ander tekste vergelyk eerder as dat dit as kunswerk in eie reg beskou word. 'n Ander tema is die suggestie dat sy 'n veel belangriker plek in die kanon kon beklee het indien die *Sekelmaan* deur verdere publikasies gevolg is.

'n Belangrike aspek van die kanoniserings van Hettie Smit het betrekking op die sogenaamde "aanvulling"-konsep. Heinzelman (1988:64) omskryf dié konsep as dat die vroulike outeur steeds in die skadu van haar manlike teenhanger – haar metaforiese "broer" – staan: "... she is read and evaluated still in relationship, in the full sense of that word, to her brother". Hier kan dan gevra word: Hoeveel studies is nie reeds onderneem om op *Sy kom met die sekelmaan* se

ooreenkomste met *Die ryke dwaas* te wys nie? (Onder die skuilnaam Arnold Benadi is D.J. Opperman in 1938 die eerste literator om hierdie verband te lê, wat tot vandag toe nog by Smit se teks spook). Haar teks word stééds gelees volgens die strategieë vir die akademiese lesing van die (manlike) Dertigerpoësie, terwyl dit 'n eiesoortige aspek negeer: die bewustelik skrywende vrou in die dertigerjare wat besin oor haar skrywerskap (vergelyk die motto wat lui "It is by utterance that we live", asook haar uitspraak dat sy "...maar net op papier mag en kán lewe"), wat ook besin oor haar bevryde vrouwees, hoe rudimentêr dit ook al mag wees.

3.3.3.2 Resensies

Wat betref die aanvanklike resensies oor *Sy kom met die sekelmaan*, blyk dit dat die meerderheid uitsprake as positief getipeer kan word. Daar is in heelparty gevalle aanbeveel dat die teks in die kanon opgeneem word, onder meer deur op die unieke aard daarvan in die Afrikaanse letterkunde te wys. Sommige van die besprekings is uitgesproke geesdriftig oor die werk, byvoorbeeld dié van Cilliers wat 'n blywende posisie in die kanon daaraan wil toeken, of Pienaar wat die teks om die (blywende) genietingswaarde daarvan aanprys. Hierteenoor spreek Brink se 1973-huldeblyk van groter versigtigheid ten opsigte van die kanonisering van die *Sekelmaan*, en hy plaas eerder klem op die funksie van die teks as "wegbereider" vir latere vernuwings.

Dit skyn dus asof die roman aanvanklik – ná die talle probleme om die teks gepubliseer te kry – met groot geesdrif begroet is, en na publikasie vinnig deur die toegange tot die kanon beweeg het. Faktore soos Malherbe se ommeswaai en die publikasie van relatief gunstige resensies deur hom was daarvoor verantwoordelik dat die *Sekelmaan* betreklik gou 'n posisie binne die kanon verwerf het. Hierdie posisie het vermoedelik met verloop van tyd verswak, en die rede vir kanonisering het terselfdertyd verander, soos hierbo uiteengesit.

Slegs twee van die twaalf besprekings wat as "resensies" getipeer is, is deur vroue geskryf, naamlik dié van Tredoux en Botha. Tredoux se 1955-bespreking in 'n vrouetydskrif (*Sarie Marais*) word egter op grond van die mark van die betrokke publikasie 'n "manlike" sowel as 'n vakkundige teikengehoor ontsê, sodat Botha se 1973-bespreking die enigste "vroulike" beskouing met 'n wyer, en literêre, teikengehoor is. Albei hierdie latere, "vroulike" besprekings is Smit se teks positief gesind, en die kanoniteit daarvan word onomwonde bevestig. Hierteenoor is dit nie altyd die geval by manlike resensente nie; vergelyk byvoorbeeld Brink se (ook latere) bespreking waarin hy beperkte kanonisering bepleit.

3.4 Literêre bekronings en ander sake

Wanneer die Hertzogprys vir prosa in 1939 toegeken word, is dit D.F. Malherbe wat hierdie eer te beurt val (Kannemeyer 1984:159). *Sy kom met die sekelmaan*, wat in dieselfde jaar as die Malherbe-tekse verskyn, is egter ook op die keurlys vir hierdie prys. In die verslag van die Keurkomitee word die volgende oordeel oor die *Sekelmaan* uitgespreek: "'n Beginner wat, soos mej. Hettie Smit so 'n hoogstaande werk as *Sy kom met die sekelmaan* haar debuut as skryfster gemaak het (sic). Ons twyfel egter of die Hertzog-skenkingsakte voorsiening maak vir onderskeiding tussen belofte en prestasie" (*Die Brandwag*, 9 Februarie 1940, p. 7). Deur hierdie uitspraak word te kenne gegee dat *Sy kom met die sekelmaan* alleen maar 'n debuut vol belofte is, en dat die prys eerder na 'n ervare – en reeds gekanoniseerde – skrywer soos Malherbe moet gaan. Tog is die Hertzogprys in 1937 gesamentlik aan Van Wyk Louw (vir *Alleenspraak*) en I.D. du Plessis (vir *Ballades* en *Vreemde liefde*) toegeken. Oor *Alleenspraak* het die Keurkomitee onder meer geoordeel dat die bundel "streef na intellektuele besinning en na opgaan in wesenlike dinge" en dat daar "naas swakker werk verse van subtiele skoonheid" is. Die beswaar teen 'n "debuutwerk" is klaarblyklik nie geopper in die geval van Louw nie, sodat die ondersoeker wonder of die keurkomitee *Alleenspraak* as "prestasie" eerder as "belofte" beskou het (Kannemeyer 1990a:61 en Nienaber 1965a:126). Die probleem in hierdie verband is egter met die spesifieke beskrywing van Smit se teks – dui "hoogstaande werk" nie in werklikheid op *prestasie* eerder as *belofte* nie?

Wanneer die strominge agter die skerms in oënskyn geneem word, blyk dit dat die Keurkomitee vir die prystoekenning die *Sekelmaan* eerste gestel het, maar dat die Breë Komitee Malherbe se romans (*Saul die Worstelheld* en *Die Profeet*) verkies het. Die Keurkomitee prys Smit se werk aan, en impliseer daarmee dat dit 'n besliste plek binne die gekanoniseerde strata van die Afrikaanse sisteem verdien. Hulle verklaar dat *Sy kom met die sekelmaan* 'n

... belangrike moment (is) in die ontwikkeling van ons prosakuns; daar is 'n frisheid en direktheid in hierdie werk wat heeltemal nuut is in ons prosakuns. Sy is nie slegs 'n stylskepper nie, maar ook 'n skepper van taal, wat ... 'n reënboog oor die vaalte van ons prosa gespan het. Haar boek word beskou as die beste prosawerk wat in die afgelope drie jaar verskyn het (Nienaber 1965a:125-6).

Wanneer die saak egter aan die Breë Komitee voorgelê word om finaal oor die prystoekenning te besluit, ontvang Malherbe 8 stemme teenoor 4 stemme ten gunste van Smit. Ten spyte van die Keurkomitee se aanbeveling, word Malherbe uiteindelik as wenner aangewys. Van die opvallendste uitsprake (deur die Breë Komitee) wat die beoordeling van die *Sekelmaan*-tekse raak, lui soos volg:

... Hettie Smit se werk (verdien) nie die ophef ... wat dit geniet het nie ... (lid A)

Hettie Smit se Dagboek (want 'n roman is dit sekerlik nie) het wel groot opspraak verwek, maar nou dat die storm oorgewaaie het en die polemieke daarvoor doodgeloop het, begin die glans daarvan ook te kwyn. Dit was iets nuuts, iets uitsonderliks, *maar het geen blywende waarde nie* (lid B, my kursivering).

Hettie Smit – haar *Sekelmaan* bevat van die mooiste prosa in Afrikaans, maar word nog dikwels gekenmerk deur sentimentele en literêre bevangenhede (lid C)
(Nienaber 1965a:126-7)

Lede A en B se uitsprake kan as in beginsel dekanoniserend⁶⁹ geïnterpreteer word. Hierdie uitsprake bepleit in werklikheid dat die teks se (alhoewel prekêre) toetreding tot die kanon in die kiem gesmoor word; dat dit slegs as 'n "gier" afgemaak moet word. Lid C, alhoewel nie gekant teen die kanoniserende van die teks nie, skroom nie om sekere voorbehoude te noem nie.

In reaksie op die toekenning van die Hertzogprys aan Malherbe in plaas van Hettie Smit, vra ene Lucie Vorster in *Die Brandwag* (1940)⁷⁰:

Waarom is die Hertzog-prys nie aan Hettie Smit toegeken nie?... Is 'n hoogstaande werk deur 'n veelbelowende beginner dan nie ook 'n prestasie nie?

As Hettie Smit nooit weer skryf of as haar tweede boek nie op dieselfde peil as die eerste staan nie, wat het dit met *Sy kom met die sekelmaan* te doen?

Word 'n boek dan nie soos enige individu op eie meriete beoordeel nie? Nadat reeds van tyd tot tyd soveel bitsige kritiek teenoor die vroueskrywers deur vooraanstaande Afrikaanse manne in ons tydskrifte verskyn het, wonder 'n mens of dit nie aan dié vyandigheid te wyte is dat die prys nie aan Hettie Smit toegeken is nie.

Die vrou is kwesbaar in haar liefde en hierdie ervaring val meisies dikwels op die een of die ander tyd te beurt: Die fase wanneer sy haar selfstandigheid totaal verloor en haar geluk deur die bestaan van een man soek, en selfs soms haar geluk teen wil en dank van hom eis. Haar vrouelike instink por haar daartoe aan. Sy wil deur dié man leef. Sy is volkome gereed om haarself, om alles vir hom op te offer.

Hierdie drang kom suiwer in Hettie Smit se werk voor: Blinde drif wat gedwarsboom word en wat deur kortsigtige subjektiewe meisiesbeskouing in selfbejammering oorslaan.

Sy kom met die sekelmaan is 'n kunswerk reeds omdat dit so 'n suiwer weergawe is. Daarom is dit so 'n helder openbaring want dit beeld een fase van vroulike liefde so suiwer uit: Eiendomlike liefde wat vereistes stel, so kwesbaar omdat dit ter wille van die eie self, liefde eis.

Maar haar ervaringe en reaksies is nie in die minste enig nie. Reeds daarom is die inhoud van die boek van blywende belang. Hierdie tipiese voorbeeld verteenwoordig die liefdesverhouding, reaksies en temperament van 'n groot aantal meisies. Dit openbaar een aspek van die vroulike natuur suiwer, getrou en kunstig.

69 Die teks het op daardie stadium nie werklik 'n posisie binne die kanon beklee nie. "Dekanoniserend" beteken hier eerder "teenkanoniserend", met ander woorde, gerig téén beweging in die rigting van kanoniserende.

70 Me. Vorster se brief word feitlik volledig aangehaal, op grond van haar belangrike (feministiese) vertolking van die besluit omtrent die Hertzogprys.

Sy kom met die sekelmaan is 'n egte kunswerk. Een van die weinige wat ons het: Waarom dit dus nie bekroon nie? (Vorster 1940:7).

Vorster verwoord hier sekerlik een van die belangrikste aspekte van *Sy kom met die sekelmaan*, dat dit naamlik 'n teks is waarin die outentieke ervaring van 'n vrou neerslag vind. Sy gebruik 'n mimetiese argument en noem die teks 'n "suiwer weergawe" van 'n bepaalde aspek van vroulikheid; dit is (waarheids)getrou en "n helder openbaring". Terselfdertyd beantwoord dit aan vroue se behoefte aan literêre tekste waarmee hulle kan identifiseer, waarin hulle hulle eie ervarings weerspieël sien, waarby hulle aanklank vind, veel meer as by die tradisionele "plaasromans" of selfs Malherbe se Bybelse romans. Om hierdie redes pleit Vorster dat *Sy kom met die sekelmaan* deur bekroning 'n blywende plek in die kanon moet vind.

Van groot belang is ook haar verwysing na die fel kritiek teen vroulike outeurs vanuit die geledere van manlike kritici, dat sy dus 'n "sameswering" deur manlike literators vermoed om vroue uit die kanon van "groot tekste" te weer.

Oor die *bona fides* van die literêre bedryf spreek sowel die publiek as die redakteur van *Die Brandwag* hulle bedenkinge uit. In 'n brief aan *Die Brandwag* (8 Desember 1939) skryf S. van Heerden: "... die Hertzogtoekenning word 'n klug ... vanjaar word die geswolle, juweelagtige retoriek van D.F. Malherbe uitgesonder bo die nuwe, suiwer klank van Hettie Smit en die magtige werk van Van den Heever". In die uitgawe van 15 Desember skryf die redakteur: "Net so vreemd is dit dat die Akademie se keurkomitee *Sy kom met die sekelmaan* eerste op die lys vir die bekroning geplaas het, en tog is D.F. Malherbe bekroon. Maar die weë van die literatore bly maar ewe onnaspeurlik as dié van die kritici in Afrikaans" (Nienaber 1965a:127). Dat die reputasie van 'n literêre prys as kanoniserende instrument in die slag kan bly wanneer die prosedure nie altyd bo verdenking is nie, blyk uit die redakteur van *Die Vaderland* se hoofartikel (1 Januarie 1940) waarin hy skryf:

Die Raad van die Akademie (het) hierdie jaar 'n keuse gedoen wat nie ooreenstem met die aanbeveling van sy letterkundige keurders nie. As dit so is, ontnem dit natuurlik onmiddellik en geheel en al aan die Hertzogprys die karakter van onderskeiding wat dit bedoel is en veronderstel was om te hê ... Dit is heeltemal korrek dat die letterkundige kenners van die Akademie hulle aanbevelings doen en dat die Akademieraad formeel die keuse doen. Maar wat vir ons snaaks is, is dat die Akademieraad – waarin leke en nie-leke gelyk sitting het, dit op hom kan neem om die aanbeveling van sy deskundige keurders te negeer! ... as die Suid-Afrikaanse Akademie 'n letterkunde-prys toeken volgens die stem van leke en nie volgens die aanbeveling van die mense wat in staat is om te oordeel nie, spreek dit vanself dat so 'n toekenning *onmiddellik ophou om 'n maatstaf te wees vir letterkundige gehalte* (Nienaber 1965a:128) (my kursivering).

Dit skyn dus asof ander oorwegings as suiwer literêre redes moontlik die dryfveer agter die besluit van die Breë Komitee kon wees. Die vakkundige aanbeveling van die Keurkomitee is verwerp

weens motiverings wat moontlik veel met diskriminasie teen Smit te doen gehad het.

Die enigste nagraadse studie wat alleen op *Sy kom met die sekelmaan* toegespits is (soos opgespoor in biblioteeksoektogte en bibliografieë), is Phira de Wet se magisterverhandeling (1971) met die titel *Hettie Smit se "Sy kom met die sekelmaan" as Dertigerprosawerk*. De Wet laat haar onder meer soos volg uit oor haar studieobjek: "*Sy kom met die sekelmaan* is nie groot, diep kuns van 'n ontroerende simboliese krag nie, dit bly 'n sensitiewe skildering van 'n reeks hewige emosies en stemminge" en "(d)ie swakheid van die werk lê in die beperktheid van sy gemoeds- en ervaringslewe, die oordrewe waarde wat aan die 'ek' gevoeg word en die tematiese herhaling en voortdurende selfanalise" (De Wet 1971:2). Wáárom laasgenoemde juis "swakhede" in 'n literêre teks is, motiveer sy egter nie. Wat sy egter wél kommunikeer, is haar literatuuropvatting insake die aard van "groot" kuns: Dít is "diep", gelaai met simboliese waardes wat die "wydheid" of universaliteit van menslike ervaring eerder as die (outentieke) ervaringe van 'n enkeling tot norm verhef. In hierdie verband sluit sy aan by 'n kritikus soos Dekker (1966:339) wat in sy bespreking van "vroulike" romans negatief oordeel oor sogenaamde "vroulike" boustof wanneer hy verwys na 'n outeur wat "verval in haar vroulike drang tot ... weergawe van die klein dinge van die daaglikse lewe in onbeduidendheid". Ook haar kritiek teen die teks kan as dekanoniserend beskou word, juis omdat dit die roman se aanspraak op status as "groot kuns" afwys.

Benewens hierdie kritiek swaai De Wet (1971:100) die roman ook lof (voorwaardelik?⁷¹) toe:

Nietemin bly *Sy kom met die sekelmaan* 'n interessante en selfs baie belangrike prosa-variant van die Dertigerpoësie, en as roman van Dertig het dit vir die prosa gedoen wat die Dertigerpoësie vir ons digkuns kom doen het: dit het 'n onbeskroomde, eerlike openbaring kom gee van wat in die diepste wese van die hewig bewoë mens aangaan ... Daarbenewens het dit ons prosa weggevoer van die burgerlikheid en gemoedelikheid en die universele mens in die Afrikaanse omgewing vir ons kom wys. Die groot wins van *Sy kom met die sekelmaan* is dat dit 'n getuigenis en voorbeeld daarvan is dat die digkuns van Dertig nie net vir ons poësie nie maar ook vir ons prosa veel kom doen het.

Dit blyk dus dat De Wet se slotsom – ten spyte van haar vroeëre kritiek – kanoniserend is in dié opsig dat die waarde en betekenis van Smit se werk vir die ganse prosatoneel erken word. Die grootste aanspraak op 'n plek in die kanon is dus op grond van hierdie baanbrekersfunksie, aldus De Wet. Voorts dui die blote feit dat hierdie teks as onderwerp vir 'n verhandeling gekies is, reeds op 'n mate van kanonisering; alhoewel in 'n mindere mate.

Besprekings in 'n verhandeling soos dié van De Wet, of vermelding in doktorale proefskrifte (byvoorbeeld J.C. Kannemeyer se *Die stem in die literêre kunswerk*, of J.P. Smuts se *Karakterisering in die Afrikaanse roman*) kan dui op opname in die kritiese kanon. In

71 Let in dié verband op die gebruik van die voegwoord "nietemin" in die hieropvolgende uitspraak.

eersgenoemde werk is daar drie verwysings na *Sy kom met die sekelmaan*, waarvan twee terloops en een in meer besonderhede is, én in samehang met 'n bespreking van *Lobola vir die lewe*.

3.5 Sintese en verdere implikasies van die kanoniseringsproses van *Sy kom met die sekelmaan*

Die feit dat *Sy kom met die sekelmaan* betreklik wyd bespreek is in die destydse dagbladpers, en dat die teks bespreek word in alle literatuurgeskiedenis wat ondersoek is, dui reeds duidelik daarop dat dit 'n plek binne die kritiese kanon beklee. Daar kan op grond van dié herhaalde besprekings sowel as die opname van die teks in byvoorbeeld universiteitsillabusse beweer word dat die teks wél 'n plek binne die pedagogiese, en ook die selektiewe kanon beklee. Dit is voorts moontlik om te beweer dat die teks as E-literatuur binne die E-sisteem opgeneem is.

Die seleksie van tekste vir opname in die selektiewe kanon kan verskeie funksies vervul (sien 2.2.3). Die seleksie van *Sy kom met die sekelmaan* vervul veral die volgende funksies:

i. Oordrag van kultuurgoedere

Die seleksie vir kanonisering van *Sy kom met die sekelmaan* het onder meer ten doel om die vernuwing van Dertig in 'n prosa-idiom te illustreer (met ander woorde as "prosa-pendant", aldus De Wet 1971:100). Daardeur word reliëf aan die werk van byvoorbeeld die sterk gekanoniseerde Louw-broers verleen, soos die akademiese saamlees van die *Sekelmaan* en *Die ryke dwaas* getuig (vergelyk in dié verband die gewildheid van so 'n saamlees as werkstuktema vir voorgraadse studente⁷² of Opperman [1938] se artikel in *Die Natalse Afrikaner* waarin hy hierdie tipe saamlees voorstel). Nog 'n moontlike funksie van die kanonisering van die *Sekelmaan* is die illustrasie van die geestesklimaat en kultuurhistoriese opset van Dertig, onder meer deur Smit se beskrywing van die verskyning van "Johan" se digbundel, wat inderdaad op die verskyning van *Die ryke dwaas* slaan, soos Kannemeyer (1990a:6-7) aan die hand doen.

ii. Die help skep van 'n gedeelde verwysingsraamwerk:

Deur die seleksie en kanonisering van hierdie teks word gehelp om 'n gedeelde verwysingsraamwerk te bewerkstellig wanneer daar oor die vernuwing van Dertig gepraat word. Via die teks en die kritiese gesprek daaromheen, verkry die leser die nodige

⁷² Byvoorbeeld in die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria, 1987.

agtergrondsinsigting om die estetiese strewes van die jongmens van die dertigerjare te kan peil.

iii. Pluralisering

Alhoewel hierdie funksie minder prominent is, laat die kanonisering van *Sy kom met die sekelmaan* toe dat die belydende, openbarende stem van die vrou oor haar innerlike lewe vir die eerste maal in die Afrikaanse literatuur opklink. Hierdie studie wil egter beweer dat hierdie funksie tot dusver geïgnoreer is, terwyl (i) en (ii) hierbo vooropstelling geniet het.

Wat betref Moerbeek se riglyne by 'n kanoniseringstudie (waar dit nie met dié van Dijkstra oorvleuel nie), kan die volgende opmerkings gemaak word:

- Hettie Smit word deurgaans in al die belangrike Afrikaanse literatuurgeskiedenis (sien 3.2.1 oor die seleksie van sodanige werke) opgeneem;
- Dit skyn nie asof daar op enige tydstep enige hernieude belangstelling in hierdie outeur ontstaan het nie (soos aangedui sou word deur uitvoeriger besprekings in jonger werke);
- Die plek wat Smit in literatuurgeskiedenis – dus ook die kanon – geniet, berus suiwer op *Sy kom met die sekelmaan* as haar enigste betekenisvolle publikasie;
- Hettie Smit word gou ná publikasie in die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing vermeld, soos blyk uit die 1937-uitgawe van *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*, wat een bladsy aan haar wy;
- Smit se beperkte oevre speel na alle waarskynlikheid 'n rol by die relatief geringer aandag wat sy in literatuurgeskiedenis geniet, in vergelyking met haar tydgenoot W.E.G. Louw wat 'n veel omvangryker oevre het;
- Indien kleur enige rol sou speel by die kanonisering van Hettie Smit, kon die feit dat sy 'n wit skryfster was, en bowendien tydens haar studiejare in 'n literêre elite-kring beweeg het⁷³, slegs in haar guns getel het. In Smit se geval is die kwessie van geslag waarskynlik meer bepalend – waar aangetoon kon word dat heelwat van die kritiek teen haar teks op geslagsvooroordele berus het.

Moerbeek wys daarop dat 'n teks se uitgewer, dus die instansie wat publikasie fasiliteer, 'n besliste invloed op kanonisering uitoefen, en as sodanig as medebepalende faktor in 'n kanonstudie betrek moet word. Die literêre konteks waarin *Sy kom met die sekelmaan* in 1937 verskyn, is dus belangrik: Dié teks is die eerste publikasie van die Vereniging vir die Vrye Boek. Hierdie feit moet

⁷³ Kannemeyer (1984:463) noem dat Hettie Smit se vriendskap met W.E.G. Louw die basis van die *Sekelmaan*-gebeure vorm, terwyl sy self in 'n onderhoud met C.F. Rudolph van haar Kaapse kontak met Van Wyk Louw, Boemeef en Mikro vertel (Rudolph 1969:17).

in 'n kanoniseringsstudie erken word.

Oor die doelstellings van die Vereniging vir die Vrye Boek laat I.D. du Plessis, een van die oprigters, hom soos volg uit:

Ek glo dat die tyd van letterkundige popspelery in Afrikaans verbygaan: dat die skrywer nou sy mees intieme gewaarwordinge in onomwonde taal moet openbaar: en dat die bloedarmoede waaraan ons letterkunde ly, dan eers genees sal word wanneer ons 'n *gespierde, volbloedige behandeling van lewenswerklikhede soos godsdienst, geslagsdrif en die geskiedenis kry* (Pienaar 1937:33) (my kursivering).

Die gekursiveerde gedeelte dui aan watter kwaliteite deur die VVB, as instansie wat die publikasie van tekste wou moontlik maak, aangeprys is. Oftewel: Die VVB sou daarna streef om tekste met hierdie kwaliteite geproduseer, gepubliseer, gebruik en nagevolg te kry, sodat dit uiteindelik ook as teksgenererende modelle optree. Vergelyk byvoorbeeld Schoonees (in Haantjies 1937:425) se versugting: "Mag die Vereniging vir die Vrye Boek en Die Skrywerskring daarin slaag om die lang verwagte vernuwing teweeg te bring". Sulke vernuwende tekste moes dan ook die sentrale posisie binne die sisteem begin okkupeer, sodat die verouderde ("bloedarmoedige") werke na die periferie geskuif kon word. Laasgenoemde soort tekste word deur Van Wyk Louw (in Haantjies 1937:425) getipeer as "'n letterkunde van skoolboeke en burgerlike sentimentjies". Dit is moontlik om die ondersteuning van Smit se teks deur die VVB as 'n vorm van ondersteuning (*patronage*) te beskou.

Dit sou 'n oorvereenvoudiging van die kanoniseringsprosesse wees om die invloed van kanonisering, niekanonisering, en dekanonisering op 'n outeur buite rekening te laat. In 'n geval soos dié van *Sy kom met die sekelmaan*, met die aanvanklike probleme voor publikasie, die kritiek wat daarteen uitgespreek is, asook die nie-bekroning daarvan, kan daar aangeneem word dat dit alles 'n invloed op hierdie outeur se skrywersloopbaan uitgeoefen het. Soos aangedui, het sommige destydse resensente (vergelyk Cilliers se bespreking) met verwagting na Smit se opvolgroman uitgesien. Talle latere geskiedskrywers wys dan ook op die onvervulde belofte van hierdie debuut. 'n Rede vir hierdie vroeë einde aan Hettie Smit se skrywersloopbaan word moontlik deur haar self verskaf, wanneer sy in die bundel *Jonger skrywers oor eie werk* (met Nienaber as samesteller) opmerk: "Wat die kritiek op die boek betref, kan ek werklik nie kla of rusie maak nie. Miskien is dit oorskat. Sonder skadelike gevolge egter, *want het ek my nie fatsoenlik van verdere publikasie onthou nie?*" (my kursivering) (Nienaber 1951a:95). Die implikasie hiervan is moontlik dat die skryfster, onder die kritiese aanslag teen die *Sekelmaan*, ervaar het dat haar werk nie 'n plek binne die Afrikaanse literatuur gegun word nie, en dat sy die ganse sisteem 'n "guns doen" deur haar van soortgelyke verdere publikasies "te onthou". (Let op die negatiewe betekenisassosiasies hier: Dat 'n mens jou gewoonlik van negatiewe dinge "onthou", maar dan

slegs deur wilsinspanning omdat jy daartoe aangetrokke voel⁷⁴). Verdere publikasies sou volgens haar persepsie dan "skadelike gevolge" vir die sisteem hê.

In twee ander onderhoude (onderskeidelik met C.F. Rudolph en S.J. Pretorius) gee sy haar latere gebrek aan literêre belangstelling te kenne wanneer sy sê: "Eintlik het ek glad nie meer trek vir die skrywery nie" (Rudolph 1969:18) en "Ek lees nie meer al die goed oor die skrywers en skrywery nie ... dit word nou alte vervelig. Ek lees deesdae die 'Reader's Digest'!" (Pretorius 1948:24). 'n Mens kan spekuleer of dít die gevolg van 'n kritikus soos Malherbe se neerhalende kritiek teen *Sy kom met die sekelmaan* kon wees. Kortom, 'n belowende talent, wat die Afrikaanse tradisie moontlik veel kon verryk, het 'n premature dood gesterf. Dit is dus moontlik om in Hettie Smit se geval van bewuste self-uitsluiting uit die kanon te praat, waarvan die redes op verskeie vlakke mag lê.

Sy kom met die sekelmaan hét wel as model vir enkele ander prosatekste in 'n belydende trant gedien. Hugo (1981:9) sê dat die roman aanleiding gegee het tot heelwat navolging, en gaan sover as om van 'n "*Sekelmaan*-kultus" te praat⁷⁵. Hy haal ook Kannemeyer aan wanneer dié na hierdie navolgingstendens verwys: "... in die veertigerjare het heelwat tydskrifte ... soveel navolgings van Hettie Smit in 'n soort jellie-agtige prosa opgeneem, o.m. Audrey Blignaut se eerste stukke in *Die Huisvrou*". Nogtans kon die werk nie daarin slaag om 'n model te word vir 'n literêre tradisie van verwante tekste nie, soos aangedui deur die evaluering van die navolgings as sonder digtheid of substansie ("jellie-agtige prosa"?). In Afrikaans bestaan daar vandag geen tradisie van belydende werke deur vroulike outeurs nie, waarop Brink (1973:14) tereg wys: "*Die Sekelmaan* ... het vandag nog geen direkte afstammeling nie ...". Desnieteenstaande het die *Sekelmaan* as model opgetree vir heelparty ander vernuwende elemente, al kon die teks as geheel hom nie hierdie funksie toe-eien nie. Hier dink ons aan die toetrede van die individu in die Afrikaanse literatuur, die openbaring van die "ek" se sielelewe, die ontginning van die woord, intertekstualiteit, die besinning oor skrywerskap (die metateks), ensovoorts. Antonissen (1964:254) se stelling dat "(d)ie *Sekelmaan*-belydenis (nie) die ... uitgangspunt geword (het) van 'n vernuwing in die Afrikaanse prosa nie" is dus debatteerbaar. Weliswaar het die *belydenis*-aspek nie vir die vernuwing gesorg nie, maar die "vonkspatsels, hamerslae en haelkorrels wat in die Afrikaanse prosa iets óópgemaak het" (Brink 1973:14) durf ons nie ontken nie. Die belydenis-karakter is nietemin nie beperk tot die Dertigertradisie nie, en word ook in later werke teruggevind, soos in A.P. Brink se *Lobola vir die lewe* (1962), aldus Kannemeyer (1965:148-150).

Volgens Hugo (1981:9) is *Sy kom met die sekelmaan* ook om literêr-historiese redes van belang;

74 Odendal (1983:772) verklaar "onthouding" as "ontbering van genoeëns ... deur selfbeheersing".

75 Hugo (1981:9) noem in dié verband Phil Olivier se *Kom droom met my – die belydenisse van 'n seun* (1942).

dit is gekanoniseer, aangesien dit "die enigste prosawerk in Dertigeridoom is wat die beweging opgelewer het". (Hierdeur word natuurlik ook die funksies van oordrag van kultuurgoedere en die skep van 'n gedeelde verwysingsraamwerk geïmpliseer). Die vraag in hierdie verband is wel dít: Word hiermee geïmpliseer dat die betrokke teks, synde 'n uitsondering, as 'n kuriositeit naas die Dertigers gekanoniseer behoort te word? Of dui Hugo se uitspraak op 'n unieke posisie wat die *Sekelmaan* in ons literatuur inneem, of op kwaliteite wat in die teks self gesetel is? Hugo (1981:9) antwoord hierop soos volg in sy inleiding tot die blokboek: "Dat *Sekelmaan* meer as bloot literêr-historiese waarde het, behoort gou uit die bespreking hierna te blyk".

Dijkstra (1989:162) het aangedui dat empiriese kanonondersoeke kan aandui in welke stadium van kanoniserings 'n spesifieke teks verkeer. Ten opsigte van *Sy kom met die sekelmaan* kan beweer word dat hierdie teks reeds alle stappe in die kanoniseringsproses voltooi het, byvoorbeeld publikasie, seleksie deur die dagbladpers, bespreking in literêre tydskrifte, bespreking in literatuurgeskiedenis, en opname in opvoedkundige sillabusse.

Met verwysing na die rol van herskrywers, blyk dit dat *Sy kom met die sekelmaan* in groot mate as **aanvulling** by die Dertigerpoësie herskryf is; vandaar dan ook benamings soos "prosa-pendant" of "prosa-in-aanvulling". Dit is moontlik dat hierdie herskrywing in ooreenstemming met 'n sekere ideologiese perspektief plaasgevind het, na alle waarskynlikheid 'n patriargale ingesteldheid teenoor die vrou. (Vergelyk in hierdie verband Spies 1982:6 se stelling dat die vrou in die Afrikaanse letterkunde aanvanklik as 'n aanvulling tot die bydrae van die man gereken is). Selfs in betreklik onlangse besprekings van die roman word steeds klem geplaas op die verwantskap met die Dertigers, alhoewel daar aanduidings is dat byvoorbeeld Kannemeyer enigsins van hierdie benadering wegswaai. Slegs enkele herskrywers (byvoorbeeld Brink) herskryf die roman as 'n vernuwende klank in eie reg te midde van die opbloei van Dertig.

Wanneer die kanoniserings van *Sy kom met die sekelmaan* binne die raamwerk van die polisisteesemteorie beskou word, kan die volgende opmerkings gemaak word:

- i. In die begin van die Dertigerjare staan die tradisionele Afrikaanse romans (byvoorbeeld dié van D.F. Malherbe) in die sentrum van die literêre sisteem. Al hierdie werke is verteenwoordigend van E-literatuur. Teen die einde van die dekade is dit nog in groot mate waar, soos die bekroning van Malherbe met die Hertzogprys getuig.
- ii. Met die publikasie van die aanvanklike sleuteltekste van die Dertigers (byvoorbeeld *Die ryke dwaas* en *Alleenspraak*) word 'n beweging van hierdie "Dertigertekste" vanaf die periferie (synde nuwe modelle) na die sentrum aan die gang gesit. Hierdie soort tekste is

egter eweneens E-literatuur. Bewegings en verskuiwings het derhalwe plaasgevind binne een sisteem, binne die oorkoepelende polisisteem van Afrikaanse literatuur.

- iii. Mettertyd vervang hierdie nuwe modelle die ouer tekste in die sentrum, wat nou nié meer as teksgenererende modelle optree nie, en dus na die statiese kanon verskuif. Die publikasie van Hettie Smit se roman deur die VVB illustreer so 'n teorie: Deurdat hierdie teks op 'n nuwe model geskoei is, word dit nie deur een van die destydse *establishment*-uitgewerye uitgegee nie. Saam met poësietekste van Dertig beweeg *Sy kom met die sekelmaan* na die sentrum soos wat hierdie werke in status toeneem (as gevolg van positiewe resensies en ook die "normale" kanoniseringsprosedures). As individuele teks ondervind die *Sekelmaan* egter sekere probleme om na die sentrum te beweeg, maar uiteindelijke positiewe resensies (soos die gepubliseerde besprekings van Malherbe) fasiliteer hierdie verskuiwing. Dit wil lyk asof die strewe van 'n kritikus soos Malherbe om altyd aan die voorpunt van literêre woeling (oftewel beweging in die rigting van die sentrum) te wees, neerkom op 'n strewe om mag oor die sentrum te behou, en dus in beheer van die literêre sisteem te bly.
- iv. Vir 'n kort tyd slaag die *Sekelmaan* daarin om binne die veranderlike strata as teksgenererende model op te tree, soos die *Sekelmaan*-kultus met die talle navolgings van die roman getuig. Op die lang duur slaag Smit se teks egter nie daarin om 'n model vir teksproduksie te word nie, en skuif dus vanuit die veranderlike stratum na die vaste stratum, waar die teks steeds verkeer.
- v. Daar is geen aanduidings van sogenaamde herwinning nie; met ander woorde, daar is geen getuienis van hernieude belangstelling in die teks of van onlangse optrede as literêre model nie.

Vanuit 'n feministiese oogpunt blyk dit dat *Sy kom met die sekelmaan* veelal volgens "manlike" norme beoordeel is, en dat 'n groot deel van die (alhoewel ongepubliseerde) kritiek van 'n kritikus soos Malherbe deur en deur seksisties is. Die gebruik van 'n woord soos "bakvisverliefdheid" is stereotiperend en trivialiserend ten opsigte van die outentieke ervaring van 'n jong vrou, en getuig van 'n inherente minagting van die vrou en haar wêreld. 'n Ander vergestaltung van die "manlike" beoordeling van die roman kom na vore in die vermeldings wat oor die algemeen na manlike skrywers verwys. Met ander woorde, Hettie Smit word feitlik nêrens binne 'n eg vroulike tradisie gesitueer, of eens met verwysing na vroulike skrywers (byvoorbeeld Austen of die Brontës uit die Anglo-Amerikaanse tradisie) beoordeel nie, met uitsondering van die enkele verwysings na Elisabeth Eybers en Henriëtte van der Schalk. Die sisteem waarbinne Smit en haar teks gesitueer

is, is dus 'n eksklusief manlike E-sisteem wat vroulike stemme slegs as "aanvullings" verdra en akkommodeer.

Dat die *Sekelmaan* histories oorwegend vanuit 'n manlike perspektief benader is, blyk ook uit pedagogiese benaderings tot die teks. Dit blyk dat *Sy kom met die sekelmaan* telkens in samehang met *Die ryke dwaas* bespreek word. 'n Saamlees van dié twee tekste, veral met die oogmerk om op die ooreenkomste tussen hulle te fokus, is 'n gewilde onderwerp vir universiteitswerkstukke.

Die ander belangrike feministies geïnspireerde vraag rondom *Sy kom met die sekelmaan* is of die kanonisering van hierdie teks hoofsaaklik weens die "drakrag" van die oorwegend manlike Dertigerbeweging geskied het. Met ander woorde, is die roman se opname in die kanon deels te danke aan die steun daaraan deur 'n liggaam soos die VVB, wat essensieel 'n manlike organisasie was?

Met verwysing na Dorothy Wordsworth, wie se werk alleen onder die vlerk van dié van haar broer William 'n plek in die kanon gevind het, stel Heinzelman (1988:64) die probleem van die vroulike outeur asook van feministiese literatuurteorie in die breë:

Dorothy's problem is exactly the problem feminism faces: how to find a voice in the canon that is not only the voice of the woman speaking through the man, that is not merely a voice that is empowered because of its relation to the male reader or critic.

Met ander woorde: Dit gaan daaroor dat 'n vroulike teks as teks in eie reg, mét erkenning van die vroulike waardes daarin, binne die kanon gehuisves moet word. Dan eers kan die teks binne 'n vroulike tradisie optree as teksgenererende model vir ánder tekste, en hoef dit nie as steriele literêre curiositeit tot die kanonieke "argief" verdoem te word nie. Veral in die jong Afrikaanse literêre tradisie, met sy relatief min vroulike voorgangers (*precursors*), is só 'n model van wesenlike belang.

Uit die ondersoek blyk dit dat kenmerkende elemente van 'n vroulike diskoers selde in herskrywings van *Sy kom met die sekelmaan* aan die orde gestel is. Vanuit die perspektief van 1996 is dit egter moontlik om sulke sake te bevra en te belig. Een van die belangrikste vrae in dié verband is: Is *Sy kom met die sekelmaan* 'n werklik vroulike teks? Na aanleiding van Maitland se sewe feministiese norme waaraan 'n geslaagde eietydse vroulike teks ten minste gedeeltelik behoort te voldoen (sien 2.7.3), kan die volgende oor *Sy kom met die sekelmaan* gesê word:

- i. Omdat hierdie teks reeds in 1937 verskyn het, kan dit uiteraard nie al die kompleksiteite

van die moderne vrou se lewe verdiskonteer nie, en kan dit as pre-feministiese⁷⁶ teks ook nie werklik 'n paradigma van ortodokse feminisme verskaf nie. Derhalwe is ook die evangeliserende funksie vooraf uitgesluit. Nietemin raak dit 'n relevante aspek van vrouwees aan, naamlik die stryd tussen passiewolle, aardse vrouwees (natuur) en 'n meer intellektuele, estetiese vorm van lewe (kultuur). Die vernuftige uitbeelding van hierdie digotomie by wyse van die Marié-Maria-tweespalt voldoen dus in 'n mate aan die eis van uitbeelding van die kompleksiteit van die vroulike lewe. Deur die openhartige uitbeelding van die outentiek vroulike lewe, word 'n kunsmatige skeiding tussen lewe en literatuur opgehef, soos Mulder (1942:84) met versierendheid skryf: "Zij heeft haar werk gedaan, en een van de barricaden, die het leven in Zuid-Afrika van de literatuur scheiden, stormenderhand veroverd".

- ii. Smit se teks kan in alle opsigte as die draer van 'n nuwe taal en simboolstruktuur beskou word. Hiervan getuig die oorspronklike taalgebruik, sowel as die beeldspraak wat soms so verrassend vroulik geïnspireerd voorkom (byvoorbeeld die "hoëhakskoen"-beeld om die kalfie te beskryf). Die wêreldbeeld is eweneens vroulik: Die wêreld word deur die perspektief van 'n vrou ervaar, met haar belangstellings en prioriteite. Só byvoorbeeld vervaag die reële, saaklike dinge voor die preokkupasie met 'n interpersoonlike verhouding, wat as die belangrikste aspek van die lewe gesien word. Vergelyk byvoorbeeld dié passasie:

Sy's tog 'n armsalige begrensde skepsel! Dat haar ganse geluk van 'n bloot menslike verhouding moet afhang!... Sy het g'n intellektuele nuuskierigheid nie ... Uit die ganse kiewelende volle heelal is daar maar net die één enkele verskynsel: Johan, wat haar interesseer (Smit 1984:19).

- iii. Ten spyte van die kritiek soos dat die teks "vervelig op die duur" word, kan dit tog as 'n goeie leeservaring bestempel word. Hiervan getuig die talle sprankelende ironieë, die spot met sommige karakters (vergelyk "Medestudente", pp.7-8), ook die uitskel wat soms teen die self gemik is. Al hierdie vertelstrategieë voorkom dat die vertelinstantie volkome deur eenselwigheid en selfbejammering oorheers word. Bowendien is die *Sekelmaan* 'n teks waarmee vroulike lesers kan identifiseer, omdat die verhaalde ervaring van vergeefse liefde 'n feitlik universele vroulike ervaring is (soos Lucie Vorster se brief en ook Hettie Smit se "brandnetel" uitwys).
- iv. Alhoewel die karakter van Maria Theron moontlik nie tot "mitologiese" heldin uitgroeï nie – vanweë die betreklik selfgesentreerde opset van die teks – is sy nietemin een van die eerste outentiek vroulike heldinne in Afrikaans. En as sodanig kan sy geëer word: As die

76 Hierdie term probeer aandui dat hierdie teks sy ontstaan gehad het vóór die opkoms van moderne feminisme in die

eerste vrou in die Afrikaanse prosa wat haar siels- en lyfsverlange openhartig bely.

- v. Die onderdrukking van die vrou word nie eksplisiet aan die kaak gestel nie, maar kritiek teen manlike instellings en manlike vriendskappe word wel gehoor (laasgenoemde veral in haar bitterheid oor Du Toit se vriendskap met Johan wat haar skielik uitsluit). Oor eersgenoemde laat die ek-verteller haar soos volg uit onder die inskrywing met die titel "Literêre kring": "Dis 'n klomp mans met potlode en papiere en brille en grade en titels en groot woorde ..." (Smit 1984:22). Verskuil onder die oppervlak lê die kritiek teen wat sy as 'n manlike institusie ervaar, wat vroue uit die literêre bedryf uitsluit en daarvan vervreem, soos ook blyk uit die ironiserende voorstelling waar sy (in die tradisionele rol) die geleerde heer koffie aanbied:

'... Wil meneer, ag, askies tog, wil perfesser Naudé nie eers 'n koppie koffie drink nie?'... Ek sal solank vir julle gaan koffie skink hoor ... ek sal baie eerbiedig op my tone uitloop kombuis toe om vir Rita te help skink. Dit moet baie netjies lyk as ons dit inbring: die koppies en pierings en lepeltjies, en die skinkbord met die borduurde doekies" (Smit 1984:22-23).

Deur hierdie voorstelling satiriseer Hettie Smit die patriargale opset: Die mans is druk besig om (gewigtige) literêre sake te bespreek, terwyl die vroue – daarvan uitgesluit – hulle in die kombuis oor die netheid van die teeservies (behoort te) kwel.

Indien Maitland se kriteria as maatstaf geneem word, is dit moontlik om *Sy kom met die sekelmaan* as vroulike teks te verklaar, met 'n gewisse aanspraak op 'n plek binne 'n tradisie van Afrikaanse vroulike literatuur. Hersieningshandelinge met betrekking tot kanoniserings behoort veral op die aanvullingsaspek te fokus, omrede dié tipering – op sigself 'n wanvoorstelling (Montefiore se *misreading*) – daarvoor verantwoordelik is dat die teks selfstandige kanon- en kanoniseringsstatus ontbeer. 'n Aanvaarding van die teks as vroulike teks wat deur vroulike diskursiewe elemente bepaal word, kan voorts impliseer dat die teks potensieel binne die A-sisteem (naas sy posisie in die E-sisteem) opgeneem kan word. Kanoniseringsstatus binne die A-sisteem hou onder meer in dat ánder teksfunksies as die suiwer estetiese as norm geld, waaronder inligting (oor die vroulike psige) en die verlening van outentiekheid (aan ander vroue). Sodanige teksplasing kan moontlikhede open vir nuwe interpretasies; dus vir die pluralisering van die bestaande, grotendeels eng kritiese diskoers rondom *Sy kom met die sekelmaan*.

HOOFSTUK 4

AFWESIG UIT DIE KANON: DIE GESKRIFTE VAN DIE KLEREWERKERS

Bestaan daar dan nie ook in die Afrikaans van vandag 'n tradisie van Arbeidersliteratuur nie? Of het Afrikaans so die taal van Apartheid geword dat hierdie soort literatuur nie eers in Afrikaans geskryf word nie? (Olivier 1989:13)

4.1 *Agtergrond*

Tydens die jare tussen die twee wêreldoorloë produseer die vroue wat aan die Witwatersrand in die klerebedryf gewerk het, nie alleen klere nie, maar ook 'n aansienlike stuk Afrikaanse literatuur (Brink 1989:108). Tussen 1929 en 1945 word poësie, prosa, en toneelstukke in die blad *Klerewerker*, die spreekbuis van die destydse Klerewerkersunie, gepubliseer. Hierdie stuk literatuur het in die vergetelheid geraak, en die benaming "Klerewerkersliteratuur" is bykans onbekend – selfs vir die ernstige literatuurstudent. In nie een van die vroeëre (of selfs meer resente) literatuurgeskiedenis of bloemlesings kan enige verwysings na dié geskrifte gevind word nie.⁷⁷

Dit is eers in die onlangse verlede dat die baanbrekersnavorsing van Elsabe Brink hierdie vergete skat van Afrikaanse vroulike literatuur begin ontgin en bekendstel het. In 'n oorsigtelike artikel, (opgeneem in Cheryl Walker se versamelbundel *Women and writing in South Africa*, 1989) bied Brink 'n blik op die lewensomstandighede en daaruitspruitende literêre produksie van die destydse lede van die Klerewerkersunie. Brink (1989) se artikel, wat merendeels op die inhoudelike aspekte en sosiologiese konteks van die geskrifte fokus, kan gesien word as 'n wegbereider vir verdere studies.

Dat daar 'n definitiewe leemte bestaan in kanonstudies wat betref die Klerewerkersliteratuur, blyk uit die kommentaar van Marais (1988:42). In 'n artikel, "Vrouwees: perspektiewe in die meer onlangse Afrikaanse poësie en prosa", kom Marais (1988:42) tot die volgende slotsom:

77 Sien die ondersoek van die kwantitatiewe kanonaanduiders hieronder (paragraaf 4.8.2.1).

Daar is wel in toenemende mate 'n verwoording van die leefwêreld en gevoelens van die vrou deur meer en meer skryfsters, maar dan is dit ook waar dat die Afrikaanse letterkunde in hierdie opsig byna uitsluitlik 'n perspektief bied op die leefwêreld van die meer gegoede vrou met naskoolse opleiding ... daar sal in hierdie verband ook na die literatuur van die Afrikaanse klerewerkersunie gekyk kan word, soos Elsabe Brink doen

Met ander woorde, die beskikbare, bekende (gekanoniseerde) Afrikaanse literatuur bied 'n eensydige perspektief op die ervaring van vrouwees – met 'n kanoniserings van middelklasliteratuur en -waardes – terwyl die kanon nie ruimte laat vir literatuur wat die ervaringe van die werkersklasvrou verwoord nie. Moontlike redes vir hierdie toedrag van sake word in die loop van die hoofstuk ondersoek.

Krog (1989:5-6) stel die Klerewerkerliteratuur teenoor bogenoemde hoofstroom-literatuur, en kontrasteer dit spesifiek met die werk van Elisabeth Eybers:

There is nothing dishonourable in writing a poem that can help someone *to survive a certain experience* – even if such a poem were to die together with the prejudices of its time and politics. That is why I derive so much pleasure from reading how, while Elisabeth Eybers was busy formulating motherhood for so many women after her, her contemporaries (die Klerewerkers – A.L.) fought for survival, albeit in rhyme not devoid of rhetoric ... (my kursivering)

Hierdeur impliseer Krog: Naas die middelklaswaardes wat deur poësie soos dié van Eybers verwoord is, is daar deur 'n werkersliteratuur aan 'n heel ander stel lewenswaardes uitdrukking gegee. Waar Eybers se werk "sagte" temas soos die vrou se rol as eggenoot en moeder ondersoek, gaan dit in die Klerewerkerliteratuur oor veel harder werklikhede van stryd en oorlewing. Dié literatuur het ontstaan te midde van die vroulike werker se stryd in 'n onvriendelike stedelike omgewing, waar toestande van uiterste armoede en haglike werksomstandighede alledaagse werklikhede was.

Die literatuur van die Klerewerkers is feitlik onbekend in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis: dit word nie in enige van die standaard-literatuurgeskiedenis vermeld nie, en is nie opgeneem in enige standaard-bloemlesing of in skool- en universiteitsillabusse nie.⁷⁸ Laasgenoemde sluit in die tradisioneel "wit" universiteite, byvoorbeeld die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch, maar ook 'n tradisioneel meer "verligte" instansie soos die Universiteit van Wes-Kaapland.

Die Klerewerkerliteratuur is oënskynlik sonder enige skroom nie tot die kanon toegelaat nie, terwyl Krog se kommentaar daarop dui dat dit 'n deel van die Afrikaner⁷⁹ se wordingsgeskiedenis verwoord. Spesifiek dan, wanneer in die Suid-Afrika van die middel-negentigerjare die (wit)

78 Sien paragraaf 4.8.2.1.

79 "Afrikaner" word gedefinieer as enige persoon wat Afrikaans as eerste taal gebruik, ongeag kleur (A.L.). In hierdie

Afrikaner in ander volksgroepe se opheffingstryd sy eie stryd gereflekteer sien, kan die herbeskouing van Afrikaanse werkersliteratuur 'n aansienlike bydrae lewer tot die verryking en verruiming van die Afrikaner se begrip van die eie én ander geskiedenis.

In die lig hiervan is dit dus belangrik om te vra wáárom die Klerewerkersliteratuur uit die Afrikaanse kanon gelaat is – of anders gestel, watter literêre en buiteliterêre (byvoorbeeld ideologiese) faktore moontlik by die niekanoniserings daarvan betrokke was. Enige poging tot (her)kanoniserings moet verantwoordbaar wees vanuit onder meer 'n literêre sowel as histories-ideologiese oogpunt.

Ten einde bogenoemde vraag te kan beantwoord, is dit allereers noodsaaklik om die Klerewerkersliteratuur histories sowel as ideologies te situeer. Alleen dán sal dit moontlik wees om die meganismes tot kanoniserings, al dan nie, te identifiseer.

4.2 *Historiese agtergrond*

4.2.1 Die verstedeliking van die Afrikaner en die Armblankevraagstuk

In die tyd ná die Eerste Wêreldoorlog is daar die opkoms van 'n groot aantal sekondêre industrieë in Suid-Afrika. Hierdie nywerhede het veral van goedkoop vroulike arbeid gebruik gemaak, met as vernaamste bron die groot invloed van die landelike bevolking na die stede. Laasgenoemde was oorwegend jong, dikwels halfgeskoolde Afrikanermans en -vroue (Brink 1990:280), wat deur "depressie en rampspoedige droogtes" gedwing is om 'n toevlug in die stede te soek (Antonissen 1964:191). Ander faktore wat die uittoeg na die stede gemotiveer het, was onder meer die kapitalisasie van die landbou, snelle industrialisasie, 'n bevolkingstoename, en 'n gepaardgaande gebrek aan landbougrond vir die nuwe generasie (Brink 1987:183).

Sowat 90% van die vroue in die vervaardigingssektor het in die voedsel-, tabak-, chemiese, leer- en klerebedryf gewerk, met laasgenoemde as die vernaamste werkgewer. Pollak (in Brink 1990:285) meld dat die klerebedryf sowat 50% van alle vroue in die vervaardigingssektor in diens gehad het, en dat ongeveer 90% van hierdie vroue Afrikaanssprekend was. Teen 1936 was sowat 5174 wit vroue werksaam in die klerebedryf (Touyz 1979:79). Hierdie vroue het oorwegend uit bywonergesinne gekom, en het dikwels nie hulle skoolopleiding voltooi nie (Brink 1987:183). Tussen 1930 en 1932 onderneem Hansi Pollak 'n sosiologiese studie oor sowat 540 vroulike industriële werkers aan die Witwatersrand (Berger 1987:127). Volgens haar (Brink 1990:283) is sy in die loop van haar navorsing veral getref deur die jeugdigheid van die meeste van die werkers,

spesifieke konteks dui die term "Afrikaner" egter op spesifiek die wit Afrikaner.

sowel as deur die swaar finansiële las wat hierdie meisies moes dra – soms was hulle finansiëel verantwoordelik vir hulle hele gesin. Die Carnegie-kommissie (Brink 1987:187) doen byvoorbeeld só verslag oor die rol van die werkende dogter binne die armblankegesin: "The daughter's earnings in the Poor White family are of great importance; particularly in the cities the family forms a wage earning unit. Hence there is a natural supply of female labour". Veral vroue wie se mans swak besoldig is (by uitstek in die ingenieurs-, bou- en vervaardigingsektore) is gedwing om in die fabriek te werk met die doel om die gesin se inkomste aan te vul (Brink 1987:184).

In hierdie tydperk is die stedelike Afrikaner gekenmerk deur diepgaande materiële en geestelike armoede. Antonissen (1960:100) praat byvoorbeeld van " 'n taamlike groot menigte (wat) ... tereg(kom) in materialistiese vervlakking en dreig om na die gees te verpouperiseer". Die probleem van die verarmde blanke staan algemeen bekend as die **Armblanke-vraagstuk**, wat reeds in die twintigerjare deur die Hertzog-regering hanteer is.

Die teenwoordigheid van groot getalle jongmense in die stede, sonder toesig of familiebande, het daartoe aanleiding gegee dat die kerk en welsynsorganisasies hulle diepe besorgdheid oor diesulkes se morele en geestelike welsyn uitgespreek het (Brink 1990:280). 'n Belangrike studie oor die lewensomstandighede van vroue binne die armblankegesin is deur M.E. Rothmann (MER) onderneem. (Rothmann tree tussen 1930 en 1932 op as die enigste vroulike lid van die Carnegie-kommissie). Sy gee 'n besonder realistiese beeld van die verarmde Afrikanervrou in die dorpe en stede, in teenstelling met haar manlike eweknieë (Postma en Totius) se geïdealiseerde voorstellings. (Dink in dié verband aan die enigsins geïdealiseerde beelde van die Afrikanervrou soos dit in 'n teks soos *Trekkerswee* voorgehou word). Rothmann se benadering tot hierdie vroue is deurgaans simpatiek en sy toon steeds respek vir hulle menswaardigheid. Voorts vind sy dat weinig jong, stedelike meisies werkloos was – die meerderheid van hulle sou enige geleentheid tot betaalde arbeid aangryp. Die gevolg was dat sulke meisies geen normale sosiale of huislike opvoeding geniet het nie – volgens Rothmann 'n rede tot kommer, wat betref hulle sosiale en morele ontwikkeling (Brink 1990:282).

Die Afrikaner se verarmde toestand het egter verbygegaan. Met die onverwagte oorwinning van die Nasionale Party in 1948 breek 'n tyd van voorspoed vir die Afrikaner aan. Maatreëls word getref om die Afrikaner van mag en kapitaal te voorsien. Onder die Nasionale bewind word die staatsdiens verafrikaans, arbeidsbeskerming word ingestel om ongeskoolde en halfgeskoolde blanke werkers te beskerm, en semistaats- en openbare korporasies bevorder die Afrikaner se ekonomiese ontwikkeling. Afrikanerkapitaal trek voordeel uit die regering se partydige toesegging van kontrakte en mineraalregte (Stander & Willemsse 1992:12).

Die Smelter-regering (1934-1939) onder J.B.M. Hertzog verteenwoordig 'n tydperk van sogenaamde inklusiewe Afrikanerskap – in ooreenstemming met Hertzog se siening van 'n breër Afrikanerskap wat ook Engelssprekendes sou insluit. Vir Hertzog gaan dit in die eerste plek oor Suid-Afrika se belange, eerder as oor die Afrikaner se spesifieke belange – vandaar die slagspreuk: "Suid-Afrika eerste". Die breuk tussen Hertzog en D.F. Malan – wat in 1934 die Gesuiwerde Nasionale Party stig – verteenwoordig egter 'n fundamentele afwyking van die Hertzog-tradisie van inklusiewe Afrikanernasionalisme. Teenoor Hertzog se vooropstelling van breër Suid-Afrikaanse belange, het die nuwe party 'n veel aggressiewer nasionalistiese ideologie ontwikkel. Sy ideologie was sterk republikeins en etnies eksklusief, en het die klem op die eiesoortigheid van Afrikaner-"kultuur" geplaas.

Nie alleen die gelykheid van Afrikaners voor die wet is as prioriteit gesien nie, maar ook die haglike sosiale en materiële toestande waarin Afrikaners hulle bevind het. Die Gesuiwerde Nasionale Party se doelwitte het gestalte gekry in 'n reeks politieke, kulturele, en ekonomiese liggame waardeur die party gewerk het om die aspirasies van die Afrikaner te verwoord, en sy greep op Afrikaner-kiesers te verstewig (Murray 1986:258-9).

Murray (1986:259) noem dat die sogenaamde "ekonomiese beweging" van die dertiger- en veertigerjare toegespits was op die bevordering van Afrikaner-volkseenheid sowel as op die ekonomiese mag van die Afrikaner. 'n Waarskynlike dryfveer agter die totstandkoming van hierdie beweging was die Afrikaner-Broederbond – die vernaamste koördineerder van Afrikanerliggame – se uitgangspunt dat klasseskeiding en politieke verdeeldheid Afrikanereenheid bedreig. Vir die Broederbond was die hardnekkige armblanke-vraagstuk die ooglopendste manifestasie van klasseskeiding onder Afrikaners. Daar is gevolglik probeer om 'n kunsmatige volksintegrasie op politieke en ideologiese vlak te bewerkstellig. Antonissen (1964:192) verwys in dié verband na "'n reïntegrasie, met name, in die teken van 'n 'volk'- en 'ras'-mite, wat deur politieke, kulturele en kerklike leiers tot 'n normatiewe lewenspatroon uitgebou en deur 'n al hoe breër volgelingskap as doen- en denknorm aanvaar word". Die "hoë" letterkunde sou in hierdie periode aangewend word as instrument vir die bevordering van sulke mitologiseringsprosesse, onder meer om 'n mite van (eksklusiewe) Afrikanerdom en -eenheid te propageer (sien ook 4.7.2.1 en 4.8.3.2).

Om die armblanke-kwessie op te los, sou dit nodig wees om die volk ekonomies te mobiliseer – met ander woorde, ekonomies bewus en aktief te maak. Hierin sou die Afrikaner-Broederbond 'n leidende rol speel. O'Meara (1983:135) skryf in dié verband: "It was this Bond-directed ideological, cultural and economic mobilisation of the volk for economic ends which shaped and defined Afrikaner culture and the developing nationalist movement ...". As volksorganisasie wat die mobilisering van die massa moes bewerkstellig, word die Reddingsdaadbond (voortaan RDB)

onder leiding van dr. N. Diedrichs gestig. Die RDB stel hom ten doel om die ondersteuning en kapitaal van boere te mobiliseer, maar ook om die "ongesonde klassehaat" wat Afrikanerwerkers teenoor werkgewers gekoester het, te verwyder. Die RDB het dit as van die uiterste belang beskou om die integrasie van die Afrikanerwerker by die volk te bewerkstellig (" ... the integration of the Afrikaner worker in the life of the volk as a whole, of which he forms an organic part, and from which we must not allow him to be sundered ... " – RDB in O'Meara 1983:137).

O'Meara (1983:142) noem dat die RDB fundamenteel suksesvol was in sy hoofake, naamlik om 'n ekonomiese bewustheid onder die volk aan te wakker en 'n kapitalistiese ingesteldheid onder Afrikanerwerkers te kweek. Teen 1948/9 bestaan daar byvoorbeeld 25 Afrikanerbeheerde klerefabrieke, met sowat 430 wit en 140 nie-wit werkers in diens (O'Meara 1983:210). Vervolgens word die arbeidsomstandighede van die klerewerkers, die optrede van vakbonde en verwante sake kortliks beskou.

4.2.2 Arbeidsomstandighede, die vakbondbewegings, en die optrede van die Nasionale Party

Stadler (1986:268) meld dat die lewensomstandighede van wit (Afrikaner-) werkers tydens die laat dertiger- en vroeë veertigerjare as haglik beskryf kan word. Berger (1987:127) meld dat daar van die klerewerkers verwag is om in uiters neerdrukkende omgewings produktief te wees: "Clothing factories were often located in 'wholly unsuited, congested, poorly constructed buildings' that were ill-lit, badly ventilated and unheated". Ernstige behuisingstekorte, lae lone, en selfs ondervoeding was aan die orde van die dag (alhoewel laasgenoemde nooit sulke ernstige afmetings as onder swart werkers aangeneem het nie). Veral tydens die resessie ná die oorlog was baie Afrikaners onseker oor hulle toekoms in die arbeidsmark, en stakings uit protes teen die indiensneming van swart masjienoperateurs het meermale voorgekom.

In die dertiger- en veertigerjare was die belangrikste linksgesinde vakbond met 'n sterk Afrikaanse ledetal die Klerewerkersunie (ook Klerewerkersbond). Aanvanklik was dit bekend as die Witwatersrand Tailors' Association, 'n oorwegend manlik-oorheerste organisasie wat in 1913 gestig is. Hierdie organisasie aanvaar in 1929 'n nuwe grondwet ingevolge waarvan lede hulle opinies kan lug en leiers kan aanwys. Gaandeweg het die vroulike ledetal aangegroei, sodat wanneer Solly Sachs die voorsitterskap in 1928 oorneem, daar sowat 1550 vroulike teenoor 300 manlike lede was. Solly Sachs, 'n Joodse oud-Kommunis wat onder meer in die ingenieurswese en regte gestudeer het, is in 1928 met 'n 90% meerderheid tot algemene sekretaris van die Witwatersrand Tailors' Association (vanaf 1930 die Klerewerkersunie) verkies. Onder sy simpatieke leierskap tussen 1928 en 1952 is beding vir aansienlike verbeteringe in die werkers se

omstandighede (Witz 1984:20-22). Van 1935 af is die sentrale uitvoerende komitee uitsluitlik vroulik, met Anna Scheepers as president, en Johanna Cornelius as nasionale organiseerder (Brink 1989:108).

Die Klerewerkersunie is doeltreffend op 'n veelrassige grondslag georganiseer, sodat wit en bruin werkers saam kon optree waar gemeenskaplike belange geraak is. Hierdie voorbeeld van arbeidersolidariteit oor die kleurgrens heen, was egter 'n uitsondering op die reël wat die meeste wit werkers aan hul rasvoorregte verbind het. Teen die einde van die oorlog het die druk van al meer bruin werkers in die klerebedryf die veelrassige solidariteit in dié bedryf egter begin ondermyn.

Reeds in 1937 besef Dr. A. Hertzog die belangrikheid daarvan om die werkers se steun te wen. Hy laat hom soos volg in dié verband uit: "Daar vind 'n verskuiwing plaas van die platteland na die stede. Twee-derdes van ons blanke bevolking sit in die stede en die mag is daar. Indien ons wil sorg dat daar hoop is vir die toekoms van die Afrikaner, moet ons die stad inneem. Indien ons dit wil doen, dan moet ons die werkers wen" (Touyz 1979:i).

In 'n poging om Afrikaanssprekende werkers los te maak van sosialisties-georiënteerde organisasies, word Christelik-nasionale vakbonde in opposisie tot bestaande liggame gestig en bevorder. As voorbeeld van so 'n organisasie kan die Spoorbond genoem word, wat in 1933 as 'n "alternatiewe" vakbond gestig word (Touyz 1979:77). Hierdeur is ook gepoog om die werkers se steun vir Afrikanernasionalisme te verkry (Murray 1986:260), en terselfdertyd die werkers van die Arbeidersparty te "speen", aldus Touyz (1979:78).

Teen 1938, met die honderdjarige gedenkfees van die Groot Trek, loop nasionalistiese sentimente ook binne die Klerewerkersunie hoog. Dít het dus na die ideale geleentheid gelyk om die Unie vanuit Nasionalistiese geledere te infiltrer. Die Nasionale Raad van Trustees, 'n skepping van die Broederbond, vaardig ene D.B.H. Grobbelaar af om Sachs se voorsitterskap te betwis. Grobbelaar word egter oortuigend verslaan (Witz 1984:22-3).⁸⁰ Die werkers se teenstand teen hierdie soort inmenging blyk duidelik uit ene Wm. v.d. Broek, 'n Nederlander, se skrywe in *Klerewerker* van Mei 1939 (p.14). Hy verwys onder meer na hoe hy en sy kamerade die klerewerkers se "stryd ... teen die Fasistiese huurlinge, wat probeer het om hulle vernielende politiek in (die) vakunies te bring", gevolg het. Hy stel dit dan onomwonde: Slegs deur die "eenheid van die arbeidermassa kan kapitalisme met sy uitgroeiende Fasisme, oorwen word".

80 Dit is na hierdie Grobbelaar wat verwys word in die reëls wat deur Krog (1989:6) aangehaal word: "Kom Grobbelaar weer om ons te molesteer/ die klerewerkers sal hom gou teer en veer".

In 1944 stig die Nasionale Party 'n organisasie genaamd die Blanke Werkers se Beskermingsbond, wat toereikende lone en 'n aandeel in die profyt vir die werkers sou nastreef. Voorts sou streng rassesekeiding binne die arbeidsfeer 'n doelstelling wees, asook 'n wetlike verbod op (ras)gemengde vakbondbewegings. Nietemin het die Afrikanernasionaliste se pogings om die vakbonde oor te neem, of dan te hervorm, slegs baie beperkte sukses behaal (Touyz 1979: 82-84, 220, 222).

Saam met die Reddingsdaadbeweging se pogings om Afrikanerwerkers tot 'n nasionalistiese standpunt oor te haal, gaan die gedagte dat die werker "heropgevoed" moet word. 'n "Heropgevoede werker" sal naamlik bereid wees om in diens van volk en vaderland onbetaalde "surplus arbeid" te verrig, en om spaarsamigheid, tot voordeel van die "volk", aan te kweek:

Once they had abandoned riotous living and developed the necessary Christian habits of sobriety and thrift, Afrikaner workers were to hand over their savings to Afrikaner credit institutions where they would be invested in 'safe, profitable shares in Afrikaner undertakings' – the profit accruing not to the worker but to the undertaking using his savings ... The ideologists of the *reddingsdaad* movement found the Afrikaner workers far from the ideal, and guilty of great offence against God. *Volkshandel* regularly urged Afrikaner workers to strive for the ideal traits required of an industrial worker – 'discipline, efficiency and coordination, diligence and application' ... But, argued this journal of Afrikaner capitalists, Afrikaner workers had lost the habit of obedience and discipline and had become 'work-shy' (O'Meara 1983:160).

In die belangrike 1948-verkiesing het die Arbeidersparty – wat tot op daardie stadium die wit werker se politieke aspirasies verwoord het – geen enkele setel in 'n werkersklas-kiesafdeling bestry nie. Die politieke leierskap van wit werkers is sodoende feitlik geheel en al aan die oorwinnende Nasionale Party afgestaan. Touyz (1979:223) verwys na die probleme wat die Klerewerkersunie hierna onder 'n Nasionale regering ondervind het: "The G.W.U. suffered harassment during 1949. The G.W.U. Commission of Enquiry continued its investigations into the administration and affairs of the G.W.U. The N.P. government refused to issue passports to and withdrew passports from a number of G.W.U. leaders ...".

Ook in die vyftigerjare ontvang die wit klerewerkers volgens Touyz (1979:227) baie min steun van die Nasionale regering. Witz (1984:290) skryf: "Solly Sachs and the G.W.U. posed a *threat* to the Nationalists far beyond electoral requirements. The ideology of class struggle which the G.W.U. was attempting to perpetuate among Afrikaner workers was undermining the notion of a classless Afrikaner nation which the Nationalists were trying to construct" (my kursivering).

Brink (1989:110) verwys na pogings aan Nasionalistiese kant om Sachs as voorsitter van die Unie te ontsetel, ten einde die werkers na die kant van Christelik-nasionale vakbonde te lok. In 1952 ontvang Sachs 'n skrywe van die destydse minister van Justisie, C.R. Swart, waarin hy beveel

word om ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme uit die Unie te bedank, en hy verbied word om politieke vergaderings by te woon. Wanneer Sachs vyf dae later 'n openbare vergadering in Johannesburg toespreek, word hy gearresteer en die massa met geweld uiteengejaag. Vroeg in 1953 verlaat hy Suid-Afrika, tot groot verligting van die regering (Witz 1984:290-1).

Die werkers se heelhartige ondersteuning van Sachs blyk onder meer uit 'n brief van 'n groep spoorwegwerkers (*Klerewerker*, Mei 1939, p.14) waarin hulle skryf: "Gaan voort met die goeie werk, Solly. Ons ... sal altyd gereed wees om die Klerewerkers te ondersteun waar dit in ons vermoë is".

In die volgende afdeling val die fokus op die aard en werksaamhede van die Klerewerkersunie en hulle publikasie *Klerewerker*.

4.3 Die Klerewerkersunie en hulle spreekbuis

Ironies genoeg is dit juis in dié tyd van stryd teen die Nasionalistiese pogings tot oorname, dat die werkersliteratuur 'n bloeiperiode beleef (Brink 1989:110). Sodoende word dit as 't ware 'n literatuur gebore uit stryd.

In die inleiding is na die Klerewerkersunie en die sogenaamde Klerewerkersliteratuur verwys. Dit is nodig om duidelik te omskryf wat presies hierdie organisasie was, wat die doelstellings, ideologiese begroning en werksaamhede daarvan was, asook om die verband tussen die literêre produkte van die Klerewerkersunie en die aanpassing van die Afrikaanse kanon te belig.

Van Niekerk (1994:17) skryf dat sosio-ekonomiese en klassehoudings werkersklasvroue verhoed het om lede van die middelklas-georiënteerde Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (gestig in 1905) te word. Gevolglik het baie werkersklasvroue tot die Klerewerkersunie toegetree. Hierdie vroue, wat in die tydperk tussen die twee wêreldoorloë in die klerie-industrieë aan die Witwatersrand gewerk het, was meestal Afrikaanse vroue wat die plase verlaat het om 'n beter heenkome in die stad te probeer vind. Talle is na die stad gelok met beloftes en drome van geld en 'n opwindende stadsbestaan. Die realiteit was egter ontnugterend anders: klein lone van tussen een en twee pond per week was die norm (en dit was dikwels die enigste inkomste waarmee 'n gesin onderhou moes word).

Die doel van die Unie het gesentreer rondom "brood-en-botter"-sake. Van die belangrikste

doelstellings was om beter lone en korter werksure vir werkers te beding, om die aantal betaalde vakansiedae per jaar te vermeerder, asook om die standaard van geriewe vir die werkers te verbeter. Naas hierdie meer materiële doelstellings wat nagestreef is, het die Unie 'n ander belangrike funksie vervul – naamlik om geborgenheid en 'n eie nis in die stedelike omgewing aan die werkers te verskaf. Só byvoorbeeld is jong vroue bygestaan in hulle soektog na huisvesting, terwyl verskeie sosiale aktiwiteite soos danse en pieknieks deur die Unie gereël is (Berger 1987:126). Daar is gestreef om rolmodelle aan jong werkers voor te hou, soos in die artikel oor ene Tokkie du Plooy ("n Baanbreekster getrou aan haar medewerksters", KW Mei/Junie 1944, pp. 1-2). Tokkie word voorgedhou as 'n vasberade en beginselvaste vrou en moeder wat onder meer gestry het vir die uitwissing van rassehaat, ongeag heftige teenkanting vanuit *establishment*-geledere.

Die Unie se diepgaande betrokkenheid by sy lede blyk onder meer uit die publikasie van huweliks- en doodsberigte in sy spreekbuis *Klerewerker*. Hierdie berigte verskaf persoonlike inligting omtrent sy lede, en die berigte spreek van 'n werklike empatie en meeleving met die lot van die individuele werker. (Vergelyk byvoorbeeld die berigte oor die afsterwe van Anna Viljoen [KW Maart/April 1942, p.8] en Joey Grové [KW Maart/April 1941, p.10]). Beide berigte word vergeesel van 'n foto van die oorledene, tesame met 'n kort lewensbeskrywing. Die medewerkers van laasgenoemde se eg menslike meegevoel blyk duidelik uit 'n opmerking soos die volgende: "Vir haar (Joey se) medewerkers was sy onmisbaar en haar dade en vertroue in haar Vakunie sal vir ons onvergeetlik bly". Deur 'n opmerking soos hierdie blyk die sentrale rol wat die vakunie in sy lede se lewens gespeel het, en hoedat ondersteuning van en persoonlike bemoeienis met lede as 't ware Uniebeleid was. Ene Hester de Wet getuig soos volg voor 'n Kommissie van Onderzoek in 1948 (in Brink 1987:191): "No one cared about us, except the union".

Die talle artikels en verhale, asook ander literêre bydraes, kon die werkers help in die vorming van 'n eie identiteit in die vreemde omgewing, terwyl die sterk samehorigheidsgevoel, wat deurgaans opmerklik is, emosionele steun aan die werkers sou gebied het. Voorbeelde hiervan kan aangetoon word, soos die verhaal "'n Alledaagse gebeurtenis" (sien 4.7.2.3) waar vroulike werkers tot eenheid opgeroep word. In hierdie verband is dit moontlik om te sê dat sterk groepskohesie deur die werkers gebruik is as oorlewingsstrategie in die vyandige stedelike milieu. Berger (1987:129) identifiseer blatante diskriminasie teenoor vroulike werkers as 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van 'n solidariteitsgevoel.

'n Ander belangrike doelstelling van die Klerewerkersunie (veral indien die historiese konteks in gedagte gehou word) was die strewe om werkersklasvroue van alle rasse te verenig teen klassediskriminasie. Die unie se strewe na solidariteit onder werkers van alle rasse blyk duidelik

uit die volgende beroep op lede (uit 'n pamflet van die veertigerjare): "Verwyder rassehaat uit u hart en huis. Hou die geledere van die werkers vry van rasseverdeeldheid. Bou 'n verenigde arbeidersklas op wat veg vir brood, vryheid en 'n gelukkige lewe vir almal. Dit is ons enigste hoop" (Van Niekerk 1994:4-5). In 'n artikel wat in Desember 1939 (p.14) verskyn, word werkers gewaarsku teen die gevaar van rassehaat en opgeroep tot 'n breë demokratiese strewe: "My mede-Volksgenote, verenig en red ons land. Hou die duiwel van Nazisme en Rassehaat uit Suid-Afrika uit en sien dat elke mens in *ons* land genoeg sal hê om van te lewe". Hierdie aanhaling gee blyke van die werkers se vaderlandsliefde en sterk identiteitsgevoel as Suid-Afrikanners (vergelyk "*ons* land").

Brink (1986:145) noem dat die gemeenskap dikwels afwysend en selfs vyandig teenoor die vroue van die Klerewerkersunie gestaan het. In die aangesig van sulke houdings het die Unie – veral by wyse van *Klerewerker* – 'n belangrike bydrae gelewer om 'n gevoel van selfrespek, waardigheid, en trots by die werkende vroue aan te wakker. Hulle is gehelp om hulle eie identiteit as waardige lede van die werkersklas te ontwikkel, en hulleself te verdedig teen bevooroordeelde opinies (Brink 1986:145).

Die Klerewerkersunie is voorts deur 'n linkse oriëntasie gekenmerk. Dit spreek onder meer uit die gebruik van aanspreekvorme soos "kameraad" en die feitlike artikels en fiksietekste waarin sosialistiese sentimente uitgespreek word. (Vergelyk byvoorbeeld die drama "Die Offerande", 1941, waarin die USSR as 'n werkersparadys geteken word). Ook is jaarlikse Meidag-vieringe deur die Unie aangemoedig, sodat die werkers hulle deel van die internasionale werkersgemeenskap gevoel het (Berger 1987:131). Kapitalisme word meermale as die grootste oorsaak van die werkers se onderdrukking en lyding geïdentifiseer – soos dit uitgedruk word in Maggie Meyer se gedig "Die Plië van die Vrou" (KW Maart/April 1941):

Oor Drakensberg en vlakke heen,
Deur koue nagte, hael en reen,
Dit het sy vir ons land gedoen,
En sonder om daarmee te roem.

Vir die Vryheid het sy al laat staan,
Die Kaap het hul verlaat tesaam.
Om in die Vryheid te gaan leef
Wat hulle jare lank na streef.

Die Vryheid het nie lank geduur,
Want wat eers soet was word toe suur
Toe Kapitaal die oorhand kry,
Was sy die een wat swaar moes ly.

In die fabriek van vroeg tot laat,
Daar leer jy kapitaal te haat,

Saam word daar 'n besluit gemaak,
In 1932 gaan hul uit op staak.

Hulle het mos glo die reg gekry
Om al wat voorkom plat te ry
Maar dit het hulle niks gebaat,
Die vrou het weer die eer gehad.

As ons net saamstaan sal ons wen
dit sal die mans ook moet erken.

Hierdie teks spreek duidelik van die vurige verlange na vryheid by hierdie Afrikanervroue, sowel as hulle identifikasie met die moedige Voortrekkervroue wat, sonder grootdoenerigheid, alles opgeoffer het om vryheid van Britse imperialistiese onderdrukking te vind. Die vryheidsgedagte word in hierdie teks bo alle ander dinge gestel; dit word as 't ware 'n "godsdienst" waarvoor alles in die stryd gewerp moet word. Ook die nasionalistiese bewussyn bly nie agterweë nie (vergelyk die vroeër verwysing na "ons land"). Op merkwaardige wyse word nasionalisme egter oor die boeg van die sosialisme gegooi⁸¹ wanneer *kapitalisme* as die vernaamste onderdrukkende mag in Suid-Afrika geïdentifiseer word. Die prominensie wat aan die werkers se weersin in kapitalisme verleen word, blyk uit die skryf van "Kapitaal" met 'n hoofletter. Sodoende word kapitalisme as antagonist van vryheid geponeer.

Met verwysing na die werkers se nasionalisme skryf Berger (1987:151) dat dit in tye gekenmerk deur armoede sowel as nasionale strewe (soos in die dertigerjare die geval was), dikwels gebeur dat die skeidslyn tussen klasse- en nasionalistiese aangeleenthede vervaag. Ten spyte van die teoretiese teenstrydighede tussen die ideologieë van nasionalisme en sosialisme as inspirasiebronne, het die vroulike werkers van die Transvaal uit beide vir hulle skryfwerk geput, oënskynlik sonder om van die teenstrydighede bewus te wees.

'n Feministiese⁸² bewussyn spreek ook uit die teks – veral uit die deurlopende verwysings na die vrou se rol in die dure verkryging van vryheid, en spesifiek haar lyding onder en haat jeens kapitalisme. Vir hierdie vroue is kapitalisme dus nie net in die algemeen onderdrukkend nie, maar dit is spesifiek onderdrukkend vir die vrou. In hierdie verband is dit dus moontlik om te sê dat 'n *kapitalistiese patriargie* hier aan die kaak gestel word:

Patriarchy (as male supremacy) provides the sexual hierarchical ordering of society for political control and as a political system cannot be reduced to its economic structure, while capitalism as an economic class system driven by the pursuit of profit feeds off the

81 Berger (1987:131) sê dat hierdie sosialisties-geïnspireerde nasionalisme deur die werkers as 'n "gesonde nasionalistiese aspirasie" beskou is, teenoor dié soort nasionalisme wat met kapitalistiese belange en uitbuiting geassosieer word.

82 "Feministies" behoort in hierdie konteks gelees te word as 'n oriëntasie wat die vrou se besondere rol en posisie binne die Afrikaner se stryd om onafhanklikheid beklemtoon.

patriarchal ordering. Together they form the political economy of the society, not merely one or another, but a particular blending of the two (Eisenstein in Kramarae & Treichler 1985:85-86).

Slegs wanneer vroue 'n verenigde front vorm, sal dit moontlik wees om die kapitalisme se houvas te verbreek – soos die vroue alreeds in die 1932-staking bewys het. Die "plig van die vrou" is dus verenigde weerstand teen onderdrukking, wat selfs "die mans" (die patriargie?) sal dwing om vroue se daadkrag te respekteer.

Volgens Stander en Willemse (1992:11) het die Afrikaanse vroue van die Klerewerkersunie 'n beperkte ekonomiese onafhanklikheid geniet, tesame met 'n sin vir deelname aan openbare aangeleenthede. Die instelling van apartheid – en die daarmee gepaardgaande ekonomiese sekuriteit vir wit mense – het hierdie onafhanklikheid egter uitgewis. Een van die gevolge van apartheid was dat die ondergeskikte posisie van die wit vrou verstewig is: "... it restored the subjugation of the white working class Afrikaner woman by returning her to the confines of her household and placed her once again under the uncontested control of her husband" (Stander & Willemse 1992:11).

Tussen die dertiger- en vroeë veertigerjare publiseer lede van die destydse Klerewerkersunie in die tweetalige blad *Garment Worker/Klerewerker*, die amptelike spreekbuis van die vakunie, waarvan die eerste uitgawes in 1929 verskyn. Alhoewel die blad aanvanklik oorwegend op vakunie-aangeleenthede ingestel is, en oor dergelike sake berig lewer, word heel party Afrikaanse litêrere pogings vanaf veral 1938 gepubliseer. Van 1938 verskyn die blad gereeld tweemaandeliks, en dit bestaan uit 'n Engelse sowel as Afrikaanse uitgawe, van twaalf bladsye elk, wat rug-aan-rug verskyn. Dit is hierdie uitgawes wat bewys lewer van 'n opkomende werkersliteratuur⁸³ in Afrikaans, soos weerspieël word deur gedigte, kortverhale en toneelstukke wat gereeld verskyn.⁸⁴ Brink (1989:108) noem dat waar Engels die taal van die bestuur van die klerebedryf was, Afrikaans die taal van die werkers was – vandaar dan die vloed van literêre bydraes in Afrikaans. 'n Belangrike aspek van die Klerewerksliteratuur wat vervolgens in 'n afsonderlike afdeling bespreek word, is die hantering en integrasie van die sogenaamde volksmoederkonsep in hierdie literatuur.

4.4 Die volksmoederkonsep

⁸³ Brink (1989:125) tipeer die Klerewerksliteratuur as werkersklasliteratuur (*working class literature*), oftewel werkersliteratuur.

⁸⁴ Aangesien hierdie studie handel oor die kanoniserings van prosa deur vroue, sal slegs die prosatekste van die Klerewerksliteratuur in hierdie hoofstuk ter sprake gebring word.

Die **volksmoederkonsep**, oftewel die siening van die vrou as moeder van haar volk, word dikwels in verskillende gedaantes in die Klerewerkerliteratuur aangetref. Soos later uit teksbesprekings (vergelyk onder meer 4.7.2.3) sal blyk, speel die integrasie en transformasie van hierdie konsep in die werk van die Klerewerkers 'n bepalende rol, onder meer wat hulle aanspraak op 'n plek in die Afrikaanse literêre tradisie betref. Daarom word hierdie konsep eers omskryf.

In hulle oorsig oor die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse feminisme, beweer Du Toit en Krog (1994:24) dat, gesien teen die agtergrond van Suid-Afrikaanse vroue se vroeë eise om stemreg, die ontwikkeling van 'n inheemse feminisme in der waarheid "vertraag" skyn te wees. As die belangrikste teenvoeter vir dié opkomende feminisme word die sogenoemde volksmoeder-ideaal of -konsep genoem.

Volgens Brink (1990:273) is een van die wyses waarop vroue binne 'n patriargale samelewing beheer word, om aan hulle 'n goedgedefinieerde maar beperkte posisie te gee. Normaalweg het hierdie posisie konnotasies van status, eer en respek, wat dit alomgesog maak. Die voorstelling van wat "ideale vroulikheid" binne 'n sekere samelewing behoort te wees, lê gewoonlik binne die parameters van die gegewe posisie. Solank as wat vroue hulself tot dié parameters beperk, geniet hulle al die voorregte daaraan verbonde. Wanneer die vrou egter sou begin om hierdie posisie te bevraagteken, of selfs daarbuite te tree, verloor sy haar status in die samelewing. Dit is ook moontlik om die projeksie van die vrou as "volksmoeder" te interpreteer as kongruent aan Montefiore (1994:26) se siening van wyses van wanvoorstelling van vroue, wat weer vertolk kan word as 'n meganisme waardeur die vrou van die geskiedenis van 'n volk uitgesluit word.

Brink (1990:273) sien die volksmoederkonsep as die Afrikaanse interpretasie van die (ideale) posisie van die vrou binne die gemeenskap. Nie alleen vergestalt die "volksmoeder" die steunpilaar van die huishouding nie, maar sy verteenwoordig ook die sentrale saamsnoerende krag binne die Afrikanervolk. Deur die volksmoederkonsep is daarna gestreef om Afrikanernasionalisme en 'n samehorigheidsgevoel te versterk (dus 'n politieke funksie), en terselfdertyd om die opkomende feministiese bewussyn aan bande te lê. Op hierdie wyse kon die patriargale sisteem in stand gehou en verder uitgebou word. Tydens die laat negentiende en vroeë twintigste eeu word die volksmoederkonsep 'n integrale deel van die opkomende Afrikanernasionalisme, en dit bly 'n konstante tema te midde van groot industriële, politieke en sosiale verandering.

Die volksmoederideaal plaas klem op die vrou in die posisie van versorger (van kinders en in die breër volksverband), terwyl eienskappe soos vriendelikheid, sagmoedigheid, sorgsaamheid, hardwerkendheid, dissipline, konformiteit, en selfloosheid hoog aangeprys word. Outeurs soos

Totius en Willem Postma se geskifte dui op 'n aanprysing van al hierdie eienskappe, en dit is veral in Postma se boek *Die Boervrouw, Moeder van Haar Volk* (1918) wat eienskappe soos diep godsdienstigheid, durf, 'n liefde vir vryheid, selfopoffering, huismoederlikheid, integriteit, vroomheid, en die stel van 'n onberispelike voorbeeld vir ander vooropgestel word as norme vir volksmoederskap (Brink 1990:280). Vroue se plig was om hulle mans te ondersteun, eerder as om op selfstandige wyse 'n rol binne samelewingsverband te speel. 'n NG-predikant uit dié jare maak byvoorbeeld die uitlating dat vroue hulle opheffingswerk kan doen sonder om "advokaten of doktore of feministe of suffragiste te zijn ... geen ouderling of diaken-ambten en werkzaamheden, waartoe God de vrouw zekerlik niet heeft bestemd" (Du Toit & Krog 1994:24). Die vrou se taak word as verhewe bo sake soos politiek gereken – naamlik, haar moederwees vir die ganse volk: "The motherhood of the Boer woman extends itself to her volk just as it does to her child" (Postma in Brink 1990:280).

Stander en Willemse (1992:6) bestempel die genoemde attribute egter as die "raamwerk van 'n seksistiese ideologie wat deur die Afrikanerpatriargie daargestel en waarop voortgebou is deur Afrikanernasionalistiese en -vroueorganisasies" (my vertaling). Du Toit & Krog (1994:24) beweer in aansluiting hierby dat hierdie "verhewe" posisie van kollektiewe moederwees niks anders is as 'n manipulasie van die vrou ten einde haar onbemaagtig te hou nie. Dat die konsep van volksmoederskap, alhoewel met aksentverskille, veral in tye van opkomende nasionalisme en 'n volk se vryheidstrewende hoogty vier, word weerspieël deurdat Winnie Mandela in die jare van die swart vryheidstryd as "Mother of the Nation" bestempel is. (Hierdie meer onlangse interpretasie van die rol van volksmoeder het waarskynlik meer klem gelê op die spesifiek politieke funksie, byvoorbeeld die aanmoediging van 'n swart nasionalistiese bewussyn in die tyd voor die oorgang na 'n demokrasie).

Die volksmoederkonsep is histories essensieel 'n middelklaskonsep, waardeur middelklaswaardes vergestalt word (Brink 1990:274,280). Binne die Suid-Afrikaanse konteks wys Brink (1990:287) op die houding van die middelklaslede van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie teenoor die werkersklasvrou. Terwyl hulle volksmoederskap as dienslewering aan die volk geïnterpreteer het, was hulle onwillig om die bestaan van volksmoeders buite hulle eie sfeer te erken. Thompson (in Brink 1990:275) skryf in sy studie van die Britse werkersklas: "... the woman's status turned upon her success as a housewife in the family economy, in domestic forethought, baking and brewing, cleanliness and child-care". Davin (in Brink 1990:274) voeg by: "Hence a working-class mother who did not fulfil these criteria, however hard she struggled against the vicissitudes of poverty, would not appear as a model housewife, or as one properly dedicated to motherhood".

Hierdie aanhaling dui op die uitsluiting van die werkersklasvrou uit "ware" volksmoederskap en op

haar minderwaardigheidsgevoelens wat die noodwendige resultaat daarvan sou wees. Dat werkersklasvroue maar alte goed bewus was van die kriteria waaraan 'n "goeie vrou" moes voldoen, maar terselfdertyd ook van die ontoepaslikheid daarvan op hulle eie situasie, blyk uit die uitspraak van 'n werkster: " ... wat help dit as ons vrouens tussen die potte en panne werk en dit leeg is?" (aangehaal deur Brink 1989:114).

Dit blyk dus dat hierdie vroue deur hulle ekonomies onderdrukte posisie "egte" Afrikanervrouwees ontsê is. Merkwaardig egter is die vroue van die Klerewerkersunie se transformasie van en identifikasie met die volksmoederkonsep. Op hierdie wyse het hulle probeer om hulle eie legitimiteit as egte lede van die gemeenskap te bevestig.

Alhoewel die werkersklasvroue deur sosiale en ekonomiese struikelblokke verhinder is om SAVF-lede te word, het hierdie vroue op hulle eie manier op die titel "Volksmoeder" aanspraak gemaak. Dit doen hulle deur 'n parallel te trek tussen die stryd van die Voortrekkervrou – in wese 'n stryd om oorlewing en om vryheid van onderdrukking – en hulle eie stryd in die stedelike omgewing (Brink 1990:289). (Vergelyk in dié verband 'n teks soos Johanna Cornelius se gedig "Stryd in die stad", KW Desember 1939, p.1, waarin sy vertel van die onderdrukking van die verarmde Afrikaner en die strewe na 'n "beter lewe" vir die ganse volk). Waar die SAVF vir die middelklasvrou 'n raamwerk gebied het waarbinne sy kon figureer, sien die werkersklasvrou die vakunie as instrument tot opheffing van haar mense. Brink (1990:290) skryf:

The garment workers, representative of at least part of the Afrikaner female working-class community on the Witwatersrand, did indeed see themselves as successors to the heroic tradition of Voortrekker women. As such they were hailed as *volksmoeders* and workers by Sachs in his open letter to them, written just prior to his departure from South Africa under a banning order in 1952. "Hail, Mother of the Nation, Worker! ... The Afrikaner woman has always played a heroic role in the history of the Afrikaner volk. Continue in this tradition" (KW Mei-Junie 1952:3).

Die wesenlike verskil tussen die SAVF en die Klerewerkers se interpretasie van die volksmoederkonsep gaan daaroor dat volksmoederwees vir eersgenoemde groep onlosmaaklik verbonde was aan die dogma van die Afrikanergesin, die huishouding en vrome moederskap (Brink 1989:125). Die Klerewerkers maak volksmoederskap los hiervan, en klee die rol van volksmoederskap in met die krag en uithouvermoë van die Voortrekkervroue. Dit is selfs moontlik om te beweer dat die Klerewerkers se interpretasie uiteindelik ook die bemagtiging van die vrou via volksmoederskap nastreef. In haar rol as volksmoeder, beskik die vrou oor die morele en fisieke krag om haarself en haar volk teen negatiewe magte te beskerm. Sodoende maak die vrou die oorlewing van die volk moontlik.

4.5 Die ideologiese substraat van Klerewerker

Hierbo onder 4.1 is gewys op die noodsaaklikheid om die Klerewerkersliteratuur histories sowel as ideologies te situeer. Die ideologiese substraat van die Klerewerkerstekste word vervolgens in breë trekke uiteengesit.

Althusser sien *ideologie* as die geheel van voorstellings wat 'n mens het oor die manier waarop hy/sy met die werklikheid in verhouding staan (Van Luxemburg 1983:101). Volgens die Marxistiese wêreldbeskouing is ideologie die stel konsepte, oortuiginge, waardes en wyses van dink en voel waardeur mense die realiteit waarneem en verklaar. Coetzee (1988:3), in aansluiting by só 'n standpunt, verwys na ideologie as 'n "voorstelling ... van die verbeelde verhouding van mense tot hulle werklike bestaansomstandighede". Ideologie word gegenereer deur onderliggende ekonomiese en politiese kragte, en verberg teenstrydighede, ongelykhede, en eksploitasie deur 'n proses van "mistifikasie", of deur sulke toestande as "natuurlik" te laat voorkom. Dus legitimeer ideologie die belange van die heersende klas, en dit is ook 'n uitdrukking daarvan. Ideologie in dié sin is volgens die Marxistiese/sosialistiese beskouing vals, en dien slegs die doel om die werkende klas ondergeskik te hou, en die belange van die kapitalis te bevorder (Abrams 1988:218-9). Die Marxisme/sosialisme se simpatie lê fundamenteel by die werkende klas, en is toegespits op die verbetering van die werkers se lewenskwaliteit.

Sosialisme as wêreldbeskouing of ideologie (volgens Althusser se siening) gaan van die veronderstelling uit dat die ontwikkelingsgeskiedenis van die mensdom, sy institusies, en denkwyses – dus ook literatuur en ander kulturele verskynsels – deur die basiese *ekonomiese organisasie* bepaal word. Oor die verhouding tussen die literêre teks en die materiële omgewing (in sy wydste betekenis) skryf Coetzee (1988:16):

Die werk bestaan nie uit idees wat los staan van die geskiedenis nie. Dit is gevorm deur die materiële magte wat daar was tydens die skryf daarvan: geen teks is 'n medium vir betekenis of waarhede wat vooraf bestaan het en slegs deur die teks weerspieël kan word nie. Betekenis word nie weergegee nie; dit word geproduseer deur die ineenvlegting van persoonlike, sosiale, historiese en linguïstiese drade.

Met hierdie soort perspektief as uitgangspunt, is dit moontlik om te beweer dat die Klerewerkersliteratuur nie los te maak is van die histories-ideologiese konteks waarbinne dit geproduseer is nie. Die basiese ekonomiese organisasie van die samelewing ten tye van die produksie van hierdie korpus tekste, soos vergestalt in 'n kapitalistiese baas-werker-verhouding, speel hiervolgens 'n bepalende rol wat betref die aard en inslag daarvan. Blyke hiervan word gevind in byvoorbeeld die talle verwysings na die kloof tussen die "base" en die werkers, die uitbeelding van menslike lyding veroorsaak deur kapitalisme en die uitdrukking van positiewe

sentimente jeens die sosialistiese stelsel in die Sowjet-Unie.

Wanneer daar hierna verwys word na byvoorbeeld die *ideologiese komponent* (of inslag) van die Klerewerkerstekste, dui "ideologie" nie op die Marxistiese definisie daarvan as 'n kapitalisties-geïnspireerde, vals stel denkbeelde oor die verhouding tussen subjek en werklikheid nie, maar eerder op dié tekskomponent wat die verhouding tussen subjek en werklikheid op die voorgrond stel, en selfs ondersoek en kritiseer. *Ideologiese kritiek* as onderdeel van die ideologiese komponent sal dan behels dat kritiek binne teksverband gelewer word op 'n ideologiese voorstelling wat vanuit die outeur, vertelinstansie, fokalisator of karakter se perspektief onaanvaarbaar is.

Ten spyte van die Klerewerker se heftige teenkanting teen wat hulle as fascistiese elemente in die regering beskou het, ontbreek dit hulle nie aan 'n gloeiende nasietrots en nasionalisme nie. Soos hierbo gesê is, koppel hierdie vroue hulle eie lyding in 'n volksvreemde en vyandige industriële omgewing aan die stryd soos dit deur die Voortrekkervroue gevoer is. Ten spyte van die oënskynlike kloof tussen die klerewerker- en die hoofstroomliteratuur van daardie tyd, slaag die werkersliteratuur dus daarin om 'n unieke dimensie aan die definisie van "Afrikaner" te verleen. Hulle literatuur se waarde – soos die latere teksbesprekings sal uitwys – lê daarin dat dit die (tradisionele) konsep van "Afrikaner"⁸⁵ herdefinieer en verruim. In die negentigerjare, met oproepe om die verruiming van die kanon en die heromskrywing van Afrikanerskap uit vele oorde, is die (ook ideologiese) bydraes van die Klerewerker besonder relevant.

4.6 Die belang van 'n ideologiese perspektief

Die vraag kan nou gestel word: Waarom is 'n ideologiese perspektief op die Klerewerkerliteratuur hoegenaamd nodig?

Wanneer 'n ideologiese perspektief by die studie van 'n werkersliteratuur nagelaat word, word die doel en inslag van sodanige tekste misken. Wat betref 'n studie van die kanoniserings van sulke literatuur, kan beweer word dat ideologiese faktore hoogs waarskynlik operasioneel was by die niekanoniserings daarvan. Dit is moontlik toe te skryf aan die feit dat die ideologie van 'n werkersliteratuur ingrypend van dié van die hoofstroomliteratuur (die sentrum van die sisteem) verskil. Op grond van diverse ideologiese redes (byvoorbeeld 'n vrees vir oornames deur 'n "vreemde" of sosialistiesgesinde stelsel) kan dit gebeur dat werkersliteratuur uit die kanon geweier

85 Hiermee bedoelende die tradisionele, raseksklusiewe definisie van Afrikanerwees, teenoor 'n inklusiewe definisie daarvan soos in voetnoot 79 aangedui.

is⁸⁶. Vir voorstanders van laasgenoemde stelsel sal 'n teks soos "Dit is weer Mei-dag" deur J. Clifford⁸⁷ volksvreemd voorkom, en op grond van ideologiese besware uit hierdie groep se kanon geweer word.

Die argument van "literêre waarde" is 'n ander waarskynlike determinant in die niekanoniserings van die Klerewerkerliteratuur. Kanonvormers kon moontlik aangevoer het dat hierdie tekste nie voldoende "literêre waarde" het om op kanoniseringsstatus te kan aanspraak maak nie. Die probleem in hierdie verband is of die konsep van "literêre waarde" nie ook vir ideologiese doeleindes aangewend kan word nie – byvoorbeeld om tekste wat om ideologiese redes (vir die kanonvormers en die *establishment*) onaanvaarbaar is, uit die kanon te weer.

'n Ideologiese perspektief sal dus deurgaans by die hieropvolgende bespreking van die betrokke tekste behou word.

4.7 Die literêre bydraes (prosa) in Klerewerker

4.7.1 Outeurs

Die bedrywigste prosa-outeurs in *Klerewerker* is die susters Hester en Johanna Cornelius. Hester Cornelius het naas prosa ook poësie en toneelstukke gepubliseer; sy was ook verantwoordelik vir die vertaling van die vervolghere "Noem my Timmerman" en "Moord gepleeg in Duitsland". Tussen 1946 en 1948 publiseer sy onder die skuilnaam Elizabeth Moller 'n oorspronklike vervolghere getiteld "Wie se skuld". Ook Johanna publiseer naas prosa enkele poësietekste en toneelstukke (die teks "Slavin van Suid-Afrika" in samewerking met Hester). Ander vroue wat prosa gepubliseer het, is Winnie Raath, Corrie Gatzke, Nellie Raubenheimer, en C.W.B. Venter (Brink 1989:110).

Vir die doeleindes van hierdie studie word alle oorspronklike prosabydraes in *Klerewerker* tussen die jare 1938 en 1944 ondersoek. Outeurs wie se oorspronklike prosabydraes in hierdie hoofstuk ter sprake kom, is: Baby Bardone – "'n Tragedie", Susie Swanepoel – "Wat 'n wrede-wrede wereld" (sic), Johanna Cornelius – "'n Alledaagse gebeurtenis", C. Krüger – "Die Skeiding", Winnie Meyer – "Waar die Winter-Windjie Fluister", "Die nag het donker geword", Klerewerkster – "Rype Ondervinding", I. Muller – "Die Baksteen", Corrie Gatzke – "Onder treurwilger-takkies", J. Botha –

⁸⁶ Waar kanonvormers byvoorbeeld lede van die middelklas en voorstanders van 'n Christelik-nasionalistiese wêreldbeeld was.

⁸⁷ *Klerewerker*, April 1939, p.11.

"Die moordenaar!", Elizabeth (alias Hester Cornelius) – "Wie se skuld?", Winnie Raath – "Die ontroue vrou", C.W.B. Venter – "Pure goud", en Sukkelaar⁸⁸ – "Wie 'n ander jaag".

4.7.2 Aard van die bydraes

4.7.2.1 Inhoud

Die *Klerewerker*-prosastukke speel hoofsaaklik af teen die agtergrond van die Afrikaner se migrasie na die stad, en sy daaropvolgende aanpassing en probleme in die stedelike milieu. Daar is telkens herinneringe aan die landelike verlede, wat teen die agtergrond van die "onvriendelike" en vreemde stad met nostalgie en weemoed onthou word. Dikwels word die landelike bestaan vanuit hierdie omgewing geïdealiseer, en dit word as 'n oord van rus en geluk uitgebeeld. Hierteenoor word die stad feitlik deurgaans as 'n plek van onderdrukking, armoede en lyding geskilder. Sake soos swak huisvesting en werkomstandighede, lae lone en onbillike fabrieksbase word verbeeld, waarskynlik met die doel om die werkers se haglike omstandighede aan die lig te bring.

Dit is veral uit die sake genoem in bostaande paragraaf wat die ideologiese komponent van die *Klerewerker*-prosageskrifte duidelik blyk. Hierdie literatuur beeld die ekonomiese werklikhede van die werkers tydens die dertiger- en veertigerjare uit. Die skrynende voorstelling van armoede en klasseverskille maak dit moontlik om hierdie literatuur as ideologiese kommentaar te beskou. Soos later aangetoon sal word, lê hierdie literatuur se werklike waarde binne die Afrikaanse literatuurtoneel eerder op die vlak van die ideologiese; spesifiek omdat dit 'n eg menslike uitdrukking verteenwoordig van 'n stuk Afrikaanse geskiedenis wat tot op hede dikwels doodgeswyg is of aan wanvoorstellings onderworpe was.

Die rede hiervoor lê moontlik in die verskynsel van die sogenaamde mitologisering van die Afrikaner, waarvolgens die Afrikanergeskiedenis as 'n heldegeskiedenis voorgestel word⁸⁹. Die ouer Afrikaanse literatuur het bewus meegewerk om hierdie mite te vestig en te verstewig, en was nou verweef met die nasionalistiese strewe, soos blyk uit Stander en Willemsse (1992:5) se stelling: "Just as Afrikaner Nationalism fed on Afrikaans literature, the central concerns and mythology of the nationalism were consciously broadened by a majority of the earlier Afrikaans writers". Die

⁸⁸ Die geslag van die betrokke outeur kan nie uit die skuilnaam afgelei word nie. Daar word egter veronderstel dat die outeur eerder vroulik as manlik sou wees, op grond van die oorwegend vroulike lidmaatskap van die Klerewerkersunie.

⁸⁹ Vergelyk in hierdie verband tekste soos die oorlogsliriek van Cilliers, Leipoldt, en Totius, asook 'n latere teks soos Opperman se *Joemaal van Jork*, waarin die Afrikanergeskiedenis via Wiesa se perspektief die statuur van 'n heldegeskiedenis aanneem.

realiteite van lyding en onderdrukking – soos die Afrikaner dit tydens sy stryd om nasiewording en sy vervreemding van sy landelike wortels ervaar het – word volgens die mite van Afrikanerskap as 'n heroïese lye gesien. Dit het tot gevolg dat die lyding van die armes dikwels as "edelmoedigheid" aangeprys is deur die middelklas (Brink 1990:287). Hierteenoor behels die werkersliteratuur se persepsie van armoede feitlik deurgaans dat dit as 'n aantastende, selfs vernietigende, menslike kondisie geïnterpreteer word⁹⁰.

Dit gebeur dikwels dat 'n soort werkersaristokrasie wortel skiet binne 'n werkersunie self. Spore hiervan word in die Klerewerkersgeskrifte gevind. Alhoewel dit na 'n aanneemlike gedagte lyk, waarsku Lukács (1962:253) dat dit 'n "simptoom" van kapitalistiese infiltrasie kan wees:

Lenin showed in his fundamental analysis of the imperialist age how deeply the parasitic tendencies of imperialism penetrate into the working-class movement itself, how they create a labour aristocracy and bureaucracy ... hence a social basis for Menshevism, for the influence of bourgeois, imperialist ideology upon the working-class movement.

Volgens die sosialistiese realisme (die "ortodokse" Marxistiese rigting soos dit in die Sowjet-Unie beoefen is) bestaan daar 'n dialektiese verhouding tussen literatuur en die werklikheid. Die ideaal is dat literatuur die werklikheid sal weerspieël,⁹¹ en dus gesien kan word as die wyse waarop 'n juiste interpretasie van maatskaplike verhoudings verskaf word. Literatuur wat volgens sosiaal-realistiese riglyne geproduseer word, het egter ook 'n bepaalde invloed op die werklikheid, en het derhalwe die taak om die (kommunistiese) Party by te staan ten einde 'n nuwe, verbeterde maatskappy tot stand te bring⁹². Literatuur het dus 'n tweeledige taak: dit moet die werklikheid waarheidsgetrou weergee, maar terselfdertyd ook probeer verander. 'n Marxistiese kritikus soos Lukács huldig die mening dat *betrokkenheid* die skrywer se plig is, en dat hy/sy hom/haar moet beywer vir die verbetering van die maatskappy (Van Luxemburg 1983:99-100).

Soos uit die hieropvolgende teksbesprekings sal blyk, streef die *Klerewerker*-geskrifte wel na waarheidsgetroue uitbeeldings van hulle omliggende werklikheid.⁹³ Hiernaas is daar heelparty pertinente pogings tot verbetering van die werkers se omstandighede, soos dit veral gestalte kry in die *didaktiese inslag* van talle prosatekste. Die didaktiese aard lê spesifiek daarin dat die lesers oor die werksaamhede van die Unie ingelig word – onder meer hoe die Unie hom beywer vir korter werksure, beter verlovvoordele, en hoër lone vir sy lede. Die boodskap is deurgaans: deur aan te sluit by die Unie kan werkers direk verantwoordelik wees vir die verbetering van hulle lot.

90 sien die bespreking van individuele tekste hieronder, veral 'n teks soos "Die Baksteen".

91 Die kritikus Georg Lukács beskryf 'n "weerspieëling" (soos in 'n literêre teks) as " ... fram(ing) a mental structure". Hierdeur word nie slegs 'n geïsoleerde fenomeen beskryf nie, maar "the full process of life". Uiteindeelik lei dit tot meer konkrete insig in die realiteit by die leser (Selden en Widdowson 1993:76).

92 In hierdie verband kan die beginsel van partinost – soos gemunt deur die Sowjet-sosialistiese realisme – genoem word. Dit kan teruggevoer word na Lenin se siening dat literatuur volledig toegewy moet wees aan die werkersklasideale van die Party (Selden & Widdowson 1993:73).

93 Vergelyk byvoorbeeld die titel van die skets "Wat 'n wrede-wrede wereld" (sic).

Die unieke aard van die Klerewerkerliteratuur lê hoofsaaklik daarin dat dit andersins geïgnoreerde werklikhede en 'n alternatiewe lewensbeskouing in Afrikaans verwoord: "Into a literary tradition that often glossed over social divisions, the garment worker literature injected a strong sense of the Afrikaner working class and of the role of trade unions in upholding international working class solidarity" (Stander & Willemse 1992:11).

'n Verdere aspek van die *Klerewerker*-geskrifte is die vooropstelling van die vrou in die tekste. Die eksplisiete outeurs van die prosatekste (sowel as dié van poësie- en dramatekste) is sover bekend almal vroulik, terwyl 'n vroulike implisiete outeur in die meeste verhale deur die besondere boustof, aanbiedingswyse en styl veronderstel word. Die vertelinstantie en fokalisator word eweneens in die meeste gevalle duidelik as vroulik herken, juis vanweë die klem op sake wat vroue spesifiek raak (onder meer liefdesverhoudings, moederskap, die vrou se posisie binne die werksomgewing) en 'n perspektief wat rekening hou met vroue se belewenis van die werklikheid. Wat betref die posisionering van die leser, is die vermoede dat 'n vroulike leser – waarskynlik 'n klerewerker – veronderstel word. Al die reeds genoemde kenmerkende eienskappe van hierdie korpus tekste (onder meer die boustof, fokalisasie, vertelinstantie en aanbiedingswyse) wek die indruk dat 'n vroulike diskoers hier aan die orde gestel word, intensioneel gerig op vroulike lesers. Die verhale het ook dikwels vroue as hoofkarakters, terwyl die handeling oorwegend deur vroue se lewens en ervarings gemotiveer word. Die vrou se plek en rol binne die vakbond word beklemtoon, en sy word in dié verband as selfstandig en gelyk aan die man uitgebeeld. Dit is dus moontlik om van 'n besliste *feministiese* inslag in die tekste te praat.

4.7.2.2 Vorm

Die prosatekste is hoofsaaklik in die vorm van kortverhale, wat wissel van baie kort tekste (slegs sowat een bladsy, soos "Die baksteen") tot langer verhale wat soms in twee aflewings verskyn (vergelyk "Waar die winter-windjie fluister"). Hiernaas is daar ook die reeds vermelde vertaalde vervolghverhale asook enkele sketse en essays.

4.7.2.3 Die styl en tematiek van die Klerewerkerstekste

In haar oproep tot die daarstelling van 'n Afrikaanse vroulike geslagsdiskoers, identifiseer Van Niekerk (1994:1) as moontlike fokuspunkte van 'n studie van vroulike literatuur die volgende: die

tematiek, styl, en waarde van die vroulike stem⁹⁴:

Grové (1982:119) omskryf *styl* as 'n karakteriserende kenmerk van 'n werk (byvoorbeeld 'n liriese of romantiese styl), terwyl *tematiek* dui op die strekking van 'n werk, oftewel die sentrale of abstrakte idee wat deur byvoorbeeld die romanverloop na vore gebring word (Grové:1982:121).

Die sogenaamde "waarde" van 'n teks is 'n moeilik definieer- en meetbare konsep. Waarde hang onder meer af van die beoordelaar se literatuuropvatting, van sy/haar kriteria, asook van die ideologiese en ekonomiese milieu waarbinne die teks beoordeel word (sien ook hoofstuk 2, 2.3.2.2).

Alvorens daar oorgegaan word tot 'n ondersoek na die kanoniseringstatus van die Klerewerkersliteratuur, word die styl en tematiek van die onderskeie prosatekste ondersoek. Die rede hiervoor is dat sekere tekseienskappe (byvoorbeeld melodrama, sentimentaliteit, vernuwende waarde) 'n teks se potensiele kanonisering sterk kan beïnvloed. Hiermee word bedoel dat die opname in die kanon van 'n teks wat gekenmerk word deur byvoorbeeld oordrewe sentimentaliteit en retoriek, oor die algemeen moeilik geregverdig kan word. Die bevindings van hierdie ondersoek sal gebruik word om aanbevelings te maak rakende die Klerewerkersliteratuur met die oog op hersiening van die niegekanoniseerde status daarvan.

i. "n Tragedie" – Baby Bardone (KW, Oktober 1938, p.3)

Hierdie kortverhaal speel af teen die agtergrond van die Anglo-Boereoorlog, en werk met die temas van ware liefde en patriotisme teenoor verraad. Dit handel oor 'n jong vrou, Nantie, wat haar geliefde aan die dood moet afstaan deur die verraad van 'n mede-Afrikaner ('n *joiner*, die "verraaier van ons volk"). Wanneer laasgenoemde haar nege jaar later om haar hand vra, weeg haar patriotiese sentimente en getrouheid aan die gestorwe geliefde swaarder as oorwegings van sekuriteit en haar familie se wense. Eerder as om met die verraaiër in die huwelik te tree, skiet sy hom sowel as haarself. Daardeur bly sy getrou aan haar Afrikanerskap.

Die vroulike hooffiguur word uitgebeeld as 'n sterk, beginselvaste en bowenal Afrikanervrou, wat bereid is om haar lewe af te lê vir haar oortuigings. Hierin word die konsep van die volksmoeder

⁹⁴ Die "waarde van die vroulike stem" moet onderskei word van die tradisionele konsep van "literêre waarde" of "tekswaarde". Eersgenoemde dui eerder op die betekenisvolheid daarvan dat 'n spesifiek vroulike outeur, eksplisiet en/of implisiet, aan die woord is, of selfs ook op 'n vroulike vertelinstansie. Dit gaan hier onder meer oor die waardes (oortuigings, stellingnames, ensovoorts) wat deur die vroulike stem verteenwoordig word. Die tradisionele siening van "(teks)waarde" berus op die aanname dat 'n teks sekere intrinsieke "waarde" kan hê, soos verteenwoordig deur byvoorbeeld die voldoening aan estetiese, strukturele of morele eise.

(alhoewel in die gedaante van 'n jong vrou) dus vergestalt. Voorts is die verhaalgewewe gesitueer binne die landelike lewe en die Afrikaner se tradisionele verbondenheid aan die natuur, soos deur die beskrywings van die natuurskoon gesuggereer word ("groen koringvelde, bome en blomme...").

Die styl is hoofsaaklik romanties-sentimenteel, soos blyk uit die ietwat oordrewe beskrywings en vergesogte gebeure. Die teks dra swaar aan beelde en segswyses wat in die negentigerjare verslete en retories voorkom, maar in 1938 moontlik tot sy leserspubliek gespreek het ("aaklige skouspel", "gebroke en gesmoorde stem", "bleke hand"). Vormlik is daar weinig sprake van 'n bewuste vernuwende aanwending van die taal, en die teks se waarde lê waarskynlik eerder in die perspektief wat dit op Afrikanerwees bied, soos gesien vanuit 'n werkersklasvrou se oogpunt – dus iemand gemarginaliseer ten opsigte van sowel klas as geslag.

Dit is insiggewend dat die fokalisator se perspektief ooreenstem met die nasionalistiese siening van lojaliteit bo alles teenoor die eie volk. Die ideologiese kritiek in hierdie teks neem die vorm aan van kritiek teen alle vorme van verraad teenoor die eie nasionale, en verteenwoordig dan 'n fase van nasionalistiese strewe vir die (wit) Afrikaner. Die ideologie wat gepropageer word, is een waarin die verhouding tussen subjek en werklikheid een van volkome identifikasie met en lojaliteit teenoor die eie volk is. Buite hierdie verhouding kan die individu nie 'n volledige bestaan voer nie, soos blyk uit die verraaier se uiteindelijke lot.

ii. "Wat 'n wrede-wrede wereld" – Susie Swanepoel (KW, Januarie 1939, p.11)

In hierdie skets word die realiteit van die vroulike werker aan die Rand in die laat dertigerjare uitgebeeld. Soos die titel aandui, is dit geen rooskleurige realiteit wat geskilder word nie. Die teks werk hoofsaaklik met die vertelinstansie se ontnugtering wanneer sy besef hoe ver haar werklikheid verwyder is van die droomwêreld wat sy haar voorgestel het die Rand moet wees. Die fabriekslewe het naamlik vir haar na 'n "aanloklike paradys" gelyk. Die leser verneem hoedat sy die "gelukkige ou plattelandse dorpie van (haar) kinderjare" (my kursivering) agtergelaat het om haar "droomwêreld te gaan bewoon". Gou het die ontnugtering egter ingetree: sy besef dat die lewe voortaan niks anders as eindelose stapels "broeke en baadjies" sal inhou nie⁹⁵. Ander aspekte van die werkers se swaarkry word ook belig, soos die lae lone en lang werksure ("dat 48 uur per week werk nie speletjies is nie").

95 Dink hier ook aan D.J. Opperman se "Ballade van die gryslan" (1947) waarin die werker se belewenis van die eentonigheid van elke dag uitgebeeld word ("... gryp en vou en gryp en vou/ stukke sjokola in blinkpapier...").

Die skets spreek dus van die vrou se volkome uitsiglose bestaan in die stad, en haar wens om te ontvlug na 'n nuwe "droomwêreld" waar daar geen werkloosheid, vervolgers, of skuld is nie. Laasgenoemde is egter háár realiteit – 'n realiteit wat wêreldes verwyder is van die intellektuele en literêre hoogvlug van die Dertigerdigters.

Die inslag van hierdie teks kan as hoofsaaklik didakties-realisties getipeer word. Deur die realistiese uitbeelding word lesers ingelig aangaande die omstandighede van die werkers; implisiet is die sug na 'n beter lewe – dus ook die wens dat iemand daadwerklik sal optree om dít tot stand te bring.

iii. "Die Swarthemde kom!" – outeur onbekend (KW, April & Mei 1939)

Uit hierdie vertelling in twee aflewings spreek die didaktiese oftewel opvoedingsfunksie van die Klerewerkerliteratuur duidelik. Deur middel van 'n dramatiese vertelling word die gevare van fascisme aan die werkers uitgewys, terwyl die waarde van vakunie-lidmaatskap voorgehou word. Die boodskap is: Deur saam te staan in 'n vakunie, kan die onderdrukking van die werker deur die kapitaliste (die "base") beëindig word ("Laat ons nou terug gaan na die ware taak. 'n Vakunie moet gestig word ... Eendrag moet seëvier. Die base moet verslaan word!"). Alleen deur solidariteit kan die werkers se lewensomstandighede verbeter word, en "die industriële Lushof" tot stand gebring word.

iv. "'n Alledaagse gebeurtenis" – Johanna Cornelius (KW, November 1936, p.6)

Die woord "allegaagse" is 'n sleutelwoord in hierdie realisties-geinspireerde uitbeelding van die uitbuiting en verdrukking van die werkers deur die fabriekseienaars en toesighouers. Deur dié spesifieke woord word aan die lesers gekommunikeer dat die gebeure in die verhaal geen uitsondering is nie – onregverdigte behandeling is aan die orde van die dag in die fabriek.

Die teks handel oor 'n groep werksmeisies se ontevredenheid wanneer hulle deur 'n ander werkster gehiet en gebied word, en dan spesifiek oor die ontslag van die hoofkarakter Lettie, wat weier om haar aan sulke behandeling te onderwerp. Lettie is 'n voorstander van mensliker werksomstandighede en demokratieser probleemoplossingstrategieë, soos blyk uit haar woorde: "Langer kan dit nie so aangaan nie; ons mag nie praat nie; ons mag nie sing nie: dis erger as 'n tronk. Kom ons gaan algar saam in en gaan sien ons baas daaroor. Ek is daar seker van, as ons vir hom sê ons wil nie Gertie meer hê om ons hot en haar te skreeu nie, sal hy dit stop". Haar laaste sin getuig boonop van haar vertrouwe in die "baas" se regverdigheid en goeie oordeel.

Hierteenoor spreek die karakter Anna haar wantroue uit deur te sê dat die "base" slegs "een wet" het: "... hou die werkers honger, laat hulle werk". Deurdat Lettie wél ontslaan word, word Anna se siening van die "baas" as onmenslike "kapitalis" bevestig.

Lettie word dus 'n verpersoonliking van die sterk en daadkragtige vrou wat – soos die Voortrekkervroue – weier om haar aan verdrukking te onderwerp, al sou die gevolge daarvan hóé onaangenaam wees. Lettie, alhoewel sy die inisiatief neem en as leiersfiguur optree, blyk ook 'n egte demokrat te wees wanneer sy voorstel dat die werkers saam as groep protes gaan aanteken. Sy glo dan ook vas in die kollektiewe krag van die werkers – indien hulle saamstaan, sal die base nie anders kan as om gehoor te gee aan hulle griewe nie.

Dit is duidelik dat die ideologiese komponent die swaarste weeg in hierdie teks, wat 'n goeie voorbeeld is van die werkers se stryd-literatuur. Daar is 'n skerp bewustheid van die onregverdigheid van die kapitalistiese opset binne die fabriek, sowel as 'n strewe om werkers te verenig. Diegene wat kop in een mus met die "base" is (die "verraaiers"), moet uit hulle geledere geweer word: "Hulle is verraiers Net vir 'n glimlag van die baas, verkoop hulle, hulle medewerker Kom laat ons saamstaan en sulke vuil elemente uit die weg ruim". Die didaktiese komponent word sigbaar in die slot wanneer Anna die meisies oproep tot vereniging in 'n Unie van "eerlike werkers" – dít is die enigste manier waarop werkers beter omstandighede vir hulleself kan beding.

v. "Die Skeiding" – C. Krüger (KW, Julie 1937, p.10)

Alhoewel hierdie kortverhaal op die oog af 'n sentimentele en naïewe vertelling gelaai met retoriek is, is dit moontlik om die teks ook vanuit 'n ideologiese oogpunt te beskou.

In breë trekke handel dit oor 'n jong vrou se ervaring van verlies wanneer haar geliefde eggenoot deur 'n vragmotor omgery word, en sterf. Daar word in sentimentele voorstellings hoofsaaklik op die hoofkarakter Elsie se gevoelens van verlange en eensaamheid gefokus ("Sy beeld sweef gedurig voor haar heen, want as sy dink aan daardie groot sielvolle diepblou oë, die blonde krulkop, en daardie sagte stem, dan stroom trane van brandende verlange oor haar wange. Sy tel weer haar werk op, brei 'n paar steke, en val dan vooroor en stort haar leed en verlange aan die hemelse Vader uit").

Tog is daar talle kodes in die teks wat daarop dui dat die betrokke karakter in werklikheid in 'n ekonomies bevoorregte posisie verkeer, naamlik dat sy dié tipe voorstedelike lewe lei waarvan

talle werkersklasvroue slegs kan droom (vergelyk byvoorbeeld die uitbeelding van twee meisies se omstandighede in "Rype Ondervinding" – sien [vii] hieronder). Elsie woon in 'n aantreklike woonbuurt ("die blomtuin van Rietfontein") en in 'n eie huis (die "eensame woninkie") wat selfs 'n "groot denneboom" op die erf het. Ná haar man se ongeluk kon hy goeie mediese sorg geniet – waar talle werkloses weens 'n gebrek aan geld selfs voedsel moes ontbeer ("Na die dokter sy bloeiende wonde aan sy hoof *goed verpleeg* het is hy *dadelik* na die hospitaal vervoer" – my kursivering). Alhoewel sy nou 'n weduwee is, het sy kennelik genoeg lewensmiddele, en vind dit nie nodig om self buitenshuis te werk nie. Inteendeel, die breiwerk waarmee sy besig is, word as haar "werk" bestempel, en sy verwyf haar eensame ure deur haar oorlede man se klere oor en oor te versorg. Waar die werkende vroue dus lang ure moes werk net om te kon oorleef, kan Elsie die "luukse" van ledige ure bekostig. Toe haar man nog geleef het, het ook hy volop vrye tyd tot sy beskikking gehad, deurdat hy haar vanuit sy rottangstoel (nóg 'n teken van relatiewe welvarendheid) "vir ure (kon) gadeslaan". Bowendien kan sy dit bekostig om "twee pragtige kranse van wit rose gemaak" op haar man se graf te sit. In teenstelling met die bittere eensaamheid van talle fabrieksmeisies, het Elsie vriende en bure wat omgee. Haar bure bied byvoorbeeld aan dat sy die nag by hulle deurbring, terwyl haar vriende "meermale" op haar afkom waar sy besig is om haar man se klere te stryk.

Die teks staan dus nie in die teken van werklike stryd-literatuur nie, maar werp eerder 'n blik op – vir die werkers – 'n beter soort lewe. Ten spyte van die droewige gegewe kan dit dus as 'n vorm van ontvlugtingsliteratuur beskryf word. Die sosiale karakterisering van Elsie verpersoonlik 'n geïdealiseerde middelklasweergawe van die volksmoederkonsep.

vi. "Waar die Winter-Windjie Fluister" – Winnie Meyer (KW, Desember 1939, p.12-14 en Januarie 1940, p.11-12)

Hierdie kortverhaal bevat al die elemente van 'n melodrama: 'n beeldskone jong meisie en haar onsterflike liefde wat deur familie verbied word, haar jong minnaar wat byna noodlottig op die slagveld verwond word, en uiteindelik die heldin wat in haar geliefde se arms aan 'n gebroke hart sterf. Die vertelling doen 'n emosionele beroep op die lesers, wat waarskynlik meegesleur sou word deur die treurige gegewe, sodat hulle eie sorges minder kon lyk in vergelyking met die lyding van die fiktiewe karakters. Terselfdertyd sou hulle geloof in die liefde bevestig word. Dus kan hierdie teks ook as ontvlugtingsliteratuur beskou word. (Dit sou uiteraard insiggewend kon wees indien wêreldlike resepsies van hierdie korpus tekste ondersoek kon word, ten einde die gepostuleerde funksie van ontvlugting op hierdie manier te kontroleer).

Die gebeure speel waarskynlik af teen die agtergrond van die Eerste Wêreldoorlog⁹⁶, en handel oor twee jong mense, Marie en Pieter, wat teen hulle wil van mekaar geskei word. Nogtans glo albei, bo alles, in die krag van hulle liefde wat oor tyd en grense heen strek. Pieter word geteken as 'n sensitiewe jong man vir wie die geliefde alles is – anders as die Aeneas-stereotipe van die man vir wie sake soos land en volk prioriteite is. Die leser verneem byvoorbeeld dat "(t)rane ... van Pieter se oë (rol) toe die staal wiele (sic) oor die yster spore (sic) gly", met ander woorde, dat hy met 'n swaar hart na die oorlogsfront toe vertrek. Oor Marie word vertel dat sy ná Pieter se vertrek "gekwyn en gekwyn" het, terwyl die "vuur van liefde ... innerlik in haar gebrand (het) en dit ... onuitblusbaar (was)". Wanneer Pieter terugkeer, vind hy Marie op haar sterfbed. Hulle verhouding word na die bo-tydelike getransponeer wanneer Marie aan hom sê dat sy in "Gods Hemel" op hom sal wag, waar geen skeiding meer moontlik sal wees nie.

vii. "Rype Ondervinding" – deur "Klerewerkster"(KW, Februarie 1940, p.14 en April/Mei 1940, p.13)

Soos die titel van hierdie kortverhaal in twee dele aandui, handel die vertelling oor lewensondervinding wat opgedoen word. Die uiters realistiese vertelling handel naamlik oor die ervarings en leerskool van twee klerewerksters, Anna en Bettie, wat in hagleike omstandighede in Johannesburg woon en werk.

Die verhaalgegewe betrek die "geskiedenis" van die Klerewerkers as 'n groep: onder meer hulle landelike (Afrikaanse) agtergrond en hulle trek na die stad in die hoop om 'n beter lewe daar te vind, nádat die landelike bevolking deur droogte en armoede lamgelê is; hulle vereensaming en ontnugtering in die stad, asook die kennismaking met die Klerewerkerunie. Vanuit die harde stadswerklikheid word die landelike lewe as 'n idilliese bestaan voorgehou: Anna dink byvoorbeeld terug aan die "soete verlede" waar sy "gelukkig en tevrede" sou kon wees. Die leser verneem egter wat die redes agter haar koms na die stad was: haar ouers het verarm as gevolg van swak boerderytoestande, en sy wou graag haar "pligte" nakom om hulle op hulle oudag te versorg. Daarbenewens was sy moeg vir die "eentonige plekkie", en sy het gehunker na 'n meer opwindende lewe.

Deur ondervinding leer Anna dat die "selfstandige lewe ... swaar" is. Die realiteit van die stadslewe behels onder meer 'n klein en vervalde kamertjie in Fordsburg⁹⁷, karige maaltye ("skrale ete") wat

96 WO II breek uit in September 1939, en hierdie teks word in Desember 1939 gepubliseer.

97 Volgens Brink (1987:190) het die vroulike klerewerke gewoonlyk in woonbuurte soos Jeppe, Malvern-Wes, Ophirton, Booyens, Fordsburg en Vrededorp gewoon. Fordsburg en Vrededorp is deur 'n bankinspekteur, ene A. Innis bestempel as "the worst slums in Johannesburg, where poor Whites, Indians, Chinese, Coloureds and Natives were living cheek by jowl".

hulle alleen in hul kamer moet berei, en lang, uitputtende werksure.

Die verhaal steek egter nie vas in die uitbeelding van Anna en Bettie se situasie nie, maar beweeg na die didaktiese vlak wanneer 'n oplossing aan die karakters – en implisiet ook die lesers – voorgedien word. 'n Werkster van die Klerewerkersunie ("n netjiesgeklede dame" – wat haar alreeds positief markeer) besoek die twee meisies, en vertel hulle, ná hulle aanvanklike weerstand, van die Unie se taak. Hulle hoor dat die Unie daarna streef "om vir (h)ulle hoër lone te kry om vir (h)ulle uit te help uit die modder – vir (h)ulle (te) bevry van die aaklige lewe om in vuil agterbuurtes te woon". Duidelik is daar 'n les vir die lesers hierin – dat hulle agter die ware feite omtrent die Unie moet kom, en nie verdigsels moet glo nie. (Anna maak aanvanklik byvoorbeeld die opmerking dat sy "net vanmôre ... gehoor (het) ... dat die Vakunie net uit is om werkers in moeilikheid te bring en hulle te berowe van hulle werk"). Ná Dora se uiteensetting verklaar sy egter: "Nooit sal ek weer so ligsinnig wees om verklarings te maak oor dinge wat ek niks van weet nie. Wat is 'n mens tog boos as jy so onkundig is oor dinge wat in jou eie belange is".

Die figuur van die Unie-werkster kan in 'n sin as 'n verdere realisasie van die volksmoedergegewe, anders as byvoorbeeld die middelklasrealisasie soos verteenwoordig deur die lede van die SAVF, vertolk word. Soos die SAVF-lede tree sy op in die rol van versorgster en redder in nood, wat die twee meisies van praktiese raad bedien. Hierdie volksmoeder beywer haar egter as *vakbondlid*, en dus verteenwoordiger van 'n klasbewuste ideologiese stellingname, vir 'n beter lot vir haar volksgenote. Ten slotte is dit belangrik dat die vertelinstansie haar as 'n "dame" beskryf, wat aandui dat sy respek afdwing, en derhalwe as rolmodel vir die twee jong meisies kan optree.

viii. "Die Baksteen" – I. Muller (KW, Junie/Julie 1940, p.3)

Hierdie kortverhaal beeld in sewe kort grepe die dilemma van 'n werklose jong Afrikanerman uit. Die eerste, en langste, greep teken sy verwarde bewussyn en afgetakelde liggaam – die gevolg van honger. Deur sy verwarring heen is hy egter steeds bewus van die gemeenskap, oftewel bevoorregte klas, se onsimpatieke en selfs afkeurende houding ("hy voel die verontwaardigde starende oë van 'n vrou⁹⁸ op hom gerig ... "). Sy lyding is intens lyflik, sodat hy ervaar: "niks bestaan meer nie, net die vreeslike gapende smagtende ruimte in sy binneste". Die fokalisasie dien om die man se perspektief op sake te gee, sodat lesers tot 'n groot mate 'n beeld kan vorm van sy innerlike wêreld en simpatie kan hê vir hom en sy omstandighede.

98 Let op dat een vroulike figuur, teenoor twee manlike figure, as verteenwoordigers van die bevoorregte klas optree.

In die tweede greep verneem die leser van die naamlose man se vergeefse soeke na werk asook sy ontredderdheid en isolasie ("hy het gestap van fabriek na fabriek vir werk ... niemand ken hom nie, niemand wil hom hê nie, hy ken niemand nie ... "). Die derde en vierde dele bied 'n verdere blik op die samelewing se onbegrip (vergelyk die gegoede man in die "groot swart blink motorkar" wat hom as 'n "dronke drommel" uitkryt) en die man se trots ("Nee, hy sou nie bedel nie, hy kon nie ... "). Te midde van sy onsamehangende gedagtegang hoor hy egter duidelik hoedat 'n spreker skreeu: "Ons volk ly honger, terwyl 'n handjievul rykes kos in oorvloed het!" Hierdie sin verkry duidelike prominensie te midde van die los grepe van sy gedagtes, en motiveer die res van die verhaalverloop. Wanneer hy nogmaals misluk in 'n poging om werk te kry, word hy deur 'n "bittere magtelose woede" (let op die retoriek) oorkom. As 'n daad van magtelose verset, slinger hy 'n baksteen – nou die simbool van opstand – deur die venster van 'n volgepakte restaurant. Laasgenoemde word onder meer beset deur 'n "groot vet man met 'n rooi gesig" – wat as die gesig van oordaad bestempel kan word.

Die baksteen, as simbool van sy armoede en verset, kontrasteer skerp met die luukse interieur van die eetplek (die simbool van kapitalisme en bevoorregting): "Bleek gesigte staar verbysterd na 'n growwe baksteen op die blink parketvloer". Die besoekers is anders as die jong man, bleek van skrik en nie van honger nie; hulle aanskou met verbystering hoedat hulle gerieflike bestaan binnegedring is deur die werklikhede van die land.

Alhoewel die teks talle retoriese uitdrukkings bevat, slaag dit tog deurdat dit die "oopbreking" van 'n gerieflike bestaan so duidelik teken. Sonder om 'n lesing oor lyding en die wanbalanse in die samelewing aan te bied, word 'n (dalk onbekende) werklikheid aan die leser geopenbaar. Deur handeling en gerigte fokalisasie alleen bied die teks dus ideologiese kommentaar op die wesenlike onregverdigheid van 'n samelewing.

ix. "Onder treurwilger-takkies" – Corrie Gatzke (KW, Jan/Feb 1941, p.5-7 en Maart/April 1941, p.9-10)

Corrie Gatzke se kortverhaal in twee afleverings is gebaseer op die basiese sprokiepatroon soos in die Aspoestertjie-gegewe: Dit is die verhaal van 'n beeldskone jong meisie, Elsie, wat as kleuter haar moeder verloor het. Sy word dan deur 'n ongevoelige stiefmoeder grootgemaak, deur wie sy 'n normale jongmeisielewe ontsê word. Uiteindelik vind sy liefde in die gedaante van 'n sjarmante jong man, maar dit skyn ook tevergeefs te wees as gevolg van die stiefmoeder se slinkse planne. Uiteindelik werk alles ten goede mee, en die held en heldin vind mekaar. Die verhaal sluit op stereotiepe wyse af met die twee verliefdes uiteindelik verenig, sonder enige herinnering aan

teëspoed: "Fransie neem haar in sy arms en omhels haar". Die implikasie hiervan is dus: Ewige geluk en samesyn ís moontlik, en alledaagse kwellinge kan op die agtergrond geskuif word.

Vir die lesers van *Klerewerker* sou hierdie verhaal dus ontvlugting uit hulle eie omstandighede wees. Lesers sou waarskynlik met die hoofkarakter se aanvanklike swaarkry kon identifiseer (byvoorbeeld die eindelose huishoudelike take wat sy vir die stiefmoeder moes verrig, die gebrek aan 'n sosiale lewe), terwyl haar uiteindelik geluk hulle kon lei om self te hoop op 'n beter lewe. Hierdie hoop kon die daaglikse kwellinge moontlik meer draaglik maak.

Die hele teks word deur clichés gekenmerk. Die eerste deel van die teks waarin Elsie se moeder se afsterwe verhaal word, dra swaar aan sentimentele beskrywings. Vergelyk "Meteens maak die sterwende moeder weer haar oë oop en kyk op na haar man, terwyl sy met 'n sagte fluisterende stem prewel ... "; "Mev. Botha vee 'n traan af wat oor haar wange rol, want sy kan haar self nou nie meer bedwing nie, as sy die drie onskuldige dogtertjies met hul pragtige helderblou oë en goue lokkies so hulpeloos sien staan".

Karakters word – soos in 'n sprokie – as eensydig óf goed óf boos getipeer, terwyl uiterlike voorkoms ook as 'n spieël van karakter gesien word. Elsie is byvoorbeeld 'n "pragtige meisie" wat haar situasie lydsaam verdra sonder om ooit te kla of 'n wrok te koester. Fransie, haar geliefde, is 'n "frisgeboude man met breë skouers en sy swart hare lê in pragtige golwe". Elsie se gestorwe moeder word geteken as 'n vrome vrou "wat altyd so sag is en altyd gereed is met 'n glimlag vir hulle", en wie se sterwenswoorde haar besorgdheid oor haar kinders verwoord ("Kyk tog goed na hulle en moet tog nie toelaat dat hulle van mekaar af moet gaan nie"). Die stiefmoeder weer, word in die tradisie van die sprokie slegs met negatiewe eienskappe en handeling geassosieer (sy het nie tyd gehad om die dogtertjies se hare in te draai nie, sy was "bitsig", en het hulle voortdurend dinge "toegesnou"; hulle is geen ontspanning toegelaat nie; hulle is dinge "belet"; sy het Elsie "op die mond geklap" net as gevolg van 'n misverstand). Die stiefmoeder is dus alles wat 'n (volks)moeder nié behoort te wees nie – sy snou en verniel, eerder as om op te hef en te versorg. Elsie se eie moeder voldoen veel eerder aan die norme vir volksmoederskap: sy is die onselfsugtige moeder wat selfs in haar laaste oomblikke haar kinders se geluk vooropstel.

Hierdie teks bewerkstellig dus nie 'n transformasie van die volksmoederkonsep nie, maar werk eerder met die tradisionele patriargale interpretasie daarvan. Hierbenewens steek die teks vas in retoriek, sentiment, en tradisionaliteit, en dit slaag nie daarin om vernuwend of perspektiefverruimend te wees nie. Ook het dit waarskynlik weinig aktualiteit vir die daaglikse lewe van die klerewerksters gehad, en dit behoort eerder tot die terrein van ontvlugtingsliteratuur.

x. "'n Modeme liefdesdrama in die Sowjet-Unie" – outeur onbekend (KW, Julie/Augustus 1941, p.8)

Hierdie kortverhaal wat hom afspeel binne die konteks van die sosialistiese samelewing in die voormalige Sowjet-Unie tydens die veertigerjare (dus tydens die hoogbloei van die Kommunisme), handel oor 'n jong werker se kennismaking met 'n jong meisie. Die twee ontmoet mekaar tydens die lang wag in die ry voor 'n publieke telefoon, raak aan die gesels, en is spoedig verlief op mekaar. Sonder dat hulle daarvan bewus is, word dit middernag. Die man besef onthuts dat dit byna opstaantyd is; hy is boonop in 'n nuwe bedryf aangestel waar hy hom nog moet bewys. Die volgende oggend daag hy dan wel 'n halfuur laat by die werk op, en word summier na die bedryfsleier ontbied. Tot sy groot verbasing ontdek hy dat die bedryfsleier niemand anders is as sy pas gevonde geliefde nie: "Agter 'n massiewe tafel sit sy – sy gesellin van gister".

Hierdie teks werk dus met 'n omkering van die tradisionele geslagsrolle soos dit waarskynlik aan die Suid-Afrikaanse werkers bekend was. Waar die kapitalistiese "base" in die klerebedryf oorwegend manlik was, is die "baas" in die kommunistiese samelewing 'n vrou. Haar gesagsposisie blyk onder meer uit die "massiewe lessenaar" waaragter sy sit – 'n duidelike gesagsimbool. Die implikasie hiervan is dat die kommunistiese samelewing uitgebeeld word as een waarin geslagsgelykheid moontlik is – teenoor die ongebalanseerde patriargale bestel waarin die klerewerksters hulleself bevind. Hierdie verhaal kan gevolglik as 'n (negatiewe) ideologiese interpretasie van die kapitalistiese, manlik-georiënteerde samelewing gelees word.

xi. "Die moordenaar!" – J.Botha, (KW, Maart/April 1942, p.3)

J. Botha se kortverhaal handel oor die bloedige gebeure wanneer twee swart groepe êrens op die platteland met mekaar slaags raak. Hierdie teks is 'n wesenlik rassistiese uitbeelding van swartmense se veronderstelde barbaarsheid en bloeddorstigheid, in skille kontras met die Klerewerkersunie se strewe na rasseharmonie. Die hele vertelling word gekenmerk deur stereotipes, duidelik die resultaat van rassistiese vooroordele. Vergelyk in dié verband die volgende uitsprake: "Met moordlus op die gesigte skuif die stadskaffers (sic) onrustig rond"; "Langsaam beweeg die barbaarse heidene ... ", " ... hoe langer die son skyn hoe langer moor die kaffers".

Dit wil voorkom asof die doel van die verhaal slegs is om die lesers te skok, of om rassistiese vooroordele te bevestig. Ware begrip vir die swart volke se gebruike is afwesig – so byvoorbeeld word die gebeure wanneer 'n kryger se dood gewreek word, gereduseer tot barbaarse wraaksug

('n "gruwel"). Voorts word die diskoers deur lomp segging gekenmerk (vergelyk " ... die dop klap en hy is nie meer nie"; " ... dit wemel netsoos swart miere wat geen rus het nie"; "Dis genoeg hulle sal nie meer lewe vat nie ... ").

Dit verbaas dat die betrokke teks hoegenaamd in *Klerewerker* gepubliseer is. Behalwe om 'n historiese perspektief op die diepgewortelde rassisme in die Afrikaanse gemeenskap te verskaf, het die teks weinig waarde, hetsy ideologies óf esteties.

xii. "Die nag het donker geword" – Winnie Meyer (KW, Maart/April 1942, p.8)

Die vernietigende uitwerking van oorlog op die lewens van gewone mense word in hierdie verhaal uitgebeeld. Regdeur die verhaal gebruik die skryfster beelde van doodsheid in die natuur, waardeur die doodsheid in die menslike kondisie gesuggereer word. Só neem die hoofkarakter, Johanna, die "bleek strale" van die maan waar, asook die landskap wat eensklaps "dood en verdroog" geraak het. Dit lyk vir die fokalisator asof "daar 'n lamfer van rou oor die groot wêreld getrek is". "Die aarde is as 't ware benat met bloed". Die uitbeelding van die oorlog se uitwerking op die lewens van gewone mense is volgens Brink (1986:184) 'n eienskap uniek aan die geskrifte van die Klerewerkers: "In contrast to the established Afrikaans literature, the Second World War and its effects on human relations feature prominently in the writings of the garment workers". Juis hierdeur word 'n teks soos hierdie alreeds as anders as die hoofstroomtekste geïdentifiseer.

In die eerste deel van die verhaal verneem die leser dat Johanna se eggenoot in die Noorde is, en dat sy intussen die lewe geskenk het aan hulle dogter. Die tweede deel vertel hoedat die baba skielik siek geword het – veel sieker as wat die jong moeder beseft ("Weinig weet die brawe moeder dat die doodsendel so na aan haar is ... "). Wanneer die son na 'n lang nag van waak weer opkom, heers "'n doodse stilte" oor die nederige woning – die kind is oorlede. Die moeder is alleen bewus van hoe donker die lewe geword het: "Die son van lewe is besig om vir haar onder te gaan". Kort hierna, lui die slot van die verhaal, sneuwel die eggenoot op die slagveld. Hiermee verloor die jong vrou binne 'n kort tyd dus die heel belangrikste mense in haar lewe: haar eggenoot en kind. Die slotsin voorspel egter dat vader en kind verenig sal word ("In 'n beter wêreld sal hy sy onbekende kindjie sien"), maar na die moeder se lot word nie verwys nie. Die leser moet aflei dat haar lewe inderdaad "donker" geword het.

Ten spyte van die eenvoudige verhaalgewe en die soms amateuragtige stelwyses, werk die teks nietemin met realistiese gebeure, wat in die oorlogsjare waarskynlik werklik die lot van meer as een jong gesin was. Alhoewel die oorlogsgebeure self nie veel aandag binne die diskoers

ontvang nie (daar is slegs drie sinne wat daarna verwys – vergelyk die verwysing na "aaklige beelde in jou verbeelding", "die gebulder en gedonder van koeëls en kanonne", die manne wat "hulle lewens moet gee vir hulle land en volk", die bekommerde en wenende vroue tuis, die "tragiese tonele ... [wat] vandag in Afrika af[speel]"), word kommentaar daarop gelewer by wyse van die uitbeelding van die lyding van die vroue tuis. Alhoewel die "manlike" kant van sake nie aan die orde kom nie (die redes vir die oorlog, die presiese gebeure op die slagveld, ensovoorts), bied hierdie teks die vroulike (oftewel persoonlike/private) perspektief daarop. Die teks se implisiete kommentaar is dus: Oorlog, as 'n manlike instelling, vernietig die lewens van vroue. Oorlog verteenwoordig die seëviering van die slegste in die mens; dit verniel harmonie en medemenslike liefde: "Oorlog het die hele toekoms verpletter. Al haar ideale het soos dou voor die son verdwyn. Liefdeloosheid, onbelangstelling, selfsugtigheid en soveel wrede dinge het die hoogste punt in die mens se hart behaal".

Dit is dus moontlik om hierdie teks as 'n verwoording van feministiese waardes – alhoewel waarskynlik nie-opsetlik – te beskou.

xiii. "Wie se skuld?" – deur Elizabeth (KW, November/Desember 1942, p.7 en Januarie Februarie 1943, p.3-4)

In die eerste deel ("Blye tyding") van hierdie verhaal in twee dele, word van die geboorte van die bywoner Floors en sy vrou Annie se eersteling vertel. Floors word geteken as 'n eenvoudige maar hardwerkende man, met 'n verbeelding wat maar te maklik met hom op loop gaan. Terwyl sy vrou in kraam is, en duidelik in groot pyn verkeer, is Floors diep in sy eie gedagtes versonge ("Meteens hou Floors op met die rieme draaiery want 'n skerp geskreeu van pyn klink uit die huisie van die bywoner, wat Floors se dagdrome versteur"). 'n Oomblik lank is sy gedagtes by haar ("Arme Annie, dit lyk asof sy 'n helse tyd deurmaak. Dit is nou al waarlik vier uur aanmekaar dat sy skreeu van pyn"), maar die oomblik wat "die geskreeu bedaar ... kan Floors (weer) ongestoord aangaan met sy riembreierie en met sy dagdrome".

Dat hy so maklik in sy eie gedagtes opgaan die oomblik dat sy vrou se pynkrete nie meer sy aandag opeis nie, wek die vermoede dat hy nie werklik by haar betrokke is nie. Floors se houding is 'n duidelike manifestasie van die seksistiese houding dat kindergeboorte alleen maar 'n "vrouesaak" is. Al wat hy hoef te doen, is om te fantaseer oor homself as die "(v)ader van 'n seun!" – al het hy nog geen idee van die baba se geslag nie. Hy noem die kind dan summier "Jannie" en sien dié al klaar as 'n "baasvegter". Terwyl hy so sit en dagdroom, spreek die vroedvrou hom skerp aan: "Floors jou dowe klip, hoeveel maal moet ek nog praat. Stel jy dan

geen belang in jou vrou en seun nie?". By die aanhoor van hierdie nuus is Floors buite homself van blydschap, en hy storm die huis binne om homself te "gaan voorstel by sy beroemde baasvegtertjie". Dit skyn asof Annie in dié stadium vergete is.

In die tweede deel verneem die leser dat sewe jaar intussen verstryk het – vir die De Bruyn-gesin "sewe maer jare, want die boerdery was 'n mislukking". Teenoor die uitbundigheid wat in die eerste gedeelte geheers het, staan alles nou in die teken van swaarkry en vernietiging weens die uitmergelende droogte. Oom Jan en tant Betta, die eienaars van Kliplaagte, oorweeg dit selfs om Floors en sy gesin se dienste as bywoners te beëindig, maar kan dit nie oor hulle hart kry om die tyding oor te dra nie. Uiteindelik kom hulle egter sover. Floors se enigste opsie is om stad toe te trek, in die hoop dat hy daar werk kan kry om sy jong gesin te versorg. Van al die groot drome van vroeër is daar nie veel oor nie. Annie se enigste troos is die "tog so ware gediggie oor die Voortrekkers" wat sy in herinnering roep, en waardeur sy hulle uittog na die stad aan die Groot Trek verbind.

Hierdie verhaal toon 'n baie losse komposisie; die gebeure in die twee gedeeltes hou oënskynlik min verband, behalwe om 'n kontras tussen twee tydperke voor te stel. Nietemin bied dit insig in die droewige lot van talle boere en bywoners, wat deur omstandighede stede toe gedwing is. Die vraag wat deur die teks gestel word, is dan: Voor wie se deur moet die skuld vir die ontvolking van die platteland en die verlies van die landelike bestaan gelê word? Is dit die skuld van die feodale grondbesitters (die Van Zyls as plaaseienaars), wat sêlf finansiële swaar kry? Of is die elemente van dié harde land te blameer? Dit is via hierdie kwessies dat die ideologiese komponent van die teks gestalte aanneem.

xiv. "Die ontroue vrou" – Winnie Raath (KW, September/Oktober 1943, p.4-5)⁹⁹

Die hoofkarakter in hierdie verhaal is Helena, die "ontroue vrou". Die verhaal handel oor Helena se misstap – haar ontrouheid aan haar man terwyl dié weg was oorlog toe – en haar selfverwyte en vrees om hom te konfronteer. Die rede hiervoor is dat daar van haar ontrouheid 'n lewende bewys bestaan – haar buite-egtelike babadogter.

Die verhaal open te midde van die bedrywigheid op die stasie waar familie en vriende die terugkerende soldate inwag. Oral om Helena is opgewonde mense en musiek, alles dinge wat haar eie vrees en isolasie beklemtoon. Haar grootste vrees is om ook deur haar man verwerp te word ("Almal en alles het nou eindelijk teen haar gedraai. Haar ouers wil haar nie eers sien nie

99 Hierdie kortverhaal is die enigste uit die korpus van die Klerewerkerlitteratuur wat deur Van Niekerk (1994) in haar

waarheen sal sy haar toevlug neem as Gawie haar man sy rug ook miskien op haar sal draai?" – sic). Oor sy onbegrip is daar by haar geen twyfel nie ("Hy sal nie kan verstaan nie. Ook sal hy nooit vergewe nie").

Die diskoers teken nou 'n kontras tussen die lewe soos Helena dit geken het, en hoe sy ver wag dit voortaan sal wees ("Die gelukkige huis het sy self afgebreek ... Haar lewe is in 'n duisternis omhul"). Terwyl sy so staan en tob, word haar gemoedstoestand in die natuur gereflekteer ("Weer kyk sy verbitterd op na die helder blou hemel wat intussen vol wolkies geraak het. Stadig verdwyn die son agter 'n groot wolk"). Wanneer die son "onheilspellend ... agter die wolke" uitkom, besef sy haar "uur van oordeel staan vir haar en wag". Nadat sy haar man vind, gaan hulle na hul tuiste, waar die natuurskoon in die tuin by wyse van kontrasskepping haar swaarmoedige afwagting benadruk. Alles in die tuin spel lewe: die voëltjies, die bome, die blomme en varings. Sodra Gawie egter die baba in haar "allerlieflikste klein wiegie" (let op die oordrewe voorstelling) sien, breek Helena se "uur van oordeel" aan. Haar man reageer intens negatief ("'n gevoel van haat vir Helena wat hom so ontrou was maak van hom meester"). Die teenpool van al die vorige aanduidings van lewe – die tuin en die laggende baba – word in die diskoers ingevoer met Gawie wat sy rewolwer te voorskyn bring. Slegs deur Helena se dood kan die onreg uitgewis word, aldus Gawie ("Hou jou reg om die dood te smaak, Helena, ontroue vrou"). Net voordat hy tot die daad kan oorgaan, hoor hy egter 'n stem uit die niet wat sê: "Gabriël Johannes Swarts, as jy haar getrou was, skiet haar dood!". Met die aanhoor van dié woorde laat val hy die rewolwer, en kom tot besinning: Net soos sy vrou ontrou was, was ook hy ontrou. Wie is hy dus om te oordeel? Hy gaan terstond op sy knieë en smee sy oorstelpte vrou om vergifnis.

In die afloop van die verhaal word die leser meegedeel dat "hierdie menslike swakhede" deur die "vuur van liefde" uitgewis is, sodat daar vandag haas nie 'n gelukkiger gesin bestaan nie. Die verhaalverloop berus dus op 'n bo-menslike ingryping wat 'n tragedie moet afweer, en gevolglik 'n ommekeer by Gawie bewerkstellig. Dit is juis hierdie tydige ingryping deur 'n misterieuse instansie wat die verhaal se geloofwaardigheid aantast. Die teks sou meer oortuigingskrag kon hê indien die kentering deur menslike selfondersoek teweeggebring is. Dit is egter nie uitgesluit dat die "stem" as metafoor vir Gawie se gewete gebruik word nie. Die *deus ex machina* van 'n "stem" uit die bloute – byna soos die stem van God – sou wel 'n groter impak op die destydse teikengehoor hê (met hulle waarskynlike behoefte aan sensasie en sentiment).

Die verhaal bly steek in die sentimentele en oordrewe uitbeelding van emosies (vergelyk byvoorbeeld Gawie se blitsvinnige oorreaksie en besluit om tot moord oor te gaan, teenoor die ewe snelle versoening wat tot ewigdurende geluk en harmonie lei. Die leser hoor byvoorbeeld

hoedat Gawie se "oë ... soos vlamme vuur [lyk]" en "sy gesig ... vol wrede lyne [trek]"). Hierbenewens word gebeure nie deurgaans goed gemotiveer nie. Hoe weet Gawie byvoorbeeld onmiddellik dat die baba 'n teken van Helena se ontrou is? Onder normale omstandighede sou hy na die kind se teenwoordigheid kon vra – of dit miskien die kind van 'n familielid is, ensovoorts.

'n Strukturele argument kan aangevoer word vir die mislukking van die verhaal: Juis deur die deurbreking van die aanvanklike realistiese verhaalgewens, ondermyn die teks sy eie geloofwaardigheid. Die waarde van die verhaal lê waarskynlik daarin dat 'n sosiale probleem (huweliksontrou) hier (in 1943) op 'n baie openlike wyse hanteer word, terwyl dit tot en met die Sestigervernuwing¹⁰⁰ 'n onderwerp is wat haas taboe in die hoofstroomliteratuur was. Die uitbeelding van hierdie problematiek binne die Klerewerkerliteratuur is egter waarskynlik veel meer moraliserend, en ten gunste van die behoud van die huwelik as instelling, as binne die Sestigertradisie waar veel meer liberale beskouings as norm gestel word. 'n Ander – alhoewel subtiele – wins van die teks is dat 'n heel ander soort moeder as die tradisionele kuise volksmoeder hier voorgehou word, naamlik, die moeder van 'n buite-egtelike kind.

Detailgewens soos dat die baba in "'n allerlieftlikste klein wiegie" lê (met ander woorde, moeite, en selfs geld is nie ontsien om vir die baba te voorsien nie), suggereer wel dat sy opreg moeder is, en toegewy aan haar kind.

xv. "Wie 'n ander jaag" – Sukkelaar (KW, Januarie/Februarie 1944, p. 10)

Hierdie verhaal funksioneer sprekend op die vlak van die didakties-moralistiese. Met 'n kleindorpse anekdote oor die afguns tussen die vroue van twee gesinne word dié les by die leser tuisgebring: WIE 'N ANDER JAAG STAAN SELF NIE STIL NIE. Die gebruik van die hoofletters dui aan hoeveel klem op die sedeles geplaas word, en dat dit die belangrikste aspek van die teks is. Naas die moontlike moralistiese en didaktiese waarde wat hierdie teks vir sy destydse lesers kon hê, bied dit min insae in die outentieke lewens- en denkwysse van dié tydperk. 'n Sosiale bewussyn is afwesig; so ook 'n gemeoidheid met vakbondaangeleenthede.

xvi. "Pure goud" – C.W.B. Venter (KW, November/Desember 1944, p. 4)

Die hoofkarakter Nellie Pienaar se vader laat haar teen sy sin die huis verlaat om in Johannesburg te gaan werk soek. Hy doen dit slegs omdat hy nie 'n vermoënde man is nie, en sy dogter nie kan gee wat sy nodig het nie. Hy waarsku haar uitdruklik teen die verleidings van die stad, en spesifiek

100 Vergelyk byvoorbeeld A.P. Brink en Etienne Leroux se *prosa (Die Ambassadeur of Sewe dae by die Silbersteins)*, waar seksuele verhoudings buite die huwelik dikwels aan die orde kom.

teen die vakbonde: " ... en verder waarsku ek jou teen die Vakunies, want hulle is almal kommunistiesgesind en hulle glo aan geen God nie".

Wanneer Nellie werk in 'n klerefabriek kry, word sy lid van die Klerewerkersunie, alhoewel dit heeltemal teen haar sin is. Selfs wanneer die Unie beter lone vir die werkers beding, sê sy: " ... ek sal hulle altyd haat, want hulle is almal kommunisties gesind". Tot haar verbasing verneem sy egter dat een van die Unie se komiteelede terselfdertyd 'n oortuigde Christen en selfs 'n Sondagskoolonderwyseres is. Dit is eers wanneer Nellie onverwags haar werk verloor, en deur die toedoen van die Unie 'n beter aanbod kry, dat sy die waarde van die Vakunie begin besef. Die verhaal eindig met 'n beeld van Nellie as 'n gelukkige en vooruitstrewende werker wat haar vir die Unie beywer. Volgens die teks is sy " 'n sterk ketting in die vooruitgang van 'n Nywerheid wat Suid-Afrika trots op is" – sy dien deur haar werk dus ook die nasionale ideaal.

Hierdie vertelling is duidelik didakties. Deur die verhaal word die voordele van Unielidmaatskap aan moontlike skeptiese Unielede geïllustreer; dat die Klerewerkersunie vir hulle "pure goud" is.

xvii. "'n Ontruugtering" – B. Wessels (KW, September/Oktober 1944, p.13)

In hierdie baie kort vertelling gaan dit oor 'n jong boer wie se rassistiese houding deur sy onverwagse siekte besweer word. Hoewel hy die swart arbeiders gewoonlik swak behandel het, ervaar hy tydens 'n siekbed dat een van die werkers vir sy herstel bid – juis omdat hy "altyd so goed vir (hulle) was". Dan word hy deur 'n gevoel van "groot skaamte en verdriet" oorweldig. Wanneer hy herstel, is toestande op die plaas veel anders en hy behandel die arbeiders met menslikheid en begrip.

Hierdie stuk dra dus die didaktiese boodskap dat rassisme 'n euwel is, en illustreer dat swart mense ook moeg, honger en dors word "al is (hulle) swart". Deur dié kort teks word die Unie se doelstelling van 'n nierassistiese vakbond dus gedien.

4.7.3 Vertalings

Volgens Snyman (1992:122) kry die polisisteepteorie in 1971 sy beslag, juis op grond van die behoefte om probleme met betrekking tot vertaalteorie op te los. Sy stel dit verder dat die rol van vertaling binne die polisisteeem verband hou met die stand van die inventaris literêre produkte in 'n teikenletterkunde op 'n bepaalde tyd. Wanneer hierdie inventaris 'n tekort aan nuwe modelle ondervind, word 'n keerpunt in die teikenliteratuur bereik. Dan word daar dikwels op vertaalde

werke teruggeval om die leemte in die bronliteratuur te probeer vul. So verskyn in die teikenletterkunde nuwe teksgenererende modelle vanuit "vreemde" letterkundes.

Sodra die niegekanoniseerde komponent 'n behoefte aan "status"-werke ondervind, word vertalings vanuit ander letterkundes ingevoer. Wat die *Klerewerker*-literatuur betref, het dit waarskynlik gebeur dat 'n behoefte ondervind is aan "status"-tekste (soos dit geëvalueer is deur die produsente en lesers van hierdie literatuur). So verskyn daar twee prominente prosavertalings, naamlik die vervolghere "Noem my Timmerman" ("Call me Carpenter" deur Upton Sinclair) en "Moord gepleeg in Duitsland" ("Murder Committed in Germany" deur Heinz Liepman). Beide vertalings is deur Hester Cornelius. "Moord gepleeg in Duitsland" verskyn vanaf Oktober 1938 tot Augustus/September 1940. "Noem my Timmerman" word van Oktober/November 1940 gepubliseer, en verskyn gereeld tot in 1944.

Die inhoud en ideologiese implikasies van hierdie twee vervolghere word kortliks beskou, om die beduidendheid van dié vertalings teen die agtergrond van die polisisteamteorie te kan interpreteer.

Ten eerste kan vermoed word dat die *Klerewerker*srywers aanvanklik van vertaalde vervolghere gebruik gemaak het vanweë die tydspek by die skryf van só 'n verhaal. By hierdie relatief ongesofistikeerde groep skrywers sou die tegniese vaardigheid en ervaring om 'n sinvolle spanningslyn oor 'n lang tydperk heen te handhaaf, na alle waarskynlikheid ontbreek het. Die korter vorme kon stellig 'n goeie leerskool aan die skrywers gebied het, veral om tegniese bedrewenheid aan te leer. Nadat die vertaalde werk aanvanklik as model gedien het, kon skrywers begin om oorspronklike verhale te skep.¹⁰¹

Vertalings sou ook die lesers van *Klerewerker* aan 'n groter wêreld daarbuite kon blootstel, hulle algemene kennis verbreed, en hulle gevolglik ook intellektueel kon ophef. "Moord gepleeg in Duitsland" gee byvoorbeeld besonderhede omtrent omstandighede in Nazi-Duitsland; dus 'n soort ideologiese skoling.

Hierdie vervolghere beeld die Nazi-kultuur as 'n wrede en verwoestende wêreldmag uit. Deur die uitbeelding van die mag van Nazi-offisiere, teenoor die magteloosheid van die gewone burger, word die lesers implisiet gewaarsku teen die gevare van die Nasionaal-sosialisme. Die didaktiese speel dan 'n beslissende rol, soos blyk uit die volgende aanhaling:

... alhoewel die Sosiaal Demokratiese Party en die Kommunis Party (sic) nog nie verbode

101 Byvoorbeeld "Wie se skuld?" deur Elizabeth Moller (skuiinaam van Hester Cornelius) wat van November/Desember 1942 verskyn.

is nie, is hulle nie toegelaat om vergaderings te hou nie; hulle leiers is in die konsentrasiekampe, hulle eiendomme is gekonfiskeer en die dra van kentekens en die waai van vlae is verbode, sover as wat dit aan betref – enige een wat pamflette uitgee is skuldig aan gevangenisstraf vir 365 dae en dieselfde getal nagte (KW, Julie 1939, p.5).

Die Nazi's word voorgestel as wreedaards sonder enige meegevoel vir andere, soos blyk uit die "Stormtroep man" se verduideliking vir die afwesigheid van gordyne: "'n Marxis wat ons ondersoek het, het deur die venster gegaan, met ons hulp, natuurlik ... Gooi iets agterna – dit lyk nie mooi as die kêrel die straat so bemors nie. Daarom het ons die gordyne afgeskeur en dit agterna gegooi".

Ook die uitbeelding van die karakter Arthur se skrikwekkende ervaringe as prisonier in 'n strafkamp, lig die sluier op die Nazi's se volslae diktatorskap en die SS se skrikbewind; dit gee 'n indruk van hoe die individu se menswaardigheid hom ontnem is totdat geen menseregte meer gegeld het nie. Dít alles kon moontlik as waarskuwing teen fascisme in Suid-Afrika gedien het, terwyl dit die Vakunie se oproep om fascisme teen te staan, sou versterk. Die verhaal eindig met Arthur se ontsnapping en sy vlug na Antwerpen op 'n Amerikaanse vragskip, terwyl hy toekyk hoe sy "vaderland ... agter die horison (verdwyn)". Die implikasie hiervan is: 'n Land waarin soveel gruwels moontlik is, kan geen vaderland meer wees nie. Die boodskap is implisiet: Suid-Afrikaners moet verenig sodat dit nie ook die lot van hulle vaderland word nie.

"Hulle noem my Timmerman" kan eweseer as 'n didaktiese teks beskou word. Reeds in die eerste hoofstuk sê die verteller met verwysing na die kosmopolitiese burgers van Wes-Berlyn:

Die lesers mag miskien nie veel weet omtrent hierdie ontwikkelde vreemdelinge nie. Hulle maniere is soos die sagste fluweel, sodat as 'n mens met hulle praat, jy soos 'n Persiese kat moes voel as hy gestreel word. Hulle het alles in die wêreld gelees; hulle praat met sekerheid; en hulle is oud deur herinneringe van rassegriewe wat opgestoor is in hulle siele (KW, Oktober/November 1940, p.11).

Die handeling behels dat 'n sonderlinge vreemdeling – ene mnr. Timmerman – die wêreld van hierdie hoogs gesofistikeerde stedelinge betree. Hy val op met sy onopgesmuktheid en hartlikheid, sowel as sy verstommende onkunde sover dit wêreldse sake aangaan. Hy openbaar hom as 'n kampvegter vir die regte van die armes en onderdrukte (onder meer die stakende werkers); verder is hy 'n groot kindervriend.

In werklikheid is die Timmerman-verhaal 'n herskrywing van die Christus-gegewe in 'n "moderne" idioom (Christus, die timmerman van Nasaret). Teen die agtergrond van die kapitalistiese Verenigde State word die Christelike boodskap vertolk as een van hoop en vertroosting aan dié wat gebrek ly, wat swaar gebuk gaan onder die juk van kapitalisme. In talle van Timmerman se uitsprake hoor die lesers hoedat die wêreld verword het, en die armes daagliks uitgebuit word:

Rome was rof, brutaal en arm, Mary. Rome was niks in vergelyking met hierdie stad nie.

Hierdie plek is Satan op my Vader se troon, wat nuwe wêreld vir hom verower ... Om andere te dien, en nogtans hulle nie te verwen nie want die oorsaak van hulle verslawing is dat hulle diens aangeneem het sonder betaling. En hoe kan 'n mens geduld preek aan die armes, wanneer die meesters sulke preke gebruik vir 'n nuwe metode van verslawing?... Ek moet diegene ontmoet wat in opstand is teen verslawing! Mōre wil ek die stakers ontmoet – al die stakers in julle stad (KW, November/Desember 1942, p.10).

4.8 Die kanoniserings/niekanoniserings van die Klerewerkerliteratuur

In hierdie afdeling word eerstens 'n oorsig gegee van bestaande studies/navorsing oor die Klerewerkerliteratuur en oor die kanoniserings daarvan. Tweedens word die kanoniseringsstatus van die Klerewerkerliteratuur deur middel van 'n ondersoek van kwantitatiewe en kwalitatiewe kanonaanduiders bepaal. Ten slotte sal die Klerewerkerliteratuur in hooftrekke vergelyk word met enkele hoofstroomtekste uit by benadering dieselfde periode, of met ongeveer dieselfde boustof, om ooreenkomste en/of verskille te identifiseer. Hierdie gegewens het ten doel om die bevindinge aangaande die kanoniseringsstatus, al dan nie, te motiveer, deurdat dit die norme vir kanoniserings tydens die dertiger- en veertigerjare sal belig. Dit is waarskynlik dat die heersende norme tydens die aanvanklike publikasie van 'n teks (of tekste) die kanoniserings daarvan in die toekoms in 'n groot mate bepaal. Al verander die norme, is dit nodig dat 'n teks in die lig van die "nuwe" norme aktief hersien, herlees en herevalueer word. In die geval van die Klerewerkerliteratuur is die vermoede dat hierdie tekste aan die hand van die destydse norme tot niekanonstatus, oftewel 'n lae kanoniseringsstatus en uiteindelik vergetelheid verban is. Later van tyd (behalwe in die onlangse verlede) is geen pogings tot hersiening klaarblyklik aangewend nie.

4.8.1 Oorsig van bestaande studies

In haar doktorsale studie oor die Afrikaanse poëtiesisteem tydens die dertigerjare, binne die raamwerk van die polisisteebenadering, verwys Snyman (1992:73) na die geskrifte van die lede van die Klerewerkersunie. Volgens haar vorm die gedigte wat in *Klerewerker* gepubliseer word, 'n belangrike subsisteem van die poësie van Dertig, aangesien sowel die poësie as die prosa afsonderlik, maar tog ook parallel aan die opkoms van die Dertigerbeweging ontwikkel. Ten opsigte van die poësie staan dié werkerliteratuur apart van die hoofstroom van poëtiese produksie (soos vergestalt deur die werke van die Dertigers). Tog betoog sy dat die Klerewerkerpoësie "'n definitiewe plek in die Suid-Afrikaanse en spesifiek die Afrikaanse literêre geskiedenis (verdien)" (Snyman 1992:73). Laasgenoemde kan duidelik as 'n kanoniserende uitspraak beskou word – naamlik, dat ten minste 'n deel van hierdie poësie 'n plek in sowel die wyer Suid-Afrikaanse as meer spesifiek die Afrikaanse kanon verdien. Tans vorm hierdie poësie 'n *niegekanoniseerde, sekondêre laag* van die poëtiesisteem, omdat dit los staan van die hoofstroom van Afrikaanse literêre produksie (die primêre, gekanoniseerde laag).

Volgens Snyman (1992:66-67) sien die struktuur van die poëtiesistiem van die dertigerjare soos volg daar uit:

- i. Werke wat tot die sentrum van die sisteem behoort.
- ii. 'n Eerste (primêre) laag van die sisteem: werke wat as semisentraal geag word, oftewel werke wat 'n vormende invloed uitoefen.
- iii. 'n Tweede (sekondêre) laag van die sisteem: werke wat as niesentraal geag word, oftewel werke met nievormende invloed en minder bekende werke. Die Klerewerkersliteratuur behoort volgens Snyman (1992:73) tot hierdie laag.

In paragraaf 4.1 is Krog se perspektief op die Klerewerkersliteratuur binne die konteks van vroulike Suid-Afrikaanse literatuur kortliks weergegee. Sy dui aan dat hierdie literatuur wat naas die hoofstroom-literatuur bestaan, in wese 'n stryd- en oorlewingsliteratuur is. Die implikasie van haar woorde is stellig dat dit juis vanweë hierdie eienskap is dat die Klerewerkersliteratuur 'n plek in die Afrikaanse kanon verdien.

Soos reeds genoem (sien 4.1), doen Elsabe Brink (1989) baanbrekerswerk om die Klerewerkersliteratuur aan die Suid-Afrikaanse literêre wêreld asook die publiek bekend te stel. Haar artikel het 'n hoofsaaklik inliggende inslag, en het klaarblyklik die bekendstelling van hierdie literatuur ten doel, eerder as die evaluasie daarvan. Brink fokus eerder op die tematiese aspekte van die tekste, en gee heelwat voorbeelde, sodat die leser 'n relatief goeie indruk van dié korpus tekste kan vorm.

In die artikel "Winding Through Nationalism, Patriarchy, Privilege and Concern: A Selected Overview of Afrikaans Women Writers" verskaf Christell Stander en Hein Willemse (1992) 'n geselekteerde oorsig oor Afrikaanse vroulike outeurs, onder wie die Klerewerkers. Hierdie artikel sluit heelwat teksvoorbeelde (ook uit die Engelse vertalings) in, en die klem val op die ideologiese substraat van die Klerewerkerstekste, wat as sosialisme geïdentifiseer word.

Uit hierdie ondersoek blyk dit dus dat die Klerewerkersliteratuur tans 'n nog grotendeels onverkende terrein is; ook is die historiese hantering daarvan 'n sprekende voorbeeld van niekanoniserings. Hierdie tekste het as 't ware in volkome vergetelheid geraak, en word eers in die laat tagtigerjare – sowat vyftig jaar na die ontstaan daarvan – vir die eerste maal by "hoofstroom"-literatuuraktiwiteite (soos in akademiese studies en vaktydskrifte) betrek en bestudeer.

4.8.2 Die Klerewerker-geskrifte as niegekanoniseerde Afrikaanse literatuur

Daar is reeds op gewys dat die konsep van "tekswaarde" 'n dikwels diffuse en problematiese een is. Ten einde wel sekere tendense in die historiese en meer resente waardering van die Klerewerkersgeskrifte aan te toon, word kwantitatiewe en kwalitatiewe kanonaanduiders vervolgens ondersoek.

4.8.2.1 Kwantitatiewe ondersoek

4.8.2.1.1 Versamelbundels

Wanneer "standaard"-bloemlesings van Afrikaanse kortkuns, soos *Hoogtepunte in die Afrikaanse Verhaalkuns* (Grové), *Die Afrikaanse kortverhaalboek* (De Vries) asook die nuutste uitgawe van laasgenoemde onder die titel *Eeu*, beskou word, blyk dit dat die Klerewerkersliteratuur nêrens opgeneem is nie. Dit is trouens moontlik om te sê dat hierdie literatuur in géén Afrikaanse versamelbundel, behalwe dié van Van Niekerk (1994), opgeneem is nie.

Die verskyning van Annemarié van Niekerk se reeds vermelde versamelbundel *Vrouevertellers 1843-1993* kan as 'n eerste formele poging tot kanonisering van die "vergete" Klerewerkersouteurs gereken word; indien vroeër artikels soos dié van Brink buite rekening gelaat word. Winnie Raath se kortverhaal "Die ontroue vrou" (1943) word deur Van Niekerk in die bundel opgeneem. Die verhaal is sowat 3,3 bladsye lank uit 'n totaal van 422 bladsye – dus sowat 0,78% van die bundeltotaal. Daar is egter van elke outeur slegs een kortverhaal opgeneem, waarskynlik om 'n breër perspektief oor die spektrum van die Afrikaanse vroulike kortverhaaltradisie te kan bied.

4.8.2.1.2 Literatuurgeskiedenis

J.C. Kannemeyer se standaardliteratuurgeskiedenis *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I*, sowel die 1978- as die 1984-uitgawe, verwys nie na die Klerewerkersunie of sy geskrifte nie; dieselfde geld vir die beknopte, meer onlangse weergawe *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* (1988).

Ook in die volgende literatuurgeskiedenis kon geen verwysings na die Klerewerkersunie, hulle spreekbuis of hulle geskrifte gevind word nie: *Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde* (P.J. & G.S. Nienaber, 1941), *Perspektief en profiel* (P.J. Nienaber, 1960 en 1982), *Die*

Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede (R. Antonissen, 1964), en *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* (G. Dekker, 1966).

4.8.2.1.3 Akademiese studies

Wat akademiese studies oor die Klerewerkersliteratuur betref, het 'n RGN- en Sabinet-ondersoek (geloods deur die vakreferent, Merensky-biblioteek, Universiteit van Pretoria) geen voltooide of lopende studies oor die spesifieke onderwerp opgespoor nie. Die enigste werk tot dusver is dié deur Brink; 'n hoofstuk in Walker se reeds gemelde bundel *Women and writing in South Africa* (1989). Brink se hoofstuk beslaan 20 bladsye van die bundel se totaal van 307.

Die enigste wetenskaplike nagraadse studies oor die Klerewerkersunie wat tot dusver opgespoor is, lê binne die terrein van die geskiedskrywing. Vergelyk in dié verband Brink (1987), Touyz (1979) en Witz (1984).¹⁰² Voorts verwys Snyman (1992) kortliks na die geskrifte van die Klerewerkers (sien 4.8.1 hierbo).

4.8.2.1.4 Ander bronne

In die tydskrif *Research in African literatures* (1992, 23:3) verskyn Christell Stander en Hein Willemse se artikel "Winding through nationalism, patriarchy, privilege and concern: a selected overview of Afrikaans women writers". In hierdie oorsigtelike artikel oor Afrikaanse vroueskrywers bespreek Stander en Willemse 'n aantal outeurs, onder wie Elisabeth Eybers, die Klerewerkers, Elsa Joubert, Anna M. Louw, Henriette Grové, Reza de Wet, Wilma Stockenström, Antjie Krog, Lettie Viljoen, en Jeanne Goosen. Dat 'n keuse van outeurs gemaak is (vergelyk die titel – "a selected overview"), impliseer 'n kanoniserende handeling. Deur hulle keuse skyn dit asof die skrywers sekere outeurs as chronologiese "bakens" binne die Afrikaanse vroulike tradisie wil aandui, oftewel 'n "lyn" van betekenisvolle outeurs wat in 'n Afrikaanse kanon hoort. In die artikel van 18 bladsye word sowat 3 bladsye aan die Klerewerkers gewy – dus sowat 16%. Deurdat tien outeurs in totaal behandel word, blyk dit dat die Klerewerkers kwantitatief gesproke aansienlik aandag ontvang, en dat die artikel die kanonisering van die Klerewerkersliteratuur voorstaan.

¹⁰² Brink, E.A. 1987. *Afrikaner women in the Garment Workers' Union. 1918-1939*. MA-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand.

Touyz, B.M. 1979. *White politics and the Garment Workers' Union: 1930-1953*. MA-verhandeling, Universiteit van Kaapstad.

Witz, L. 1984. *Servant of the workers: Solly Sachs and the Garment Workers' Union, 1928-1952*. MA-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand.

4.8.2.2 Kwalitatiewe ondersoek

By 'n studie na die kanoniserings van die Klerewerkerliteratuur is bevind dat daarvan feitlik geen melding gemaak word in enige standaardwerk oor die Afrikaanse literatuur nie. Die afwesigheid van uitsprake, die stilsyde rondom hierdie vroue se literêre aktiwiteite, behoort ook as "uitsprake" gereken te word. Enkele eksplisiete uitsprake word wel aangetref, waaronder dié wat hieronder weergegee en ontleed word.

4.8.2.2.1 Artikels, versamelbundels, en akademiese studies

Alhoewel Brink (1989) se bespreking van die Klerewerkerstekste oorwegend inliggend/beskrywend is, maak sy wel 'n eksplisiete uitspraak ten gunste van die kanoniserings van hierdie tekste:

- i. ... their literature *deserves to take its place in South African and Afrikaans literary history*, as an important manifestation of working class literature which developed parallel to the accepted and acceptable mainstream of Afrikaans literature (my kursivering).

Soos Krog gee sy toe dat hierdie literatuur nie altyd 'n kuns suiwer vir die kuns is nie, maar eerder 'n literatuur-met-'n-doel:

- ii. ... their literature is more a literature of struggle and protest than a literature for its own sake. Devoid of all subtlety and nuance, it conveys its message bluntly and with great earnestness.

Die rede waarom hierdie literatuur 'n plek in die literatuurgeskiedenis verdien, lê volgens Brink (1989:125) in die merkwaardige transformasie van die Voortrekkervrou-ideaal deur hierdie vroue, sowel as op die suiwer moed en kragdadigheid wat van die tekste uitgaan:

- iii. ... they nevertheless exhibited the same strength and endurance which was so marked in the Voortrekker women.

Hierdie uitsprake, tesame met die positiewe implikasie van die titel ¹⁰³("purposeful" – dus literatuur met 'n funksie), bring die ondersoeker tot die slotsom dat Brink se artikel die Klerewerkerstekste positief evalueer, en 'n plek in die kanon daarvoor bepleit.

103 "Purposeful Plays, Prose and Poems: The Writings of the Garment Workers, 1929-1945".

Krog (1989:5-6) se uitspraak aangaande die Klerewerkersliteratuur (ook gedeeltelik hierbo onder 4.8.1 aangehaal) behels inderdaad 'n vergelyking met die gevierde Elisabeth Eybers, sowel as 'n duidelik positiewe evaluering van die werkersliteratuur:

- i. There is nothing dishonourable in writing a poem that can help someone to survive a certain experience – even if such a poem were to die together with the prejudices of its time and politics. That is why I derive so much pleasure from reading how, while Elisabeth Eybers was busy formulating motherhood for so many women after her, her contemporaries fought for survival, albeit in rhyme not devoid of rhetoric ...

Krog gee wel toe dat die Klerewerkersliteratuur bepaalde gebreke het, en dat dit moontlik 'n tipe literatuur is wat nie die toets van die tyd sal deurstaan nie – juis omdat dit binne 'n sekere konteks met 'n sekere sosiale doel geskep is. Daarteenoor sal die poësie van Eybers byvoorbeeld nog vir vele geslagte betekenisvol bly. Hierdie soort uitsprake impliseer dan dat daar 'n sekere kriterium gestel word ten einde 'n teks se "blywende waarde" te kan bepaal. So 'n kriterium sou kon wees die "universaliteit" van die temas of die "skoonheid" en "oorspronklikheid" van die taalaanwending. Nieteenstaande die feit dat die Klerewerkersliteratuur nie aan sulke eise voldoen nie, sê Krog, is sulke tyds- en doelgebonde poësie nie te versmaai nie, en die eietydse leser – soos sy self – kan nog veel genot daaruit put.

Deur 'n sterk gekanoniseerde figuur soos Eybers hierby te betrek, wil Krog nie op 'n ooreenkoms tussen die twee soorte poësie wys nie, maar op 'n belangrike kontras. Waar Eybers se poësie stellig die uitvloeisel van 'n gemaklike middelklasbestaan was, is die Klerewerkersliteratuur 'n **oorlewingsliteratuur**, gebore uit stryd en lyding. Implisiet sê Krog dus: Alhoewel die poësie van Eybers blywende waarde het, kan die Afrikaanse tradisie grootliks verruim word deur die "alternatiewe" stem van die werkersklasvrou naas dié van die meer bevoorregte vrou te laat opklink.

Oor bloemlesings se kanoniserende funksie skryf Van Niekerk (1994:6): "Bloemlesings, in die geval van kortverhale, is barometers van die kanon". Haar keuse om Winnie Raath se verhaal ("Die ontroue vrou") in haar bloemlesing op te neem (veral in die lig van Van Niekerk se stelling), dui dus op 'n eksplisiete kanoniserende handeling. In haar inleiding tot *Vrouevertellers* maak sy geen eksplisiete uitspraak oor haar waardebeplanning van die Klerewerkersliteratuur nie. Haar bespreking van die Klerewerkers se literêre produksie is hoofsaaklik beskrywend van aard, en sy fokus veral op dié vroue se besondere interpretasie van die volksmoederkonsep. 'n Implisiete uitspraak oor die kanonisering van hierdie literatuur is die volgende:

- i. Op hierdie wyse is die volksmoederkonsep, geïnternaliseer deur beide die middel- en

werkersklasvrou, *ingeskryf in die Afrikanermitologie en so ook in die Afrikaanse letterkunde* (my kursivering).

Hierdeur gee Van Niekerk te kenne dat die Afrikanermitologie 'n integrale deel van die Afrikaanse letterkunde is. Deurdat die werkersklasvrou haar eiesoortige weergawe van 'n sentrale konsep van dié mitologie aanbied, sluit sy aan by die tradisie, alhoewel sy tot op hede nie formeel as daartoe behorende erken is nie. Deurdat die middel- en werkersklasvrou sintakties gejuksaponeer word, word hulle in der waarheid op gelyke voet geplaas, en Van Niekerk suggereer dat hulle sy-aan-sy in 'n Afrikaanse literêre tradisie of kanon hoort.

Stander en Willemse se bespreking van die Klerewerkersliteratuur word deur 'n oorwegend *beskrywende* eerder as *evaluerende* trant gekenmerk. Eksplisiete uitsprake wat betref die waarde en plek van hierdie literatuur binne 'n Afrikaanse kanon word nie gemaak nie. Nietemin kan 'n *beskrywende* inslag juis suggereer dat dié literatuur waardevol genoeg geag word om 'n beskrywing daarvan te regverdig, sodat daar van implisiete kanoniseringsprake is.

'n Uitspraak wat meer direk met kanoniseringsverband hou, is die volgende:

- i. Johanna and Hester Cornelius, Anna Jacobs, Winnie Meyer, Corrie Gatzke, Nellie Raubeneimer and C.W.B. Venter, *matured within the GWU, although they are today largely unrecognized by the Afrikaans literary establishment* (my kursivering).

Hierdie stelling dui dus op die Klerewerkers se afwesigheid in die kanon. Die woord "although" (wat dui op 'n teenstelling), saam met die verwysing na die outeurs se literêre volwassewording, kan as 'n implisiete uitspraak ten gunste van kanoniseringsgeïnterpreteer word. Met ander woorde, Stander en Willemse meen dat hulle eintlik in 'n Afrikaanse kanon tuishoort, maar nietemin wyd misken word.

Snyman (1992:73) maak 'n eksplisiete, positiewe uitspraak ten gunste van die Klerewerkersliteratuur. Sy skryf, in aansluiting by Brink, dat die Klerewerkerstekste 'n definitiewe plek in die Suid-Afrikaanse, en spesifiek in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis verdien. (Sien ook paragraaf 4.8.1)

4.8.2.2.2 Literatuurgeskiedenis

Kannemeyer se weergawe van die Afrikaanse literatuurtooneel tydens die dertigerjare is die "standaard"-herskrywing soos elke literatuurstudent dit tot dusver op kollege- of universiteitsvlak

leer ken het. Die 1988-weergawe projekteer byvoorbeeld 'n beeld van die betrokke tydperk, oorheers deur intellektuele arbeid en strewes; die literêr-aktiewe groepe waarna verwys word, is die hoofstroom- of elitegroepe soos die Afrikaanse Skrywerskring, die Kaapse Groep, en die Vereniging vir die Vrye Boek. Hierdie organisasies is beheer deur prominente literêre figure soos die Louw-broers en akademici soos J. du P. Scholtz en F.E.J. Malherbe – gewis nie 'n kring waarin die ongesofistikeerde lede van die Klerewerkersunie hulle sou tuisvoel nie. Kannemeyer stel die tydperk tussen 1929 en 1939 dan as sinoniem met wat hy die "derde beweging" noem: 'n tydperk van "strewes na gelykwaardigheid en volwassenheid" binne die breër konteks van die Afrikaanse taalstrewes (1988:103-105). Hiermee bedoel hy waarskynlik (onder meer) die strewes van spesifiek hierdie elitegroepe om die Afrikaanse literatuur op dieselfde vlak as dié van die Wes-Europese te plaas.

Ook die ouer literatuurgeskiedenis (dié van Dekker, Antonissen en Nienaber) bevat geen verwysings na die Klerewerksliteratuur nie, en verskaf – soos Kannemeyer – die "standaard"-herskrywing van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis van die dertiger- en veertigerjare.

4.8.2.3 Gevolgtrekkings

Op grond van die resultate van die kwantitatiewe ondersoek na die verteenwoordiging van die Klerewerksliteratuur in die Afrikaanse literêre kader – soos dit verteenwoordig word deur veral literatuurgeskiedenis en versamelbundels – is die gevolgtrekking: Die Klerewerksliteratuur is heeltemal afwesig uit 'n Afrikaanse kanon van "betekenisvolle" literatuur.

Dit skyn asof die bydraes in *Klerewerker* spoedig ná publikasie in die vergetelheid geraak het. Oor die redes hiervoor kan slegs gespekuleer word: Dit is óf gewoon deur die literatore van die dertigerjare geïgnoreer, of *Klerewerker* was dalk heeltemal onbekend aan hulle. Hierdie tekste is kennelik ook nie deur literêre historici "herontdek" nie. Vir 'n intellektuele tydgenoot van die Klerewerks sou die *Klerewerker*-tekste waarskynlik as triviaalliteratuur voorgekom het, en die tekste sou nie vir kanonisering gekwalifiseer het nie. (Vergelyk Franklin 1979¹⁰⁴ se siening van 'n doelstelling van literêre institutionalisering en kanonisering, naamlik die marginalisering en trivialisering van tekste wat gebaseer word op huishoudelike en industriële arbeid). Hierby kan die Klerewerks se posisie van "magteloosheid" genoem word: Hulle was onbekend met die prosesse en kanale van literêre publikasie, en pogings om hulle tekste formeel uit te gee, sou waarskynlik onsuksesvol wees. Ook het hulle volkome buite die sfeer van die literêre en akademiese *establishment* gestaan – 'n akademiese pos of ondersteuning (*patronage*) vir een van

104 Sien paragraaf 2.3.4.2.

hierdie vroue sou totaal ondenkbaar wees.

Alreeds die feit dat *Klerewerker* nie 'n "geïnstusionaliseerde" blad (soos byvoorbeeld *Die Huisgenoot* as 'n Nasionale Pers-publikasie) was nie, sou daartoe lei dat die bydraes na alle waarskynlikheid uit die versameling potensieel kanoniseerbare tekste geweer is. Gevolglik sou dit ook nie kritiese aandag in byvoorbeeld dagblaaië ontvang het nie, wat as 'n voorwaarde vir verdere kanonisering beskou kan word (sien paragraaf 2.3.3.1). Uiteraard sou die betrokke tekste dan alreeds alle toegange tot die kanon ontsê wees. Dít verklaar moontlik die totale afwesigheid van die Klerewerkerliteratuur uit 'n kanon van Afrikaanse literatuur.

Dit is eers in die onlangse verlede dat kwantitatiewe kanonaanduiders – byvoorbeeld opname in *Vrouevertellers* en die verskyning van akademiese artikels oor die Klerewerkerliteratuur – 'n verskyning maak. Hieruit kan afgelei word dat daar beweeg word in die rigting van die bekendstelling en moontlik kanonisering van dié literatuur. Aangesien daar egter nog relatief min oor hierdie onderwerp gepubliseer is – veral wat akademiese studies betref – kan afgelei word dat die hersieningswerk wat die Klerewerkerliteratuur betref, nog in 'n beginstadium is.

Dit is insiggewend dat nagenoeg al die resente bewegings in die rigting van kanonisering van die Klerewerkerliteratuur (met die uitsondering van Hein Willemsse) deur vroue gemaak word – onder meer Elsabe Brink, Annemarie van Niekerk, en Christell Stander. Hierdie gegewe laat die vermoede ontstaan dat manlike vooroordeel een van die redes kan wees vir die niekanonisering van hierdie literatuur, en dat regstelling nou vanuit 'n feministiese kamp geïnisieer word, alhoewel ander ideologiese faktore waarskynlik ook geen geringe rol speel nie. 'n Moontlike rede vir die feit dat hersiening nou eers plaasvind, kan wees dat die politieke en ideologiese klimaat in Suid-Afrika eers teen die laat tagtigerjare van so 'n aard was dat die aard en bestaan van die kanon in sy tradisionele gedaante bevraagteken kon word. Teen die agtergrond van byvoorbeeld die sterk anti-kommunistiese propaganda van die sewentigerjare, kan bespiegel word of elemente binne die Klerewerkerliteratuur nie moontlik as "kommunisties" geëtiketteer sou word nie.

Wat die Klerewerkerliteratuur betref, is dit onmoontlik om na enige werklik negatiewe kritiek te verwys, aangesien alle vorme van kritiek tot in die onlangse verlede heeltemal afwesig was. 'n Kritiese diskoers rondom die Klerewerkerliteratuur bestaan feitlik nie, en die meeste werk tot dusver was oorwegend beskrywend, eerder as interpreterend en evaluerend.

Daar word wel uit die onlangse verlede 'n aantal stemme gehoor wat die opname van die Klerewerkerliteratuur in die kanon bepleit. Hoewel sommiges toegee dat dié tekste nie altyd "ware" (E-) literatuur met universeel-geldende inhoud is nie, is daar eenstemmigheid dat dít nie

die enigste kwalifikasie vir kanoniserings behoort te wees nie. Ander sake, soos die Klerewerkerse merkwaardige transformasie van die volksmoedergegewe, is alreeds 'n prestasie wat erken moet word. Ook die strydelement in die tekste voeg 'n unieke dimensie by die tradisionele lys tekste wat die Afrikaanse leefwêreld en literatuur verteenwoordig.

4.8.3 Ooreenkomste met en verskille van hoofstroomtekste

In hierdie afdeling word die Klerewerkerliteratuur in breë trekke met enkele sogenaamde hoofstroomtekste vergelyk. Die rasionaal agter só 'n vergelyking is naamlik dat die belangrikste verskille tussen hierdie twee tipes literatuur daardeur belig kan word. Voorts kan die redes vir die niekanoniserings van die Klerewerkerliteratuur via 'n vergelyking aan die lig gebring word. Die volgende gekanoniseerde poësietekste word as vergelykingsmateriaal gebruik: *Trekkerswee* (Totius)¹⁰⁵ en *Raka* (N.P. van Wyk Louw). Omdat daar van 'n genreverskil (naamlik prosa en poësie) sprake is, sal daar op inhoudelike en tematiese kwessies gekonsentreer word, eerder as op vormlike aspekte. *Trekkerswee*, alhoewel 'n ouer teks, is geselekteer op grond van die groot ooreenkomste in boustof met die Klerewerkerliteratuur. Derhalwe kan 'n gekanoniseerde digter soos Totius se hantering van naastenby dieselfde materiaal met dié van die Klerewerkerlede vergelyk word. *Raka* is geselekteer op grond van die verskyningsdatum daarvan (1941), wat dit 'n tydgenootlike teks maak. 'n Ander rede is dat *Raka* as een van die betekenisvolste werke uit dié tyd beskou word¹⁰⁶, waarin Louw 'n aantal van sy opvattinge, wat betref die samelewing en die kuns, verwoord.

4.8.3.1 *Trekkerswee* teenoor die Klerewerkerliteratuur

Die boustof van Totius se bekende (gekanoniseerde) epiese werk *Trekkerswee* (1915) toon ooreenkomste met dié van die Klerewerkerliteratuur. *Trekkerswee*, soos die tekste wat hierbo bespreek is, beeld die landelike lewe as idillies uit en sien die stadsbestaan as hoofsaaklik negatief, maar om ander redes. Deur die oë van die fokalisator, Oom Gert, word die stad voorgehou as 'n oord van verderf en sedelike verval, van (volks)vreemde invloede. Hy gaan selfs sover as om die stad aan die demoniese te koppel ("s Dit nie wat ek lees/van Babilon en die Bees?").

Dit is egter moontlik om *Trekkerswee* as eksponent van die opkomende (wit)

¹⁰⁵ Vir *Trekkerswee* ontvang Totius die eerste Hertzogprys in 1915.

¹⁰⁶ Kannemeyer (1987:140) noem *Raka* "een van die grootste prestasies van die Afrikaanse letterkunde", terwyl Dekker (1947:148) van mening is dat " ... Van Wyk Louw (met *Raka*) die Dietse letterkunde ... met 'n belangrike

Afrikanernasionalisme te sien, in teenstelling met die sosialistiese oriëntasie van die Klerewerkersunie. Ohlhoff (1995b:67,69) stel dat die Totius-tek, soos blyk uit 'n ontleding van die binêre opposisies daarin, in werklikheid "ideologies gelaai" is; ook dat die teks 'n diskoers is van die "ons" (die Afrikanervolk) in opposisie met die "ander" (die swart volke, die Engelse). Volgens hom kan die semantiese grondslag van die teks gesien word as die gedagte dat "dit wat 'nie-Afrikaner' is verkeerd en sleg is", dus, 'n ideologiese stellingname. Die moontlikheid dat *Trekkerswee* die draer van 'n Afrikanernasionalistiese ideologie is, word voorgestel met dié vraag: "Sou dit nie boeiend wees nie om *Trekkerswee* en die Program van Beginsels van die Nasionale Party wat in 1914 opgestel is naas mekaar te lê en ook dié vraag te vra: In hoeverre is die twee tekste, elk op sy eie manier, draer van dieselfde werklikheidsmodel?" (Ohlhoff 1995b:74).

Die gees van materialisme wat in die Afrikaner gewek is, die verlies van die landelike lewe, die morele verval en godsdienstige afvalligheid dui volgens Oom Gert op die Afrikaner se "sterfte".¹⁰⁷ Industrialisasie, kapitalisasie, en 'n opkomende ekonomie is volksvreemde dinge vir 'n nasie wat voorheen geen "ryke of arme" geken het nie; dus, 'n voorheen klaslose maatskappy. Waar *Trekkerswee* slegs terugreik na die ou bestel (die ongekompliseerde trekkerslewe), is daar naas sulke landelike herinneringe in die Klerewerkerstekste 'n strewe na die totstandkoming van 'n klaslose, sosialistiese maatskappy. Net soos Oom Gert staan hulle kapitalisme teen, maar wel vanuit 'n sosialistiese werkersperspektief.

Wat betref die siening van die vrou in *Trekkerswee*, die volgende. Die vrou, soos verpersoonlik deur die afgedwaalde Dina, word vereenselwig met losbandigheid (sy is "ydell opgetooi", sy "moet ... so sinlik lyk, dat sy die jonkmans kan bekoor" en elke "lewensdag" eindig in 'n "sondenag"). Hierteenoor voel die vroue van die Klerewerkersunie sterk oor hulle eie hoë morele standaard, en verdedig hulleself meermale teen beskuldigings van losbandigheid. Die karakters in die Klerewerkerstekste word dan ook uitgebeeld as vroue met hoë morele waardes wat glo in reg en geregtigheid en wat die Afrikanervolk tot die dood toe dien. Selfs die karakter Helena, die "ontroue vrou", se opregte berou dui op haar wesenlike moraliteit.

P.J. Kock, voorsitter van die Spoorbond, het by geleentheid gesuggereer dat die werksters 'n gebrek aan morele standaard sou hê. Hulle sou kwansuis (let ook op die rassisme in sy uitspraak) "na Johannesburg (gaan) om daar met kaffers te dans" (aangehaal deur Brink 1986:168). Hierop het Johanna Cornelius (aangehaal deur Brink 1986:168) die volgende verweer laat hoor: "Alhoewel hierdie mnre. (menere) wat ons aanval algar Dokters, Predikante, Professore en geleerdes is, kan ons hulle verseker dat ons klerewerkers net so skoon van karakter en liggaam is

epiese werk (verryk het)".

¹⁰⁷ Die beoordelaarskommissie wat die toekenning van die Hertzogprys aan *Trekkerswee* aanbeveel, verwys na "die pijnlike wegsinking van 'n deel van ons volk" (Nienaber 1965a:47).

as hulle vrouens en dogters".

4.8.3.2 *Raka* en die Klerewerkersliteratuur

N.P. van Wyk Louw se epiese gedig *Raka* (1941) kan gesien word as die poëtiese gestaltegewing aan die digter se siening van die aristokratiese ideaal (sien paragraaf 4.9.2.1 hieronder). 'n Tradisionele interpretasie van hierdie teks is dat die Afrikanervolk – soos die onbekende stam – in besit is van bepaalde geestesgoedere en 'n kulturele erfenis. Daar is dus sprake van die mite van 'n roemryke geslag, die besitters van besondere kultuurgoedere. Die Afrikaner word vervolgens gesien as gekonfronteer met die opkoms van die massa, met vervlakking en 'n verlies aan geestelike waardes, sowel as 'n oorgawe aan sinlike waardes. Die leier, Koki, simboliseer die geestelike, die draer van die aristokratiese ideaal. *Raka*, daarteenoor, is die draer van die sinlike drifwe, die afgod van die massas.

Die Klerewerkersliteratuur, met die klem op werkersolidariteit, kan teenoor *Raka* geles word as 'n pleidooi om groter mag vir die massas. Die sosialistiese inslag van die tekste dui op 'n anti-aristokratiese wêreldbeskouing, waar die enkeling alleen binne die geheel van die vakbond gedefinieer word. Vir die vakbondlede lê mag in die eenheid van die massa.

Hierdie vergelykings toon dat die Klerewerkersliteratuur 'n totaal ander gees adem as hierdie eksemplariese tekste uit die hoofstroomliteratuur. Laasgenoemde tekste gebruik die mite van die volksverlede en die aristokratiese volksideaal as stramien, terwyl die Klerewerkersliteratuur 'n inklusiewe demokratisering bepleit. In die volgende paragraaf word hierdie verskille teen die agtergrond van die groter literêr-ideologiese milieu geprojekteer.

4.9 *Moontlike redes vir die niekanonisering van die Klerewerkersliteratuur*

Ten einde hierdie redes te kan peil, is dit nodig om die literêr-ideologiese agtergrond waarteen hierdie tekste gepubliseer is, kortliks te omskryf. Dit is vanuit só 'n omgewing dat die tekste aanvanklik deur kanonvormers beoordeel sou word, wat derhalwe 'n bepalende invloed op die tekste se toekoms sou hê. Ook die literêre norme wat in die dertigerjare geheers het, kom onder die soeklig. Vervolgens sal die spesifieke aard en inslag (asook die "gehalte") van die Klerewerkerstekste teen die agtergrond van bogenoemde bevindings beskou word, ten einde moontlike redes vir die historiese en huidige niekanonstatus/lae kanoniseringstatus van die betrokke tekste te kan aanvoer.

4.9.1 Die Afrikaanse denkwêreld van die dertiger- en veertigerjare

4.9.1.1 Die ideologiese milieu van die dertiger- en veertigerjare

Kannemeyer (1984:265) wys daarop dat die Afrikanergemeenskap in hierdie jare gekenmerk is deur "felle teenstellings en innerlike spanninge, soos dié tussen platteland – stad, boer – fabriekswerker, welgestelde burger – bywoner en intellektueel – massamens". Hierdie spanninge loop dan uit op wesentlike en haas onoorbrugbare verskille tussen die verskillende lae van die bevolking, byvoorbeeld tussen Afrikaner-fabriekswerker en Afrikaner-intellektueel.

Nietemin is daar stemme wat opgaan ten gunste van eenheid onder Afrikaners. Só byvoorbeeld skryf A.H. Murray (in Snyman 1992:220) in 'n artikel in *Die Brandwag* (24 Maart 1939) dat die sogenaamde "verdeeltheid" van die volk 'n wanopvatting is. Dit is volgens hom van die allergrootste belang dat die volk moet leer om sy eenheid teen alle verbrokkelende magte te handhaaf.

Die dertigerjare word gekenmerk deur 'n sterk nasionale bewussyn, veral onder intellektuele Afrikaners en kultuurleiers. 'n Strewe na volkseenheid, kulturele selfstandigheid en ekonomiese onafhanklikheid kenmerk die opkomende Afrikanerbewussyn in hierdie jare (Snyman 1992:218). Van die kant van politieke en kerkleiers word 'n beroep op die Afrikaner gedoen om homself as "geroepene" te sien, wat 'n taak het ten opsigte van sy "volk" en "ras". Hierdie beroep, tesame met die volksfeeste van 1938 en 1949, lei uiteindelik tot die "mite" van die Afrikanervolk (Kannemeyer 1984:265).

Die implikasie hiervan is dat tekste wat die "mite" van Afrikanerdom voorhou en versterk, 'n groter kans op kanonisering sou hê as tekste wat teen só 'n ideologiese oriëntasie ingaan.

4.9.1.2 Die openbare mening

Die openbare mening oor die Klerewerkersunie se aktiwiteite was volgens Brink (1987:192) uiteenlopend. Die publiek se reaksies op die stakings deur die Klerewerkers in die laat twintigerjare en die vroeë dertigerjare bied volgens Brink 'n goeie beeld van destyds heersende openbare opinies. Terwyl die eerste stakings dikwels met applous begroet is, en die publiek hulle volle steun aan die werkers toegesê het, word die latere stakings met skerp kritiek en beledigings

bejeën. Die algemene gevoel was dat die stakende vroue hulle "swak gedra"; dat hulle gedrag hoegenaamd nie dié van dames is nie. 'n Germistonse magistraat se kommentaar tydens sy uitspraak (in Brink 1987:196) in die verhoor van twee stakende fabriekswerksters verwoord hierdie gevoel soos volg: "This sort of nonsense has to stop ... Leave the other girls alone, they appear to be satisfied with their conditions and are *behaving in a proper manner*. Now go away and *behave yourself*".

Uit sommige oorde – onder wie die polisie – is die fabriekswerksters kruweg as "lousy factory girls" en "factory meide" bestempel. Om te staak, het as 't ware sinoniem met immoraliteit geraak, aldus Brink (1987:196). ("To behave like a 'decent girl' meant that you did not strike and that you went back to work" – Brink 1987:197). Ook die gebruik van die woord "girls" om na dié vroue te verwys, dui op 'n miskenning van hulle menswees in eie reg asook hulle volwasse oordeel, aldus Brink. Sy skryf in hierdie verband: "A girl is by definition young, immature, subject to parental and other authority, obedient, inexperienced and not fully responsible for her actions – all in all, a 'non-adult'" (1986:163).

Daar kan dus afgelei word dat sogenaamde stryd- of versetliteratuur, waarin werkers tot optrede teen onderdrukking opgeroep word, nie positief deur die breë óf literêre gemeenskap ontvang sou word nie. Op dieselfde wyse sou die trivialisering van die werkersvrou as persoon noodwendig die trivialisering en marginalisering van haar literêre produkte tot gevolg hê.

4.9.2 Literêre kenmerke in die dertiger- en veertigerjare

Te midde van die opkoms van 'n groep jong intellektuele en professionele Afrikaners, staan 'n nuwe digtergenerasie – die Dertigers. Die Dertigerbeweging verteenwoordig 'n periode van verandering en vernuwing in die Afrikaanse literatuur, en beweeg weg van die tematies beperkte ouer literatuur wat hoofsaaklik oor 'n tipies Afrikaanse wêreld (die Groot Trek, die landelike verlede, die natuur, die Anglo-Boereoorlog, armoede, die taalstryd) gehandel het.¹⁰⁸ Hulle ondersoek eerder die moontlikhede van 'n veel meer persoonlike biegkuns, en beskou die poësie as 'n esteties-bewuste ambag. (Coetzee 1990:21 noem dat Dertig sinoniem geraak het met poësie).

Dit is dan veral die Dertigers wat deur hulle werk en lewensbeskouing die opkoms van 'n *petit bourgeois*-Afrikanergemeenskap legitimeer (Stander en Willemse 1992:7), terwyl die (gekanoniseerde) Afrikaanse poësie in hierdie tydperk konsolideer tot wat Coetzee (1990:26) 'n "bourgeois-poësie" noem. Spesifiek in hierdie tyd word die elitistiese aard van die Afrikaanse

¹⁰⁸ Malherbe (1940:104) verwys byvoorbeeld uit die perspektief van die laat dertigerjare na die poësie van die ouer

literatuur gevestig – Antonissen (1960:100) bestempel die Dertigers as " 'n klein geestelike élite. Hierdeur word die kloof tussen die enkeling-denker en die groot groep "daarbuite" geaksentueer. Van Wyk (1995:10) verwoord hierdie kloof soos volg: "The estrangement between literature and the workers pointed to a break in the organic unity of the nation; it indicated the emergence of petit bourgeois authors who no longer understood the aspirations of their people".

Oor die opkoms van die sogenaamde "ontspanningsliteratuur" as 'n meer "demokratiese genre", laat Antonissen (1963:52) hom in *Standpunte* van Junie 1954 soos volg uit:

Die bedryf van ons fabrikante van "ontspanningslektuur", van ons vervolgsverhaal- en liefdesroman-tikkers in die besonder ... is nie ... altyd só onwetend en só onskuldig nie. Vir ons prosakuns, en dus vir die groei tot volwassenheid, die mondigheid, ja die "gesondheid" van ons volk, is die hand oor hand toenemende invloed, die "gewildheid", van dié soort skrywers en skryfsters 'n groter gevaar as enigiets of -iemand anders. En hoe pretensieuser die erns waarmee hulle aangedien word of hulself aandien, hoe ernstiger die gevaar. Die "spesiale behoefte aan dié soort ligte leesstof" is nog een van die drogredes waarmee 'n "gedemokratiseerde" wêreld homself om die bos probeer lei.

Alhoewel Antonissen se uitspraak heelwat later as die aanvanklike publikasie van die Klerewerkerliteratuur gemaak word, werp dit nietemin lig op dié soort houdings wat moonlik tot die latere niekanonisering van die Klerewerkerliteratuur aanleiding gegee het. Antonissen staan duidelik 'n elitistiese (E-) literatuur voor, en toon min begrip vir die literêre behoeftes van die "gewone" mens.

Die strewe van die Dertigerdigters openbaar 'n pertinente begeerte om aan te sluit by die "groot" Europese literêre tradisie, in besonder die Nederlandse tradisie. Hieroor skryf Malherbe (1940:105):

Besieling is gesoek en gevind in die vreemde. Maar dis nie bloot Tagtiger-individualisme ... nie, maar die Nederlandse verskuns van omstreeks 1910 (en ook later) ... wat aan die jongeres hul eie stem besorg het ... So is daar in hul werk duidelik invloed bespeurbaar nie alleen van P.C. Boutens, Leopold en Henriëtte Roland Holst nie, maar ook van Geerten Gossaert, J.C. Bloem, A. Roland Holst, M. Nijhoff, Werumeus Buning, ook van Marsman, Slauerhoff en Anthonie Donker.

Coetzee (1990:26) beskou die Dertigerpoësie as 'n tradisie wat "bewustelik gegroei het uit 'n Westerse tradisie, en wat gestreef het na gelykheid van gehalte met die beste in die Westerse wêreld". Hieruit blyk dat die Dertigerpoësie in wese 'n Eurosentriese kuns was, waarin die grondvlak-aktualiteite van die eg Suid-Afrikaanse maatskappy nie altyd hanteer is nie.

In talle besinnende opstelle¹⁰⁹ dui N.P. van Wyk Louw in die dertigerjare bepaalde aspekte van die

digters as 'n "moedige koor oor volk en vaderland".

109 Hierdie opstelle is opgeneem in die bundels *Berigte te Velde* (1939) en *Lojale verset* (1939). Later word dit opgeneem in die versamelbundel *Versamelde prosa* (1986).

Afrikaanse literêre en kulturele lewe aan. In dié sin tree hy op as belangrike meningvormer in 'n tyd wat allerweë as een van groot literêre vernuwing bestempel word, en hy word ook alom as leierfiguur van die Dertigerbeweging¹¹⁰ erken. Kannemeyer (1984:386) erken (en kanoniseer derhalwe) Louw as "die leidende figuur van sy generasie en ... as digter en essayis een van die heel grootste persoonlikhede wat die Afrikaanse letterkunde nog geken het". Louw se uitsprake omtrent die literatuur van die dertigerjare kan derhalwe as verteenwoordigend van sienings oor die "hoofstroom" – oftewel gekanoniseerde – literatuur beskou word.

In 1936 identifiseer Van Wyk Louw in 'n toespraak op Stellenbosch¹¹¹ drie faktore wat die grondslag vorm van die Afrikaner se "nuwe" wêreldbeeld en daarmee saam ook die "nuwe letterkunde". Hierdie faktore is volgens Louw (1986:7) "die stroom na die stad toe, die verdwyn van die oue, lekker lewe selfs op die platteland en die plaas, en die skerper bewussyn van 'n klasseverdeling onder ons volk". Die eise wat volgens Louw (1986:8) aan 'n letterkunde gestel word wanneer hy hierdie veranderinge in die volkslewe wil interpreteer, is naamlik dat die literatuur "terug na die harde lewe van die volk" sal keer, maar terselfdertyd gepaard sal gaan met 'n "strenger intellektuele stel van al die groot menslike vraagstukke". Vir Van Wyk Louw is die konsep "volk" 'n allesomvattende, saamsnoerende krag en die Afrikaner se volkswording sal in 'n selfbewuste nasionale letterkunde kulmineer: "Maar die volk spreek bo alles die volledige menslikheid uit: hy omvat, ook in die letterkunde, alle teenstellings, rigtings en tydperke, en vat hulle saam tot 'n nasionale letterkunde met 'n eie aard" (Louw 1986:8).

Vir Louw is die twee fundamentele eise waaraan 'n letterkunde moet voldoen, dat dit vanuit 'n *nasionale perspektief* op 'n *intellektueel-deurskouende* wyse oor die lewe sal besin: "Die eerlike, strenge *deurdink* van die moderne lewe, soos uit ons nasionale standpunt gesien, met behulp van die groot wysbegeerte van alle tye, moet die grondslag van ons kuns wees" (Louw 1986:9).

4.9.2.1 Die verruiming van die literatuur en die rol van die intellektueel as sleuteltemas binne die Dertigerbeweging

Die Dertigerbeweging se vernaamste doelstelling is die verruiming van die Afrikaanse literatuur, ten einde 'n literatuur in die lewe te roep wat oor al die "groot" vrae van menswees sal besin. Só 'n literatuur sal alle fasette van menslike ervaring in Afrikaans kan uitdruk – elke "hartstog of gedagte wat 'n Afrikaanse mens beleef of gedink het" (Louw in Kannemeyer 1984:270). Louw (in Kannemeyer 1984:270) verwoord sy ideaal vir die Afrikaanse literatuur soos volg: "Alles, maar

110 Onder die Dertigers tel figure soos die digters Elisabeth Eybers, Uys Krige en W.E.G. Louw. Hettie Smit word soms as die Dertigers se "prosa-pendant" bestempel. Sien hoofstuk 3, paragraaf 3.5.

111 Vervat in die versamelbundel *Versamelde prosa I* (1986) onder die titel "Die rigting van die Afrikaanse letterkunde".

alles wat die moderne mens roer, wat sy vreugde of smart maak, moet ook in ons literatuur sy neerslag kry".

Die vraag wat hier gestel kan word, is egter: Wie is Van Wyk Louw se "moderne Afrikaanse mens?" Is dit die digter-intellektueel met 'n universiteitsagtergrond soos hyself, of die ekonomies en geestelik verarmde stedelike werker?

Louw (1986:12) beskou die begaafde enkeling, "die Rimbauds, Gorters en Dostojewski's wat tot op die uiterste grense van die menslike begrip moet gaan verken" as die ware aristokraat wat die grondlegger en draer van 'n volk se kultuurgoedere is. ("Dis deur die werk van die weiniges dat 'n volk as kultuurgroep gemaak en behou word" – Louw 1986:13). Teenoor hierdie enkele bevoorregte skeppers van "hoogste kuns" stel Louw die massamens, die "breë massas" by wie "belangstelling en toewyding ... , en dikwels ook verstand" (Louw 1986:12) ontbreek, sodat hulle in gebreke bly om op die paaie van die groot geeste te volg.

In sy 1938-opstel "Die aristokratiese ideaal", skryf Louw (1986:80) dat die kenmerk (en bedreiging) van die moderne tyd "die opkoms van die massa en die massawaardes" is – "(a)lles dreig om gepeupel te word". Slegs een ding kan die moderne mens van hierdie verval in (oppervlakkige?) massawaardes red: die terugkeer na die "aristokratiese ideaal" (Louw 1986:80). Die aristokratiese ideaal behels dat die stem van die begaafde enkeling, "die profeet, ... die boetprediker, ... die groot enkelinge, die kultuurskeppers" bó die "dreuning" van die massas gestel word. Dit is die "weerbaarheid teen massa-waardes; dit is die erkenning van die eensame taak om die geestelike skatte hoog te hou en veilig deur die massa te dra" (Louw 1986:81). Indien 'n groep of volk nie aan hierdie eis voldoen nie, en massawaardes word toegelaat om hoogty te vier, "verrot (die volk se) eie lomp liggaam soos 'n stuk vleis wat ongesout is" (Louw 1986:82). Hierdie siening vind neerslag in Louw se eie poësie, byvoorbeeld "Raka" (1941) en die bekende "Groot Ode" (1962). In die volgende reëls van laasgenoemde teks word die moderne verbruikersamelewing met sy klem op die materiële uitgebeeld: " ... hierdie brandende/ stad ... / waar tien-duisende tonne/ aartappels, kool en graan/ uit hyskrane, skopgrawe, lepels,/ deur chemiese metamorfose/ ómbrand tot tonne mensvleis/ wat wéér graan en kool gaan koop ... " (Louw 1981:322).

Louw sien dus die demokratiese ideaal van *vryheid, gelykheid, en broederskap* as 'n wesenlike bedreiging vir die kultuurlewe – en volgens hom ook behoud – van 'n volk¹¹². In die opstel "Gelykmaak en rangordening" bestempel Louw (1986:83) die demokratiese strewe na gelykstelling as 'n wesenlike onwaarheid wat " 'n waansin laat ontstaan het waarvan die wêreld baie stadig sal

112 Volgens Olivier (1992) is "volk" vir Van Wyk Louw 'n mistieke of ideële entiteit; 'n volk omvat alle teenstellings, rigtings en tydperke en vat hulle saam tot 'n nasionale letterkunde met 'n eie aard. Olivier maak ook die stelling dat Louw in die dertigerjare van die standpunt uitgaan dat die volledige werklikheid slegs binne die volk te vinde is.

genees". Ten opsigte van die kunstenaar – wat volgens Louw in wese ook intellektueel moet wees – geld die eis dat hy hom van die massa moet kan *distansieer*. Eerder as om vanuit die hart van die massa te skryf, moet die kunstenaar sy "eensaamheid bewaar soos 'n hol waarin (hy) telkens kan terugkruip met (sy) buit van nuwe kennis van die mens" (Louw 1986:171). Vanuit daardie geïsoleerde posisie kan hy sy kuns dan beoefen. Om deel te wees van die massa is 'n bedreiging vir ware kunsbeoefening: "Die gevaar vir die intellektueles vandag is nie dat hulle te ver van die volk¹¹³ af staan nie, maar dat hulle te veel binne in hom staan, deel van hom is, deurtrek van sy vooroordele, sy waardes, daarop ingestel om guns te verwerwe" (Louw 1986:171).

Uit bogenoemde blyk dit dat Louw 'n argument uitgemaak het ten gunste van 'n elitistiese houding in die kuns. Die "ware" kuns behoort deur die begaafde enkeling beoefen te word, nadat hy die volle omvang van die betrokke stuk werklikheid volgens die eise van intellektueel-wees deurdink het. Eweneens sal die produk nie vir almal toeganklik wees nie – onder meer omdat belangstelling en begaafdheid dikwels ontbreek. Deur sy verreikende invloed op die literêre en kultuurlewe in Suid-Afrika word 'n literatuur gekanoniseer wat berus op 'n aristokratiese, eerder as demokratiese lewensbeskouing.

Louw vra nêrens na moontlike redes vir die massamens se sogenaamde minder edele waardes nie. Belangstelling in en toegewydheid aan "groot kuns" is dikwels die produk van 'n opvoeding wat alleen die bevoorregtes beskore is, net soos "verstand" meer as dikwels die resultaat van omgewingsfaktore en opvoeding is. Die massamens leef dalk "slegs vir vandag", maar juis vanweë die feit dat elke dag 'n stryd is om te bestaan, om alleen maar liggaam en siel aan mekaar te hou. Dat daar nooit tyd is om "diep of alleen" te wees nie, is moontlik die gevolg van omstandighede: oorbesetting van 'n woonplek waarin privaatheid bykans onmoontlik is, of afstomping as gevolg van jare se swaarkry en lyding. Dit is ook nie onmoontlik nie dat die armoediges se innerlike lewens, en nié noodwendig verskraalde denkprosesse nie, verberg is agter die fasade van skugterheid, vervreemding, agterlikheid, en ambisieloosheid (Brink 1990:287). M.E.R. (aangehaal deur Brink 1990:282) slaag daarin om verby hierdie fasade te kyk, en 'n weduwee se denkende menslikheid raak te sien: "She is careworn and slow of speech, so that it is difficult to keep one's attention fixed on her, but it is worth the trouble, for she thinks".

Dit skyn dus asof Louw se norme vir "egte" literatuur by voorbaat die massamens uitsluit; die blouboordjiewerker, die halfgeskoolde Afrikaner, en sy daaglikse ervaringe en genietinge. In dié sin is dit moontlik om Louw se kriteria vir literatuur as antidemokraties te bestempel.

113 "Volk" in hierdie sin behoort dan eerder as sinoniem vir "die massa" gelees te word. Hier is dus sprake van 'n teenstrydigheid - aan die een kant is "volk" vir Louw 'n mistieke, inklusiewe entiteit, aan die ander kant is dit die massas, die gepeupel.

4.9.2.2 Nasionalisme en literatuur

Coetzee (in Snyman 1992:22) wys daarop dat 'n herwaardering van Van Wyk Louw binne historiese konteks tot die slotsom sou kon voer "dat sy aristokratisering en intellektualisering van sy poësieproses, sy individualisering van letterkunde, uiteindelik tog dialekties verwant was aan die versterking en regverdiging van Afrikaner-nasionalisme".

Oor die determinerende rol van die nasionalisme in alle denke en handeling van 'n Afrikaner skryf Louw (1986:25) in sy 1936-opstel "Gedagtes oor die nasionalisme en kuns":

In al hierdie stukke het ek ons eie nasionalisme genoem naas die bewegings wat aanspraak op 'n wyer geldigheid maak, en ek het daarvan byna soos 'n godsdiens gepraat. Dit het ek bewus gedoen, nie omdat die abstrakte nasionalisme by elke volk noodwendig dieselfde waarde moet hê en dieselfde ontwikkeling volg nie, maar omdat ons *Afrikaanse nasionalisme* vir ons jongeres 'n mag is wat dieselfde volstrekte eise aan ons stel as 'n godsdiens, wat ons dwing om die hele persoonlikheid in diens van 'n ideaal en van 'n menslike gemeenskap te stel, en wat aan ons 'n volledige en mooi lewe voorhou om te volg.

'n Uitspraak van Snyman (1992:250) wys op die belang van Afrikanernasionalisme as 'n vormende en bepalende invloed op die Afrikaanse literatuur in die dertigerjare:

Dertigervernuwing in die tydperk van Afrikaanse nasionale bewuswording is sinoniem met die gedagte van eenheid. Die voortbestaan van die kulturele lewe moes deur die taal en letterkunde verseker word. Die Dertigers was begaan oor die kwaliteit van nasionalisme waarvoor in die politiek, maar nog meer in die letterkunde en in die totale kultuur van die Afrikaner geveg word.

Die voorafgaande uitsprake dui dus op 'n voorkeur vir tekste waarin die nasionale strewe opgevang word. Deurdat 'n meningsvormer van die dertigerjare, soos Louw, die nasionale voedingsbodem van die literatuur so benadruk, kan afgelei word dat tekste wat 'n nasionale substraat vertoon, hulle weg na die kanon sou vind. Bygesê, Louw se nasionalisme was na alle waarskynlikheid eerder 'n middelklasnasionalisme waarin die werker se dikwels sosialistiese sentimente nie geakkommodeer sou word nie.

4.9.2.3 Individualiteit

Kannemeyer (1984:276) tipeer die Dertigerliteratuur (spesifiek die poësie, wat die dominante genre in dié tyd is) as 'n daadwerklik vernuwende literatuur, wat aanvanklik deur die verskyning van 'n individuele belydenispoësie sigbaar word. (W.E.G. Louw se bundel *Die ryke dwaas* is 'n sprekende voorbeeld van die persoonlike belydenispoësie). In hierdie soort teks word die ervaring van die belewende en skeppende subjek weergegee, en die klem val hoofsaaklik op die

persoonlike ervaring eerder as op die groter verband (byvoorbeeld die politiese) waarin dit geskied.

Louw stel egter in sy opstel "Individualisme en kentering" (1938) dat die term "individualisme" in der waarheid 'n misbruik van die kritici is. Teen die middel van die dertigerjare, "in een koerantartikel ná die ander het dit gelyk asof die hoogste lof wat 'n digter kon kry, was om 'individualisties' en 'gebroke' ... te wees" (Louw 1986:115). Kort daarna, teen 1937, verander die kritiese ingesteldheid, en kritici bestempel die individualisme eensklaps as "bevange", "eng", "eensydig" en "onbelangrik" (Louw 1986:115). Geen definitiewe onderskeid kan getref word tussen persoonlike en "volks"-poësie nie, aldus Louw. 'n Nasionale literatuur – as die hoogste norm – sluit albei soorte in. Die eg persoonlike poësie is lewensnoodsaaklik binne 'n nasionale literatuur, omdat " 'n (p)oging om die eenvoudige, populêre kuns tot die enigste kuns van die volk te maak, ... literêre bolsjewisme (is), 'n verheffing van die proletariaat tot alleenheerskappy" (Louw 1986:119).

Louw se standpunt hou dus in dat die konsep "individualisme" 'n konstruk van die kritiese gemeenskap is, en dat dit bowendien misbruik word. Die veranderlikheid en inkonsekwensie rondom die gebruik daarvan as literêre norm, word geïllustreer deur die hoë lof wat *Die ryke dwaas* (1934) as "individualistiese teks" toegeswaai is, teenoor die felle kritiek op *Sy kom met die sekelmaan* (1937).¹¹⁴

Die feit dat 'n resenter kanonvormer soos Kannemeyer se literatuurgeskiedenis¹¹⁵ die eerste fase van die Dertigerpoësie as "persoonlik" of "individualisties" tipeer, en die vernuwende waarde daarvan beklemtoon (alhoewel hy nie nalaat om te wys op die "gevaar ... van 'n estetisering ... en 'n te groot afgetrokkenheid van die buitewêreld met sy prikkels" nie), dui daarop dat individualisme steeds as etiket, en selfs norm vir die literatuur van die dertigerjare geld. (Kannemeyer 1984:278 karakteriseer hierdie poësie by wyse van beskrywings soos "persoonlike poësie oor die binnelewe van die individu", "op die binnelewe van die ek gerig en selfanalities en belydend van aard").

Dit is eweneens belangrik om te begryp dat hierdie "individualistiese" tekste feitlik uitsluitlik oor die innerlike lewe van die hoogs geskoolde, kunssinnige persoon handel. Die impetus om sulke tekste te produseer, het waarskynlik gekom van kontak met ander tale se literatuur¹¹⁶ (byvoorbeeld die Nederlandse Tagtigers met hulle doelstelling van die "allerindividueelste expressie van de

114 Sien in dié verband hoofstuk 3 en die *Sekelmaan*-polemie (3.3.2.12).

115 *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1*.

116 C.M. van den Heever (in Kannemeyer 1986:392) wys byvoorbeeld op die navolging van "Europese bane" en "floue afspeelings ... van wat daar reeds diep en volledig uitgewerk is" in *Alleenspraak* (Van Wyk Louw, 1935).

allerindividueelste emotie" – Louw 1986:117). 'n Grondige kennis van anderstalige literatuur¹¹⁷ sou na alle waarskynlikheid beperk wees tot diegene met naskoolse opleiding – met ander woorde, diegene wat nie deur broodgebrek gedwing is om hulle opleiding vroeg reeds te staak nie.

Die persoonlike ervarings van die belewende "ek" wat deur die Dertigers verwoord word, kan as uitsluitlik middelklaservarings getipeer word. Elisabeth Eybers se dertigerverse oor moederskap (*Die stil avontuur*, 1939), spruit byvoorbeeld uit die belewenisse van 'n vrou wat volledig in die liefde en moederskap kan opgaan omdat sy nie deur haar ekonomiese situasie gedwing is om lang ure buitenshuis te werk nie. Wanneer die omstandighede van vroue uit die werkersklas hiermee vergelyk word, skyn dit asof laasgenoemde hulle moeilik met Eybers se "formulering van moederskap" (Krog 1989:5-6) sou kon identifiseer. Terwyl Eybers se bundeltitel *Belydenis in die skemerig* van 'n stil, rustige, en kontemplatiewe skemeruur spreek, was die werkersklasvrou se belewenis daarvan veel anders. Vir dié vroue is die skemeruur die tyd wanneer hulle tuis kom na 'n dag van arbeid in die fabriek, en soos een vrou in 'n brief aan die sosiologiese navorser Hansi Pollak (aangehaal deur Brink 1990:283) skryf: "Often when I get home from work I feel as if I'm too tired even to lift anything".

4.9.3 Die Klerewerkerprosastukke: "gehalte", aard, en inslag as bepalende faktore by kanoniserings

Deur die spesifieke aard en inslag van die individuele prosatekste te beskou (soos reeds hierbo bespreek is), is dit moontlik om te bepaal in watter mate dit verskil van die norme (vir kanoniserings) soos in 4.9.2 uiteengesit. Hiernaas behoort die dikwels problematiese "gehalte"-kwessie ook in oënskyn te word (vergelyk 2.7.3) – soos dit verband hou met kanoniserings al dan nie.

4.9.3.1 Die sogenaamde "gehalte"-kwessie

Montefiore (1994:65) wys op die probleme verbonde aan die plasing van tekste wat sy bestempel as "van mindere gehalte", binne 'n vroulike tradisie. Sy skryf, onder meer met verwysing na die herontdekte Engelse vroulike poësie oor Wêreldoorlog I, soos versamel in Catherine Reilly se bundel *Scars Upon My Heart* (1981):

There is, nevertheless, a genuine problem in 'placing' bad or mediocre poetry¹¹⁸ by women

117 Met verwysing na die Dertigers skryf Antonissen (1982:83) in *Perspektief en profiel*: "Hulle lees nie net fragmentaries in Engels en Nederlands die reeds deur tyd gekanoniseerde digters nie, maar verdiep hulle sistematies in dié én in jonger én in tydgenootlike digters en prosaïste, ook uit ander en selfs heel 'vreemde' taal-en kultuursfere".

118 Lees "poetry" binne hierdie konteks ook as "literêre tekste".

(which certainly exists) in the context of a woman's tradition ... However grateful we are to the editor for disinterring these poems (which are full of interest to the social historian of ideologies), it cannot be pretended that many of them are good, most being uncomfortably reminiscent of the 'original contributions' section of an old-fashioned school magazine. In other words, the general effect is conventional, sincere and amateurish (Montefiore 1994:65).

Dit is veral by wyse van teksanalise en *close reading* dat Montefiore op die betrokke tekste se gebreke wys. Sy gee wel toe dat hierdie tekste, ten spyte van die talle literêre clichés daarin, nie van alle waarde ontdaan is nie. Sy verwys byvoorbeeld na Sandra Gilbert se argument, wat hierdie "oorlogsliteratuur" as vroue se weerstand teen hulle manlike onderdrukkers interpreteer, alhoewel sy dit redelik lughartig opneem. Ten slotte verwys sy kortliks na die kwessie van esteties twyfelagtige tekste:

The critical dilemma which emerges from considering the ideologically fascinating but aesthetically dubious is, however, more apparent than real. We do not in fact have to choose between the Scylla of historical determinism (seeing women as the victims of social and literary conventions and ideologies) and the Charybdis of essentialism (seeing all women's writing as determined by our suppressed energies) ... It is actually important that a woman's tradition be seen in relation to patriarchal discourse, so long as the relation is understood as opposition (Montefiore 1994:70).

Dit gaan hier eintlik oor uiteenlopende sake. Montefiore verwys naamlik na die slaggate van historiese determinisme aan die een kant en essensialisme aan die ander kant, maar dui nie 'n verband aan met die probleem om tekste wat esteties bevraagtekenbaar is, te hanteer nie.

Oor die standaardgebruik van normatiewe kriteria by die beoordeling van 'n teks sê Coetzee (1988:18) dat die tradisionele kritiese bedryf van evaluering via interpretasie niks anders is as 'n "parasitiese en mimetiese bedryf" nie. Om 'n teks eers te interpreteer en daarna aan 'n stel "vertroude norme" te meet "sodat die leser gesaghebbend ingelig kan word oor die estetiese waarde van die werk", lei tot die ontkenning van die diepe ideologiese begroning van 'n teks: "So word 'letterkunde' boeke op rakke, verhef tot die vergetelheid van 'kultuurskatte' en nie die skrif van die ideologie van 'n volk nie" (Coetzee 1988:18). Volgens Coetzee lê die waarde van 'n teks dus grootliks in sy vermoë om 'n volk se ideologiese oriëntasie te verwoord. In hierdie verband kan ook gevra word of die "gehalte"-argument nie soms gebruik word as voorwendsel om tekste vanuit 'n onaanvaarbare ideologiese sfeer uit die kanon te weer nie. Om die Klerewerkersliteratuur eenvoudig as "swak" of "van mindere gehalte" te bestempel, kan neerkom op 'n mistifikasie van die werklike (ideologies-politiese) redes vir niekanonisering.

Dit is moontlik om ander stelle norme as dié van byvoorbeeld die New Criticism (soos deur Montefiore gebruik) te implementeer by die beoordeling van 'n teks se kanoniseringstatus, oftewel potensiële kanonstatus. Even-Zohar, as eksponent van die polisisteamteorie, sien 'n teks se uiteindelijke "waarde" as die teksgenererende moontlikhede daarvan. Met ander woorde, 'n teks

se "waarde" lê in sy moontlikheid om as model vir verdere tekste op te tree.

Binne die Afrikaanse literêre wêreld kon die Klerewerkerstekste tot op hede egter nie daarin slaag om teksgenererend op te tree nie. Dié korpus tekste is 'n oënskynlik unieke voorbeeld van werkersliteratuur in Afrikaans, wat tot op hede skynbaar nooit herhaal is nie. Die vernaamste rede hiervoor is moontlik die feitlik volkome onbekendheid daarvan tot op hede – 'n onbekende, haas onverkrygbare teks kan immers nie nagevolg word nie. Selfs al het hierdie tekste nie in vergetelheid geraak nie, sou verskuiwings in die arbeidsmag ook vir nienavolging verantwoordelik kon wees. Die klerebedryf het algaande meer bruin werkers in diens geneem, en wit vroue het toenemend in ander sektore aktief begin raak, en kon moontlik nie meer identifiseer met die aard en doel van die Klerewerkersliteratuur nie. Die vraag hier is nou of bruin Afrikaanse vroue in die klerebedryf nie 'n behoefte aan literêre modelle en teksproduksie ondervind het nie? 'n Studie na moontlike redes vir hedendaagse nieteksproduksie in verskillende nywerheidssektore, en spesifiek die klerebedryf, kan ook interessante resultate oplewer. Indien die Klerewerkerstekste wel gekanoniseer sou word, is dit moontlik dat hulle vandaar kan optree as modelle vir hedendaagse werkersliteratuur in Afrikaans.

'n Ander maatstaf is dié van die radikale feminisme¹¹⁹ wat 'n teks se waarde in die uitdrukking van vroulike solidariteit en vroulike belewenis vind. 'n Teks is geslaagd wanneer die komponente van die lesbiese kontinuum daarin realiseer: vroulike binding (*women bonding*), gesamentlike weerstand teen patriargale onderdrukking, praktiese raad en bystand aan vroue in nood, asook diepgaande geestelike kommunikasie tussen vroue.

In van die tekste wat hierbo bespreek is, is gesien hoedat die konsep van die lesbiese kontinuum in heelparty gevalle konkreet gerealiseer word. Die verhaal "Rype ondervinding" is 'n voorbeeld hiervan – dit vergestalt onder meer die ideale van praktiese raad en bystand aan (minderbevoorregte) vroue, asook dié van vroulike solidariteit en weerstand teen patriargale onderdrukking. So ook bied "'n Alledaagse gebeurtenis" die moontlikheid van *women bonding*, terwyl weerstand in eenheid weer eens ter sprake kom.

Maitland (sien 2.7.3) stel eise waaraan vroulike tekste moet voldoen ten einde geslaagd te wees. Met betrekking tot haar kriteria, kan die volgende kommentaar op die Klerewerkerstekste gelewer word:

- i. Alhoewel die kompleksiteit van die eietydse vrou se lewe nie omvattend deur die Klerewerkerstekste gehanteer word nie, spreek dit die probleme van die werkersklasvrou

¹¹⁹ Sien paragraaf 2.6.3.3.

van die dertiger- en veertigerjare bevredigend aan. Dié vroue se lewensomstandighede word in meer as een teks realisties geteken, en so ook word die daaglikse struikelblokke wat deur die vroue ervaar is dikwels in besonderhede aan die leser voorgehou.

- ii. Terwyl daar nie voor die voet gesê kan word dat dit 'n paradigma van ortodokse feminisme stel nie, is feministiese spore nietemin oral herkenbaar. Dit word veral gerealiseer deur die manifestasie van die lesbiese kontinuum, soos hierbo gestel. Die patriargie word nie eksplisiet as die bron van vroue-onderdrukking uitgewys nie, en "Kapitaal" word eerder, in die gees van die sosialistiese filosofie, as onderdrukkende bron geïdentifiseer. Dit is teen dié bepaalde ekonomiese struktuur wat vroue weerstand moet bied.
- iii. 'n Evangeliserende funksie kom na vore via die didaktiese inslag wat 'n sentrale tendens in die tekste is. Op dié wyse word vroue ingelig aangaande die (werkers)vrou se verpligting om sosiaal betrokke te wees, sowel as die moontlikheid van 'n beter bedeling wat deur gesamentlike arbeid tot stand gebring kan word.
- iv. Hoewel die oorwegend naïewe vertellings en lomp stelwyses nie getuig van vernuwende taalgebruik of simboolstruktuur nie, is dit tog moontlik om te beweer dat 'n nuwe werklikheidsmodel – naamlik die visie van 'n regverdiger, sosialistiese bedeling – aan die lesers voorgehou word. Binne so 'n werklikheidsmodel speel elke werkster 'n beduidende rol as Unielid.
- v. Alhoewel die betrokke tekste waarskynlik 'n goeie leeservaring aan die minder geskoolde klerewerksters kon bied, vervul die tekste vandag nie meer so 'n funksie nie, as gevolg van die gedateerdheid en die oorwegend naïewe, ongesofistikeerde aard daarvan. Belangrik egter is die moontlikheid dat die teikenlesers baie goed met van die fiktiewe karakters sou kon identifiseer – veral by tekste soos "Rype ondervinding" en " 'n Alledaagse gebeurtenis".
- vi. Dit sou vergesog wees om te beweer dat nuwe mitologiese heldinne in die Klerewerkerstekste aan vroue voorgehou word. Veel eerder sou 'n mens kon sê dat heldinne in die verhale enersyds eensydig geïdealiseerde figure is, wat nie werklik enige relevansie vir die lesers sou hê nie, behalwe 'n ontvlugtingsfunksie. Andersyds is hierdie karakters egte vlees-en-bloed-mense soos die lesers self, waarmee hulle maklik sou kon identifiseer. Laasgenoemde se funksie lê hoofsaaklik op 'n didakties-ondersteunende vlak, deurdat dit wyses van optrede aan die hand doen waardeur swak omstandighede verbeter kan word.

- vii. Die onderdrukking van vroue word beslis deur van die bespreekte tekste aan die kaak gestel, byvoorbeeld "Die nag het donker geword" en " 'n Alledaagse gebeurtenis".

Dit blyk dus dat die betrokke prosatekste in groot mate aan Maitland se kriteria vir 'n bevredigende vroulike teks voldoen. Op grond hiervan is dit moontlik om te sê dat ten minste 'n deel van die Klerewerkersliteratuur 'n besliste plek binne 'n Afrikaanse vroulike tradisie en kanon verdien.

4.9.3.2 Die aard en inslag van die Klerewerkersliteratuur en redes vir niekanonisering

Dat 'n teks aan kriteria vir 'n geslaagde *vroulike* teks voldoen, impliseer hoegenaamd nie dat so 'n teks deur die breë literêre gemeenskap as "goed" geëvalueer sal word nie. Ook ander faktore speel 'n rol by die evaluering en uiteindelijke kanonisering of niekanonisering. Hierdie faktore word as enersyds *literêre* en andersyds *buite- (of ekstra-) literêre* faktore geklassifiseer, alhoewel hierdie twee kategorieë nie altyd maklik onderskeibaar is nie.

Wanneer literêre faktore rondom die kanonisering van die Klerewerkersliteratuur beskou word, kan die volgende opmerkings gemaak word:

- i. Die Klerewerkersliteratuur is nie van 'n besonder hoë *literêre* standaard nie. Dit blyk onder meer uit stilistiese gebreke soos lomp segswyses en geykte uitdrukkings en beelde, naïewe vertellings, swak taalgebruik, sentimentele voorstellings en eensydige en ongeskakeerde karakterisering. Globaal gesproke maak hierdie korpus tekste 'n indruk van amateuragtigheid, onafgerondheid, en 'n gebrek aan sofistikasie. Vanweë sulke intrinsieke kenmerke sal hierdie literatuur hom nie op "literêre meriete" kan beroep ten einde aanspraak te maak op 'n plek in 'n kanon van Afrikaanse literatuur nie.
- ii. Die Klerewerkersliteratuur verskil na gees en inhoud totaal van die tydgenootlike literatuur wat volgens die heersende literêre norme¹²⁰ van die tyd van produksie geproduseer is. Brink (1986:183) skryf in hierdie verband: "Several distinct themes which differ considerably from those explored by the mainstream Afrikaans literature of the time, such as D.J.Opperman, N.P. van Wyk Louw and Elisabeth Eybers, are evident in this literature". Die kenmerke van "groot" kuns, soos dit byvoorbeeld deur N.P. van Wyk Louw gepostuleer is, is nie aanwesig in die Klerewerkerstekste nie. Hieronder tel sake soos die ideale van individualisme asook die verruiming en intellektualisering van die kuns. Waar die

120 Waar onder "norme" verstaan word dié stel riglyne waarvolgens onder meer die gees en inhoud van 'n teks bepaal

Dertigerpoësie essensieel 'n kuns van die denkende en ervarende enkeling is, is die Klerewerkerliteratuur volkome in die massas met hulle daaglikse probleme gewortel. Dit is ook geen intellektuele tekste nie, intendeel, die eenvoud en naïwiteit daarvan is soms byna 'n verleentheid vir die moderne en gesofistikeerde leser.¹²¹

- iii. Deurdat die Dertigers – en die kritici wat hulle werk bespreek het – 'n baie geslote groep gevorm het, sou ánder literêre pogings maklik uitgesluit kon word. Die Dertigers het mekaar geken, was in organisasies soos die Vereniging vir die Vrye Boek saamgesnoer, en het die ondersteuning van literatore gehad wat hulle dikwels persoonlik geken het (vergelyk byvoorbeeld F.E.J. Malherbe). Opperman (1967:51) noem die Dertigers "professionele digters" wat aan universiteite verbonde was. Daar kan dus gesê word dat die skrywende lede van die Klerewerkersunie (amateurskrywers/-digters in die ware sin van die woord) nie die geleentheid gehad het om binne die sentrum van die polisistiem – soos dit deur die Dertigers en hulle mentors verteenwoordig is – te opereer nie.

Wat betref buite/ekstra-literêre faktore, die volgende:

- i. Daar is reeds op gewys dat die meganismes tot kanonisering nie by die produksie van die Klerewerkerliteratuur aktief was nie. So byvoorbeeld is die tekste nooit saamgegroepeer en as 'n bundel uitgegee nie, is dit nie geresenseer nie, en is dit nie in literatuurgeskiedenis vermeld nie. Die tekste het dus waarskynlik onbekend gebly vir die uitsluitlik hoogs geskoolde, middelklas literêre gemeenskap wat die sleutels van die meganismes tot kanonisering gehou het. Die kloof tussen die werkende en die intellektuele middelklas is derhalwe 'n verneme rede vir die niekanonisering van die Klerewerkerliteratuur.
- ii. Ideologiese redes is sekerlik die belangrikste redes agter die niekanonisering van dié literatuur. Hieronder kan genoem word dat die eksklusiewe nasionalistiese strewe van die (Gesuiwerde) Nasionale Party nêrens in die Klerewerkerliteratuur gereflekteer word nie, en dat 'n linkse inslag die tekste kenmerk (teenoor die meer regse inslag van die latere Apartheidsregering en Afrikanerbeheerde maatskappye, waaronder uitgewersmaatskappye soos Nasionale Pers). Daar is verwys na verskeie pogings vanuit nasionalistiese geleedere om die Klerewerkersunie te "skaak", juis omdat dié organisasie met sy sosialistiese sentimente 'n bedreiging vir die stabiliteit van die regering en die status quo ingehou het. Dit is dus ondenkbaar dat regeringsondersteunende

en geëvalueer word.

121 Dit is moontlik om (ii) ook as buite-literêre faktor te beskou. Dit word egter hier as literêre faktor gereken vanweë die (oorwegend) literêre aard van 'n saak soos "tema".

uitgewersmaatskappye die publikasie of onderskrywing van hierdie "protesliteratuur" sou onderneem het.

- iii. Daar is reeds aangedui dat die vroue van die Klerewerkersunie hulle negatiewe kritiek op die hals gehaal het met hulle sogenaamde onbehoorlike, onvroulike optrede. Hulle niekonformiteit ten opsigte van die norme vir ideale vrouwees – wat dikwels in die tekste gereflekteer word – sou derhalwe ook teen hulle werk getel het. Hierdie houding van die Suid-Afrikaanse (oorwegend Afrikaanse) publiek kan daarom beskryf word as 'n voorbeeld van seksistiese vooroordeel teenoor vroue wat buite die paradigma van tradisionele vroulikheid beweeg het, en sodoende die norme van die patriargale samelewing uitgedaag het. In hierdie verband kan ook gewys word op die groot "klassegaping" tussen die werkersvroue en die akademiese elite wat normaalweg dan ook kanonmakers is. Vergelyk byvoorbeeld die aangehaalde uitspraak hierbo van Johanna Cornelius waarin sy sê dat dit "algar Dokters, Predikante, Professore en geleerdes" is wat hulle aanval – met ander woorde, almal akademies-geskoolde middelklaslede. Bowendien was al laasgenoemde manlik (die "mnre."), sodat dit moontlik is om te sê dat daar diskriminasie op grond van klas én geslag was. Die aanval op die vroue se moraliteit is 'n sprekende voorbeeld van chauvinistiese vyandigheid.
- iv. Wat betref die kwessie van ondersteuning (*patronage*), kan beweer word dat die lede van die Klerewerkersunie 'n gebrek aan ondersteuning van enige aard (ideologies, finansiële, en statusgewys) ondervind het. In die teoretiese uiteensetting is gemeld dat finansiële subsidies feitlik altyd 'n voorwaarde is vir die totstandkoming en (voort)bestaan van 'n gekanoniseerde sisteem. Sulke ondersteuning was afwesig in hierdie geval. Veel eerder het die Dertigers die ondersteuning van die akademiese *establishment* geniet: ideologies, finansiële, sowel as statusgewys. (Vergelyk byvoorbeeld die Louw-broers se posisies aan universiteite, en hulle aanvaarding van die lewensstyl van akademiese elite, sowel as hulle veel meer tradisionele, nasionale oriëntasie en strewe). In die teenwoordigheid van so 'n ongedifferensieerde ondersteuning van die Dertigers as groep, is dit noodwendig so dat die Klerewerkerliteratuur as "afwykend", en as "lae" literatuur geëtiketteer sou word. In ooreenstemming met Lefevere se teorie sou dit dan ook feitlik onmoontlik wees om die Klerewerkerliteratuur formeel gepubliseer te kry, byvoorbeeld in bundelvorm. Die Klerewerker, kan gesê word, het as 't ware in isolasie en sonder steun hulle "alternatiewe" tekste geproduseer. Geleenthede tot bekendstelling aan die literêre *establishment* sou onmoontlik wees sonder die ondersteuning wat 'n groep soos die Dertigers geniet het.

4.9.3.3 Sintese: die kanoniseringsstatus van die Klerewerkersliteratuur

Die bevindinge hierbo impliseer dat die Klerewerkersliteratuur as 'n niegekanoniseerde korpus tekste geïdentifiseer kan word. Daar kan dus gesê word dat hierdie tekste 'n lae kanoniseringsstatus binne die polisteem van Afrikaanse literatuur het. As 'n groep is hierdie tekste verteenwoordigend van vroulike werkersklaswaardes in stede van die tradisioneel gekanoniseerde manlike middelklaswaardes, soos verteenwoordig deur die Dertigers.

Die kanonstatus, of altans, gebrek daaraan, van die Klerewerkersliteratuur behoort vanweë die sterk ideologiese onderbou van dié literatuur binne wyer politiese en samelewingsverbande gesien te word. Die polisteemteorie bied 'n nuttige raamwerk vir so 'n situering.

Die Klerewerkersliteratuur kan volgens die polisteemteorie gereken word as behorende tot die niegekanoniseerde strata van die Afrikaanse literatuursisteem. Binne die raamwerk van Even-Zohar se teorie is dit wel moontlik om die Klerewerkersliteratuur as 'n sisteem of subsisteem in eie reg te beskou. Teen die agtergrond van die gepostuleerde multifunksionele benadering kan die Klerewerkersliteratuur as 'n onderdeel (of subsisteem) van die A-sisteem binne die Afrikaanse literêre polisteem beskou word. Hierdie tipering word gemotiveer deur die didaktiese, politieke, en evangeliserende funksies van die Klerewerkersliteratuur, wat kenmerkend is van die A-sisteem. Hiernaas vervul van die tekste ook funksies van die O- en T-sisteme, naamlik die bied van ontspanning en/of ontvlugting aan die leser.

Na aanleiding van Showalter se model vir die ontwikkeling van 'n sublitteratuur, kan beweer word dat hierdie korpus tekste die kenmerk van **weerstand** vertoon. Binne 'n vroulike tradisie realiseer weerstand as die sogenaamde feministiese fase, waar daar onder meer protes teen manlike strukture van oorheersing aangeteken word, en vroulike bondgenootskappe beklemtoon word. As werkersliteratuur realiseer dié weerstand as 'n teenkanting teen kapitalisme en die beoefenaars daarvan. Die polisteemteorie se konsep van gestratifiseerde opposisies bied 'n verdere raamwerk waarvolgens die Klerewerkers se weerstand teen die status quo beskryf kan word. Daarvolgens verkeer die niegekanoniseerde elemente (die Klerewerkersliteratuur) in 'n voortdurende stryd met gekanoniseerde elemente (die *establishment*, sy waardes en literatuur).

Dié literatuur is om verskeie redes afwesig uit die kanon, maar veral op grond van ideologiese redes: die Klerewerkersliteratuur met sy sosialistiese oriëntasie is in 'n tyd van Afrikanernasionalisme nié gesien as 'n bron of riglyn vir die Afrikaner se kulturele gedrag nie. Die Klerewerkersliteratuur is ontken as deel van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis, ter bevordering van 'n mite van geïdealiseerde Afrikanerdom. Ten einde die nasionalistiese strewe te bevorder,

moes 'n idealistiese beeld van volkseenheid voorgehou word. Die protesstem van die werkers – wat hierdie "eenheid" sou verbreek – moes stilgemaak word. 'n "Middelklas-droom" (van die sogenaamde *petit bourgeoisie*) moes inslag vind in die Afrikaanse samelewing, en die Afrikaanse literatuur moes hiertoe meewerk. Sosiale werklikhede, soos die werkers se allesbehalwe romantiese oorlewingstryd, moes ontken word in diens van die mite van Afrikanereenheid bo alles. Hiermee saam gaan die definisie en voorstelling van die vrou binne haar patriargale beperkinge – as toegewyde vrou en moeder, en nié as stakende of protesterende, maar selfversorgende werker nie. ("These women challenged not only the system that drove them into a life of hardship and poverty but also the notions of Afrikaner womanhood to which they were subject" – Brink 1987:178). Ook hierdie projeksie van die vrou dra by tot die handhawing van die *status quo*.

Die herskrywing van die Afrikaanse literatuur as 'n "hoë" literatuur en die ontkenning van hierdie korpus werkersliteratuur is dialekties aan mekaar verwant. Uiteindelik is die ontkenning ook die herskrywing, en andersom. Die resultaat was dat die Afrikaanse literatuur 'n eksklusiewe, elitistiese beeld in die oë van Afrikaanssprekendes verkry het. Veral ná Sestig was Afrikaanse tekste dikwels vir die nieliterêr geskoolde leser moeilik verstaanbaar en moeilik mee identifiseerbaar.

4.10 Herevaluering en opname in die kanon

Soos reeds aangedui, moet alle bewegings in die rigting van die herevaluering van 'n Afrikaanse kanon (die herevaluering van die literêre kanon en die herskryf van die literêre geskiedenis waarna Van Niekerk 1994:9 verwys) op verskeie vlakke verantwoordbaar wees. In hierdie paragraaf word daar onder meer voorstelle aangebied wat betref die herevaluering en moontlike opname van die Klerewerkersliteratuur in die kanon. Die gevaar hieraan verbonde is uiteraard dat in plaas van om suiwer *literatuurwetenskap* te beoefen, die terrein van *kultuuroordrag* betree word. Hierdie voorstelle kan moontlik geregverdig word in die lig van die min werk oor kanonhersiening wat tot dusver binne die Afrikaanse literatuursisteem gedoen is. 'n Ander moontlike motivering is dat die praktyktoepaslikheid van kanonstudies op hierdie manier geïllustreer kan word, naamlik, dat navorsing oor kanoniseringsprosesse kan meewerk om nuwe/hersiene kanons daar te stel. Die gedagte is egter nié om voorskriftelik te wees nie, maar om kursoriese riglyne te verskaf aan latere ondersoekers en/of kanoniseerders.

Dit blyk uit byvoorbeeld Brink en andere (sien die oorsig van bestaande literatuur) se navorsing dat daar tans redelike ywer daarvoor bestaan om die Klerewerkersliteratuur te herevalueer. Die aandag wat dit in die onlangse verlede ontvang het (vergelyk die opname van 'n kortverhaal in

Vrouevertellings) dui hoogs waarskynlik op pogings vanuit die sogenaamde alternatiewe geleedere om die Klerewerkersliteratuur binne die sentrum van die Afrikaanse sisteem te integreer. Sulke pogings om die Klerewerkersliteratuur deel van die sentrum van die Afrikaanse literêre sisteem te maak, is volgens Shavit se siening polities-kultureel geïnspireer.

Wat die ideologiese verantwoording van die herevaluering van die Klerewerkersliteratuur betref, is dit belangrik om te beseft dat die Suid-Afrikaanse ideologiese omgewing van 1996 totaal verskil van die omgewing van die dertiger- en veertigerjare. Tans bevind Suid-Afrika hom in 'n periode waar sake soos feminisme aan die bod kom as deel van die wyer demokratiseringsproses, met gepaardgaande gelykberegting aan die voorheen onderdrukte, asook aan minderheidsgroepe. Groter simpatie vir die werkersklas en hulle probleme sal 'n natuurlike uitvloeisel van 'n wyer demokratiese ingesteldheid wees. Die imperatief om "polities korrek" te wees moet ook nie geringgeskat word nie – dit is byvoorbeeld tans wêreldwyd polities verkeerd om 'n aristokratiese, individualistiese lewensbeskouing te handhaaf.

Ten opsigte van die literêre verantwoordbaarheid van 'n herevaluering met die oog op kanonisering, moet daar beseft word dat dit altyd problematies is om tekste van twyfelagtige literêre kwaliteit¹²² op verantwoorde wyse binne die kanon te situeer. Wanneer sulke tekste wél gekanoniseer word, moet daar ander, buite-literêre redes wees wat swaarder weeg in die guns van kanonisering. Hieronder tel byvoorbeeld tekste se vermoë om as model vir verdere teksproduksie op te tree, asook feministiese kriteria soos gestaltegewing aan die lesbiese kontinuum.

Enige poging om dele van die Klerewerkersliteratuur binne die gekanoniseerde strata te integreer, moet die werklikhede van hierdie literatuur verdiskonteer – naamlik dat alhoewel dit nie altyd aan die eise van hoogstaande literêre gehalte voldoen nie, dit nietemin 'n venster open op die daaglikse ervarings van die Klerewerkers, sowel as hulle pogings om sin aan hulle lewens te gee, en probleme te oorkom.¹²³ Hierdie tekste het geen bewuste "hoë" literêre (E-) aspirasies gehad nie, maar was eerder gemik op die lesers van *Klerewerker* en die verskaffing van genot, opvoedingsgeleentheid, en sosiale kommentaar (O-, T- en A-funksies). Volgens Brink (1986:184) lê die waarde van hierdie literatuur veral daarin dat dit nuwe perspektiewe vir die hedendaagse leser open: "It gives a novel insight from below into their working lives and experiences in an urban, industrial environment and reveals an awareness amongst the garment workers of their denigrated position as working women in society". Tekste wat as suiwer ontvlugtings- of triviaal-

122 Volgens tradisioneel geldende kriteria, soos intellektuele en morele kompleksiteit, struktureienskappe soos samehang en digtheid, asook "estetiese" kwaliteite.

123 Brink (1986:184) skryf: "The literature of the garment workers is not of a very high quality. It is a working class literature, written by women about themselves and for themselves".

(T-) literatuur geklassifiseer word, sonder enige ideologiese (byvoorbeeld feministiese) kommentaar, of didaktiese funksie (dus A-literatuur), behoort nie as geskikte kandidate vir kanoniserings beskou te word nie. (Dink hier aan tekste soos "Onder treurwilger-takkies" of "Waar die winter-windjie fluister"). Tekste wat wel die genoemde eienskappe vertoon, kan ten spyte van literêre gebreke vir kanoniserings kwalifiseer (byvoorbeeld " 'n Alledaagse gebeurtenis", "Rype ondervinding", en "Die Baksteen"), mits die bestaan of nodigheid van kanoniserings erken word.

Daar is ook bevind dat die vroue van die Klerewerkersunie nie volgens die voorskrifte van 'n seksistiese ideologie gekonformeer het nie. Alhoewel hulle nie "egte" volksmoederwaardes in hulle tekste vergestalt nie, bied hulle 'n eie transformasie daarvan aan. Soos Brink aandui (1989:125), is dit spesifiek hierdie vernuwende aspek wat kanoniserings regverdig:

They had become the Voortrekker women of the new urban, industrial environment. A radical departure from the general notion and stereotype of Voortrekker women as symbols of Afrikaner motherhood, the Afrikaner home and Afrikaner family unity, they nevertheless exhibited the same strength and endurance which was so marked in Voortrekker women. Hence their literature deserves to take its place in South African and Afrikaans literary history, as an important manifestation of working class literature which developed parallel to the accepted and acceptable mainstream of Afrikaans literature.

Bogenoemde uitspraak raak dan ook aan die konsep van **herskrywing**. Van Niekerk (1990:27) verwoord in haar inleiding tot die Engelse versamelbundel *Raising the blinds*, die eise wat aan literatuurwetenskaplikes en -historici se hersienende werksaamhede gestel word: "... a total reassessment of literature, and a reconstruction of the literary tradition as well as the *rewriting of a literary history* is required" (my kursivering). Daar kan nietemin op gewys word dat hierdie soort uitspraak nie sonder meer as geldig vir alle tye en literatuursisteme verklaar kan word nie. Dit geld eerder vir dié gevalle waar diepgaande sosiale, politieke, en ander veranderinge 'n hersiening van die kanon verg.

Die Afrikaanse literatuur is aanvanklik (volgens Lefevere se gebruik van die term) herskryf om 'n blik op die dertiger- en veertigerjare te bied waaruit die Klerewerksliteratuur weggelaat is – hulle is as 't ware uit die kanon "uitgeskryf" deur middel van stilswye. Die literatuur van dié periode is deur kritici herskryf ten einde 'n literatuur van strewende deur die denkende enkeling voor te hou; 'n elitistiese literatuur waarin die verguisde "massa-waardes" van die gewone mens geen plek het nie. Vir hierdie tekste om hulle plek binne die Suid-Afrikaanse en Afrikaanse literatuurgeskiedenis te kan inneem, is 'n nuwe herskrywing nodig, soos Van Niekerk aandui. Die imperatief is nou om die Afrikaanse literatuur opnuut te herskryf, ten einde die stem van die werkersklasvrou vir die eerste maal wyd te hoor opklink.

Van Niekerk (1994:1) sien die daarstelling van 'n geslagsdiskoers as die uiteindelijke doel van alle

hersienings- en/of herskrywingshandelinge wat op tekste deur vroue betrekking het. Dit is egter belangrik dat literatuurwetenskaplikes en -historici sal besef dat dit in die geval van die Klerewerkersliteratuur oor méér as slegs die daarstelling van 'n vroulike diskoers en tradisie gaan – dit gaan oor die verruiming van die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse literatuur as geheel. Eerder as om nét 'n vroulike tradisie te vestig as uitkoms van 'n soeke na voorgangers, of 'n verteenwoordigende register van vroulike ervaring, moet die winste vir die globale konteks in ag geneem word.

Sulke winste sluit onder meer in die pluralisering van die Afrikaanse literêre sisteem. Van Niekerk (1990:26) sien herskrywing as : " ... an unanimous resistance against the enforcement of a single, so-called neutral, universal and undifferentiated aesthetic system". Deur byvoorbeeld werkersliteratuur binne die sisteem te akkommodeer, word die sisteem self 'n area van diversiteit en groei. Die Suid-Afrikaanse konteks, met sy groot verskeidenheid mense, kulture, en lae in die samelewing, bied 'n unieke geleentheid tot die realisering van so 'n pluralisme. Du Toit & Krog (1994:24) verwoord hierdie ideaal van pluralisme soos volg:

... (ons) staan ... op die drumpel van 'n kragtige, inheemse Suid-Afrikaanse feminisme, uniek vanweë die akkommodering van diversiteit. Die Europese en Amerikaanse feminisme is basies 'n wit middelklas konsep, terwyl die moontlikheid hier bestaan om vroue oor 'n verskeidenheid van grense heen ... te bevry.

Die stem van die gewone werker in Afrikaans sal derhalwe vir die Afrikaanse vrou én die Afrikaner, ongeag geslag, 'n bevrydingswaarde hê. Op dié manier kan die Afrikaanse literatuur loskom uit sy middelklas-elite gebondenheid en gewone mense aanspreek. Daardeur sal bewys word dat Afrikaans histories nie net 'n onderdrukkerstaal was nie, maar dat dit ook 'n stryd- en bevrydingstaal was. Sodoende kan die (gekanoniseerde) Klerewerkersliteratuur daartoe bydra om Afrikaans te demokratiseer. Dit kan dien as modelle vir tekste wat die bevryding van alle Suid-Afrikanners beoog; ook vir tekste wat die strewe na 'n inklusiewe demokrasie – soos dit deur die Klerewerkers gevisualiseer is – wil verwoord.

HOOFSTUK 5

ELEANOR BAKER SE STATUS IN DIE KANON

5.1 *Motivering en werkwyse*

Reeds in die eerste hoofstuk is aangedui dat Eleanor Baker, ten spyte van haar literêre produktiwiteit en selfs internasionale vertalings van haar werk oor sowat twee dekades heen, klaarblyklik redelike onbekendheid by ingeligte Afrikaanse lesers geniet. In 'n onderhoud met Corlia Fourie stel laasgenoemde die probleem ten opsigte van Baker se posisie binne 'n kanon van Afrikaanse literatuur soos volg:

Kritici is al geruime tyd aan die stry oor haar posisie in die Afrikaanse letterkunde. Party meen sy skryf verstrooiingslektuur – dameslektuur, noem hulle dit uit die hoogte – terwyl ander, soos André P. Brink, sê sy skryf post-modernisties (Fourie 1995:27).

Gevra wat haar reaksie op die kritiek teen haar werk is, antwoord Baker:

Die resensente is dikwels smalend oor boeke en die resensies nie objektief genoeg nie. As 'n resensent nie van 'n sekere soort storie hou nie, waarom nie vra dat die boek deur iemand anders geresenseer word nie? (Fourie 1995:27).

Fourie (1995:27) skryf verder in dié verband en haal Baker ook direk aan:

Sy (Baker) is veral ontsteld oor die ontvangs van *Die nes*, haar mees onlangse roman. 'Joan Hambidge het dit in *Insig* verpletter nog voor die boek verskyn het'. Selfs resensies wat haar boeke aanprys, is soms 'n mistasting. 'En omdat ek stories skryf wat van A tot Z werk, dink die kritici dit kan nie goed wees nie, want almal verstaan dit'.

Die ondersoeker se vermoede dat Baker se posisie binne die kanon kontensieus mag wees, word bevestig deur die volgende uitspraak wat André P. Brink reeds in 1984 maak:

Eleanor Baker is, kort en klaar, een van die fynste romanskrywers in die jonger Afrikaanse literatuur. Maar ook die *mees miskende* (Brink 1984:17).

In 1986 herhaal Brink sy uitspraak in heelwat sterker terme:

Dit is gewoon 'n skande: die manier waarop die kritiek besig is om, bedoeld of onbedoeld, Eleanor Baker dood te swyg (1986:15).

Uit bostaande aanhalings blyk dit duidelik dat Eleanor Baker se posisie met betrekking tot die Afrikaanse kritiese kanon geensins sonder dispuut en onsekerheid is nie. Hierdie hoofstuk wil poog om Baker se kanonstatus¹²⁴ (ten opsigte van amptelike, selektiewe, kritiese en pedagogiese kanons) aan die hand van kwantitatiewe en kwalitatiewe kanonaanduiders te evalueer en tot 'n interpretasie te kom, waarna dit vanuit 'n teoretiese perspektief beskou sal word. Daar word bowenal daarna gestreef om die grootskaalse verwarring rondom die kanonisering van Baker aan die hand van 'n teoretiese model te interpreteer.

5.2 *Kwantitatiewe ondersoek*

5.2.1 Literatuurgeskiedenis

Vir die doel van hierdie ondersoek na die kanonstatus van Eleanor Baker, is die volgende literatuurgeskiedenis geselekteer:

- i. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (J.C. Kannemeyer)
- ii. *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* (J.C. Kannemeyer)
- iii. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde* (E. Lindenberg)
- iv. *Perspektief en profiel* (red. P.J. Nienaber)
- v. *Die Afrikaanse literatuur sedert sestig* (T.T. Cloete e.a.)

Die motivering vir die keuse van dié literatuurgeskiedenis is dieselfde as in die geval van die ondersoek in hoofstuk 3, met uitsondering van die byvoeging van (v) en die weglating van Dekker en Antonissen se geskiedenis. Laasgenoemdes word weggelaat vanweë die feit dat dit verskyn het vóór Baker se debuut in 1972, terwyl Cloete e.a. se geskiedenis spesifiek op die jonger literatuur (ná 1960) gerig is.

Hierdie ondersoek van kwantitatiewe aanduiders behels – soos vantevore – 'n bepaling van die **aantal bladsye** wat aan 'n outeur afgestaan word, welke getal vervolgens as 'n persentasie van die totale aantal bladsye in die volume weergegee word.

124 Baker word gereken as om wel opgeneem te wees binne die Afrikaanse kanon. Daarom word "kanonstatus" gebruik.

TABEL 5.1

Literatuurgeskiedenis	Outeur	Jaar	Uitgawe	Totale pp.	Aantal pp.	% pp. ¹²⁵
<i>Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur II</i>	J.C. Kannemeyer	1983	1	577	0	0
<i>Die Afrikaanse Literatuur 1652-1987</i>	J.C. Kannemeyer	1988	1	494	1,75	0,35
<i>Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde</i>	E. Lindenberg	1972	3	145	0	0
		1973	4	168	0	0
		1980	5	216	0,5	0,23
		1987	6	216	0,5	0,23
<i>Perspektief en profiel</i>	P.J. Nienaber	1982	5	214	0,3	0,14
<i>Die Afrikaanse literatuur sedert sestig</i>	T.T. Cloete e.a.	1980	1	584	0,3	0,05

125 Syfers is afgerond tot die tweede desimaal.

5.2.2 Resensies

Sedert die publikasie van Baker se debuut in 1972, verskyn talle resensies oor haar werk in dagblaaie en tydskrifte. Met behulp van *Ineg*-soektogte, asook deur gebruik te maak van die jaarlikse uitgawes van *Bronnegids by die studie van die Afrikaanse Taal en Letterkunde* (uitgegee deur die NALN), is die volgende resensies/artikels opgespoor:¹²⁶

5.2.2.1 *Wêreld sonder einde* (1972)

- i. M.C. 1973. Dié boek beeld tydsgees uit. *Die Vaderland*, 12 Januarie.
- ii. A.J.C. 1973. Nuwe skryfster met talent. *Oggendblad*, 5 Februarie.
- iii. P.D.W. 1973. Skryfster wat belofte toon. *Die Transvaler*, 19 Maart.
- iv. A.v.Z. 1973. Voortreflike roman oor jeugprobleem. *Die Volksblad*, 26 Junie.
- v. S.E.v.Z. 1973. Eleanor se boek boei end-uit. *Die Suidwester*, 16 Julie.

5.2.2.2 *Splinterspel* (1973)

- i. Brink, André P. 1974. Dié boek word 'n aanklag teen uitgewer. *Rapport*, 24 Maart.
- ii. Schutte, Hannie. 1974. Afrikaanse verhalende lektuur. *Kaapse Bibliotekaris*, Mei.
- iii. Van der Walt, P.D. 1974. "Splinterspel" kundig en treffend. *Die Transvaler*, 20 Mei.
- iv. S.E.v.Z. 1974. "Splinterspel" oortuig nie. *Die Suidwester*, 10 Junie.

5.2.2.3 *Mørketiden* (1975)

- i. Brink, André P. 1975. Dié skryfster kan geselskap word vir Berta, Elsa... . *Rapport*, 26 Oktober.
- ii. De Vries, Abraham. 1975. Gemengde dis. *Rapport*, 13 November.
- iii. Van der Walt, P.D. 1975. Nuwe Roman weg van die realisme. *Die Transvaler*, 15 November.
- iv. De Vries, Abraham. 1975. 'n Soektog na betekenis. *Beeld*, 24 November.¹²⁷
- v. Onbekend. 1975. Twee sterk romans verryk ons letterkunde. *Die Vaderland*, 24 Desember.

¹²⁶ Die opgespoorde artikels word saamgegroepeer volgens die teks wat daarin bespreek word. 'n Chronologiese volgorde ten opsigte van publikasiedatums van die artikels word binne die verskillende groepe gehandhaaf, behalwe waar twee artikels om ooglopende redes in samehang bespreek behoort te word. In gevalle waar slegs afkortings in plaas van die outeur se volle naam gegee is, word dit so behou.

¹²⁷ Identies aan 5.2.2.3 (ii).

- vi. Eksteen, Louis. 1976. Kroniek van die Afrikaanse Prosa 1975. *Standpunte*, Desember.

5.2.2.4 *Monica* (1978)¹²⁸

- i. Brink, André P. 1978. 'n Bevestiging van die reg om te droom. *Rapport*, 18 Junie.
 ii. Smuts, J.P. 1978. Nie ver genoeg bo die tydskrifmatige nie. *Die Burger*, 27 Julie.
 iii. Olivier, Gerrit. 1980. Wette en taboes. *Standpunte*, Februarie.

5.2.2.5 *As 'n pou kon vlieg* (1980)¹²⁹

- i. Joubert, Maureen. 1980. Om te lees. *Sarie Marais*, 23 Julie.

5.2.2.6 *'n Geslote boek* (1981)

- i. A.P. 1982. *Kaapse Bibliotekaris*, Maart.

5.2.2.7 *Weerkaatsings* (1984)

- i. Gilfillan, Rita. 1984. Eleanor Baker is in staat tot veel meer. *Die Vaderland*, 1 Oktober.
 ii. Brink, André P. 1984. Só trap resensent darem nie modder op 'n goeie, lekker boek nie! *Rapport*, 11 November.
 iii. Breytenbach, Kerneels. 1984. Besondere sprokie. *Die Burger*, 15 November.
 iv. Louw, Jorda. 1984. Stramheid en anglisismes hinder in sprokie. *Die Oosterlig*, 28 November.
 v. Rabie, Jan. 1985. Two new novels of note from Afrikaans writers. *The Cape Times*, 30 Januarie.
 vi. Z.J.E. 1985. *Kaapse Bibliotekaris*, Januarie.
 vii. I.v.Z.¹³⁰ 1985. *Die Suidwester*, 22 Februarie.
 viii. J.L.¹³¹ 1985. Skryfstyl van sprokie klink 'houterig'. *Die Oosterlig*, 28 Maart.
 ix. Van Zyl, Ia. 1985. Prosa 1984. *Tydskrif vir letterkunde*, Mei.

128 Wat hierdie teks betref, was dit nie moontlik om verdere resensies op te spoor nie. *Bronnegids by die studie van die Afrikaanse Taal en Letterkunde* het nie in 1978 verskyn nie, volgens die geraadpleegde biblioteke. Geen inskrywings van resensies oor *Monica* verskyn in die bibliografie *Repertorium van SA Tydskrifartikels* (1978-1979) nie, terwyl *Index to SA Periodicals* eers sedert 1980 beskikbaar is.

129 Hierdie teks is eintlik 'n "verblyfboek", oor die skryfster se verblyf in Iran. Dit word egter as "roman" in die ondersoek betrek.

130 Ia van Zyl?

131 Jorda Louw?

- x. Botha, Elize. 1985. Prosakroniek. Oud en nuut in die Afrikaanse prosa 1983/1984. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, September.
- xi. Roos, Henriette. 1985. Verhaal en suksesverhaal, of: Op soek na goeie, gewilde prosa. *Standpunte*, Oktober.
- xii. J.O. 1986. Curiosity draws the reader on. *Pretoria News*, 21 Augustus.

5.2.2.8 Dossier van 'n gyseling (1985)

- i. Van Zyl, Anna. 1985. 'n Akkurate dossier met diepe insig. *Die Volksblad*, 24 Augustus.
- ii. Mittner, Esmé. 1985. Avontuur in Europa. *Sarie Marais*, 11 September.
- iii. Wiehahn, Rialette. 1985. Gyseling het heelwat literêre meriete. *Die Transvaler*, 12 September.
- iv. Louw, Jorda. 1985. Verdieping val op in jongste werk. *Beeld*, 7 Oktober.
- v. Louw, Jorda. 1985. Verdieping val op in Baker-boek. *Die Oosterlig*, 24 Oktober.¹³²
- vi. Z.J.E. 1985. *Kaapse Bibliotekaris*, Desember.
- vii. Brink, André P. 1986. Daar sal gebloos word oor dié skryfster. *Rapport*, 12 Januarie.
- viii. Van Zyl, Ia. 1986. Nuwe boeke. *Die Suidwester*, 24 Januarie.
- ix. Botha, Elizabeth. 1995. *Die Patriot*, 16 Maart.

5.2.2.9 Die kwart-voor-sewe-lelie (1988)

- i. Slabber, Coenie. 1988. Rosa en Morkel en Eleanor... . *Rapport*, 7 Augustus.
- ii. J.B. 1989. *The Cape Times*, 11 Februarie.
- iii. Van Zyl, Anna. 1989. Dié werk pak jou beet en voer jou mee. *Die Volksblad*, 11 Februarie.
- iv. Hambidge, Joan. 1989. Baker goël bedrewe met konvensies. *Beeld*, 20 Februarie.
- v. Pakendorf, Gunther. 1989. Blomtyd, maar Iris wil nie blom. *Die Burger*, 30 Maart.
- vi. Grobler, Hilda. 1989. Méér as 'n leesbare, ligte roman... . *Die Transvaler*, 17 April.
- vii. Van Zyl, Ia. 1989. *Die Republikein*, 28 April.
- viii. Grobler, Hilda.¹³³ 1989. Ligte verhaal baken nuwe grense af. *Tempo*, 18 Mei.
- ix. Onbekend. 1989. *Artes Natales*, Junie.
- x. EdeR. 1989. Vrou se verhaal. *Die Karet*, 15 Augustus.
- xi. Onbekend. 1990. Illusie en desillusie by Eleanor Baker. *Zuid-Afrika*, 28 Februarie.

¹³² Let daarop dat hierdie resensie 'n kopie is van die voorafgaande.

¹³³ Alhoewel die outeur van die artikel nie vermeld word nie, kan daar vermoed word dat dit wel Hilda Grobler is, aangesien die *Tempo*-artikel 'n kopie van dié in *Die Transvaler* is.

5.2.2.10 *Daar is spore op die maan (Jeugroman, 1991)*

- i. Cilliers, Cecile. 1991. Hantering van tienerseks verfrissend. *Insig*, November.
- ii. Steenberg, Elsabe. 1991. Bekende skrywer se eerste jeugverhaal. *Beeld*, 4 November.
- iii. Marais, René. 1991. Waarhede sonder preek oorgedra. *Rapport*, 24 November.
- iv. Gouws, Tom. 1991. Tienerboek in die kol. *Die Transvaler*, 19 Desember.
- v. Rosenthal, Jane. 1992. Heavy issues dealt with delicately. *Weekly Mail*, 4 Junie.

5.2.2.11 *In die middel van die Karoo (1991)*

- i. Onbekend. 1991. Eleanor Baker se tiende roman verskyn. *Beeld*, 24 Oktober.¹³⁴
- ii. Engelbrecht, Theunis. 1991. Wisselwerking tussen kulture is broodnodig. *Beeld*, 21 November.
- iii. M.T. 1991. Ontknoping verras leser. *Die Oosterlig*, 29 November.
- iv. Wÿbenga, Gretel. 1992. Die soeke na 'n sinvolle bestaan. *Beeld*, 6 Januarie.
- v. Pakendorf, Gunther. 1992. Nog van dié beskeie boeke, asseblief! *Die Burger*, 22 Januarie.
- vi. Britz, Etienne. 1992. Sou 'n haan in die Karoo dan nie kraai? *Rapport*, 26 Januarie.
- vii. Cilliers, Cecile. 1992. Baker se Karoo-boek swak versorg. *Insig*, Februarie.
- viii. Human, Koos. 1992. "Ja!" sê Koos, Cecile ís mos nou puntenerig. *Insig*, Maart.
- ix. Onbekend. 1992. Fantasia vir karakter en leser. *Die Republikein*, 27 Maart.
- x. Ester, Hans. 1992. Een thuishoof by Elanor Baker (sic). *Zuid-Afrika*, Junie.
- xi. Wÿbenga, Gretel. 1992. Eleanor Baker: "In die middel van die Karoo". *Tydskrif vir letterkunde*, November.

5.2.2.12 *Die nes (1993)*

- i. Hambidge, Joan. 1993. Baker verklap die geheim te gou. *Insig*, Mei.
- ii. Slabber, Coenie. 1993. In memoriam vir apartheid. *Rapport*, 6 Junie.
- iii. Wÿbenga, Gretel. 1993. Dié roman beur met 'n vaart altyd vorentoe. *Beeld*, 12 Julie.
- iv. Olivier, Gerrit. 1993. 'n Eienaardige eeuwending. *Vrye Weekblad*, 22 Julie.
- v. Potgieter, Annaliese. 1993. Metateks in boeiende storie. *Die Burger*, 28 Julie.
- vi. Jansen, Ena. 1993. 'n Goeie storie. *De Kat*, 31 Julie.
- vii. Du Plessis, Hans. 1993. Dis goed, dis gewild, dis Eleanor Baker... . *Rapport*, 5

134 Hierdie bydrae is 'n boekaankondiging eerder as 'n resensie en word derhalwe nie ontleed nie.

September.

- viii. Barnard, Riana. 1994. Eleanor Baker “ken haar storie” in elfde roman. *Die Volksblad*, 1 Augustus.
- ix. Wÿbenga, Gretel. 1995. *Tydskrif vir letterkunde*, Mei.

5.2.2.13 Verbeelde werklikheid (1996)

- i. Kannemeyer, J.C. 1996. Dié roman is ragfyn beplan. *Rapport*, 30 Junie.
- ii. Grobler, H. 1996. “Verbeelde werklikheid” is heerlike boek. *Vrydag*, 19 Julie.
- iii. Van Biljon, M. 1996. Die vrou se lewe in ‘n spieël gesien. *Die Burger*, 24 Julie.
- iv. Botha, Elize. 1996. Baker voer lesers mee met humor, verfynde vaardigheid. *Beeld*, 26 Augustus.
- v. Viljoen, Louise. 1996. Baker trek ‘n deur toe. *Insig*, Augustus.
- vi. Du Plooy, H. 1996. Populêr, maar op die grens met die ernstige. *Die Volksblad*, 14 Oktober.
- vii. Van Vuuren, Helize. 1996. Aanbeveel. *De Kat*, Desember.

5.2.2.14 Onderhoude met Eleanor Baker

- i. De Beer, Diane. 1987. Back home again... . *Pretoria News*, 22 September.
- ii. Krüger, Louis. 1988. 'n Kop vol boeke. *De Kat*, Augustus.
- iii. Prinsloo, Koos. 1993. Skryf is soos naaldwerk doen. *De Kat*, Junie.
- iv. Fourie, Corlia. 1995. Eleanor is terug op eie bodem. *Rooi Rose*, 23 Augustus.

5.2.2.15 Ander artikels waarin die kanonisering van Eleanor Baker ter sprake kom

- i. Onbekend. 1987. Baker maak naam in buiteland. *De Kat*, Februarie.
- ii. Brink, André P. 1988. Populêre en hogere literatuur. *De Kat*, Oktober.
- iii. Van Vuren, A.J. en Oosthuizen, B.L. 1990. Ontwikkeling van kriteria vir die beoordeling van die populêre liefdesverhaal in die openbare biblioteek. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Biblioteek- en Inligtingkunde* 58(1).

Soos in die geval van die empiriese ondersoek na die kanonisering van Hettie Smit in hoofstuk 3 word 'n tweeledige werkwysing gevolg. Eerstens word 'n kwantitatiewe ondersoek gedoen, wat behels die bepaling van die aantal resensies wat 'n werk/outeur ontvang. In die tweede plek word

die **lengte** van die afsonderlike resensies in berekening gebring.

In totaal is daar 79 resensies oor Eleanor Baker se twaalf romans vir volwassenes opgespoor.

Daarnaas is 5 oor haar jeugroman gevind.

TABEL 5.2¹³⁵

Outeur	Aantal woorde in resensie	Gemiddelde aantal woorde
<i>Wêreld sonder einde</i>		381,50
M.C.	176	
A.J.C.	732	
P.D.W.	415	
A.v.Z.	440	
S.E.v.Z.	203	
<i>Splinterspel</i>		246,25
A.P. Brink	290	
H. Schutte	125	
P.D. van der Walt	360	
S.E.v.Z.	210	
<i>Mørketiden</i>		542,60
A.P. Brink	1065	
A. de Vries (<i>Rapport en Beeld</i>)	665	
P.D. van der Walt	428	
Onbekend	99	
L. Eksteen	456	
<i>Monica</i>		782,67
A. P. Brink	1260	
J.P. Smuts	800	
G. Olivier	288	

135 In tabel 2 word slegs die outeur van 'n resensie telkens vermeld. Die volgorde van die resensies kom ooreen met dié in die chronologiese lys onder 5.2.2 - verwys dus daarna vir volledige besonderhede insake die resensie.

<i>As 'n pou kon vlieg</i>		357,00
M. Joubert	357	
<i>'n Geslote boek</i>		165,00
A.P.	165	
<i>Weerkaatsings</i>		452,25
R. Gilfillan	648	
A.P. Brink	2200	
K. Breytenbach	328	
J. Louw	324	
J. Rabie	184	
Z.J.E.	126	
I.v.Z. (<i>Die Suidwester</i>)	276	
J. Louw	370	
I. van Zyl (<i>Tydskrif vir letterkunde</i>)	560	
E. Botha	103	
H. Roos	168	
J.O.	140	
<i>Dossier van 'n gyseling</i>		484,90
A. van Zyl	842	
E. Mittner	184	
R. Wiehahn	655	
J. Louw (<i>Beeld en Die Oosterlig</i>)	390	
Z.J.E.	96	
A.P. Brink	1184	
I. van Zyl	316	
E. Botha	212	
<i>Die kwart-voor-sewe-ielie</i>		410,50
C. Slabber	101	

J.B.	100	
A. van Zyl	732	
J. Hambidge	936	
G. Pakendorf	690	
H. Grobler	511	
I. van Zyl	216	
H. Grobler	511	
Onbekend	96	
E. de R.	161	
Onbekend	462	
<i>Daar is spore op die maan</i>		514,80
C. Cilliers	740	
E. Steenberg	705	
R. Marais	540	
T. Gouws	427	
J. Rosenthal	162	
<i>In die middel van die Karoo</i>		730,90
T. Engelbrecht	1170	
Onbekend	149	
M.T.	240	
G. Wÿbenga (<i>Beeld</i>)	1350	
G. Pakendorf	420	
E. Britz	364	
C. Cilliers	835	
K. Human	385	
Onbekend	1020	
H. Ester	641	
G. Wÿbenga (<i>Tydskrif vir letterkunde</i>)	1834	

Die nes		524,60
Hambidge	515	
C. Slabber ¹³⁶	90	
E. Jansen	618	
G. Olivier	352	
G. Wýbenga	588	
A. Potgieter	582	
H. du Plessis	650	
R. Barnard	570	
G. Wýbenga (<i>Tydskrif vir letterkunde</i>)	756	
Verbeelde werklikheid		455,57
J.C. Kannemeyer	850	
H. Grobler	175	
M. van Biljon	350	
E. Botha	595	
L. Viljoen	792	
H. du Plooy	258	
H. van Vuuren	329	

136 Die betrokke artikel deur Coenie Slabber verskaf 'n oorsig van meer as een publikasie - derhalwe word alleen dié gedeelte wat oor Baker handel, se aantal woorde hier in berekening gebring.

5.2.3 Sintese

Wat betref die ondersoek van literatuurgeskiedenis, kan genoem word dat Baker se afwesigheid in *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (1983) betekenisvol is. So 'n weglating dui eksplisiet op weglating uit die kanon van Afrikaanse literatuur. Dit is wel moontlik om die opname van Baker in die 1988-uitgawe van *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* as 'n poging tot regstelling in dié verband te interpreteer. Baker is wel opgeneem in die ander literatuurgeskiedenis, maar nêrens word 'n werklik beduidende aantal bladsye aan haar gewy nie. Dit sal wel insiggewend wees om na te gaan hoeveel plek in die nuwe uitgawe van *Perspektief en profiel* aan haar afgestaan word (veral gesien in die lig van die feit dat sewe tekste uit haar pen verskyn het sedert die laaste uitgawe van *Perspektief en profiel* in 1982). Uiteraard sal die kanonisering van Baker se oeuvre veel beter gereflekteer word deur 'n meer resente literatuurgeskiedenis wat die volledige oeuvre tot op datum in berekening bring.

Wat betref die kwantitatiewe ondersoek na resensies oor Baker se oeuvre, kan die volgende opmerkings gemaak word:

- Dit skyn dit asof Baker se werk wél heelwat aandag vanuit die kritiese gemeenskap ontvang het, te oordeel na die 84 resensies wat oor 13 tekste opgespoor kon word. Daar moet egter aanvaar word dat die getal van 84 resensies onderverteenvoerdigend is, omdat die biblioteke wat om hulp genader is, nie alle resensies – veral dié uit dagblaaie van die sewentigerjare – beskikbaar kon stel nie.
- Wanneer die verkreë data statisties verwerk word, blyk dit dat elke teks gemiddeld 6,55 resensies ontvang het. 'n Gemiddelde van dié grootte kan wel as 'n aanduiding van kennisname deur die kritiese gemeenskap beskou word: die eerste stap op pad na kanonisering. (Wat betref die statistiese verwerkings, word daarop gewys dat die jongste teks, *Verbeelde werklikheid*, nié in berekening gebring is nie. Die rede hiervoor is dat die teks nog in die proses van resensering verkeer, en daar waarskynlik ná die afhandeling van hierdie studie nog 'n aantal resensies sal verskyn. Gevolglik sal statistiese gegewens gebaseer op die sewe resensies wat reeds verskyn het, 'n vals indruk van die kritiese resepsie van die teks skep).
- Statisties is bereken dat die standaardafwyking ten opsigte van die aantal resensies deur die syfer 4,06 verteenwoordig word. Hierdie afwyking is toe te skryf aan die kleiner tellings wat ten opsigte van Baker se vroeë tekste verkry is. Die implikasie hiervan is dat Baker se werk met verloop van tyd méér aandag van die kritiese gemeenskap ontvang het.

Wanneer die **gemiddelde aantal** resensies per teks nagegaan en met die onderskeie verskyningsdatums van die tekste in verband gebring word, word 'n stygende lyn waargeneem. Daar word naamlik gesien dat die latere tekste (1984 en verder) as 'n reël meer resensies ontvang het. So byvoorbeeld ontvang *Weerkaatsings* twaalf resensies, en *Die kwart-voor-sewe-lilie* en *In die middel van die Karoo* elk elf resensies. *Dossier van 'n gyseling* en *Die nes* ontvang elk nege resensies. Daar behoort nietemin op gewys te word dat 'n tendens in die rigting van meerdere kanonisering op kwantitatiewe vlak nié noodwendig beteken dat dieselfde op die kwalitatiewe vlak gebeur nie, alhoewel die waarskynlikheid relatief groot is dat 'n korrolasionele verband tussen die twee veranderlikes¹³⁷ bestaan.

Wat betref die **lengte** van die resensies is gevind dat die rekenkundige gemiddelde van die resensies oor die eerste elf boeke vir volwassenes 461,65 woorde is. Die rekenkundige gemiddelde van die resensies oor *Monica* is die hoogste (782,67 woorde), gevolg deur *In die middel van die Karoo* (730,90 woorde), *Mørketiden* (542,60 woorde) en *Die nes* (524,60 woorde). Die voorlopige syfer vir *Verbeelde werklikheid* (455,57) is laer as dié vir *Dossier van 'n gyseling* (484,90), wat die vyfde posisie inneem. In dié geval is dit dus nie moontlik om enige patroon ten opsigte van verskyningsdatums te identifiseer nie.

In hierdie stadium kan beweer word dat dit by die kanonisering al dan nie, van Baker nie soseer oor 'n gebrek aan resensies gaan nie. Baker is nié deur die kritiese gemeenskap geïgnoreer nie. Intendeel, haar romans is feitlik sonder uitsondering deeglik geresenseer in dikwels omvangryke besprekings. Ten opsigte van literatuurgeskiedenis kan egter gesê word dat Baker se oeuve tot dusver relatief min aandag ontvang het.

Daar skyn wel 'n tendens te bestaan dat Baker se werk heelwat meer in die dagbladpers as in vakkundige (literêre) tydskrifte geresenseer word. Die vraag sou nou by die ondersoeker kon ontstaan of dié moontlik vertolk moet word as 'n aanwyser dat Baker se oeuve nie werklik as "ernstige (E-) literatuur" gereken word nie? Die implikasie van so 'n toedrag van sake sou kon wees dat literêre blaai se teikenlesers volgens herskrywers dalk nie dieselfde groep lesers is as die teikenlesers van Baker se boeke nie. Daardeur sou Baker se oeuve implisiet tot nié-E-literatuur verklaar word.

5.3 *Kwalitatiewe ondersoek*

137 *Onderskeidelik kanonaanduiders op kwantitatiewe en op kwalitatiewe vlak.*

5.3.1 Literatuurgeskiedenis

Vir die doel van hierdie kwalitatiewe ondersoek na die kanonisering van Eleanor Baker, word die literatuurgeskiedenis soos genoem in 5.2.1 as navorsingsmateriaal gebruik. Uiteraard word die volume waarin Baker nie vermeld word nie (Kannemeyer 1983) nie ondersoek nie.

5.3.1.1 *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987*

Hierdie gedeelte oor Baker se oeuvre is hoofsaaklik inliggend van aard en behels dat die inhoud van elk van die tekste in breë trekke weergegee word. Die volgende uitsprake het implikasies vir kanonisering al dan nie:

- i. In *Monica* (1978) probeer Baker die verveling en alledaagsheid van 'n vrou naby die middeljare oordra ... Die sleur van die gewooneid van haar bestaan is subtiel verbeeld, maar dit word terselfdertyd vir die leser 'n dorre ervaring wat slegs teen die einde ... dramatiese momentum verkry
- ii. (In 'n *Geslote boek*) werk één ervaring ... beslissend in op Magdaleen se lewe en *verhef* dit die roman bo die middelmoet van *ontspanningsverhaal en dameslektuur*.
- iii. In *Weerkaatsings* (1984) word die spieëlbeeld van *Splinterspel* weer, maar dan met *beter resultate*, aangewend in die uitbeelding van twee mense en hulle verhouding tot mekaar.
- iv. (*Weerkaatsings*) skep die indruk van 'n resepmatige liefdesverhaal en kan ook op dié vlak gelees word, maar onder die oppervlak ontplooi die sprokie as strukturele stramien en word die tipiese karakters en verteltrant van die sprokie sinvol benut. (My kursiverings).

Uitspraak (i) kan as oorwegend negatief ten opsigte van die teks onder bespreking beskou word. Kannemeyer skyn te impliseer dat die enkele goeie punte van die teks nie volledig daarin slaag om vir 'n minder bevredigende leeservaring te kompenseer nie. Die gebruik van "probeer" dui spesifiek op hierdie onvermoë om 'n stuk werklikheid aan die leser voor te hou; hierdie is dus 'n realistiese, en moontlik ook intensionele argument. Ook die "maar"-struktuur kan vertolk word as om Kannemeyer se onvergenoegdheid met aspekte van die teks oor te dra.

Wanneer uitspraak (ii) saam met (i) gelees word, is dit moontlik om te vra: Wié presies is Kannemeyer se "leser"? Bedoel hy met laasgenoemde term dalk juis *manlike* lesers (deurdat "dameslektuur" as 'n aparte kategorie met waarskynlik ook 'n spesifieke groep lesers – vroue –

daargestel word)? Uitspraak (ii) is onteenseglik positief ten gunste van 'n *Geslote boek*, maar die verskuilde inhoud van die uitspraak kan nie misgelees word nie: Baker se werk toon wat vorm en inhoud betref ooreenkomste met die sogenaamde "ontspanningsverhaal en dameslektuur". Dit is opvallend hoedat laasgenoemde twee terme gejuks taponeer en dus naastenby op dieselfde vlak geplaas word. Die implikasie hiervan is dat "dameslektuur" hier as "middelmoet-" of dan "ontspannings- (O-) literatuur" getipeer word en nie as "ernstige" (E-) literatuur nie. "Dameslektuur" behoort dus tot 'n sisteem op die periferie van die polisisteem van Afrikaanse literêre tekste.

Uitspraak (iii) funksioneer kanoniserend ten opsigte van *Weerkaatsings*, maar terselfdertyd word *Splinterspel* minder positief voorgehou. In werklikheid neem hierdie uitspraak die vorm aan van 'n waardevergroterende vermelding, waar skrywers x en y dieselfde reële outeur is en twee tekste binne een oeuvre met mekaar vergelyk word. Die laaste uitspraak (iv) se argument kom daarop neer dat alhoewel *Weerkaatsings* elemente van die kommersiële Mills & Boon-tipe liefdesverhaal (triviaal- of verstrooiingsliteratuur) vertoon, dit nietemin méér is vanweë die strukturele kwaliteite wat daarin gevind word. Hierdie uitspraak is derhalwe positief kanoniserend, alhoewel die verwantskap met verstrooiingsliteratuur onder die leser se aandag gebring word. Laasgenoemde suggestie sou op sy beurt dekanoniserend kon funksioneer.

Twee verdere vermeldings lui:

- i. Veel belangriker is *Mørketiden* (1975) ... – met reminissensies aan Kafka – ...
- ii. Soos in haar debuut *Wêreld sonder einde handel (Dossier van 'n gyseling)* ... oor mense wat saamgedwing word en kommunikasieprobleme met mekaar het, 'n gegewe wat al by herhaling in die literatuur gebruik is en 'n ooreenkoms met 'n werk soos *Die wolkemaker* van W.A. de Klerk toon in die wyse waarop die karakters lewensbesonderhede aan mekaar verstrek. Die nuwe wat Baker hier bring, is die karakterbeelding en innerlike ervaring wat dit bo die gewone spanningsverhaal verhef...

Die eerste vermelding kan as definitief kanoniserend gelees word. Dit kan ook as 'n interpreterende vermelding getipeer word, waardeur sekere tematiese ooreenkomste met die gevierde (en gekanoniseerde) Duitse romanskrywer uitgelig word. Ook die tweede vermelding skyn interpreterend van aard te wees: Daar word naamlik gestel dat sekere grepe by Baker aan dié in De Klerk se teks herinner. De Klerk se werk behoort volgens Kannemeyer tot die hoofstroom van Afrikaanse literatuur¹³⁸. In (ii) word daar voorts gestel dat Baker se teks op 'n hoër

138 Kannemeyer wy byna drie bladsye aan De Klerk en skryf dat dit slegs De Klerk en G.J. Beukes is wat in die tydperk

vlak as die "gewone spanningsverhaal" staan – 'n uitspraak wat kanoniserend is, maar terselfdertyd suggereer dat elemente van dié soort ontspanningsliteratuur in die teks aanwesig is. Soos hierbo, kan dit uiteindelik dekanoniserende implikasies hê.

5.3.1.2 Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde

1980-uitgawe

André P. Brink maak in sy bydrae onder meer die volgende uitsprake oor Baker se oeuvre:

- i. Eleanor Baker ... lewer ná twee betreklik realistiese, onbevredigende vroeër werke 'n besonder verdienstelike Kafka-eksperiment in *Mørketiden* (1975) ... Gebrek aan integrasie, oorbewustheid van die "fantastiese" en heelparty stilistiese mankemente bederf dié interessante eksperiment.
- ii. In haar daaropvolgende – en verreweg verdienstelikste – roman, *Monica* (1978), benut Baker die winste van haar eksperiment om in 'n teenoorgestelde rigting te beweeg en 'n huisvrou voor te stel wat uit sinloosheid en verveling deurbreek tot "outentisiteit".

Die volgende uitspraak (oor *Monica*) met implikasies ten opsigte van die kanon hou dan ook 'n vermelding in na (die wel deeglik gekanoniseerde) Flaubert, Tolstoi en Ibsen:

- iii. Hier lê die nagmerrie juis in die alledaagse (selfs in die hooffiguur ontbreek heroïek doelbewus, anders as in die *Madame Bovarys*, die *Anna Karenins* en die *Hedda Gablers* vóór haar); en die besondere deug van die roman lê in die presiese en subtiële wyse waarop die patos van 'n menslike lot laag na laag afgeskil word soos 'n ui.

Benewens sekere besware teen *Mørketiden* in uitspraak (i), behels dit ook 'n vermelding van Franz Kafka. In hierdie geval word gevind dat Baker se eerste twee werke gedekanoniseer word, terwyl dit aanvanklik lyk asof *Mørketiden* gekanoniseer word. Deurdat die teks as 'n "Kafka-eksperiment" bestempel word, word dit in die tradisie van Kafka geplaas – dus 'n eksplisiete vermelding. Die verwagting dat *Mørketiden* positief geëvalueer en derhalwe gekanoniseer sal word, word egter deurbreek wanneer Brink die stelling maak dat heelparty gebreke die teks "bederf" – met ander woorde, nie laat slaag nie. Uiteindelik bly dit dan net 'n "eksperiment" (dus 'n proefneming, met konnotasies van voorlopigheid) en sal dit waarskynlik nie waarde verkry as teksgenererende model (soos die Kafka-tekste) nie, aldus Brink.

1940-1955 "iets aan die realisties-naturalistiese tradisie of die Bybeldrama toevoeg" (Kannemeyer 1988:181).

Uitspraak (ii), daarenteen, funksioneer wel positief kanoniserend ten opsigte van *Monica*. Die vermelding in (iii) het moontlik ten doel om die teks in die sogenaamde tradisie van die "novel of adultery"¹³⁹ te situeer, maar terselfdertyd om die verskille tussen die nie-heroïese Monica en die heroïese heldinne te aksentueer. Die karakters uit die reeds klassiekgeworde tekste word as die karakter Monica se voorgangers geïdentifiseer, maar ten spyte van hierdie suggestie van 'n verwantskap word aangedui dat Monica nié die klassieke karakters se direkte literêre "nageslag" verteenwoordig nie. Monica besit haar eie onderskeidende eienskappe, wat kennelik deur Brink as 'n pluspunt beskou word. Let hier op die stelwyse " ... lê die nagmerrie *juis* in die alledaagse ... ontbreek heroïek *doelbewus* ... " (my kursivering). Wat dus aanvanklik 'n eksplisiete vermelding skyn te wees, verkry sodoende subtiliteite wat op 'n implisiet waardevergroterende vermelding ten gunste van die Baker-tekste kan dui. 'n Uiting soos dat die teks 'n "besondere deug" besit, kan as definitief kanoniserend beskryf word.

1987-uitgawe

Die bydrae in hierdie uitgawe kom woordeliks ooreen met dié in die 1980-uitgawe.

5.3.1.3 Perspektief en profiel

1982-uitgawe

André P. Brink open sy bespreking van Baker se werk met 'n vermelding van Pieter Venter wat omstreeks dieselfde tyd as Baker met *Uit 'n kamer* (1967) debuteer. Ná hy die hantering van onder meer die fantasie-element in Venter se teks kritiseer, laat hy hom soos volg oor Baker uit (let op die ooreenkomste met sy bespreking onder 5.3.1.2 hierbo):

- i. Veel meer egte fantasie is waarneembaar in *Mørketiden* (1975), die derde werk van Eleanor Baker ... , ná twee meer realistiese, onbevredigende werke (die novelle *Wêreld sonder einde*, 1972 en die roman *Splinterspel*, 1973).

Hier is dus sprake van 'n implisiet waardetoekennende vermelding ten gunste van Baker, en spesifiek ten opsigte van *Mørketiden*. Soos in 5.3.1.2 word die vroeëre tekste gedekanoniseer in verhouding tot die jonger tekste.

139 *Bensick* (1985:139) beskou die "novel of adultery" as dié tradisie wat onder meer deur Tanner (*Adultery in the Novel*, 1979) en Armstrong (*The Novel of Adultery*, 1976) ondersoek word. Die genoemde ondersoeke betrek klassiekgeworde tekste soos Rousseau se *Julie*, Flaubert se *Madame Bovary* en Kate Chopin se *The Awakening*.

Weer eens wys 'n vermelding van Kafka op die verband tussen dié outeur en Baker, soos dit in *Mørketiden* sigbaar word:

- ii. 'n Heel gewone gegewe ... verander in die heeltemal fantastiese en onvoorspelbare wanneer (die karakter) in 'n vreemde gebou op 'n bisarre partytjie beland en op Kafkaeske wyse gevange gehou word.

Hierdie eksplisiete vermelding situeer Baker dus weer eens binne die tradisie van Kafka, waardeur *Mørketiden* 'n stempel van goedkeuring ontvang.

Opsommenderwys skryf Brink:

- iii. Uiteindelik is daar 'n gebrek aan integrasie en 'n óorbewustheid van die "bizarre" aard van wat aan die gebeur is (anders as by Kafka waar die nagmerrie veral dáárin lê dat die verregeande so alledaags voorgestel word); ook stilisties is heelwat nie pluis nie. Maar waar die slimspel verdiep tot 'n blik op die menslike kondisie, skep Baker tóg enkele heel verontrustende episodes.

Hierdie uitspraak kan in geheel as negatief vertolk word – dat die teks naamlik uit "slimspel" bestaan. Dít impliseer dat die roman in gebreke bly om tot essensies deur te dring, dat dit vassteek in oppervlakkige truuks. Nieteenstaande bostaande oordeel maak Brink tog wel 'n toegewing: Daar is enkele episodes wat "verontrustend" is. Dit is nie heeltemal duidelik wat die geïmpliceerde waarde-oordeel in laasgenoemde uitspraak is nie – of "verontrustend" gelees sou kon word as met die vermoë om die leser op 'n betekenisvolle wyse aan te raak, of dat die Kafkaeske element juis daarin gevind word? Indien dít die geval is, kan beweer word dat Brink se oordeel nie volkome dekanoniserend is nie – die teks openbaar sekere goeie en ook oorspronklike kwaliteite (spesifiek binne die Afrikaanse sisteem), maar word nie as teksgenererende model gepropageer nie.

5.3.1.4 Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig

In haar bespreking van Eleanor Baker maak Elize Botha die volgende uitspraak met implikasies vir kanonisering:

- i. Hoewel ietwat simplisties, was (*Wêreld sonder einde*) tog getuie van goeie vakmanskap; in

Bensick (1985:137-159) situeer Hawthorne se *The Scarlet Letter* binne hierdie tradisie.

die romans wat volg ... is haar benadering heelwat kompleks, en die spanningslyn, paradoksaal genoeg, heelwat slapper. *Mørketiden* as uitbeelding van geestelike verduistering wat tot dieper maar ontredderde selfkennis lei, is die geslaagste.

Bogenoemde interpreterende en evaluerende uitspraak kan wel as kanoniserend gereken word (vergelyk "goeie vakmanskap"), maar dan wel met voorbehoud (let op die "Hoewel ... tog"-struktuur). *Mørketiden* dan, word as Baker se "geslaagste" teks op daardie stadium bestempel. Daar word dus nie eksplisiet gestel dat *Mørketiden* 'n goeie/geslaagde teks is nie, bloot net dat dit in vergelyking met die ander tekste in Baker se oeuvre die beste is. Geen vergelykings met ander outeurs word getref nie.

5.3.2 Resensies

5.3.2.1 *Wêreld sonder einde*

M.C. (1973:9) se kort resensie gebruik 'n realistiese argument ten einde hierdie teks se potensiële genotswaarde by 'n breë leserspubliek te motiveer:

- i. Die einde is gelukkig nie 'n sentimentele omhelsing nie, en *oud en jonk sal hierdie boek geniet* omdat dit so 'n *realistiese uitbeelding van ons tydsgees is* (my kursivering).

Hierdie uitspraak kan as kanoniserend ten opsigte van die O-sisteem beskou word.

A.J.C. (1973:11) wys aan die begin van sy resensie op sy aanvanklike positiewe reaksie op die teks:

- i. Die aanvanklike kennismaking met Eleanor Baker se *Wêreld sonder einde* is aangenaam: hoe meer jy die wêreld daarvan leer ken, hoe boeiender raak dit.

Hierna wys die resensent egter op sekere strukturele gebreke van die teks en impliseer dat Baker se onervarenheid as prosateur 'n moontlike rede vir sulke gebreke is. Vergelyk:

- ii. Die bevredigende omgang met tema en karakter word ongelukkig gedemp deur die te gemaklike ontknoping (te veel volgens die eise van die ligte leesstof), en veral deur 'n paar mistastings oor die romanstruktuur. Daaronder sou mens kon noem die verandering in vertelhoek vanaf bl. 128, waar Rocky se soektog na sy ma begin ... Slegs baie ervare

skrywers kan sulke veranderinge laat slaag.

Bogenoemde uitspraak tipeer die teks as O-literatuur by wyse van die verwysing na "ligte leesstof". Daar word egter gemeld dat die O-sisteem se reëls verbreek word ("te veel volgens die eise ..."). Met ander woorde, die leser het ánder verwagtinge van "ware" O-literatuur. Gevolglik kan dié parentese die teks as O-literatuur dekanoniseer.

Die resensent se slotsom oor *Wêreld sonder einde* lui:

- iii. Ten spyte van dié besware sou mens tog kon sê dat *Wêreld sonder einde* tot by hoofstuk 12 – waar die spanningslyn doodloop en die "motivering" verduidelik word – 'n leesbare verhaal is; 'n verhaal wat 'n *skryfvermoë openbaar* wat, met die nodige tegniese verfyning, *beslis belofte inhou* (my kursivering).

Hierdie uitspraak is nie soseer sterk kanoniserend ten opsigte van die betrokke teks nie (alhoewel dit ook nie dekanoniserend is nie), maar dui op die definitiewe potensiaal tot die generering van kanoniseerbare tekste wat by Baker te bespeur is.

P.D.W. (1973:6) se resensie bevat definitief kanoniserende uitsprake, alhoewel gebreke eie aan 'n debuutwerk uitgewys word. Die betrokke teks word in hierdie bespreking as E- eerder as O-literatuur geklassifiseer. Vergelyk:

- i. Dat (Baker) haar akademiese onderlegtheid in die literatuur kan toepas, blyk uit hierdie kort roman. Dit is wel 'n eerste poging, en daarom nie sonder gebreke nie, maar dit is die soort verhaal wat ver bo die gemiddelde publikasie uitstyg.
- ii. Daar is wel sekere geykte elemente in die verhaalmateriaal ... Maar die skryfster hanteer nietemin 'n aktuele probleem en 'n interessante gegewe: dié van die generasiegaping.
- iii. Hoe ook al, *Wêreld sonder einde* is die soort verhaal wat tot die selektiewe leser sal spreek, dié wat 'n goeie en sterk verhaal vra maar wat ook 'n probleemstelling het. En dan dié soort probleem wat die intelligente denker boei.
- iv. Dis 'n debuut met groot belofte hierdie ...

In uitsprake (ii) en (iii) maak die resensent veral van 'n realistiese argument gebruik (die "aktualiteit" van die gegewe) om die leser van die teks se waarde te oortuig. Hiernaas is dit

uitsprake (i) en (iii) wat blyke toon van die resensent se klassifikasie van die teks as E-literatuur, terwyl uitspraak (iv) soos hierbo op die potensiële kanoniseerbaarheid van toekomstige Baker-tekste dui.

A.v.Z. (1973:23) maak positiewe, kanoniserende uitsprake soos die volgende:

- i. Die skryfster het 'n boeiende verhaal gebou om die tema wat die boek iets heel besonder maak.
- ii. Hierdie boek het my getref as 'n besonder voortreflike roman wat betref tema en styl, gedagte en beeld.

Uitspraak (i) kan as 'n kombinasie van 'n strukturele en emosionele argument beskou word, met die fokus op die positiewe reaksie van die leser. Hiernaas vertoon (ii) eweneens die kenmerke van 'n strukturele argument deurdat vormlike aspekte (styl en beeld) met inhoudelike aspekte (tema en gedagte) in verband gebring word, asook 'n emosionele argument ("getref").

S.E.v.Z. (1973:2) se kort bespreking in *Die Suidwester* gebruik 'n kombinasie van 'n intensionele en emosionele argument wat die fokus plaas op die meesleurende aard van Baker se uitbeelding:

- i. Hoewel die skryfster nog plek-plek neig om by die karakters te wil oorneem, slaag sy, in die geheel genome, goed daarin om die twee uiteenlopende hoofkarakters albei oortuigend uit te beeld, en die groeiende menslike verhouding boei end-uit.

Hierdie positiewe evaluering lei daartoe dat die resensie in sy geheel kanoniserend funksioneer.

5.3.2.2 *Splinterspel*

Brink (1974:13) se bespreking dekanoniseer die betrokke teks as E-literatuur. Hy tipeer dit as O-literatuur en wys terselfdertyd op die voorkoms van sisteemindringing. Vergelyk:

- i. Min boeke krap my meer om as dié wat wesenlik ingestel is op 'n tydskrifferige ontspanningsmark, maar dan aangebied word met literêre pretensie.

By wyse van drie implisiete waardeverkleinende vermeldings word die leser meegedeel dat diepgang en verbeelding in *Splinterspel* ontbreek:

- ii. Naas die versplintering van Diederik in *Die son struikel*, of bowenal nog dié van die verteller in Nienaber se *Keerweer*, is *Splinterspel* naïef en oppervlakkig; en naas 'n indringend realistiese "gevallestudie" – met gebreke en al – soos die onlangse *A life to live* deur Yvonne Burgess, word die leser hier gekonfronteer met vlak, geykte karakterisering in 'n verbeeldinglose styl.

Die slotopmerking dien om die Baker-tekst as O-literatuur – maar dan van mindere gehalte – te tipeer. Uiteraard is dié uitspraak dekanoniserend ten opsigte van die O-sisteem, maar implisiet ook van die E-sisteem:

- iii. Nee wat. Selfs die tydskrifleser sal min behae hieruit put.

Schutte (1974:26) se bespreking is in hoofsaak inliggend van aard, met slegs enkele interpreterende uitsprake. Slegs een evaluerende uitspraak word gehoor:

- i. Die skryfster slaag daarin om die spanning mooi vol te hou ...

Aangesien slegs een positiewe tekseienskap – die geslaagde spanningslyn – aan die leser voorgehou word, is dit nie moontlik om op grond van slegs dié enkele uitspraak te beweer dat die teks daadwerklik daardeur gekanoniseer word nie. 'n Bespreking soos hierdie funksioneer eerder op die inliggende vlak en vervul nie 'n daadwerklike rol as kanoniserende instrument nie, alhoewel die verwysing na die geslaagde spanningslyn kanoniserend as O-literatuur kan aandui.

Van der Walt (1974:4) maak onder meer van 'n strukturele argument gebruik om sy waardering vir die betrokke teks te motiveer:

- i. ... die kuns (kan) wel ... waansin, desintegrasie, ... uitbeeld en selfs formeel suggereer, maar kuns moet essensieel *orde en struktuur* wees om as kuns te kan bestaan. En dié soort literatuur bly weens sy integrale paradoks een van die moeilikste opdragte wat 'n skrywer hom kan stel. Daarom het ek groot respek vir Eleanor Baker se tweede roman ... (my kursivering)

Van der Walt verwoord sy oordeel oor die teks soos volg:

- ii. *Splinterspel* is 'n kundige en kunstige roman, besonder lesenswaardig. Dis 'n treffende verhaal, iets bo die maat van die gemiddelde verhaal, en tog is dit vry van enige pretensie

om groot literatuur te wees.

Hierdie uitspraak suggereer moontlik dat *Splinterspel* as GG-literatuur beskou moet word – alhoewel dit "bo" die gemiddelde (O-) "verhaal" staan, streef dit tog ook nie na status as "groot" (E-) literatuur nie. In so 'n geval kan beweer word dat hierdie resensie die teks as GG-literatuur kanoniseer.

S.E.v. Z. (1974:2) skryf minder waarderend oor hierdie teks. 'n Uitspraak soos die volgende behoort as dekanoniserend ten opsigte van *Splinterspel* (in vergelyking met Baker se debuut) gesien te word:

- i. Reeds met haar vorige roman, *Wêreld sonder einde*, het Eleanor Baker bewys dat sy nogal boeiend en oortuigend oor menslike verhoudings kan skryf. Ongelukkig begeef sy haar in hierdie roman op moerasagtige terrein – dié van die geestelik versteurde – waarin die roman dan ook ongelukkig ten onder gaan en in 'n onoortuigende gevalle-studie ontaard.

Hierdie uitspraak wil te kenne gee dat die *literêre* kwaliteit van die teks ingeboet word. Nietemin lei die leser af dat 'n hibridisering van hierdie aard na verwagting 'n eenmalige insident is, juis vanweë Baker se bewese skryfvaardigheid:

- ii. ... die skryfster (het) beslis talent ... en (is) in staat ... om verskeie aspekte van die roman, w.o. onderlinge menslike verhoudings en dialoog, oortuigend te hanteer Sy het hier – hopelik net tydelik – op 'n dwaalspoor beland.

Soos in die besprekings van *Wêreld sonder einde* hierbo, dui hierdie uitspraak op die besliste potensiaal tot hoë kanonstatus wat daar in Baker se literêre produkte te bespeur is.

5.3.2.3 *Mørketiden*

Brink (1975:18) skryf sowat negentien maande ná die verskyning van sy resensie oor *Splinterspel* soos volg oor *Mørketiden*:

- i. Ek ken Eleanor Baker se ander werk nie – *Mørketiden* word aangekondig as haar derde publikasie – maar met dié roman dwing sy die aandag van die ernstige leser af.

Dit val vreemd op dat Brink kennelik nie sy negatiewe resensie van *Splinterspel* in herinnering kan roep nie. Die vrae wat by 'n ondersoeker opkom, is onder meer: Kan Brink werklik nie die

Rapport-resensie onthou nie? Indien wel, sou die herinnering enige rol kon speel by sy resepsie van *Mørketiden*?

Die ondersoeker se eerste indruk van Brink se resensie is dat dit kanoniserend is, soos blyk uit die titel waarin voorsien word dat Baker haar in die toekoms op dieselfde vlak as gevierde skrywers soos Berta Smit en Elsa Joubert kan bevind (vergelyk: "Dié skryfster kan geselskap word vir Berta, Elsa ..."). Waar Baker se werk vantevore deur Brink as O-literatuur getipeer is, word die nuwe roman van meet af aan as E-literatuur bestempel. Die teks word binne 'n tradisie van gekanoniseerde skrywers – oorsee sowel as plaaslik – gesitueer:

- ii. Dit is 'n werk wat teen wil en dank, en soms eintlik te sterk, herinner aan Kafka: die Kafka van *Die verhoor* en *Die kasteel*; nader tuis, sou mens dit in die geselskap stel van Berta Smit se *Vrou en die Bees* (sic), of Elsa Joubert se *Wahlerbrug*, of sommige van Etienne Leroux se ontstellende fantasieë.

Brink se vernaamste beswaar teen *Mørketiden* is wat hy bestempel as die "gedateerdheid" van die teks:

- iii. Miskien is die irritasie (met die teks) deels te wyte aan die feit dat daar 'n indruk, byna, van "gedateerdheid" omtrent die werk is: asof hy eintlik vroeg in die jare Sestig behoort te verskyn het.

Hierdie uitspraak berus op die veronderstelling dat 'n teks se geslaagdheid – en implisiet ook kanoniseerbaarheid – in verband gebring kan word met die mate waarin die teks kontemporêre literêre tendense reflekteer. "Gedateerdheid" sal hiervolgens dekanonisering in die hand werk. Nieteenstaande hierdie beswaar, asook Brink se waarneming dat die teks 'n "sinryke tersaaklikheid" mis, kan dié resensie in geheel as positief en kanoniserend gereken word.

De Vries (1975a:1) se inliggende opmerkings situeer *Mørketiden* in die tradisie van Kafka, Fellini en Leroux. Sy vergelyking van die Baker-tekste met hierdie outeurs funksioneer egter waardeverkleinend ten opsigte van eersgenoemde. Vergelyk:

- i. Die soort werwelwindagtigheid waarmee Fellini se prent mens **dwing** om geïnteresseerd te bly, die vreemdheid en verwondering in die werke van Kafka, die woordvaardigheid van Leroux wat die hele Welgevonden, behalwe oorhoeks en beneuks, ook interessant maak, hierdie kwaliteite is in *Mørketiden* afwesig ... 'n Mens het die hinderlike gevoel ander skrywers het dieselfde al béter gedoen ...

Hierdie uitspraak, tesame met De Vries se verklaring dat "'n psigo-drama (*Mørketiden*) nie sonder meer goeie woordkuns (is) nie", kan as dekanoniserend bestempel word. Laasgenoemde uitspraak hou voorts moontlik die implikasie in dat die subgenre van die psigodrama – en dan ook *Mørketiden* – nie noodwendig E-literatuur is nie¹⁴⁰.

Van der Walt (1975:10) tipeer *Mørketiden* as behorende tot die sogenaamde "Nuwe Roman" en situeer die teks binne 'n surrealistiese tradisie van skrywers soos Jan Rabie, Etienne Leroux, Berta Smit, Elsa Joubert (in veral *Die Wahlerbrug*), Hennie Aucamp, Chris Barnard en P.J. Haasbroek. 'n Vergelyking tussen hierdie outeurs en Baker se teks – soos De Vries se uitspraak hierbo reeds voorsien – word getref:

- i. ... en hoewel fassinerend, is die roman skaars meer as 'n eksperiment van Eleanor Baker in 'n tegniek en styl wat nou reeds gangbare munt in die moderne prosa is, deur voorgangers soos dié wat genoem is op geslaagder wyse beoefen as wat in *Mørketiden* die geval is.

In hierdie geval tree die vermeldings nie as eksplisiete kanoniseerders op nie, maar daar word aangedui dat die Baker-tek – ten spyte van ooreenkomste – hom nie op dieselfde vlak as die vermeldings bevind nie. Die vermeldings word dus waardeverkleinend aangewend ten opsigte van *Mørketiden*.

Die baie bondige bespreking deur 'n onbekende resensent in *Die Vaderland* (24 Desember 1975) tipeer *Mørketiden* kennelik as E-literatuur met die uitspraak dat hierdie teks slegs vir 'n beperkte teikenlesersgroep aanbeveel word. Voorts word die onenigheid in die kritiek aangaande die kanoniseringstatus¹⁴¹ van die betrokke teks uitgelig. Vergelyk:

- i. Oor die geslaagdheid van hierdie eksperimentele roman van haar, bestaan daar nog lank nie eensgesindheid onder letterkundiges nie en 'n mens sou dit slegs vir dié lesers aanbeveel wat werklik in die letterkunde belangstel.

Eksteen (1976:60-1) het waardering vir *Mørketiden*, alhoewel hy dit devalueer deur die vermelding van Anna M. Louw se *Kroniek van Perdepoort*. Hy wys nietemin daarop dat so 'n vergelyking nie

140 Wat betref die verband tussen genre en sisteem, kan gestel word dat sekere soorte literatuur, of subgenres, dikwels met bepaalde sisteme geassosieer word (byvoorbeeld speurverhale word gewoonlik binne die O-sisteem gevind), maar dat dit nie 'n algemene reël is nie. 'n Postmoderne teks soos *The name of the rose* (Eco) is in wese 'n speurverhaal, maar is terselfdertyd E-literatuur.

141 Let in dié verband op Brink se hoofsaaklik positiewe kritiek, De Vries se voorbehoude en Van der Walt se minder gunstige kommentaar hierbo.

werklik ter sake is nie, vanweë die wesenlike verskille tussen die twee tekste:

- i. 'n Tweede belangrike roman is Eleanor Baker se *Mørketiden*, hoewel natuurlik nie die gelyke van *Kroniek van Perdepoort* nie. Ek wil in elk geval nie die twee met mekaar vergelyk nie, want sowel wat tema as opset betref, verskil die werke geheel en al van mekaar.

Hy situeer hierdie teks binne die konteks van Baker se vorige werk, en tipeer haar as 'n skryfster van 'n sekere soort literatuur:

- ii. Dat Eleanor Baker 'n begaafde skryfster is, en iemand boonop wat tuis is in die sielkundige uitbeelding van abnormale mense, kon 'n mens reeds opmerk in haar vorige roman *Splinterspel*. Die belofte wat deur dié werk gestel is, word in haar jongste boek vervul.

Sy uiteindelijke oordeel oor Baker, sowel as die teks, is uiters positief en kanoniserend:

- iii. ... *Mørketiden* is 'n belangrike toevoeging tot ons romanliteratuur en Eleanor Baker een van die skryfsters wat waarskynlik nog 'n bydrae van betekenis gaan lewer.

Die verskuilde implikasie van hierdie uitspraak is egter dat Baker tot op daardie stadium nog nie 'n "bydrae van betekenis" gelewer het nie, alhoewel dit deur die resensent in die vooruitsig gestel word. Die onderskeid wat tussen outeur en teks gemaak word¹⁴², kan moontlik beteken dat *Mørketiden* alreeds hier op sy weg na kanonisering geplaas word, maar dat die kanonisering van die outeur Baker slegs as toekomstige moontlikheid geopper word.

5.3.2.4 *Monica*

Soos in sy bespreking in *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*, maak Brink (1978:17) gebruik van vermeldings van gekanoniseerde outeurs uit die wêreldletterkunde. Die doel hiervan is tweeledig: Dit situeer *Monica* binne 'n bepaalde tradisie, en terselfdertyd dui dit op die "unieke" of eiesoortige eienskappe van die teks (waarin juis die wins daarvan lê):

- i. Maar ánders as haar gedugte voorgangers – Emma Bovary, Anna Karenin, Eline Vere, Hedda Gabler – is daar nie heroïek in *Monica* nie.

142 Let op die jukstaposisie van die twee onderwerpe: " ... *Mørketiden* ... en ... Eleanor Baker...".

Brink se finale oordeel oor *Monica* is onbetwisbaar kanoniserend:

- ii. Met hierdie ryp en waardige roman – sy paar insinkinge ten spyt – het Eleanor Baker onmiskenbaar vir haar die reg verwerf om gerêken te word in die merkwaardige versameling vroue wat aan ons jonger literatuur so 'n besondere dimensie verleen.

'n Belangrike implikasie van uitspraak (ii) is dat 'n vroulike outeurstradisie (vergelyk die verwysing na "die merkwaardige versameling vroue") as onderdeel van die groter Afrikaanse literatuursisteem daardeur veronderstel word. Baker word gereken as waardig om haar plek binne só 'n tradisie in te neem.

Smuts (1978)¹⁴³ se bespreking met die titel "Nie ver genoeg bo die tydskrifmatige nie" kategoriseer Baker se werk as O-literatuur, ten spyte van die resensent se persepsie dat die outeur in werklikheid daarna streef om E-literatuur te produseer. Met verwysing na twee van *Monica* se voorgangers skryf hy:

- i. Eleanor Baker het in romans soos *Splinterspel* en *Mørketiden* reeds 'n drang en ook gedeeltelik 'n vermoë getoon om die ernstige roman te bedryf. Haar jongste werk, *Monica*, wys weer eens dat sy méér as ontspanningsliteratuur wil skryf, maar toon slegs ten dele dat sy wel in staat is om dit te doen.

In weerwil van aansluitingspunte by die tradisie van die bieg- en *Bildungsroman* (tradisioneel E-vorme), vind Smuts 'n aantal gebreke in die teks wat dit tot die domein van O-literatuur (en dan spesifiek die tydskrifverhaal) verban. Hy skryf:

- ii. Hoewel die verhaal ... nie bloot enkellynig verloop nie, bly dit ongelukkig om meer as een rede 'n werk wat nie genoegsaam bo die tydskrifmatige uitstyg nie.

Twee redes word aangevoer vir dié toedrag van sake:

- iii. 'n Eerste beswaar is die besteding van die verteltyd ... Ongeveer die eerste twee derdes van die boek speel af in *Monica* se huis; aansienlike dele daarvan wanneer sy alleen is en pieker oor haar vervelende bestaan. Hoewel dié beeld van verveling effektief opgebou word, raak dit byna onvermydelik, ook vir die leser vir groot gedeeltes 'n droë geptoeter deur *Monica* se burgerlike lewenswyse.

143 Die bladsynommer is nie aangedui in óf die bron óf die verkreeë fotostaat nie.

- iv. 'n Tweede beswaar raak hierdie roman wat so volledig uit een karakter gebou is, in sy hart. Daar kan nl. ernstige besware teen die karakterisering van die sentrale figuur ingebring word. Daar is talryke opvallende en hinderlike teenstrydighede in hierdie karakter ... Enersyds het sy 'n bo-normale ontwikkelingspeil ... ; andersyds toon sy 'n skreiende naïwiteit en onkunde wat nie met dié agtergrond te rym is nie.

Wat betref Smuts se eerste beswaar, kan 'n besliste mate van chauvinistiese vooroordeel aangetoon word as beweegrede ágter die strukturele beswaar teen die verteltyd. Die resensent reken dat die uitbeelding van die huisvrou Monica se lewe in haar huis noodwendig vir alle lesers "vervelig" moet wees, en dat te veel verteltyd hieraan bestee word. Die feministiese teorie maak egter voorsiening vir die indeling van sferes van die lewe in die domeine van die persoonlike en die politieke. Die tradisionele paternalistiese standpunt is dat die persoonlike domein ondergeskik is aan die politieke; dat eersgenoemde noodwendig triviaal, vervelig en eendimensioneel is. 'n Feministiese standpunt behels egter dat albei domeine ewe waardevol is, en ook dat die status quo in die private domein 'n refleksie van magsverhoudinge in die politieke domein is (sien ook voetnoot 68, paragraaf 3.3.2.12). Die belangrike saak hier is hóé boustof (uit albei domeine) verhaalmatig hanteer word, en nie dát dit gebruik word nie. Smuts sê pertinent dat die "beeld van verveling *effektief* opgebou word", met ander woorde, dat die stof goed hanteer word. Sy beswaar berus derhalwe op sy eie resepsie van die teks, wat hy skynbaar na die leserspubliek wil veralgemeen. Wat Smuts ook buite rekening laat, is dié groep lesers wat op grond van hulle eie omstandighede met die uitbeelding van die karakter se "vervelige" bestaan kan identifiseer, en die teks derhalwe as legitimerend vir hulle eie lewens en persepsies ervaar.

Die tweede beswaar word na alle waarskynlikheid ook deur chauvinistiese vooroordeel begrond. Die resensent hou in sy argumentering nie die feit voor oë dat onderdrukkende omstandighede en stimulusdeprivasie (die bestaan as voorstedelike huisvrou in dié geval) moontlik tot die karakter se "naïwiteit en onkunde" kon gelei het nie. Die dekanonisering van 'n teks op grond van die soort argumentering in (iii) en (iv) is onverantwoordbaar en 'n aspek waarvan resensente, teoretici en resensiekundestudente kan kennisneem.

Olivier (1980:53) se resensie bied tot op groot hoogte 'n verdere oplossing vir die probleem wat hierbo gestel is, naamlik of die boustof die teks tot die status van 'n "mindere" literatuursoort "verdoem". Volgens hom kan *Monica* beskryf word as die "gruwelike keersy van die 'triviaalroman'". Die woord "gruwelik" aktiveer die nagmerrie-agtige aksente wat ook in *Splinterspel* en *Mørketiden* gevind is, en, soos deur heelparty resensente aangedui, 'n Kafkaeske sfeer oproep. Ten opsigte van *Monica* dui "gruwelik" moontlik op die haas eksistensialistiese fokus op die hoofkarakter, waardeur die ironie en tragiek van haar beperkte bestaan aan die lig gebring

word, anders as in die "egte" triviaalroman. Deur hierdie openbarende en ontstellende blik op 'n bepaalde menslike kondisie hoort die roman binne die domein van E-literatuur.

Die teks se verwantskap met 'n minder gewaardeerde genre word aangedui deur sy uitspraak:

- i. Onteenseglik is *Monica* 'n boek wat vir sy effek onder meer staatmaak op die leser se verwagtinge aangaande wat 'n mens die "vroueroman" kan noem.

Die terme "triviaalroman" en "vroueroman" word op 'n manier gebruik wat die leser aanvanklik laat vermoed dat hulle sinonieme is binne Olivier se paradigma. Wanneer *Monica* as die "keersy" van 'n triviale soort teks bestempel word, laat dit vrae ontstaan oor die resensent se evaluering. Beteken dit dat die teks in dieselfde kategorie as die triviaal-/damesroman geplaas word? Of impliseer die keersy-wees dat die teks andersoortig, of 'n minder aantreklike eksemplaar is as die oorspronklike? Odendal (1983:539) verklaar die figuurlike gebruik van "keersy" as duidende op die "minder mooie sy van iets". Hiervolgens kan *Monica* moontlik as die negatiewe pool of apokaliptiese skadukant van 'n oppervlakkige patriargale idille (die "damesroman") gesien word. (Indien dít wel die geval is, kan vermoed word dat die teks méér is as O- of T-literatuur).

Die res van die bespreking stel dan dat, ten spyte van die oënskyklik oppervlakkige aard van die boustof, dit veral die outeur se tegniese bedrewenheid is wat die teks laat slaag. In dié verband word spesifiek die perspektief in die roman uitgesonder:

- i. Hoe kan die banale probleme van 'n voorstedelike huisvrou interessant wees? *Monica* maak so 'n kortsigtige en neerbuigende vraag oorbodig ... Deur middel van die Erlebte rede en 'n reeks blikke in die verlede word die situasie waarin Monica haar bevind, vanuit haar eie oogpunt aanwesig gemaak. Ek beskou die streng handhawing ... van 'n ongetwyfeld moeilike perspektief as die beste kwaliteit van dié roman. Die konsentrasie op dít wat vir haar belangrik is en háár houding daarteenoor, laat Monica se beperkte klein wêreld uitgroeï tot iets wat in sy selfstandigheid respek afdwing.

Uiteindelik skryf Olivier dat die grootste wins van die teks die eerlike uitbeelding van 'n sekere soort werklikheid (dié van die gefrustreerde, voorstedelike huisvrou) is. Vergelyk sy (kanoniserende) slotopmerking:

- ii. 'n Mens kan Baker dankbaar wees dat sy in dié boek 'n wêreld laat sien wat selde met soveel integriteit geformuleer word.

Hierdie laaste opmerking laat die vermoede ontstaan dat *Monica* nie 'n voorbeeld van die genre van die "damesroman" is nie, maar dat Olivier dit eerder beskou as kanoniseerbare GG-, of selfs E-literatuur.

5.3.2.5 *As 'n pou kon vlieg*

Joubert (1980:111) som die strekking van hierdie teks vir haar lesers op, en verskaf slegs die volgende evaluerende uitsprake:

- i. ... dit is waar dat die skryfster die leser 'n besondere insig in die Iraanse lewenswyse gee.
- ii. ... dit is haar vertelling van ervaringe wat dié land vir die leser laat lewe.

Die resensent bedien haar dus van 'n emosionele argument ten einde die teks positief te evalueer. Onduidelikheid bestaan egter oor die sisteem van Afrikaanse literatuur waarbinne die teks gekanoniseer kan word. (Volgens 'n multifunksionele model sou hierdie soort teks hoofsaaklik as A-literatuur geklassifiseer word, maar kan daarnaas ook die funksie van GG- of O-literatuur vervul).

5.3.2.6 *'n Geslote boek*

A.P. (1982:20) se bespreking lê hoofsaaklik op die inliggende vlak deurdat die grootste gedeelte daarvan 'n opsomming van die intrige is. Slegs die volgende uitspraak funksioneer op die evaluerende vlak:

- i. *'n Geslote boek* is 'n "(l)igter" roman as (Baker se) voriges maar goed geskryf en uiters leesbaar.

Hierdeur word die teks as 'n "ligter" literatuursoort getipeer (dus gedekanoniseer as E-literatuur). Terselfdertyd word dit by implikasie as O- of GG-literatuur getipeer, maar dan van "goeie" gehalte. Sodoende stel die resensie die opname van *'n Geslote boek* in die "gekanoniseerde" strata van die O- of GG-sisteem voor.

5.3.2.7 *Weerkaatsings*

Resensies wat oor hierdie teks verskyn, word gekenmerk deur uiteenlopende oordele, sowel as

polemiek.

Gilfillan (1984)¹⁴⁴ se oordeel oor *Weerkaatsings* kom in essensie daarop neer dat die leser se verwagtinge teleurgestel word en die teks bly vassteek in onbehaaglike verstrooiingsliteratuur.

Gilfillan argumenteer dat daar aanvanklik deur middel van die bemerking van die teks ('n institusionele meganisme), sowel as die eerste gedeelte daarvan, by die leser hoë verwagtinge ontstaan. Deurdadig Karel Schoeman as vermelding gebruik word, word die verwagting van 'n hoogstaande (E-) teks deels beskryf en gemotiveer. Vergelyk:

- i. Soms wek 'n flapteks verwagtinge wat nie gerealiseer word nie en dan wonder die leser of hy die boek nie méér sou geniet het sonder die entoesiastiese reklame vooraf nie ... En die eerste paar bladsye stel inderdaad nie teleur nie. (Baker) skryf 'n nugtere en onopgesmukte Afrikaans en haar effens onttrokke styl wil selfs aan Karel Schoeman gaan herinner.

Die res van Gilfillan se resensie word egter gewy aan 'n uitbreiding op die teks se tekortkominge, waaronder onoortuigende karakterisering en ander strukturele tekortkominge, asook besware wat sy opper teen die sogenaamde onwaarskynlikheid en oppervlakkigheid van die verhaalgegewe.

Let op die volgende uitsprake:

- ii. Deurgaans maak (Baker) gebruik van onderbektoneering ... Maar 'n "hoogtepunt" word dit nie. Veral nie omdat die twee hoofpersone ... nooit méér word as die weerkaatsings wat veral Lize wil deurbreek nie ... Ongelukkig bly veral Charles net 'n dowwe skim. Dieselfde geld vir Lize. Haar liggaamlike verval as gevolg van haar siekte word beskryf, maar dit bly leë woorde, sodat die leser nie die ellende saam met haar meemaak nie en weinig wyser word oor die werking van menslike lyding.

Hierdie uitspraak kan beskou word as 'n voorbeeld van wat De Moor (1993:47) 'n kombinasie van 'n strukturele en 'n realistiese argument noem: Die resensent argumenteer dat 'n té simplistiese beeld van die werklikheid weergegee word of dat die hantering van die karakters naïef is.

Gilfillan opper ook suiwer strukturele besware:

- iii. Hier is een plek in die boek waar die geswoeg en gesweet van die skryfster nog gesien kan word – dit vloei nie.

144 Die bladsynommer is nie aangedui in óf die bron óf die verkreë fotostaat nie.

'n Realistiese argument word gebruik om die verhaal uiteindelik negatief te beoordeel:

- iv. Miskien is die verhaal eenvoudig te lig, te onwaarskynlik en te ondeurleef om ooit meer te kan wees as blote verstrooiing.

Met hierdie uitspraak word *Weerkaatsings* tot die domein van O-literatuur verban en die moontlikheid op kanonisering as E-literatuur ontnem. Die leser kry die indruk dat *Weerkaatsings* dan wel as O-literatuur "gekanoniseer" word, in soverre dit moontlik is. Die enigste ander moontlike wins van die teks is, volgens Gilfillan, die afwesigheid van elemente wat die teks ongeskik sou maak vir jonger lesers. Die volgende uitspraak is dalk nie heeltemal ontdaan van sarkasme nie:

- v. Dat daar aan juis ... (verstrooiings)lektuur 'n behoefte bestaan, word telkens onder die aandag gebring. Wanneer dit dan nog goed geskryf is daarby, moet dit seker beskou word as suiwer wins. Verder is dit die soort boek wat met vrymoedigheid aan lesers van ongeveer 12 jaar oud gegee kan word. Dit nou wanneer 'n mens meer besorg is oor sedebederwende invloede as oor insig in die menslike gesteldheid.

Ten slotte maak Gilfillan dié opmerking, wat daarop mag dui dat sy wel die potensiaal tot kanoniseerbare (E-) tekste by Baker bespeur:

- vi. En tog bly die onvergenoeglike gevoel steeds dat Eleanor Baker in staat is tot veel meer ...

Louw (1984:20) skryf negatief oor sowel tegniese as tematiese aspekte van die teks. Daar is die volgende uitsprake:

- i. Daar is so baie stramheid in haar verteltrant dat 'n mens die indruk kry dat sy die boek eers in Engels geskryf en toe vertaal het.
- ii. Soms is dit waarlik 'n sprokie en dan is alles net te goed om waar te wees. Veral die manlike hoofkarakter is so foutloos en so skatryk. Maar toe gaan staan en vergeet Eleanor Baker skoon van die sprokie-storie toe sy die slaapkamertoneel beskryf – dít is so hedendaags as kan kom.

Louw het dit dan veral oor die taalgebruik in die teks:

- iii. Te dikwels haper die taalgebruik in hierdie boek en soms is dit met een woord beroerd.

Bogenoemde uitsprake is onteenseglik daarop gemik om die teks te dekanoniseer. Geen positiewe uitspraak word in die bespreking gemaak nie, sodat die effek van die resensie waarskynlik wil wees om die leser te oortuig van die "hinderlikheid" (dus onhoudbaarheid) van die stilistiese en taalkundige gebreke in die teks. Die implikasie hiervan is dat die leser se leeservaring gestrem word, en dat die teks derhalwe nie 'n weg tot die kanon behoort te vind nie.

Bovermelde bespreking van Louw – wat oorspronklik op 12 November 1984 in *Die Oosterlig* verskyn het – word woordeliks herhaal op 28 Maart 1985, weer in *Die Oosterlig*. Die rede/s hiervoor is duister, maar die noodwendige gevolg daarvan is dat die definitief dekanoniserende uitwerking van die resensie versterk word, en wel deur die kumulatiewe effek van negatiewe kanonaanduiders.

In teenstelling met Louw se negatiewe oordeel staan dié van Breytenbach (1984:17) wat die teks as 'n "besondere sprokie" beskryf. Daar word aangedui dat 'n kanoniserende meganisme alreeds vóór die verskyning van die roman in werking getree het:

- i. *Weerkaatsings* se roem het hom vooruitgehoop – voor sy verskyning nog het mense in die bedryf vertel van dié wonderlike verhaal (van)¹⁴⁵ Eleanor Baker.

Breytenbach vertel hoedat die lees van die teks sy aanvanklike (positiewe) verwagtinge deurbreek het:

- ii. ... (het) ek (die teks) met taamlike afwagting begin lees ... , en ofskoon ek die bekoring te wagte was, het ek nooit kon dink dat die verhaal my so volkome sou oorrumpel nie.

Die leser word dus meegedeel dat *Weerkaatsings* 'n uiters bevredigende leeservaring bied, soos ook die volgende uitsprake van getuig:

- iii. Om te sê dat ek *Weerkaatsings* geniet het, is om dit sagkens te stel ... Dit is meer as die moeite werd om *Weerkaatsings* te lees.

Implisiet word daar aanbeveel dat dié teks gekanoniseer word:

- iv. ... *Weerkaatsings* (groei) ... tot die soort literatuur wat jy *graag wil koester* (my kursivering).

145 Dit skyn asof daar 'n drukfout in die oorspronklike teks is.

Die titel van die bespreking deur Rabie (1985:10) dui alreeds aan dat *Weerkaatsings* dié kwaliteite besit wat dit 'n kandidaat vir kanonisering maak ("Two new novels of note from Afrikaans writers" – my kursivering). Alhoewel die bespreking grotendeels 'n parafrase van die inhoud behels, blyk een uitspraak wel kanoniserende implikasies te hê:

- i. *Deceptively*, it seems to be *merely* a popular love story told in trim language (my kursivering).

Daar word dus gesê dat hierdie teks nié maar bloot 'n populêre liefdesverhaal is nie, maar méér – in werklikheid 'n roman om van kennis te neem, luidens die titel. Hierbenewens word die taalgebruik – in skrilte kontras met Louw se opinie – as "knap" bestempel, wat 'n verdere kanoniserende uitspraak is.

Z.J.E. (1985a:25) se bespreking tipeer en kanoniseer *Weerkaatsings* as GG-literatuur.

Terselfdertyd word dié soort literatuur pertinent van E- en O-/T-literatuur onderskei. Vergelyk:

- i. Met elke boek wat sy tot dusver geskryf het, het Eleanor Baker opnuut bewys dat daar in Afrikaans wel goeie, gewilde literatuur geskryf kan word sonder dat dit hoge literatuur of blote verstrooiingslesstof hoef te wees.

Gewis die betekenisvolste resensie ten opsigte van kanonisering is dié van Brink (1984:17). Hy loods 'n aanval op die resensente wat *Weerkaatsings* negatief beoordeel het, by name Louw en Gilfillan. Oor die ontvangs van hierdie roman en sy voorganger (*'n Geslote boek*), skryf hy:

- i. Die ontvangs van ... *'n Geslote boek* (1981) was van so 'n aard dat die meeste resensente wat daarvoor geskryf het, hul koppe in skaamte behoort te laat hang: omdat hulle gewoon nie die merkwaardige subtiliteite kon raaklees wat dié roman so 'n delikate ontginning van menslike verhoudinge maak nie. En nou is dieselfde besig om te gebeur m.b.t. haar jongste – *Weerkaatsings* – *'n Sprokie* ...

Brink (1984:17) maak die uitspraak dat die twee negatiewe resensies van swak literêre sowel as wetenskaplike oordele getuig; hy deel selfs die lesers van *Rapport* mee dat hy dié resensies voortaan as modelstukke aan sy studente gaan voorhou – naamlik as voorbeeld van "hoe om NIE 'n roman te ontleed nie". Louw se vermoëns as kritikus word deur Brink (1984:17) in twyfel getrek ("Jorda Louw is òf dom òf moedswillig; en nie een is 'n aanbeveling vir 'n kritikus nie").

Brink wy dan die res van sy bespreking daaraan om waarderend oor die teks te skryf. Hy noem dit onder meer

- ii. ... 'n ragfyn, subtiel geskakeerde en meesterlik beheerste moderne sprokie.

Dit kan as 'n definitief kanoniserende uitspraak gereken word.

Vergelyk ook die volgende vermeldings:

- iii. Dis 'n boek wat met plesier en herkenning gelees kan word deur al die duisende lesers wat Dalene Matthee se *Kringe in 'n bos* geniet het. Maar net soos Dalene Matthee, maak Eleanor Baker ook van die storie net 'n beginpunt vir 'n fyn innige en ver-gaande verkenningstog binne-in mense in; en binne in *skryf* in. Soos wat Etienne Leroux soms die speurverhaal tong-in-die-kies gebruik het om gans iets ánders daarvan te maak, so gebruik Baker die sprokie, die eendag-lank-lank-lank gelede, die happily-ever-after as 'n *voorwendsel*, en as 'n uitgangspunt.

Deur na Dalene Matthee en Etienne Leroux te verwys, stel Brink vir Baker (implisiet) in die tradisies van beide hierdie outeurs – Matthee as meester van die "lekkerlees" boek van gehalte en wie se "bosboeke" ongekende gewildheid as Afrikaanse tekste geniet het en steeds geniet (Matthee dus behorende tot die gekanoniseerde strata van die GG-sisteem); Leroux as een van die grootste romanskrywers wat Afrikaans al opgelewer het (en derhalwe onweerlegbaar opgeneem binne die gekanoniseerde strata van die E-sisteem). Die Leroux-vermelding het veral die funksie om aan die leser te kommunikeer dat Baker se werk nié alleen "ontspanningslektuur"¹⁴⁶ is nie – soos in Leroux se tekste is die "ligte" verhaal slegs die raam waarbinne die meesterteller sy/haar multifunksionele teks laat ontplooi. Die afleiding hier is bes moontlik: Soos Leroux se werk – ondanks ooreenkomste met die O-literatuur – onteenseglik binne die kader van die E-sisteem hoort, hoort ook Baker se teks binne die E-sisteem.

Brink (1984:17) se slotsom oor die teks is soos volg:

- iv. *Weerkaatsings* is een van die subtielste prosawerke wat lank in Afrikaans verskyn het. En een van die "mooiste": vir dié leser wat 'n baie-baie lekker storie wil geniet. Dat dit tegelyk vir die literator stof tot eindelose ekskursies bied ... maak dit des te merkwaardiger. Tot die skande van die Gilfillans en die Louws wat iets so keurigs en verwickelds met sulke groot

¹⁴⁶ Let daarop dat die term "ontspanningsliteratuur" in hierdie spesifieke geval ook "goeie gewilde literatuur" insluit. In alle ander gevalle moet die twee terme egter van mekaar onderskei word, soos in hoofstuk 2 aangedui word.

modderpote probeer plattrap het.

Dieselfde tweeledigheid waarvan hierbo sprake was, word in bostaande uitspraak aangeraak: Baker se romans is terselfdertyd leesgenot (GG-literatuur) sowel as literêre tekste (E-literatuur) in die ware sin van die woord. Volgens Brink setel die waarde van *Weerkaatsings* tot op groot hoogte daarin dat beide hierdie kante van die teks so geslaagd is; dat dit as gevolg daarvan amper 'n unieke verskynsel binne die Afrikaanse literatuur is. Uitspraak (iv) is onteenseglik 'n sterk stelling ten gunste van die kanoniserings van *Weerkaatsings* in beide die E- en GG-sisteem. Soos in die teoretiese uiteensetting gesê is, is een van die uitvloeisels van die postmodernisme dat kenmerke van beide E- en GG-literatuur in 'n enkele teks geïdentifiseer kan word, oftewel, dat dit die funksies van beide sisteme kan vervul. Indien Brink se standpunt oor die dualiteit in *Weerkaatsings* aanvaar word, kan hierdie teks dien as voorbeeld ter staving van die werkbaarheid van die voorgestelde multifunksionele model.

Die bespreking van *Weerkaatsings* deur J.O. (1986:24) behels eerder 'n opsomming van die verhaal as wat daar waarde-oordele gegee word. Die enigste uiting waarin moontlik 'n waarde-uitspraak geles kan word, is die volgende:

- i. It is ... curiosity, and the search for an answer, that draws the reader through what becomes a close study of the relationship and the intertwining emotions of these two characters.

Hieruit kan afgelei word dat die teks as 'n aangename en boeiende leeservaring gesien word, wat dan 'n aanduiding in die rigting van kanoniserings is.

Van Zyl (1985a:14) in *Die Suidwester* se slotsom oor die teks lui soos volg:

- i. Met hierdie gegewe, wat maklik tot soetlike sentimentaliteit kon verlei, slaag Baker daarin om 'n roman te skryf wat nie net die slaggate van oordadige emosie vermy nie, maar wat selfs die intelligente leser boei. Die sprokiesverhaal word slegs vertrekpunt vir die knap uitbeelding van die groeiende verhouding tussen twee besondere mense.

Nieteenstaande die vermelding van positiewe aspekte deur Van Zyl (vergelyk byvoorbeeld "*knap uitbeelding*") val dié sinsnede op: "... wat *selfs* die intelligente leser boei". Spesifiek die gebruik van *selfs* suggereer dat dit byna verrassend is dat die sogenaamde "intelligente leser" (sigself 'n niespesifieke benaming) die teks boeiend vind. Die implikasie hiervan is onteenseglik: *Weerkaatsings* behoort in der waarheid tot die domein van "middelmoet"-literatuur, maar die

skrywer se vaardigheid verseker dat "ernstige" lesers die teks positief kan evalueer. Om 'n teks egter bloot "boeiend" te vind, beteken nietemin ook dat dié struktuur- en ander intrinsieke eienskappe wat saamwerk om die "boeiende" resultaat te lewer, nie genoegsaam in ag geneem is nie. 'n Stempel soos "boeiend" kan in die lig hiervan selfs as 'n poging tot trivialisering besou word.

Van Zyl (soos ook Brink) wys daarop dat die sprokiesverhaal slegs die vertrekpunt of raam is vir 'n veel meer komplekse, en ook geslaagde uitbeelding van 'n menslike verhouding. Dit lyk asof dit juis hierdie "knap uitbeelding" van die verhouding tussen die twee hoofkarakters (dus 'n struktureel-realistiese argument) is wat die teks verhef bó die vlak van blote verstrooiingsliteratuur.

Dieselfde oordeel word in ietwat gewysigde vorm deur Van Zyl (1985b:108-9) in *Tydskrif vir letterkunde* herhaal. Belangrik egter in hierdie resensie is die volgende twee uitsprake:

- i. Eleanor Baker is bekend as 'n skryfster vir vroue, en hierdie boek moet m.i. ook vanuit die standpunt van die vrou gelees word. Vroulike lesers, ook die intelligentstes onder hulle, het meesal daardie tikkie romantiek, die vermoë om hulle in 'n "sprokie" (wat natuurlik altyd gelukkig móét eindig) in te leef, wat hulle van die deursnee manlike leser onderskei.
- ii. Dit wil darem nie sê dat ek die roman sonder meer as geslaagd beskou nie. Die skryfster besit wel die vermoë om deur terughouding die leser se aandag te bly behou, maar sy kry nie heeltemal reg om die slaggate van hierdie tegniek te vermy nie. 'n Mens raak geleidelik daardeur geïrriteer en begin dit sien vir wat dit is – blote skrywerstegniek.

Wat Van Zyl in die eerste uitspraak voorstel is dat *Weerkaatsings* as 'n "vroulike" teks benader (en gekanoniseer?) moet word, spesifiek omdat die "sprokie"-aard daarvan 'n gunstige "manlike" resepsie sal teëwerk. So 'n stelling berus op die veronderstelling, of die biologisties gedetermineerde stereotipe, dat vroue "uit hulle aard" tot die sprokiegenre met sy sin vir die onwerklike en wonderbare aangetrokke voel. Die vraag wat die kritiese ondersoeker nou behoort te vra, is: Bedoel die resensent dat hierdie 'n vroulike teks in die sin van Showalter se *feminine novel* – in wese 'n patriargale instrument en daarbenewens triviale O-literatuur – is? Of is hierdie 'n *female novel*, oftewel 'n uitdrukingsmedium van outentieke vroulikheid en derhalwe A-literatuur?

Uitspraak (ii) kan as 'n aanduider van gedeeltelike dekanonisering beskou word. Ten spyte van die outeur se bewese skryfvaardighede slaag die teks nié daarin om volkome te oortuig nie, is die boodskap aan die leser.

Botha (1985:225) groepeer die Baker-tekste saam met Margaret Bakkes se *Elegie vir 'n onbekende* en wys onder meer op die rol van die fantasie in beide tekste. Geen evaluerende uitsprake word egter gemaak nie en dus is dit nie moontlik om kanoniserende implikasies in dié oorsig te isoleer nie.

In haar bespreking van *Weerkaatsings* (in 'n artikel met die titel "Verhaal en suksesverhaal, of: Op soek na goeie, gewilde prosa") skryf Roos (1985:23-24) waarderend oor die teks. Die afleiding wat die leser kan maak uit die titelkeuse, sowel as die seleksie van *Weerkaatsings* as illustrasie materiaal, is dat hierdie teks as kandidaat vir (gekanoniseerde) GG-literatuur beskou word.

Roos tipeer die teks soos volg:

- i. Dis 'n verhaal waarin die teatrale en die geïkonneerde leesstof vorm, en terselfdertyd op onverwagse wyse ontgin word.

Sy het veral waardering vir Baker se "absolute ontginning van die sprokie-begrip" (Roos 1985:24), en reken dat die kritiek juis hierdie aspek misgekyk het, en die verhaal daarom onderskat het.

Vergelyk haar uitspraak:

- ii. As dit blyk dat die standaard-resep vir *gewilde* prosa hier nagevolg is, het verskillende kritiese resensente in elk geval gemeen dat die resultaat geen *goeie* prosa was nie. Ongunstige vergelykings met Baker se vroeër werk, veral die allesbehalwe eenvoudige *Mørketiden* (1975), is deurgaans getref. Wanneer een resensent (Gilfillan? – A.L.) die verhaal afmaak as "onwaarskynlik" en uitmuntend geskik vir twaalfjariges, is die oordeel ironies omdat dit juis die aard en oënskynlike doelwit van 'n geslaagde sprokie presies raakvat.

Bostaande uitspraak kom daarop neer dat Roos die teks as geslaagd, en dan by implikasie ook goed, beskou. Die rede vir die geslaagdheid lê spesifiek in die knap ontginning van die sprokie-genre, en vervul dus die intensie wat deur die subtitel gestel word (dan 'n intensionele argument). Gilfillan se negatief bedoelde kommentaar wys in der waarheid op die geslaagdheid van die teks, aldus Roos. By implikasie sê sy ook dat Gilfillan deur *Weerkaatsings* se bedrieglike eenvoud mislei is, en haar eie reputasie daardeur ondermyn.

Roos wys wel daarop dat hierdie teks aan egte voorbeelde van verstrooiingsliteratuur herinner:

- iii. Die bedrieglike eenvoud van die gebeurelyn herinner dan ook sterk aan daardie ander "sprokies" van moderne tye: die Mills en Boon-stories waarmee miljoene lesers hulle eie grys werklikhede tydelik kan transformeer.

Uit die totaal van Roos se uitsprake blyk dit egter dat die teksgegewe nie beperk bly tot die vlak van die geïkete en resepmatige nie, maar dat die outeur daarin slaag om "verwikkelde betekenis en verhoudings onder die gladde bolaag waar te neem" (1985:23). Sy toon voorts aan dat André P. Brink by uitstek daarin slaag om hierdie tekslaag raak te sien en te waardeer:

- iv. Dat in *Weerkaatsings* juis so 'n inherente kompleksiteit oortuigend verwoord word, is deur André P. Brink aangetoon in wat seker een van die beste resensies¹⁴⁷ van vanjaar moet wees.

Roos se resensie gee dus blyke van positiewe kanonaanduiders wat betref *Weerkaatsings*, en spesifiek aanduiders daarvan as GG-literatuur.

5.3.2.8 Dossier van 'n gyseling

Van Zyl (1985:10) sluit aan by Brink se siening hierbo wat betref die besondere aard van Baker se werk. Sy skryf na aanleiding van *Dossier van 'n gyseling*:

- i. Eintlik val die skryfster se boeke nie heeltemal in die genre ontspanningsleesstof nie – hulle is nader aan die letterkunde in tema en struktuur, in gestaltegewing aan 'n idee. Haar boeke het in elk geval meer om die lyf as wat tradisioneel onder ontspanningsleesstof verstaan word.

Hierdeur wil Van Zyl dan te kenne gee dat Baker se werk nie as rand- of verstrooiingsliteratuur beskou moet word nie, maar dat dit in die kategorie van GG- of selfs E-literatuur hoort en as sulks benader moet word. Hierdie uitspraak kan as kanoniserend beskou word, aangesien dit Baker se werk in die sentra¹⁴⁸, eerder as op die periferie, van die polissisteem situeer.

Die grootste gedeelte van die bespreking is beskrywend/informatief en interpreterend van aard, maar ten slotte is daar 'n evaluerende uitspraak:

147 Brink se *Rapport-resensie* van 11 November 1984.

148 Binne die raamwerk van die polissisteemteorie kan meer as een sentrum vir 'n polissisteem gehipotetiseer word (sien paragraaf 2.4.2). In hierdie geval kan 'n sentrum vir die GG-, sowel as vir die E-sisteem gehipotetiseer word. "Die sentrum" verwys egter eerder na die sentrum van die E-sisteem, wat ook tradisioneel sinoniem is met die sentrum van die hele polissisteem. Hierteenoor dui "periferie" in bostaande sin waarskynlik op die periferie van die hele polissisteem,

- ii. Dit is 'n puik boek dié wat boeiend gestruktureer is deur iemand wat fyn waarneem en taalknap beeld; wat haar karakters mense maak, elkeen 'n individu in eie reg.

Deur hierdie uitspraak word sowel Baker as haar pennevrug positief geëvalueer – derhalwe 'n kanoniserende uitspraak ten opsigte van beide.

Mittner (1985:11) se kort bespreking is hoofsaaklik gemoeid met die strekking van die verhaal. Sy maak wel 'n evaluerende uitspraak as slotsom:

- i. *Dossier van 'n gyseling* is 'n interessante verhaal en goed geskryf. 'n Mens sou graag meer van die skryfster wil sien.

Alhoewel minder geesdriftig as Van Zyl se uitspraak (vergelyk die sterker "puik" teenoor "interessant"), is hierdie nietemin 'n uitspraak ten gunste van kanonisering. Soos Van Zyl prys Mittner ook Baker se skryfvermoë, alhoewel bondiger. Dit is egter Mittner se laaste sin wat 'n duidelike positiewe kanonaanduider is: Sy dui naamlik aan dat sy (en die lesers?) graag meer tekste deur Baker sou wou lees. Hierdeur verhef sy *Dossier* dan tot 'n teksgenererende model – 'n roman op dié lees geskoei is 'n leeservaring om na uit te sien.

Alreeds die titel van Wiehahn (1985:3) se bespreking ("*Gyseling* het heelwat literêre meriete") is 'n positiewe en kanoniserende stelling; daarbenewens wek dit by die leser die verwagting dat die teks onder bespreking positief geëvalueer gaan word.

Hierdie verwagting word egter nie volledig gerealiseer nie en dit blyk dat die deelaanduiding "*heelwat ... meriete*" in die titel sou kon impliseer dat daar ook (heelwat?) gebreke in die teks is. Ten opsigte van Baker se oeuvre tot op datum skryf Wiehahn:

- i. Eleanor Baker is 'n produktiewe skryfster wat sedert haar debuut in 1972 ... reeds sewe romans van uiteenlopende aard en aansienlik wisselende gehalte gelewer het.

Alhoewel daar nie gesê word watter tekste van hoër en watter van swakker gehalte is nie, het hierdie uitspraak wel die gevolg dat Baker se kanoniseringstatus daardeur gekompromitteer word.

'n Interpretierende uitspraak soos die volgende lewer kommentaar op die veronderstelde oogmerke van die betrokke teks:

sodat "periferie" ook 'n hele sisteem (byvoorbeeld die O-sisteem) kan insluit.

- ii. Die titel van haar jongste, *Dossier van 'n gyseling*, wek die verwagting dat dit 'n dokumentêre spanningsverhaal sal wees, maar in werklikheid beoog Baker met hierdie roman, soos die voriges, ernstige skeppende prosa met literêre pretensie.

Die gebruik van die woord "pretensie" laat vrae ontstaan oor Wiehahn se oordeel oor die teks. Dit is byvoorbeeld moontlik om te vra: Sou dié woordkeuse nie moontlik dekanoniserend kon funksioneer nie – vermoedelik om aan te toon dat die teks na literêre status streef, maar dit nie werklik bereik nie?

In die loop van die bespreking wys Wiehahn op sekere gebreke in die teks, onder meer die sentimentaliteit wat plek-plek sigbaar word, die gebrekkige karakterbeelding van die antagonis/te, asook die aanwending van die hoofkarakter om die leser te lei. Uiteindelik laat sy haar soos volg uit:

- iii. *Dossier van 'n gyseling* slaag nie in elke opsig nie, maar dit lewer nietemin bewys van Eleanor Baker se onmiskenbare vermoë om 'n storie te vertel en 'n romangeheel te struktureer. Dit is 'n leesbare boek dié met heelwat literêre meriete.

Alhoewel met voorbehoude, is dit 'n oorwegend positiewe en ook kanoniserende uitspraak. Waar die betrokke teks self (aldus Wiehahn) nie heeltemal die toets slaag nie, word die outeur se vaardighede as prosaskrywer eksplisiet genoem. Die *outeur* Eleanor Baker word derhalwe gekanoniseer, waarskynlik binne die GG-sisteem, vanweë haar vermoë om 'n "leesbare" teks te skep.

Louw (1985b:10) en (1985c:13) se (identiese) besprekings in *Oosterlig* en *Beeld* is aansienlik positiewer as dié oor *Weerkaatsings*. Reeds in die openingsparagraaf verwys Louw na Baker se voorafgaande werk:

- i. Die belofte wat die skryfster met haar vorige werke getoon het, is beslis met hierdie boek uitgebou. As 'n mens dit vergelyk met haar vorige boek, kom sy baie-baie na-aan wasdom. Ondanks gebreke het die woorde "heerlik leesbaar" aan die einde van die laaste van die 230 bladsye my te binne geskiet.

Dieselfde geld die slotopmerking:

- ii. Tog is daar 'n verdieping in die werk wat nie in die vorige boeke opgeval het nie.

Wanneer (i) hierbo krities beskou word, blyk dit dat dit, alhoewel positief, in der waarheid aan die leser wil sê dat die teks tóg nie globaal gesproke as "goed" bestempel kan word nie. Stééds is literêre (?) "wasdom" nie bereik nie, steeds is daar gebreke – maar dan met die toegewing dat die gebreke ten minste *minder* is as in sy voorgangers (spesifiek *Weerkaatsings*?). Die vermoede dat daar 'n negatiewe ondertoon in Louw se oordeel is, word versterk deur 'n ontleding van die slotsin: Die "tog" dui op 'n toegewing dat die teks ondanks sy gebreke – waaroor Louw heelwat uitwei – 'n "verdieping" toon. Veelseggend genoeg kwalifiseer Louw nie hierdie stelling nie, sodat die leser steeds in die duister verkeer oor wát hierdie "verdieping" eintlik sou behels. Opsommend kan gesê word dat Louw se uitsprake wel in die rigting van kanonisering dui.

Met verwysing na Louw se negatiewe oordeel oor *Weerkaatsings* kan wel gevra word na die moontlikheid dat byvoorbeeld Brink se reaksie 'n moontlike motief kon wees vir die "toegewing" wat nou in Baker se guns gemaak word. Vanweë Brink se invloedryke posisie as gesaghebbende kritikus en akademikus (met ander woorde as sleutelfiguur in die literêre institusie) is dit nie onmoontlik dat 'n resensent soos Louw se mening deur dié van Brink gerig kan word nie – dalk ten einde Louw se eie reputasie te beveilig? (Herinner hier aan Brink se stelling oor Louw se kritiese vermoëns).

Brink (1986:15) skryf 'n omvangryke bespreking van *Dossier van 'n gyseling*, waarin hy ook weer eens die kwessie rondom die kanonisering van Baker aanraak. Die brandpunt van die bespreking, luidens die titel, is dat resensente nog beskaam sal word in hulle afskiet (of ignorering) van Baker se werk (vergeelyk die titel: "Daar sal gebloos word oor dié skryfster"). Brink se uitspraak word hier volledig aangehaal:

- i. Dit is gewoon 'n skande: die manier waarop die kritiek besig is om, bedoeld of onbedoeld, Eleanor Baker dood te swyg. Haar gevoelige roman *Monica* het 'n paar (hoofsaaklik patroniserende) kommentaartjies ontlok; die subtiele in *'n Geslote boek* het bykans sonder 'n rimpel verdwyn; die geraffineerde moderne sprokie *Weerkaatsings* is of geïgnoreer of – deur mense wat van beter behoort te weet – as 'n damesromannetjie¹⁴⁹ afgemaak; en een van die keurigste prosawerke van 1985, *Dossier van 'n gyseling* – is nou sowat vier maande na sy verskyning nog byna nêrens vermeld nie. En dit gaan hier om 'n skryfster wat in vele opsigte in haar fynsinnige hantering van die geringste verskuiwinge in menseverhoudinge enige tyd Karel Schoeman (op sy beste) se gelyke is! Ek wil voorspel dat daar nog eendag, by die onvermydelike "herontdekking" van dié skryfster, baie purperrooi gesigte in die geleedere van die Afrikaanse kritiek gaan wees. Maar waarom ...

149 Die term "damesroman" word in paragraaf 5.8 onder die soeklig geplaas.

wag tot ééndag as haar werk *nou* beskikbaar is om geniet te word deur sowel die uitsoekerigste fynproewer as die leser op soek na 'n storie?

By wyse van die waardetoekennende vermelding (te wete Karel Schoeman wat onder meer 'n Hertzogpryswenner is) word Baker in vele opsigte gelykgestel aan een van dié gekanoniseerde Afrikaanse outeurs. Brink se uitspraak raak voorts aan van die belangrikste kwessies rondom die kanonisering van Baker, naamlik die tipering van haar werk as "damesromans" (ook die sogenaamde "middelmoot"- of GG-literatuur), en dat haar romans 'n bevredigende leeservaring – om verskillende redes – aan 'n wyd uiteenlopende leserspubliek kan bied.

Brink beklemtoon Baker se skryfvernuif, oftewel, haar statuur as produsent van literatuur. Hy skryf:

- ii. Opnuut het Eleanor Baker haar *bedrewenheid* as *prosateur* bewys (my kursivering).

Hy sluit sy bespreking af deur terug te verwys na die kern van sy betoog:

- iii. Opnuut is sy misken. Hoe lank nog?

Z.J.E. (1985b:22) tipeer en kanoniseer *Dossier van 'n gyseling* onomwonde as GG-literatuur, maar stel dat die teks eweneens vir lesers van O-literatuur toeganklik sal wees. Vergelyk:

- i. 'n Uitstekende middelmootroman wat ook deur lesers van ligte ontspanningsleesstof geniet sal word.

Van Zyl (1986:10) se oorwoë mening oor *Dossier van 'n gyseling* is die volgende:

- i. 'n Roman ... wat myns insiens nie sonder gebreke is nie, maar wat tog beslis die moeite werd is as leeservaring.

Opvallend hierin is die "maar ..." -struktuur, wat ook (met 'n geringe fokusverskil) omgeswaai kan word. Vergelyk:

Die roman is beslis die moeite werd as leeservaring, *maar* dit is nie sonder gebreke nie.

Dieselfde struktuur kon byvoorbeeld in Kannemeyer (1988) (sien 5.3.1.1) se bespreking geïdentifiseer word. In hierdie stadium ontstaan die vraag dan of hierdie nie moontlik 'n "kenmerk" van Baker-resensies is nie – die roman word oënskynlik heel positief geëvalueer, maar dan word

die voorbehoude daarteen uiteengesit. Hipoteties gestel: Die deurlopende trant van die besprekings is

Die teks is goed/boeiend/knap, ensovoorts, *maar ...*

Aan die einde van hierdie hoofstuk sal geëvalueer word of hierdie uitspraakstruktuur wel kenmerkend is van die kritiese diskoers rondom Baker se oeuure.

Elizabeth Botha (1995:8) se 1995-bespreking funksioneer egter volkome kanoniserend. Sy skryf:

- i. Eleanor Baker is 'n skryfster wat geen bekendstelling nodig het nie – haar naam verkoop haar boek en sê klaar vir die leser dat dit 'n puik stukkie werk behoort te wees.

Uitspraak (i) wil inderdaad aan die leser kommunikeer dat Baker *alreeds* kanonstatus geniet en dat die outeursnaam Baker sonder meer die sukses van 'n teks kan waarborg. Só 'n bewering kan slegs geld indien die betrokke outeur deeglik in die tersaaklike kanon (hetsy amptelike of persoonlike) opgeneem is.

- ii. Eleanor Baker wys in dié puik boek, net soos in haar vorige romans, dat sy geen tree agteruit hoef te staan vir ander skrywers nie.

Uitspraak (ii) bevat 'n positiewe uitspraak ("puik boek") sowel as 'n waardetoekennende vermelding ("ander skrywers"). Bes moontlik impliseer laasgenoemde "(gekanoniseerde) skrywers" sodat Baker dus op dieselfde vlak as hierdie (weliswaar ongespesifiseerde) gekanoniseerde outeurs geplaas word.

5.3.2.9 Die kwart-voor-sewe-lilie

Slabber (1988:15) beskryf *Die kwart-voor-sewe-lilie* as

- i. ... 'n fyn georkestreerde roman wat deur sowel die kritici as die gewone publiek geniet sal word.

Wat Slabber hier verwoord, is die reeds bekende siening van Baker se werk as toeganklik – en genotvol – vir 'n wyd uiteenlopende publiek. (Die problematiek rondom en implikasies van hierdie kritici/publiek-digotomie sal aan die einde van hierdie hoofstuk bespreek word). Voorts kan sy tipering van die teks as 'n "fyn georkestreerde roman" as positief kanoniserend beskou word.

J.B. (1989:4) sê die volgende oor die teks in sy kort bespreking daarvan:

- i. (*Die kwart-voor-sewe-lelie* is) a charming woman's book.

Hierdeur word die teks dan sonder meer tot "dameslektuur" – met al die moontlike pejoratiewe konnotasies daaraan verbode – verklaar. Terselfdertyd word die potensiële lesersgroep gehalveer, met die gevolg dat 'n beperkte resepsieruimte onmiddellik veronderstel word.

Hambidge (1989:10) se resensie met die subtitel "'Damesroman' met ironiese sousie imponeer" betrek onder meer bogenoemde soort tipering van Baker se oeuvre. Sy skryf in dié verband:

- i. Dit is nou al 'n geruime tyd wat Afrikaanse kritici aan't stry is oor Eleanor Baker se posisie binne die prosa. Vir sommige is sy gewoon 'n "populêre" skrywer van damesromannetjies, terwyl ander van mening is dat haar tekste – veral *Weerkaatsings* – eerder postmodernistiese ekskursies is. André P. Brink argumenteer oortuigend hieroor in *De Kat*, Oktober 1988 ... Hierdie leser gaan akkoord met Brink se siening van Baker se posisie ... Veral ná die lees van *Dossier van 'n gyseling* is 'n mens bewus gemaak van dié skryfster se vermoë om te kan goël met die konvensies van die sogenaamde populêre of ontspanningsverhaal ... Die komplekse hantering van die vertelinstantie behoort 'n mens reeds te waarsku *dat hier meer in die spel is as 'n populêre verhaal* (met alle respek aan die beoefenaars van daardie genre). Niks word enkellynig vertel nie; oor alles kom 'n ironiese sousie wat die kenmerkende romantiek van die damesroman opstuur. Ek meen: 'n hond wat net Nederlands verstaan en 'n poskaartjie uit die buiteland ontvang (my kursivering).

In werklikheid is Hambidge besig om 'n *omgekeerde* eksplisiete vermelding hier in te span: Eerder as om die betrokke roman binne 'n tradisie te situeer, stel sy juis dat *Die kwart-voor-sewe-lelie* nie in die tradisie van die damesroman tuishoort nie. Die redes hiervoor lê spesifiek op die tegniese vlak, aldus Hambidge. Die verwickelde vertelwyse, die komplekse vertelinstantie asook die bybring van 'n ironiese dimensie plaas dié teks in 'n ánder "kategorie". Die vraag ontstaan dan: Wat sou hierdie ánder kategorie wees? Behoort die teks nou tot 'n ander genre; is daar sprake van 'n soort transformasie? Die antwoord hierop hang onder meer af van die model wat die ondersoeker aanhang, naamlik, of "kategorie" deur struktureienskappe, deur funksie, deur die teikenlesers ensovoorts, bepaal word¹⁵⁰.

150 Sien paragraaf 2.4.3.2.

Hambidge sluit af:

- ii. Dié roman getuig van 'n vermoë om 'n verhaal op twee vlakke te kan struktureer (die konvensies van die damesroman *versus* 'n ironiese blik daarop). Die taalbeheer beïndruk nogmaals ... Genietlik is dié roman, hoewel ek dit tog minder indrukwekkend vind as haar drie bestes tot op datum: *Mørketiden*, *Weerkaatsings* en *Dossier van 'n gyseling*. Maar nog steeds méér as een lees werd.

Uit haar slotsom verneem die leser dat dit veral Baker se vermoë tot meervlakkige gestaltegewing (met ander woorde, tegniese bedrewenheid) is wat hierdie teks bó die damesroman laat uitstyg. Die leser behoort te begryp dat hy/sy hier te make het met "werklike" (dus E-) literatuur, met al die kenmerke daarvan (en dít is 'n problematiese begrip op sigself). Hier skaar Hambidge haar by Brink, wat Baker se werk sien as verteenwoordigend van die postmodernisme – 'n prominente "hoofstroom"/gekanoniseerde rigting in die eietydse literatuur waarvoor heelwat indringende navorsing gedoen is en steeds gedoen word. Hambidge se uitspraak kan beslis as 'n positiewe kanonaanduider ten opsigte van *Die kwart-voor-sewe-lemie* beskou word, ongeag die ietwat ongunstige vergelyking met vorige romans.

Van Zyl (1989:15) wys soos Hambidge op die belangrikheid van Baker se tegniese bedrewenheid wat daartoe bydra dat haar romans 'n bevredigende ervaring vir die leser inhou. Sy skryf:

- i. Wat 'n genotvolle, pikante boek is *Die kwart-voor-sewe-lemie* tog nie! Deur die skryfster se *uitmuntende struktureering* materialiseer 'n boeiendheid wat my feitlik fisiek aangetas het met 'n tergende gejaagdheid: Die vraag waarheen jy lees, is nie "wat verder" nie, maar "hoe verder", want dit is in haar skryfstyl dat die pakkendheid van die boek lê, én die genotvolle, en die bevredigende; die prikkelende (my kursivering).

Sy wys voorts op die bedrewenheid waarmee die vertelinstansie hanteer word, wat 'n belangrike rede is vir die leser se positiewe resepsie van die teks:

- ii. ... Iris se verteltrant, maak van die boek 'n groot leesplezier. Jy verkneukel jou behoorlik, en wonder, en sien die mense.

Van Zyl se enigste substansiële beswaar teen die teks is die anglicismes wat plek-plek opduik. Nietemin wys sy op die oorwegend hoogstaande taalgebruik in die roman:

- iii. Ek het net nie gehou van die "watersuiweringsplant" vir "installasie" of enige egte

Afrikaanse woord en die "konkreetmenger" in plek van "gruismenger" in 'n boek waar die taalgebruik eintlik die kwaliteitstempel afdruk nie.

Dit is egter onwaarskynlik dat hierdie beswaar die dekanonisering van die teks ten doel het. Oorwegend kan beweer word dat Van Zyl se bespreking ten gunste van die kanonisering van *Die kwart-voor-sewe-lilie* is.

'n Dekanoniserende resensie is dié van Pakendorf (1989:6), met die titel "Blomtyd, maar Iris wil nie blom nie". Die kern van Pakendorf se bespreking is naamlik dat *Die kwart-voor-sewe-lilie* oor die potensiaal beskik om deel van 'n Afrikaanse kanon te word, maar dat dié moontlikheid helaas nie verwesenlik word nie. Vergelyk:

- i. Só sou *Die kwart-voor-sewe-lilie* 'n mooi satiriese kommentaar op aspekte van die moderne Suid-Afrika kon wees, die soort leesstof waarvoor daar beslis genoeg plek in die Afrikaanse letterkunde is: lig en leesbaar, sonder om sentimenteel of banaal te wees. Maar êrens het iets skeefgeloop, en dit is asof die skryfster die paadjie wat sy aan die begin ingeslaan het, iewers byster geraak het. Daar is gevolglik te veel los drade en ongemotiveerde veranderinge, te veel onafgeronde gebeure en abrupte slotte; die roman as 'n geheel loop ook maar sommer so dood.

Pakendorf is egter vaag oor wat presies "die paadjie" is wat Baker volgens hom van meet af aan sou ingeslaan het. Behoort die leser hieruit af te lei dat die ironies-satiriese inslag (aldus Pakendorf) nie end-uit volgehou word nie? Die daaropvolgende uitspraak hou geensins verband met dié aspek nie en tegnies-strukturele tekortkominge in die teks word uitgewys. Interessant genoeg wys ander resensente – onder wie Hambidge en Van Zyl – juis op die strukturele uitnemendheid van die werk. Hierdie verskillende oordele word uiteraard ook bepaal deur die soort roman wat die resensent as maatstaf gebruik: 'n tradisionele of 'n eietydse (postmodernistiese) teks.

'n Kanoniserende en terselfdertyd kategoriserende bespreking kom uit die pen van Grobler (1989:2). Grobler open en sluit haar bespreking af deur die Baker-tekst goedsmoeds in die kategorie van "ligte ontspanningsleesstof" te plaas:

- i. Eleanor Baker se jongste roman *Die kwart-voor-sewe-lilie*, is ligte ontspanningsleesstof.
- ii. Dit is een van die leesbaarste en vaardigste ligte romans wat die afgelope paar jaar

verskyn het.¹⁵¹

In weerwil van hierdie tipering wys Grobler tóg daarop dat die roman nie 'n simplistiese eenvlakkige teks is nie:

- iii. Dit lyk met die eerste oogopslag asof dit 'n betreklike enkellynige verhaal met dun karakters gaan wees, maar dit is gewis nie die geval nie. Baker maak van 'n besondere slim tegniek gebruik in die sin dat haar hoofkarakter, Iris, as stereotipe aandoen, maar dit nie is nie.

Soos ook ander resensente, wys Grobler hier op Baker se vermoë om 'n "eenvoudige" vorm om te werk tot iets veel meer kompleks. Só 'n oordeel is teenstrydig met die aanvanklike tipering van die teks as "ligte ontspanningsleesstof". Die hele kwessie rondom wát "ontspanningsleesstof" werklik is, hoe dit verskil van "ernstige" of "swaar" leesstof en wat die implikasies daarvan vir kanonisering is, behoort dus in hierdie en toekomstige navorsing indringende aandag te geniet.

Dieselfde resensie deur Grobler verskyn sowat 'n maand later in *Tempo*, alhoewel sonder Grobler se naam daarby. In die titel wat dié keer gebruik word, word die teks – in ooreenstemming met die strekking van die bespreking – as "ligte" teks bestempel ("Ligte verhaal baken nuwe grense af"). Die vermoede ontstaan dat Grobler volstaan met haar tipering van *Die kwart-voor-sewe-lilie* as "ligte" verhaal, maar dat sy van mening is dat die knap hantering van die gegewe daarvoor verantwoordelik is dat dié genre se bakens verskuif word, oftewel, die moontlikheid open dat 'n "ligte" teks terselfdertyd kompleks kan wees. Weer eens: Die houdbaarheid van 'n term soos "ligte" literatuur behoort onder die soeklig geplaas te word.

'n Onbekende resensent (1989:34) in die Junie-uitgawe van *Artes Natales* skryf waarderend oor verskillende aspekte van *Die kwart-voor-sewe-lilie*:

- i. Die bekoring van die verhaal lê in die uiters leesbare skryfstyl, die unieke taalhantering, die heerlike, onderbeklemtoonde, tong-in-die-kies humor (van die beste wat ek nog in Afrikaans teëgekome het), en in die ietwat eksentrieke karakters wat die skryfster met soveel insig hanteer.

Hierbenewens wys ook hierdie resensent op die moontlikheid van 'n positiewe resepsie by 'n "dubbele" lesersgehoor (met ander woorde, lesers van sowel E- as GG-/O-literatuur):

151 Let op dat hierdie tipering teenstrydig is met dit wat deur die titel van die resensie gesuggereer word ("Méér as 'n leesbare, ligte roman...").

- ii. Die boek behoort by ernstige sowel as minder ernstige lesers aanklank te vind.

Van Zyl (1989:5) se bespreking eggo veel van ander resensente se menings. Sy skryf:

- i. Met haar jongste publikasie lewer Eleanor Baker weer eens 'n intelligent geskrewe lekkerleesroman in die tradisie waarvoor sy reeds bekend geword het.

Hierdeur sê Van Zyl eintlik: Baker se tradisie is dié van die vaardig geskrewe lekkerleesroman (lees ook populêre/ligte/ontspanningsroman). Van Zyl gee Baker krediet vir haar vaardige aanwending van ironie, en wel in die vorm van die volgende vermelding:

- ii. Die altyd-aanwesige beskermengel, sowel as die aanslag, laat nogal dink aan aan Jane Gardam se meesterlike roman *Crusoe's daughter*, hoewel Baker se roman ten slotte veel ligter van aard is.

Hierdie inliggende vermelding waarin ooreenkomste tussen die Baker- en Gardam-tekste belig word, funksioneer wel kanoniserend ten opsigte van Baker. Tóg word daar aangedui dat haar roman ten spyte van die ooreenkomste nie heeltemal Gardam se portuur is nie – dit is naamlik 'n "veel ligter" teks; dus, dit hoort tuis in 'n ander kategorie, eerder as wat dit minder "waardevol" is.

EdeR (1989:7) se bespreking het die titel "Vrou se verhaal", maar nogtans stel die diskoers geen moontlike feministiese/vroulike implikasies van die teks aan die orde nie. Die roman word wel positief beoordeel in naastenby dieselfde formulering as voorafgaande resensies:

- i. Die eerste indruk dat hierdie bloot 'n prettige roman is, is misleidend, en met die lees hiervan raak 'n mens mettertyd bewus van die meervlakkige roman vol mensekennis en wêreldwysheid wat met ligte satiriese aanslag en op besonder leesbare wyse geskryf is. Die boek word vir leeskringe aanbeveel.

Hierdie uitspraak is kanoniserend – spesifiek deur die aanbeveling vir leeskringe, alhoewel daar ten opsigte van leeskringe stellig ook onderlinge verskille is wat betref lede, voorkeure, vlak van opleiding, literatuuropvatting, ensovoorts. (Hierdie verskille kan meehelp om te bepaal in watter sisteem 'n teks opgeneem en moontlik gekanoniseer kan word. 'n Leeskring waarvan die lede hoofsaaklik vir ontspanning lees, sal waarskynlik opname binne die O-sisteem fasiliteer). Daar kan beweer word dat gebruik deur leeskringe moontlik nóg 'n toegang tot die kanon is, soos deur Fokkema gepostuleer.

'n Onbekende resensent (1990:28) se bespreking in *Zuid-Afrika* is in hoofsaak 'n opsomming van die gebeure in die verhaal, vergesel van aanhalings en enkele interpreterende uitsprake. Slegs enkele evaluerende uitsprake soos die volgende word gehoor:

- i. In deze roman word *de kleine dingen van het leven* op een onderhoudende, gezellige en humoristiese manier gepresenteerd (my kursivering).
- ii. Kortom een aardig boek.

Beide uitsprake is op die oog af kanoniserend. 'n Implikasie van (i) is wel dat hierdie nie "groot" literatuur oor "universele temas" is nie. So 'n uitspraak het dus die potensiaal om trivialiserend (en dan ook dekanoniserend) ten opsigte van die teks te funksioneer. Uitspraak (ii) het egter 'n positiewe implikasie. Volgens Koenen en Drewes (1986:17) kan "aardig" verklaar word as "een aangename indruk makend, ... , genoeglijk". Die uitspraak gee dus te kenne dat die resensent 'n genoeglike leeservaring gevind het in *Die kwart-voor-sewe-lilie*.

5.3.2.10 *Daar is spore op die maan*

Eleanor Baker se eerste jeugroman, wat in 1991 gepubliseer word, ontvang oorwegend gunstige kritiek. Hierdie teks is die tweede publikasie in HAUM-Literêr se tienerfiksiereeks wat daarna streef om aktuele, eietydse Afrikaanse leesstof aan jong volwassenes te verskaf. Die eerste publikasie in die reeks was Maretha Maartens se veelbesproke *'n Pot vol winter*. Dit wil lyk asof die Maartens-tekse 'n relatief sterk gekanoniseerde posisie beklee, in ag genome die hoë verkoopsyfer en die feit dat dit ook verfilm is (Marais 1991:17). 'n Vergelyking tussen dié twee tekste is onafwendbaar, soos wel in 'n aantal resensies gebeur.

Die vraag wat ontstaan wanneer die institusionele prosesse rondom *Spore op die maan* ondersoek word, is: Op watter manier(e) kan hierdie jeugverhaal gekanoniseer word? Spesifiek as jeug-/tienerfiksie; dit wil sê, word daar geïmpliseer dat daar 'n jeug-/tienerkanon binne 'n (oorkoepelende) kanon van Afrikaanse literatuur bestaan of behoort te wees?

Steenberg (1991:6) se bespreking is veel eerder 'n parafrase van die strekking van die verhaal as wat dit werklik interpreterend of evaluerend is. Een van die min voorbeelde van 'n evaluerende (én interpreterende, te wete kategoriserende) uitspraak is die slotsin:

- i. Hierdie novelle is tienerfiksie van gehalte.

Hierdie uitspraak trag om die teks dan as *tienerfiksie* te kanoniseer.

Van die besware teen die teks is volgens Steenberg die humor wat nie altyd natuurlik en oortuigend aandoen nie:

- ii. Veral Dawid se (teoretiese) behepthed met seks wat ook humoristies aangesny word, wil nie heeltemal oortuig nie.
- iii. 'n Leser wonder verder of die baie intelligente Dawid spelfoute soos "pysie" en "Krippel" sou begaan: word dit nie vir opsetlike snaaksigheid en dus effekbejag gebruik nie?

Marais (1991:17) skryf waarderend oor *Spore op die maan*:

- i. Die roman is intelligent, vernuftig en verbeeldingryk geskryf en die verteltempo is lewendig ... 'n hele paar lewenswaarhede word op natuurlike wyse en sonder enige prekerigheid oorgedra.

Wanneer sy 'n *Pot vol winter* vermeld, is sy egter huiwerig om die Baker-tekst daarteen op te weeg:

- ii. Of hulle (jong volwasse lesers) *Daar is spore op die maan* net so opwindend soos 'n *Pot vol winter* sal vind, wil ek nie probeer voorspel nie, maar ek kan wel sê dat ek as volwasse leser veel plesier aan die lees van Baker se jeugroman gehad het.

Marais se uitspraak dui op haar positiewe resepsie van Baker se jeugverhaal. Tog lyk dit asof kanonisering al dan nie in die laaste instansie by die teikenlesers sêlf gaan berus, aldus Marais. Die probleem hiermee is dat die "jong volwasse lesers" na wie sy verwys, nie werklik inspraak het in kanonvorming en -regulering nie. In werklikheid is volwassenes die kanoniseerders van jeug- en kindertekste, sodat Marais se evaluasie in die lig hiervan wel as 'n positiewe kanonaanduider beskou kan word.

Cilliers (1991:5) wys op die waarskynlikheid van 'n vergelyking tussen *Spore op die maan* en 'n *Pot vol winter*. Sy skryf in *Insig*:

- i. Baker se benadering is verfrissend eietyds. Haar hantering van die seksuele sal stellig kommentaar uitlok, en waarskynlik ook vergelykings met Maretha Maartens se 'n *Pot vol winter*. Maar die twee boeke ... verskil hemelsbreed ... Baker bou op Maartens se

grondslag, in dié opsig dat sy openlik oor seks kan skryf – oor seks en geboortebeperving en vigs. Maar daar eindig alle vergelyking. *Spore* is nie so 'n intense, amper tragiese boek soos 'n *Pot vol winter* nie, is nie so duidelik moraliserend nie (en dis nie as kritiek op enige van die twee boeke bedoel nie), maar praat wel openlik oor seksuele aangeleenthede, op 'n gans ander vlak.

Die leser vra onwillekeurig: Beteken die feit dat *Spore* "verfrissend eietyd" genoem word dat Maartens se roman dit nié is nie? In werklikheid funksioneer die vermelding in hierdie geval nie kanoniserend of dekanoniserend ten opsigte van enige van die twee tekste nie – eerder het dit ten doel om aan te dui dat hier van 'n nuwe "jeugtradisie" sprake kan wees, waarbinne individuele tekste wel van mekaar kan verskil. So byvoorbeeld sê Cilliers dat die hantering van die seksuele in *Spore* op 'n "gans ander vlak" lê as in die Maartens-tekste. Laasgenoemde is veel meer intens en moraliserend as *Spore* wat (kenmerkend van Baker?) 'n heelwat "ligter" aanslag het.

Die vermoede dat Cilliers 'n tradisie van Afrikaanse jeugfiksie konsipieer, word versterk deur haar slotopmerking:

- ii. *Daar is spore op die maan* is 'n hoogs morele boek, maar vanweë die fyn balans tussen sedes en humor, word dit nooit moraliserend nie. 'n Welkome bydrae tot die *nuwe Afrikaanse tienerfiksie* (my kursivering).

Hierdeur word sonder twyfel aanbeveel dat *Spore* opgeneem word in 'n tradisie, en uiteindelik 'n kanon, van Afrikaanse tienerliteratuur.

In 'n positiewe resensie met die titel "Tienerboek in die kol", verwys ook Gouws (1991:6) na Maartens se boek wanneer hy hom oor *Spore* uitlaat:

- i. Miskien gaan dié tweede boek in HAUM-Literêr se tienerfiksierreeks nie soveel opslae soos sy voorganger, *'n Pot vol winter*, maak nie, maar dit is 'n boek waarin met groot omsigtigheid met kontensieuse temas rondom adollessensie omgegaan word. Die spontane verhouding tussen die jongmense en die wyse waarop elke karakter sy eie identiteit verkry, maak dit 'n geloofwaardige teks, met baie dinge wat die teikenmark sal raak.

Weer eens is dit nie moontlik om te beweer dat bostaande vermelding kanoniserend of dekanoniserend ten opsigte van een van die twee tekste funksioneer nie. Dit is eerder die gedagte – alhoewel baie voorlopig ná slegs twee publikasies – van 'n *tradisie* van tienerliteratuur

wat weer eens hier geaktiveer word. So 'n tradisie sal bes moontlik 'n uitvloeisel wees van 'n impetus vanuit institusionele geledere, spesifiek die uitgewer HAUM se inisiatief om 'n tienerfiksierreeks te bemark. Die ander saak wat Gouws aanraak, is dié van die teks se vermoë om in die behoeftes van die teikenmark te voorsien. Kongruensie tussen die behoeftes van 'n groep lesers en dít wat 'n kanon aanbied, verseker as 'n reël die voortbestaan van so 'n kanon¹⁵².

Gouws se slotsom oor die teks is:

- ii. Die boek is nie prekerig nie, hoewel 'n bepaalde moraliteit tog met deernis, begrip en veral humor oorgedra word. *Daar is spore op die maan* is 'n welkome boek vir die jong volwassene.

Die teks se eienskap van nie-prekerig wees skyn dus van kardinale belang te wees by die aanvaarding daarvan deur 'n jong leserspubliek. Hiernaas dui veral "begrip" op die moontlikheid van identifikasie deur lesers met die verhaalwêreld. Om hierdie, en die redes hierbo genoem, behoort *Spore* verwelkom te word in 'n moontlike Afrikaanse jeugkanon. Let daarop dat die woorde "welkome boek/bydrae" deur twee resensente – Cilliers en Gouws – gebruik word. 'n Analise van hierdie uitsprake behoort die (potensieel) kanoniserende waarde daarvan uit te wys.

Dat die leserspubliek van *Spore* veel wyer kan wees as slegs 'n groep jong eerstetaalsprekers, word uitgewys deur Rosenthal (1992:8). Sy skryf soos volg oor die roman:

- i. This is a highly readable teenage novel, easily within the reach of those for whom Afrikaans is a second or third language.

Hierdie uitspraak kan as kanoniserend beskou word, nie alleen vanweë die positiewe oordeel daarin nie, maar juis omdat dit die moontlikheid van 'n uitgebreide lesersmark aandui. In die negentigerjare is dit veral só 'n eienskap wat 'n teks 'n geskikte kandidaat vir kanonisering maak, omdat Afrikaans sy eksklusiewe beeld probeer afskud en 'n wyer toeganklikheid probeer verkry. Hierteenoor het vroeër gekanoniseerde tekste eerder uitgesoekte lesersgroepe veronderstel, en wye toeganklikheid is tradisioneel nie werklik as wins van 'n teks gesien nie.

5.3.2.11 In die middel van die Karoo

Engelbrecht (1991:4) maak geen evaluerende uitsprake betreffende hierdie teks nie, en beperk hom tot enkele inliggende opmerkings. Die res van die artikel word gewy aan 'n verslag van 'n

¹⁵² Sien paragraaf 2.4.2.

onderhoud met die outeur.

M.T. (1991:27) maak die volgende uitspraak oor *In die middel van die Karoo*:

- i. Baker se roman kan geniet word bloot as storie, maar veral om dit wat agter die storie lê en gevoelig en stilisties goed versorg oortel word.

Hiermee wys die resensent op die moontlikheid om die teks bloot as O-literatuur te beskou, maar terselfdertyd op die dieper resonansieruimte agter die teks, tesame met die artikulasie daarvan op literêre wyse. (Let op die gebruik van 'n emosionele en strukturele argument ten einde hierdie literêre kwaliteite aan die leser voor te hou). Hierdeur word die moontlikheid geopen om hierdie teks ook as E-literatuur te beskou.

Wÿbenga (1992a:10) werk in *Beeld* hoofsaaklik op die inliggende en interpreterende vlak. Slegs die slotopmerking hou implikasies in vir kanonisering:

- i. *In die middel van die Karoo* mag nie met dieselfde dramaties (sic) noodwendigheid van sy voorgangers verloop nie, maar dit is 'n teks met veel meer om die lyf. Dit was vir hierdie resensent 'n weldadige leerervaring¹⁵³.

Dit gebeur hier dat die voorafgaande Baker-tekste as vermeldings gebruik word. Daar word dan gesê dat *In die middel van die Karoo* "veel meer om die lyf" het as die vermeldings, sodat dit moontlik is om in (i) 'n waardevergroterende (en uiteraard kanoniserende) vermelding ten gunste van die teks onder bespreking te sien. Wÿbenga verskaf egter geen redes waarom sy *In die middel van die Karoo* gunstiger as sy voorgangers evalueer nie. Eweneens bly die leser in die duister oor watter "leerervaring" daar in die teks te vinde is (sien voetnoot 153).

Soos ook heelparty ander resensente, wys Wÿbenga op die "toeganklikheid" van Baker se romans:

- ii. Uit bogenoemde bespreking mag dit dalk lyk na 'n swaarwigtige boek, wat dit nie is nie. Dit is wel 'n ryk geskakeerde teks, maar toeganklik vir lesers oor 'n wye spektrum (my kursivering).

Wÿbenga (1992b:96-101) se bespreking in *Tydskrif vir letterkunde* put uit die *Beeld*-resensie, maar bevat heelwat meer literêre-teoretiese uitsprake en toeligtings. Soos in die voorafgaande resensie

153 Moontlik "leeservaring"?

kan slegs die meer uitgebreide slotopmerking gereken word as van waarde by 'n bepaling van kanonisiteit:

- i. *In die middel van die Karoo* mag nie met dieselfde dramatiese noodwendigheid as sy voorgangers verloop nie, maar dit is 'n teks met veel meer diepgang. Terwyl mens die koersverandering waardeer, sou mens tog nie wou sien dat Baker se gawe om die leser op die gebeurevlak (wat die "gebeure" binne-in 'n karakter insluit) vasgenael te hou, "verwaarloos" raak nie. 'n Goeie kompromie is tog haalbaar.

Terwyl die teks dus gekanoniseer word by wyse van die positiewe uitspraak rakende die "diepgang" daarin, word gewaarsku teen potensieel negatiewe tekswaliteite in verdere Baker-produksies. Dit sou egter vergesog wees om in hierdie uitspraak 'n verskuiwing in die rigting van dekanonisering te lees.

Die opskrif van Pakendorf (1992:7) se bespreking tipeer *In die middel van die Karoo* as 'n "beskeie boek", maar nietemin word dié "beskeie boek" aangeprys en as model vir verdere teksproduksies voorgestel ("Nog van dié beskeie boeke, asseblief!").

Sy tipering van die betrokke teks as "beskeie" word só deur Pakendorf verantwoord:

- i. *In die middel van die Karoo* is 'n beskeie roman *sonder pretensies*, maar vlot geskryf en nie sonder diepte nie (my kursivering).

Die "maar"-struktuur in hierdie uitspraak kan aandui dat die roman eers gekritiseer word, en die goeie punte daarna uitgewys word. Met dié struktuur as riglyn, is dit moontlik om die kenmerk [+beskeidenheid] as negatief of trivialiserend te interpreteer. Die tweede deel van die sin tipeer Baker se skryfkuns op 'n positiewe manier as ontdaan van oortollighede en aanwendsels.

Vergelyk in dié verband die volgende uitspraak:

- ii. (Baker) loop nie met stilistiese en narratologiese foefies te koop nie ...

Volgens Pakendorf hoort hierdie teks – soos die res van Baker se oeuvre – binne die kader van die GG-literatuur:

- iii. Diegene wat altyd kla oor die gebrek aan *goeie middelslaglektuur* in Afrikaans moet asseblief nie vir Eleanor Baker vergeet nie (my kursivering).

Britz (1992:20) se resensie het die effek om hierdie – en die ander Baker-tekste – dadelik met 'n sekere lesersgroep te identifiseer. Britz skaar homself vermoedelik nié by hierdie groep nie. (Let byvoorbeeld op die gebruik van "waarskynlik" om bogenoemde vermoede te versterk). Vergelyk:

- i. *In die middel van die Karoo*, Eleanor Baker se tiende roman, sal waarskynlik byval vind by die kring van lesers wat van haar besondere skryfkuns hou en wat daarvoor gesorg het dat een van haar romans reeds in verskeie tale vertaal is.

In sy slotparagraaf is Britz ietwat negatief oor die roman, en stel hy homself eksplisiet teenoor dié groep wat hy as "Baker se leserskring" identifiseer:

- ii. Die malende gang van *In die middel van die Karoo* het my effens vermoei, maar die fout lê moontlik by myself: Baker se leserskring mag hierdie boek juis dig en vol subtiliteit vind.

Die slotsom is: Britz se oordeel werk nié kanoniserend ten opsigte van die teks nie, maar nietemin laat hy die deur oop vir ander, meer positiewe oordele. Die vraag bly egter: Beskik "Baker se (deur Britz geïmpliseerde) leserskring" oor die mag om die teks wel te kanoniseer? Britz omskryf nie wie Baker se leserskring (volgens hom) is nie, alhoewel 'n relatief gesofistikeerde leser se resepsie deur "dig" en "vol subtiliteit" beskryf word. Baker self sien haar leserskring as hoofsaaklik middelklas-vroue (sien ook 5.8), moontlik met 'n mate van literêre sofistikasie. Alhoewel so 'n leserspubliek dan wel oor die agtergrond mag beskik om die roman op 'n literêre vak te waardeer, is dit te betwyfel of hulle dieselfde invloed op kanoniseringsprosesse het as Britz, synde dosent in Afrikaans en Nederlands aan 'n hoofstroom-universiteit.

Britz se negatiewe oordeel is dus 'n voorbeeld van hoe 'n teks se uiteindelijke bestemming deur 'n herskrywer se persoonlike voorkeur beïnvloed kan word. Hieroor merk Baker op tydens 'n onderhoud met Corlia Fourie: "As 'n resensent nie van 'n sekere soort storie hou nie, waarom nie vra dat die boek deur iemand anders geresenseer word nie?" (Fourie 1995:27).

Cilliers (1992:5) spreek kritiek teen *In die middel van die Karoo* uit, en rig haar spesifiek op wat sy die boek se "swak versorging" noem. Sy wys op positiewe elemente in die teks alvorens sy aan die hand van die "maar ..." -stelwyse haar negatiewe (dekanoniserende) kommentaar lewer:

- i. Die innige verweefdheid tussen die landskap en die mense daarin dien ook die geheel, en Hilda se soeke na haar kind en Susaar se verlange na 'n dogter. Maar daar is ongelukkig ook temas, elemente – wat ook al – wat nooit ten volle geïntegreer word nie ... En soos 'n hou in die maag kom Danie se woorde digby die einde van die boek ... Onverwags, want

vir die leser was daar geen voorbereiding hoegenaamd op hierdie stelling nie.

Ander gebreke van die roman sou wees:

- ii. Daar is ander tekens van gebrek aan versorging: hinderlike teenstrydighede ... Daar is ook te veel voorbeelde van onaanvaarbare taal- en woord-gebruik (sic) ... Daar is te veel gebruik van onnodige verledetyd-vorme ... Setfoute bly ook nie uit nie.

Ten slotte vra Cilliers haarself (en die leser?) af:

- iii. Onnodig puntenerig? Ek glo nie. Eleanor Baker het 'n uitsonderlike vermoë om karakters te skep met interessante binnewêrelde. Maar hierdie gebrek aan versorging dien die boek nie.

Wanneer Koos Human van Human & Rousseau (uitgewer van die betrokke roman) op Cilliers se kritiek reageer, bestempel hy haar uitlatings as tekenend van 'n "selfversekerde skoolvossigheid". Human (1992:7) reageer só op haar slotvraag:

- i. Dis nie blote puntenerigheid nie. Dit is veel erger. Dit is daardie irriterende en wysneusige voorskriftelikheid wat die saak van Afrikaans meer skade aandoen as al die gevare saam wat in die nuwe Suid-Afrika kan wag.

Wat Human dus hier aanraak, is die kwessie van hoedat oorywerige kritiek op en gevolglike dekanonisering van Afrikaanse tekste die Afrikaanse taal en literêre sisteem kan bedreig. Herskrywers word derhalwe geïdentifiseer as by magte om die sisteem selfs méér skade aan te doen as eksterne pogings (byvoorbeeld vanuit politieke geledere) om 'n literêre sisteem te beperk of te ondermyn. Met sy betoog waarin die meriete van *In die middel van die Karoo* verdedig word, is Human in werklikheid besig om die teks te kanoniseer.

'n Groot gedeelte van die resensie in *Die Republikein* deur 'n onbekende resensent (1992:9) word gewy aan 'n opsomming van die verhaaldeure. In die evaluerende gedeelte word 'n positiewe oordeel uitgespreek:

- i. Hierdie boek is miskien minder "leesbaar" as Baker se vroeër romans, maar dit verteenwoordig terselfdertyd 'n verdieping in haar romankuns, hoewel 'n mens oor die geslaagdheid van die tegniese grepe sou kon argumenteer. Haar nugter humor bly 'n pluspunt.

Ongeag die voorhou van die moontlikheid van kontroversie oor sekere tegniese aspekte, kan bogenoemde uitspraak in geheel as kanoniserend beskou word.

Ester (1992:114) wys op die ooreenkomste, maar ook die ingrypende verskille tussen Baker se werk en die sogenaamde triviaalliteratuur:

- i. De onderwerpe uit die romans van Elianor (sic) Baker zijn niet buitenissig. Ze zijn bekend, ook van een literatuur die nauwelijks aanzien bezit, namelijk de triviale literatuur. Maar terwijl die triviale literatuur met stereotipen en cliché's werkt – geheel en al tegemoetkomend aan smaak en wens van de lezer – toont Eleanor Baker het leven als een zeer ambivalente aangelegenheid, waarin het geluk en het ontbreken van geluk niet altijd zuiver te onderscheiden zijn.

Met bogenoemde uitspraak word dus gesê dat juis Baker se vermoë om kompleksiteit en ambivalensies aan te toon haar tekste van die haas statuslose triviaalliteratuur onderskei. Sodoende verkry haar produkte wél status en word dit in die rigting van kanonisering gestuur.

Ester sluit sy bespreking af met 'n vermelding:

- ii. Hun identiteit vinden Danie en Anna in een innerlijke aanvaarding van de menselijke beperktheid ... Maar bovenal in de actieve wisselwerking met het te bewerken land in de Karoo. Daarmee is de "plaasroman" van C.M. van den Heever en vele ander schrijvers op een eigentijdse wijze gecontinueerd.

Hierdeur word die Baker-roman in die tradisie van die reeds "klassiekgeworde" plaasroman van Van den Heever, Malherbe, Van Melle en ander gesitueer – 'n eksplisiet kanoniserende uitspraak.

5.3.2.12 *Die nes*

Alhoewel Hambidge (1993:8) skryf dat sy "nog altyd die grootste bewondering" vir Eleanor Baker se werk gehad het, is haar oordeel oor *Die nes* nie positief nie. Sy vergelyk hierdie Baker-tekste met sy voorganger, en dui aan dat gebreke wat in laasgenoemde aan die oppervlak gekom het, in *Die nes* werklikheid geword het. Vergelyk die volgende uitsprake oor die roman:

- i. In die jongste roman, *Die nes*, skuil die gevare nie alleen meer nie; dit is dáár, lewensgroot.

Die ragfyne draad tussen populêr en ernstig het nou gebreek en stellig is dié roman bedoel vir die gewone leser, maar vir die leser geslaan met die psigoanalise is dié een 'n teleurstelling. Baker oortree die belangrikste reël van die psigologiese roman: sy verklap die geheim ...

- ii. Die hele kwessie van familie-dinamiek en hoe persone binne 'n gesinsopset verwoes kan word, het Baker nie naastenby ontgin nie.
- iii. As die boek bedoel is vir die leserkring-mark of soortgelyke lesers, dan is dit in orde. 'n Mens mis net in hierdie werk iets substansieels, iets meer ingewikkeld.
- iv. Die nes-motief word insgelyks te oordrewe hanteer.
- v. Dit is met volledige on-behae wat 'n mens só 'n roman sien misluk. Die vorige Baker-vuur is afwesig, en ja, die teks mis diepte.
- vi. Die volgende dialoog kom so reg uit die Tryna du Toit-kompendium ...
- vii. Die verteller/fokalisator se inkyk in die versteurde brein is insgelyks ook onoortuigend. Die melodrama op p. 14 is die skryfster nie waardig nie.
- viii. (*Die nes*) is geen *The white hotel* nie.

Met uitspraak (i) wil Hambidge waarskynlik sê dat *Die nes* bedoel is om "populêre" leesstof (O- of GG-literatuur) te wees, maar dat die terrein van die "ernstige" (E-literatuur) betree word. Juis hierdie "oortreding" van die grens tussen populêre en ernstige literatuur veroorsaak die teks se mislukking. Die gevolg van hierdie oortreding is dat die "intellektuele" leser sekere verwagtinge koester, maar teleurgestel word, aldus Hambidge. Die kenmerke van O-literatuur gaan veral daarvoor dat grense nié oortree word nie (sien ook 2.4.3.2). Daarteenoor streef E-literatuur na die oorskryding van konvensies; werk dit vernuwend ten opsigte van bestaande genres. Deurdat 'n populêre roman eienskappe van die psigologiese roman (E-literatuur?) probeer assimileer, ondermyn die teks homself dus as O- of GG-literatuur.

Die kern van Hambidge se beswaar teen *Die nes* kom daarop neer dat die roman die domein van E-literatuur betree en gemeet aan die eise van dié soort literatuur, dan misluk (vergeelyk byvoorbeeld [ii] en [v] waarvolgens kompleksiteit of diepgang ontbreek). Die soort substansie en verwickeldheid wat 'n geslaagde psigologiese roman kenmerk, is volgens haar afwesig. Om

hierdie rede meen sy dat *Die nes* geskik is vir “die leserkring-mark”, klaarblyklik ‘n minder gesofistikeerde groep lesers (alhoewel onderlinge verskille nie uit die oog verloor moet word nie – sien 5.3.2.9).

Dit blyk dus dat Hambidge *Die nes* dekanoniseer as E-literatuur, maar kanoniseer as GG- of O-literatuur. Die teks word vervolgens binne ‘n tradisie van triviaalliteratuur gesitueer, met die vermelding van Tryna du Toit. Uitspraak (vii) skyn egter te beweer dat Baker as skrywer nie werklik in die tradisie van melodrama tuishoort nie; dat die voorbeeld daarvan in dié teks een van *Die nes* se eienskappe is wat tot die mislukking daarvan (as E-literatuur) bydra.

Die vermelding in uitspraak (viii) is eksplisiet dekanoniserend – die Baker-tekste kan hiervolgens nie in die tradisie van D.M. Thomas se *The white hotel* geplaas word nie.

Ten opsigte van bostaande resensie noem Baker¹⁵⁴ dat dié bespreking ses weke vóór die verskyning van die roman gepubliseer is¹⁵⁵. Die vraag wat onvermydelik gevra moet word, is: Is dit ‘n regverdigde/houdbare situasie? In wese beteken dit dat ‘n herskrywing geproduseer en versprei word alvorens die teks deur die kanaal van verspreiding kon beweeg. Só ‘n toedrag van sake wys pertinent op die mate waarin herskrywings besig is om die oorspronklike teks te oorspoel en te transformeer.

Slabber (1993:16) verwys slegs oorsigtelik na *Die nes* en haal A.P. Brink se uitspraak¹⁵⁶ daarvoor aan:

- i. Ek het geen twyfel nie dat dié verhaal die eienskappe het om Eleanor Baker se gewildste roman tot op datum te word.

Hierdie uitspraak maak melding van die teks se potensiële *gewildheid*. Die “gewildheid” van ‘n teks/skrywer impliseer dat die leserspubliek se behoeftes daardeur aangespreek en bevredig word – ‘n kwaliteit wat haas onontbeerlik is vir die voortbestaan van enige kanon as dinamies en relevant. Gewildheid kan in dié konteks as ‘n aanspraak op kanonisering beskou word.

Wýbenga (1993:6) se *Beeld*-resensie lewer kritiek op enkele aspekte van die teks wat sy as minder geslaagd beskou, maar haar uiteindelijke oordeel is positief:

154 In ‘n brief aan A. Lourens, 16 Oktober 1995.

155 Dit gebeur blykbaar meermale dat tekste vóór publikasie aan resensente voorsien word, blykbaar om resensies so gou moontlik ná publikasie moontlik te maak. Hierdie soort situasie is egter aanvaarbaar.

156 Brink volgens Slabber (1993:16) oor die manuskrip.

- i. Tog, in sy geheel gesien, is *Die nes* 'n genotvolle en boeiende teks. Die vermoë van Baker om haar leser as 't ware "oor te neem", is hier weer in al sy glorie teenwoordig.

In *Tydskrif vir letterkunde* kom Wÿbenga (1995:108-110) tot dieselfde slotsom:

- i. Afgesien van kleiner gebreke is *Die nes* 'n genoeglike en boeiende leeservaring.

Soos in heelparty vorige resensies wys Wÿbenga hier op die "genotlike"/"genoeglike" en "boeiende" kwaliteite wat Baker se werk volgens haar kenmerk. Hierdie opvallende aspek van die kritiese gesprek rondom Baker se werk word in die sintese hieronder in groter detail bespreek. Nou kan gevra word: Word die "genots"-aspek soveel beklemtoon omdat die resensent telkens 'n spesifieke teikenlesersgroep in gedagte het (dit wil sê, 'n groep wat wil lees om dit te geniet?) Is dit moontlik dat dié uitspraak die teks op 'n bepaalde manier wil etiketteer? Impliseer die oënskynlik kanoniserende uitspraak (dat die teks "genotvol" is) dat dit in werklikheid tot O-literatuur verklaar (en selfs gestigmatiseer) word?

Olivier (1993:36) maak gebruik van 'n eksplisiete vermelding om Baker binne die sfeer van die sterk gekanoniseerde Karel Schoeman te situeer:

- i. Daar is iets wat 'n mens aan Karel Schoeman laat dink in Baker se byna sistematiese opbou van 'n verhouding tussen die hoofkarakters en die intensiewe gebruik van gesprekke om die toenadering te bewerkstellig. Ook die milieu is Schoeman-agtig: 'n manjifieke landgoed cum senu-inrigting waar die aanwesiges op mekaar aangewese is.

Hieruit kan afgelei word dat *Die nes* tot E-literatuur (waartoe Schoeman se oeuvre onteenseglik behoort) verklaar word. Nietemin word hierdie tipering klaarblyklik deur 'n daaropvolgende uitspraak gewysig, waarin die teks van die "alte populêre" literatuur onderskei word. Vergelyk:

- ii. Een van die eienskappe wat *Die nes* van die alte populêre onderskei, is dat daar nooit onnodig gemoraliseer word nie, dat daar soveel beheersing is – en ook soveel beheer.

Hierdie uitspraak karakteriseer die teks dus as nié O-literatuur nie, maar laat ruimte vir die moontlikheid dat dit tot óf GG- óf E-literatuur kan behoort. Bloot die feit dat so 'n soort onderskeiding nodig geag word, laat die vermoede dat eersgenoemde moontlikheid die waarskynlikste is.

In Potgieter (1993:10) se bespreking word beweer dat *Die nes* nié probeer om as E-literatuur te

paradeer nie. Tog vind die resesent talle aanprysenswaardige elemente in die teks, wat daarvoor verantwoordelik is dat hierdie roman nie bloot verstrooiingsliteratuur is nie:

- i. In *Die nes* word daar oënskynlik geen ingewikkelde handgrepe gebruik nie; daar is inderdaad geen pretensie dat 'n mens hier met "hoë" literatuur te doen het nie. Maar beeldspraak, fisieke beskrywings, ontwikkeling van karakters en dialoog is treffend geïntegreer ... Dis 'n verhaal waaraan 'n mens geboeid sal lees, maar ook as roman veel meer as bloot net nog 'n storie.

Potgieter is dus van mening dat sekere intrinsieke struktureienskappe van die teks dit bo die vlak van "net 'n storie" verhef. Die afleiding hieruit is dat intrinsieke tekseienskappe vir die betrokke resesent as kriterium geld by die beoordeling van 'n teks as E- of O-literatuur.

Jansen (1993:88) dui aan dat sy bestaan van verskillende "soort(e) teks(te)", elk met sy eie norme, erken. Nogtans stel sy dat "om 'n goeie ontspanningsroman te skryf, sekerlik net so 'n belangrike kuns is as om 'n ingewikkelde meervlakkige roman te komponeer". Vir Jansen is die klassifikasies "ernstig" (E-literatuur) en "ontspannend" (O-literatuur) eerder riglyne vir voornemende lesers en nie noodwendig waardeoordele nie. Oor *Die nes* skryf sy soos volg:

- i. Dit is weer 'n "lekker" storieboek en dit is myns insiens geen skande dat dit die grensgebied "ernstig/gewild" uit die populêre hoek betree nie.
- ii. *Die nes* is 'n roman wat ernstige sake in 'n goeie storie vertel vir lesers wat boeke eerder vir ontspanning lees as met die hoop op 'n ontwrigtende intellektuele avontuur.

Met bostaande uitsprake situeer Jansen *Die nes* in die "grensgebied" tussen GG- en E-literatuur, maar wys daarop dat 'n GG-aanslag dominant is. Tog word daar geen gewag gemaak van die feit dat hierdie 'n goeie teks is nie. Dit blyk dus dat Jansen die aanwesigheid van E-kwaliteite nie as voorwaarde vir kanonisering beskou nie – 'n teks behoort eerder in 'n kanon opgeneem te word op grond van sy geslaagdheid as voorbeeld van dié tekstipe waarvoor hy hom uitgee. In hierdie geval word *Die nes* deur Jansen se resensie as GG-tekste gekanoniseer.

Du Plessis (1993:20) eggo heelwat van Jansen se uitsprake wanneer hy *Die nes* as 'n voorbeeld van geslaagde GG-literatuur voorhou. Hy skryf besonder waarderend daarvoor:

- i. Vir my ... 'n uitstekende en leesbare roman ...

Oor die verband tussen die teks en die GG-literatuur skryf hy soos volg¹⁵⁷:

- ii. ... miskien moet 'n mens nie soek na die definisie van die sg. goeie gewilde prosa in Afrikaans nie, want in 'n sekere sin is hierdie roman van Baker die definisie daarvan. Dit is 'n roman wat jy sommer vir die lekker sou wou lees, sonder dat dit die leser se intelligensie onderskat, en sonder die vervlakking wat dikwels deel is van prosa wat te hard probeer om gewilde prosa te wees.

Dit sou impliseer dat daar in die bespreking verder ten minste motivering moet wees vir die stelling dat dit 'n goeie, gewilde roman is. Laat ek dit ten aanvang duidelik sê: as ek *Die nes* goed en gewild noem, wil ek daarmee nie 'n negatiewe waardeoordeel impliseer nie. Intendeel: daarmee meen ek juis dat die roman goed is en dat dit terselfdertyd lekker lees. Dit word eenvoudig nie aangebied as 'n werk met literêre pretensies nie. Soos ek dit lees, wil dit 'n roman wees wat in betreklik simplekse terme met die leser kommunikeer, sonder om te verval in 'n triviale gegons oor trivialiteite.

Hoekom noem 'n mens dit dan goed? In die eerste plek omdat hier sprake is van die skep van veelkantige, meerdimensionele karakters ...

En hoekom sou 'n mens dit gewilde prosa wou noem? Omdat dit lekker lees, omdat dit vlot geskryf is en omdat dit menseverhoudinge in die daaglikse omgang laat leef.

Dit is belangrik dat Du Plessis daarop wys dat die geslaagde hantering van strukturele elemente (soos karakterisering) daarvoor verantwoordelik is dat die teks as "goed" bestempel kan word. Sodoende word 'n riglyn gegee vir die norme wat vir 'n "goeie" GG-tekst sou kon geld.

Hierdie resensie het uiteindelik die funksie dat dit *Die nes* as GG-literatuur kanoniseer.

Barnard (1994:6) se resensie wys egter op die moontlikheid dat *Die nes* sowel 'n GG- as E-funksie kan vervul:

- i. Dis 'n boek vir diegene wat bietjie botter op albei kante van hul brood wil hê. Hier is baie gewilde prosa vir die lekkerleser ... Tog word hierdie toeganklike leesstof só aangebied dat dit nie die literêre leser irriteer of moraliseer nie. Die teks is ryk genoeg aan literêre tegnieke om opwinding ook vir die meer ervare leser te verskaf.

¹⁵⁷ Du Plessis (1993:20) se betoog oor die GG-literatuur en *Die nes* word redelik volledig hier aangehaal, juis op grond van die waardevolle inligting wat hy oor die verskynsel van GG-literatuur verstrek.

Alhoewel daar geïmpliseer word dat die teks tot die domein van die GG-literatuur behoort, wys die resensent daarop dat GG-status nie die gebruik van kenmerkende E-tegnieke uitsluit nie. Soos Jansen en Du Plessis se resensies, kanoniseer Barnard se resensie *Die nes* as GG-literatuur.

5.3.2.13 *Verbeelde werklikheid*

Kannemeyer (1996:31) skryf waardierend oor *Verbeelde werklikheid*, en prys die teks deurgaans aan. Vergelyk die volgende formulerings wat gebruik word om die teks te beskryf:

- i. ... Baker (bou) 'n *meesleurende verhaal* op en bring ... 'n roman tot stand wat *ragfyn beplan* is.
- ii. ... (d)aar (kom) 'n *boeiende verhouding* tussen fiksie en werklikheid in die roman tot stand.
- iii. Maar dit is veral die afwikkeling van die verhaal ... wat van *Verbeelde werklikheid* so 'n *kragtoer* maak en aan die verhouding tussen fiksie en werklikheid sy finale beslag gee (my kursiverings).

Kannemeyer skyn te impliseer dat dit juis die strukturele geslaagdheid van die teks is wat uiteindelik vir die goeie leesondervinding verantwoordelik is – met ander woorde, 'n emotiewe argument word onderlê deur 'n strukturele argument. Op strukturele vlak vind hy die waarde van die teks veral in die verhouding tussen fiksie en werklikheid, wat waarskynlik die resultaat van noukeurige beplanning is.

Die besondere eksploitasie van strukturele middele wat die teks as geheel laat slaag, word geïllustreer aan die hand van die volgende vermelding:

- iv. En aan die einde is dit feitlik asof die roman invou oor sy eie struktuur en van sy “sigvormende vorm” bewus word wanneer Sophia die sleur van haar afwerp om haar karakters tot aan die einde te begelei. Dit lei tot die meesterlike slothoofstuk waarin Sophia haar karakter Elizabeth regstreeks aanspreek, 'n tipe situasie wat ons vroeër in Henriëtte Grové se *Ontmoeting by Dwaaldrif* aangetref het.

Deurdat daar na Grové se teks verwys word, vermoed die leser dat *Verbeelde werklikheid* hier binne die sfeer van E-literatuur gesitueer word.

Kannemeyer se slotopmerking laat geen twyfel oor sy siening van die teks as waardevol nie:

- v. *Verbeelde werklikheid* is 'n voortreflike roman, sowel wat betref die pakkende vervlegting van twee verhale as die aanwending van 'n besondere tegniek. Ek vind dit Eleanor Baker se allerbeste werk.

Hierdie uitspraak (sowel as die volledige resensie) is duidelik ten gunste van die kanonisering van die teks, en dan moontlik binne die E-sisteem.

Verbeelde werklikheid word deur Grobler (1996:5) as GG- of O-literatuur getipeer:

- i. Eleanor Baker se jongste roman ..., is 'n *heerlike storie* wat mens moeilik neersit.
- ii. *Verbeelde werklikheid* is 'n *lekkerlees-storie* ... daarby is dit knap en vlot geskryf sodat dit *maklik en vinnig* lees. Dis Eleanor Baker op haar verleidelikste (my kursiverings).

Deur die klem op die genotsaspek, sowel as die benaming "storie" (wat dan ook ses keer in die bespreking van 175 woorde gebruik word), lyk dit asof die resensent die teks eerder as O-literatuur beskou. Die formulering (die "sodat"-konstruksie) is sodanig dat "maklik en vinnig lees" as wins voorgelê word, oftewel, dat die leser die indruk kry dat die teks op grond van die outeur se styl sy geïntendeerde funksie (om vir ontspanning gelees te word) vervul. Die frase "... Baker op haar verleidelikste" het die implikasie dat die teks as kommoditeit voorgelê word, as iets waarvoor die verbruiker (van literatuur in dié geval) behoort te "swig". Dit versterk die vermoede dat die teks nie as "hoë" literatuur gesien word nie. Terselfdertyd het hierdie uitspraak tot gevolg dat *Verbeelde werklikheid* as (van) die beste in Baker se oeuvre getipeer word.

Hierdie resensie stel dus die kanonisering van die teks binne die O-sisteem voor.

In 'n hoofsaaklik inliggende resensie maak Van Biljon (1996:11) hierdie slotopmerking:

- i. Eleanor Baker het 'n slag om jou te betrek by haar karakters, jy wil werklik weet hoe hulle lewens verloop ... As ek *Verbeelde werklikheid* 'n vroueboek noem, is dit geensins met die doel om dit af te kam nie. Maar haar insigte is sonder twyfel op vroue gerig, hoewel mans die boek met vrug kan lees.

Benewens die emotiewe argument waardeur die leser se intieme en positiewe belewenis van die

teks voorgehou word, betrek sy die spesifiek vroulike karakter daarvan. Van Biljon stel dit duidelik dat die benaming “vroueboek” geensins trivialiserend of degraderend wil wees nie, maar eerder wil beklemtoon dat vroulike lesers waarskynlik sterker met die teks sal kan identifiseer. Alhoewel die teks (volgens die resensent) ‘n vroulike leser posisioneer, word manlike lesers egter nie uitgesluit nie. Hierdeur word gestel dat *Verbeelde werklikheid*, ten spyte van die vroulike karakter daarvan, nie ‘n beperkte leserspubliek hoef te hê nie.

Die indruk is dat Van Biljon die kanonisering van die teks voorstaan, en dan spesifiek as vroulike teks.

Twee vermeldings situeer *Verbeelde werklikheid* binne ‘n groter konteks in Botha (1996:12) se resensie. Vergelyk:

- i. ‘n Ware Scheherazade speel haar betowerende spel in hierdie verlokke roman ...
- ii. Maar Baker, meestersverteller, redeneer nie ... Soos Eliza Doolittle dit sing in *My Fair Lady*, wys sy vir haar lesers wat die storieverteller met sy kuns kan doen, en wat die kuns in die lewe van ‘n verteller kan aanrig.

Baker as outeur en “storieverteller” word as ‘t ware hier in die tradisie van twee vroulike voorgangers geplaas: Scheherazade, die meesterlike verteller van *Die duisend-en-een-nagte*, en Eliza Doolittle in *My Fair Lady*, gegrond op die gelyknamige karakter in Shaw se *Pygmalion*. Die vermeldings plaas die reële outeur Baker in ‘n tradisie van fiktiewe vertellers, sodat die samespel van werklikheid en fiksie in die teks ook op hierdie vlak gereflekteer word. Die outeur Baker word voorts as die primêre organiserende hand in die teks, en terselfdertyd vertolker van menslike gewaarwordinge geïdentifiseer. Botha (1996:12) skryf:

- iii. En van meet af is die leser in die ban van hierdie skrywer, een wat, ten spyte van die wesentlik diepsinnige gang van die boek, tóg die wewer bly van ‘n towertapyt, wat die verlangens van ‘n hart, die sensuele verbeelding, die geloof in die liefde ..., subtiel in hierdie storie oor stories saambind. Baker self is die Scheherazade, wat haar deur die gekose motto lewensbeskoulik verbind aan T.S. Eliot ..., en met humor en verfynde vaardigheid haar leser, tyd en ruimte vergetend, in haar vertelkuns meevoer.

Daar kan op grond van hierdie uitspraak beweer word dat die resensie die kanonisering van spesifiek die outeur Baker voorstaan. Wat die teks self betref, kan vermoed word dat Botha dit as kanoniseerbare E-literatuur sien. Hierdie vermoede word versterk wanneer Botha stel dat die teks

ook ondersoekmateriaal vir 'n wetenskaplike verhandeling oor 'n literêre onderwerp sou kon bied:

- iv. ... 'n ondersoekende student sou selfs 'n klein verhandeling oor die vertelkuns uit hierdie boek kon haal.

Normaalweg word E-tekste as ondersoekmateriaal in literêre studies en navorsing gebruik. Uit hierdie opmerking kan dus moontlik afgelei word dat *Verbeelde werklikheid* tot E-literatuur, en veral kandidaat vir 'n Afrikaanse pedagogiese kanon verklaar word.

Viljoen (1996:38) skryf dat alhoewel *Verbeelde werklikheid* die "aard, produksiewyse en selfs ook status van die populêre ontvlugtingsroman" tot boustof neem, die teks self in die domein van E-tekste tuishoort:

- i. Dit is hierdie leser se gevoel dat die kundige wyse waarop hierdie roman die aard van die ontvlugtingsroman ondersoek, 'n duidelike aanduiding is dat Eleanor Baker lank reeds die deur van die ontspanningsliteratuur (hoe nodig en plesierig dit ook al mag wees) agter haar toegetrek en gesluit het.

Viljoen sê met hierdie uitspraak dat die teks, deur die vernuftige ondersoek van ontvlugtings (T-) literatuur, genoegsaam E-funksies vervul om E-literatuur te wees. Alhoewel die bespreking oorwegend inliggend en interpreterend is, kan die afleiding gemaak word (op grond van byvoorbeeld die beskrywing "*kundige wyse*") dat hierdie Baker-tekste wel as geslaagde en kanoniseerbare E-literatuur gereken word.

Die inleidende sin van Du Plooy (1996:6) se resensie tipeer *Verbeelde werklikheid* as O-/GG-literatuur, maar met besliste raakpunte met die E-sisteem:

- i. Die boek val in die kategorie populêre literatuur, maar op die grens met die ernstige.

Later in die bespreking word 'n verband met nóg 'n sisteem gelê wanneer die vroulike hoofkarakter in die "verbeelde" verhaal geskets word:

- ii. Elizabeth herinner aan 'n karakter in verstrooiingsliteratuur...

Die implikasie hiervan is moontlik dat die teks as geheel as O-/GG-literatuur (met E-trekke), maar die verhaal-binne-'n-verhaal as T-literatuur gesien word.

In 'n resensie onder die opskrif "Aanbeveel" laat Van Vuuren (1996:99) haar positief uit oor Baker se jongste roman, en raak ook die aard van die oeuve aan. Sy skryf:

- i. Baker se oeuve huiwer dikwels tussen die middelmoet-vermaaklikheidsroman (wat neig na die vermaaklike of die romantiserende "damesroman") en dit wat as 'n meer ernstige literêre ingesteldheid beskryf kan word. So was *Mørketiden* (1975) en *Dossier van 'n gyseling* (1985) romans waarin daar sterk literêre kwaliteite na vore gekom het. Daarenteen bied werke soos *Monica* (1975) en *'n Geslote boek* (1981), hoewel vlot geskryf, die minder uitdagende gegewe van verveelde middeljarige vrouekarakters, vasgevang in hul gewone bestaan.

Baker se oeuve word dus getipeer as op 'n kontinuum tussen O- en E-literatuur, wisselende tussen die ligte "damesroman" aan die O-kant (soos *Monica* en *'n Geslote boek*), en meer "ernstige" literatuur (*Mørketiden* en *Dossier van 'n gyseling*). Die implikasie hiervan is dat Baker se tekste in werklikheid GG-literatuur is¹⁵⁸, met 'n neiging na een van die twee pole op die kontinuum.

Verbeelde werklikheid word egter nie eksplisiet op so 'n kontinuum geposisioneer nie. Van Vuuren interpreteer die teks wel as 'n "storie-binne-'n-storie", met die "binneste" verhaal 'n "damesroman" (met selfs 'n *Mills-en-Boon*-element) wat met 'n meer realistiese verhaalgegewe in die raamvertelling gekontrasteer word. Volgens die resensent is die verhouding tussen die twee verhale 'n "vernufelige spel", wat uiteindelik vir die "boeiendheid" van die teks verantwoordelik is.

Hierdie beskrywing van die verhaal kulmineer in die slotuitspraak:

- ii. Ek kan *Verbeelde werklikheid* aanbeveel as onderhoudende leesstof vir die somervakansie, met ekstra stimulering van 'n pakkende struktuur en tegniek.

Hierdie oordeel eggo meer as een vorige uitspraak oor Baker: Die teks is naamlik 'n goeie leeservaring, maar terselfdertyd bied dit intellektuele stimulasie. Dit is moontlik om te beweer dat *Verbeelde werklikheid* hierdeur tot GG-tekste, maar met elemente van sowel O- as E-literatuur, verklaar word. Origens kan die resensie as 'n aanbeveling tot kanonisering gereken word, soos die woordkeuse in die slotsin en ook die opskrif van die bespreking aandui.

5.3.3 Sintese

Uit bostaande bespreking kan sekere tendense geïsoleer word.

158 GG-tekste verteenwoordig volgens Baker (1989:11) die korpus tussen O- en E-tekste (sien 2.4.3.2).

'n Sterk tema in vroeë resensies is naamlik die belofte wat resensente in Baker se produkte bespeur, oftewel, haar potensiaal tot hoë kanonstatus. Later van tyd word verwys na haar sogenaamde ongerealiseerde potensiaal (vergelyk Gilfillan oor *Weerkaatsings*). Resensies oor die jongste teks is egter deurgaans positief en hou Baker (onder meer) voor as 'n bedrewe vertelkunstenaar.

Die indruk is dat die resepsie van Baker se oeuvre deurgaans benadruk word. Resensente wys herhaaldelik daarop dat daar 'n definitiewe genotsaspek verbonde is aan die lees van 'n Baker-tekst. Dit skyn asof daar 'n register van "trefwoorde" bestaan, wat herhaaldelik in Baker-resensies voorkom: Woorde soos "boeiend", "prikkelend", en "genotvol" word raakgelees. Die vraag in dié verband is: Impliseer hierdie fokus op die genietingswaarde van die tekste 'n bepaalde teikenlesersgroep? Met ander woorde, word daar dalk veronderstel dat die lesers van Baker se werk oorwegend nie-professionele en nie-literêr bewuste lesers is, oftewel, lesers wat lees ter wille van die genot daarvan?

Die beklemtoning van 'n sekere digotomie betreffende Baker se veronderstelde leserspubliek is 'n konstante tema in die geselekteerde beskouings. Daar word naamlik herhaaldelik daarop gewys dat Baker se romans positief geresepteer sal word deur sowel die krities ingestelde leser van E-georiënteerde literatuur as die GG-georiënteerde leser wat op soek is na 'n goeie storie. 'n Tipering soos "intelligent geskrewe lekkerleesroman" (Van Zyl 1989) sou as redelik verteenwoordigende eksemplaar van dergelike etiketterings genoem kon word. Uiteindelik sal die vraag wees of die tipering van 'n teks as "toeganklik" en "genotvol vir die nie-ernstige leser" 'n kanoniserende funksie het al dan nie. Hierdie bepaalde funksie is uiteraard afhanklik van die literatuurbeskouing van die betrokke resensent, sowel as van die kanon waarmee gewerk word, oftewel die spesifieke kanon wat die resensent help vorm en in stand hou. Binne die postmodernistiese literatuurbeskouing van byvoorbeeld Brink sal toeganklikheid juis as wins gesien word, en dat dit kanonisering (in 'n "nuwe" Afrikaanse kanon?) fasiliteer. Binne die paradigma van 'n resensent met 'n meer tradisioneel-elitistiese literatuuropvatting sou dit eerder dekanoniserend (ten opsigte van die "tradisionele" kanon?) funksioneer. Dit is helaas nie altyd moontlik om 'n resensent se literatuurbeskouing uit 'n resensie af te lei nie.

Oorkoepelend is daar gevind dat die meeste resensente wel besliste waardering vir Baker se werk het, en volkome negatiewe resensies skyn die uitsondering eerder as die reël te wees. Baker se tegniese bedrewenheid word herhaaldelik aangeprys, en so ook haar vermoë om 'n uiters leesbare verhaal te genereer. Die probleem lê skynbaar dan nie (soos Brink beweer) daarin dat Baker deur die kritiese gemeenskap geïgnoreer of deurgaans afgekraak word nie. Die werklike

probleem skyn te wees watter **soort** literatuur sy volgens kritici sou skryf, en of die gevolglike tipering van haar romans nie 'n implisiete dekanoniserende uitwerking het nie. Die kanons van Afrikaanse literatuur wat hier ter sprake kom, is bes moontlik die selektiewe, amptelike, pedagogiese en literêr-kritiese kanon.

Wat betref die literatuurgeskiedenis, is daar gevind dat Baker se werk dikwels as "dameslektuur", en by implikasie dus O-literatuur, bestempel word. Die term "dameslektuur"¹⁵⁹ kan as seksisties bestempel word, deurdat dit impliseer dat vroue die gebruikers van 'n sekere soort teks, gewoonlik met min of geen kanonstatus, is of behoort te wees. Die afwesigheid van 'n term soos "manslektuur" beklemtoon die eensydigheid van hierdie soort tipering. Die verwantskap met die genre van die verstrooiingsliteratuur word ook aangedui, alhoewel die tema dikwels is dat Baker se werk "meer as" blote verstrooiingsliteratuur is, ten spyte van die verwantskap daarmee. Baker se vroeë werke word wel meer dikwels binne die E-literatuur gesitueer, onder meer by wyse van vermeldings wat onbetwisbaar tot die kader van die E-literatuur behoort. In hierdie verband verwys resensente onder meer na tipiese E-temas soos die enkeling se soeke na sin, geestelike aftakeling, en surrealisme. Nietemin word Baker se vroeë tekste nie as baanbrekerswerke beskou nie, en word hulle eerder as epigone van bestaande en gewaardeerde modelle gereken. 'n Teks soos *Monica* word byvoorbeeld pertinent binne 'n E-tradisie geplaas, maar die teks word in geen stadium gepropageer as 'n model vir verdere teksproduksie nie.

Die polemieë rondom *Weerkaatsings* is kensketsend van die uiteenlopende sienings van die werklike aard van Baker se werk. Dit skyn egter of kritici ná die verskyning van *Weerkaatsings* en die kritiese dispuut daaromheen, begin beweeg in die rigting van 'n siening waarvolgens 'n teks terselfdertyd "goeie" literatuur sowel as 'n "goeie storie" kan wees (moontlik onder die invloed van Brink?). Só byvoorbeeld word *Dossier van 'n gyseling* as sowel "(E)-literatuur" as 'n "goeie storie" (GG- of O-literatuur) bestempel (vergelyk byvoorbeeld Van Zyl 1985). Hierdie digotomie word ook aangeraak in beskouings oor *Die kwart voor-sewe-lilie*. Alhoewel die gedagte van die "damesroman" geaktiveer word (J.B.), is daar steeds die persepsie van "meer as" (Hambidge). Dit skyn asof Hambidge hierdie teks as E-literatuur beskou, en dan wel met Baker as eksponent van die postmodernisme.

Kritiese beskouings rondom die jonger tekste (*In die middel van die Karoo* en *Die nes*) verplaas die klem van Baker se werk as E- na GG-literatuur. Inkonsenkwentel, en dikwels verwarrende, terme word gebruik om hierdie soort literatuur aan te dui, byvoorbeeld "middelslaglektuur" (Pakendorf). 'n Kritikus soos Hambidge reken dat *Die nes* bedoel is om O- of GG-literatuur te wees, maar dat dit die grens tussen hierdie literatuursoorte en E-literatuur oortree, en vanweë die

159 "Lektuur" in plaas van "literatuur" kan moontlik ook op 'n pejoratiewe konnotasie dui. Sien ook voetnoot 40.

onsuksesvolle E-aspekte, as geheel misluk. Hambidge skyn dus 'n soort strukturele siening insake funksionaliteit te hê: Indien 'n teks meer as een funksie het/kenmerke van meer as een soort literatuur vertoon, hang die globale sukses van die teks af van die sukses van al die funksies/kenmerke. 'n Outeur soos Barnard wys daarop dat *Die nes* 'n multifunksionele teks kan wees, waarin sowel die E- as die O-funksies suksesvol gerealiseer word. Dit is wel opvallend dat *Verbeelde werklikheid* deur meer as een resensent as E-literatuur beskou word. Uit byvoorbeeld Viljoen (1996:38) se opmerking kan afgelei word dat sy (van) Baker se vroeëre tekste wel as "ontspanningsliteratuur" (hetsy O- of GG-literatuur) reken, maar die jongste teks as suiwer E-literatuur beskou. Die implikasie hiervan is dat Baker se oeuve 'n verskuiwing in die rigting van die E-sisteem ondergaan het, oftewel, dat die jongste teks waarskynlik net in die E-sisteem gekanoniseer behoort te word. Die vraag sou natuurlik kon wees of *Verbeelde werklikheid* nie juis die multifunksionele aard kenmerkend van sy voorgangers ingeboet het nie. Baker ondervang hierdie moontlikheid egter op virtuose wyse deur die "fantasierverhaal" binne die "werklike" teks O- of selfs T-funksies te laat vervul.

In die loop van die bespreking onder 5.3.2 is gevra of die sogenaamde " ... maar ... "-struktuur 'n konstante binne die kritiese gesprek oor Baker se oeuve is. Dit is moontlik om te postuleer dat daar binne hierdie diskoers drie gebruikskontekste vir dié struktuur bestaan, naamlik:

- i. Gevalle waar daar een of ander pluspunt van die teks aangedui word, maar direk daarna op 'n gebrek gewys word, oftewel, waar 'n kanoniserende uitspraak onmiddellik 'n dekanoniserende uitspraak as teenhanger kry. Vergelyk die volgende voorbeelde: Brink 1974 (i) en 1978 (i), Cilliers 1992 (i) en (iii), Gilfillan 1984 (ii), Hambidge 1993 (i), Pakendorf 1989 (i), Smuts 1978 (i) en Van Zyl 1985b (ii).
- ii. Gevalle waar die tweeledige aard van Baker se tekste aangedui word, met ander woorde, die E- sowel as GG-/O-funksies daarvan. Voorbeelde hiervan is Ester 1992 (i), Grobler 1989 (iii), M.T. 1991 (i), P.D.W. 1973 (iii), Potgieter 1993 (i), Van Zyl 1985a (i), Wiehahn 1985 (ii) en Wÿbenga 1992a (i) en 1992b (i).
- iii. Gevalle waar sekere pluspunte uitgelig word, ondanks sekere besware teen die teks. Met ander woorde, daar word gedekanoniseer, maar nie volledig nie. Vergelyk: A.P. 1982 (i), Britz 1992 (iv), Hambidge 1989 (ii), Pakendorf 1992 (i), P.D.W. 1973 (i) en (ii), en Van Zyl 1986 (i).

'n Ander aspek wat aandag verdien, is dié van interaksie tussen latere resensente en vroeër beskouings. Botha se bespreking van *Dossier van 'n gyseling*, byvoorbeeld, dateer uit 1995, 'n

dekade ná die eerste publikasie van die roman. Hieroor sou gevra kon word: Is Botha se volledig positiewe bespreking dalk beïnvloed deur herskrywings van Baker uit die tydperk 1985-1995? Dit sou moontlik wees om te postuleer dat 'n invloedryke resesent soos Brink se baie positiewe 1986-resensie (saam met 'n teregwysing van sogenaamde anti-Baker resesente) 'n latere herskrywer kan beïnvloed. Dit is ook moontlik dat Baker, op grond van publikasies ná 1985, in 1996 dalk veel meer gekanoniseer is as pas na die publikasie van *Dossier*. Botha sou daarvolgens haar resensie kon skryf in navolging van latere tendense.

Die verskynsel dat daar sogenaamde pro- en anti-Baker resesente skyn te wees (byvoorbeeld Brink en Louw) suggereer dat daar ook binne die kritiek sekere formasies rondom 'n bepaalde outeur en dié se werk gekonstrueer word. Brink, byvoorbeeld, het 'n geskiedenis van Baker-resensies wat terugstrek tot sy *Splinterspel*-resensie (1973). Ten opsigte van haar latere werk, poog hy eksplisiet om via sy resensies 'n beter posisie vir Baker binne ('n) Afrikaanse kanon(s)¹⁶⁰ te beding. In hierdie proses opponeer hy die sogenaamde anti-Baker resesente. Die geslaagdheid van so 'n strewe sal uiteraard afhang van die resesent se invloed binne die betrokke literatuursisteem. 'n Resesent soos Brink kan beskou word as baie invloedryk vanweë sy prominente posisie binne die Afrikaanse literatuursisteem – hy beklee in sy loopbaan statusvolle akademiese posisies (onder meer as hoogleraar aan Rhodes Universiteit en die Universiteit van Kaapstad), hy is 'n produktiewe outeur van fiksie en nie-fiksie, en is meer as twee dekades reeds resesent. Die implikasie hiervan is dat Brink se menings oor Baker haar kanonstatus daadwerklik kan beïnvloed.

Brink tree op as 'n soort Baker-kampvegter, soos blyk uit sy sterk argumente ten gunste van haar werk en sy ewe sterk uitsprake teenoor resesente wat haar werk minder gunstig beoordeel. Die volgende uitspraak van Brink verskyn in die flapteks van Baker se nuutste roman: "*Verbeelde werklikheid* is 'n skitterende roman en 'n hoogs bevredigende leesondervinding van begin tot einde. Dit is 'n wenner."

'n Probleem wat waargeneem is, is die tendens tot parafrasering van die teks. Die bespreking gaan as gevolg hiervan mank aan die afwesigheid van twee sleutelemente wat die literêre kritiek kenmerk, naamlik interpretasie en evaluasie. Teen die agtergrond van die resensie se funksie as toegang tot die kanon, is dit wel belangrik dat resensies veral ook die funksie van evaluering sal vervul. Indien die resensie sou ontaard in 'n blote opsomming van die "storielyn", hou dit daadwerklike implikasies in vir 'n teks se kanonisering – die teks bly in 'n "lugleegte" en word nie in die rigting van òf kanonisering òf dekanonisering gekanaliseer nie.

160 Moontlik die literêr-kritiese, selektiewe, amptelike en pedagogiese kanons.

Uit bogenoemde waarneming sou die vraag kon voortvloei: Is hierdie tendens tot parafrasering 'n algemene tendens in die eietydse Afrikaanse literêre kritiek? 'n Studie wat die stand van die resensiepraktyk in Afrikaans ondersoek, sal waardevolle inligting in dié verband kan oplewer. Daar sou voorts voorgestel kon word dat resensiekunde as module in Honneurs- en gestruktureerde MA-kursusse ingebou word, ten einde toekomstige resensente bewus te maak van die tegniek sowel as wyer implikasies van resensering.

5.4 Baker en die internasionale mark

Met *Weerkaatsings* betree Baker die internasionale mark wanneer vertalings van dié roman in Engels, Sweeds, Hebreeus, Deens en Fins¹⁶¹ verskyn. In *Beeld* van 24 Oktober 1991 (p.2) word berig dat Baker se naam met dié roman internasionaal "gevestig" is – duidende op kanonisering in ook ander literatuursisteme. Engelbrecht (1991:4) meld in sy bespreking van *In die middel van die Karoo* dat *Weerkaatsings* 'n "internasionale sukses" was.

5.5 Bekronings

Weerkaatsings ontvang in 1985 die Kaaplandse Helpmekaar FAK-prys vir ontspanningsleesstof (*Die Burger*, 19 Junie 1985). Ook ontvang die teks 'n nominasie vir die *Rapport*-boekprys (*Pretoria News*, 22 September 1987). Aan *Spore op die maan* word die Akademie se Scheepersprys vir jeugliteratuur (1992) toegeken (*Die Burger*, 19 September 1992).

5.6 Die voorskryfmark

Weerkaatsings word steeds vir skole voorgeskryf, aldus Fourie (1995:27). Volgens Human & Rousseau is *Weerkaatsings*, *Verbeelde werklikheid* en *Die nes* aan verskillende onderwysdepartemente voorgelê met die oog op voorskrywing in 1997.

5.7 Gevolgtrekkings: Eleanor Baker se kanonstatus

Daar is deur 'n analise van kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe kanonaanduiders bevind dat Baker nie werklik geïgnoreer (of "doodgeswyg")¹⁶² is deur die kritiese gemeenskap nie. Hierbo is gestel dat die problematiese aspekte rondom haar status binne 'n kanon van Afrikaanse literatuur op 'n

161 Engelse, Sweedse en Hebreeuse boekregte is op *Weerkaatsings* bekom, terwyl Noorweegse en Finse vervolghaalregte verkry is.

162 Sien Brink (1986) onder 5.1

ander vlak lê, naamlik die tipering van haar werk as óf hoogaangeskrewe, sentrale E-literatuur, óf dan as minder gewaardeerde, meer perifere GG-literatuur, óf selfs as feitlik volkome statuslose en perifere O-literatuur.

Uit sake soos die toekenning van pryse aan Baker en die voorskrywing en vertaling van haar werk lyk dit eweneens nie asof haar oeuvre geïgnoreer word nie, maar dat dit steeds 'n relatief beperkte posisie binne die Afrikaanse, en ook ánder literatuursisteme beklee.

Segers (1996:4-5, 14-15) se voorstelling van kanoniseringsprosesse as bestaande uit vier onderskeibare fases bied 'n besonder bruikbare raamwerk aan die hand waarvan Baker se kanonstatus beskryf kan word. Volgens Segers word elk van hierdie fases gekenmerk deur sekere literêre aktiwiteite wat intensiteitsverskille kan vertoon. Die eerste fase is beperk tot die land of taalarea waarbinne die outeur sy/haar oorspronklike produkte lewer. Die kenmerke van hierdie fase is dat daar beperkte aanvaarding van die outeur is, en wel deur 'n klein groepie invloedryke¹⁶³ lesers wat 'n beperkte aantal literêre aktiwiteite verrig. In die tweede fase is die aktiwiteite beperk tot dieselfde taal- of geografiese gebied as in die eerste fase, maar daar is 'n algemene aanvaarding van die outeur deur 'n groot groep "gewone" lesers wat byna alle moontlike literêre aktiwiteite verrig. Die derde fase behels dat daar in twee of drie vreemde lande 'n stadium van beperkte internasionale aanvaarding is, en wel deur 'n groep invloedryke en "gewone" lesers wat 'n beperkte aantal literêre aktiwiteite verrig. Die vierde en laaste fase sien 'n stadium van algemene internasionale aanvaarding ("in *many* foreign countries" - my kursivering) deur 'n groot aantal gewone lesers, wat feitlik alle moontlike literêre aktiwiteite verrig.

Naas die onderskeiding van hierdie vier fases, postuleer Segers (1996:5) die konsep van 'n **deurbraak** (*break through*), wat hy soos volg definieer en omskryf:

Now 'break through' could be defined as the result of the interaction of all literary activities performed in a particular phase. That means that if one makes a distinction between four phases, also four break throughs may be distinguished. The final result of a break through is the canonization of a particular author or of (a) particular text(s). This also implies that in principle four different types of canonization may be discerned. A break through may be said to be a concept with as its main characteristics that an author or a text is known, read, reviewed, discussed, bought, given as a present, etc.

Op grond van die verkreeë resultate is dit moontlik om te beweer dat Baker deurbraak in die eerste en derde fases gemaak het, en derhalwe ook op die eerste en derde vlakke gekanoniseer is, oftewel, dat sy plaaslik en internasionaal *beperkte* aanvaarding deur 'n *beperkte* groep lesers geniet.

163 As "invloedryke" lesers noem Segers (1996:5) outeurs, uitgewers, kritici/resensente, boekhandelaars, onderwysers/dosente en studente, bibliotekaris en verteenwoordigers van sekere organisasies (byvoorbeeld skrywersverenigings).

Dié aktiwiteite wat Segers (1996:14) as praktiese aanduiders van die eerste fase beskou, onder andere die publikasie van die outeur se tekste; die verkoop, aankoop en resensering daarvan, asook belangstelling in die outeur as persoon soos gereflekteer deur mediaberigte, ensovoorts, word wel ten opsigte van Baker en haar oeuvre waargeneem. Die kenmerkende aktiwiteite van die tweede fase word egter nie waargeneem nie: die onderrig van die outeur se tekste aan prestige-inrigtings soos universiteite, die verpligte lees van die tekste deur skoliere en studente en die verlening van 'n aansienlike plek aan die outeur in die literêre geskiedskrywing. Die derde fase word verteenwoordig deur aktiwiteite soos die vertaling van Baker se tekste, en dan wel in vyf vreemde tale (dus meer as die kriterium van twee of drie taalareas). Dit is egter nie moontlik om te sê dat Baker in baie lande algemene aanvaarding geniet nie.

Die vraag wat logies uit hierdie bevindinge voortvloei, is die vraag na die redes vir Baker se beperkte deurbrake en derhalwe ook kanonisering. Hier word dan gevra of die tipering van Baker se werk as "middelmoot-" of "ontspanningsliteratuur" nie in werklikheid 'n mate van stigmatisering, en ook beperkte kanonisering impliseer nie. Met ander woorde, dat die meerderheid resensente die teks nie summier aftakel nie, maar dit subtiel tot "mindere" (perifere) literatuur verklaar. Beperkte kanonisering geskied volgens só 'n stelling nie via werklike dekanoniserende uitsprake of uitsprake gerig teen (groter) kanonisering nie, maar via 'n bepaalde soort tipering. Ten einde hierdie vraag te kan beantwoord, is dit nodig om te besin oor die kwessie van "middelmootliteratuur". In dié verband moet die houdbaarheid al dan nie van die hele konsep bevra word, asook die situering daarvan binne 'n literatuursisteem. Hierdie kwessie word in die volgende paragraaf ondersoek.

5.8 Die sogenaamde "middelmoot"-literatuur: aanpassings, verruiming en 'n moontlike model vir kanonisering

Uit die beskouings van Baker se oeuvre blyk dit dat haar werk by herhaling as "middelmoot-" of "ontspanningsliteratuur" getipeer word. Hiernaas is die tipering daarvan as "damesroman(s)" ook gevind. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar in die kritiek oor Baker 'n verstrengeling van die begrippe "damesroman", "ontspanningsliteratuur" en "middelmootliteratuur" plaasgevind het. Die implikasie hiervan is dat die tekste daardeur gedevalueer, en uiteindelik gedekanoniseer word, en dan wel om die volgende redes: 'n Term soos "damesroman" is onbetwisbaar seksisties, en die gebruik daarvan impliseer nie bloot dat die teks op 'n sekere teikengroep gerig is nie. Via historiese oordrag het dié term konnotasies verkry van trivialiteit, van strooisage-agtige stereotipering (veral seksueel, soos in die sogenaamde *Mills & Boon*-literatuur).

Die "damesroman" het tradisioneel lae status binne literatuursisteme, en figureer gewoonlik as marginale elemente.

Oor die negatiewe konnotasies van "middelmoolliteratuur", en oor die wysiging van hierdie soort tipering, laat Roos (1985:19) haar soos volg uit:

...daar was onder andere televisieprogramme waartydens akademici oor middelmoottlektuur – is dit 'n term waarvan die negatiewe konnotasies bewustelik gebruik is? – bespiegel het, en halfpad deur 1983 vind ook 'n ATKV-konferensie plaas waar die probleem van 'n gebrek aan goeie stories goed uitgepluis is. Die nuwe "oplossings, voortsettingsaksies en doelwitte" is by wyse van nie minder nie as 28 hoofbesluite omskryf, waarvan die verstandigste dalk was dat die term "middelmoot" deur "populêre/gewilde Afrikaanse prosa" vervang sou word.

Deur die term "middelmoolliteratuur" met byvoorbeeld "gewilde prosa" te vervang¹⁶⁴, word die onbewuste, of selfs bewuste, assosiasies met "gemiddeldheid" uitgeskakel. Die nuwe term plaas die klem nou op die funksie wat die teks vervul in die interaksie daarvan met die leser. Die probleem om tussen "populêre/gewilde prosa" en "ontspanningsleesstof" te onderskei, is egter nie hiermee opgelos nie, in soverre daar hoegenaamd 'n verskil bestaan. 'n Moontlike oplossing is om "populêre/gewilde prosa" en "ontspanningsleesstof" as sinonieme te sien. Populêre/gewilde prosa kan as superordinaat vir O- en GG-literatuur (hier spesifiek prosa) beskou word, en binne die polisistiem van Afrikaanse literatuur beklee dit 'n posisie tussen E- en T-literatuur. Hiermee word egter nié geïmpliseer dat O- en GG-literatuur aan mekaar gelyk is nie, of dat O- en T-literatuur dieselfde is nie (vergelyk in hierdie verband Baker se siening)¹⁶⁵. Die implikasie hiervan is natuurlik dat O-literatuur nie meer as bloot "ontspanningsliteratuur" kan bekend staan nie, omdat dié term dan na O- sowel as GG-literatuur verwys. Die term "ontvlugtingsliteratuur" behoort gereserveer te word om na tekste binne die T-sistiem te verwys, en moet nie met O-tekste verwar word nie.

As moontlike oplossing word voorgestel dat O- en GG-literatuur gesien word as twee afsonderlike kategorieë wat wel gemeenskaplike eienskappe kan hê. GG-literatuur lê egter nader aan E-literatuur, en vervul tot 'n mate "literêre" funksies, soos byvoorbeeld intellektuele stimulasie en die verskaffing van estetiese genot. Die hoof funksie is wel om 'n **goeie leeservaring** aan die leser te bied (waardeer minder prominente E-funksies, asook die bied van ontspanning, nie uitgesluit word nie). Wanneer aspekte soos die intellektuele inset van die leser egter dominant word, word die terrein van E-literatuur betree. GG-tekste word dikwels gekenmerk deur "literêre" tegnieke en fasette wat soos dié in E-tekste ontleed kan word (byvoorbeeld vertelsituasie, fokalisasie, karakterisering). O-literatuur vertoon heelwat minder E-eienskappe, en die hoof funksie is om

164 "Middelmoolliteratuur" en "populêre/gewilde prosa" kan gesien word as twee terme met dieselfde denotasie, maar verskillende konnotasies.

165 Sien 2.4.3.2.

ontspanning of **vermaak** aan die leser te bied, terwyl 'n funksie soos die bied van intellektuele stimulasie heeltemal na die agtergrond geskuif word. Hierdie tekste verval egter nie in blote romantiese of ander fantasieë nie, maar behou raakpunte met die werklikheid, alhoewel 'n "gelukkige slot" gewoonlik gevind word. Alhoewel die leser ontspan tydens die lees van hierdie tekste, word hy of sy nie op 'n fantasievlug geneem nie. T-literatuur se hoof funksie kan as die bied van **ontvlugting** beskou word, met ander woorde, die teks funksioneer as instrument waardeur die leser aan die "werklikheid" kan ontsnap en 'n tekswêreld betree waarbinne die goeie altyd oorwin, waarin liefde vervul word en teenspoed slegs 'n tydelike hindernis is. Die karakters is strooisage-agtige stereotipes en die gebeure gewoonlik voospelbaar.

Daar is reeds gewys op die postmodernisme se bydrae wat betref die kwessie van verskillende "soorte" literatuur. Binne 'n postmodernistiese paradigma kan 'n teks meer as een groep lesers aanspreek; kan dit verskillende funksies vervul; kan dit byvoorbeeld sowel E- as O-literatuur wees. Hierdie soort teks kan 'n **multifunksionele teks** genoem word. Dit is by uitstek Baker se latere tekste, oënskynlik in die idioom van 'n populêre teks, maar soms met verbluffende kompleksiteit onder die oppervlak, wat die aard van 'n multifunksionele teks illustreer. Terwyl die leser gerig op ontspanning die boeiende storie geniet, kan die intellektueel gerigte leser veel behae put uit byvoorbeeld die skerp insig in die menslike kondisie, die tegniese grepe, die ironiese perspektief. Dit is natuurlik ook moontlik dat dieselfde leser om verskillende redes lees, en hierdie verskillende behoeftes word deur een teks bevredig. Dit gaan dus nie daaroor dat die teks 'n transformasie ondergaan en opgaan in 'n ander "kategorie" nie, maar dat 'n teks terselfdertyd meer as een "soort" of "kategorie" teks kan verteenwoordig. Baker se tekste, as uitstekende voorbeelde van multifunksionele tekste, behoort myns insiens binne die Afrikaanse polisteem die status van teksgenererende modelle te verkry.

Die (hipotetiese) bestaan van multifunksionele tekste hou dan ook sekere implikasies in vir kanonisering. Die vraag hier sou wees: Moet tekste as "ligte" leesstof en as "swaar" leesstof afsonderlik gekanoniseer word? Moet 'n kanon voorsiening maak vir die verskillende funksies van individuele tekste? Op praktiese vlak: Moet Baker se tekste gekanoniseer word as byvoorbeeld E- of as GG-literatuur, of as albei? (In só 'n geval sal een teks binne twee sisteme gesitueer word). Of sal een funksie as die dominante een geïdentifiseer moet word, en die teks dan binne die ooreenstemmende sisteem gesitueer word? Daar sal besin moet word oor die wyses waarop O- en GG-literatuur as tradisioneel perifere vorme binne kanons geakkommodeer kan word, en of die E-sisteem se tradisioneel sentrale posisie binne die polisteem steeds deur kanons gereflekteer moet word. Daar sou gevra kon word na die moontlikheid van byvoorbeeld "onderafdelings" binne byvoorbeeld 'n amptelike kanon. Sulke "onderafdelings" of "subkanons" kan onderskeidelik E-, GG-, O- of A-literatuur huisves. (Dit bly steeds 'n vraag of triviaalliteratuur hoegenaamd

gekanoniseer moet word; of dit enigsins kanoniseerbaar is).

Wat betref die toepassing van hierdie voorstelle op Baker se oeuvre, kan daar op grond van die uitsprake van meer as een resesent gesê word dat haar tekste wel blyke lewer van E-, GG- en O-funksies. Met die gepostuleerde verband tussen 'n groep teikenlesers en 'n sekere soort literatuur as uitgangspunt, kan die bewering gemaak word dat die lesers van Baker se tekste, asook hulle spesifieke leesbehoefte, die aanwesigheid van ook die A-funksie in haar tekste impliseer.

Oor haar eie leserspubliek laat Baker haar tydens 'n onderhoud met Krüger (1988:80) soos volg uit:

Ek sou sê my boeke word oor die algemeen gelees deur vroue uit die middelklas met 'n taamlike hoë intelligensiepeil. En wat my lesers in Europa betref, is dit dikwels vroue wat moeg is vir geweld en seksuele uitspattighede – dinge waarmee hulle nie kan identifiseer nie en wat hulle later by die keel uithang.

Krüger (1988:80) haal Baker verder indirek aan: "Die algemeenste reaksie wat sy op haar boeke kry, is dat lesers hulle met haar karakters kan identifiseer. Haar romanpersone word as werklike mense ervaar, eerder as karakters uit 'n boek".

Hierdie uitsprake dui daarop dat Baker se leserspubliek uit oorwegend vroue bestaan, wat veral 'n behoefte het om met die teks te kan identifiseer. Alhoewel hierdie aspek nie in die kritiek rondom Baker prioriteit geniet nie (met uitsondering van Van Biljon 1996:11), suggereer dit dat Baker se werk ook 'n A-funksie kan vervul, en dan spesifiek 'n funksie wat binne 'n feministiese paradigma as die verlening van outentiekheid getipeer word. Die aard van Baker se werk kan dan ook sinvol vanuit die perspektief van die A-funksie beskryf word. Baker se oeuvre, behalwe die vroeë tekste, maak gewoonlik gebruik van die vorm van die liefdesverhaal. Dat hierdie soort verhaal tradisioneel as verstrooiingsliteratuur beskou is, blyk uit 'n opmerking van Baker self tydens 'n onderhoud met De Beer (1987:16): "I have this bee in my bonnet about the assumption that love stories are not part of the intelligent person's reading repertoire".

Vanuit 'n feministiese perspektief kan gestel word dat die tema van liefdesverhoudings gewoonlik deur vroue as belangrik gesien word, en dat hulle kan identifiseer met verhale waarin so 'n tematiek aan die orde gestel word. Wanneer die lesers ervaar dat die karakters en hulle lotgevalle aangebied word as eg menslik, soos vanuit 'n vroulike waarnemer se oogpunt, ervaar hulle dat hulle eie lewens en waarnemings outentiekheid en legitimiteit verkry. Hierdie funksie is dan in ooreenstemming met Maitland se kriterium van die "goeie leeservaring": vroulike lesers kan daarmee identifiseer.

Baker se werk kan derhalwe as E-, GG-, O- én A-literatuur gekanoniseer word, afhangende van die funksie/s van 'n spesifieke teks. *Weerkaatsings*, byvoorbeeld, sou as drie soorte literatuur gekanoniseer kon word: as E-literatuur vanweë die postmodernistiese spelelement, as GG-literatuur op grond van die goeie en algemeen toeganklike leeservaring, en as A-literatuur vanweë die moontlikheid van identifikasie met die hoofkarakter deur vroulike lesers. Daar moet egter in gedagte gehou word dat al die funksies in 'n gegewe teks nie ewe sterk sal figureer nie. 'n Hiërargiese konfigurasie is die waarskynlikste presentasie van teksfunksies. In *Weerkaatsings* kan die E-funksie moontlik as dominant gereken word, gevolg deur die GG- en A-funksies. Uiteraard sal verskillende kritici verskillende rangordes voorstel, afhangende van sy/haar eie resepsie van die teks, of die geantisipeerde resepsie van die leserspubliek. Dit is ook belangrik dat literatuurhistorici sal kennis neem van die dinamiese aard van hierdie hiërargie, en dat toekomstige literatuurgeskiedskrywing diachroniese verskuiwings ten opsigte van funksionaliteit sal verreken. Só byvoorbeeld kan dit dalk gebeur dat die A-funksie van *Weerkaatsings* mettertyd na die agtergrond sal verskuif, terwyl die E-funksie al hoe meer dominant word. Toekomstige kanoniseerders en kanonondersoekers sal deeglik moet kennis neem van hierdie dinamiese multifunksionaliteit van tekste.

Die implikasies van 'n multifunksionele model vir literêre tradisies behoort ook in ag geneem te word. Deur 'n tradisie te sien as 'n seleksie uit 'n kanon, word dit moontlik gemaak dat 'n enkele teks binne meer as een tradisie kan figureer. *Weerkaatsings* sal byvoorbeeld deel kan wees van 'n tradisie van Afrikaanse liefdesverhale, van vroueliteratuur, asook van postmodernistiese tekste.

Die ander implikasie van 'n multifunksionele benadering is dat 'n teks wat verskeie funksies vervul, en dienooreenkomstig binne verskillende sisteme gekanoniseer word, uiteindelik 'n sterker oorkoepelende kanonstatus sal hê. Indien Baker se by uitstek multifunksionele produkte op hierdie manier gekanoniseer word, sal haar saamgestelde kanonstatus waarskynlik veel hoër wees as wat tans die geval is. Die probleem hiermee is uiteraard dat tekste met minder onderskeibare funksies hierdeur benadeel word, en dat multifunksionaliteit as norm gestel word.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING

In die inleidende hoofstuk is gesê dat hierdie studie oor die kanoniserings van vroulike outeurs binne die Afrikaanse literatuursisteem drie terreine wil betree, naamlik om gebreke in die kanon¹⁶⁶ van Afrikaanse literatuur (meer bepaald die prosa) uit te wys, om die kanon en sy prosesse vanuit 'n pluralistiese teoretiese raamwerk te bestudeer, en laastens om die terrein van kanonhersiening te betree. Daar is ook gemeld dat die moontlikheid van 'n model vir die teoretiese ondersoek – en praktyktoepassing – van die kanoniserings van verskillende "soorte" literatuur bevra sal word. Dié sake word in hierdie slothoofstuk beskou en tot 'n sintese gebring.

Die probleemstelling waardeur die ondersoek as geheel gerig is, het gevra of dit moontlik is om te beweer dat die Afrikaanse vroulike prosa-outeur steeds 'n mindere kanon- en kanoniseringsstatus geniet, hoofsaaklik as gevolg van patriargale en ander vooroordele. Verder is daar gevra na maniere om só 'n toedrag van sake te wysig.

'n Aantal daarmee verbandhoudende subprobleme is gestel, onder andere wat betref die kanon- en/of kanoniseringsstatus van enkele geselekteerde vroulike outeurs, die bestaan en werk van vroulike outeurs wat om sekere redes nooit in die kanon opgeneem is nie, die aanvaarbaarheid (vanuit 'n feministiese perspektief) van die *status quo* met betrekking tot die vrou se posisie ten opsigte van die kanon en die moontlikheid om 'n teoretiese raamwerk daar te stel wat voorsiening kan maak vir die kanoniserings van verskillende "soorte" literatuur binne 'n polisisteem van Afrikaanse literatuur.

Wat die eerste subprobleem betref, kon die aanvanklike (sub)stelling insake die mindere kanon- en kanoniseringsstatus van enkele vroulike outeurs wel bevestig word.

166 Die term "die kanon" word gebruik soos uiteengesit in voetnoot 32.

In die geval van Hettie Smit is bevind dat sy op die oog af nié deur die literêre kritiek en geskiedskrywing geïgnoreer is nie, en dat *Sy kom met die sekelmaan* in die vaste stratum van die sentrum van die Afrikaanse literatuursisteem opgeneem is. Daar is wel aangedui dat die individuele teks heelwat probleme ondervind het ten einde hierdie gekanoniseerde posisie in te neem, en dat dit waarskynlik deur die verwantskap met die “manlike” Dertigertekste is dat die *Sekelmaan* uiteindelik kanonstatus verkry het. Die kanonstatus wat die outeur en haar teks wel het, is dus ‘n afgeleide status. Hiervolgens kan gesê word dat Smit se oënskynlike kanonstatus ‘n vals indruk skep en dat die werklike toedrag van sake – naamlik die patriargale herskrywing van die teks – gemistifiseer word deur argumente wat wil bewys dat *Sy kom met die sekelmaan* selfstandige kanonstatus besit.

In die geval van die Klerewerkersliteratuur is bevind dat hierdie korpus tekste heeltemal uit die kanon van Afrikaanse literatuur geweier is, en derhalwe geen kanonstatus besit nie. Ten opsigte van Eleanor Baker kon aangetoon word dat sy en haar produkte, soos ook Hettie Smit en die *Sekelmaan*, nie geïgnoreer is nie, maar op subtile wyse deur herskrywings tot ‘n posisie van mindere status “verban” is.

Daar kon dus aangedui word dat dit nodig is om die dieperliggende problematiek betreffende die kanonisering van vroulike outeurs te ontbloot. Die mistifiserende aard van hierdie problematiek noodsaak ‘n ondersoek van die motivering vir en implikasies van sekere herskrywingshandelinge, byvoorbeeld die tipering van die *Sekelmaan* as ‘n “vroulike prosa-pendant” van die (manlike) Dertigers se poësietekste, asook die polemieë rondom die publikasie van die manuskrip. Die tipering van tekste as “populêre” of “middelmoot”-literatuur (in die geval van Baker) is eweneens ‘n aspek wat ten opsigte van die moontlike marginaliserende of trivialiserende (mis)bruike daarvan aandag verdien. Ten opsigte van Baker is bevind dat haar tekste in werklikheid multifunksionele tekste is, maar dat die kritiese diskoers rondom haar oeuvre hierdie eienskap grotendeels misken. Met verwysing na die Klerewerkersliteratuur is aangedui dat ideologiese en politieke faktore in werklikheid niekanonisering tot gevolg gehad het, terwyl die “gehalte”-kwessie moontlik bloot die oppervlak aansny en hierdie dieperliggende faktore verberg.

Deur die ondersoek van die Klerewerkersliteratuur is daar duidelike bewyse gevind dat daar wél literêr bedrywige vroue was wat volledig uit die kanon van Afrikaanse literatuur uitgesluit is. Die tweede substelling is dus hierdeur bevestig.

Die derde substelling kon eweneens bevestig word, naamlik, dat die status quo met verwysing na die vroulike outeur se posisie ten opsigte van die Afrikaanse kanon vanuit 'n feministiese

perspektief nie aanvaarbaar is nie. Die afwesigheid van vroulike skrywers (waarvan die Klerewerkers 'n voorbeeld is) uit die vroeë geskiedskrywing van ons literatuur is veral onaanvaarbaar. Ook kom die ontkenning of geringskating van die spesifiek vroulike en/of feministiese aard van byvoorbeeld Smit en Baker se tekste neer op 'n patriargale geringskating van die waarde van spesifiek vroulike literêre produkte. In die hoofstuk oor Smit is byvoorbeeld gesê dat 'n vroulike teks as teks in eie reg, mét erkenning van die vroulike waardes daarin, binne die kanon gehuisves moet word. Sodoende kan die teks binne 'n vroulike tradisie optree as teksgenererende model vir ánder tekste, en hoef dit nie as steriele literêre curiositeit tot die kanonieke "argief" verdoem te word nie. Veral in die jong Afrikaanse literêre tradisie, met sy relatief min vroulike voorgangers (*precursors*), is só 'n model van wesenlike belang.

Daar kan beweer word dat die Klerewerkerliteratuur en 'n vroulike tradisie in 'n verhouding van wedersydse bevoordeling tot mekaar kan verkeer. Binne 'n vroulike tradisie kan hierdie tekste tot hulle reg kom deurdat die stem van die werkersklasvrou 'n selfstandige bydrae tot die Afrikaanse vroulike diskoers kan maak. Ook kan sake soos die didaktiese element, die transformasie van die volksmoederkonsep en die verlening van legitimititeit aan die (historiese) lesers binne 'n vroulike tradisie beskryf, gevalueer en gesistematiseer¹⁶⁷ word. Terselfdertyd kan die tradisie verruim en verryk word. 'n Vroulike tradisie bied voorts die moontlikheid om 'n kwessie soos die identifikasie moontlikhede vir lesers (ten opsigte van byvoorbeeld Baker se tekste) te ondersoek en te evalueer.

Ten opsigte van die vierde subprobleem is die sogenaamde multifunksionele benadering voorgestel as raamwerk vir die beskrywing en verklaring van kanoniseringsprosesse betreffende verskillende literatuur"soorte". Hierdie benadering neem die polisisteamteorie van Even-Zohar as vertrekpunt, en stel dat daar op grond van vier kategorieë indikatore, waarvan funksie as die belangrikste beskou word, verskeie teksfunksies onderskei kan word. 'n Aksioom van hierdie benadering is dat 'n enkele teks meer as een funksie kan vervul, en dat hierdie funksies in 'n hiërargiese verhouding verkeer. Op grond van sy dominante funksie kan 'n gegewe teks as behorende tot 'n groter versameling, oftewel, as 'n sekere "soort" teks gesien word. Die verskillende soorte tekste word in verskillende sisteme saamgegroepeer, naamlik die E-, GG-, O-, A- en T-sisteam. Uiteindelik kan die kanonisering van 'n gegewe teks op 'n dinamiese en heterogene wyse beskryf word. 'n Teks uit die Klerewerkerkorpus kan byvoorbeeld as A-, O- en T-literatuur¹⁶⁸ gekanoniseer word, met variërende status ten opsigte van die verskillende sisteme.

167 Hiermee word bedoel dat verbande binne en tussen sisteme gelê word, naas die klassifisering of ordening van die onderskeie sake binne die tradisie. Verbandlegging tussen die subsisteam van werkerliteratuur en hoofstroomliteratuur sou hiervolgens moontlik wees.

168 Of T-literatuur *kanoniseerbaar* is, is 'n ope vraag. Die inhoud van "gekanoniseer" speel hier 'n bepalende rol. Indien dit in 'n tradisionele sin dui op "groot", "klassieke" of "onsterflike" tekste, sal T-, en moontlik ook O- en GG-literatuur nie kanoniseerbaar wees nie. Indien dit egter beteken dat 'n teks binne sy toepaslike sisteam hoë status

(’n Teks kan byvoorbeeld hoë kanonstatus as A-literatuur hê, maar lae status as E- of O-literatuur¹⁶⁹). Indien slegs die A-sisteem beskou word, kan die teks ook gesitueer word as behorende tot ’n sekere subsisteem, byvoorbeeld werkersliteratuur of feministiese literatuur, afhange van die aard van die betrokke teks. Binne hierdie subsisteem kan die teks hom in die gekanoniseerde strata bevind, en derhalwe gekanoniseer binne die A-sisteem wees.

Na afloop van die ondersoek na die kanon- en kanoniseringstatus van Hettie Smit, die Klerewerkers en Eleanor Baker as voorbeelde van Afrikaanse vroulike outeurs, kan die bevindings beskou word as om heel moontlik op Afrikaanse vroulike prosa-outeurs in die algemeen betrekking te hê. (Omdat hierdie drie voorbeelde van vroulike outeurs egter nie wetenskaplik verkreeë verteenwoordigende steekproewe van die universum van Afrikaanse vroulike prosa-outeurs is nie, is dit nie moontlik om wetenskaplik gefundeerde veralgemenings in die ware sin van die woord te maak nie). Die aanvanklik gestelde stelling word egter wel bevestig deur die bevindings, naamlik dat die status van die vrou in die kanon van Afrikaanse literatuur – histories sowel as kontemporêr – deur hoofsaaklik patriargale meganismes ondermyn word. Daar kon aangetoon word dat patriargale vooroordele verskillende gedaantes kan aanneem, waaronder pogings tot trivialisering en marginalisering van literatuur deur vroue, soos gemotiveer deur onder meer politieke en ideologiese oorwegings.

Uiteindelik kan beweer word dat die kanon van Afrikaanse literatuur in die verlede en tot op hede in gebreke gebly het om die werklike bydrae van vroulike outeurs tot die Afrikaanse literatuur te verdiskonteer. Uit die ondersoek het dit geblyk dat die bydrae van vroue soos die Klerewerkers histories volkome misken is, terwyl patriargale herskrywings van Hettie Smit se roman as “vroulike prosa-pendant/-aanvulling” tot die “manlike” Dertigerpoësie haar selfstandige kanon- en kanoniseringstatus benadeel en sowel outeur as teks gemarginaliseer het. Baker se werk is deur herskrywings tot “damesromans” verklaar, met gevolge soos stigmatisering en trivialisering. Die motiverende faktor in die geval van Smit en Baker kan as chauvinistiese vooroordele teen vroulike tekste gesien word.

In noue verband hiermee staan die Afrikaanse kanon (én kanoniseerders) se klaarblyklike geringskatting van “vroulike” kriteria by die beoordeling van literêre tekste. Hierteenoor het “manlike” kriteria tot dusver die aard en samestelling van die Afrikaanse kanon bepaal, terwyl faktore soos politiek en ideologie geen geringe rol in die kanonisering of niekanonisering van sekere tekste gespeel het nie. Die interaksie tussen al hierdie prosesse het waarskynlik tot gevolg

geniet, is hierdie soorte tekste wel kanoniseerbaar. In laasgenoemde geval sal “die kanon” waarskynlik ’n bepaalde groep lesers se kanon wees (vgl. Moerbeek), oftewel, ’n vermenging van die persoonlike kanons van ’n groep lesers van byvoorbeeld T-literatuur.

169 Volgens die polisisteemteorie is dit moontlik dat ’n *sisteem* weer subsisteme met wisselende kanoniseringstatus kan bevat, en binne ’n *subsisteem* sal die gekanoniseerde en niegekanoniseerde strata individuele tekste of oevres bevat.

gehad dat die Afrikaanse kanon mettertyd ontwikkel het tot 'n toestand van nierelevansie vir die breë Afrikaanssprekende gemeenskap, en spesifiek vir vroulike verbruikers van literatuur.

Een van die grootste leemtes in die Afrikaanse literatuursisteem is die afwesigheid van 'n tradisie van vroulike literatuur. In die geval van Hettie Smit byvoorbeeld, sou beweer kon word dat die herskrywing van Smit as "vroulike aanvulling" daarvoor verantwoordelik is dat haar teks nooit tot sy reg kon kom as vroulike teks, en in 'n sin ook "moederteks" (en model vir verdere betekenisvolle teksproduksie) in 'n Afrikaanse vroulike prosatradisie nie.

Hierdie toedrag van sake is onaanvaarbaar binne die feministiese raamwerk van pogings tot verandering. Die status quo kan wel gewysig word deur feministiese hersieningshandelinge wat die daarstelling van 'n tradisie van vroulike prosa-outeurs nastreef. As hulpmiddel vir die hersiening van bestaande kanons, sowel as toekomstige kanoniseringshandelinge, kan die multifunksionele benadering moontlik waardevol wees. Hierdie benadering probeer onder meer om sisteemdenke relevant te maak vir die praktyk van literêre navorsing. Segers (1996:3) se uitspraak in hierdie verband behoort in die toekoms deur navorsers in gedagte gehou te word:

Only if system theory will be able to come up with *practical* research results which are relevant and which cannot be realized by more traditional literary scholarship, then one is able to judge the advantages and disadvantages of this theory on more reliable criteria than one is allowed to do now.

Wanneer hersieningshandelinge in 'n studie soos hierdie voorgestel word, bestaan die gevaar dat die terrein van kultuuroordrag betree word. Daar is wel gesê dat sulke voorstelle moontlik deur die min werk op hierdie gebied binne die Afrikaanse terrein, sowel as die noodsaaklikheid van praktyktoepaslikheid van die teoretiese postulate gemotiveer kan word.

'n Hersiening van die Afrikaanse kanon vanuit 'n feministiese perspektief moet dan die regstelling van patriargale herskrywings as prioriteit beskou. Hersieningshandelinge behoort konsepte soos 'n vroulike tradisie en vroulike diskoers as vertrekpunt te gebruik, ten einde 'n vroulike tradisie as onderdeel van ('n) kanon/s van Afrikaanse literatuur daar te stel. Daar is genoem dat die doel van die daarstelling van 'n vroulike tradisie hoofsaaklik is om aan lesers wat nog nooit met die hoofstroom-tradisie kon identifiseer nie, te demonstreer dat daar wel 'n tradisie van tekste bestaan waarmee hulle kan identifiseer, en wat hulle eie ervarings op literêre vlak kan legitimeer. Ook word die dinamiek en voortbestaan van die totale polisisteem gewaarborg wanneer in alle – ook potensiële – lesers se behoeftes voorsien word.

Binne 'n tradisie van Afrikaanse vroulike literatuur kan 'n ryke verskeidenheid tekste geakkommodeer word. Indien 'n seleksie uit die korpus van die Klerewerkerliteratuur gemaak

word (met kriteria soos dié van Maitland, asook sake soos kulturele en historiese representasie in gedagte) kan hierdie tekste 'n unieke dimensie in die totale Afrikaanse sisteem verteenwoordig. Deur byvoorbeeld Baker se tekste in 'n vroulike tradisie op te neem, kan spesifiek vroulike realisasies van die eg postmodernistiese multifunksionele teks as modelle vir verdere teksproduksies optree. Die gevolg hiervan kan wees dat die lesers van Afrikaanse boeke heelwat meer "leesbare", maar terselfdertyd "literêre" tekste tot hulle beskikking sal hê – met goeie gevolge vir die lewenskragtigheid van die totale polisisteem.

In hierdie studie is gepoog om 'n teoreties-gefundeerde werkwyse, naamlik die analise van kwantitatiewe en kwalitatiewe kanonaanduiders, te volg. Dit is te hope dat toekomstige kanonondersoeke ook met vrug van hierdie werkwyse gebruik sal kan maak.

Laastens kan genoem word dat die waarde van 'n feministiese perspektief op die Afrikaanse literatuur, met die daarmee gepaardgaande implikasies van hersiening en verruiming, nie geringgeskat moet word nie. Die terrein van Afrikaanse kanonstudies is egter nog lank nie volledig verken nie, en toekomstige navorsers kan 'n waardevolle bydrae lewer om hierdie veld aan die hand van teoreties-deurdagte ondersoeke te verryk. Op hierdie manier kan ('n) algemeen aanvaarbare en verteenwoordigende, asook teoreties-gefundeerde kanon/s van Afrikaanse literatuur werklikheid word.

BRONNELYS

A.J.C. 1973. Nuwe skryfster met talent. *Oggendblad*, 5 Februarie, p.11.

A.P. 1982. Boekbesprekings. *Kaapse Bibliotekaris*, Maart, p.20.

A.v.Z. 1973. Voortreflike roman oor jeugprobleem. *Die Volksblad*, 26 Junie, p.23.

Abrams, M.H. 1988. *A Glossary of Literary Terms*. New York: Holt, Rinehart & Winston. 260p.

Antonissen, R. 1955. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Kaapstad & Pretoria: HAUM. 289p.

1960. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. 2de hersiene uitgawe. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. 348p.

1963. *Kern en tooi. Kroniek van die Afrikaanse lettere 1951-1960*. Kaapstad: Nasou. 258p.

1964. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. 3de hersiene uitgawe. Kaapstad: Nasou. 358p.

1979. *Verkenning en kritiek*. Kaapstad & Pretoria: HAUM. 201p.

Baker, E. 1989. Letterkunde versus populêre leesstof. *Vrystaatse Biblioteke*, Januarie - Maart, pp.11-12.

Baker maak naam in buiteland. 1987. *De Kat*, Februarie.

Barnard, R. 1994. Eleanor Baker 'ken haar storie' in elfde roman. *Die Volksblad*, 1 Augustus, p.6.

Baym, N. 1986. Melodramas of Beset Manhood. How Theories of American Fiction Exclude Women Authors. In: Showalter, E. (red.). *The New Feminist Criticism*. London: Virago, pp.63-80.

Belsey, C. 1982. Re-reading the great tradition. In: Widdowson, P. (red.). *Re-reading English*. London & New York: Methuen, pp.121-135.

Belsey, C. & Moore, J. (reds.). 1989. *The Feminist Reader. Essays in Gender and the Politics of Literary Criticism*. London: Macmillan. 263p.

Bensick, C. 1985. His Folly, Her Weakness: Demystified Adultery in "The Scarlet Letter". In: Colacurcio, M. *New Essays on The Scarlet Letter*. Cambridge: Cambridge University Press, pp.137-159.

Berger, I. 1987. Solidarity fragmented: garment workers of the Transvaal, 1930-1960. In: Marks, S. & Trapido, S. (reds.). *The Politics of Race, Class & Nationalism in Twentieth Century South Africa*. London & New York: Longman, pp.124-155.

Bespreking van "Die-kwart-voor-sewe-lolie". 1989. *Artes Natales*, Junie, p.34.

Bloom, A. 1987. *The closing of the American mind. How higher education has failed democracy and impoverished the souls of today's students*. New York: Simon & Schuster. 392p.

- | | | |
|---------------|-------|---|
| Botha, Elize. | 1973. | Ter nagedagtenis aan Hettie Smit. <i>Tydskrif vir letterkunde</i> 11(4), pp.68-70. |
| | 1985. | Prosakroniek. Oud en nuut in die Afrikaanse prosa 1983/1984. <i>Tydskrif vir geesteswetenskappe</i> 25(3), pp.223-232. |
| | 1989. | Letterkunde versus populêre leesstof. <i>Vrystaatse Biblioteke</i> , Januarie - Maart, p.7. |
| | 1995. | Tussen (maatskaplike) verandering en (literêre) vernuwing – "Stories van Rivierplaas" in die Afrikaanse prosageskiedenis. In: Van der Walt, T. (red.). <i>Die blink uur van mooi dinge. 'n Huldiging van Alba Bouwer</i> . Kaapstad: Tafelberg, pp.77-88. |
| | 1996. | Baker voer leser mee met humor, verfynde vaardigheid. <i>Beeld</i> , 26 Augustus, p.12. |

Botha, Elizabeth. 1995. Boekbespreking. "Dossier van 'n gyseling". *Die Patriot*, 16 Maart, p.8.

Breytenbach, K. 1984. Besondere sprokie. *Die Burger*, 15 November, p.17.

- | | | |
|-------------|-------|---|
| Brink, A.P. | 1967. | <i>Aspekte van die nuwe prosa</i> . Pretoria & Kaapstad: Academica. 147p. |
| | 1973. | By die dood van Hettie Smit. <i>Die Burger</i> , 19 September, p.14. |

1974. Dié boek word 'n aanklag teen uitgewer. *Rapport*, 24 Maart, p.13.
1975. Dié skryfster kan geselskap word vir Berta, Elsa. *Rapport*, 26 Oktober, p.18.
1978. 'n Bevestiging van die reg om te droom. *Rapport*, 18 Junie, p.17.
1984. Só trap resensent darem nie modder op goeie, lekker boek nie! *Rapport*, 11 November, p.17.
1986. Daar sal gebloos word oor dié skryfster. *Rapport*, 12 Januarie, p.15.
1988. Populêre en hogere literatuur. *De Kat*, Oktober, p.102.
- Brink, E. 1986. *The Afrikaner Women in the Garment Workers' Union, 1918-1939*. MA-verhandeling. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand. 208p.
1987. Maar 'n klomp "factory" meide: Afrikaner Family and Community on the Witwatersrand during the 1920s. In: Bozzoli, B. (red.). *Class, community and conflict. South African perspectives*. Johannesburg: Ravan, pp.177-208.
1989. Purposeful Plays, Prose and Poems: The Writings of the Garment Workers, 1929-1945. In: Clayton, C. (red.). *Women and Writing in South Africa. A Critical Anthology*. Kaapstad: Heineman, pp.107-127.
1990. Man-made women: Gender, class and the ideology of the *volksmoeder*. In: Walker, C. (red.). *Women and Gender in Southern Africa to 1945*. Cape Town & London: David Philip & James Currey, pp.273-292.
- Britz, E. 1992. Sou 'n haan in die Karoo dan nie kraai? *Rapport*, 26 Januarie, p.20.
- Cameron, T. (red.). 1986. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Pretoria & Kaapstad: Human & Rousseau. 320p.
- Cilliers, A.C. 1937. 'n Waardering: "Sy kom met die sekelmaan". *Die Burger*, 12 Junie, p.14.

- Cilliers, C. 1991. Hantering van tienerseks verfrissend. *Insig*, November, p.5.
1992. Baker se Karoo-boek swak versorg. *Insig*, Februarie, p.5.
- Cloete, T.T. (red.). 1980. *Die Afrikaanse literatuur sedert sestig*. Kaapstad: Nasou. 584p.
1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 589p.
- Coetzee, A. 1988. *Marxisme en die Afrikaanse letterkunde*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland. 90p.
1990. *Letterkunde & krisis*. Bramley: Taurus. 62p.
- Coward, R. 1986. Are Women's Novels Feminist Novels? In: Showalter, E. (red.). *The New Feminist Criticism*. London: Virago, pp.225-239.
- De Beer, D. 1987. Back home again ... *Pretoria News*, 22 September, p.16.
- De Jong-Goossens, R. 1990. Aan de voet van de Parnassus. In: Ester, H. & Lindenberg, E. (reds.). *Uit liefde en ironie. LIBER AMICORUM. Elisabeth Eybers*. Kaapstad & Amsterdam: Human & Rousseau en Em. Querido's Uitgeverij, pp.62-70.
- De Kock, H. 1989. Letterkunde versus populêre leesstof. *Vrystaatse Biblioteke*, Januarie - Maart, pp.16-17.
- De Moor, W. 1993. *De kunst van het recenseren van kunst*. Bussum: Dick Coutinho. 253p.
- De Vries, A. 1975a. Gemengde dis. *Rapport*, 13 November, p.19.
- 1975b. 'n Soektog na betekenis. *Beeld*, 24 November, p.11.
- De Vries, A.H. (red.). 1986. *Die Afrikaanse kortverhaalboek*. Kaapstad & Pretoria: Human & Rousseau. 413p.
- De Wet, P. 1971. *Hettie Smit se Sy kom met die sekelmaan as dertigerprosawerk*. MA-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. 104p.
- Dekker, G. 1935. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Nasionale Pers. 210p.
- 1937a. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 2de druk. Kaapstad: Nasionale Pers. 253p.

- 1937b. Bespreking van "Sy kom met die sekelmaan". *Die Burger*, 29 Mei, p.15.
1941. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 3de druk. Kaapstad: Nasionale Pers. 286p.
1947. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 4de druk. Kaapstad: Nasionale Pers. 318p.
1960. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 5de druk. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. 389p.
1961. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 6de druk. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. 389p.
1963. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 7de druk. Kaapstad: Nasou. 416p.
- s.j. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 8ste druk. Kaapstad: Nasou. 416p.
1966. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 9de druk. Kaapstad: Nasou. 416p.
1970. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 11de druk. Kaapstad: Nasou. 416p.
1972. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. 12de druk. Kaapstad: Nasou. 485p.

Dijkstra, K. 1989. Canonvorming in de literaire communicatie. *Spectator* 18(3), pp.159-168.

Du Plessis, H. 1993. Dis goed, dis gewild, dis Eleanor Baker ... *Rapport*, 5 September, p.20.

Du Plessis, J.W. & Steenberg, D.H. 1991. Uit die oogpunt van 'n vrou? Perspektief op feministiese literêre kritiek in die kader van die Afrikaanse prosa. *Literator* 12(3), pp.71-87.

Du Plooy, H. 1996. Populêr, maar op die grens met die ernstige. *Die Volksblad*, 10 Oktober, p.6.

Du Toit, M. & Krog, A. 1994. Op pad na 'n Suid-Afrikaanse feminisme. *Die Suid-Afrikaan*, Oktober 1994, pp.22-27.

Du Toit, P.A. 1993. Vertelhouding in "Die leeukuil" van Klaas Steytler. *Tydskrif vir letterkunde* 31(4), pp.113-7.

Durant, A. & Fabb, N. 1990. *Literary Studies in Action*. London: Routledge. 224p.

Eagleton, M. (red.). 1986. *Feminist Literary Theory. A Reader*. Oxford: Basil Blackwell. 237p.

Easthope, A. 1982. Poetry and the politics of reading. In: Widdowson, P. (red.). *Re-reading English*. London & New York: Methuen, pp.136-149.

EdeR. 1989. Vrou se verhaal. *Die Karet*, 15 Augustus, p.7.

Eksteen, L. 1976. Kroniek van die Afrikaanse prosa. *Standpunte* 29(6), pp.53-62.

Eleanor Baker se tiende roman verskyn. 1991. *Beeld*, 24 Oktober.

Engelbrecht, T. 1991. 'Wisselwerking tussen kulture is broodnodig'. *Beeld*, 21 November, p.4.

Ester, H. 1992. Een thuishoofstuk by Eleanor Baker. *Zuid-Afrika*, Junie, p.114.

Even-Zohar, I. 1990a. Polysystem Theory. *Poetics Today* 11(1), pp.9-26.

1990b. The "Literary System". *Poetics Today* 11(1), pp.27-44.

Ezell, M.J.M. 1990. The Myth of Judith Shakespeare: Creating the Canon of Women's Literature. *New Literary History: A Journal of Theory and Interpretation* 21(3), pp.579-592.

Fantasie vir karakter en leser. 1992. *Die Republikein*, 27 Maart, p.9.

Fiedler, L.A. 1979. Literature as an Institution: The View from 1980. In: Fiedler, L.A. & Baker, H.A. (reds.). *English Literature. Opening up the canon. Selected Papers from the English Institute*. Baltimore & London: The Johns Hopkins University Press, pp.73-91.

Fiedler, L.A. & Baker, H.A. 1979. *English Literature. Opening up the canon. Selected Papers from the English Institute*. Baltimore & London: The Johns Hopkins University Press. 161p.

Fokkema, D.W. 1985/6a. Inleiding. *Spectator* 15(1), pp.3-4.

1985/6b. De canon als kritisch en didactisch instrument: een historische analyse. *Spectator* 15(1), pp.5-15.

1991. Changing the canon: A systems theoretical approach. In: Ibsch, E. e.a. (reds.). *Empirical Studies of Literature*. Amsterdam: Rodopi, pp.363-369.

- Fokkema, D. & Ibsch, E. 1992. *Literatuurwetenskap en kultuuroverdracht*. Muiderberg: Dick Coutinho. 191p.
- Fourie, C. 1995. Eleanor is terug op eie bodem. *Rooi Rose*, 23 Augustus, pp.26-7.
- Franklin, H.B. 1979. English as an Institution: The Role of Class. In: Fiedler, L.A. & Baker, H.A. (reds.). *English Literature. Opening up the Canon. Selected Papers from the English Institute*. Baltimore & London: The Johns Hopkins University Press, pp.92-106.
- Gilbert, S.M. 1986. What Do Feminist Critics Want? A Postcard from the Volcano. In: Showalter, E. (red.). *The New Feminist Criticism*. London: Virago, pp.29-45.
- Gilbert, S.M. & Gubar, S. 1979. *The Madwoman in the Attic. The Woman Writer and the nineteenth-century Literary Imagination*. New Haven & London: Yale University Press. 719p.
- Gilfillan, R. 1984. Eleanor Baker is in staat tot veel meer. *Die Vaderland*, 1 Oktober.
- Goedegebuure, J. 1985/6. Canonvorming na Knuvelde. *Spectator* 15(1), pp.32-40.
- Gouws, T. 1991. Tienerboek in die kol. *Die Transvaler*, 19 Desember, p.6.
- Grobler, H. 1989. Méér as 'n leesbare, ligte roman ... *Die Transvaler*, 17 April, p.2.
1996. "Verbeelde werklikheid" is heerlike boek. *Vrydag*, 19 Julie, p.5.
- Grové, A.P. 1982. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou. 135p.
- (red.). 1985. *Hoogtepunte in die Afrikaanse Verhaalkuns*. Kaapstad: Tafelberg. 438p.
- Haantjies, J. 1937. Bespreking van "Sy kom met die sekelmaan". *Werkplaats: Christelĳk letterkundig tijdschrift* 2(9), pp.425-427.
- Hambidge, J. 1989. Baker goël bedrewe met konvensies. *Beeld*, 24 Februarie, p.10.
1993. Baker verklap die geheim te gou. *Insig*, Mei, p.8.
- Hambly, B. 1989. "Die kwart-voor-sewe-lie". *Artes Natales*, Junie, p.34.
- Harris, W.V. 1991. Canonicity. *PMLA* 106(1), pp.110-121.

- Hawkes, T. (red.). 1985. *Rewriting English*. London & New York: Methuen.
- Heinzelman, S.S. 1988. Hard Cases, Easy Cases and Weird Cases: Canon Formation in Law and Literature. *Mosaic* 21(2-3), pp.59-72.
- Hugo, D.J. 1981. Sy kom met die sekelmaan – *Blokboek oor die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde, nr. 27*. Pretoria & Kaapstad: Academica. 32p.
1995. *Monnikewerk*. Kaapstad: Tafelberg. 60p.
- Human, K. 1992. 'Ja!' sê Koos, Cecile is mos nou puntenerig. *Insig*, Maart, p.7.
- Huysamen, G.K. 1993. *Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe*. Halfweghuis: Southern. 246p.
- Illusie en desillusie bij Eleanor Baker. 1990. *Zuid-Afrika*, Februarie, p.28.
- J.B. 1989. Books in brief. *The Cape Times*, 11 Februarie, p.4.
- J.O. 1986. Curiosity draws the reader on. *Pretoria News*, 21 Augustus, p.24.
- Jansen, E. 1993. 'n Goeie storie. *De Kat*, Julie, p.88.
1994. Die stem van vroue. *De Kat*, September, pp.105-6.
- Jonker, Abr. H. 1937. Brief aan *Die Burger*, 19 Junie, p.15.
- Joubert, M. 1980. Om te lees. *Sarie Marais*, 23 Julie, p.111.
- Kannemeyer, J.C. 1965. *Die stem in die literêre kunswerk*. Kaapstad: Nasou. 235p.
1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I*. Pretoria & Kaapstad: Academica. 515p.
1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur II*. Pretoria & Kaapstad: Academica. 577p.
1984. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I*. 2de hersiene uitgawe. Pretoria & Kaapstad: Academica. 525p.

1988. *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987*. Pretoria & Kaapstad: Academica. 494p.
- 1990a. *Die dokumente van Dertig*. Kenwyn: Jutalit. 336p.
- 1990b. *Die rym neem ook 'n hele lewe in beslag*. Kenwyn: Jutalit. 311p.
1996. Dié roman is ragfyn beplan. *Rapport*, 30 Junie, p.31.

Knobloch, H.J. 1994. Geesteswetenskappe vandag – waarvoor? *Acta Academica* 26(1), pp.60-69.

Koenen, M.J. & Drewes, J.B. 1986. *Wolters' Woordenboek. Eigentijds Nederlands. Grote Koenen*. Groningen: Wolters-Noordhoff. 1553p.

Kolodny, A. 1986. A Map for Rereading. Gender and the Interpretation of Literary Texts. In: Showalter, E. (red.). *The New Feminist Criticism*. London: Virago, pp.46-61.

Kramarae, C. & Treichler, P.A. 1985. *A Feminist Dictionary*. London: Pandora. 587p.

Krog, A. 1989. A community is as liberated as its women. A critical look at women in South African poetry. *IDASA occasional papers* (18), pp.1-6.

Kruger, J.J. 1937. Bespreking van "Sy kom met die sekelmaan". *Die Volksblad*, 24 April, p.12.

Krüger, L. 1988. 'n Kop vol boeke. *De Kat*, Augustus, p.80.

Le Roux, F.J. 1937. Vernuwning in Ons Kritiese Prosa. *Die Burger*, 21 Mei, p.6.

Leavis, F.R. 1955. *The Great Tradition*. London: Chatto & Windus. 266p.

Lefevere, A. 1992. *Translation, Rewriting & the Manipulation of Literary Fame*. London: Routledge. 176p.

- Lindenberg, E. (red.). 1965. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. Pretoria & Kaapstad: Academica. 112p.
1967. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. 2de uitgawe. Pretoria & Kaapstad: Academica. 139p.
1972. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. 3de uitgawe. Pretoria & Kaapstad: Academica. 145p.

1973. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. 4de hersiene uitgawe. Pretoria & Kaapstad: Academica. 167p.
1980. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. 5de hersiene uitgawe. Pretoria & Kaapstad: Academica. 216p.
1987. *Inleiding tot die Afrikaanse letterkunde*. 6de uitgawe. Pretoria & Kaapstad: Academica. 216p.
- Louw, J. 1984. 'Stramheid' en anglisismes hinder in sprokie. *Oosterlig*, 28 November, p.20.
- 1985a. Skryfstyl van sprokie klink 'houterig'. *Oosterlig*, 28 Maart, p.15.
- 1985b. Verdieping val op in jongste werk. *Beeld*, 7 Oktober, p.10.
- 1985c. Verdieping val op in Baker-boek. *Oosterlig*, 24 Oktober, p.13.
- Louw, N.P. van Wyk. 1937. Brief aan *Die Burger*, 3 Julie, p.15.
1981. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg, Human & Rousseau. 352p.
1986. *Versamelde prosa I*. Kaapstad: Tafelberg. 595p.
- Lukács, G. 1962. *The historical novel*. London: Merlin Press. 363p.
- M.C. 1973. Dié boek beeld tydsgees uit. *Die Vaderland*, 12 Januarie, p.9.
- M.T. 1991. Ontknoping verras leser. *Oosterlig*, 29 November, p.27.
- Malherbe, F.E.J. 1937a. Prosa van gebrokenheid. *Die Huisgenoot*, 7 Mei, pp.25, 61, 109.
- 1937b. Bespreking van "Sy kom met die sekelmaan". *Ons eie boek* 3(2), pp.197-200.
- 1937c. Van die mooiste prosa in ons letterkunde. *Die Suidsterm*, 8 Mei, p.11.

- 1937d. Brief aan *Die Burger*, 19 Junie, p.5.
1940. *Aspekte van Afrikaanse literatuur*. Kaapstad: Nasionale Pers. 211p.
- Marais, R. 1988. Vrouwees: perspektiewe in die meer onlangse Afrikaanse poësie en prosa. *Literator* 9(3), pp.29-43.
1991. Waarhede sonder preek oorgedra. *Rapport*, 24 November, p.17.
- Michie, H. 1989. Not one of the Family: The Repression of the Other Woman in Feminist Theory. In: Barr, M.S. & Feldstein, R. (reds.). *Discontented Discourses*. Urbana & Chicago: University of Illinois Press, pp.15-28.
- Mignolo, W.D. 1991. Canons a(nd) Cross-Cultural Boundaries (Or, whose canon are we talking about?). *Poetics today* 12(1), pp. 1-28.
- Millet, K. 1970. *Sexual Politics*. London: Rupert Hart-Davis. 393p.
- Mittner, E. 1985. "Dossier van 'n gyseling". *Sarie*, 11 September, p.11.
- Moerbeek, J. 1992. Hoe elasties is de canon? *Spiegel der Letteren* 34(2-3), pp.333-357.
- Moers, E. 1986. *Literary Women*. London: The Women's Press. 336p.
- Moi, T. 1985. *Sexual/Textual Politics. Feminist Literary Theory*. London & New York: Routledge. 206p.
- Montefiore, J. 1994. *Feminism and poetry. Language, experience, identity in women's writing*. London: Pandora. 280p.
- Mooij, J.J.A. 1985/6. Noodzaak en mogelijkheden van canonvorming. *Spectator* 15(1), pp.23-31.
- Mulder, H.A. 1942. *Twee wêreldes. Opstelle oor Afrikaanse en Nederlandse letterkunde*. Pretoria: J.L. van Schaik. 186p.
- Mulford, W. 1982. Socialist-feminist criticism: a case study, women's suffrage and literature. In: Widdowson, P. (red.). *Re-reading English*. London & New York: Methuen, pp.179-192.
- Murray, B.K. 1986. Van die Pakt tot die begin van apartheid. Die tydperk van 1924 tot 1939. In: Cameron, T. (red.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Pretoria & Kaapstad: Human & Rousseau, pp.249-259.

- Nienaber, P.J. (red.). 1951a. *Jonger skrywers oor eie werk*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel. 140p.
- 1951b. *Perspektief en profiel*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel. 766p.
1960. *Perspektief en profiel*. 2de hersiene uitgawe. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel. 504p.
- 1965a. *Die Hertzogprys vyftig jaar. 'n Feesbundel*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. 182p.
- 1965b. *Rapier en knuppel*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. 267p.
1969. *Perspektief en profiel*. 3de hersiene uitgawe. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel. 665p.
1973. *Perspektief en profiel*. 4de hersiene uitgawe. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel. 681p.
1982. *Perspektief en profiel*. 5de hersiene uitgawe. Johannesburg: Perskor. 815p.
- Odendal, F.F. (red.). e.a. 1983. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Johannesburg & Kaapstad: Perskor. 1378p.
- Ohlhoff, C.H.F. 1993. Kanon en kanonvorming. *Tydskrif vir letterkunde* 31(4), pp.58-66.
- 1995a. Kanon en instansies – 'n Afrikaanse perspektief. *Tydskrif vir letterkunde* 33(2), pp.39-46.
- 1995b. "Trekkeerswee": Tagtig jaar later. In: Bosman, N. (red.). *'n Man van woorde. Feesbundel vir Louis Eksteen*. Pretoria: Van Schaik, pp. 65-74.
- Olivier, F. 1989. Letterkunde en populêre leesstof. *Vrystaatse Biblioteke*, Januarie - Maart, pp.13-15.
- Olivier, G. 1980. Wette en taboes. *Standpunte* 33(1), pp. 53-64.
1992. *N.P. van Wyk Louw: literatuur, filosofie, politiek*. Kaapstad: Human & Rousseau. 293p.

1993. 'n Eienaardige eeuwending. *Vrye Weekblad*, 22 Julie, p.36.

O' Meara, D. 1983. *Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in the development of Afrikaner Nationalism 1934-1948*. Johannesburg: Ravan. 268p.

O'Rourke, R. 1985. Remembering: feminism and the writing of women. In: Hawkes, T. (red.). *Rewriting English*. London & New York: Methuen, pp.106-139.

Opperman, D.J. 1938. W.E.G. Louw en Hettie Smit. *Die Natalse Afrikaner*, 2 Mei, p.9.

1967. *Digtters van Dertig*. 3de druk. Kaapstad: Nasou. 408p.

P.D.W. 1973. Skryfster wat belofte toon. *Die Transvaler*, 19 Maart, p.6.

Pakendorf, G. 1989. Blomtyd, maar Iris wil nie blom nie. *Die Burger*, 30 Maart, p.6.

1992. Nog van dié beskeie boeke, asseblief! *Die Burger*, 21 Januarie, p.7.

Palmer, P. 1989. *Contemporary women's fiction: Narrative practice and feminist theory*. New York: Harvester Wheatsheaf. 192p.

Pienaar, P de V. 1937. Literatuur in die huis. "Sy kom met die sekelmaan". *Die Moderne Vrou*, Junie, pp.33,44.

Pleij, H. 1988. Met de Nederlandse Klassieken Naar de Maan! *Ons Erfdeel* 31(3), pp.337-342.

Potgieter, A. 1993. Metateks in boeiende storie. *Die Burger*, 28 Julie, p.10.

Pretorius, S.J. 1948. My baba, Mozart en Rilke. 'n Besoek by Hettie Smit van die "Sekelmaan". *Ruiter*, 6 Februarie, pp.24-25.

Prinsloo, K. 1993. Skryf is soos naaldwerk doen. *De Kat*, Junie, p.90.

Rabie, J. 1985. Two new novels from Afrikaans writers. *The Cape Times*, 30 Januarie, p.10.

Robinson, L. S. 1986. Treason Our Text: Feminist Challenges to the Literary Canon. In: Showalter, E. (red.). *The New Feminist Criticism*. London: Virago, pp.105-122.

Roos, H. 1985. Verhaal en suksesverhaal, of: op soek na goeie, gewilde prosa. *Standpunte* 38(5), pp.19-27.

1996. *Dáárom letterkunde, dáárom Afrikaanse letterkunde.* Intreerede gelewer met die aanvaarding van die amp as hoogleraar in Afrikaans aan die Universiteit van Suid-Afrika. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. 20p.
- Rosenthal, J. 1992. Heavy issues dealt with delicately. *Weekly Mail*, 4 Junie, p.8.
- Rudolph, C.F. 1969. Op besoek by Hettie Smit. *Tydskrif vir letterkunde* 7(4), pp.16-20.
- Ruthven, K.K. 1984. *Feminist Literary Studies: an introduction.* Cambridge: Cambridge University Press. 152p.
- S.E.v.Z. 1973. Eleanor se boek boei end-uit. *Die Suidwester*, 16 Julie, p.2.
1974. "Splinterspel" oortuig nie. *Die Suidwester*, 10 Junie, p.2.
- Scholtz, J. du Plessis. 1937. Brief aan *Die Burger*, 3 Julie, p.15.
- Schutte, H. 1974. Afrikaanse verhalende lektuur. *Kaapse Bibliotekaris*, Mei, p.26.
- Segal, L. 1990. *Slow Motion. Changing Masculinities, Changing Men.* London: Virago. 396p.
- Segers, R. 1996. *Breakthrough and canonization: A new provocation for literary history? or: How could Virginia Woolf become so famous as she is right now?* Lesing gehou aan die Universiteit van Kaapstad, 2 Mei. 21p.
- Selden, R. 1989. *A Reader's Guide to Contemporary Literary Theory.* London & New York: Harvester Wheatsheaf. 159p.
- Selden, R. & Widdowson, P. 1993. *A Reader's Guide to Contemporary Literary Theory.* 3de uitgawe. London & New York: Harvester Wheatsheaf. 244p.
- Senekal, J. & Engelbrecht, E. 1984. *Bronne by die studie van Afrikaanse prosawerke 1900-1978.* Johannesburg & Kaapstad: Perskor. 220p.
- Senekal, J. & Van Aswegen, K. 1981. *Bronne by die studie van Afrikaanse digbundels 1900-1978.* Johannesburg: Perskor. 137p.
- Senekal, J.H. 1984. Ontspanningsliteratuur. *Handhaaf*, September, pp.6-8.
1985. Die Afrikaanse letterkunde binne die literatuursisteem. *Handhaaf*, Junie, pp.20-22.

- Shavit, Z. 1991. Canonicity and literary institutions. In: Ibsch, E. e.a. (reds.). *Empirical Studies of Literature*. Amsterdam: Rodopi, pp.231-238.
- Sherry, R. 1988. *Studying Women's Writing*. London: Edward Arnold. 91p.
- Shevelov, K. 1989. *Women and Print Culture. The Construction of Femininity in the early Periodical*. London & New York: Routledge. 235p.
- Showalter, E. 1977. *A Literature of Their Own. British Women Novelists from Brontë to Lessing*. Princeton: Princeton University Press. 378p.
- (red.). 1986. *The New Feminist Criticism*. London:Virago. 403p.
- Slabber, C. 1988. Rosa en Morkel en Eleanor ... *Rapport*, 7 Augustus, p.15.
1993. In memoriam vir apartheid. *Rapport*, 6 Junie, p.16.
- Smit, H. 1984. *Sy kom met die sekelmaan*. 1ste sagtebanduitgawe. Kaapstad: Tafelberg. 95p.
- Smuts, J. 1973. Die sekel kom met volmaan. 'n Huldeblyk aan Hettie Smit. *Die Huisgenoot*, 26 Oktober, p.66.
- Smuts, J.P. 1978. Nie ver genoeg bo die tydskrifmatige nie. *Die Burger*, 27 Julie.
- Snyman, L. 1992. *Die poësie van Dertig – 'n polisisteembenadering*. Universiteit van Pretoria: DLitt-proefskrif. 254p.
- Spender, D. 1989. Women and Literary History. In: Belsey, C. & Moore, J. (reds.). *The Feminist Reader. Essays in Gender and the Politics of Literary Criticism*. London: Macmillan, pp.21-33.
- Spies, L. 1982. Vroue-prosaïste se bydrae. *Die Transvaler*, 1 Mei, p.6.
- Stadler, A.W. 1986. Van die Pakt tot die begin van apartheid. Die tydperk van 1939 tot 1948. In: Cameron, T. (red.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Pretoria & Kaapstad: Human & Rousseau, pp.260-270.
- Stander, C. & Willemse, H. 1992. Winding Through Nationalism, Patriarchy, Privilege and Concern: A Selected Overview of Afrikaans Women Writers. *Research in African literatures* 23(3), pp.5-24.
- Steenberg, E. 1991. Bekende skrywer se eerste jeugverhaal. *Beeld*, 4 November, p.6.
- Tredoux, E. 1955. Bespreking van "Sy kom met die sekelmaan". *Sarie Marais*, 14 Desember, pp.34-35.

- Tompkins, J.P. 1986. Sentimental Power. "Uncle Tom's Cabin" and the Politics of Literary History. In: Showalter, E. (red.). *The New Feminist Criticism*. London: Virago, pp.81-104.
1989. Literary Canon. In: Barnouw, E. e.a. (reds.). *International Encyclopedia of Communications*. New York: OUP, pp.441-444.
- Touyz, B.M. 1979. *White politics and the garment workers' union*. M-verhandeling, Universiteit van Kaapstad. 239p.
- Twee sterk romans verryk ons letterkunde. 1975. *Die Vaderland*, 24 Desember, p.11.
- Van Alphen, E. & Meijer, M. 1991. *De canon onder vuur. Nederlands Literatuur tegendraads gelezen*. Amsterdam: Van Gennep. 259p.
- Van Biljon, M. 1996. Die vrou se lewe in 'n spieël gesien. *Die Burger*, 24 Julie, p.11.
- Van Coller, H.P. 1989. Letterkunde versus populêre leesstof. *Vrystaatse biblioteke*, Januarie - Maart, pp.8-10.
1995. Die politieke mag spel rondom taal en letterkunde in die nuwe Suid-Afrika. *Tydskrif vir letterkunde* 33(3), pp. 47-57.
- Van der Merwe, I.W. 1937. Brief aan *Die Burger*, 12 Junie, p.14.
- Van der Walt, P.D. 1974. "Splinterspel" kundig en treffend. *Die Transvaler*, 20 Mei, p.4.
1975. Nuwe Roman weg van die realisme. *Die Transvaler*, 15 November, p.10.
- Van Gorp, H., Ghesquiere, R., Delabastita, D. & Flamend, J. 1986. *Lexicon van Literaire Termen*. 3de uitgawe. Groningen: Wolters-Noordhoff. 455p.
- Van Luxemburg, J., Bal, M., & Weststeijn, W.G. 1983. *Inleiding in de Literatuurwetenschap*. Muiderberg: Coutinho. 313p.
- Van Niekerk, A. 1990. *Raising the blinds. A Century of South African Women's Stories*. Parklands: Ad. Donker. 272p.

1994. *Vrouevertellers 1843-1993*. Kaapstad: Tafelberg. 461p.
1995. *'n Herskrywing van die geskiedenis van die Afrikaanse vrouevertelling: 'n feministiese perspektief*. PhD-navorsingsvoorstel. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand. 24p.

Van Vuren, A.J. & Oosthuizen, B.L. 1990. Ontwikkeling van kriteria vir die beoordeling van die populêre liefdesverhaal in die openbare biblioteek. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Biblioteek- en Inligtingkunde* 58(1), pp.59-66.

Van Vuuren, H. 1996. Aanbeveel. *De Kat*, Desember, p.99.

Van Wyk, J. 1995. *Constructs of Identity and Difference in South African Literature*. Universiteit van Durban-Westville: CSSALL. 122p.

- Van Zyl, A. 1985. 'n Akkurate dossier met diepe insig. *Die Volksblad*, 24 Augustus, p.10.
1988. 'Hoë' en gewilde literatuur twee eie genres. *Die Volksblad*, 7 Oktober, p.5.
1989. Dié werk pak jou beet en voer jou mee. *Die Volksblad*, 11 Februarie, p.15.
- Van Zyl, I. 1985a. Ander boeke. *Die Suidwester*, 22 Februarie, p.14.
- 1985b. Prosa 1984. *Tydskrif vir letterkunde* 23(2), pp.108-9.
1986. Nuwe boeke. *Die Suidwester*, 24 Januarie, p.10.
1989. "Die kwart- voor-sewe-lilie". *Die Republikein*, 28 April, p.5.

Viljoen, L. 1996. Baker trek 'n deur toe. *Insig*, Augustus, p.38.

Vorster, L. 1940. Die Hertzog-prys. *Die Brandwag*, 9 Februarie, p.7.

Widdowson, P. (red.). 1982. *Re-Reading English*. London & New York: Methuen. 246p.

Wie en wat in de Neerlandistiek in Nederland en België. 1995. Woubrugge & 's-Gravenhage: Nederlandse Taalunie & Internationale Vereniging voor Neerlandistiek. 220p.

Wiehahn, R. 1985. "Gyseling" het heelwat literêre meriete. *Die Transvaler*, 12 September, p.3.

Witz L. 1984. *Servant of the workers: Solly Sachs and the Garment Workers' Union, 1928-1952*. M-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand. 318p.

- | | | |
|-------------|--------|---|
| Wÿbenga, G. | 1992a. | Die soeke na 'n sinvolle bestaan. <i>Beeld</i> , 6 Januarie, p.10. |
| | 1992b. | Eleanor Baker: "In die middel van die Karoo". <i>Tydskrif vir letterkunde</i> 30(4), pp.96-101. |
| | 1993. | Dié roman 'beur met 'n vaart altyd vorentoe'. <i>Beeld</i> , 12 Julie, p.6. |
| | 1995. | Bespreking van "Die nes". <i>Tydskrif vir letterkunde</i> 33(2), pp.108-110. |
| Z.J.E. | 1985a. | Volwasse fiksie. "Weerkaatsings". <i>Kaapse Bibliotekaris</i> , Januarie, p.25. |
| | 1985b. | Volwasse fiksie. "Dossier van 'n gyseling". <i>Kaapse Bibliotekaris</i> , Desember, p.22. |

OPSOMMING

Die aard, oorsprong, relevansie en hersiening van literêre kanons in 'n snel veranderende wêreld is tans, nie net in Suid-Afrika nie, maar internasionaal 'n uiters aktuele saak. Oproepe om kanonhersiening word tans nie net uit die geledere van tradisionele minderheidsgroepe (soos vroue en swartmense) gehoor nie, maar ook vanuit *establishment*-geledere.

In hierdie studie word die kanoniserings van die Afrikaanse vroulike prosa-outeur tussen die dertiger- en negentigerjare vanuit 'n feministiese perspektief ondersoek. Drie voorbeelde van vroulike outeurs as verteenwoordigers van verskillende literatuur“soorte” word ondersoek, naamlik Hettie Smit (“ernstige” literatuur), die Klerewerkers (werkersliteratuur) en Eleanor Baker (goeie gewilde literatuur). Daar word gepostuleer dat die vroulike prosa-outeur binne die Afrikaanse literêre sisteem steeds 'n mindere kanon- en kanoniseringsstatus het, hoofsaaklik as gevolg van patriargale vooroordele. Voorts word gevra na maniere waarop só 'n toedrag van sake gewysig kan word.

Die bevindings kan heel moontlik op Afrikaanse vroulike prosa-outeurs in die algemeen betrekking hê. Die volgende stellings word bevestig:

- i. Vroulike prosa-outeurs geniet steeds mindere kanon- en kanoniseringsstatus in die Afrikaanse literatuursisteem. Argumente wat die teendeel wil bewys, streef nie daarna om enige dieperliggende problematiek te ontbloot nie. Die oppervlakkige aard van sulke argumente word alleen duidelik wanneer bepaalde kontradiksies en polemieke rondom die herskrywing van 'n bepaalde outeur aan die lig gebring word. Die herskrywing van Hettie Smit as “vroulike aanvulling” by die manlike Dertigerdigters lei daartoe dat *Sy kom met die sekelmaan* selfstandige kanonstatus ontbeer, terwyl die “gehalte”-argument in die geval van die Klerewerkers politieke en ideologiese faktore verberg. Die tipering van Baker se produkte as (goeie) “middelmoet” of “populêre” tekste, verberg die marginalisering daarvan.
- ii. Die bestaan van vroulike outeurs wat nie in die kanon opgeneem is nie, en dus geen kanonstatus het nie, kan aangedui word. Die Klerewerkersliteratuur is 'n sprekende voorbeeld van hierdie soort afwesigheid.
- iii. Die status quo met betrekking tot die vroulike outeur se posisie ten opsigte van Afrikaanse kanons is onaanvaarbaar vanuit 'n feministiese perspektief. Die historiese posisie van die

vrou binne die Afrikaanse literatuur is veral onaanvaarbaar – sy is feitlik afwesig uit die vroeë geskiedskrywing van ons literatuur. Die eietydse situasie met betrekking tot kanoniserings is binne die feministiese raamwerk van pogings tot verandering, ook nog lank nie aanvaarbaar nie. Aandag behoort geskenk te word aan die daarstelling van 'n *vroulike tradisie* binne die kader van die Afrikaanse literatuur, waarbinne outentieke "vroulike" norme vir literatuur, eerder as die tradisioneel "manlike" norme sal geld. Só 'n vroulike tradisie behoort volgens die riglyne van oorsese feministiese ondersoekers geïmplementeer te word; ook sal dit 'n heeltemal ander karakter hê as die paternalistiese nie-outentieke "vroulike" kategorie. 'n Afsonderlike tradisie sal eerder bevrydend as onderdrukkend wees, en kan modelle daarstel vir verdere teksproduksies deur vroue.

- iv. Die sogenaamde multifunksionele benadering kan op teoretiese vlak die kanoniserings van verskillende literatuur"soorte" beskryf en verklaar, en kan op praktiese vlak dien as riglyn vir kanoniseringsprosesse.

Die regstelling van patriargale herskrywings moet as prioriteit beskou word. Slegs op hierdie manier kan ('n) algemeen aanvaarbare en verteenwoordigende, asook teoreties-gefundeerde kanon/s van Afrikaanse literatuur werklikheid word.

SLEUTELTERME

Kanon

Feministiese literatuurbenadering

Vroulike prosa-outeur

Herskrywing

Polisistiese teorie

Hettie Smit

Klerewerkersliteratuur

Eleanor Baker

Vroulike literêre tradisie

Multifunksionele benadering

SUMMARY

The nature, origins, relevance and revision of literary canons in a fast-changing world is at present a most topical concern, not only in South Africa, but also internationally. Calls for the revision of canons are heard not only from the ranks of traditional minority groups but also from *establishment-ranks*.

In this study the canonisation of the Afrikaans female prose author in the years between the thirties and the nineties is examined from a feminist perspective. Three examples of female authors representing three “kinds” of literature are examined, namely Hettie Smit (“serious” literature), the Garment Workers (workers’ literature) and Eleanor Baker (good popular literature). It is postulated that the female prose author within the Afrikaans literary system still has an inferior canon and canonisation status, mainly as a result of patriarchal prejudices. Ways in which such a state of affairs can be remedied are examined.

On the strength of the results of the investigations the following premises can be confirmed:

- i. Female prose authors still have an inferior canon and canonisation status in the Afrikaans literary system. Arguments that attempt to prove the opposite do not strive after revealing any more deep-seated problem. The superficial nature of such arguments only becomes clear when specific contradictions and polemics around the rewriting of a certain author are brought to light. The rewriting of Hettie Smit as female supplement to the male Dertiger poets has resulted in her text being denied independent canon status, while the argument of “quality” has obscured political and ideological factors in the case of the Garment Workers. The characterisation of Baker’s products as (good) “popular” texts obscures the marginalisation thereof.
- ii. It is possible to point out female authors who have been excluded from the canon, thus lacking any canon status. The Garment Workers’ literature is an example of this kind of absence.
- iii. The status quo regarding the position of the female author with reference to Afrikaans canons is unacceptable from a feminist perspective. Especially unacceptable is the historical position of women - they are virtually absent from the early historiography of Afrikaans literature. The contemporary situation is likewise unacceptable within a feminist

framework. Attention should be paid to the establishment of a *female tradition* within the cadre of Afrikaans literature; within which authentic “female” norms for literature rather than traditional “masculine” norms will operate. A female tradition should be implemented along guiding lines laid down by overseas feminist researchers, resulting in a character completely different from that of the paternalistic non-authentic “feminine” category. A separate tradition would be liberating rather than oppressing, and could set up models for further text productions by women.

- iv. At a theoretical level the multifunctional approach could describe and explain the canonisation of various kinds of literature, and at a practical level serve as a guideline for canonisation processes.

The rectification of patriarchal rewritings should be regarded as a priority. Only in this way can (a) generally accepted and representative, as well as theoretically founded canon(s) of Afrikaans literature become a reality.

KEY WORDS

Canon

Feminist literary approach

Female prose author

Rewriting

Polysystem Theory

Hettie Smit

Garment Workers' Literature

Eleanor Baker

Female literary tradition

Multifunctional approach